


**DIE PROMOVERING VAN KINDERREGTE:  
'N PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK**

deur

**HANNELIE YATES**



Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in Praktiese Teologie in die Fakulteit Teologie  
aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Professor Ignatius Swart  
Medepromotor: Professor Sonia Human

Desember 2012

## **VERKLARING**

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Desember 2012

Kopiereg © 2012 Universiteit van Stellenbosch  
Alle regte voorbehou

## OPSOMMING

Alle kinders verdien om ooreenkomstig hul menswaardigheid beskou en hanteer te word. Kinderregte is deur die internasionale sowel as die Suid-Afrikaanse gemeenskap as respons daargestel om sake wat kinders se menswaardigheid aantast en hulle nadelig beïnvloed teen te werk. Die verantwoordelikheid om seker te maak dat die regte van kinders in die burgerlike samelewing gerespekteer, beskerm en verwesenlik word, lê primêr by die nasionale regering. Nietemin strek die stryd om kinderregte te laat realiseer oor alle sektore en vlakke van die samelewing heen.

As deel van die teologiese taak om 'n publiek georiënteerde bediening te ontwikkel wat reg sal laat geskied aan die sosiale omstandighede van kinders in Suid-Afrika, het hierdie studie die bydrae wat Praktiese Teologie tot 'n sistematiese en kritiese interpretasie van die saak van kinders en hul welsyn en regte kan maak as vertrekpunt geneem.

Met die aanvang van die studie het beperkte omvattende akademiese analise oor die onderwerp van kinders in Praktiese Teologie en Teologie as sodanig bestaan waarin aandag gegee is aan 'n teologiese respons op die bevordering van kinders se welsyn en hul regte in die Suid-Afrikaanse samelewing. Twee gapings in die teoretisering oor kinders in die Suid-Afrikaanse akademie van Praktiese Teologie is geïdentifiseer: (i) 'n gebrek aan fokus op kinders en hul regte en (ii) grootlikse afwesigheid van strategiese perspektiewe oor hoe die teologiese gemeenskap die kontekstuele realiteite van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing kan hanteer.

Die doel van hierdie studie was primêr om 'n teoretiese raamwerk te ontwikkel in terme waarvan die bydrae van Praktiese Teologie tot 'n diskoers en praktyk wat vir kinders en hul welsyn en regte bevorderlik is, gekonseptualiseer kon word. David Tracy se drie publieke van teologiese betrokkenheid (akademie, kerk en burgerlike samelewing) asook Richard Osmer se konseptualisering van die vier take waarvolgens prakties-teologiese interpretasie kan geskied (empiries-beskrywend, interpreterend, normatief en pragmaties) is ingespan om op 'n interdisiplinêre wyse verdiepte begrip vir die welsyn van kinders en die belang van 'n prakties-teologiese bydrae tot die promovering van kinders se welsyn en regte te ontwikkel. Daar is aan die hand van die konseptuele raamwerke van Tracy en Osmer bepaalde voorwaardes geïdentifiseer waaronder die saak van kinders, kinderwelsyn en kinderregte in

die beoefening van Praktiese Teologie aan Skole van Teologie en Godsdiens bevorder kan word. Hierdie voorwaardes sluit in dat 'n derde publiek-modus van prakties-teologiese interpretasie aangeneem word, 'n kultuur van *adultism* gekonfronteer en getransformeer word en kinders se geloofshandeling geïntegreerd deel van die studieveld van Praktiese Teologie uitmaak.

Op grond van 'n empiriese ondersoek onder geregistreerde lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika het die studie tot die gevolgtrekking gekom dat die akademie van Praktiese Teologie in interaksie met gemeentes en die burgerlike samelewing 'n unieke bydrae tot die bevordering van kinderrege kan lewer. Die akademie van Praktiese Teologie se fundamentele bydrae tot die promovering van kinderrege in Suid-Afrika bestaan daarin om te fokus op die insluiting van die saak van kinders in teologiese interpretasie; by implikasie sal dit behels dat Praktiese Teologie kinders se uitsluiting in teologiese diskoers en praxis aktief teëwerk.

## SUMMARY

All children should be regarded and treated with dignity. Children's rights have been established in the international community as well as in South African society to address any violations of children's rights and any detrimental influence this can have on them. The responsibility of ensuring that the rights of children are implemented, respected and protected in civil society lies primarily with the national government. Nevertheless, the struggle to realise children's rights extends across all sectors and levels of society.

As part of the theological task of developing a publicly orientated ministry that will address the social circumstances of children in South Africa in a just way, this study took as its point of departure the contribution that Practical Theology can make towards a systematic and critical interpretation of the cause of children and their welfare and rights.

At the time that the study was launched there was limited comprehensive analysis of the subject of children in Practical Theology that devoted attention to a theological response to the promotion of children's welfare and rights in South African society. Two lacunae in the theorising on children were identified in South African academic studies in Practical Theology: (i) a lack of focus on children and their rights, and (ii) a general absence of strategic perspectives on how the theological community can deal with the contextual realities of children in South African society.

The primary aim of this study was to develop a theoretical framework in terms of which the contribution of Practical Theology could be conceptualised as a discourse and practice that could promote the cause of children and their welfare and rights. David Tracy's three publics of theological involvement (the academy, the church and civil society) and Richard Osmer's conceptualisation of the four modes of practical theological interpretation (empirical-descriptive, interpretive, normative and pragmatic) were harnessed in an interdisciplinary way to develop a deeper understanding of the welfare of children and the importance of a practical theological approach to advancement of children's welfare and rights. On the basis of Tracy's and Osmer's conceptual frameworks, a number of conditions were identified to promote the cause of children, child welfare and children's rights in the discipline of Practical Theology in Schools of Theology and Religion. These conditions include a third public mode of practical theological interpretation being adopted, a culture of *adultism* being confronted and

transformed, and children's acts of faith becoming an integral part of the field of Practical Theology.

On the basis of an empirical investigation among registered members of the Society for Practical Theology in South Africa, the study comes to the conclusion that the academic field of Practical Theology, in its interaction with communities and civil society, can make a unique contribution to the advancement of children's rights. The fundamental contribution of the academic field of Practical Theology to the advancement of children's rights in South Africa reside in focussing on the inclusion of the cause of children in theological interpretation; by implication this will entail actively countering the exclusion of children in theological discourse and praxis in the field of Practical Theology.

Geldelike bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die NNS nie.

**Met erkenning aan:**

- My promotor, Professor Ignatius Swart, vir sy bekwame leiding en volgehoue ondersteuning.
- My mede-promotor, Professor Sonia Human, vir haar insiggewende kommentaar oor die bevordering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk.
- Professor Jaap Furstenberg wat op professionele wyse die taalversorging behartig het en deurgaans as mentor vir my opgetree het.
- Claud Vosloo en Lambert Jacobs, vir puik tegniese versorging.
- Die Nasionale Navorsingstigting, vir die finansiële ondersteuning.
- Die lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika wat bereid was om aan hierdie studie deel te neem.

**My opregte dank en waardering aan:**

- My twee sussies, Louise en Sandra, my vriendin Zonia, asook ander familie, vriende en kollegas, vir belangstelling en ondersteuning.
- My ouers, Johan en Susan Smuts, vir al die omgee, liefde en gebede. Dankie in die besonder vir die wyse waarop julle gedurende hierdie studie grootouerskap uitgeleef het en betekenis aan julle verhouding met Xander en Tjaart gegee het.
- My kosbare seuns, Xander en Tjaart, wat geduldig gewag het op die voltooiing van hierdie studie en die beloofde see-vakansie. Dankie vir die spesiale wyse waarop julle my versorg het.
- My geliefde Charl, wie se menswees my veilige hawe is en altyd sal wees. Dankie vir jou deursettingsvermoë, geloof in my en die bied van sekuriteit aan ons kinders.
- My hemelse Vader wat my die nodige krag en volharding geskenk het.



## LYS VAN AFKORTINGS

---

Die volledige titel word aan die begin van elke nuwe hoofstuk verskaf, waarna slegs die afkorting in hakies volg.

AAR	American Academy of Religion
ACCESS	Alliance for Children's Entitlement to Social Security
ACRWC	African Charter on the Rights and Welfare of the Child
ADEA	Association for the Development of Education in Africa
BBP	Bruto Binnelandse Produk
CCAWT	Circle of Concerned African Women Theologians
CHE	Council for Higher Education
Cosa	Christelike Onderwys in Suid-Afrika
CRC	Committee on the Rights of the Child
CSLR	Center for the Study of Law and Religion
CTM	Child Theology Movement
DOE	Department of Education
ECCD	Early Childhood Care for Development
ECCE	Early Childhood Care and Education
ECD	Early Childhood Development
ECEC	Early Childhood Education and Care
EFA	Education for All
FHR	Foundation for Human Rights
HEQC	Higher Education Quality Committee
HTS	Hervormde Teologiese Studies
IMBISA	Interregional Meeting of Bishops of Southern Africa
IUCW	International Union for Child Welfare
JTSA	Journal of Theology for Southern Africa
KOI	Kinderontwikkelingsindeks
MIV	Mens-immuungebrekvirus
MOD	Millennium Ontwikkelingsdoelwitte
MOI	Menslike Ontwikkelingsindeks
NCRC	National Children's Rights Committee
NEPAD	New Partnership for Africa's Development

NMCF	Nelson Mandela Children's Fund
NPA	Nasionale Program van Aksie vir Kinders
NRO	Nie-regeringsorganisasie
OAU	Organisation of African Unity
OECD	Organisation for Economic Co-operation and Development
ORC	Office on the Rights of the Child
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SATS	South African Theological Seminary
StatSA	Statistiek Suid-Afrika
TAG	Theological Advisory Group
UK	United Kingdom
UN	United Nations
UNCRC	United Nations Convention on the Rights of the Child
UNDP	United Nations Development Programme
UNESCO	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization
UNICEF	United Nations Children's Fund
Vigs	Verworwe immunitetsgebreksindroom
VN	Verenigde Nasies
VSA	Verenigde State van Amerika
WPTSA	Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika
WRK	Wêreldraad van Kerke

## LYS VAN DIAGRAMME

---

**Diagram 1.1:** Sistematiese verloop van studie

**Diagram 2.1:** 'n Regte-gebaseerde benadering tot die monitering van kinders se welsyn in die konteks van Suid-Afrika

**Diagram 6.1:** Praktiese Teologie se huidige bydrae

**Diagram 6.2:** Praktiese Teologie se geantisipeerde bydrae

## LYS VAN TABELLE

---

- Tabel 2.1:** Aantal en persentasie kinders in Suid-Afrika vanaf 2002 tot 2007, aangebied volgens provinsie
- Tabel 2.2:** Getal kinders in Suid-Afrika 2002-2007, volgens bevolkingsgroep
- Tabel 2.3:** MOI volgens provinsie 1991
- Tabel 6.1:** Geslag, moedertaal en bevolkingsgroep
- Tabel 6.2:** Ouderdomsverspreiding
- Tabel 6.3:** Denominasie van respondente
- Tabel 6.4:** Hoogste akademiese kwalifikasie en studieveld gespesialiseer
- Tabel 6.5:** Professionele pos
- Tabel 6.6:** Provinsie werksaam
- Tabel 6.7:** Bewustheid van resente prakties-teologiese navorsing
- Tabel 6.8:** Aard van Praktiese Teologie se bydrae tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede
- Tabel 6.9:** Teologie fakulteite se hulp aan gemeenteleiers
- Tabel 6.10:** Teologie fakulteite in vennootskap met burgerlike samelewing
- Tabel 6.11:** Aktiewe luister na kinders in teologiese publieke
- Tabel 6.12:** Samewerking tussen die drie teologiese publieke
- Tabel 6.13:** Teologie se benutting van ander dissiplines
- Tabel 6.14:** Kinders is subjekte aan wie regte toekom en nie slegs objekte nie
- Tabel 6.15:** Perspektiewe op kinderregte
- Tabel 6.16:** Benutting van universele beginsels in etiese refleksie
- Tabel 6.17:** Benutting van kinderregte as kriterium in teologiese publieke
- Tabel 6.18:** Teologiese perspektiewe as normatiewe riglyne
- Tabel 6.19:** Etiese norme as normatiewe riglyne
- Tabel 6.20:** Goeie praktyke as stimulans vir 'n normatiewe perspektief op kinders
- Tabel 6.21:** Doelstellings van prakties-teologiese opleiding
- Tabel 6.22:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die akademiese publiek
- Tabel 6.23:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die kerklike publiek
- Tabel 6.24:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die samelewing as derde publiek
- Tabel 6.25:** Teologiese opleiding se bydrae tot studente se kennis
- Tabel 6.26:** Teologiese opleiding se bydrae tot studente se vaardighede
- Tabel 6.27:** Teologiese opleiding se bydrae tot studente se vermoë om te reflekteer

**Tabel 6.28:** Bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte

**LYS VAN BYLAES**

---

<b>Bylae A</b>	Etiese Verklaring
<b>Bylae B</b>	Vraelys
<b>Bylae C</b>	Onderhoudskedule

## INHOUDSOPGAWE

---

### *Hoofstuk 1*

#### **Inleiding tot die studie en metodologiese verantwoording**

<b>1.1</b>	Agtergrond en motivering vir die studie	1
<b>1.2</b>	Probleemformulering	13
<b>1.3</b>	Hipotese en navorsingsvrae	16
<b>1.4</b>	Doelstelling en doelwitte	17
<b>1.5</b>	Metodologiese verantwoording	19
<b>1.6</b>	Posisionering van die studie in Praktiese Teologie	24
<b>1.7</b>	Hoofstukke	30
<b>1.8</b>	Verheldering van sleutelbegrippe	32

### *Hoofstuk 2*

#### **Kinders in postapartheid Suid-Afrika: Kontekstuele verrekening**

<b>2.1</b>	Inleiding	34
<b>2.2</b>	Behoeftes aan betroubare kindgesentreerde data	36
<b>2.3</b>	Demografiese profiel en sosiale tendense	40
<b>2.4</b>	Relevante meetinstrumente	50
	2.4.1 <i>Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI)</i>	51
	2.4.2 <i>Kinderontwikkelingsindeks (KOI)</i>	54
	2.4.3 <i>Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MOD)</i>	57
	2.4.4 <i>“A World Fit for Children”</i>	61
	2.4.5 <i>Ontwikkeling van indikatore: ’n Suid-Afrikaanse regte-gebaseerde benadering</i>	63
<b>2.5</b>	Kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleidmaking	72
	2.5.1 <i>Prioritiserings van kindervoeding</i>	73
	2.5.2 <i>Promovering van billike ekonomiese ontwikkeling</i>	74
	2.5.3 <i>Ondersteuning van vroue se onderrig en bemagtiging</i>	77
	2.5.4 <i>Bevordering van geslagsgelykheid</i>	78
	2.5.5 <i>Bevordering van die sosiale status en insluiting van kinders</i>	80
	2.5.6 <i>Prioritiserings van vroeë kinderjare-ontwikkeling</i>	82
<b>2.6</b>	Slot	86

### ***Hoofstuk 3***

#### **Kinderregte as respons: Historiese en kontemporêre ontwikkeling**

<b>3.1</b>	Inleiding	88
<b>3.2</b>	Rasionaal vir die promovering van kinderrege	89
<b>3.3</b>	Kinderregte as respons: 'n historiese perspektief	92
	3.3.1 <i>Internasionale verbintenis tot 'n kinderrege-agenda</i>	93
	3.3.2 <i>Nasionale verbintenis tot 'n kinderrege-agenda</i>	104
<b>3.4</b>	Verskuiwings in kontemporêre denke oor kindskap en kindersyn	109
<b>3.5</b>	Proaktiewe riglyne vir die promovering van 'n kinderrege-diskoeers en -praktyk	117
<b>3.6</b>	Slot	135

### ***Hoofstuk 4***

#### **Kinders en hul regte in religieuse en teologiese besinning**

<b>4.1</b>	Inleiding	137
<b>4.2</b>	Die kind/kinderjare, kindersyn en kinderrege as marginale temas in Teologie: 'n historiese perspektief	140
<b>4.3</b>	Nuwe opkomende belangstelling in kinders, die kindere en kinderrege in Religieuse Studies en Teologie	151
	4.3.1 <i>'n Internasionale perspektief</i>	152
	4.3.2 <i>'n Afrika- en Suid-Afrikaanse perspektief</i>	174
	4.3.3 <i>Ontwikkeling van Kinderteologie en Teologie van die kindere</i>	189
<b>4.4</b>	'n Normatiewe teologiese bydrae tot die saak van kinders en hul regte	198
<b>4.5</b>	Slot	207

### ***Hoofstuk 5***

#### **Praktiese Teologie se fundamentele bydrae tot die promovering van kinderrege**

<b>5.1</b>	Inleiding	209
<b>5.2</b>	Die wetenskap- en werkerrein van Praktiese Teologie	212
<b>5.3</b>	Bydrae van Praktiese Teologie tot die publieke saak van kinderrege	220
	5.3.1 <i>Fasilitering van verandering deur middel van transformerende, diensbare leierskap</i>	221
	5.3.2 <i>Beskrywing van kinders se lewensomstandighede</i>	236
	5.3.3 <i>Interpretasie van kinders se konteks in dialoog met kinderrege en Kinderstudie</i>	238

5.3.4	<i>Ontwikkeling van 'n normatief teologiese visie vir die beskouing en hantering van kinders</i>	243
5.3.5	<i>Die teologiese gemeenskap as sosiale vennoot in die bevordering van kinderwelsyn en -regte</i>	250
<b>5.4</b>	<b>Implikasies vir die beoefening van Praktiese Teologie aan Skole van Teologie en Godsdiens</b>	<b>263</b>
5.4.1	<i>Derde publiek-modus van prakties-teologiese interpretasie</i>	263
5.4.2	<i>Transformering van 'n kultuur van "adulthood"</i>	265
5.4.3	<i>Kinders as medeskeppers in God se voortgaande skeppingsverhaal</i>	266
5.4.4	<i>Uitdagings vir die akademie van Praktiese Teologie</i>	268
<b>5.5</b>	<b>Slot</b>	<b>274</b>
<b>Hoofstuk 6</b>		
<b>Persepsies en begrip vanuit die akademie as eerste publiek: 'n Empiriese ondersoek</b>		
<b>6.1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>276</b>
<b>6.2</b>	<b>Navorsingsmetodologie</b>	<b>277</b>
<b>6.3</b>	<b>Kwantitatiewe fase</b>	<b>279</b>
6.3.1	<i>Profiel van respondente</i>	280
6.3.2	<i>Kwantitatiewe resultate van opname</i>	283
6.3.3	<i>Oop vrae en response in opname</i>	308
<b>6.4</b>	<b>Kwalitatiewe fase</b>	<b>315</b>
6.4.1	<i>Insluitingskriteria vir deelnemers</i>	316
6.4.2	<i>Bevindinge</i>	316
<b>6.5</b>	<b>Vermenging van datastelle</b>	<b>344</b>
6.5.1	<i>Empiries beskrywende bydrae van Praktiese Teologie</i>	344
6.5.2	<i>Interpreterende bydrae van Praktiese Teologie in dialoog met kinderregte</i>	346
6.5.3	<i>'n Normatiewe bydrae vir die beskouing en hantering van kinders</i>	347
6.5.4	<i>Pragmatiese bydrae van Praktiese Teologie</i>	349
<b>6.6</b>	<b>Bespreking</b>	<b>351</b>
<b>6.7</b>	<b>Slot</b>	<b>360</b>

***Hoofstuk 7***

**Gevolgtrekking**

<b>7.1</b>	Inleiding	362
<b>7.2</b>	Metodologiese terugblik	364
<b>7.3</b>	Bevindinge	365
<b>7.4</b>	Voorstelle vir verdere navorsing	379

<b>Bibliografie</b>	380
---------------------	-----

<b>Bronne uit empiriese ondersoek</b>	407
---------------------------------------	-----

**Bylae A**

**Bylae B**

**Bylae C**



## HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT DIE STUDIE EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

### 1.1 Agtergrond en motivering vir die studie

In die afgelope aantal jare het literatuur, statistieke en gesprekke oor kinders en hul eietydse omstandighede en behoeftes al hoe meer begin toeneem – op nasionale sowel as internasionale vlak.<sup>1</sup> Die toename in belangstelling in kinders kan grootliks aan twee stimuli toegeskryf word: enersyds aan die progressiewe ontwikkeling van ’n kinderregte-agenda<sup>2</sup> sedert die Verenigde Nasies 1979 as die Internasionale Jaar van die Kind verklaar het en die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (hierna UNCRC) tien jaar later in 1989 deur die internasionale gemeenskap<sup>3</sup> bekragtig is;<sup>4</sup>

---

<sup>1</sup> Publieke besorgdheid oor kinders en hul welsyn het in die sfeer van die akademie bygedra tot ’n groeiende belangstelling in die kinderjare. Drie akademies geakkrediteerde tydskrifte het byvoorbeeld sedert die jaar 2000 spesiale uitgawes gerig op kinders die lig laat sien, naamlik die tydskrif *Development* uitgegee deur Palgrave MacMillan, 43 (1), 2000 met “Children and the New Millennium” as titel van die uitgawe; *Interpretation*, uitgegee deur Union Theological Seminary and Presbyterian School of Christian Education, 55 (2), 2001, met die spesiale uitgawe getitel “The Child”; en *Journal of Religion*, uitgegee deur University of Chicago Press, 86 (4), 2006, met die titel “Religion and Childhood Studies”. Sien veral die artikel van Marcia J. Bunge (2006:549-550) vir ’n omvattende bespreking van die ontwikkeling van teologiese en religieuse begrip vir kinders en die kinderjare in die konteks van godsdiens en die akademie. Sien ook die artikel van M. Christian Green (2006:658-668) waarin ’n interdisiplinêre perspektief gegee word op die status en waarde van kinders deur middel van die kritiese bespreking van vier boeke wat tussen 2003 en 2005 oor die onderwerp “kinders” verskyn het.

<sup>2</sup> ’n Menseregte-agenda, en by implikasie ook ’n kinderregte-agenda, word deur vier kernbeginsels bepaal (International Save the Children Alliance 2002:13-15). i) Die beginsel van universaliteit en nie-diskriminasie dui daarop dat regte nie verskillend toegepas word vir mense van verskillende kulture en tradisies nie. Alle mense kan op regte aanspraak maak op grond van hul status as mens. Nie-diskriminasie staan daarom in die sentrum van ’n menseregte-agenda. ii) Verantwoordbaarheid toon dat ’n staat vanaf die oomblik dat ’n menseregtekonvensie deur hom bekragtig is, verantwoordbaar word vir die respektering, beskerming en realisering van die regte van alle burgers deur toepaslike en effektiewe maatreëls in werking te stel en te implementeer. iii) Die beginsel van ondeelbaarheid stel dat geen groep/kategorie regte belangriker is as die ander nie. Hierdie beginsel noodsaak ’n holistiese, multi-dimensionele en intersektorale benadering tot die volle spektrum van kinderregte. iv) Menseregte vestig die reg van die individu tot deelname aan die politieke en kulturele lewe. Deelname is tans die mees kontroversiële beginsel in die kinderregte-agenda. Kinders word as sosiale agente in hul eie lewe asook in die samelewing erken en behoort daarom geleenthede gegun te word om deel te neem aan besluitnemingsprosesse wat ’n impak op hul lewe het. Meer nog, kinders is daarop geregtig om aan ontwikkeling deel te neem, daartoe by te dra en dit te geniet.

<sup>3</sup> Dit is slegs Somalië en Amerika wat tot op hede nog nie die UNCRC bekragtig het nie.

andersyds word die akademiese en openbare debatvoering oor kinders gestimuleer deur Kinderstudie,<sup>5</sup> ’n reeks resente interdisiplinêre studies oor die kinderjare, kinderregte en -ontwikkeling en verwante sake. Beide bogenoemde faktore maak die kinderjare tans tot ’n globale kwessie wat beleidmakers, praktisyns en akademici verplig om konvensionele benaderings tot die hantering van kinders deurlopend op ’n kritiese wyse in herooring te neem<sup>6</sup> – veral om wanda dat daaglik teenoor kinders gepleeg word bloot te lê en so ’n bydrae te lewer tot die bevordering van kinders se sosiale posisie in die hedendaagse samelewing.

Ooreenkomstig internasionale ontwikkelinge en konvensies met betrekking tot kinders<sup>7</sup> het die postapartheid Suid-Afrikaanse regering reeds verskeie meganismes en prosesse in werking gestel om kinders se oorlewing, beskerming, ontwikkeling en deelname aan die burgerlike samelewing te bevorder.<sup>8</sup> Een besondere voorbeeld hiervan is die Suid-

---

<sup>4</sup> Sien Cynthia Price Cohen (2002:49-72) se hoofstuk oor die ontstaan, bepaling, implementering en impak van die UNCRC.

<sup>5</sup> Sien Van Oudenhoven en Wazir (2006:123); O’Neill (2000:7); en Wyse (2004) vir ’n bespreking van Kinderstudie as ’n multidisiplinêre onderwerp in die sosiale wetenskappe.

<sup>6</sup> Die proses waarvolgens bestaande teorieë oor die kinderjare tans gedekonstrueer word, geskied hoofsaaklik binne die konteks van postpositivisme. In navorsing oor kinders sal ’n postpositivistiese perspektief impliseer dat benaderings wat in werk met kinders gebruik word, geanaliseer word deur: i) die wyse waarop die werklike lewe van kinders en jongmense van dominante modelle afwyk te eksplloreer en te dokumenteer; ii) die veronderstellings wat dominante modelle van kinders onderlê te eksplloreer en aan die lig te bring; iii) sleutelkonsepte te ontwikkel vir ’n meer realistiese en kultuursensitiewe analise van die kinderjare; iv) ’n eksplisiete standpunt of posisie te ontwikkel om teorie en praktyk met mekaar te verbind (vgl. Creswell 2009:6-7).

<sup>7</sup> Die UNCRC (1989) en die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* (hierna ACRWC) (1999) is onderskeidelik op 16 Junie 1995 en 7 Januarie 2000 deur Suid-Afrika bekragtig. Een opsionele protokol is ook op 8 Februarie 2002 deur Suid-Afrika onderteken, naamlik die *Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Involvement of Children in Armed Conflict* (2000). Op 30 Junie 2003 is daar verder tot die bekragtiging van die *Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography* (2000) ingestem. Sien Davel en Jordaan (2005:59) vir die datum waarop die UNCRC deur Suid-Afrika bekragtig is asook *A Legal Analysis of South Africa’s Implementation of the UN Convention on the Rights of the Child* (Child Rights Information Network 2009:3) vir die datums waarop die opsionele protokolle deur Suid-Afrika onderteken of bekragtig is. Sien ook die hoofstuk van Viljoen (2000:214-231) oor die ACRWC vir ’n kritiese beskrywing van die bepaling van die ACRWC en die implementering daarvan in die konteks van internasionale menseregterwetgewing.

<sup>8</sup> Na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het president Nelson Mandela die land verbind tot die raamwerk van die Nasionale Program van Aksie vir Kinders (hierna NPA) en op 16 Junie 1994 plegtig sy regering se verbintenis tot kinders belowe, naamlik dat “they would be put first”. Die NPA is in 1996 deur die Kabinet formeel in werking gestel om as ’n meganisme vir die uitvoering van Suid-Afrika se verbintenis tot die progressiewe realisering van kinderregte te dien. Die NPA voorsien ’n holistiese raamwerk waarvolgens alle regeringsdepartemente sake wat kinders raak op hul agendas plaas.

Afrikaanse Grondwet waarin 'n stel spesifiek gedefinieerde regte aan kinders toegesê word, nie in die plek van nie, maar wel as 'n toevoeging tot die regte wat deur alle mense geniet behoort te word (Woodhouse 1999:15).<sup>9</sup> Die UNCRC (1989) noodsaak 'n *regte-gebaseerde* benadering tot ontwikkeling<sup>10</sup> wat mettertyd die grondslag geword het van verskeie amptelike programme wat op die verbetering van die sosio-ekonomiese posisie van Suid-Afrika se kinders gemik is.<sup>11</sup>

Nieteenstaande die ondersteuning van kinders se fundamentele regte bly die lewensomstandighede van die oorgrote meerderheid van Suid-Afrika se kinders (dit is persone tot en met die ouderdom van 18 jaar) egter benard en verteenwoordig hulle saam met vroue steeds die mees kwesbare en magtelose groepering van die bevolking (vgl.

---

Dit voorsien ook 'n voertuig vir gekoördineerde aksie tussen nie-regeringsorganisasies en ander kinderverwante en regeringstrukture (Office on the Rights of the Child (hierna ORC) 2001a:21-22; 2001b:3-5). Die NPA-raamwerk behoort alle beleid en planne te hanteer wat die UNCRC promoveer en implementeer. Sien die verslae van die Suid-Afrikaanse regering: *Initial Country Report on the Convention on the Rights of the Child* (NPA Steering Committee 1997); *Children in 2001 – A Report on the State of the Nation's Children* (ORC 2001a) en *End Decade Report on Children – South Africa* (ORC 2001b). Hierdie verslae is voorberei om 'n omvattende beeld te verskaf van die lewensomstandighede van Suid-Afrika se kinders en om vordering en hindernisse in die implementering van Suid-Afrika se beleidsverbintenisse teenoor kinders te moniteer.

<sup>9</sup> Sien artikel 28 van die Grondwet.

<sup>10</sup> Volgens 'n handboek wat uitgegee is vir *Save the Children Alliance Members* word die regte-benadering tot ontwikkeling dikwels gedefinieer deur dit met die behoeftegebaseerde benadering te kontrasteer (International Save the Children Alliance 2002:21). Een van die kernverskille tussen die twee benaderings is dat daar volgens die behoeftegebaseerde benadering geen verantwoording, morele of wetlike verpligting op die land en/of ander statutêre liggame rus om kinders te beskerm of hulp te verleen nie, terwyl die regtegebaseerde benadering wetlike en morele verpligtinge en verantwoording vereis (International Save the Children Alliance 2002:21). In gelyke mate word die draers van regte volgens die regtegebaseerde benadering as sleutelrolspelers en deelnemers in ontwikkeling erken asook aangemoedig en bemagtig om hul regte op te eis (Sturm 1992:9; Harris-Curtis 2003:560), terwyl die behoeftebenadering kinders beskou as passiewe slagoffers, passiewe ontvangers van hulp en selfs as objekte in wie se behoeftes kundiges voorsiening moet maak (Ansell 2005:50; International Save the Children Alliance 2002:21).

<sup>11</sup> Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn wat in 1997 deur die Suid-Afrikaanse parlement aanvaar is, byvoorbeeld, is op 'n maatskaplike beleidsraamwerk gebaseer wat poog om die welsynsistiem te transformeer van 'n agtergeblewe-benadering tot 'n sosiale-ontwikkelingbenadering in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die sosiale ontwikkelingsbenadering tot maatskaplike welsyn en maatskaplike werk is daarop afgestem om die welsynsistiem te vernuwe ten einde meer konkreet gestalte te gee aan geregtigheid, gelykheid, die waardering en benutting van diversiteit, die bevestiging van mense se menswaardigheid, die bevordering van mense se deelname aan diensontwikkeling en -lewering asook die erkenning van die unieke sosio-ekonomiese uitdagings en inheemse kennis, en bates/sterktes van die plaaslike konteks. Hierdie sosiale-ontwikkelingsmodel tot maatskaplike dienslewering is onder andere gebaseer op die regtegebaseerde benadering ooreenkomstig die grondwetlike beginsels wat sosiale en ekonomiese geregtigheid en die gelyke verspreiding van hulpbronne aan veral die mees benadeelde en kwesbare groepe in die samelewing promoveer. Kinders word volgens hierdie beleid beskou as een van die kwesbare groepe in Suid-Afrika (vgl. De Vos, Schulze & Patel 2005:20; Patel 2005:98-102; ORC 2001b).

Alberts, Tutu & Sachs 1997:21; UNICEF & NCRC 1993:1). 'n Verslag van die *Children's Institute* van die Universiteit van Kaapstad stel dié gebrek aan werklike vordering en die blywende uitdaging insake die regte van kinders soos volg:

Though significant progress has been made in realising the rights of children in South Africa since the apartheid era ended, some key challenges remain. Some, like the failure to implement legislation and successfully fulfil government commitments, reflect a general struggle within Government to give practical effect to the ideals it has set itself. Others relate to a failure to achieve a successful partnership between the work done in Government and by civil society organisations engaged in child-related activities (Berry & Guthrie 2003:4).<sup>12</sup>

Uit die volgende beskrywings van kinders oor hoe hulle self hul daaglikse omstandighede ervaar, blyk dit dat die omstandighede van die meerderheid kinders in Suid-Afrika uiters kompleks en problematies is, tot so 'n mate dat nie alleen die lewenskwaliteit van kinders nie, maar hulle lewe self bedreig word:

I do not have a mother. I stay with my grandmother and my father. At home there is no food most of the time. My grandmother and father do not have money ... I need food (Berry & Guthrie 2003:15).

I am out of age (for school grades) because my father abused me. He treated me badly. He used to fasten me on a chair with wires and then whip me heavily. At times he refused me to attend school, for reasons better known to him. I don't know why (ORC 2001a:144).

When your mother has HIV ... and she dies and leaves that small baby also with HIV, then you have to go to school, but also look after the baby (Berry & Guthrie 2003:26).

---

<sup>12</sup> Vanuit die nie-regeringsektor word die regering se respons ook as negatief en gebrekkig geëvalueer. Joan van Niekerk (2004:1) verwoord haar misnoeë met die regering se pogings om die seksuele mishandeling van kinders effektief te hanteer en kinders te beskerm soos volg:

... the response of government to the rape of baby Tsepeng and other infants and the issue of sexual assault of children generally has remained knee-jerk and resulted in misdirected and unfocused 'hype' and a number of uncoordinated and poorly planned processes to understand and deal with this problem.

The rich are those whose parents sent them to school, the poor are those whose parents did not have money to do so (ORC 2001a:43).

'n Verbintenis tot kinderregte deur middel van wetlik bindende ooreenkomste kan dien as 'n waardevolle instrument in die verbetering van kinders se omstandighede. Hierdie regte is deur die internasionale sowel as die Suid-Afrikaanse gemeenskap as respons daargestel om sake wat kinders nadelig beïnvloed teen te werk.<sup>13</sup> Die gevolgtrekking wat egter gemaak kan word op grond van die voorafgaande beskrywings oor hoe kinders hul daaglikse omstandighede ervaar, is dat daar 'n gaping bestaan tussen die beloftes en ideale van kinderregte<sup>14</sup> aan die een kant,<sup>15</sup> en die implementering daarvan in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die ander kant.<sup>16</sup>

Die verantwoordelikheid om seker te maak dat die regte van kinders in die burgerlike samelewing gerespekteer, beskerm en verwesenlik word, lê primêr by die nasionale regering. Nietemin strek die stryd om kinderregte te laat realiseer oor alle sektore en vlakke van die samelewing heen, van sowel nie-regerings-, gemeenskapgebaseerde en geloofsgebaseerde organisasies as plaaslike gemeenskappe en individue in families.<sup>17</sup> Indien Suid-Afrika sy kinders wil beskerm, koester en veilige omgewings aan hulle wil voorsien, sal meer gedoen moet word as om slegs te beweer dat kinders oor regte beskik en om wetgewing daar te stel of konvensies te onderteken wat kinderregte verwoord. Die vestiging van die gedagte van kinderregte en die suksesvolle implementering daarvan

---

<sup>13</sup> Hierdie stelling ondersteun die universele toepassing van kinderregte, gekombineer met 'n sensitiviteit vir kulturele diversiteit. Universalisme plaas die klem op die gemeenskaplike grond, byvoorbeeld waardes, wat die mensdom deel en veronderstel 'n proses van dialoog vir die kontekstualisering en lokalisering van die menseregte. Universalisme staan teenoor die argument van kulturele relativisme wat die standpunt huldig dat sommige kulturele tradisies universele morele standaarde ter syde kan stel vanweë die oortuiging dat geen absolute waarhede bestaan nie (vgl. Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:33-49; Ter Haar 2003:82-86; Van Oudenhoven & Wazir 2006:133-135).

<sup>14</sup> Die bepalinge, beloftes en ideale van kinderregte word in hierdie navorsing verstaan as die diskoers oor kinderregte.

<sup>15</sup> Die regering se respons ten opsigte van kinders en hul regte word deur navorsingsinstellings soos die *Children's Institute*, verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, en organisasies in die nie-regeringsektor byvoorbeeld *Childline*, as negatief en gebrekkig geëvalueer (vgl. Berry & Guthrie 2003:4,7; Van Niekerk 2004:5-6).

<sup>16</sup> Die implementering van kinderregte in die Suid-Afrikaanse samelewing word verstaan as die praktyk van kinderregte.

<sup>17</sup> Sien Artikels 2, 3, 18, paragrawe 1, 2, 19 en 42 as voorbeelde van uitsprake van die UNCRC wat direk betrekking het op volwassenes soos ouers, versorgers, opvoeders en ook private en publieke instellings.

vereis volgens Cornelia Human (1998:35) veel meer. Sy beweer dat 'n sosiale bewussyn en die mate waarin kinderregte gerugsteun word deur 'n ideologie of beginsels wat regverdiging daaraan verleen, deurslaggewend is. Juis om dié rede is dit essensieel dat alle moontlike rolspelers in die bevordering van 'n sosiale bewussyn aangaande kinderregte betrek sal word.<sup>18</sup>

Die saak van kinders en die bevordering van hul regte deur soveel moontlik rolspelers in die Suid-Afrikaanse samelewing, is verder benadruk deur die *Foundation for Human Rights* (hierna FHR) wat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Menseregte-kommissie in Januarie 2004 'n Publieke Impak Litigasie Konferensie gehou het (FHR 2004:1). Tydens die konferensie het die afgevaardigdes verklaar dat die kinderregtesektor duidelik 'n meer gekoördineerde benadering tot sy werk nodig het. Daar is verder bevind dat i) weinig of selfs geen aandag gegee word aan die sosio-ekonomiese regte van kinders nie; ii) 'n verskeidenheid organisasies in die sektor bestaan wat die regte van kinders hanteer deur grootliks op navorsing en litigasie te fokus; en iii) 'n gebrek aan koördinasie tussen organisasies/instellings 'n volhoubare poging tot die promovering van kinderregte strem. In aansluiting hierby is die behoefte uitgespreek dat nie-regerings- en gemeenskapgebaseerde organisasies in die kinderregtesektor meer effektief met mekaar moet kommunikeer. Gegewe die impak van MIV en Vigs, armoede en ongelykhede, die dispariteite van dienste tussen stedelike en landelike gebiede, is die hantering van hierdie

---

<sup>18</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word sosiale bewussyn aangaande kinderregte verstaan as die persepsies, gesindhede en gedrag jeens kinders as die draers van regte. 'n Sodanige sosiale bewussyn kan bevorder word deur middel van i) bewusmakingsveldtogte soos die sestien dae van *Activism on No Violence against Women and Children, Blow the Whistle on Violence against Women and Children*. Die belang van 'n klimaat van respek is verder benadruk deur slagspreuke op treine te plaas en deur die Kinderbeskermingsweek (28 Mei tot 3 Junie) wat die regte van kinders en spesifiek hul beskerming as fokus het; ii) vieringsgeleenthede van publieke vakansiedae soos Menseregte-dag op 21 Maart en die *Children's Day Celebration* wat elke jaar op die eerste Saterdag van November gevier word; en iii) die mobilisering van die burgerlike samelewing om deur middel van vennootskappe publieke steun te bied vir die gedagte van kinderregte en die implementering daarvan. Publieke steun kan gebied word deur 'n verbintenis tot waardes onderliggend aan die versorging, koestering en waardering van kinders asook deur konkrete prosesse en projekte wat veral afgestem is op aktiewe langtermyn bewusmaking van denkpatrone en lewenshoudings jeens kinders – veral dié wat onderliggend is aan skadelike praktyke (vgl. ORC 2001a:150).

sake op meer omvattende wyse as waarop dit voorheen deur die sektor aangepak is, as 'n dringende prioriteit gestel (FHR 2004:1).<sup>19</sup>

Dit is inderdaad betekenisvol om daarop te let dat 'n toenemende aantal teoloë en akademici in die studieverde van Teologie en Religie argumenteer dat hulle vakgebiede 'n bydrae kan en behoort te lewer tot die vestiging en bevordering van 'n kultuur van menseregte – en by implikasie kinderregte.<sup>20</sup>

Dit is egter teleurstellend om daarvan kennis te neem dat Christelike teoloë tot onlangs (2000) slegs 'n beperkte bydrae gelewer het tot die internasionale debat oor kinders en hul konteks en regte. Don Browning en John Wall sê hieroor: “(w)While there has been a groundswell in new scholarship on children from psychologists, sociologists, historians and philosophers, contemporary theologians have on the whole neglected childhood as a serious intellectual or moral concern” (Browning & Wall 2001:xi). Dawn DeVries bevestig hierdie stand van sake en voeg hierby dat die studieveld van Sistematiese Teologie in die twintigste eeu tot betreklik onlangs grotendeels maar stil oor die vraag omtrent kinders was (DeVries 2001a:162). Op haar beurt is Marcia J. Bunge van mening dat wanneer ons vra wat die Christelike Teologie tot die publieke en akademiese debat oor kinders kan bydra, daar maklik veronderstel kan word dat dit baie min het om te bied; en indien die Christelike Teologie wel iets het om te bied, dit selfs destruktief van aard is (Bunge 2001:3).

Volgens Bunge is daar veral twee redes vir hierdie leemte by die Christelike Teologie (Bunge 2001:3). Eerstens: Kwessies wat kinders raak, was tot dusver in bykans elke area

---

<sup>19</sup> As direkte resultaat van hierdie konferensie is 'n program van die FHR in werking gestel met die drieërlei doelwitte om die regte van kinders te bevorder, tot 'n meer koherente kinderregtesektor by te dra en meer ondersteuning vir kinders in die landelike areas van Suid-Afrika te ontwikkel. Deur middel van advertensies in koerante is 'n uitnodiging aan die burgerlike samelewing gerig om befondsingsvoorstelle in te dien met die oog op die implementering van programme en projekte wat kinders as teikengroep het en wat hul regte bevorder soos in die grondwet vervat. Die volgende aktiwiteite sou vir befonding in aanmerking kom: toegepaste navorsing oor die regte van kinders; programme wat afgestem is op advokaatskap en onderhandeling; werkwinkels wat die publiek bewus maak en oplei aangaande die regte van kinders; netwerkvorming in die kinderregtesektor; en kapasiteitsbou-programme vir die kinderregtesektor (FHR 2004:1-2).

<sup>20</sup> Vergelyk Dreyer, Pieterse en Van der Ven (2004:50); Pieterse, Dreyer & Van der Ven (2003:118); Ter Haar (2001:35-36); Henkin (1998:239); Sturm (1992); Witte (1998:257).

van Teologie bloot marginaal. Sistematiese teoloë en Christen-etici het min oor kinders te sê gehad en ernstige nadenke oor kinders is nie as hoë prioriteit beskou nie.

Bunge verbind Todd Whitmore se argument oor die gebrek aan 'n goed ontwikkelde sosiale leer oor die koestering en versorging van kinders in die Katolieke Kerk met Christelike Teologie in die algemeen (in Bunge 2001:3). Sy brei verder daarop uit deur te stel: "... although the church has highly developed teachings on other issues ... theologians have not offered sustained reflection on the nature of children or on the obligations that parents, the state, and the church have to nurture children" (Bunge 2001:4).

Terwyl sake wat kinders raak soms in teologiese nadenke oor die familie ter sprake kom, moedig die kerk in die meeste gevalle ouers slegs aan om hul kinders in die geloof te onderrig en vir kinders om hul ouers te gehoorsaam. Daar is gevolglik 'n gebrek aan besinning ten opsigte van ander probleemareas wat kinders affekteer, byvoorbeeld kindermishandeling, onveilige omgewings, die sosio-ekonomiese omstandighede van kinders en die gebrek aan deelname van kinders in die samelewing (Bunge 2001:3-4).<sup>21</sup>

Die tweede rede wat Bunge aanvoer vir die opmerkbare leemte in die Christelike Teologie en selfs die destruktiewe aard daarvan is dat aannames oor Christelike perspektiewe op kinders hoofsaaklik gevorm is deur resente studies oor die religieuse wortels van kindermishandeling (Bunge 2001:5).<sup>22</sup> 'n Tipe onmenslike pedagogiek het voorrang geniet, waar die klem val op die absolute gehoorsaamheid van kinders teenoor hul ouers, die sondige aard of verdorwenheid van kinders en die belangrikheid om hul wil op 'n

---

<sup>21</sup> Hierdie problematiek word direk verbind met die kinderregtediskoers en -praktyk wat die promovering van waardes, beginsels en doelwitte beoog ten einde die beskerming, ontwikkeling en deelname van kinders in hedendaagse samelewings vorentoe te neem. Mense- en kinderregte word geassosieer met internasionale wetlike verpligtinge, die besinning oor universele norme in beleid op nasionale en internasionale vlak, wêreldorde, sosiale verandering en advokaatskap.

<sup>22</sup> Sien byvoorbeeld Donald Capps (1995) se boek *The Child's Song: The Religious Abuse of Children*, wat bepaalde teologiese idees en praktyke ontbloot wat inherent lasterlik teenoor kinders is en tot angstigheid en gevoelens van minderwaardigheid by kinders kan lei. Alhoewel die uitbuiting van kinders in enige denominasie kan voorkom, is die mees ontstellende voorvalle van kindermisbruik in die Christendom die seksuele eksploitasie van kinders deur priesters van die Rooms-Katolieke Kerk in die Verenigde State van Amerika (vgl. Bunge 2006:553). 'n Uitgebreide uiteensetting van die voorkoms van seksuele misbruik van kinders in die Rooms-Katolieke Kerk is beskikbaar by: [http://en.wikipedia.org/wiki/Roman\\_Catholic\\_sex\\_abuse\\_cases](http://en.wikipedia.org/wiki/Roman_Catholic_sex_abuse_cases) (besoek op 11 Julie 2008).



baie vroeë ouderdom met behulp van drastiese fisieke straf te breek. Volgens sommige van hierdie studies is die gedagte dat kinders sondig is deur die argument ondersteun dat ouers verplig is om hul kinders te straf omdat God sy mense straf (Bunge 2001:5).

Teen die agtergrond van die beperkte bydrae van Teologie tot die saak van kinders, is die resente belangstelling op internasionale vlak in kinders en hul konteks sonder meer verblydend. Die publikasie *The Child in Christian Thought*, wat deur Bunge geredigeer is en in 2001 verskyn het, lewer 'n enorme bydrae tot die huidige bespreking oor die aard van die kinderjare en die versorging van kinders. Die sewentien bydraes in die boek verteenwoordig 'n diversiteit van Christelike denke oor die kinderjare en wys die weg aan vir 'n meer gebalanseerde siening van die probleme en moontlikhede vir Teologie in die nadenke en praktyk rakende kinders.<sup>23</sup>

Wat in laasgenoemde publikasie duidelik na vore kom, is dat daar voorheen baie geskryf is oor die aard van die kinderjare met die primêre klem op erfsonde, sonde en straf van kinders, terwyl verpligtinge teenoor kinders en hul sosiale konteks in hedendaagse teologiese publikasies as 'n marginale tema beskryf word. Hierdie gebrek aan betrokkenheid by akademiese en politieke debatte oor kinders, en kerk en samelewing se verpligtinge teenoor kinders word vyf jaar later opnuut deur Bunge bevestig in 'n artikel in die tydskrif *Journal of Religion*. Sy skryf dat “(d)espite the rising concern for and curiosity about children, scholars of religion, theologians, and ethicists across religious lines have had little to say about children, and they have had little to contribute to the growing political and academic debates about children or our obligations to them” (Bunge 2006:551). Bunge is van mening dat fundamentele vrae ten opsigte van kinders selfs in studies oor die religieuse verstaan van die familie of oor die religieuse verstaan van menseregte verwaarloos word. Dit reflekteer veral in internasionale debatte waarin Christene die kwessie van kinderregte ontwyk of verwerp ten spyte daarvan dat

---

<sup>23</sup> Don Browning en John Wall skryf in die voorwoord dat die bydraes wat in die boek opgeneem is nie alleenlik demonstreer dat daar in die verlede wel 'n diep en blywende besorgdheid oor die kind en kinderjare in die Christelike Teologie was nie – byvoorbeeld by Augustinus, Aquinas, Luther, Calvyn en Schleiermacher (Browning & Wall 2001:xi). Selfs meer belangrik is dat 'n genuanseerde en stewige teologie van die kind wel moontlik is, een wat Sistematiese Teologie, Etiek, Geskiedenis en Pastorale Studies in gesprek saambind oor die aard en betekenis van die kinderjare en die verpligtinge van families, die kerk en die samelewing teenoor kinders.

regtegebaseerde programme toenemend die agendas van kindgerigte regerings- en nie-regeringsinstellings domineer (Bunge 2006:553).

'n Debat oor die belangrike saak van kinders se sosiale konteks en regte is in Maart 2004 deur die Sentrum vir Teologie en Publieke Sake aan die Universiteit van Edinburgh in Skotland<sup>24</sup> geloods. 'n Konferensie is aangebied waartydens 'n nuwe publikasie, *Honouring Children: The Human Rights of the Child in Christian Perspective* (2004)<sup>25</sup> vrygestel is. Die boek is geskryf deur Kathleen Marshall, 'n kundige op die gebied van kinderregte, en Paul Parvis, 'n teoloog. Hulle dryfveer met die skryf van die boek en die aanbied van die konferensie was geleë in hul oortuiging dat die versorging, opvoeding en welsyn van kinders en die bevordering van die regte van kwesbare mense, veral kinders, sentraal in die sorg en aandag van Christelike kerke behoort te staan (Marshall & Parvis 2004:3). Tog, wanneer gesprekke oor die regte van kinders geïnisieer word, blyk dit dikwels Christelike groepe te wees wat besware opper.<sup>26</sup> En dit is om dié rede dat Marshall en Parvis die filosofiese sowel as teologiese aspekte rakende menseregte in die algemeen en kinderregte in die besonder in hul boek wil verhelder ten einde die mate waarin kinderregte saamhang met die oortuigings en waardes van die Christelike geloof duideliker te stel (Marshall & Parvis 2004:3). Terselfdertyd was hul boek en die

---

<sup>24</sup> Die Sentrum vir Teologie en Publieke Sake aan die Universiteit van Edinburgh is in 1984 gestig om besinning en navorsing oor belangrike publieke sake waartoe Christelike Teologie 'n bydrae kan maak te stimuleer. Hierdie sentrum doen akademiese navorsing in publieke teologie, wat verwys na 'n wyse van teologiebeoefening wat op sake van publieke belang in die kontemporêre wêreld fokus. Publieke Teologie is krities besig met Christelike geloof en praktyk in verhouding tot publieke aangeleenthede deur middel van teologiese besinning, interdisiplinêre bespreking en intergeloofsdialoog met diegene in ander dissiplines en vanuit ander perspektiewe wat 'n gedeelde besorgdheid oor publieke sake het. Sien hul webtuiste <http://www.div.ed.ac.uk/theolissues> (besoek op 11 Julie 2008).

<sup>25</sup> Hierdie boek is uitgegee saam met 'n praktiese werkboek, *Honouring Children: Rights in Christian and Family Life*, geskryf deur Kathleen Marshall. Die werkboek kan in kleingroep- of werkwinkelformaat in gemeentes en ander geloofsgebaseerde organisasies benut word.

<sup>26</sup> Sien die besware wat vanuit 'n teologiese perspektief aangevoer word teen die gedagte van kinderregte, (Marshall & Parvis 2004:273-297). Ook in Suid-Afrika is dit dikwels Christelike groepe wat besware aanteken teen nuwe wetgewing wat gegrond is op kinderregte-konvensies wat deur Suid-Afrika bekragtig is. Christelike Onderwys in Suid-Afrika (hierna Cosa), wat in 1997 209 skole verteenwoordig het, het byvoorbeeld beswaar aangeteken teen die afskaffing van lyfstraf in skole, 'n maatreef wat op 1 Januarie 1997 in werking getree het. Hulle het hulle tot die Konstitusionele Hof gewend met die verweer dat dit 'n skending is van hul konstitusionele reg tot vryheid van godsdienstige oortuiging. Cosa het die standpunt gehuldig dat dit sy lede se reg is om lyfstraf, wat hulle "Bybelse korrigerings" genoem het, toe te pas, aangesien dit in die Bybel duidelik uitgespel word in Spreuke 23:13-14. Hul aansoek is deur regter Pius Langa verwerp. Sien <http://www.corpun.com/zasc9911.htm> (besoek op 11 Julie 2008).

konferensie ’n poging om die saak van kinderrechte op internasionale vlak pertinent ter sprake te bring ten einde die teologiese gemeenskap aan te spoor om as pleitbesorger van kinders op te tree. Die publikasie benadruk hoe noodsaaklik dit is dat Teologie sake van publieke belang, soos kinders en hul sosiale konteks, sal aanpak. Marshall en Parvis argumenteer deurgaans dat “regtetaal” die aangewese en duidelike manier is om oormense se fundamentele verpligtinge teenoor mekaar te praat en tegelyk geskik is om dinge van sentrale belang in die Christelike tradisie te verstaan en te benadruk (Marshall & Parvis 2004:156).

Op nasionale vlak blyk dit dat alhoewel die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke<sup>27</sup> die goedkeuring van die Kinderwet deur die Parlement in 2005 as die nuwe era van kinderrechte in ons demokrasie aangekondig het, die Christelike gemeenskap nie aktief in die promovering van kinderrechte betrokke is in die onderskeie sferes waar dit invloed het nie. Op akademiese gebied wil dit voorkom asof kinders, hulle sosiale konteks en regte baie min, indien enige, aandag in die opleidingskurrikulum van predikante geniet. Vanuit die bestudering van goedgekeurde navorsingsprojekte en artikels in geakkrediteerde tydskrifte blyk dit verder dat kinders in die algemeen, hul regte, hul sosiale konteks en die uitdagings wat dit bied, bloot ’n marginale tema in nasionale teologiese navorsing verteenwoordig.<sup>28</sup>

---

<sup>27</sup> Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (hierna SARK) as ’n fasiliterende liggaam vir ’n verskeidenheid van Christelike kerke is daartoe verbind om deur middel van programme en die uitreik van verklarings die verenigde getuieis van die kerk in Suid-Afrika – veral in sake van nasionale debat en orde – te laat hoor. Sien hul webtuiste by <http://www.sacc.org.za/about.html> (2001/06; besoek op 5 Mei 2007). In 1996 is ’n Publieke Beleid Skakelkantoor in die Algemene Sekretariaat van die SARK gevestig om ’n kritiese verbintenis met die regering insake die ontwikkeling van wetgewing, beleid, advokaatskap en pastorale ondersteuning aan lede van die parlement te bewerkstellig. Die direkteur van die Parlementêre Kantoor (soos die naam in 2002 verander is), is ds. Keith Vermeulen wat die SARK aktief verteenwoordig in sake wat kinders raak. Voorbeelde hiervan is die Gewysigde Kinderwet 2006, waaroor ’n mondelingse voorlegging op 12 Augustus 2007 aan die Portefeulje-komitee van Maatskaplike Ontwikkeling gemaak is asook die promovering van positiewe dissipline en die afskaffing van lyfstraf waaroor ’n dokument voorberei is oor vrae wat gereeld oor hierdie onderwerp gevra word. Sien <http://www.sacc-ct.org.za> (besoek op 16 Julie 2008) asook <http://www.sacc.org.za/news05/children.html> (2005/06/28; besoek op 5 Mei 2007).

<sup>28</sup> Dit is verblydend om te meld dat Jan Grobbelaar in Maart 2008 sy proefskrif getitel “’n Ondersoek na die bediening van laerskoolkinders in en deur die gemeente as intergenerasionele ruimte”, voltooi het en daarin die gebrek aan navorsing oor kinders en hul sosiale konteks beklemtoon. Sy navorsing lewer ’n betekenisvolle bydrae tot die hantering van sosiale uitsluiting en marginalisering van kinders in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe die gemeente as intergenerasionele ruimte benut kan word om kinders te verwelkom, volledig te integreer en te laat tuis voel.

Wat plaaslike geloofsgemeenskappe betref, blyk dit dat baie aksies en intervensies wat in en deur geloofsgemeenskappe op kinders gerig is steeds gebaseer is op liefdadigheid en die behoeftes van kinders wat volwassenes gewoonlik vir en namens hulle identifiseer. Boonop word kinders in baie gevalle nie as volwaardige lidmate erken of geïntegreer nie en is hulle gevolglik uitgesluit van die institusionele struktuur en funksionering van geloofsgemeenskappe.<sup>29</sup> Dit gebeur wel soms dat geloofsgemeenskappe poog om hulle rol en verantwoordelikheid teenoor hul eie kinders te verstaan. In die meeste gevalle blyk dit egter 'n eng fokus te wees wat sodanige gemeenskappe van 'n breër sosiale betrokkenheid teenoor kinders weerhou. 'n Breër sosiale betrokkenheid teenoor kinders kan beteken om byvoorbeeld aktief in die formulering van beleid oor kinders en hul regte en in die implementering daarvan betrokke te wees.<sup>30</sup> In die publieke sfeer wil dit voorkom asof die Christelike sektor nie betekenisvol tot die openbare diskoers oor kinders, die proses van beleidmaking en die implementering daarvan en vennootskapvorming bydra nie.

Betekenisvolle betrokkenheid van die teologiese gemeenskap by die sosiale konteks van kinders in Suid-Afrika vra egter nie net 'n teoretiese besinning van die Christelike Teologie oor kinders nie; dit vra indringend na praktiese wysheid en die ontwerp van praxisteorieë wat tot die bevordering van kinderregte en terselfdertyd tot die verbetering van die eietydse omstandighede van kinders in Suid-Afrika kan lei.<sup>31</sup> Met die oog op hierdie uitdaging kan Praktiese Teologie<sup>32</sup> by uitstek as die dissipline beskou word waar teoloë hulleself wil verbind tot die realisering van 'n bevrydende en transformerende

---

<sup>29</sup> Mense se denkpatriene, lewenshoudings en optrede ten opsigte van kinders word dikwels deur hul geloofsoortuigings as hul normatiewe raamwerk beïnvloed (vgl. Ter Haar 2001:2).

<sup>30</sup> Die Christelike gemeenskap kan die implementering van kinderregte bevorder deur bestaande organisasies in die kinderregtesektor te versterk en te ondersteun (vgl. Johnson 2003:160-166).

<sup>31</sup> Die aksent wat in hierdie studie geld is om weg te beweeg van sê (woorde) in die rigting van doen (handelinge) (vgl. Louw 1997:124).

<sup>32</sup> Praktiese Teologie word in Suid-Afrika beoefen en gedoseer aan die universiteite van Stellenbosch, Pretoria, Noordwes, Vrystaat, Natal, Fort Hare, KwaZulu-Natal en Suid-Afrika en word georganiseer in 'n werkgemeenskap. Die WPTSA verteenwoordig akademici, werksaam by die teologiese fakulteite van die onderskeie universiteite asook predikante en jeugwerkers wat in die bediening staan. Praktiese Teologie geniet ook internasionale erkenning vanweë 'n gevestigde Internasionale Akademie vir Praktiese Teologie en 'n internasionale akademiese tydskrif, *International Journal of Practical Theology*. Klassieke en resente gesaghebbende internasionale publikasies oor die dissipline Praktiese Teologie getuig verder van 'n gevestigde wetenskapsterrein en -beoefening. Sien in dié verband die publikasies van Don Browning (1991) asook F. Schweitzer en J. A. Van der Ven (1999).

Christelike praxis en die dialektiese interaksie tussen teologiese teorie en praktyk.<sup>33</sup> Teoloë wat Praktiese Teologie beoefen, hetsy in die sfeer van die akademie, kerk of die burgerlike samelewing, is vanweë die aard en fokus van die dissipline goed geposisioneer om 'n leidende rol te speel in die verstaan van Teologie se bydrae tot die promovering van kinderrege<sup>34</sup> in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Sonder resente data oor die omvang van die uitdagings wat die sosio-ekonomiese konteks van kinders in Suid-Afrika stel ten opsigte van die bevordering van hul lewensomstandighede, en daarmee saam die promovering van kinderrege, is dit nie moontlik om effektief by die hantering daarvan betrokke te raak nie. Dit is daarom belangrik dat daar eerstens data versamel word oor die konteks van kinders en hul regte asook oor vroeëre en tans heersende benaderinge en perspektiewe oor kinders en hul regte. Met hierdie data as oriëntering kan hierdie studie 'n belangrike bydrae lewer om diegene wat in die openbare en kerklik-teologiese sfeer met kinders gemoeid is van die realiteit en belang van kinderrege bewus te maak. Tegelyk wil die studie praktiese teoloë uitdaag om krities te besin oor hoe hulle die rol van hul dissipline in die bevordering van kinders se belange in die konteks van die akademie, kerk en burgerlike samelewing verstaan.

---

<sup>33</sup> Vergelyk in dié verband Swart en Yates (2006:315); Browning (1991:44-47); Louw (1997:132); en Tracy (1983:72-81).

<sup>34</sup> Kinderrege is 'n benadering waarvolgens die ontwikkeling, beskerming en deelname van kinders gepromoveer word deur die lewensomstandighede van kinders voortdurend volgens universele standaarde te moniteer. 'n Kinderregteperspektief in Christelike Teologie is 'n moontlike strategie wat Teologie en kerk kan help om enersyds hul denke en praktyke rakende kinders te dekonstrueer en andersyds publiek verantwoordbaar te wees ten opsigte van die hantering van sosiale en maatskaplike uitdagings in die leefwêreld van kinders. Daarbenewens is die navorser daarvan oortuig dat sowel die Teologie as die kerk baie meer het om aan kinders te bied as slegs die promovering van kinderrege. Teologie en kerk lewer reeds in en deur gemeentes en geloofsgebaseerde organisasies 'n bydrae tot kinders se geloofs-, morele en identiteitsvorming en om sin in hul lewe te ontsluit. Die navorser se besorgdheid en belangstelling lê egter by daardie kinders wat normaalweg nie deur gemeentes en geloofsgebaseerde organisasies bereik word nie. Daarom is hierdie studie gerig op die rol wat Praktiese Teologie behoort te speel om die invloed van Teologie ten opsigte van die promovering van kinderrege na buite te rig, dit wil sê na die publieke arena van die burgerlike samelewing.

## 1.2 Probleemformulering

Sedert 2000 is daar wel 'n opbloeï in internasionale publikasies oor kinders in Teologie en Praktiese Teologie te bespeur. Hieronder tel David H. Jensen, *Graced Vulnerability: A Theology of Childhood* (2005); Pamela D. Couture, *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty* (2000); en Joyce Ann Mercer, *Welcoming Children: A Practical Theology of Childhood* (2005). Elk van hierdie drie publikasies toon 'n sterk kontekstuele aanpak wat die sosiale konteks van kinders, sowel as ontwikkelinge op internasionale gebied insake die beskerming, ontwikkeling en deelname van kinders verreken.

In teenstelling tot bogenoemde publikasies toon Suid-Afrikaanse studies 'n opmerklieke gebrek aan fokus op kinders en hul regte, bepaaldelik in Praktiese Teologie. Uit literatuursoektogte het dit duidelik geword dat Praktiese Teologie in Suid-Afrika weinig strategiese perspektiewe en riglyne voorsien oor hoe die teologiese gemeenskap die kontekstuele realiteite van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing kan hanteer asook in watter sferes van die samelewing 'n bydrae van Teologie nodig is.

Die Amerikaanse teoloog David Tracy bied in sy boek *The Analogical Imagination: Christian Theology and the Culture of Pluralism* (1981) 'n waardevolle hermeneutiese sleutel om enersyds die beperkte bydrae van teoloë en Christelike kerke tot die aanpak van samelewings se sosio-ekonomiese probleme bloot te lê, en andersyds 'n nuwe positiewe benadering te rig. Volgens Tracy behoort die teologiese gemeenskap betrokkenheid te toon in drie publieke, naamlik die *akademie*, *gemeenskap van gelowiges of kerk* en die *samelewing in die breë* of die *burgerlike samelewing* (Tracy 1981:3-46).<sup>35</sup> Die bydrae, rol en verantwoordelikheid van Praktiese Teologie wat kinders en hul regte betref, kan betekenisvol verstaan en gekontekstualiseer word ooreenkomstig hierdie drie publieke van betrokkenheid.

---

<sup>35</sup> Dit is belangrik om hier te vermeld dat Tracy (1981) die drie publieke in 'n ander volgorde bespreek, naamlik burgerlike samelewing (eerste publiek), akademie (tweede publiek) en kerk (derde publiek). In hierdie studie word egter die volgorde gehandhaaf wat in die Suid-Afrikaanse teologiese debat tot op hede toegepas is – veral die verwysing na die burgerlike of breë samelewing as die derde publiek. Sien in dié verband die gebruik van die derde publiek as hermeneutiese sleutel by Bernard Latagan (1995:217-228) en Ignatius Swart (2004:475-491).

'n Belangrike probleem wat met behulp van die drie teologiese publieke van betrokkenheid as lens geïdentifiseer kan word, is dat huidige prakties-teologiese riglyne oor kinderbediening vir gemeentes slegs in die bediening van gemeentekinders van waarde is.<sup>36</sup> Dit dui op 'n fokus wat tot die tweede publiek beperk is; die gevolg van so 'n uitsluitlik teologies-kerklike perspektief is dat die drie publieke nie tot hulle reg kom in soverre dit die teologiese gemeenskap se betrokkenheid by die saak van kinders betref nie.

Of Praktiese Teologie as verteenwoordigend van die eerste teologiese publiek (die akademie) en in dialektiese samehang met die ander twee teologiese publieke (die kerk en burgerlike samelewing) wel 'n bydrae het om te lewer tot die promovering van kinderregte in Suid-Afrika is op hierdie stadium grootliks onbekend. Indien Praktiese Teologie wel 'n bydrae het om te lewer, ontbreek daar tans 'n inheemse kennisbasis binne dié dissipline oor die aard en omvang van so 'n bydrae.

Die navorsingsprobleem waarop hierdie studie gerig is, kan teen die bogenoemde agtergrond soos volg uiteengesit word:

- Die toenemend problematiese omstandighede van kinders in Suid-Afrika, amptelike verklarings deur internasionale konvensies wat deur Suid-Afrika bekragtig is, en nasionale wetgewing ten opsigte van kinders impliseer uitdagings en verantwoordelikhede vir elke sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing om kinders en hul regte te erken en te bevorder.
- Of Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die akademie (eerste publiek), 'n bydrae het om te lewer tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in die Suid-Afrikaanse samelewing is op hierdie stadium grootliks onbekend.
- Indien Praktiese Teologie wel 'n bydrae het om te lewer, is die aard en omvang van sodanige bydrae *tot op hede nog nie geëksploreer en gekonseptualiseer nie vanweë 'n gebrek aan fokus op kinders en hul regte*. Praktiese Teologie bied

---

<sup>36</sup> Sien Grobbelaar (2008:162-166) se standpunt dat gemeentelike kinderbediening nie genoegsaam “na buite gerig” is nie en sy motivering daarvan.

daarom tans nie genoegsame perspektiewe en riglyne aan die breë teologiese gemeenskap in Suid-Afrika ten opsigte van die uitdaging om kinders se belange te promoveer nie.

- In die lig van die voorafgaande stelling blyk dit dat Teologie tans nie aktief betrokke is in die stryd om kinders se regte te promoveer nie.

### 1.3 Hipotese en navorsingsvrae

Die volgende hipotese en navorsingsvrae is vir hierdie studie geformuleer:

- Praktiese Teologie het 'n eiesoortige en komplementerende bydrae om te lewer tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.
- Indien Praktiese Teologie wel 'n bydrae het om te lewer, wat is die aard van die bydrae van Praktiese Teologie – as verteenwoordigend van die eerste teologiese publiek (die akademie) en in dialektiese samehang met die ander twee teologiese publieke (die kerk en die burgerlike samelewing) tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika?
- Hoe kan hierdie (geantisipeerde) bydrae verpraktiseer word in die domein van die akademie in interaksie met die kerk en burgerlike samelewing?

Die volgende subvrae is geformuleer om hierdie studie verder te rig:

- Wat is die demografiese profiel van kinders in Suid-Afrika en waarin bestaan die dringende sosiale uitdagings waarmee hulle, en by implikasie hul sorgdraers (*duty-bearers*),<sup>37</sup> daagliks gekonfronteer word?
- Wat is die rasionaal vir die benutting van kinderregte as 'n respons en perspektief op die sosiale posisie en leefwêreld van kinders?<sup>38</sup>

---

<sup>37</sup> Die teologiese gemeenskap kan vanuit 'n kinderregteperspektief beskou word as 'n sorgdraer wat verantwoording moet kan doen oor hoe kinders deur verteenwoordigers van hierdie gemeenskap hanteer word. Hierdie subvraag word benut om in Hoofstuk 2 'n kontekstuele oriëntering te bied ten opsigte van kinders en hul leefwêreld en die uitdagings wat daarmee gepaardgaan.

<sup>38</sup> Om hierdie subvraag te beantwoord word daar in Hoofstuk 3 'n kritiese analise gegee van die ontwikkelinge en sleutelaspekte van die internasionale en nasionale kinderregtediskoers en -praktyk en die wyse waarop kinderregte-instrumente op die teologiese gemeenskap betrekking het.



- Wat is die unieke bydrae van die Christelike geloofstradisie tot die huidige diskussie oor kinders, hul belange en regte in die hedendaagse kultuur?<sup>39</sup>
- Wat is die aard van die wetenskapsterrein van Praktiese Teologie en hoe kan dit 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika op mees gepaste wyse promoveer?<sup>40</sup>
- Wat is die siening van Suid-Afrikaanse praktiese teoloë oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika?<sup>41</sup>
- Watter strategiese perspektiewe en riglyne kan voorsien word oor die aard van Praktiese Teologie se bydrae in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika?<sup>42</sup>

#### 1.4 Doelstelling en doelwitte<sup>43</sup>

Die doelstelling van hierdie studie is om ondersoek in te stel of Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die eerste teologiese publik, 'n *komplementerende bydrae* het

---

<sup>39</sup> Hierdie vraag rig die diskoersanalise in Hoofstuk 4 waarvolgens kinders en hul regte in religieuse en teologiese besinning ondersoek word.

<sup>40</sup> Hierdie subvraag word in Hoofstuk 5 hanteer waar die posisionering van Praktiese Teologie en hierdie dissipline se eiesoortige bydrae in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika bepaal word.

<sup>41</sup> Die empiriese ondersoek soos in Hoofstuk 6 beskryf, word deur hierdie subvraag gerig.

<sup>42</sup> Die laaste subvraag is afgestem op die bydrae wat hierdie studie tot die vak Praktiese Teologie en tot 'n verbeterde praxis van die teologiese gemeenskap met betrekking tot kinders en hul regte wil lewer. Die uniekheid van die bydrae van Praktiese Teologie in samehang met die ander twee publieke tot die promovering van kinderregte in Suid-Afrika word in die laaste hoofstuk hanteer. Hierdie studie is derhalwe primêr op die gehoor van praktiese teoloë gerig, maar daarbenewens ook op ander verteenwoordigers van die teologiese gemeenskap.

<sup>43</sup> Professionele navorsing word dikwels geklassifiseer kragtens die doel en doelwitte daarvan. Basiese en toegepaste navorsing kan volgens Fouché en De Vos gesien word as die breë *doel* van navorsing (Fouché & De Vos 2005:105-106). In hierdie studie is *basiese navorsing* gedoen om 'n bydrae te lewer tot die inheemse wetenskaplike kennisbasis in Teologie aangaande die bydrae van Praktiese Teologie in die promovering van kinderregte. Daar word indirek gevra in watter areas van Praktiese Teologie as dissipline daar leemtes en 'n tekort aan data is. Die beoogde resultaat van die navorsing, naamlik 'n konseptualisering van die bydrae van Praktiese Teologie, sal op postdoktorale vlak meer konkreet toegepas en verpraktiseer kan word in die onderskeie drie publieke van teologiese betrokkenheid. Postdoktorale navorsing wat op hierdie studie mag volg, is deelnemende-aksienavorsing waarin kinders vanaf die aanvang van die navorsingsprojek deelneem in die identifisering van die problematiek of vrae wat hulle ondervind asook in die ontwikkeling van strategieë en konkrete intervensies met die oog op die hantering van die probleme in hul onmiddellike leefwêreld.

om te lewer tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika. Indien bevind word dat dit wel die geval is, is die doelstelling verder om die *aard van die bydrae* van Praktiese Teologie te konseptualiseer en riglyne te bied vir die verpraktisering daarvan in dialektiese samehang met die ander twee teologiese publieke.

Na aanleiding van bogenoemde doelstelling is die spesifieke doelwitte<sup>44</sup> van hierdie studie:

1. Om 'n kontekstuele oriëntering te bied oor die demografiese profiel van kinders en die gepaardgaande sosiaal-maatskaplike uitdagings.
2. Om die historiese en kontemporêre ontwikkeling van die nasionale en internasionale kinderregtediskoers te analiseer ten einde die implikasies daarvan vir die bydrae van Praktiese Teologie aan te dui.
3. Om 'n kritiese interdisiplinêre perspektief te bied op historiese en kontemporêre benaderings van en perspektiewe op kinders en hul regte en die wyse waarop dit, saam met alternatiewe perspektiewe, in religieuse en teologiese besinning neerslag vind al dan nie.
4. Om die posisionering van Praktiese Teologie en die unieke perspektief wat hierdie dissipline kan bied in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika aan te dui.

---

<sup>44</sup> Die primêre doelwitte van professionele navorsing, en veral van basiese en kennisgenererende navorsing, is om te verken, te beskryf en te verklaar (Fouché & De Vos 2005:105). Die doelwitte van hierdie navorsing is enersyds *verkennd*, aangesien ondersoek word of Praktiese Teologie wel 'n bydrae het om te lewer in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika. Indien dit 'n bydrae het om te lewer, word die aard van die bydrae verder ondersoek. Dit is juis verkennend van aard aangesien daar 'n leemte aan basiese inligting bestaan in 'n nuwe area van belangstelling, naamlik Praktiese Teologie se bydrae in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika. Andersyds is dit ook *beskrywend*, omdat die aard van die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte op 'n kritiese wyse beskryf word. Perspektiewe en persepsies van praktiese teoloë word benut om te beskryf wat in die veld van Praktiese Teologie besig is om te gebeur al dan nie aangaande die kwessie van kinderregte in Suid-Afrika. Anders gestel: Om te beskryf in watter publieke/sfere van beïnvloeding Praktiese Teologie betrokke is al dan nie, en op watter wyse. Daar word gevolglik met hierdie navorsingsdoelwitte gepoog om vir die praktiese-teologiese gemeenskap die uitdaging met betrekking tot kinders en hul belange, en daarmee saam die aard van Praktiese Teologie se bydrae in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika te verhelder.

5. Om op grond van die persepsies en begrip van Suid-Afrikaanse praktiese teoloë en die verifiëring daarvan aan die hand van literatuur 'n perspektief te formuleer oor die bydrae van Praktiese Teologie in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk.
6. Om aanbevelings te maak oor hoe sodanige bydrae in die konteks van die akademie en in interaksie met gemeentes en die samelewing verpraktiseer kan word.

### 1.5 Metodologiese verantwoording<sup>45</sup>

Vir die doel van hierdie studie is 'n gekombineerde *kwantitatiewe* en *kwalitatiewe* benadering tot sosiale navorsing gevolg.<sup>46</sup> Hierdie benadering tot navorsing sluit filosofiese komponente sowel as die gebruik van die kwalitatiewe én die kwantitatiewe metode van ondersoek in. Dit behels egter meer as 'n blote analise van die twee verskillende tipes van data – kwalitatief en kwantitatief – deurdat dit beide vorme van data met mekaar in verband bring ten einde te verseker dat die oorhoofse sterkte van die studie groter is as slegs dié van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing op sigself (Creswell 2009:4).

Die rasionaal vir die keuse van hierdie gekombineerde ontwerp<sup>47</sup> kan soos volg verduidelik word:

---

<sup>45</sup> Die metodologiese verantwoording verwys na die benaderings, prosedures en metodes wat in die navorsing gevolg word. Wat hier hanteer word, is 'n verantwoording van die benadering tot navorsing, die navorsingsontwerp en prosedures daarvan, tegnieke van data-insameling, die populasie en steekproef, en die prosedures om data te analiseer en geldigheid en betroubaarheid te verseker.

<sup>46</sup> Die navorsingsprobleem van hierdie studie benadruk nie alleenlik die gebrek nie, maar ook die behoefte aan aksie-georiënteerde navorsing en 'n deelnemende styl van en benadering tot navorsing waarvolgens praktiese teoloë deur middel van empiriese navorsing in die ondersoek na die unieke bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte kan deelneem. Daarom bestaan daar 'n behoefte aan 'n omvattende navorsingsproses waartydens daar van kwantitatiewe én kwalitatiewe data-insamelingsprosedures gebruik gemaak word om soveel praktiese teoloë as moontlik in die studie te betrek en om te verseker dat navorsingsresultate oor die onderwerp geldig en betroubaar is.

<sup>47</sup> 'n Navorsingsontwerp is volgens Johann Mouton soos die beplanning van 'n roete (Mouton 2002:107). Dit is 'n stel riglyne en instruksies oor hoe om die doel wat vir die navorsing gestel is te bereik. Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die navorsingsprojek op so 'n wyse te beplan en te struktureer dat die uiteindelige geldigheid van die navorsingsbevindinge gemaksimaliseer word deur potensiële foute óf te minimaliseer óf uit te skakel (Mouton 2002:108).

(i) *Menings en persepsies van praktiese teoloë*: Eerder as om in ’n tipe abstrakte benadering en retoriek te verval wat so dikwels die geval is in prakties-teologiese literatuur en navorsing wat aan kinders aandag skenk, word dit in hierdie studie as belangrik geag om die werklike menings en persepsies van praktiese teoloë oor die navorsingsvrae in te win. Ten einde die verkennende en beskrywende doelwitte van die studie te bereik, is daar van ’n opname gebruik gemaak om kwantitatiewe data oor die gestelde navorsingsvrae van lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika (hierna WPTSA) te verkry. Die ingesamelde kwantitatiewe data is opgevolg deur onderhoude met akademiëci wat Praktiese Teologie as wetenskap beoefen en doseer aan ’n Suid-Afrikaanse universiteit ten einde kwantitatiewe resultate aan die hand van kwalitatiewe data verder te eksploreer. Deur hierdie gekombineerde benadering tot die studie te volg, kan die navorsingsprobleem beter verstaan en die resultate in meer diepte verduidelik word, aangesien die breë numeriese tendense van kwantitatiewe navorsing met die fyner besonderhede van kwalitatiewe navorsing gekonvergeer word (vgl. Creswell 2009:121).

(ii) *Empiriese komponent*: ’n Empiriese komponent van die studie bied aan die navorser die geleentheid om in dialoog met praktiese teoloë die rol van Praktiese Teologie in die promovering van ’n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika te eksploreer en krities te beskryf. Dit verleen aan die studie ’n meer deelnemende karakter as blote konseptuele navorsing en verhoog die impak van die studie op Praktiese Teologie en die dissipline se rol in die promovering van kinderregte.

(iii) *Filosofiese grondslae*: Die filosofiese grondslae onderliggend aan hierdie studie het te make met die hantering van ’n kwessie van sosiale geregtigheid, naamlik kinders en hul regte.<sup>48</sup> Hierdie studie wil voorspraak doen vir ’n aksie-agenda met die

---

<sup>48</sup> Sosiale geregtigheid, transformasie, aksiestrategieë met die oog op verandering, advokaatskap (of voorspraak) en ’n deelnemende oriëntasie tot navorsing is elemente wat sterk in die publieke benadering tot Praktiese Teologie figureer (vgl. Ganzevoort 2009). ’n Lewens- en wêreldbeskouing waarin advokaatskap en deelname prominent figureer, onderskryf dat navorsing vervleg behoort te wees met politiek en ’n politieke agenda (Creswell 2009:9). Kinders is juis deur die Suid-Afrikaanse regering en die breër Afrika- en internasionale gemeenskap geïdentifiseer as ’n kwesbare groep wat as prioriteit op politieke agendas geplaas moet word.

Ben White, professor in Landelike Sosiologie aan die *Institute of Social Studies* in Nederland het in sy *Dies Natalis*-toespraak ter herdenking van die 51ste bestaansjaar van dié instituut in 2003, getitel “A World Fit for Children? Children and Youth in Development Studies and Policy”, die standpunt

oog op reële verandering wat die lewensomstandighede van kinders ten goede kan bevorder. Kwantitatiewe en kwalitatiewe data is beide as sodanig benut om onder praktiese teoloë voorspraak te doen vir die opskerpings van hul sosiale bewussyn wat kinders en hul regte betref en vir hul aktiewe betrokkenheid by die bevordering van kinders se belange.

Die *opeenvolgende transformerende gemengde metode* is in hierdie studie as *strategie* aangewend.<sup>49</sup> Kenmerkend van hierdie strategie is die benutting van ’n teoretiese lens en van beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings tot data-insameling en -ontleding (vgl. Creswell 2009:212-213). Tracy se teorie van die drie publieke (1981) asook Osmer se verstaan van prakties-teologiese interpretasie (2008), is as oorkoepelende perspektief en raamwerk aangewend om die navorsing te rig ten opsigte van onderwerpe van belang, metodes vir die insameling van data en die uitkomst en veranderinge wat deur die studie geantisipeer word.

In hierdie studie het die insameling van kwantitatiewe data en die ontleding daarvan as ’n eerste fase van empiriese ondersoek geskied, waarna die kwalitatiewe data as tweede fase ingesamel en geanaliseer is.<sup>50</sup> Kwantitatiewe data-insameling is deur middel van ’n opname met gestruktureerde vraelyste as instrument onderneem. Die rede vir die keuse van hierdie vorm van data-insameling is dat ’n opname dit moontlik maak om van ’n steekproef na ’n populasie te veralgemeen, sodat gevolgtrekkings oor bepaalde kenmerke, gesindhede en/of gedrag van die populasie gemaak kan word (Creswell 2009:146; Fox & Bayat 2007:87). ’n Opname is die aangewese metode van data-insameling vir die eerste

---

gehuldig dat ten spyte van eskalerende retoriek en nuwe konvensies, verklarings en protokolle, die behoeftes en regte van kinders en jongmense werklik nog geensins hoog op politieke agendas is nie. Hy beskryf hierdie situasie as “... an area where the gap between words and action, between promises and real commitment, between sentimental rhetoric and harsh reality is very large indeed and where the lives of hundreds of millions of children and young people are seriously scarred or physically extinguished, year after year, as a matter of deliberate political choice” (White 2003:1). In aansluiting by White se standpunt argumenteer Sadig Rasheed dat terwyl daar in die afgelope twee dekades dramatiese voordele vir kinders bewerkstellig is, daar nog geen versekering bestaan dat kinders in hierdie millennium beter af gaan wees nie, tensy deurslaggewende globale en nasionale aksies geneem word om hul regte te realiseer en voldoende in hulle te belê (Rasheed 2000:7-13).

<sup>49</sup> ’n *Strategie van ondersoek* is ’n tipe kwalitatiewe, kwantitatiewe of gemengde metode ontwerp of model wat spesieke rigting voorsien vir die prosedures van data-insameling, ontleding en kwaliteits-beheer (vgl. Creswell 2009:11).

<sup>50</sup> Creswell verwys na hierdie prosedures van data-insameling en -ontleding as die *sequential mixed methods* (Creswell 2009:14).

fase van die studie, aangesien dit 'n koste-effektiewe manier van data-insameling is, data relatief vinnig ingesamel kan word en kenmerke van die breë prakties-teologiese gemeenskap deur middel van analisering van die ingesamelde data geïdentifiseer kan word. Dit verminder ook die kanse vir vooroordeel en partydigheid, aangesien die vrae op 'n eenvormige wyse gestel word.

Die populasie van hierdie studie is lede van die WPTSA.<sup>51</sup> In hierdie studie is daar van 'n 100% steekproefneming gebruik gemaak.

Die kwantitatiewe data is deur die benutting van beskrywende statistiese prosedures geanaliseer (vgl. Durheim 2006:188-214). Die resultate daarvan word by wyse van frekwensietabelle weergegee. Enkele opsommende besprekings word van die oop vrae gegee.

Die kwantitatiewe opname is aangevul met 'n kwalitatiewe ondersoek om verdere insig in die navorsingsprobleem en die resultate van die kwantitatiewe fase te verkry. Die kwalitatiewe data-insameling is deur middel van semigestruktureerde onderhoudvoering as instrument gedoen. Die rede vir die keuse van hierdie vorm van onderhoudvoering is dat semi-gestruktureerde onderhoude algemeen deur navorsers gebruik word om 'n volledige beeld van die deelnemers se oortuigings oor of persepsies/verklarings van 'n bepaalde onderwerp te verkry (vgl. Greeff 2005:296). Semi-gestruktureerde onderhoude is vir hierdie studie besonder geskik, aangesien die navorser in die kompleksiteit en proses van 'n kontroversiële saak geïnteresseerd is, naamlik die promovering van kinderregte en die bydrae wat Praktiese Teologie daartoe kan lewer. Voorafbepaalde vrae op die onderhoudskedule is tydens die onderhoudsituasie as riglyn benut. Die onderhoude is egter nie op rigiede wyse deur die onderhoudskedule gedikteer nie. Die deelnemers het 'n aandeel gehad in die rigting wat die gesprek aangeneem het en kon met 'n saak vorendag kom waaraan die navorser nie gedink het nie. In hierdie verhouding tussen

---

<sup>51</sup> Die *populasie van 'n ondersoek* is daardie groep persone waaroor die navorsing tot bepaalde gevolgtrekkings wil kom (Fox & Bayat 2007:88; Babbie 2005:112-113). Praktiese teoloë kan die maklikste geïdentifiseer word deur middel van die WPTSA wat oor 'n lys van geregistreerde lede beskik. Die WPTSA hou jaarliks 'n vergadering waartydens daar ook geleentheid vir lede is om referate te lewer. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, die tydskrif van WPTSA, is sedert 2010 geïnkorporeer by *Hervormde Teologiese Studies* (HTS) wat 'n geakkrediteerde tydskrif is.

navorser en deelnemers is laasgenoemdes as die kundiges oor die onderwerp beskou en daarom maksimaal geleentheid gebied om hul mening te lug.

Doelbewuste steekproefneming is benut om vir die doeleindes van die kwalitatiewe ondersoek 'n aantal praktiese teoloë te selekteer. Die vernaamste kriterium wat vir seleksie benut is, was dat die deelnemers aan 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit wat op die WPTSA verteenwoordig word, Praktiese Teologie moes doseer. 'n Verdere kriterium vir seleksie was om deelnemers te kies wie se doseerverantwoordelikhede en spesialisasievelde die beste by die navorsingsonderwerp van hierdie studie pas.

Wat data-ontleding van die kwalitatiewe data betref, is Tesch se agt stappe gevolg soos in Creswell (2009:186) beskryf. Die resultate word aangebied met behulp van temas en subtemas wat by wyse van aanhalings ondersteun word. Die resultate van die kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek word afsonderlik in twee afdelings aangebied, terwyl die vermenging van die twee stelle data daaropvolgend geskied, gevolg deur die finale bespreking van die resultate waar die klem val op die stel van 'n aksie-agenda aan die akademie van Praktiese Teologie.

Die prosedures wat in hierdie studie aangewend is om die geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsresultate te verseker, is die tegniek van *triangulering*,<sup>52</sup> die afneem van omvattende veldnotas, die kontrolering van resultate met 'n objektiewe kodeerder, en 'n voorondersoek wat onderneem is (Babbie & Mouton 2006:275; Creswell 2009:218-220). 'n Voorondersoek is gedoen om die effektiwiteit van die vraelys en onderhoudskedule te toets asook om potensiële probleme, misverstande, risiko's en tekortkominge te identifiseer voor die twee wyses van data-insameling geïmplementeer is.

---

<sup>52</sup> Triangulering is 'n tegniek en strategie van kwaliteitsbeheer wat in navorsing gebruik word om te verseker dat navorsingsresultate geldig, betroubaar en binne 'n ander konteks oordraagbaar is. 'n Verskeidenheid van gevallestudies, deelnemers en meer as een data-insamelingsmetode word gebruik om die navorsing se gebruikswaarde binne ander kontekste te versterk (De Vos 2005:346).

Essensiële aspekte van etiese etiket is noulettend in ag geneem. Die navorser het deelnemers aan hierdie studie volledig ingelig in verband met:<sup>53</sup>

- die doel en omvang van die studie;
- wie die studie lei;
- wat van hulle verwag word;
- hoe hulle moontlik deur die studie geaffekteer kan word;
- die rede waarom die respondent vir deelname uitgesonder is;
- die maatreëls wat met die oog op vertroulikheid getref is;<sup>54</sup>
- hoe anonimiteit verseker word; en
- hul reg om hulle in enige stadium aan die navorsing te onttrek (vgl. Bless, Higson-Smith & Kagee 2006:141-146).

Dit is verder die navorser se etiese verantwoordelikheid om die resultate van die navorsing aan die deelnemers bekend te maak in 'n formaat wat vir hulle toeganklik is. Daar word beoog om bevindinge deur middel van 'n verslag, 'n artikel in 'n geakkrediteerde akademiese tydskrif en 'n referaat tydens 'n vakkongres bekend te maak.<sup>55</sup>

## 1.6 Posisionering van die studie in Praktiese Teologie

Dit is gepas dat die navorser haar verstaan van *Praktiese Teologie as dissipline waarbinne hierdie studie geloods word*, sal verantwoord. Gevolglik word belangrike metodologiese ontwikkelinge in Praktiese Teologie wat in die studie in ag geneem word hier onder bespreek en in die lig daarvan word die prakties-teologiese gerigtheid van hierdie studie aangedui.

---

<sup>53</sup> Onderstaande inligting is aan deelnemers gekommunikeer sodat hulle op grond van hierdie inligting vrywillig kon instem om aan die navorsing deel te neem. Daarom word daar na ingeligte toestemming van deelnemers verwys as 'n belangrike etiese beginsel van navorsing.

<sup>54</sup> Vertroulikheid kan aan deelnemers gewaarborg word deur persoonlike inligting van deelnemers veilig te berg en sekuriteitsmaatreëls daaraan te koppel.

<sup>55</sup> Die ideaal is natuurlik dat deelnemers die geleentheid sal hê om verder deel te neem aan postdoktorale navorsing wat op hierdie studie mag volg en wat op toegepaste navorsing afgestem is om onmiddellike praktykprobleme insake die promovering van kinderregte aan te pak.



Oor die afgelope aantal jare was daar beduidende vooruitgang wat die *objek van studie* in Praktiese Teologie betref – wat ’n verbreding van die studieveld inhou. Pieterse en Dreyer omskryf hierdie klemverskuiwing soos volg: “The focus shifted to include a study of Christian religious praxis in society and the church by the community of believers, the pastor, and all the other people who conduct a liberating religious praxis” (Pieterse & Dreyer 1995:33).<sup>56</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word daar deurlopend op die waarde van die *praxis* van die Christelike geloof gefokus, met die klem op bevryding, verandering en transformasie in die konteks van kinders in Suid-Afrika. Juis vanweë hierdie klemverskuiwing wat betref die objek van Praktiese Teologie word daar in hierdie navorsing besin oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte vanuit ’n bepaalde benadering tot Praktiese Teologie, naamlik *Publieke Praktiese Teologie*.<sup>57</sup> Op dié wyse word die bydrae van Praktiese Teologie ten opsigte van kinders en hul regte in die publieke lewe op die voorgrond geplaas. Die publieke oriëntasie van Praktiese Teologie word deur Osmer en Schweitzer (in Dreyer 2007:46) soos volg beskryf:

The understanding of practical theology we are presenting needs an explanation because this discipline has quite often been understood exclusively in terms of clerical or congregational tasks. In this view the proper role of practical theology is merely to inform pastors and congregations about their various tasks and functions that are not seen in relationship to a wider context. In contrast to this narrow view, a public practical theology takes quite seriously the public’s role as an audience of its work, both by addressing issues of common life – local, national, and global public concerns – and by bringing theology into dialogue with contemporary culture.

Pieterse en Dreyer is van mening dat ’n belangrike metodologiese ontwikkeling in Praktiese Teologie die *aanneem van empiriese navorsingsmetodes* is, en verder dat die objek van Praktiese Teologie, met name die Christelike praxis, die fokus en grense van

---

<sup>56</sup> Hierdie siening word ondersteun deur Louw se mening dat die totale denk- en verwysingsraamwerk verander het van ’n klerikale en kerkparadigma na praxis met die aksent op bevryding, verandering en transformasie (Louw 2001:327).

<sup>57</sup> Sien Jaco Dreyer se artikel, “The national policy on religion and education in South Africa: Reflections from a public practical theology”, as voorbeeld van hoe Publieke Praktiese Teologie as benadering tot Praktiese Teologie aangewend kan word in die nadenke oor nasionale beleid (Dreyer 2007:40-60).

empiriese navorsing in dié teologiese dissipline bepaal (Pieterse & Dreyer 1995:34). Empiriese navorsing speel ’n belangrike maar nie-dominante rol in die proses van prakties-teologiese teorievorming. Empiriese navorsing, aldus Pieterse en Dreyer (1995:34), “... should be conducted within a theological conceptual framework and the research results must always be interpreted in the light of the Christian theological tradition”.

Heitink (1999a:266) sluit hierby aan deur Praktiese Teologie as *empirically oriented* te definieer. Hy is van mening dat “empiries” nie strydig is met die begrip “hermeneuties” nie, maar in lyn daarmee. Insake die verhouding tussen teks en konteks is prakties-teologiese navorsing hermeneuties van aard, maar die ontwerp is empiries.

Hierdie prakties-teologiese studie is dus *hermeneuties* omdat die studie gerig is op ’n proses van verstaan: *die verstaan, andersyds, van die belangrikheid van die teologiese gemeenskap se bydrae tot die sosiale konteks van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing en andersyds van die eiesoortige aard van Praktiese Teologie se bydrae in die promovering van kinderregte*. Dit vereis egter ’n *empiriese ontwerp* omdat prakties-teologiese navorsing die vertrekpunt neem in die werklike situasie van die teologiese konteks (praktiese teoloë se mening oor hoe hulle die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte verstaan) en die samelewing (die konteks waarin kinders in Suid-Afrika grootword). Praktiese Teologie se eie bydrae tot die promovering van kinderregte word beskou as ’n situasie van handeling/aksie<sup>58</sup> wat by wyse van empiriese navorsing verduidelik word en aan die hand van teologiese teorieë geïnterpreteer moet word.

Pieterse en Dreyer is verder van mening dat prakties-teologiese empiriese navorsing vir seker ’n bydrae kan lewer tot ’n *teologie van herstel/rekonstruksie* en sodoende tot

---

<sup>58</sup> ’n Verdere ontwikkeling volgens Pieterse en Dreyer is die aanvaarding van die *kommunikatiewe handelingsteorie van Habermas as metateorie vir Praktiese Teologie* (Pieterse & Dreyer 1995:31). Volgens Dreyer word daar in Habermas se kommunikatiewe handelingsteorie uitgegaan van die siening dat die menslike samelewing ’n netwerk van kommunikatiewe handelingspatrone is (Dreyer 1999:47). Pieterse beweer dat die dissipline van Praktiese Teologie, wat sigself oor die laaste jare al meer binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese paradigma georiënteer het, egter alleen beoefen kan word wanneer die werklikheid en “praxis” van God voorop staan (in Dreyer 1999:50). Waar handeling ter sprake is, is kommunikasie ook betrokke en hierdie kommunikasie het spesifiek die “geloofspraxis” ten doel.

sosiale transformasie, indien die navorsing vanuit 'n *krities-hermeneutiese raamwerk* onderneem word (Pieterse & Dreyer 1995:36). Die implikasies van navorsing vanuit 'n *krities-hermeneutiese raamwerk* stel hulle soos volg:

[A] critical hermeneutical framework for empirical research implies that such research cannot be conducted merely to increase knowledge for each one's sake. Knowledge is not constructed only to find out about the world, but to change the world. The empirical research should always be conducted with such an "emancipatory consciousness" (Pieterse & Dreyer 1995:37).<sup>59</sup>

Vir die doeleindes van hierdie studie vorm transformasie, hoop en bevryding die *krities-hermeneutiese verwysingsraamwerk*.<sup>60</sup> Die studie word dus vanuit 'n *krities-hermeneutiese raamwerk* onderneem met die oog op 'n bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte – 'n bydrae wat, so word vertrou, die teologiese gemeenskap sal mobiliseer, nie slegs tot die bevordering van kinderregte nie, maar ook, in samewerking met regerings- en ander instansies, tot 'n daadwerklike aanpak en verbetering van die omstandighede waarin kinders in Suid-Afrika grootword.

In die loop van hierdie studie word enersyds die Suid-Afrikaanse konteks deeglik verreken, aangesien die praxis van die teologiese gemeenskap toegespits sal wees op die werklikheid waarin kinders hulle bevind; andersyds word na teologiese norme gevra wat ten grondslag behoort te lê aan die praxis wat op kinders betrekking het. In dié verband werp Heitink se definisie van Praktiese Teologie lig op die prakties-teologiese gerigtheid van die navorsingstema: "Practical theology is an empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian tradition in the praxis of the modern society" (Heitink

---

<sup>59</sup> Pieterse en Dreyer is daarvan oortuig dat die *krities-hermeneutiese raamwerk* kan help om risiko's ten opsigte van irrelevante en ideologiese navorsing te verminder. Heitink ondersteun die belang van 'n *krities-hermeneutiese verwysingsraamwerk* (Heitink 1999a:267). Hy is van mening dat daar in die 20ste eeu geleer is om die evangelie van Jesus Christus te interpreteer ooreenkomstig die hoop op die koninkryk van God – 'n koninkryk wat gekenmerk sal word deur die bevryding van mense wat in situasies van geweld en verdrukking leef.

<sup>60</sup> Hierdie transformerend-emansiperende *hermeneutiese raamwerk* het as vanself die interpretasie van die evangelie vanuit die perspektief van bevryding tot gevolg, wat dan in die herlees van teksgedeeltes en die Christelike tradisie 'n normatiewe betekenis verkry.

1999a:265).<sup>61</sup> Hierdie bemiddeling van die Christelike boodskap en tradisie in die moderne samelewing behoort volgens Heitink tot die kern van Praktiese Teologie en het 'n drieërlei effek, naamlik op die *individu*, die *kerk* en die *samelewing* (Heitink 1999a:265). Dit vergelyk treffend met Tracy se *drie publieke* waar die teologiese gemeenskap invloed kan uitoefen, naamlik die akademie, kerk en samelewing.

Met die aanpak van die probleemstelling dien Tracy se verstaan van die drie publieke van teologiese betrokkenheid as hermeneutiese raamwerk, met 'n pertinente toespitsing op die fundamentele bydrae van Praktiese Teologie as verteenwoordigend van die eerste publiek, die akademie. Sodanige toespitsing veronderstel dat daar vir die doeleindes van hierdie studie eerstens gevra sal word na die bydrae wat Praktiese Teologie gelewer het en kan lewer om kinders en hul regte in die eerste publiek, naamlik in akademiese gesprekvoering, publikasie en opleiding op die voorgrond te plaas. Tweedens sal gevra word in watter mate Praktiese Teologie die kerk rig in die integrering van kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname in die kerklike bediening. Derdens sal gevra word in watter mate Teologie deur Praktiese Teologie begelei kan word tot aktiewe betrokkenheid in die burgerlike samelewing ten opsigte van kinders en hul regte.<sup>62</sup>

'n Belangrike bydrae wat hierdie studie beoog is om inligting te voorsien wat enersyds daartoe kan bydra dat Praktiese Teologie as wetenskap sosiaal relevant is met betrekking tot die uitdagings van kinders se sosiale konteks en regte en andersyds die teelaarde kan vorm vir betekenisvolle deelname van Teologie in die promovering van kinderregte. Met bogenoemde in gedagte, word verder in die vooruitsig gestel dat die resultaat van die studie aangewend kan word om 'n metodologie te bevorder wat die kinderregte-sektor in staat kan stel om op 'n meer komplementerende en wederkerig ondersteunende wyse met die teologiese gemeenskap as betekenisvolle vennoot vorentoe te beweeg.<sup>63</sup>

---

<sup>61</sup> Hierdie definisie maak dit duidelik dat die spanning tussen die normatiewe en die konteks tot die fundamentele vrae van Praktiese Teologie behoort.

<sup>62</sup> Dit behels onder meer die deelname in die beïnvloeding en formulering van beleid, wetgewing en programme wat op kinders en hul regte betrekking het asook die implementering daarvan deur bestaande organisasies en strukture in die kinderregtesektor deur samewerking te ondersteun en te versterk.

<sup>63</sup> Die kontekstualisering van die bydrae van Praktiese Teologie volgens die teorie van David Tracy kan ook die teologiese gemeenskap help om tot 'n interdisiplinêre en publieke debat oor kinders toe te tree

Hierdie studie volg daardie prakties-teologiese navorsingsproses wat die beste beskryf kan word as 'n spiraalbeweging wat by die ontmoeting en verbintenis met die bepaalde probleem in die gegewe werklikheid begin, daarna hermeneutiese sleutels ontgin om tot verstaan van daardie werklikheid te kom, en laastens transformerende aksiestrategieë formuleer, met dien verstande dat die prakties-teologiese navorsingsproses na voltooiing van hierdie studie herhaal behoort te word ter wille van die formulering van vernuwende en relevante transformerende aksiestrategieë (vgl. Louw 1997:132; Henriot & Mejia 2000:1-2).<sup>64</sup>

'n Groot mate van ooreenstemming bestaan tussen die prakties-teologiese navorsingsproses van hierdie studie wat op die werk van Louw en dié van Henriot & Mejia gebaseer is en Richard R. Osmer se metode van prakties-teologiese interpretasie wat hy in sy nuutste publikasie met die titel *Practical Theology: An Introduction* (2008) aanbied. Daarom word Osmer se metode van prakties-teologiese interpretasie wat verduidelik word aan die hand van vier onderskeie take, naamlik beskrywend-empiries, interpreterend, normatief en pragmaties in hierdie studie benut om die publieke uitdaging

---

sonder om in 'n eksklusiewe, vreemde teologiese taal te praat. Met die benutting van die konsep van die drie publieke kan die bydrae van Praktiese Teologie verduidelik word as intervensie op mikrovlak deur middel van opleiding en navorsing in die konteks van die akademie, op mesovlak deur gemeentes te mobiliseer, en op makrovlak deur betrokkenheid by wetgewing en vennootskappe in die samelewing – terminologie waarmee die sosiale wetenskappe en ander rolspelers in die kinderregtesektor vertrou is.


<sup>64</sup> Die voorgestelde prakties-teologiese proses van navorsing vergelyk goed met die *Pastoral Circle* wat tydens die streekbyeenkoms van die Katolieke Kommissie vir Geregtigheid en Vrede deur die *Interregional Meeting of Bishops of Southern Africa* (IMBISA) aan deelnemers voorgestel is. Die tema van die byeenkoms was “Pastoral promotion of human rights in Southern Africa, particularly in the economic sphere”. Die byeenkoms het onder andere bevind dat die kerk in Suidelike Afrika vir seker iets te sê het oor bepaalde menslike situasies, soos dié van armoede en ekonomiese verontregting.

Die metode *Pastoral Circle* wat tydens die konferensie voorgestel is, bestaan uit vier stappe. i) Dit begin by die lewe; ii) dan word daar gepoog om die kernoorsake van die heersende situasie te verstaan; iii) 'n evaluering van die situasie word gedoen in die lig van ons geloof; en iv) besluite word geneem en aksies word geloods om die situasie te verander. Deur hierdie metode te volg kan die teologiese gemeenskap geloof-in-aksie word vir 'n wêreld volgens die wil van God. Geloof en lewe (sowel die persoonlike as die sosiale dimensies daarvan) word op hierdie wyse onlosmaaklik verbind. In 'n brosjure van IMBISA word die *Pastoral Circle* verduidelik met die doel om die waardevolle metode met alle Christene in Suider-Afrika te deel. Die *Pastoral Circle* word beskou as 'n instrument “to awake Christian communities to their evangelical responsibilities in the defence of human rights”(Henriot & Mejia 2000:1-2).

van kinders se sosiale posisie en hul belange in die Suid-Afrikaanse samelewing met die hulp van 'n kinderregteperspektief prakties-teologies aan te pak (vgl. Osmer 2008).<sup>65</sup>

## 1.7 Hoofstukke

Die navorsing word in sewe hoofstukke aangebied. Die onderstaande skematiese voorstelling gee 'n oorsigtelike beeld van sowel die sentrale taak van elke hoofstuk as die sistematiese verloop van die navorsing.



*Diagram 1.1: Sistematiese uiteensetting van die studie*

<sup>65</sup> Die onderskeie take van Praktiese Teologie soos aangebied deur Osmer word in Hoofstuk 5 breedvoerig bespreek.

Hoofstukke 2 tot 5, die binneste sirkel van die skematiese voorstelling, verteenwoordig die literatuurstudie wat op die onderskeie vier fases van Osmer afgestem is. In Hoofstuk 2 word die vraag hanteer, *Wat is besig om te gebeur in die leefwêreld van kinders in Suid-Afrika?* Hierdie hoofstuk hou dus verband met die beskrywend-empiriese taak van Praktiese Teologie. In Hoofstuk 3 word kinderregte as perspektief benut om die patrone en dinamika in kinders se konteks beter te verstaan. Ooreenkomstig die interpreterende taak van Praktiese Teologie word kinderregte in hierdie hoofstuk voorgehou as 'n universele normatiewe raamwerk vir die menswaardige hantering van kinders en die bevordering van hul belange in die samelewing. In Hoofstuk 4 word 'n diskoersanalise van Religieuse Studies en Teologie onderneem om te bepaal watter teologiese perspektiewe in die Christelike geloofstradisie bestaan wat as 'n normatief teologiese perspektief en unieke bydrae tot die promovering van kinderregte aangewend kan word. In Hoofstuk 5 word in die proses van prakties-teologiese interpretasie beweeg na die praktiese fase van die ontwerp van 'n fundamentele bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika. In hierdie hoofstuk word pragmaties te werk gegaan om 'n konseptuele raamwerk te ontwerp wat op die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke steun met die oog op 'n fundamentele bydrae van Praktiese Teologie in interaksie met die ander twee publieke in die konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika. Die voorgestelde konseptuele raamwerk van Hoofstuk 5 word in Hoofstuk 6 verfyn deur middel van die empiriese ondersoek wat met geregistreerde lede van die WPTSA onderneem is. Die empiriese ondersoek, wat die buitenste sirkel van die skematiese voorstelling verteenwoordig, benut weer eens die vier fases van prakties-teologiese interpretasie om die vrae in die vraelys en onderhoudskedule te kategoriseer. In Hoofstuk 7 word die navorsingsverslag afgesluit met 'n opsomming van die vernaamste bevindinge van die literatuurstudie en empiriese ondersoek, en die gevolgtrekkings wat daaruit gemaak kan word ten opsigte van die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte in Suid-Afrika.

## 1.8 Verheldering van sleutelbegrippe

### *Kind*

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet, die UNCRC en die ACRWC, is die kind enige persoon *onder die ouderdom van 18 jaar*. Daar is egter geen eksakte bepaling wanneer presies die kinderjare eindig en volwassenheid begin nie. Oorgange word gekenmerk deur fases soos inisiasie, die huwelik, die vorming van aparte huishoudings, fisieke en intellektuele volwassenheid, en die wyse waarop kinders hanteer word. Die konsep “kind” verskil van kultuur tot kultuur en van een historiese tydvak na ’n ander (vgl. Rogers 2003:1-10).

Aangesien hierdie studie op kinderregte toegespits is, word die wetlike definisie van kinders, naamlik diegene onder 18 jaar, vir hierdie studie gebruik.

### *Teologiese gemeenskap*

Volgens Tracy (1981:1-46) behoort Teologie in drie teologiese publieke betrokkenheid te toon, naamlik die akademie as eerste publiek, die gemeenskap van gelowiges of die kerk as tweede publiek en die samelewing in die breë of die burgerlike samelewing as derde publiek. Die konsep “teologiese gemeenskap” sal in hierdie navorsing gevolglik as sambreelterm dien wat al drie publieke van betrokkenheid insluit. Die fokus van hierdie studie is egter op Praktiese Teologie, verteenwoordigend van die eerste publiek, die *akademie*.

### *Kinderregte*

Die menseregte van kinders word beskerm deur die Handves van Regte in die 1996 Grondwet van Suid-Afrika. Artikel 28 van die handves handel pertinent oor die regte van kinders. Die inhoud van Artikel 28 reflekteer duidelik die essensie van die UNCRC wat op 16 Junie 1995 deur Suid-Afrika bekragtig is. Die implementering van kinderregte volgens internasionale reg geskied hoofsaaklik deur middel van beleid en wetgewing (Olivier 2000:200-201).



*Promovering van kinderrechte*

Die promovering van kinderrechte word in hierdie studie regstreeks aan die sosiale posisie van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing verbind. Aangesien kinders in baie gevalle in hul onmiddellike leefwêreld oor geen mag hoegenaamd beskik nie, word promovering van kinderrechte verstaan as: die bevordering van 'n sosiale bewussyn jeens en respek vir kinders en hul regte; advokaatskap;<sup>66</sup> voorsiening in kinders se basiese behoeftes; ontwikkeling van meganismes en maatreëls om die regte van kinders te beskerm; bewusmaking en beïnvloeding van beleid en wetgewing oor kinders; monitering van kinderrechte en aanmelding van gevalle van die skending daarvan; kapasiteitsbou van gemeenskappe deur middel van opvoeding en opleiding oor kinderrechte; mobilisering van menslike en ander hulpbronne vir die ondersteuning van kinderrechte;<sup>67</sup> kritiese dekonstruering van bestaande houdings, persepsies, tradisies, praktyke en gedrag wat kinders en hul regte tot nadeel strek; insluiting van kinders in besluitnemingsprosesse wat hulle raak; insluiting van die beginsels van kinderrechte in bestaande programme; en publieke debat en gesprek op voetsoolvlak oor bogenoemde kwessies.<sup>68</sup>

*Praktiese Teologie*

Praktiese Teologie word in hierdie studie verstaan as die dissipline in teologiese wetenskap wat verbind is tot die realisering van 'n bevrydende en transformerende Christelike praxis en die dialektiese interaksie tussen teologiese teorie en praktyk. Met hierdie verstaan van Praktiese Teologie word die doelstelling van hierdie studie, naamlik 'n konseptualisering van die bydrae van Praktiese Teologie in die promovering van kinderrechte, gesien as 'n krities-wetenskaplike besinning oor die teologiese gemeenskap se praktiese betrokkenheid in die promovering van 'n kinderregetediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.

---

<sup>66</sup> Met advokaatskap (of voorspraak) word bedoel om as pleitbesorger vir kinders en hul regte en belange in te tree.

<sup>67</sup> Ondersteuning van kinders en hul regte kan ook gekonkretiseer word deur voorkomingstrategieë te inisieer en te onderneem om die skending van kinderrechte te voorkom asook deur netwerke met bestaande organisasies in die kinderregetesektor te vestig.

<sup>68</sup> Hierdie verstaan van die promovering van kinderrechte hou verband met die plig van elke Suid-Afrikaner om daaglik verantwoordelike burgerskap in die publieke lewe aan die dag te lê.

## HOOFSTUK 2

### KINDERS IN POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA: KONTEKSTUELE VERREKENING

#### 2.1 Inleiding

Kinderregte funksioneer nie in 'n vakuum nie, maar binne 'n sosio-kulturele realiteit (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:42).<sup>69</sup> Daarom behoort kinderregte gepromoveer te word in die taal, kultuur en godsdiens van die plaaslike konteks.<sup>70</sup> In Suid-Afrika, met sy diverse kulturele populasie, is die uitdaging vir die promovering van kinderregte die kontekstualisering van die kinderregtetaal in plaaslike gemeenskappe. 'n Mikrovlakbenadering tot die promovering van kinderregte kan enersyds geleentheid daarstel om die onderliggende waardes en beginsels van kinderregte-instrumente te verbind met reeds bestaande inheemse kindervriendelike kulturele denke en praktyke. Andersyds kan gesprek in plaaslike gemeenskappe aangemoedig word oor die beskouinge, gebruike en omstandighede wat nie bevorderlik is vir 'n kind se oorlewing en ontwikkeling nie. Transformasie van denke en praktyke jeens kinders en hul regte word juis benodig in die plaaslike konteks waarin kinders hulle daaglik bevind. Nietemin is plaaslike probleme rakende kinders die plaaslike manifestasies van groter probleme waarvan die oorsprong verder lê.

'n Prakties-teologiese metode van navorsing waarin transformasie, hoop en bevryding die krities-hermeneutiese verwysingsraamwerk is, word in hierdie studie gevolg. Die werklike situasie van kinders in Suid-Afrika word eerstens vanuit hierdie verwysingsraamwerk ondersoek voordat kontekstuele hermeneutiese riglyne vir 'n

---

<sup>69</sup> Terwyl die vestiging van universele regte die UNCRC invloedryk maak, vereis die promovering en implementering van kinderregte dat die sosio-kulturele realiteite van kinders in aanmerking geneem behoort te word. Gerrie ter Haar beskou sensitiwiteit vir kulturele diversiteit as 'n voorwaarde vir die suksesvolle inkulturasie van menseregte. Sy stel egter nie kulturele sensitiwiteit – 'n openheid vir die potensiaal van vreemde kulture – gelyk met kulturele relativisme nie. Kulturele sensitiwiteit maak 'n proses van dialoog moontlik wat wedersyds verrykend kan wees (Ter Haar 2003:86).

<sup>70</sup> Artikel 30 van die UNCRC maak voorsiening vir die reg van kinders op hul eie taal, kultuur en godsdiens.

transformerende geloofspraxis met die oog op die promovering van kinderrege geformuleer kan word.<sup>71</sup> Die konteks van kinders word in hierdie hoofstuk op 'n kritiese wyse beskryf en geïnterpreteer en sluit ekonomiese, maatskaplike, politieke, ekologiese en kulturele aspekte in.<sup>72</sup> 'n Hermeneutiek van suspisie (Ricoeur 1981) word benut om tekens van verdrukking en lyding te onderskei ten einde die kommunikatiewe handelinge/praxis van die teologiese gemeenskap te rig op die emansipasie van kinders vanuit kontekstuele realiteite wat hul lewenskwaliteit bedreig. Indien 'n kontekstuele analise ontbreek, kan hierdie studie die gevaar loop om bloot abstrak te wees sonder enige relevansie vir die lewensomstandighede van kinders en sonder enige toepaslike bydrae tot die hantering van kinders, hul lewensomstandighede en hul regte. Bowendien kan die promovering van kinderrege sonder 'n deeglike oorweging van die sosio-kulturele konteks van kinders maklik gekritiseer word as 'n poging om neo-kolonialisme in 'n menseregte-ideologie te bevorder (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:34).<sup>73</sup> Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n breë kontekstuele oriëntering ten opsigte van kinders se lefwêreld met bepaalde makrososiale tendense te voorsien.<sup>74</sup> Hierdie kontekstuele verrekening word gedoen ooreenkomstig die beskrywende-empiriese taak van Osmer se metode van prakties-teologiese interpretasie (Osmer 2008:31-78).

---

<sup>71</sup> Sien Pieterse (1993:28-30, 175-188; 2001:28) en Heyns & Pieterse (1990:71-82) se verduideliking van die aard en belangrikheid van 'n empiriese verslagdoening oor 'n werklike situasie. Hierdie fase in die prakties-teologiese navorsingsproses staan as situasie-analise bekend.

<sup>72</sup> Alhoewel hierdie hoofstuk hoofsaaklik op sosio-ekonomiese uitdagings fokus, het dit steeds met Teologie te doen. Die Christelike boodskap word verkondig aan kinders in hulle daaglikse lefwêreld, wat grootliks deur inkomste en kwaliteit van lewe geaffekteer word (vgl. Pieterse 2001:29). Die menslike lewe en wêreld het nog altyd Christene se verstaan van die Christelike boodskap en begrip van God beïnvloed. Daarom is dit nodig dat praktiese teoloë bewus moet wees van die lewensomstandighede van kinders, sodat hul vertolking van die evangelie ook in kinders se lewensin kan maak. Pieterse (2001:29) beklemtoon deur die volgende stelling die belangrikheid om vertrouwd te wees met die konteks – veral in 'n samelewing wat deur armoede gekenmerk word: “Indeed we should understand it [the economic situation in South Africa] so well that it becomes part of our own existential reality, to the extent that we suffer with those who suffer and rejoice with those who rejoice over some improvement in their circumstances. Only then will we be able to communicate the gospel meaningfully to poor people in their context.”

<sup>73</sup> Vergelyk die artikel van Natasha Blanchet-Cohen en Ali Fernandez (2003:33-49) waarin beskryf word hoe vroue van Venezuela kinderrege gepromoveer het deur die kinderrege-taal in 'n plaaslike gemeenskap se konteks en kultuur te begrond.

<sup>74</sup> Praktiese teoloë kan makrofaktore wat kinders se lewenskwaliteit beïnvloed, uitwys en aanpak terwyl hulle aktief werksaam is in mikro-omgewings. Sodoende kan 'n bydrae tot die bevordering van kinders se regte op makro- sowel as mikrovlak gelewer word.

Wat volg is nie ’n deurtastende sosio-ekonomiese en kulturele analise nie. Dit is eerder ’n skets van die verhoudinge en sisteme wat kinders se lewenskwaliteit nadelig beïnvloed en die gepaardgaande uitdagings aan kinders en hul sorgdraers. Die analise is primêr gebaseer op verskeie navorsingsprojekte onderneem deur die *Children’s Institute* van die Universiteit van Kaapstad; ’n publikasie getitel *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach* (2007) wat deur Andrew Dawes, Rachel Bray en Amelia van der Merwe geredigeer is; asook op die resultate van ’n navorsingsprojek *The Child Development Index* (2008) van *Save the Children, UK*.

Die hoofstuk begin deur betroubare wetenskaplike data wat kindgesentreerd is te stel as van essensiële belang vir die analisering van kinders se lewensomstandighede en die monitering van vordering in die realisering van kinderregte. ’n Demografiese profiel van kinders in Suid-Afrika asook sosiale tendense wat kinders se lewenskwaliteit beïnvloed volg, waarna relevante instrumente wat aangewend kan word om die stand van kinders se welsyn te meet, beskryf word. Vanuit hierdie beskrywing word uitdagings rakende navorsing, intervensie en beleid aan die prakties-teologiese gemeenskap gestel om kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname in die onderskeie publieke van teologiese beïnvloeding te hanteer.

## 2.2 Behoeftes aan betroubare kindgesentreerde data

Dit is belangrik om voor die beskrywing van die demografiese profiel van kinders en die sake wat prioriteit moet geniet, te vermeld dat die gebrek aan betroubare, verteenwoordigende, nasionale en provinsiale data rakende die toestand van kinders en families ’n groot stremming plaas op die monitering van vordering in die realisering van kinderregte.<sup>75</sup> Sonder goeie data oor die welsyn van kinders en die kwaliteit van hul

---

<sup>75</sup> In ’n resente publikasie oor die monitering van kinderwelsyn, waarin ’n Suid-Afrikaanse kinderregte-benadering tot die verbetering van kinders se lewensomstandighede gepromoveer word, stel die redakteurs Andrew Dawes, Rachel Bray en Amelia van der Merwe (2007:ix) in die voorwoord dat Suid-Afrika tot en met 2007 nog nooit ’n konsekwente en omvattende benadering tot die monitering van kinders se situasie gehad het nie. Die publikasie se doel was juis om hierdie leemte te help vul in ’n tyd waarin Suid-Afrika steeds in ’n relatiewe nuwe demokrasie verkeer. Suid-Afrika se demokrasie word gekenmerk deur ’n snelle sosiale en ekonomiese oorgang met baie uitdagings vir kinders en diegene wat vir kinders sorg, spesifiek diegene in die sfere van onderwys, armoede en MIV en Vigs. Hierdie toestande het ’n ingrypende invloed op die welsyn van families en gemeenskappe. Tegelyk bestaan daar

ontwikkelingskonteks het besluitnemers nie die nodige inligting vir beleidsimplementering en die toewysing van hulpbronne nie (Bray & Dawes 2007a:5).<sup>76</sup> Rachel Bray het na 'n bestudering van bestaande datastelsels en metodes van data-insameling in 2002 tot die volgende gevolgtrekking gekom (in Dawes *et al.* 2007:xi):

We have no national survey data on the health status of children aged 6-14 years. Consequently there is a significant gap in knowledge about the risk factors to health faced in middle childhood associated with economic poverty, living conditions or social stability. There are no national data on the health and safety of certain groups of children known to be particularly vulnerable such as homeless street children and children living in institutions. One reason for this is that national household surveys exclude homeless and institutionalized children because they do not belong to 'households' as defined in the survey design.

Ook in die geval van die teologiese gemeenskap kan relevante en toepaslike geloofspraxis nie volg sonder betroubare data oor die werklike situasie van kinders nie. Die *Office on the Rights of the Child* (hierna ORC) het reeds in 2001 gestel dat die gebrek aan verteenwoordigende en betroubare data grootliks toegeskryf kan word aan die volgende drie redes (2001a:22). Eerstens is langtermynvergelykings problematies vanweë die swak gehalte van regeringsdata wat tydens die apartheidjare ingewin is; tweedens was die sogenaamde onafhanklike tuislande en dus die oorgrote meerderheid van swart kinders byvoorbeeld van nasionale statistieke uitgesluit;<sup>77</sup> derdens het gefragmenteerde hulpverleningsisteme data vir verskillende bevolkingsgroepe op verskillende wyses ingesamel en gevolglik word inligting in baie gevalle bevraagteken.<sup>78</sup>

---

strukture met die potensiaal en die vermoë om die basiese omstandighede te voorsien vir kinders om te oorleef en om positiewe uitkomstes van kinders se ontwikkeling te promoveer. In hierdie konteks word data al hoe meer belangrik om geteikende dienste en programme te rig (Dawes *et al.* 2007:x).

<sup>76</sup> Judith Streak het in 2005 'n soortgelyke uitspraak gemaak aangaande die beskikbare data oor kinders se omstandighede: "Currently the data available on the situation of children in South Africa is insufficient for effective policy and programme design, budgeting and service delivery. Building a generally accepted framework for analysing and measuring child vulnerability and data systems to support it is a critical task confronting protection and fulfilment of child rights" (Streak 2005:1).

<sup>77</sup> Die sosiale uitsluiting van kinders in navorsingsprosesse is bevestig deur die publikasie van Dawes *et al.* (2007:xi).

<sup>78</sup> Die organisasie *Save the Children, UK* het in 2008 'n *Child Development Index* ontwikkel waarvolgens lande se vordering betreffende kinders se welsyn gemoniteer word. In die studie is bevind dat daar baie datalemtes bestaan, veral gedurende die vroeë 1990's, en 'n paar lande moes van die globale multi-

Die ORC (2001a:22) is van mening dat meer betroubare data beskikbaar geword het sedert die verskyning van die *Initial Country Report South Africa – Convention on the Rights of the Child* in 1997. Die 1996-sensus en 'n resente opname om 'n demografiese en gesondheidsprofiel te bepaal, het kritiese inligting oor peilings insake baba- en kindersterftes verskaf. Data oor kinderarbeid en voeding is in die jaar 2000 beskikbaar gestel. Verskillende nasionale en provinsiale departemente het hulle daarvoor beywer om gerekenariseerde datasisteme te vestig.<sup>79</sup>

Verdere probleme wat met navorsingsresultate ondervind word, is dat provinsiale statistieke dikwels die ongelykhede tussen streke en gebiede in provinsies verberg.<sup>80</sup> Sommige data is nie op grond van ouderdom en geslag versamel nie, terwyl kinders op verskillende ouderdomme heel verskillende behoeftes kan hê. Inligting rakende begrotings neig om op maniere aangebied te word wat dit moeilik maak om programme spesifiek vir kinders op te spoor (ORC 2001a:22).

Benewens bogenoemde problematiek is daar die volgende uitdagings in verband met navorsing en die posisie van kinders daarin:

- Die soort inligting wat versamel word, reflekteer die dominante siening van die gevolmagtigde instelling of die samelewing as 'n geheel. In die geval van navorsing oor kinders is volwassenes se siening meestal oorheersend (ORC 2001a:22). Dawes is van mening dat Suid-Afrika ver agter baie ander lande is wat die insluiting van kinders in navorsing betref (Dawes *et al.* 2007:xi). Dit is algemene praktyk vir volwassenes om namens kinders te praat, alhoewel die siening van volwassenes en kinders meestal verskil. Daar bestaan gevolglik 'n behoefte aan navorsing wat kinders as deelnemers insluit en wat ruimtes skep

---

dimensionele meting uitgesluit word vanweë ontoepaslike data. In baie lande is data oor kinders se voedingstatus yl, en data oor die kwaliteit van onderwys wat ontvang is, te ontoereikend om in te sluit. Daar is ook bevind dat dit moeilik is om kinderbeskerming te meet asook hul fisieke omgewings (Save the Children, UK 2008:6).

<sup>79</sup> Ten spyte van hierdie ontwikkelinge bestaan daar steeds baie dataleemtes, en die aard van menige grootskaalse nasionale ondersoeke reflekteer nie die veranderende aard van die groei-omgewings van kinders nie.

<sup>80</sup> Daar is gevolglik 'n behoefte aan meer plaaslike data ten einde doelgedrewe beplanning uit te voer om ongelykhede aan te pak.

waar kinders veilig en vrymoedig kan voel om hul persepsie oor sake van belang in hul lewenswêreld te deel – en selfs hul opinie uit te spreek oor die tipe data wat ingesamel behoort te word.

- Opnames oor sosio-ekonomiese omstandighede word hoofsaaklik gedoen vanuit die kwantitatiewe navorsingsparadigma wat sy bepaalde sterktes het. Nietemin is daar die beperking dat in die beskrywing van ongelykhede of problematiek in die leefwêreld van kinders in numeriese waardes, nie daarin geslaag word om die ervaring van vernedering, hooploosheid en gebrek aan menswaardigheid bloot te lê nie. Die veerkragtigheid, weerstandsvermoë, mate van beheer (“resiliency”) en agentskaprol (“agency”) wat in moeilike omstandighede deur kinders uitgeoefen word, kan ook nie met navorsingsresultate, aangebied in numeriese waardes, op ’n beskrywende wyse belig word nie.
- Die vraag is of ingesamelde data en navorsingsresultate van toepassing op kinders, tans hoegenaamd aangewend word om by te dra tot volhoubare ontwikkelingstrategieë wat die lewensomstandighede van kinders kan verbeter.
- Dit wil voorkom asof daar steeds navorsingsprojekte is wat onderneem word sonder om die ingeligte toestemming van kinders tot deelname te verkry. In baie gevalle word slegs die toestemming van ’n ouer of voog vereis vir die deelname van die kind aan die navorsingsprojek. Die gebrek aan die verkryging van ingeligte toestemming van kinders is op sigself ’n refleksie van ’n bepaalde beskouing oor die sosiale status en vermoëns van kinders asook van sommige kinders se gemarginaliseerde posisie in besluitnemingsprosesse. Die reg van kinders op deelname impliseer dat kinders in navorsingsprojekte ingesluit behoort te word aan die hand van etiese beginsels en dat deelname bevorder behoort te word deur ’n kindgesentreerde benadering tot navorsing te volg.<sup>81</sup> ’n Kindgesentreerde benadering tot navorsing promoveer onder andere die gebruik van data-insamelingsinstrumente wat gepas is vir die ontwikkelingsfase waarin

---

<sup>81</sup> Sien die volgende publikasies oor hoe kinders in navorsing betrek kan word: *So You Want to Involve Children in Research? A Toolkit Supporting Children’s Meaningful and Ethical Participation in Research Relating to Violence Against Children* (2004) deur Sophie Laws en Gillian Mann; en *Research with Children: Perspectives and Practices* (2008) geredigeer deur Pia Christensen en Allison James.

kinders hulle bevind.<sup>82</sup> Kindgesentreerde data beteken egter volgens Katherine Hall en Lori Lake nie slegs dat data spesifiek oor kinders gebruik word nie (Hall & Lake 2009:68). Dit beteken ook dat die nasionale populasie- en huishoudingdata benut word, maar deur die data dan op die vlak van die kind te analiseer. Dit is volgens hulle belangrik, aangesien die getalle in 'n groot mate kan verskil afhangend van die eenheid van ontleding wat benut word.

Dit is egter verblydend om te vermeld dat daar in die afgelope aantal jare 'n opbloeï in navorsingsinstellings was wat waardevolle navorsing oor kinders, hul omstandighede en hul regte gedoen het en wel op 'n wyse wat kinders se sieninge respekteer en waardeer.<sup>83</sup> *Children Count – Abantwana Babalulekile* – is 'n voortgaande data- en advokaatskapprojek van die Kinderinstituut van die Universteit van Kaapstad wat in 2005 daargestel is om die vordering wat gemaak word ten opsigte van kinders en hul regte te moniteer. Dit voorsien betroubare en toeganklike kindgesentreerde inligting wat benut kan word om die ontwerp en die fokus van beleid, programme en intervensies te rig (Hall & Lake 2009:68). Deur middel van hierdie soort inisiatiewe is daar begin om die behoefte aan betroubare data oor kinders te hanteer.

### 2.3 Demografiese profiel en sosiale tendense

Volgens die Grondwet van Suid-Afrika, die UNCRC, en die ACRWC, verwys die begrip kind na enige persoon onder die ouderdom van agtien jaar. Die Kinderwet (no. 38 van 2005) wat tans die wetlike raamwerk vir ontwikkelingsgerigte sosiale dienslewering aan kinders uitmaak,<sup>84</sup> is ook in lyn met hierdie definisie van 'n kind. Nogtans word die

<sup>82</sup> Data-insameling kan, afhangend van die aard van die navorsingstema, byvoorbeeld geskied deur kinders te laat foto's neem of prente teken waarna dit geëksploreer word aan die hand van vrae. Kleur, verskeie kunsvorme of musiek kan ook aangewend word as deel van die navorsingsmetodologie.

<sup>83</sup> Sien byvoorbeeld die navorsingsverslag *The Situation of Children in South Africa* deur Berry en Guthrie (2003) van die Universiteit van Kaapstad. Op bladsy 50 van die publikasie word die navorsingsinstellings uiteengesit wat spesialiseer in navorsing oor kinders, hul welsyn en hul regte.

<sup>84</sup> Die Wet op Kindersorg (No. 74 van 1983) is vervang met die Kinderwet (No. 38 van 2005). Die geheel van die *Children's Act* het op 1 April 2010 in werking getree. Die *Children's Amendment Bill* van 2006 maak nie alleenlik voorsiening vir die beskerming van kinders nie, maar ook vir gedeeltelike versorging, vroeë kinderontwikkeling, voorkoming en vroeë intervensiedienste, alternatiewe versorging, pleegsorg, kinder- en jeugsorgsentrums asook *drop-in centres*. Vir meer inligting sien die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Toespraak deur die destydse minister van daardie departement, Zola Skweyiya, by die *Children's Amendment Bill Debate*, Nasionale Raad van Provinsies, Parlement,



oorgang tussen die kinderjare en volwasseheid dikwels bepaal deur sosiale faktore soos huishoudings wat deur kinders bestuur word, tienerswangerskappe, seksuele misbruik, kinderarbeid, en kulturele praktyke soos inisiasie wat die definiëring van die kinderjare op grond van ouderdom en die bied van maatskaplike dienste in hierdie ouderdomskategorie baie meer kompleks maak.<sup>85</sup> Die breë kategorie van die kinderjare word, soos gesien in verskeie kinderverwante beleids-<sup>86</sup> en navorsingsprojekte,<sup>87</sup> in kleiner ouderdomskategorieë onderverdeel en soms onder kleuters, kinders (wat die vroeë en middelkinderjare insluit) en jeug gegroepeer.

Die demografiese profiel wat volg, is hoofsaaklik ontleen aan die *Children Count – Abantwana Babalulekile*-projek se indikatore ten opsigte van demografie en sosio-ekonomiese regte soos in die *South African Child Gauge 2008/2009* (Meintjes & Hall 2009:71-78) aangebied. Hierdie data word vergelyk met *Child Gauge* publikasies van vorige jare. Die aard en syfers van die kinderbevolking en die reëlings aangaande hul versorging word hier belig.

Die indikator insake die getal en proporsie van kinders onder die ouderdom van 18 jaar wat in Suid-Afrika leef, sluit in die kinderbevolkingsyfers volgens provinsie, bevolkingsgroep, ouderdom en geslag. Die profiel van die bevolking wat uit die 2001 sensusdata saamgestel is, het aangedui dat 19,3 miljoen van die 44,8 miljoen mense in Suid-Afrika in 2001 kinders was (Berry & Guthrie 2003:11). Die persentasie van die bevolking in die ouderdomsgroep 0-14 het afgeneem van 34,3% in 1996 tot 32,1% in 2001, wat aandui dat Suid-Afrika se bevolking nie so vinnig groei soos vorige beramings aangedui het nie (ORC 2001a:28). Die mees resente getal kinders soos deur Double-Hugh Marera en Katherine Hall uit die data van Statistiek Suid-Afrika (2003; 2008), die *General Household Survey* (2002), en die *General Household Survey* (2007) geanaliseer,

---

Kaapstad, 29 Mei 2007. Die president het op 13 Maart 2008 toestemming verleen tot die *Children's Amendment Act* (no. 41 van 2007). Sien *Children's Amendment Act 41 of 2007*. Beskikbaar by: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=78580> (besoek op 26 Junie 2008).

<sup>85</sup> Vergelyk Ansell, *Children, Youth and Development* (2005:1).

<sup>86</sup> Sien byvoorbeeld Hoofstuk 6 oor "Early Childhood Development" van die *Children's Amendment Bill*.

<sup>87</sup> Sien byvoorbeeld die navorsing wat gedoen is deur Statistiek Suid-Afrika, *Census 2001: Stages in the Life Cycle of South Africans* (2005:23-116).

het in Julie 2007 gestaan op 18,3 miljoen (Meintjes & Hall 2009:71). Kinders maak daarom ongeveer 40% van die land se bevolking uit.

**Table 2.1:** Aantal en persentasie kinders in Suid-Afrika vanaf 2002 tot 2007, aangebied volgens provinsie (Meintjes & Hall 2009:71)

Provinsie	2002	2003	2004	2005	2006	2007	%
Oos-Kaap	2 836 000	2 881 000	3 216 000	3 137 000	3 181 000	2 971 000	16
Vrystaat	990 000	980 000	1 064 000	1 114 000	1 118 000	1 138 000	6
Gauteng	2 741 000	2 779 000	2 642 000	2 656 000	2 720 000	2 884 000	16
KwaZulu-Natal	3 833 000	3 830 000	3 792 000	3 841 000	3 817 000	4 023 000	22
Limpopo	2 051 000	2 533 000	2 616 000	2 615 000	2 660 000	2 504 000	14
Mpumalanga	1 306 000	1 319 000	1 308 000	1 351 000	1 402 000	1 474 000	8
Noordwes	1 431 000	1 453 000	1 489 000	1 461 000	1 431 000	1 295 000	7
Noord-Kaap	301 000	300 000	337 000	337 000	344 000	433 000	2
Wes-Kaap	1 591 000	1 585 000	1 559 000	1 572 000	1 571 000	1 571 000	9
<b>Suid-Afrika</b>	<b>17 530 000</b>	<b>17 660 000</b>	<b>18 022 000</b>	<b>18 087 000</b>	<b>18 243 000</b>	<b>18 292 000</b>	<b>100</b>

Twee-derdes van alle kinders leef in vier van Suid-Afrika se nege provinsies: KwaZulu-Natal (22%), Oos-Kaap (16%), Gauteng (16%) en Limpopo (14%). Die grootste getal kinders per provinsie kom in landelike gebiede voor (Meintjes & Hall 2009:71). Die kinderbevolking word effens oorheers deur seuns wat 52% van die bevolking verteenwoordig teenoor dogters wat 48% daarvan uitmaak. Kinders is gelyk verspreid in die drie ouderdomsgroepe (0-5 jaar; 6-12 jaar en 13-17 jaar) wat gebruik word vir die standaardontleding van die *Children Count – Abantwana Babalulekile*-data.

Die kinderpopulasie is ook geanaliseer volgens bevolkingsgroep – Swart, Bruin, Indiërs en Wit – vir die doel om rasse-ongelykhede te meet en te monitor. In 2007 het swart kinders 84% van die totale kinderbevolking uitgemaak (Meintjes & Hall 2009:71).

**Table 2.2:** Getal kinders in Suid-Afrika 2002-2007, volgens bevolkingsgroep (Meintjes & Hall 2009:71)

Populasie-groep	2002	2003	2004	2005	2006	2007	%
Swart	14 590 000	14 770 000	15 078 000	15 181 000	15 364 000	15 441 000	84
Bruin	1 518 000	1 512 000	1 534 000	1 522 000	1 518 000	1 567 000	9
Indiër	336 000	317 000	310 000	346 000	337 000	317 000	2
Wit	1 086 000	1 061 000	1 099 000	1 038 000	1 023 000	968 000	5
<b>Suid-Afrika</b>	<b>17 530 000</b>	<b>17 660 000</b>	<b>18 022 000</b>	<b>18 087 000</b>	<b>18 243 000</b>	<b>18 292 000</b>	<b>100</b>

Navorsing wat gedoen word deur die Kinderinstituut beskryf 'n aantal sosiale tendense aangaande die aard van kinders se versorging wat bydra tot die kwesbaarheid van kinders, 'n terugslag in hul ontwikkeling veroorsaak, en hul sosio-ekonomiese regte nadelig beïnvloed. Bowendien bevestig die navorsingsresultate die ongelykhede tussen bevolkingsgroepe, en word dit voorgehou as van Suid-Afrika se grootste uitdagings. Enkele sosiale tendense word vanuit die *South African Child Gauge* belig wat die aard van kinders se versorging en lewensomstandighede in Suid-Afrika problematiseer en 'n groep kinders tot gevolg het wat deur die regering as wees en kwesbare kinders gekategoriseer word. Kinderarmoede en MIV en Vigs word in hierdie afdeling voorgehou as twee prominente besorgdhede vir Suid-Afrika aangesien dit 'n kritiese impak op kinderregte en kinderwelsyn het (vgl. Bray & Dawes 2007b:29).

Suid-Afrika se kinderbevolking word gekenmerk deur 'n aantal weeskinders onder die ouderdom van 18 jaar wie se moeder, vader of albei biologiese ouers gesterf het. Vir die doel van die indikator wat op die getal en proporsie weeskinders dui wat in Suid-Afrika woon, is weeskinders in drie onderling uitsluitende kategorieë gedefinieer:

- 'n Moeder-weeskind is 'n kind wie se moeder gesterf het, maar wie se vader nog lewe.
- 'n Vader-weeskind is 'n kind wie se vader gesterf het, maar wie se moeder steeds leef.
- 'n Dubbele weeskind is 'n kind wie se moeder en vader beide gesterf het (Meintjes & Hall 2009:72).

Die totale getal weeskinders is die somtotaal van moeder-, vader- en dubbele weeskinders. In 2005 het die Algemene Huishouding Opname aangedui dat ongeveer 3,4 miljoen kinders wesies was, van wie bevind is dat die helfte woonagtig in twee provinsies was: 23% in KwaZulu-Natal en 25% in die Oos-Kaap (Meintjes, Leatt & Berry 2006:68). Twee jaar later in 2007 het die Algemene Huishouding Opname bevind dat daar ongeveer 3,7 miljoen wesies was, wat 20% van alle kinders in Suid-Afrika uitmaak (Meintjes & Hall 2009:72). In die Vrystaat is 26% van die totale kinderbevolking weeskinders. Die totale getal wesies het wesenlik toegeneem met ongeveer 700 000 meer weeskinders in

2007 as in 2002.<sup>88</sup> Hierdie toename kan grootliks toegeskryf word aan die Vigs-pandemie (Meintjes & Hall 2009:72). Daar is ook bevind dat 79% van alle weeskinders in 2007 van skoolgaande ouderdom was.<sup>89</sup>

Weeskinders, veral van landelike en arm gemeenskappe, ly in baie opsigte vanweë die fragmentering van die familie-eenheid, terwyl addisionele verantwoordelikhede en druk op die naasbestaendes asook op die publieke en private sosiale diensverskaffers geplaas word. Sommige van die weeskinders word selfs gedwing om die huishouding te bestuur om na hul broers/susters om te sien. Die fenomeen van kinders wat huishoudings bestuur, veroorsaak weer ander sosiale probleme soos kinders wat die skool verlaat of in kinderarbeid betrokke raak om te oorleef.

Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van kinders wat nie konsekwent in dieselfde woning as hul biologiese ouers woon nie. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan sosio-ekonomiese omstandighede soos armoede, arbeidsmigrasie, geleenthede vir onderwys en verdere ontwikkeling of aan kulturele praktyke. 'n Gevolg hiervan is dat baie kinders 'n opeenvolging van verskillende versorgers ervaar of sonder ouerlike figure grootgemaak word (Meintjes & Hall 2009:74).<sup>90</sup>

Die Algemene Huishouding Opname 2007 het aangedui dat 34% van kinders by beide hul biologiese ouers gebly het. Veertig persent (40%) van alle kinders – meer as 7 miljoen – het by hul moeders gewoon maar sonder hul vaders. Slegs 3% kinders leef in

---

<sup>88</sup> Sien die getal en proporsie weeskinders in Suid-Afrika gedurende 2002 en 2007, aangebied volgens provinsie in *Demography of South Africa's Children* deur Helen Meintjes en Katherine Hall (2009:73).

<sup>89</sup> Dit is volgens Meintjes en Hall se navorsing belangrik om die totale syfer van weeskinders te analiseer, aangesien die dood van een ouer 'n andersoortige impak op kinders kan hê as die dood van beide ouers (Meintjes & Hall 2009:72). Die dood van 'n moeder blyk 'n groter impak op kinders se lewe te hê as die afwesigheid van 'n vader (Meintjes & Hall 2009:72). In 2007 was 13% kinders in Suid-Afrika vaderlike weeskinders wie se moeders nog geleef het; 3% kinders (600 000) was moederlike weeskinders; en 'n verdere 4% was dubbele weeskinders. Met ander woorde, die oorgrote meerderheid (64%) van alle weeskinders in Suid-Afrika is vaderlike weeskinders. Die groot getal vaderlike weeskinders kan toegeskryf word aan die hoë sterftesyfer van mans en die hoë frekwensie van vaders se afwesigheid in hul kinders se lewens (1% of 170 000 kinders het vaders wie se lewenstatus “onbekend” is; Meintjes & Hall 2009:72).

<sup>90</sup> Die indikator wat die getal en proporsie kinders in Suid-Afrika aandui wat saam met hul biologiese ouer(s) bly, sluit in kinders wat in dieselfde huishouding as beide hul biologiese ouers bly; slegs saam met hul moeder; slegs saam met hul vader; of nie saam met enige een van hul biologiese ouers nie (Meintjes & Hall 2009:74).

huishoudings waar hul vaders teenwoordig is terwyl hul moeders afwesig is. 'n Verdere 23% kinders woon by geeneen van hul biologiese ouers nie. Nogtans is slegs 'n minderheid van hierdie kinders (17%) dubbele weeskinders (Meintjes & Hall 2009:74).

In sowel die Wes-Kaap as Gauteng is die getal kinders wat by beide ouers woon beduidend hoër as die nasionale gemiddelde, met meer as die helfte kinders wat by beide ouers bly en 'n klein getal kinders wat by geen ouer bly nie. In teenstelling hiermee, woon bykans 'n derde (31%) van die kinders in die Oos-Kaap by geeneen van hul ouers nie. Hierdie patrone is bestendig sedert 2002 tot en met 2007 (Meintjes & Hall 2009:74).

Minder as 'n derde van swart kinders het in Julie 2007 by beide hul ouers gebly, terwyl die oorgrote meerderheid van Indiër- en wit kinders (82% en 80% onderskeidelik) by beide biologiese ouers woonagtig was. Ongeveer 'n kwart (24%) van alle swart kinders woon by geeneen van hul ouers nie en 'n verdere 43% van swart kinders woon by hul moeders en sonder hul vaders. Hierdie syfers dui 'n afwesigheid van vaders in die huishoudelike lewe van groot getalle swart kinders aan (Meintjes & Hall 2009:74).

Uit die statistieke blyk dit dat meer jonger kinders (0-5 jariges) as oueres (6-17 jariges) by hul moeders bly (ongegag of hul vaders teenwoordig is of nie), terwyl daar meer van die laasgenoemde groep is wat by geeneen van hul ouers woon nie (Meintjes & Hall 2009:74).<sup>91</sup>

Volgens Meintjes en Hall (2009:76) word 'n *child-only*-huishouding gedefinieer as 'n huishouding waarin al die lede jonger is as 18 jaar. Hierdie huishoudings is ook algemeen bekend as huishoudings waar 'n kind aan die hoof staan ("child-headed household"). Daar is groot besorgdheid dat die getal kinders wat in *child-only*-huishoudings leef sal toeneem as gevolg van die Vigs-pandemie. 'n Analise van die Algemene Huishouding Opname van 2007 het aangedui dat 150 000 kinders uit 'n totaal van 79 000 huishoudings wat net uit kinders bestaan regoor Suid-Afrika woonagtig is. Hierdie voorkoms van *child-only*-huishoudings word gelykgestel met 0,8% van alle kinders en 0,6% van alle

---

<sup>91</sup> Sien die getal en proporsie kinders wat in 2007 by biologiese ouers gebly het en hoe die syfers daarvan vergelyk met dié van 2002 in *Demography of South Africa's Children* deur Helen Meintjes en Katherine Hall (2009:75).

huishoudings. Terwyl dit vir geen kind ideaal is om sonder die teenwoordigheid van 'n ouer te leef nie, is dit positief dat bykans die helfte (49%) van alle kinders wat in *child-only*-huishoudings leef bo 14 jarige ouderdom is. Die meeste kinders wat in *child-only*-huishoudings leef (79%), is in drie provinsies woonagtig: Limpopo (38%), Oos-Kaap (25%) en KwaZulu-Natal (16%) (Meintjes & Hall 2009:76).<sup>92</sup>

Armoede is volgens die ORC (2001b:8) die primêre determinant sover dit die welsyn van kinders aanbetref.<sup>93</sup> Armoede word wyd erken as 'n grootskaalse risiko vir kinders se welsyn en positiewe uitkomst. Die effek van armoede kan gesien word in die beleidsvelde van kindergesondheid, vroeë kinderjare-ontwikkeling, opvoeding en kinderbeskerming. Kinders se groei, ontwikkeling, welsyn en veiligheid berus hoofsaaklik op die vermoë van hul ouers of voogde om vir hulle te voorsien (ORC 2001a:33). Die ORC lê onder andere bloot dat ses uit elke tien kinders in Suid-Afrika in armoede leef (ORC 2001a:33). Kinders in landelike gebiede is meer aan armoede blootgestel as dié in stedelike gebiede. Die persentasie mense in landelike gebiede wat onder armoede ly is 70%, teenoor 30% in stedelike areas. Dit wil sê, sewe uit elke tien behoeftige mense in Suid-Afrika woon in landelike gebiede (*Central Statistical Services* 1997 in ORC 2001a:33).

Kinderarmoede in Suid-Afrika is uitermate hoog, in so 'n mate dat in die jaar 2005 tweederdes (11,9 miljoen) van die getal kinders in Suid-Afrika onder kinderarmoede gebuk gegaan het (Meintjes, Leatt & Berry 2006:69). Armoede verwys hier na 'n huishouding met 'n inkomste van R1 200 of minder per maand.<sup>94</sup> Die voorkoms van kinderarmoede

---

<sup>92</sup> Navorsing het bevind dat *child-only*-huishoudings dikwels vir 'n kort periode bestaan, byvoorbeeld na die dood van 'n volwassene en voor ander kindersorgmaatreëls in werking gestel word. Daar is tot op datum geen robuuste data oor *child-only*- of *child-headed*-huishoudings in Suid-Afrika beskikbaar nie. Die syfers hierbo genoem moet met groot omsigtigheid hanteer word aangesien die getal van *child-only*-huishoudings 'n baie klein substeekproef van die Algemene Huishouding Opname vorm (Meintjes & Hall 2009:76).

<sup>93</sup> Ander onderliggende determinante sluit in die sekerheid oor kos; toegang tot basiese gesondheidsorg en 'n gesonde omgewing; en onderwys en inligting.

<sup>94</sup> Armoede verwys nie net na onvoldoende inkomste nie, maar sluit ook in die gebrek aan toegang tot infrastruktuur, formele behuising, dienste, bates, krediet, geleenthede en sosiale netwerke. Verder kompromitteer inkomste-armoede dikwels kinders se regte tot gesonde voeding, onderwys en gesondheidsorgdienste (Meintjes & Hall 2009:77).

wissel regoor die land. Limpopo-provinsie het in 2005 die hoogste syfers van kinderarmoede gehad, gevolg deur die Oos-Kaap (Meintjes, Leatt & Berry 2006:69).

In die hoofstuk oor die demografie van Suid-Afrikaanse kinders wat in die *Child Gauge* 2009 verskyn het, is die indikator wat die getal en proporsie van kinders aandui wat in inkomste-armoede grootword, gebaseer op die armoedelyn van R350 per persoon per maand. Per capita inkomste word bereken deur al die aangemelde inkomste van die lede van die huishouding ouer as 15 jaar bymekaar te tel, alle inkomste van maatskaplike toelaes by te tel, waarna die totale inkomste van die huishouding deur die getal lede gedeel word. Dit is bekend dat nóg die inkomste, nóg maatskaplike toelaes in die Algemene Huishouding Opname aangemeld word. Die neiging is dus om kinderarmoede te oorskot (Meintjes & Hall 2009:77).

Meintjes en Hall (2009:77) is egter van mening dat die gebruik van 'n enkele inkomstemaatstaf ons nog niks vertel oor hoe hulpbronne tussen familieledes verdeel word of hoe geld spandeer word nie. 'n Aanduiding kan wel gegee word oor hoeveel kinders met erg beperkte hulpbronne leef.

Internasionale reg en die Suid-Afrikaanse grondwet erken die verband tussen inkomste en die realisering van basiese menseregte, en erken verder dat kinders die reg het tot maatskaplike hulp (maatskaplike toelaes) wanneer families nie in kinders se basiese behoeftes kan voorsien nie. Inkomste-armoede is daarom 'n belangrike rigtingwyser vir mense wat maatskaplike hulp benodig en van die staat se vordering in die realisering van die reg tot maatskaplike hulp (Meintjes & Hall 2009:77).

In 2007 het twee-derdes van kinders (68%) in huishoudings geleef met 'n per capita inkomste onder R350. In die Oos-Kaap en Limpopo leef ongeveer agt uit elke tien kinders in huishoudings met hierdie lae vlak per capita inkomste. Die Wes-Kaap en Gauteng het die laagste kinderarmoedesyfers – bereken op 39 en 48% onderskeidelik (Meintjes & Hall 2009:77).<sup>95</sup>

---

<sup>95</sup> Die data skep die indruk dat daar 'n afname in kinderarmoede was vanaf 2002 tot 2007. Dit kan gedeeltelik die resultaat wees van 'n massiewe uitbreiding in die verkryging van kindertoelaes oor dieselfde periode (Meintjes & Hall 2009:77).

Daar is flagrante rasse-ongelykhede in inkomste-armoede: Terwyl driekwart (75%) van swart kinders in 2007 in arm huishoudings geleef het, het slegs 5% van wit kinders onder die armoedelyn geleef. Armoedesyfers vir bruin en Indiër-kinders is 43% en 14% onderskeidelik (Meintjes & Hall 2009:77).<sup>96</sup>

'n Belangrike faktor in inkomste-armoede is of kinders saam met 'n werkende volwassene in die huishouding leef, aangesien die werkende volwassene oor voordele soos mediese versekering, werkloosheidversekering en kraamverlof beskik, wat kan bydra tot kinders se gesondheid, ontwikkeling en opvoeding. Provinsies met 'n relatief hoë voorkoms van kinders wat in werklose huishoudings leef, het ook hoë syfers van kinderarmoede. Die Oos-Kaap en Limpopo het die hoogste syfers vir werkloosheid en die grootste getal kinders wat in armoede leef. Terwyl 88% kinders in die Wes-Kaap en 82% in Gauteng by ten minste een werkende volwassene woon, is daar slegs 51% kinders in die Oos-Kaap en 41% in Limpopo van wie dit die geval is (Meintjes & Hall 2009:78).

In 2007 het 62% kinders in Suid-Afrika in 'n huishouding met ten minste een werkende volwassene gewoon. Die ander 38% (ongeveer 7 miljoen kinders) leef in huishoudings waar geen volwassene werkend is nie (Meintjes & Hall 2009:78).<sup>97</sup>

Wanneer kinders se lewensomstandighede gemoniteer word, is kinderarmoede om verskeie redes belangrik (Noble, Wright & Cluver 2007:53-54). Eerstens sal 'n kind se ontwikkeling, geleentheid en ervaringe hulle funksionering as volwasse burgers beïnvloed. Ekonomiese investering in die kinderjare is 'n geleentheid om toekomstige armoede voorkomend te hanteer, byvoorbeeld deur opvoeding. Voorts is kinders deel van die intergenerasionele armoede-ewewig. As arm volwassenes is hulle geneig om kinders te hê wat uitgesluit is van geleentheid, en kinders wat sosiaal uitgesluit is, loop 'n hoë risiko om self arm volwassenes te word. 'n Ervaring van armoede tydens die kinderjare moet as intrinsiek onaanvaarbaar gesien word.

---

<sup>96</sup> Vir kinders se menings oor hul ervaring van armoede, sien die *Alliance for Children's Entitlement to Social Security (ACCESS)* se publikasie *Children Speak out about Poverty: Report on the ACCESS Child Participation Process*, (2002).

<sup>97</sup> Sien bladsy 103-104 van die *Child Gauge* (2009) waarin die sterktes en leemtes van die data bronne wat in die daarstel van die demografiese profiel benut is, verduidelik word.



Die MIV en Vigs epidemie is 'n nasionale en kontinentale kwessie wat prioriteit behoort te geniet wanneer daar holisties oor kinders se welsyn gedink en opgetree word.<sup>98</sup> Toestande van armoede saam met hoë vlakke van MIV en Vigs kompromitteer die omgewings waarin kinders versorg en grootgemaak word en sodoende ook hul ontwikkelingsuitkomst (Bray & Dawes 2007b:35). In die huidige Suid-Afrikaanse konteks is dit nodig dat die verhouding tussen armoede, MIV en Vigs en kinders se uitkomst akkuraat gemoniteer moet word. 'n Moniteringsstelsel wat in staat is om die welsyn en regte van kinders te meet wat deur MIV en Vigs en armoede beïnvloed word, is nodig om op kinders se behoeftes te reageer.

Alhoewel Bray en Dawes die siening huldig dat die situasie van kinders wat deur MIV en Vigs geïnfekteer en geïmpak word, gemoniteer behoort te word om welsyn, opvoeding en gesondheidsbeplanning op betroubare bewyse te baseer, voer hulle ook 'n sterk argument teen moniteringsstelsels wat weeskinders en ander Vigs-geïmpakte kinders van breër kwessies van armoede en sosiale uitsluiting isoleer (Bray & Dawes 2007b:35-36). Hulle redes is drieledig.

Eerstens loop hierdie tipe moniteringsstelsels die risiko om die veelvoudige oorsake van kwesbaarheid en sosiale uitsluiting wat gepaard kan gaan met die effek van MIV en Vigs te verwaarloos. Tweedens kan dit onwetend lei tot 'n waninterpretasie van Vigs-wesies as 'n unieke en aparte ervaring van dié van baie ander kinders wat deur die epidemie geïmpak word, maar nie as Vigs-wesies gedefinieer word nie. Sulke waninterpretasies kan deur stigmatisering sowel Vigs-geïmpakte kinders en wesies asook ander behoeftige kinders negatief beïnvloed deur met die toewysing van hulpbronne slegs die Vigs-verwante kriteria te benut. Laastens, terwyl hierdie kinders spesifieke uitdagings<sup>99</sup>

<sup>98</sup> 'n Geskatte helfte van alle volwassenes wat MIV en Vigs opdoen, word geïnfekteer voor die ouderdom van 25, wat die besonder hoë syfer van infeksie onder kinders en jongmense beklemtoon (Dawes, Van der Merwe & Brandt 2007:359).

<sup>99</sup> Uitdagings kan onder andere die volgende insluit: 'n afname in die ervaring van ekonomiese sekuriteit in die huishouding wat op sigself weer kan lei tot kinders wat genoodsaak word om te werk; 'n verlaagde kapasiteit by die versorger om emosioneel op kinders se behoeftes te reageer; skoolbywoning of om tyd te vind om huiswerk te doen; meer huishoudelike verantwoordelike; die bestuur van die huishouding indien die versorger/s sterf; en die moontlikheid om hul huisvesting te verloor. Uitkomst van kinders wat deur hierdie uitdagings beïnvloed word, sluit in die verlaging in die oorlewing van kinders en hul gesondheidstatus, 'n gekompromitteerde veiligheidsituasie vanweë die afname in ondersteuning en supervisie asook die risiko van verwaarloosing. Voorts staan kinders wat

in die gesig staar wanneer hulle saam met siek versorgers bly of wees agtergelaat word, behoort 'n mens terselfdertyd daarvan bewus te wees dat daar 'n betekenisvolle getal kinders vir ander redes (soos as gevolg van 'n motorongeluk of ander siektes) wees gelaat word en ook by versorgers bly wat siek is maar nie Vigs het nie. Dit is daarom meer gewens om kinders se ontwikkelingsuitkomst te sien in verhouding tot 'n reeks van bydraende omgewingsfaktore, insluitend armoede, siekte, skoolkwaliteit en werksomstandighede. Daar is egter wel omstandighede wanneer die Vigs-geaffekteerde kinderbevolking in eie reg in ag geneem behoort te word.<sup>100</sup>

Die posisie van kinders in Suid-Afrika, soos weerspieël in die statistieke oor demografiese en sosiale tendense, roep dringend om 'n meer professionele en politieke wil en verbintenis asook die gedeelde verantwoordelikheid en aksie van alle sorgdraers om 'n beter lewe vir alle kinders te verseker. Bowendien beklemtoon die *Children's Institute* met die volgende stelling die belangrikheid om kinders en hul welsyn as 'n prioriteit in die nasionale maatskaplike, sosiale en ekonomiese ontwikkelingsagenda te integreer:

... it is only by locating children firmly within the national social and economic development framework that we can address children's concerns in a comprehensive and holistic way, rather than in a piecemeal manner, which results in fragmentation of services and care (Berry & Guthrie 2003:60).

## 2.4 Relevante meetinstrumente

Dit is nie voldoende om kinderregte op te neem in nasionale wetgewing nie – en ook nie genoegsaam om 'n kinderregtediskoers en -praktyk op mikro- en makrovlak te promoveer nie. 'n Sosiale bewustheid by landsburgers jeens die lewensomstandighede van kinders

---

wees gelaat of kwesbaar gemaak word deur MIV en Vigs, toenemende risiko's van emosionele en psigiese probleme in die gesig asook verbokkeling van belangrike verhoudinge wat op sigself tot probleme met sosiale interaksie lei. Hierdie kinders kan ook gekonfronteer word met verminderde leiding, dissipline en positiewe ondersteuning van volwassenes en portuurgroeplede, wat hul kanse verskraal op die ontwikkeling van positiewe identiteit en vaardighede wat benodig word vir deelname in die wêreld van werk (Dawes *et al.* 2007:362-363).

<sup>100</sup> Sien die 2005 uitgawe van die *South African Child Gauge* van die Kinderinstituut van die Universiteit van Kaapstad, vir meer inligting oor die aard en omvang van MIV en Vigs en kindervriendelike wyses van hantering daarvan.

word benodig om die publiek aan te moedig om ondersoek in te stel na hoe die land vaar in die bereiking van sy verbintenisse teenoor kinders. Indien die publiek die regering verantwoordbaar wil hou ten opsigte van verbintenisse wat teenoor kinders gemaak is, word indikatore en 'n sisteem vir die monitering van die situasie van kinders benodig wat streng regte-georiënteerd is en op konkrete bewyse berus (“evidence-based”).<sup>101</sup> Op nasionale en internasionale vlak is daar instrumente ontwikkel om die welsyn van kinders te moniteer binne die konteks waarin hulle groei en ontwikkel asook om te bepaal hoe die regering se mandaat insake beleid en prioriteite met internasionale reg aangaande kinders ooreenstem. Die internasionale instrumente word eerste aangebied, waarna 'n Suid-Afrikaanse regte-gebaseerde benadering tot die monitering van kinders se welsyn volg.

#### **2.4.1 Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI)**

'n Ontwikkelingsgerigte paradigma vir maatskaplike welsyn wat mensgesentreerde en volhoubare benaderings promoveer, hou menslike ontwikkeling voor as 'n dringende noodsaaklikheid.<sup>102</sup> Daarom word die Menslike Ontwikkelingsindeks (hierna MOI) gebruik om die uitdagings te illustreer van menslike ontwikkeling wat betrekking het op die lewensomstandighede van kinders en die mate waarin ongelykhede steeds in post-apartheid Suid-Afrika heers.<sup>103</sup> Aangesien die MOI in 1991 gedoen is (ongeveer 18 jaar gelede), word die resultate met meer resente MOI syfers vergelyk, soos dit in jaarlikse Menslike Ontwikkelingsverslae gedokumenteer word.<sup>104</sup>

<sup>101</sup> Sien die voorwoord van die publikasie *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach* (Dawes, Bray & Van Der Merwe 2007) geskryf deur Eva Carhall (2007:vii-viii). Eva Carhall is die streeksvertegenwoordiger van *Save the Children*, Swede, in Suid-Afrika se streekskantoor. Sy beklemtoon in die voorwoord die belangrikheid van monitering en dat beide die UNCRC en die *African Charter on the Rights of the Child* monitering van lande vereis.

<sup>102</sup> Daar was 'n tyd toe menslike ontwikkeling nie onderskei is van ekonomiese ontwikkeling en selfs, meer eng gesien, van die groei in die waarde van die Bruto Binnelandse Produk en Bruto Nasionale Produk nie. Die meeste mense verstaan ontwikkeling as ekonomiese groei. In die veld van Ontwikkelingstudie is die fokus van ontwikkeling wat slegs op ekonomiese groei berus, egter vervang met die gedagte van modernisering (beter tegnologie en die gepaardgaande kulturele veranderinge) en uiteindelik met die gedagte van menslike ontwikkeling en vryheid.

<sup>103</sup> Die navorser gebruik spesifiek die MOI as 'n breë indikator van die lewensomstandighede van kinders, aangesien die ontwikkeling van mense enersyds die vlak van beheer en invloed aandui wat mense het oor besluite en hulpbronne wat hulle en hul afhanklikes se lewenskwaliteit beïnvloed, en andersyds die vlak van afhanklikheid aanwys.

<sup>104</sup> 'n Menslike Ontwikkelingsverslag word jaarliks deur die Verenigde Nasies vir die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram gepubliseer.

Die MOI is 'n rigtingwyser wat dikwels vir vergelykende doeleindes gebruik word (ORC 2001a:33). Dit gee 'n aanduiding van die hagleike sosio-ekonomiese omgewing en gebrekkige lewensgeleenthede waarmee kinders in ons land te kampe het. MOI is 'n meting wat volgens die lewensverwagting, die opvoedingsvlak wat behaal is en die per capita inkomste (lewenstandaard) gedoen word (Biersteker & Robinson 2000:29).<sup>105</sup> Waardes bo 0,8 word as 'n hoë vlak van menslike ontwikkeling beskou, dié tussen 0,5 – 0,8 as medium en dié minder as 0,5 as laag (ORC 2001a:33). Suid-Afrika het in 1991 'n medium MOI-vlak van 0,677 gehad (Biersteker & Robinson 2000:29), maar daar is groot ongelykhede tussen bevolkingsgroepe in die vlak van menslike ontwikkeling. Witmense en Indiërs val in 'n hoë MOI-vlak (0,901 en 0,836). Bruin (0,663) en swart (0,5) is op 'n mediumvlak, met swart aan die onderkant van daardie kategorie (ORC 2001a:33). Eweeens is daar ongelykhede in verskillende dele van die land soos hieronder aangetoon:

*Tabel 2.3: MOI volgens provinsie 1991 (Biersteker & Robinson 2000:30 & ORC 2001a:33).*

<b>Provinsie</b>	<b>MOI</b>
Oos-Kaap	0.507
Vrystaat	0.657
Gauteng	0.818
Kwazulu-Natal	0.602
Mpumalanga	0.694
Noordwes	0.694
Noord-Kaap	0.543
Noordelike Provinsie	0.470
Wes-Kaap	0.826
Nasionaal	0.677

Die MOI wat op provinsiale vlak bepaal is, hou 'n duidelike beeld voor van ongelykhede in die sosio-ekonomiese ontwikkeling van kinders na gelang van provinsie. Dit beklemtoon weer eens die spesifieke kwesbaarheid vir armoede van kinders in landelike gebiede in Suid-Afrika. Armoede is dus steeds grootliks 'n saak van ongelykheid in terme

<sup>105</sup> Die Menslike Ontwikkelingsverslag 2007/2008 (2007:225) verduidelik dat die indeks die gemiddelde prestasie in 'n land in drie basiese dimensies van menslike ontwikkeling meet: 'n lang en gesonde lewe; toegang tot kennis; en 'n goeie lewenstandaard. Hierdie basiese dimensies word gemeet volgens lewensverwagting met geboorte, geletterdheid van volwassenes en die gekombineerde algemene inskrywings op primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlak, en die bruto binnelandse produk (BBP) per capita.

van hulpbronne en ongelykmatige toegang tot en die toepaslikheid van die soort maatskaplike dienste wat gelewer word (Biersteker & Robinson 2000:29-30).

Elke jaar sedert 1990 is daar in die Menslike Ontwikkelingsverslag 'n globale MOI gepubliseer wat die welsyn van kinders regoor die wêreld ondersoek. Die 2005 Menslike Ontwikkelingsverslag<sup>106</sup> dui aan dat Suid-Afrika sedert 1990 35 plekke geval het om die 120ste posisie op die Verenigde Nasies se globale MOI te beklee, met 'n MOI-waarde van slegs 0,658. Hierdie lae telling kan grootliks toegeskryf word aan die MIV en Vigs-pandemie (UNDP 2005:22). Die MOI vir Suid-Afrika wat gebaseer is op die meting wat slegs een jaar later in 2004 gedoen is, registreer egter 'n nog laer telling van 0,653 wat Suid-Afrika 'n nog laer plek gee, naamlik 121ste uit 177 lande met data (UNDP 2006:285). Bowendien dui die MOI volgens inkomstegroep in die Menslike Ontwikkelingsverslag 2006 op die naakte ongelykhede in menslike ontwikkeling met spesifieke verwysing na kindersterfte en onderwys, wat twee belangrike dimensies van kinderontwikkeling is.<sup>107</sup> Die dalende MOI-telling beklemtoon sterk die behoefte aan ekonomiese groei en volhoubare menslike ontwikkeling, veral in arm en landelike gebiede, as vanselfsprekende en essensiële vereistes vir die deurbreking van die siklus van strukturele werkloosheid, kroniese armoede en verskanste ongelykhede in die samelewing, wat kinders se welsyn negatief beïnvloed. Die 2005 MOI-meting wat aangebied word in die Menslike Ontwikkelingsverslag 2007/2008 (UNDP 2007:231) dui Suid-Afrika se MOI-telling aan as 0,674, wat 'n styging impliseer nadat die telling sedert 1991 dramaties afgeneem het.

Menslike ontwikkeling is volgens hierdie indeks gedefinieer as die skep en promoveer van mense se keuses en kapasiteite, dit is agentskap,<sup>108</sup> 'n konsep wat van

---

<sup>106</sup> Die Menslike Ontwikkelingsverslag 2005 verwys na die 2003 MOI-meting (UNDP 2005:22).

<sup>107</sup> Sien Figuur 7 en Figuur 9 van die Menslike Ontwikkelingsverslag 2006 (UNDP 2006:270-271).

<sup>108</sup> Die fundamentele doel van ontwikkeling behoort volgens Jnanabrata Bhattacharyya die menslike outonomieit of agentskap te wees – die kapasiteit van mense om hul wêreld te beheer, die kapasiteit om te skep, te verander, om volgens hul eie betekenisgewende sisteme te leef, kortom, om die krag te hê om hulleself te definieer in plaas daarvan om deur ander gedefinieer te word (Bhattacharyya 2004:12-13). Giddens beweer dit is om in staat te wees om anders op te tree, om in te gryp in die wêreld, of om terug te hou met so 'n ingryping, met die effek om 'n spesifieke proses of toedrag van sake te beïnvloed (in Bhattacharyya 2004:12-13). Dit is duidelik dat bemagtiging, kapasiteitsbou en dergelike *buzz*-woorde nie 'n doel op sigself is nie, maar middele vir die hoër doel van agentskap. Agentskap is 'n

gemeenskaplike belang is vir die sosiale en geesteswetenskappe (Bhattacharyya 2004:13).

#### 2.4.2 *Kinderontwikkelingsindeks (KOI)*

Die kinderontwikkelingsindeks (hierna KOI) is as 'n eerste globale, verteenwoordigende, multi-dimensionele hulpmiddel ontwikkel deur *Save the Children, UK*<sup>109</sup> met die doel om regerings verantwoordbaar te hou vir die impak van hul beleid en prioriteite op kinders se welsyn (Save the Children, UK 2008:1). Hierdie indeks word in meer as 140 ontwikkelde en ontwikkelende lande regoor die wêreld gebruik. Die kinderontwikkelingsindeks is saamgestel uit drie aanwysers wat betrekking het op drie areas van kinderwelsyn. Hierdie indikatore is gekies omdat hulle geredelik beskikbaar is, deurgaans verstaan word en duidelike aanwysings van kinderwelsyn bied. Die drie indikatore behels (Save the Children, UK 2008:5):

- Gesondheid: die onder-vyf sterftesyfer (die waarskynlikheid van sterfte tussen geboorte en vyfjarige ouderdom, uitgedruk as 'n persentasie op 'n skaal van 0 tot 340 sterftes per 1 000 lewende geboortes).<sup>110</sup>
- Voeding: die persentasie kinders onder vyf wat matig of ernstig ondergewig is.<sup>111</sup>

---

moderne begrip en dit is verbind met die konsep van keuse, wat weer die produk of die patroon is van sosiale verandering wat moderniteit genoem word.

In premoderne samelewings kon die konsep en die probleem van agentskap nie na vore kom nie omdat keuse konseptueel afwesig of baie beperk was. Dit is eers met die koms van moderniteit dat ons daaraan kan dink om ons beroep te kies, ons woonplek, ons kleredrag, ons dieet en selfs ons godsdien. Soos moderniteit egter ongekende geleenthede skep vir keuse en agentskap, laat dit ook kragte los om dit te vernietig. Om agentskap te koester is wat deel vorm van die agenda van die ontwikkeling van gemeenskappe (Bhattacharyya 2004:12-13). Toenemende belangstelling in en aandag aan agentskap en konteks in die sosiale wetenskappe het tot 'n nuwe benadering tot kinderstudies ("childhood studies") gelei asook tot 'n verbreding van belangstelling in kinders se lewens – by 'n wyer reeks dissiplines as in die verlede (Ansell 2005:20).

<sup>109</sup> *Save the Children* is 'n onafhanklike kinderregte-organisasie met die fokus op die miljoene kinders wat steeds nie behoorlike toegang tot (die reg op) gesondheidsorg, voeding, onderwys en beskerming het nie. *Save the Children, UK* is 'n lid van die *International Save the Children Alliance* en werk in meer as 50 lande om 'n betekenisvolle bydrae tot die lewens van kinders te maak deur middel van voorspraak vir kinderregte en langtermyn- ontwikkelingswerk. Sien die webtuiste by: [www.savethechildren.org.uk](http://www.savethechildren.org.uk) vir meer inligting.

<sup>110</sup> Dit beteken dat 'n nultelling in hierdie afdeling 'n onder-vyf sterftesyfer van geen sterftes per 1 000 lewende geboortes verteenwoordig en 'n telling van 100 gelyk is aan die hoogste telling van 340 sterftes per 1 000 lewende geboortes (Save the Children, UK 2008:23).

- Onderwys: die persentasie kinders van primêreskoolouderdom wat nie in skole ingeskryf is nie.<sup>112</sup>

Hierdie indikatore dra elkeen 'n gelyke gewig in die indeks se telling. Aangesien die data nie jaarliks versamel is nie, is hulle in drie tydsraamwerke gegropeer. Die data van 88 lande is in die eerste periode (1990-1994) beskikbaar, dié van 118 lande in die tweede tydsraamwerk (1995-1999) en dié van 137 lande in die derde periode (2000-2006). Die toename van beskikbare data van lande oor hierdie tydspanne dui op verbetering wat data-insameling betref (Save the Children, UK 2008:5).

*Save the Children, UK* het deur middel van 'n analise van die indeks en sy resultate hoofsaaklik tot die volgende gevolgtrekkings gekom (Save the Children, UK 2008:1):

- Daar is steeds hoë vlakke van kinderarmoede in baie lande.
- Inkomstevlakke is 'n swak aanwyser van vordering in die vermindering van kinderarmoede.
- Kinders se welsyn verbeter nie ooreenkomstig volwassenes se welsyn nie.
- Daar is 'n aansienlike variasie – tussen lande, globaal en in streke – ten opsigte van die regte, geleenthede en welsyn wat kinders geniet, met die duidelike implikasie dat nasionale politieke en beleidskeuses 'n geweldige invloed op kinders se welsyn het.

Die Verenigde Nasies se MOI stem, sover dit die konsep betref, ooreen met die KOI, behalwe dat dit hoofsaaklik volwasse-gefokusde indikatore soos inkomste en die geletterdheid van volwassenes gebruik. Wanneer die ranglys van lande in die KOI met dié in die MOI vergelyk word, is aansienlike verskille te bespeur. Twee-derdes van die lande in die 2000-2006 KOI word beduidend verskillend gerangskik ('n verskil in meer

---

<sup>111</sup> Die algemene definisie van matig of ernstig ondergewig wat *Save the Children, UK* hier gebruik, is twee standaardafwykings van die mediese gewig vir die ouderdom van die populasie waarna verwys word (Save the Children, UK 2008:23).

<sup>112</sup> Vir hierdie meting van die verlies aan onderwys word die teenoorgestelde van die *Net Primary Enrolment Rate* gebruik. Op so 'n wyse word die persentasie kinders van primêreskoolouderdom wat nie vir skool ingeskryf is nie bereken (Save the Children, UK 2008:23).

as vyf gerangskikte plekke) as in die huidige MOI. Verskeie lande vaar veel beter volgens die KOI as volgens die MOI en baie lande doen weer ver swakker in die KOI as in die MOI (Save the Children, UK 2008:12).

Die verskille tussen hoe 'n land vaar ten opsigte van kinderontwikkeling en menslike ontwikkeling is belangrik. Dit gebeur gedeeltelik omdat die MOI 'n inkomste-indikator bevat, wat die telling van lande opstoot wat oor waardevolle hulpbronne soos olie beskik, terwyl die KOI eksklusief op kinders se welsyn fokus. Kinders en volwassenes se omstandighede kan drasties verskil en daarom moet hulle onderskeie situasies onafhanklik gemoniteer word (Save the Children, UK 2008:12).

Die KOI het die aansienlike vordering belig wat sedert 1990 in baie dele van die wêreld gemaak is om kinders se welsyn te verbeter. Dit het ook aangedui dat kinderarmoede en -ontbering diep gewortel is, veral met betrekking tot die drie areas wat deur die indeks gemeet is (Save the Children, UK 2008:17). *Save the Children, UK (2008:17)* is van oortuiging dat die effektiewe aanpak van kinderarmoede in ontwikkelende lande politieke keuses vereis wat 'n uitgesproke pro-arm ontwikkelingsbeleid prioritiseer, gesondheid-sisteme versterk en vroue bemagtig.

*Save the Children, UK* se kinderontwikkelingsindeks toon dat kinders se welsyn soos vanaf 1990 tot 2006 globaal gemeet met ongeveer 34% verbeter het (Save the Children, UK 2008:7). Sub-Sahara Afrika, die streek met die hoogste vlak van kinderverlies/-ontbering ter wêreld, het egter slegs 'n skrale verbetering van net oor die 20% in die streeksindekstelling getoon (Save the Children, UK 2008:8).<sup>113</sup>

Vordering volgens die drie indikatore kan ook vergelyk word oor die streke heen. Oor die drie periodes toon al die streke 'n afname in die onder-vyf sterftesyfer. Sub-Sahara Afrika het egter die slegste gevaar met 'n 11% verlaging (Save the Children, UK 2008:9). Die primêre-skoolinskrywings toon verrassenderwys volgens streek min of meer dieselfde

---

<sup>113</sup> Een verrassende bevinding is dat Afrika-lande met 'n lae inkomste meer vordering gemaak het as hul middelinkomste bure, wie se vordering dikwels stol en selfs agteruitgaan soos in Botswana, Suid-Afrika en Lesotho. Suid-Afrika het byvoorbeeld in die afgelope aantal jare 'n toename in kinderverlies/-ontbering ervaar, hoofsaaklik vanweë 'n toenemende inkomste-ongelykheid, die stygende koste van onderwys, en die hoë voorkoms van MIV en Vigs (Save the Children, UK 2008:8).



vlak van vordering en groter verbetering as die opnames vir die ander indikatore. Sub-Sahara Afrika het onder die globale gemiddelde presteer, maar die grootste volstreekte verbetering (in persentasie punte) getoon, gegewe die lae vlak van inskrywings aan die begin van die periode (Save the Children, UK 2008:10).

Oor die algemeen is die betekenisvolle verbeterings in primêreskoolinskrywings 'n bewys van die sukses van veldtogte om die Universele Primêre Onderwys en Onderwys vir Almal te promoveer (Save the Children, UK 2008:10). Nogtans is die kwaliteit van onderwys wat baie kinders ontvang toenemend kommerwekkend soos wat skole oorlaai word. Veel meer vordering word benodig in konflik-geaffekteerde areas en brose lande, waar een uit elke drie kinders nie in primêre skool is nie. Hierdie lande verteenwoordig die helfte van die wêreld se kinders wat nie in die skool is nie, maar ontvang slegs 'n vyfde van die totale onderwys hulpverlening (Save the Children, UK 2008:11).

Die indeks is veral 'n openbaring wat die voedingindikator betref, waar vordering drasties van streek tot streek verskil. Sub-Sahara Afrika het 'n klein afname (13%) in hul vlakke van kinderwanvoeding getoon. Van die 137 lande wat in die indeks ingesluit is, het meer as 90% meer vordering getoon in die verlaging van die kindersterftesyfer-indikator as in die vermindering van kinderwanvoeding (Save the Children, UK 2008:11).

Verskeie lande in Wes-Afrika doen steeds baie swak, byvoorbeeld Nigerië wat aan die onderpunt van die KOI lys begin en deur die hele periode heen daar gebly het (Save the Children, UK 2008:12).

### ***2.4.3 Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MOD)***

Die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (hierna MOD) is belangrike aanwysers wat benut word om die vordering insake ontwikkeling met spesifieke ontwikkelingsmylpale in die 21ste eeu te meet.<sup>114</sup> Die kwessies waaroor daar toenemend konsensus bereik

---

<sup>114</sup> Bray & Dawes (2007b:29) is van mening dat dit konseptueel toepaslik en politieke strategies is om eksplisiete verbintenisse te maak tussen internasionale en nasionale sosiale en ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte en die bevrediging van kinders se regte – byvoorbeeld die Millennium Ontwikkelings- en die *New Partnership for Africa's Development* (NEPAD)-doelwitte. Die eerste voordeel van hierdie soort verbintenis is dat dit die konteks vir breë sosiale, ekonomiese en politieke

word, sluit die oortuiging in dat ekonomiese groei 'n noodsaaklike, maar nie die uitsluitlike voorwaarde vir ontwikkeling is nie. Sonder die herverdeling van inkomste en rykdom, sal ongelykhede nie verminder word nie. Daar is al hoe meer bewyse dat dit ongelykhede is wat die grootste onvergenoegdheid met die lewe veroorsaak (Desai & Potter 2008:1). Daarom behoort ontwikkeling in die nouste samehang met die bevordering van menseregte en welsyn beskou te word. Met hierdie verstaan van ontwikkeling word menswaardigheid, selfbeeld, selfwaarde, selfrespek en die bevordering van dit waarop mense geregtig is, van sentrale belang en deelnemende beplanning vir ontwikkeling 'n noodsaaklike vereiste (Desai & Potter 2008:2).

Die MOD is op 18 September 2000, by die VN Millennium-spitsberaad deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar. Sedertdien het ongeveer 190 lande die resoluëie onderteken. Ag doelwitte is gestel, naamlik die uitwissing van ekstreme honger en armoede; die bereiking van universele primêre onderwys; die promovering van geslagsgelykheid en die bemagtiging van vroue; die verlaging van die kindersterftesyfer; die verbetering van moeders se gesondheid; die bestryding van MIV en Vigs, malaria en ander siektes; die versekering van die volhoubaarheid van die omgewing; en die ontwikkeling van 'n globale vennootskap vir ontwikkeling, beoog om in 2015 bereik te word. Hierdie doelwitte is aan 18 mikpunte verbind, en dié weer aan 48 aanwysers.<sup>115</sup> Alhoewel die individuele doelwitte nie nuut blyk te wees nie, was en is die kollektiewe ooreenkoms deur ongeveer 190 lande om die bereiking van hierdie doelwitte na te streef, ongekend. Die MOD het ontstaan uit die begeerte wat by die Millennium-spitsberaad duidelik uitgespreek is, dat teen die draai van die millennium goeie

---

veranderinge en rigtings voorsien waarin kinders se ontwikkelingsuitkomstes verstaan behoort te word. Tweedens kan 'n regte-gebaseerde moniteringsstelsel bydra tot die algehele monitering van vordering wat ten opsigte van ontwikkeling in Suid-Afrika gemaak word. Dit kan ook sektore en geografiese areas blootlê waar groter investering in kinders se lewens benodig word om armoede betekenisvol te verminder onder die huidige en toekomstige generasie. Derdens word ondersteuning van diegene in posisies wat kinders se ontwikkelingsuitkomstes deur makro-ontwikkelingsbeleid kan beïnvloed makliker verkry wanneer 'n duidelike verbintenis gemaak word tussen veranderinge wat in kinders se ontwikkelingsuitkomstes waargeneem word en die beleidmaking- en implimenteringsproses (op alle vlakke van regering) (Bray & Dawes 2007b:30). Die implikasies van hierdie genoemde voordele in die Suid-Afrikaanse konteks is dat spesifieke aandag gegee behoort te word aan die indikatore wat daargestel is om die internasionale Millennium Ontwikkelingsdoelwitte te bereik soos dit op kinders en hul regte van toepassing is.

<sup>115</sup> Sien 'n uiteensetting van die doelwitte, mikpunte en aanwysers soos aangebied deur Jonathan Rigg (2008:31-32).

voornemens behoort te kristalliseer in konkrete aksies (Rigg 2008:30).<sup>116</sup> Die MOD dien as 'n raamwerk om die Millennium Verklaring se visie van 'n wêreld van vrede, sekuriteit, solidariteit en gedeelde verantwoordelikheid 'n realiteit te maak.

Hierdie doelwitte is nie beperk tot die belange van kinders nie, alhoewel elke doelwit kinders se lewenskwaliteit direk raak.<sup>117</sup> Die volgende MOD en indikatore is van toepassing op kinders se regte en welsyn (Bray & Dawes 2007b:30):

DOELWIT	INDIKATOR
Die uitroei van ekstreme armoede en honger.	Die voorkoms van ondergewig kinders onder negejarige ouderdom.
Om universele primêre onderwys te realiseer.	Die suiwer inskrywingsratio in primêre onderwys en die geletterdheidsyfer van 15-24-jariges.
Om geslagsgelykheid in onderwys te realiseer.	Die verhouding van meisies tot seuns in primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.
Om kindersterftes te verminder.	Onder-vyf sterftes; suigelingsterftes; die proporsie van eenjarige kinders wat teen masels geïmmuniseer is.
Om moeders se gesondheid te verbeter.	Die proporsie van geboortes wat bygestaan word deur vaardige gesondheidspersoneel.
Om MIV en Vigs, malaria en ander siektes te bestry.	Die voorkoms van MIV en Vigs volgens ouderdom, geslag, ras en provinsie en die voorkomssyfer van kondome vir 15-24-jariges.
Om toegang tot basiese dienste te verbeter.	Die proporsie van die bevolking/huishoudings wat toegang het tot drinkbare water, sanitasie, elektrisiteit, gesondheidsdienste en openbare vervoer.

In die voorwoord van *The State of the World's Children 2006*, die verslag wat gefokus het op die miljoene kinders wat steeds uitgesluit en onsigbaar is ten spyte van al die beloftes en verbintenisse wat reeds teenoor kinders gemaak is, het Ann M. Veneman (2005:vii), die uitvoerende direkteur van Unicef, gestel dat indien hierdie doelwitte nie bereik word nie, dit verwoestende gevolge sal inhou vir die kinders van hierdie generasie en vir die volwassenes wat hulle gaan word indien hulle hul kinderjare oorleef. Sy is verder van mening dat volgens die huidige tempo van vordering 8,7 miljoen kinders

<sup>116</sup> Die MOD en sy indikatore hou dus verband met lande se vordering in die bevrediging van basiese behoeftes, insluitend voeding, onderwys, gesondheid en dienslewering (Bray & Dawes 2007b:30).

<sup>117</sup> Hilde F. Johnson, Minister van Internasionale Ontwikkeling, Noorweë, is van mening: "Children are at the heart of one and every Millennium Development Goal, beginning with the battle against poverty" (Unicef 2003:6).

onder vyf in 2015 sal sterf. Indien die doel om die kindersterftesyfer te verminder bereik word, sal 'n addisionele 3,8 miljoen van daardie lewens gespaar bly. Om die doelwitte te bereik is daarom 'n saak van lewe en dood – van vordering of van agteruitgang – vir miljoene kinders.<sup>118</sup>

In die verslag *The State of the World's Children 2006* word die volgende drie sake as vereistes voorgelê om die MOD vir kinders, insluitend diegene wat uitgesluit en onsigbaar is,<sup>119</sup> te bereik (2005:1):

- Druk word benodig om toegang tot essensiële dienste te voorsien aan kinders en hul families wat dit tans ontbeer. Hierdie druk sluit in onmiddellike intervensies wat menslike ontwikkeling en armoedeverligting vinnig en doeltreffend aan die gang kan kry.
- Langtermyninisiatiewe wat in 'n menseregtegebaseerde benadering tot ontwikkeling gewortel is, behoort onderneem te word gelyklopend met onmiddellike intervensies. Langtermyninisiatiewe, soos die bevordering van kinders se sosiale status in die samelewing, sal meehelp dat korttermynintervensies, byvoorbeeld 'n kindervoedingintervensieprogram so effektief as moontlik is. Die opbou van nasionale bevoegdhede deur middel van strategieë wat gelei word deur nasionale regerings en plaaslike gemeenskappe is die beste wyse om die volhoubaarheid van hierdie inisiatiewe oor die lang termyn te verseker.
- Dieperliggende benaderinge behoort onderneem te word om spesiale aandag te gee aan die mees kwesbares. Dit vereis die deelname van regerings deur middel van wetgewing, begrotings, navorsing en programme tesame met borgskappe,

---

<sup>118</sup> Indien die doelwitte teen 2015 bereik kan word, is daar miljoene kinders wat van siekte, vroeë sterfte, uiterste armoede of wanvoeding gespaar sal wees en goeie kwaliteit opvoeding asook toegang tot veilige water en behoorlike sanitasiefasiliteite sal geniet (Unicef 2005:4).

<sup>119</sup> Kinders wat uitgesluit en onsigbaar is, word in *The State of the World's Children 2006* gedefinieer as diegene wat die risiko loop om 'n omgewing wat hulle van geweld, misbruik en uitbuiting beskerm te ontbeer, of wanneer kinders nie in staat is om noodsaaklike dienste en goedere te bekom nie en hul vermoë sodoende bedreig word om in die hede en in die toekoms volledig en menswaardig deel van die samelewing te wees (Unicef 2005:7).

internasionale agentskappe, die burgerlike samelewing en die media om veral dié kinders te bereik wat die meeste aan die risiko blootgestel word om van die Millennium-agenda uitgesluit te word.

Die grondlyn-jaar om vordering betreffende die meeste van die mylpale te meet is 1990, en die laaste data wat Jonathan Rigg (2008:33) benut het in sy beskrywing van die vordering wat gemaak is, is afkomstig uit 2004. Sy gevolgtrekking is dat terwyl daar betekenisvolle vordering was ten opsigte van sekere doelwitte, en dit slegs in sommige dele van die wêreld, dit nodig is om te erken dat die algehele vordering stadig, mank en sporadies is. In sub-Sahara-Afrika is die balans van sukses negatief: Enige verdere mylpale gaan nie teen 2015 bereik word nie, altans volgens heersende tendense.

Ook James D. Wolfensohn (2005:23), voormalige president van die Wêreldbank, is skepties dat die MOD enige kans het om die gestelde mikpunte te bereik. Die ontwikkelings- en menseregtegemeenskap het volgens hom dieselfde vyand – ’n gebrek aan belangstelling, onverskilligheid, afsydigheid en neutraliteit ten opsigte van die stryd teen armoede in die wêreld, die verwaarlosing van die MOD en die toenemende militêre uitgawes. Hy is van mening dat die ontwikkelings- en menseregtegemeenskap saam behoort te staan in die poging om druk op leiers uit te oefen ten einde hierdie wêreld ’n meer gefokusde en ’n meer effektiewe plek te maak sover dit ontwikkeling en menseregte aanbetref.

#### ***2.4.4 “A World Fit for Children”***

Die Verenigde Nasies se Spesiale Sessie oor Kinders in Mei 2002 was ’n belangrike mylpaal vir kinder- en menslike ontwikkeling. Hierdie geleentheid was die eerste sessie van die Algemene Vergadering wat eksklusief aan kinders gewy is. Dit was ook die eerste geleentheid waar kinders as amptelike afgevaardigdes ingesluit is (Unicef 2003:1). Tydens hierdie geleentheid het meer as 600 kinders aktief deelgeneem om die vordering wat gemaak is in die bereiking van die doelwitte van die 1990 *World Summit for Children* te evalueer. Daar is ook aandag gegee aan die formulering van verreikende doelwitte vir die 21ste eeu en aan die daarstelling van ’n invloedryke strategie vir die bereiking van globale verbintenisse. Die waarde wat hierdie geleentheid tot wêreldleiers

se verstaan van sosiale verandering toegevoeg het, was om eerstehands te ervaar dat om die wêreld *vir* kinders te verander impliseer dat die wêreld *met* kinders verander moet word (Unicef 2003:3).<sup>120</sup>

Die uitkoms van die Algemene Vergadering was dat 'n ooreenkoms bereik is oor *A World Fit for Children*. Die onverbiddelike plan het 'n verklaring, 'n assessering van vordering en 'n plan van aksie<sup>121</sup> gekombineer asook 21 spesifieke doelwitte met mikpunte daargestel wat afgestem is op veral vier oorkoepelende prioriteite, naamlik die promovering van gesonde lewens, die voorsiening van kwaliteit basiese onderwys, die bestryding van MIV en Vigs en die beskerming van kinders teen mishandeling, uitbuiting en geweld (Unicef 2003:17). Die dokument voorsien verder tydsgebonde verbintenisse, versterk die MOD en onderskryf die ongeveer 95 miljoen “Say Yes for Children”-beloftes wat deur die Globale Beweging vir Kinders regoor die wêreld ontwikkel is (Unicef 2003:3). Die veldtog “Say Yes for Children” het die volgende tien dringend noodsaaklike vereistes ingesluit om die wêreld meer geskik vir kinders te maak:

- om geen enkele kind uit te sluit nie;
- om kinders eerste te stel;
- om vir elke kind om te gee;
- om MIV en Vigs te beveg;
- om op te hou om kinders skade aan te doen en uit te buit;
- om na kinders te luister;

---

<sup>120</sup> Han Seung-soo, President van die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering, het by die opening van die *Special Session on Children* 'n uitnodiging gerig wat indirek die verdeling van mag tussen volwassenes en kinders aangeraak het: “May I suggest that, for the next three days, we set aside any adult prejudices, and listen to, and learn from, the children and young people that are with us ... Let us be as open as they are to new ideas, differing opinions and alternative viewpoints” (Unicef 2003:11). Die plan van aksie van *A World Fit for Children* het insgelyks vennootskappe met kinders sterk onderskryf met die volgende insetsel: “The right of children, including adolescents, to express themselves freely must be respected and promoted and their views taken into account in all matters affecting them ... in accordance with the age and maturity of the child.”

<sup>121</sup> Die plan van aksie behels die verbintenis om 'n wêreld te skep waarin alle kinders die bes moontlike begin in hul lewe sal ontvang, toegang tot basiese onderrig sal hê en hul individuele kapasiteite kan ontwikkel. Die plan versoek die ondersteuning en versterking van families, die uitskakeling van diskriminasie en die hantering van armoede. Lande het hulle daartoe verbind om geslagsgelykheid te bereik deur diskriminasie teen meisies teen te werk en die rol van seuns te verhelder. Die onderskeie lande het belooft om menseregte vir almal te beskerm, insluitend inheemse kinders en kinders met gestremdhede (Unicef 2003:19).

- om elke kind op te voed;
- om kinders teen oorlog te beskerm;
- om die aarde vir kinders te bewaar;
- om armoede te beveg en in kinders te belê.

Alhoewel daar kritiek was – spesifiek wat betref die toewysing van hulpbronne, reprodktiewe gesondheidsregte en verbintenisse wat met die *Convention on the Rights of the Child* gemaak is – was daar konsensus dat die uitkomsdokument sterk en duidelik was in sy voorspraak vir vennootskappe, oor die deelname van vroue en kinders en oor die oorlewing, ontwikkeling en beskerming van kinders (Unicef 2003:17).

By 'n simposium ter ondersteuning van die *Special Session on Children* het godsdienstige leiers beloop om te help om die wêreld vir kinders geskik te maak (Unicef 2003:14). Leiers van verskeie geloofsgroepe het hulle gemeenskappe daartoe verbind om saam te werk vir die bou van vrede – 'n noodsaaklikheid vir kinders om te kan floreer. Hulle het ook beloop om hul leringe, programme en beleide wat met kinders verband hou te hersien om seker te maak dat dit die beste belange van kinders bevorder. Die leiers het hulle verder verbind tot voorspraak vir kinders op elke vlak, sowel wat beleid en hulpbronne betref as om werk daarvan te maak om diskriminasie en stigmatisering waarmee kinders vanweë siektes, gestremdhede, geslag of 'n minderheidstatus te kampe het, teen te werk (Unicef 2003:22).

#### ***2.4.5 Ontwikkeling van indikatore: 'n Suid-Afrikaanse regte-gebaseerde benadering***

Die publikasie *Monitoring Child Well-Being: A South African Rights-Based Approach*,<sup>122</sup> is ontwikkel om in die behoefte aan indikatore vir 'n konsekwente en omvattende benadering tot die monitering van die situasie van kinders,<sup>123</sup> te voorsien. Daar is gepoog om met die konseptuele raamwerk wat die publikasie bied mee te help om te bepaal of

---

<sup>122</sup> Hierdie publikasie is ondersteun deur *Save the Children* in vennootskap met die Kinder-, Jeug-, Familie- en Maatskaplike Ontwikkelingprogram van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Suid-Afrika (Dawes, Bray & Van der Merwe 2007:x).

<sup>123</sup> Die monitering van die situasie van kinders sluit in die assessering van die konteks wat kinders se ontwikkeling uitdaag of ondersteun asook die uitkomst van ontwikkeling wat kinders in hul konteks bereik al dan nie.

die inisiatiewe van die staat effektief,<sup>124</sup> doeltreffend<sup>125</sup> en diensgeoriënteerd<sup>126</sup> is (Dawes, Bray & Van der Merwe 2007:x). Die publikasie stel 'n regte-gebaseerde benadering<sup>127</sup> voor om die welsyn van kinders te monitor. Die motivering vir 'n regte-basis lê opgesluit in die indikatore wat ontwikkel word om die regering se dienslewering insake oorlewing, gesondheid, ontwikkeling en beskerming te monitor – sake waarop kinders 'n reg het en wat nodig word om hul welsyn en ontwikkeling te promoveer. Alhoewel die staat die beslissende verantwoordelikheid het om die regte van kinders deur die wetlike sisteem te beskerm asook om die basiese sosiale en ekonomiese toestande te voorsien waarin kinders se regte bevredig kan word, is lede van families en gemeenskappe ook sorgdraers wat die grootste bewustheid van en belangstelling in die behoeftes van elke kind behoort te hê (Bray & Dawes 2007a:17). 'n Verdere voordeel van die regte-gebaseerde benadering tot monitering is die verenigbaarheid daarvan met breër ontwikkelingsdoelwitte. Beide internasionale en nasionale makro-ontwikkelingsdoelwitte word toenemend met menseregtdoelwitte en bemagtiging verbind.

Die indikatore wat in Hoofstuk 2 van die publikasie ontwikkel is steun op bewyse wat kinders nodig het om te oorleef, gesond te wees, beskerm te wees, na hul potensiaal te ontwikkel, ekonomiese sekuriteit te hê en in die samelewing volwaardig te kan funksioneer (Dawes, Bray & Van der Merwe 2007:xvi). Die aard en funksie van indikatore, van toepassing op die kinderjare, word soos volg in die publikasie voorgehou (Bray & Dawes 2007a:12):

---

<sup>124</sup> Met effektief word geïmpliseer dat die uitkomst wat gestel is bereik word, kinderregte gepromoveer word in lyn met die grondwet en ander relevante instrumente, en dat die regering meer goed doen as wat skade aangerig word.

<sup>125</sup> Wanneer die regering se inisiatiewe as doeltreffend beskou word, benut die regering sy beperkte openbare hulpbronne vir die beste gevolg (Dawes, Bray & Van der Merwe 2007:x).

<sup>126</sup> Diensgeoriënteerd impliseer dat die staat landsburgers se behoeftes aan en verwagtinge van kinders se welsyn en ontwikkeling bevredig (Dawes, Bray & Van der Merwe 2007:x).


<sup>127</sup> Die regte-gebaseerde benadering steun op internasionale en nasionale wetlike bepalinge en beleid. Die moniteringsisteem wat hierdie publikasie voorstel, is eerstens gebaseer op die Suid-Afrikaanse grondwet wat afdeling 28 insluit wat uitsluitlik op die regte van kinders fokus. Afdeling 28 reflekteer die bepalinge van internasionale wetgewing en spesifiek die bepaling van die UNCRC en die ACRWC. Die besorgdheid van 'n regtebasis is nie alleenlik gerig op kinders wat regte het nie, maar ook op diegene wat 'n plig het om te verseker dat kinders se regte ondersteun en gehandhaaf word. Hierdie benadering sterk die hand van die mense wat namens kinders optree om van *sorgdraers* die voorsiening van goeie kwaliteit dienste te vereis wat 'n verskil kan maak in die welsyn van kinders (Bray & Dawes 2007a:17).



... statistical time series data that measure changes (or consistencies) in the conditions of children's lives, and in the health, achievement, behaviours and well-being of children themselves. They are numbers that tell us something significant about how today's children live and how we as a society are raising them.

Oor die afgelope aantal jare het daar in die monitering van kinders se uitkomste 'n paar groot denkskuiwe plaasgevind. In die verlede het navorsers hulleself hoofsaaklik met die monitering van kinders se basiese oorlewingsbehoefte bemoei; hulle het gefokus op die afwykende en negatiewe aspekte van kinders se lewens en was primêr geïnteresseerd in kinders se "well-becoming" (Bray & Dawes 2007a:13). Teen die agtergrond hiervan word die denkskuiwe verwoord as i) van die monitering van oorlewing na die monitering van welsyn; ii) van 'n fokus op negatiewe uitkomste na die insluiting van positiewe uitkomste; iii) van 'n klem op "well-becoming" na een op "well-being"; en iv) van tradisionele na nuwe domeine (Bray & Dawes 2007a:14).

Die volgende konseptuele raamwerk vir 'n regte-gebaseerde benadering tot die monitering van kinders se welsyn in die konteks van Suid-Afrika is deur Rachel Bray en Andrew Dawes (2007b:45) ontwikkel:



*Diagram 2.1: 'n Regte-gebaseerde benadering tot die monitering van kinders se welsyn in die konteks van Suid-Afrika*

Die eerste vlak van bogenoemde skematiese voorstelling verteenwoordig die statutêre en beleidsraamwerke wat met kinderregte verband hou. Die tweede en derde vlak bevat die kategorieë van aanwysers wat in die kinderregte en -welsyn moniteringsstelsel ingesluit is en waarvoor toepaslike maatreëls ontwikkel moet word (Bray & Dawes 2007b:44).<sup>128</sup>

'n Sleutelkenmerk van hierdie konseptuele raamwerk is dat die aanwysers meer as slegs kinderwelsyn hanteer en aanwysers insluit oor die kwaliteit van die kind se ontwikkelingskonteks, die versorgende stelsel en die dienste waartoe kinders 'n reg op

<sup>128</sup> In hierdie raamwerk word die reeks terreine gereflekteer wat gemoniteer behoort te word indien die belofte van 'n regte-gebaseerde benadering vervul wil word (Bray & Dawes 2007b:45).

toegang het (Bray & Dawes 2007b:44). Die volgende vier stappe is gevolg om hierdie moniteringsstelsel soos in Diagram 2.1 geïllustreer saam te stel (Bray & Dawes 2007b:46-50).

*i) Spesifisering van kinders se statutêre regte*

Die eerste stap in die ontwikkeling van hierdie moniteringsstelsel was om die regte te identifiseer wat aan kinders verleen word. Daar is sterk gesteun op drie groepe wette, naamlik die internasionale instrumente wat deur Suid-Afrika bekragtig is, die Suid-Afrikaanse grondwet en relevante wette en regulasies op die situasie van kinders van toepassing. Bray en Dawes (2007b:46) beveel aan dat die spesifikasie van regte primêr gebaseer behoort te word op die Suid-Afrikaanse grondwet en ander verwante nasionale beleid wat natuurlik met die UNCRC in lyn is. Streeks- en internasionale raamwerke soos die ACRWC word die beste benut om die definiëring van die aanwysers vir bepaalde areas van kinderregte of aspekte van kinderwelsyn wat nie in nasionale beleid gedek word nie<sup>129</sup> te rig.

*ii) Inkorporeer beleidsraamwerke*

In hierdie stap is dit nodig om die voorsorg wat Suid-Afrika vir kinderregte maak, soos dit in nasionale beleid en wetgewing gereflekteer word, te identifiseer. Hierdie stap vereis dat nie alleen die beleid en wetgewing wat spesifiek met kinders verband hou ondersoek moet word nie, maar ook ander wat ingeskakel is by breër doelwitte soos die vermindering van armoede en ongelykheid.

Om die verandering in beleid en wetgewing wat kinders beïnvloed na te speur is 'n belangrike aspek van regte-gebaseerde monitering. 'n Aanwysersstelsel moet daarom aanpasbaar genoeg wees om by hierdie veranderinge aan te pas wanneer dit plaasvind. As die resultaat van veranderinge in beleid en wetgewing sal die aanwysers en maatreëls vanselfsprekend ook verander.

---

<sup>129</sup> Byvoorbeeld die reg tot deelname en verteenwoordiging wat onder Artikels 12 en 13 van die UNCRC gedek word (Bray & Dawes 2007b:46).

'n Kritiese dimensie van hierdie tweede stap is om toepaslike maatreëls te identifiseer om die toewysing van hulpbronne aan kinders op die basis van die gespesifiseerde regeringsbeleid en wetgewing te monitor.<sup>130</sup>

Dit is volgens Bray en Dawes belangrik om regte en wetgewing as instrumente van bemagtiging vir kinders te sien (Bray & Dawes 2007b:47). Dit het egter nie direkte impak op kinders se welsyn en ontwikkeling nie. Regte en wetgewing se effek word eerder uitgeoefen deur *sorgdraers* en die toestande en maatreëls wat vir kinders ontwikkel word as 'n uitvloeisel van die wet. Kinders se uitkomst is 'n produk van hierdie toestande en maatreëls (soos armoedeverligting, goeie onderwys, ens.), maar meer fundamenteel, die uitkomst is 'n produk van individuele biologie, sosialisering, portuurgroep- verhoudinge en 'n menigte ander faktore. In die lig van bogenoemde waarsku die outeurs teen 'n benadering wat te wetlik reduksionisties is.

### iii) *Groepering van regte*

As derde stap vereis die sisteem die identifisering van toepaslike terreine waarop kinderregte gegroepeer kan word. Hierdie stap behels die organisering van regte en welsyn op 'n wyse wat in die huidige verstaan en praktyk inpas. Op internasionale vlak word kinderregte op vier terreine gegroepeer, naamlik oorlewing, beskerming, ontwikkeling en deelname, soos gesien in Diagram 2.1 onder "Status van Kinders". Hierdie kategorieë is volgens Bray en Dawes bruikbaar as 'n gids om aanwysers te selekteer, aangesien hulle daartoe meehelp dat daar verder as die tradisionele benaderings beweeg word wat slegs kinders se oorlewing en beskerming monitor (Bray & Dawes 2007b:47). Dit is nuttig om die mate waarin kinders gesond is, veilig voel, ekonomiese sekuriteit beleef en namate hulle ontwikkel en positief in die samelewing deelneem, te monitor.

'n Regte-gebaseerde benadering is net so besorg oor veranderinge in gelykheid, nie-diskriminasie en deelname, as wat dit is met die verwagte areas van verandering in

<sup>130</sup> Die toewysing van hulpbronne kan direkte beleggings (soos skoolvoedingskemas) of indirekte beleggings op die vlak van die familie, gemeenskap en selfs die samelewing wees. Voorbeelde sluit in inisiatiewe om die lewenstandaard van arm huishoudings te verhoog; om die sosiale en fisieke omgewing van woonbuurte en skole te verbeter; of om kinders se toegang tot en deelname in die nasionale media te bevorder (Bray & Dawes 2007b:29).

die oorlewing van kinders. Bray en Dawes (2007b:47) stel dat die uitdaging juis is om hierdie dimensies van kinders se omgewing en ervaring te meet.

*iv) Vyf-tipe-benadering tot die ontwerp van aanwysers*<sup>131</sup>

Meting word op die laagste en mees konkrete vlak van die raamwerk uitgevoer. Die raamwerk poog om die beskrywing van die status van die land se kinders ooreenkomstig die vyf tipes aanwysers, soos aangedui in Diagram 2.1, moontlik te maak. Die vermoë om hierdie sisteem effektief te benut word deur die beskikbaarheid van data bepaal.

**Tipe 1:** Die status van die kind

Hierdie indikatore meet die status van die kind op verskeie terreine: gesondheid, veiligheid, opvoeding, ekonomiese en maatskaplike sekuriteit of deelname. Terwyl die meeste aanwysers op hierdie vlak ontleen word aan bevolkingstudies en administratiewe data is kwalitatiewe data, gebaseer op kinders se deelname, volgens Bray en Dawes ook van groot belang. Kwalitatiewe data kan 'n meer genuanseerde beeld bied oor hoe kinders se situasie daar uitsien. Afgesien van die inligting wat vanuit die kind se perspektief voorsien word, vervul die data wat afkomstig is van kinders se deelname in 'n navorsingsproses 'n belangrike rol in die daarstel van aanwysers en maatreëls vir kwantitatiewe opnamedoeleindes.

**Tipe 2:** Familie en huishoudelike omgewing

Hierdie aanwysers meet die kwaliteit van kinders se primêre tuisversorgingsopset. Dit sluit in maatreëls vir die kwaliteit van sorg en sosiale aanwysers soos dienste (elektrisiteit en sanitasie), inkomste en werk vir 'n spesifieke huishouding. Hierdie tipe data maak die daarstelling van kindgesentreerde statistieke moontlik, byvoorbeeld die persentasie skoolgaande kinders wat toegang het tot elektriese lig in plaas daarvan om slegs die persentasie huishoudings wat elektrisiteit het, beskikbaar te hê.

---

<sup>131</sup> Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat dieselfde aanwyser onder meer as een tipe ingesluit kan word. Immunisering is byvoorbeeld 'n tipe 1-aanwyser wat die gesondheidstatus van kinders meet. Dit kan egter ewe goed benut word om op kinders se toegang tot dienste te wys. Dan is dit 'n tipe 4-aanwyser (Bray & Dawes 2007b:47).

Wanneer die kwaliteit van die kindersorg omgewing gemoniteer word, is dit nodig om ook die fisieke komponente van die omgewing te meet, byvoorbeeld die beskikbaarheid van skoon water, toepaslike sanitasie en elektrisiteit en die kwaliteit van die behuising.

Meting van kinderarmoede is vanselfsprekend belangrik, aangesien dit 'n reeks faktore impliseer wat kinders se ontwikkeling negatief beïnvloed. Die aanwysers wat Bray en Dawes ontwikkel het, word op so 'n wyse hanteer dat relevante en stawende getuienis aangewend word om 'n reeks van sleutelrisiko's vir kinders se welsyn en ontwikkeling te spesifiseer en te meet, terwyl beskermende faktore wat veerkragtigheid ("resilience") bevorder ook ingesluit word (Bray & Dawes 2007b:45-50). Met so 'n holistiese perspektief op die invloed van armoede op kinders word in ag geneem dat 'n beduidende hoeveelheid kinders wat in omgewings van armoede grootgemaak word, ten spyte van hul ontberings, met bates en positiewe eienskappe ontwikkel.

Die huis is ook die plek waar beserings plaasvind en waar kinders aan geweld, alkohol en dwelmmisbruik, kindermolestering en mishandeling blootgestel word. Dit is net so belangrik om hierdie aspekte te meet ten einde 'n aanduiding te kry van die mate waarin kinders deur hierdie toestande by die huis beïnvloed word. Die kind se huis kan in hierdie tipe ook verwys na die ouerhuis van pleegouers waar die kind tuisgaan.

### **Tipe 3:** Woonbuurt en omliggende omgewing

By hierdie tipe aanwyser word die inligting wat oor huishoudings van 'n spesifieke area versamel is, saamgevoeg en gebruik om die ruimtes waarin 'n aantal kinders woonagtig is te beskryf. Eenhede van ontleding vir hierdie tipe meting is moeilik en moet met groot omsigtigheid gekies word. Afhangende van die doel van die meting, kan hierdie tipe aanwyser plekname, sub-plekname, gesondheidsdistrikte, polisiëringsgebiede, maatskaplike dienstedistrikte en so meer insluit. Dit is op hierdie vlak dat klein-area aanwysings van kinderwelsyn saamgestel kan word sodat inligting voorsien kan word om bepaalde beleid te teiken.

**Tipe 4:** Toegang tot dienste

Hierdie aanwysers beskryf toegang tot dienste waarop kinders 'n reg het en wat hul welsyn en ontwikkeling ondersteun. Voorbeelde sluit in toegang tot skool; vervoer om by die skool te kom; klinieke; regsdiens; en maatskaplike dienste (insluitend toegang tot toelaes). Hierdie kategorie van aanwysers sluit in die bestaan van fasiliteite asook die *service coverage* (bv. skoolinskrywing en -bywoning).

**Tipe 5:** Die kwaliteit van dienste

Ook die kwaliteit van dienste behoort aan meting onderwerp te word. Hieronder ressorteer: gesondheids- en opvoedkundige dienste, insluitend die vlakke van opleiding waarvoor personeel beskik; die kwaliteit van die personeel se interaksie met kinders; die kwaliteit en toepaslikheid van die behandeling (bv. in 'n kliniek, 'n polisiestasie), en die kwaliteit van relevante infrastruktuur (bv. hoewe wat oor toepaslike fasiliteite beskik vir gevalle wanneer kinders moet getuig). Die kwaliteit van dienste kan ook insluit die residensiële plekke waar kinders vir versorging geplaas word asook die plekke waar kinders in die geregtelike sisteem (bv. na 'n hofbevel) aangehou word. Maatstawwe vir beide menslike en fisieke omgewing is ook hier van toepassing.

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat hierdie moniteringstelsel nie kinderregte moniteer nie, maar dat dit wel 'n regte-benadering tot die monitering van kinderwelsyn promoveer. Die raamwerk wat Bray en Dawes (2007b:50) aanbied, het betrekking op die kontekste waarin kinders woon, soos hul familielewes, hul sosio-ekonomiese situasie en die kwaliteit van hul gemeenskapslewes. Hierdie stelsel voorsien ook 'n meganisme waarmee die taakverrigting van sorgdraers nagespeur kan word. Die moniterings-raamwerk lê die verpligtinge op drie maniere vas:

- Eerstens, deur die meting van kritiese uitkomstes vir kinders, wat onder die volgende hoofafdelings gegroepeer kan word: die reg op oorlewing; die reg op beskerming; die reg op ontwikkeling; en die reg op deelname.
- Tweedens, deur die assessering van die mate waarin kinders gedien word deur spesifieke konstitusionele en ander statutêre en regulerende bepalings.

- Dersens, deur gereelde monitering van kinders se toegang tot dienste, die kwaliteit daarvan, en die mate waarin dienste die beoogde uitkomst bereik.

Diegene wat wetlik vir die welsyn van kinders verantwoordelik is, is sorgdraers wat ouers, ander versorgers, diensverskaffers (soos onderwysers en mediese personeel), die administratiewe sisteem en politieke gesagsdraers, insluit. Vanweë die kroniese armoede en 'n gebrek aan hulpbronne waarmee baie Suid-Afrikaanse diensverskaffers en versorgers gekonfronteer word, is dit noodsaaklik dat die regering hulpbronne beskikbaar stel sodat hulle hul verantwoordelikhede teenoor kinders kan nakom (Bray & Dawes 2007b:51).

Die benutting van hierdie moniteringsstelsel is afhanklik van betroubare en verteenwoordigende data. Daarom stel Bray en Dawes voor dat ernstige oorweging geskenk sal word aan die ontwerp en implementering van 'n gereelde nasionale opname wat spesifiek op kinders fokus (Bray & Dawes 2007b:52). Op hierdie wyse kan data ingesamel word oor die situasie van Suid-Afrikaanse kinders wat nie gereedelik beskikbaar is deur administratiewe stelsels nie. So 'n opname kan inligting afkomstig van ander bronne komplementeer.

Bogenoemde meetinstrumente wat benut kan word om kinders se welsyn wêreldwyd te monitor, kan ook 'n aanduiding wees van die tipe beleidsagenda wat op nasionale en internasionale vlak nodig is om kinderarmoede en ontbering aan te pak.

## **2.5 Kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleidmaking**

Uit die voorafgaande twee afdelings kan daar verskeie oorsake van die problematiese lewensomstandighede van 'n groot aantal kinders wêreldwyd asook in Suid-Afrika geïdentifiseer word. Hierdie afdeling fokus op enkele oorsake wat in die vorm van kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleidmaking ten opsigte van die bevordering van kinders se belange aangewys kan word. Die rede waarom dit as uitdagings geformuleer is, is om 'n agenda aan die prakties-teologiese gemeenskap voor te lê om konstruktief die uitdagings vir navorsing, intervensie en beleidmaking in sy drie



publieke van teologiese beïnvloeding te aanvaar en aan te pak. Volgens die Kinderontwikkelingsindeks benodig veral drie geïntegreerde areas van beleidsverandering, naamlik die prioritisering van kindervoeding, die promovering van billike ontwikkeling en die ondersteuning van vroue se ontwikkeling en bemagting, meer volgehoue aandag van die kant van die regerings van ontwikkelende lande; die gemeenskap wat befondsing bied; die privaatsektor; en nie-regeringsorganisasies (Save the Children, UK 2008:14). Ook die bevordering van geslagsgelykheid, die sosiale status en insluiting van kinders in die samelewing, en die prioritisering van vroeë kinderjare-ontwikkeling word in hierdie afdeling beklemtoon as kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleid.

### ***2.5.1 Prioritisering van kindervoeding***

Die Kinderontwikkelingsindeks beklemtoon die relatiewe verwaarlosing van kindervoeding as 'n knelpunt. Dit is ten spyte van die feit dat een-derde van alle kindersterftes globaal aan die wanvoeding van moeders en kinders toegeskryf kan word. In Suid-Asië en sub-Sahara Afrika, is een-derde van alle kinders onder vyfjarige ouderdom ondervoed. Die presiese getalle van kinders wat ondergewig is, is in sub-Sahara Afrika selfs aan die toeneem (Save the Children, UK 2008:14). Wanvoeding het ook vernietigende gevolge vir kinders se ontwikkeling wat betref verswakte intellek, swak weerstand teen infeksies, belemmerde groei, produktiwiteit wat ondermyn is asook risiko's van komplikasies tydens kindergeboortes (Panter-Brick 2003:118). By jong kinders word ondergewig en belemmerde groei ook geassosieer met apatie, verminderde positiewe gevoelsinhoud, laer vlakke van spel en meer onsekere binding as by kinders wie se groei nie vertraag is nie. Studies oor 'n langer tydperk het verdere probleme met gedrag, verswakte konsentrasie en swakker sosiale verhoudinge by kinders van skoolgaande ouderdom getoon (Walker, Wachs, Meeks Gardner, Lozoff, Wasserman, Pollitt, Carter en die *International Child Development Steering Group* 2007:146).

Die ontoereikende vordering teen kinderwanvoeding kan gedeeltelik toegeskryf word aan tendense in beleidmaking en die toewysing van hulpbronne wat tasbare gesondheidsmiddele, soos muskietnette en inentings beklemtoon, eerder as om voeding as 'n integrale deel van gesondheids- en armoedestrategieë te prioritiseer. Daar is baie

min voorstanders wat voeding in internasionale ontwikkeling promoveer. Donateurs gee baie selde strategiese prioriteit daaraan om wanvoeding as uitdaging aan te pak of te moniteer, en daarom word min direkte fondse daarvoor toegewys. Wanvoeding word dikwels nie gesien as fundamenteel tot ontwikkeling nie en die meeste donateurs toon 'n gebrek aan 'n samehangende, multisektorale strategie om dit effektief aan te pak (Save the Children, UK 2008:14).

Die onlangse vaspens van voedsel- en brandstofpryse het die dringendheid om wanvoeding aan te pak versterk. Die Wêreldbank het beraam dat 'n addisionele 44 miljoen mense ondervoed sal wees as gevolg van die styging in voedsel- en brandstofpryse. Die effek op kinders kan permanent en ingrypend wees soos huishoudings die koste van 'n behoorlike dieet verder buite hulle bereik vind (Save the Children, UK 2008:14).

*Save the Children, UK (2008:17)* is van mening dat die regerings van ontwikkelende lande, die burgerlike samelewingsgroeperinge, die privaatsektor en internasionale donateurs hul pogings om kindervoeding 'n sentrale ontwikkelingskwessie te maak daadwerklik moet verhoog. Bogenoemde rolspelers behoort inisiatiewe soos kontantoordragte, gemeenskapsondersteuning- sisteme en borsvoedingprogramme te ondersteun en hulpverlening rakende voeding te integreer met strategieë wat gerig is op die versterking van gesondheidsisteme en die vermindering van armoede. *Save the Children, UK (2008:17)* maak ook die aanbeveling dat hierdie rolspelers in hul pogings om kindervanvoeding te verlaag die impak van hul werk moet evalueer en verslag daarvan moet doen asook data-insameling behoort te verbeter. Verbetering in kinders se voeding sal alleenlik volhoubaar wees indien dit gelyklopend plaasvind met billike ekonomiese ontwikkeling en die opleiding en bemagtiging van vroue (Save the Children, UK 2008:14).

### ***2.5.2 Promovering van billike ekonomiese ontwikkeling***

Ekonomiese groei is noodsaaklik maar nie 'n genoegsame voorwaarde om kindervanvoeding te bevorder nie. Oor die algemeen vaar meer welgestelde lande wel beter in terme van die vansyn van kinders. Dieselfde rangorde van lande volgens hul inkomste en hul vordering

met kinders se welsyn, kan gevolglik van die KOI verwag word (Save the Children, UK 2008:14). Tog is daar verskeie betekenisvolle verskille. Malawi byvoorbeeld, is op die laagste posisie wat per capita inkomste aanbetref, maar in die 88ste posisie in die KOI. Malawi het 48 ander lande geklop wat 'n hoër per capita inkomste het (Save the Children, UK 2008:14).

Nogtans is 'n land se jaarlikse inkomstegroei baie belangrik vir die vermindering van armoede. Oor die algemeen neem inkomste armoede af namate ekonomiese groei plaasvind. Maar die mate van die impak daarvan op armoede word grootliks bepaal deur hoe inkomste verdeel word en hoe dit omgesit word in menslike ontwikkeling. Die verhouding tussen ekonomiese groei en verbetering in menslike ontwikkeling kan dus ongelyk en swak wees.<sup>132</sup> Dit is daarom belangrik dat ontwikkelende lande hul ekonomiese groeikoers verhoog, maar dan so dat die armstes so veel moontlik deur middel van die volgende drie benaderings uit die ekonomiese groei voordeel kan trek: die instaatstelling van arm burgers om aan die groeiproses deel te neem deur die voorsiening van maatskaplike beskerming en die toegang tot basiese dienste; die ondersteuning van werkskepping vir die armes, hoofsaaklik vir vroue en diegene in armer areas; en die versekering dat die regering hulpbronne doelgerig sal administreer, onder andere deur 'n deel van die begroting effektief toe te wys aan programme vir armoedeverligting en sodanige programme verantwoordelik te benut om armes en veral kinders se welsyn daadwerklik te bevorder (Save the Children, UK 2008:15, 17).<sup>133</sup>

Een van die kernsake in ongeveer elke land wat in die KOI gelys is, is dat kinderarmoede sterk vererger word deur die effek van ongelykheid. Waar kinders nie gelyke geleenthede

---

<sup>132</sup> Om armoede te hanteer vereis politieke wil, en baie navorsers hou vol dat dit die grootste hindernis in die weg van ontwikkeling is (Desai & Potter 2008:1; Save the Children, UK 2008:4).

<sup>133</sup> Sien die publikasie *Finance Development: Invest in Children* van Unicef wat in Maart 2002 verskyn het waarin die pleidooi gelewer word dat ontwikkelingspogings op die bevryding van kinders uit 'n toestand van armoede gerig behoort te wees. Finansiering vir ontwikkeling behoort die oogmerk te stel om vir kinders 'n gesonde begin in hulle lewe te gee. Die publikasie stel: "At a minimum, children need a package of basic social services of good quality health care, education and safe water and adequate sanitation, so that they can grow to their full potential, free of disease, malnutrition, illiteracy and deprivation" (Unicef 2002b:2).

het nie – byvoorbeeld om skool te gaan of toegang tot gesondheidsorg te verkry – is die uitkomst ook ongelyk (Save the Children, UK 2008:15).<sup>134</sup>

Oor die algemeen is die moontlikheid dat die wêreld se armste kinders voor die ouderdom van vyf sal sterf, twee keer meer as dié van die rykste families. Hulle is geneig om meer aan siekte en wanvoeding onderwerp te word as hul beter-af teenpartye; hulle is geneig om minder geletterd te wees; en geneig om hierdie moeilike omstandighede en agterstande na hul eie kinders oor te dra.<sup>135</sup> Dikwels is kinders in 'n land se laagste inkomstehuishoudings kenmerkend minderbevoorreg – byvoorbeeld die armste 20% van mense in Lesotho beskik slegs oor 1,5% van die land se inkomste, terwyl die rykste 20% oor meer as twee-derdes daarvan beskik (Save the Children, UK 2008:15).

Billike ontwikkeling en daarmee saam suksesvolle vroeë kinderontwikkeling-intervensies impliseer in die lig van bogenoemde die integrasie van gesondheid, opvoeding, voeding, sosiale en ekonomiese ontwikkeling en die noue samewerking tussen regerings-agentskappe en die burgerlike samelewing (Engle, Black, Behrman, De Mello Gertler, Kapiriri, Martorell, Young en die International Child Development Steering Group 2007:234).<sup>136</sup>

---

<sup>134</sup> Noble, Wright en Cluver het 'n waardevolle bydrae gelewer tot die konseptualisering, definiëring en meting van kinderarmoede in die konteks van Suid-Afrika deur middel van die benutting van 'n multidimensionele benadering tot kinderarmoede (Noble, Wright & Cluver 2007:53-71). Kinderarmoede word deur hulle beskou as veelvoudige ontbering. Daarom beveel hulle aan dat 'n model van kinderarmoede 'n multidimensionele absolute armoedekomponent ('n toestand gekenmerk deur ernstige ontbering van basiese menslike behoeftes) in die kern behoort te hê wat deur 'n relatiewe multidimensionele komponent (gebaseer op die vermoë om volledig aan die samelewing deel te neem) gekomplementeer behoort te word; verskillende dimensies of domeine van ontbering behoort te bevat; toegang tot goeie kwaliteit dienste in berekening geneem moet word; dit kindgefokus behoort te wees (die kind is die eenheid van ontleding – wat dit moontlik maak om armoede) op so 'n wyse te meet dat dit vir die lewe van die kind relevant is en dat kinders kan deelneem aan die definiëring van armoede; en die toepasbaarheid vir kinders van verskillende ouderdomsgroepe in ag sal neem (Noble, Wright & Cluver 2007:60).

<sup>135</sup> Kinders behoort as 'n buitelandse- en ontwikkelingsbeleidsprioriteit gestel te word. Die vlakke van kindersterftes, wanvoeding en gebrek aan skoolbywoning is 'n growwe skending van kinders se basiese regte en dit lei verder daartoe dat kinders nie volgens hul menslike potensiaal kan ontwikkel nie. Dit is belangrik dat die impak van ekonomiese, sosiale en politieke prosesse op kinders akkuraat en konsekwent gemeet word as 'n vertrekpunt vir die bevordering van hul regte, geleenthede en welsyn (Save the Children, UK 2008:17).

<sup>136</sup> Die Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing kan billike ontwikkeling van veral kleinboere, plaaswerkers en hul gemeenskappe ondersteun deur Fairtrade-produkte, oftewel billike handelsprodukte, op plaaslike winkelrakke te koop. Verbruikers betaal effens meer vir 'n Fairtrade-

### 2.5.3 Ondersteuning van vroue se onderrig en bemagtiging

Om te bepaal hoe meisies en vroue se beperkte geleentehede regstreeks met geringer kans op 'n menswaardige lewe verband hou en hoe dit kinders se welsyn beïnvloed, word die KOI ondersoek ooreenkomstig die ratio van geletterde vroue en mans in die 111 lande wat in die KOI betrek is (Save the Children, UK 2008:15). Die resultate het uitgewys dat die tien lande met die swakste geletterdheidsratio's hoë vlakke van kinderarmoede en -ontbering toon, met 'n gemiddelde indekstelling van 41,6. Daar is duidelik 'n sterk verhouding oor die tyd heen tussen vroue se bemagtiging en kinders se welsyn. Geletterde vroue is meer geneig om gesonde, gespasiëerde swangerskappe te hê en gevolglik gesonde kinders. 'n Studie van Smith en Haddad (1999), *Explaining Child Malnutrition in Developing Countries: A Cross-Country Analysis*, het bevind dat vroue se opvoeding die grootste bepalende faktor in kinderwanvoedingsyfers is (in Save the Children, UK 2008:16).

Om dogters en jong vroue met die nodige inligting te bemagtig is een van die kragtigste maniere om die armoedesiklus te verbreek en om 'n ondersteunende omgewing vir gesonde swangerskap en pasgeborenes te skep (Veneman 2008:iii). Dogters en jong vroue benodig veral inligting oor die risiko's van vroeë swangerskappe, MIV en Vigs, seksuele geweld en ander geslagsverwante misdade. Hierdie risiko's versterk op hulle beurt weer die bose kringloop van geslagsdiskriminasie, armoede en hoë sterftesyfers van moeders en pasgeborenes.

Volgens *Save the Children, UK* (2008:17) behoort daadwerklike pogings op plaaslike en nasionale vlak en regdeur die ontwikkelende wêreld geskep te word om die regte van

---

produkt, maar hierdeur kan hulle 'n bydrae lewer tot die bemagtiging van 'n gemeenskap. *Fairtrade Label South Africa* het in Mei vanjaar werk daarvan gemaak om hierdie handelsmerk plaaslik te begin vestig. Die konsep van billike handel wat op regverdige handelspraktyke geskoei is en waaruit kleinboere in ontwikkelende lande ook voordeel trek, word deur middel van Fairtrade gepromoveer. Kleinboere, plaaswerkers en hul gemeenskappe word ondersteun en bemagtig om 'n groter marktaandeel en sodoende ook meer geld vir hul produkte te kry.

Volgens Goossens, uitvoerende hoof van *Fairtrade Label South Africa*, lê die grondslag van billike handel in die sosiale ontwikkeling van gemeenskappe (in Van Wyk 2010:17). Kleinboere en plaaswerkers kry 'n premie terug bo en behalwe hul uitvoer- en verkoopprijs. Die premie word deur hulle gebruik om hul gemeenskappe te ontwikkel deur onderwys en infrastruktuur te verbeter (Van Wyk 2010:17). Tans vind 16 000 boere en plaaswerkers baat by Fairtrade. Wyn is volgens Erna van Wyk (2010:17) Suid-Afrika se grootste Fairtrade-produkt, gevolg deur koffie.

vroue en kinders en hul bemagtiging te promoveer.<sup>137</sup> Die bemagtiging van vroue en kinders is 'n wesenlike uitdaging en sal vereis dat die regering van ontwikkelende lande, burgerlike samelewingsgroepe, die privaatsektor en donateurs die kwaliteit onderrig van dogters en vroue prioritiseer en die finansiële, sosiale en kulturele hindernisse tot toegang daartoe aanpak; die ontwikkeling van die sektore waar vroue werk, soos landbou en die tekstielbedryf, promoveer deur produktiwiteit te verhoog; en vroue se werk en bemagtiging fasiliteer deur die voorsiening van gemeenskapgebaseerde kindersorg en toelaes vir kinderversorgers (Save the Children, UK 2008:17).<sup>138</sup> Vroue se onderrig en bemagtiging kan alleenlik bevorder word wanneer daar erns gemaak word met geslagsgelykheid in samelewings, gemeenskappe en huishoudings.

#### **2.5.4 Bevordering van geslagsgelykheid**

Geslagsongelykheid is 'n sentrale oorsaak van armoede en inhibeer vordering in die verbetering van kinders se welsyn. Geslagsongelykheid en sy impak op kinders gaan om meer as toegang tot dienste en is dikwels aan 'n kombinasie van verskeie vorme van uitsluiting te wyte. Daar word byvoorbeeld geskat dat bykans driekwart van die getal dogters wat skoolonderwys moet ontbeer uit minderheidsgroepe afkomstig is (Save the Children, UK 2008:16). Waar vroue minder mag het om hulleself uit te spreek, die huishouding se hulpbronne te beheer, of behoorlike werk te soek, is die impak op kinders beduidend (Save the Children, UK 2008:16). Navorsing wat in 2003 deur Smith en Haddad onderneem is, getiteld *The Importance of Woman's Status for Child Nutrition in Developing Countries*, het daarop gedui dat wanneer vroue se status met dié van mans gelykgestel word die getal kinders wat aan wanvoeding ly met 13,4 miljoen verminder kan word. Dit gebeur as vroue se kapasiteit bevorder word om hul eie voeding te verhoog, wat op sigself weer 'n rimpeleffek het op die verbetering van kinders se welsyn voor, tydens en na geboorte. Groter geslagsgelykheid verhoog ook vroue se bemagtiging

---

<sup>137</sup> 'n Menseregtebenadering tot die verbetering van moeders en pasgeborenes se gesondheid en ontwikkeling behoort te fokus op die verbetering van toegang tot gesondheidsorg en ander dienste. Die menseregtebenadering impliseer ook 'n fokus op die bestryding van diskriminasie op grond van geslag en van ongeregthede in die samelewing deur middel van kulturele, sosiale en gedragsveranderinge.

<sup>138</sup> In Jane Parpart se studie oor die herbesinning oor geslag en bemagtiging het sy bevind dat in gender-en ontwikkelingsdebatte daar die besorgdheid onder feministe was dat vroue nooit sal ontwikkel nie, tensy hulle genoegsaam bemagtig word om patriargie en globale ongelikheid uit te daag (Parpart 2008:356).

in besluite oor die voeding en versorging van hul kinders (Save the Children, UK 2008:16).

Indien daar 'n ondersteunende omgewing vir vroue en kinders se ontwikkeling en gesondheid geskep wil word, sal ekonomiese, sosiale en kulturele reëls en praktyke wat geslagsongelykheid en diskriminasie in stand hou, gedekonstrueer en uitgedaag behoort te word. In 'n konteks waar geslagsgelykheid gepromoveer word, sal vroue meer aangemoedig word en vrymoedig voel om aan kritiese besluitnemingsprosesse en aksies in huishoudings en in die ekonomiese en politieke lewe van gemeenskappe deel te neem.<sup>139</sup> Hulle sal ook bemagtig word om hul regte en noodsaaklike dienste vir hulleself en hul kinders op te eis.<sup>140</sup> Wanneer vroue bemagtig is om deel te neem in hul gemeenskappe kan hulle self die houdings en praktyke uitdaag wat diskriminasie op grond van geslag tot gevolg het, self werk verdeel, hulpbronne meebring, en kollektief inisiatiewe bedink en volhou om hul eie en hul kinders se ontwikkeling en gesondheid te bevorder (Unicef 2008:40).<sup>141</sup>

Die promovering van geslagsgelykheid impliseer voorts dat vaders ook bemagtig behoort te word om 'n meer aktiewe rol in die versorging van hul kinders op te neem.<sup>142</sup>

---

<sup>139</sup> *The State of the World's Children 2007: The Double Dividend of Gender Equality*, het verslag gedoen oor 'n opname wat oor demografie en gesondheid onderneem is (Unicef 2006a:17-19). Die studie het bevind dat in 'n aantal lande dwarsdeur sub-Sahara Afrika, Suid-Asië, Midde-Ooste en Noord-Afrika meer as een-derde van die vroue wat aan die opname deelgeneem het, gesê het dat hulle mans alleen die besluite oor hul gesondheidsorg neem. 'n Aansienlike persentasie vroue wat in 30 lande aan 'n opname deelgeneem het, het aangedui dat hulle nie volledig in die huishouding se besluitnemingsprosesse betrokke is nie.

<sup>140</sup> Vroue wat bemagtig is, is meer in staat daartoe om beheer oor hul eie lewe te neem, as veranderingsagente in hul eie gemeenskappe op te tree en aktief die beste belange van hul kinders en families na te streef (Unicef 2008:41).

<sup>141</sup> Die vernuf van vroue wat kollektief optree, is van die sterkste redes waarom vroue swangerskap en babas geboorte oorleef (Unicef 2008:40).

<sup>142</sup> Die geboorte van 'n kind, veral die eerste kind, is dikwels 'n keerpuntgebeurtenis in 'n man se lewe. Dit kan sy besef van homself as 'n sorgende, verantwoordelike persoon waarop ander mense staatmaak, laat kristalliseer. Om mans aan te moedig om vir hul swanger huweliksmaats en pasgebore kinders te sorg kan 'n betekenisvolle geleentheid wees om 'n lewenslange positiewe, ondersteunende verhouding te vestig. Wanneer mans ondersteun word om positief oor hulleself en hul verhoudinge te dink, kan hulle meer daartoe geneig wees om betrokke vaders te wees. 'n Man wat sy verantwoordelikheid vir ouerskap deel, is meer daartoe geneig om ook die huishouding se besluitneming met sy huweliks- en lewensmaat te deel (Unicef 2008:44).

### 2.5.5 *Bevordering van die sosiale status en insluiting van kinders*

In verskeie verslae<sup>143</sup> is al aangetoon dat kinders, saam met vroue, die mees kwesbare en magtelose groep van die wêreldbevolking verteenwoordig.<sup>144</sup> Dit gebeur dikwels dat kinders vanweë hul lae sosiale status in samelewings versteek, verwaarloos, uitgesluit en kwesbaar gelaat word.

*The State of the World's Children – 2006* met die titel *Excluded and Invisible*, beskryf die realiteit van kinders wat in samelewings uitgesluit en onsigbaar is. Baie van die kinders wat uitgesluit en onsigbaar is, bevind hulle volgens Ann M Veneman, die Uitvoerende Direkteur van Unicef, buite die bereik van wetgewing, programme, navorsing en begrotings (Unicef 2005:vii). Kinders wie uitgesluit word, is vir die doeleindes van hierdie verslag, gedefinieer as diegene wat die risiko loop om 'n omgewing te ontbeer wat hulle teen geweld, mishandeling, en uitbuiting beskerm. Dit verwys ook na die kinders wat nie in staat is om noodsaaklike dienste en goedere te bekom nie. Hierdie toestand bedreig hul vermoë om in die toekoms volledig aan die samelewing deel te neem (Unicef 2005:7).

Kinders kan uitgesluit word deur hul familie, die gemeenskap, regering, burgerlike samelewing, media, private sektor en ander kinders.<sup>145</sup> Alhoewel sosiale uitsluiting 'n wyd erkende fenomeen is, bestaan daar geen definisie waaroor daar gesamentlik besluit is nie (Unicef 2005:7). Waaroor daar wel breë konsensus is, is dat sosiale uitsluiting multidimensioneel is, wat ontbering van ekonomiese, maatskaplike, geslags-, kulturele en politieke regte insluit. Hierdie verstaan van sosiale uitsluiting maak daarvan 'n breër

<sup>143</sup> Sien byvoorbeeld *United Nations Children's Fund* (Unicef) en *National Children's Rights Committee* (NCRC) se publikasie *State of South Africa's Children: An Agenda for Action* (1); Unicef en NCRC: 'The neglected: Children and women in South Africa', in *Some Evidence of Things Seen: Children of South Africa* (Alberts, Tutu & Sachs 1997:21).

<sup>144</sup> Die kwesbare posisie van vroue en kinders kan onder andere toegeskryf word aan sterk hiërargiese en patriargale gesagstrukture wat in sommige samelewings oor generasies heen gevestig is. In hierdie tipe gesagstrukture word mag teenoor vroue en kinders gewoonlik misbruik.

<sup>145</sup> In baie gevalle word kinders uitgesluit weens diskriminasie op grond van geslag, ras, sosio-ekonomiese klas, gestremdheid of ouderdom, of weens die misbruik van mag wat kinders ontnem van selfvertroue, vrymoedigheid of 'n gevoel van menswaardigheid om in sake wat hul raak, deel te neem. In baie gevalle kan kinders se sosiale uitsluiting ook toegeskryf word aan 'n gebrek aan politieke wil om skaars hulpbronne kragtens die beloftes wat teenoor kinders gemaak is, toe te wys, of aan 'n onwilligheid om gevestigde destruktiewe magstrukture prys te gee vir 'n vennootskapsverhouding met kinders.



konsep as materiële armoede en sluit die versterkende sosio-politieke faktore in wat die basis van diskriminasie en benadeling in die samelewing is. Daar behoort daarom 'n sterk fokus te wees op die prosesse en agente wat die oorsaak is van hierdie ontbering ten einde insluiting en gelyke toegang tot geleenthede te verseker (Unicef 2005:7).

Daar is minder konsensus oor die dimensies van uitsluiting, maar die volgende drie algemene elemente word wyd erken as sentraal tot die multidimensionele aard van sosiale uitsluiting: i) Relasionaliteit: Uitsluiting kan alleenlik beoordeel word deur die omstandighede van sommige individue, groepe en gemeenskappe met betrekking tot ander op 'n gegewe plek en tyd te vergelyk. ii) Agentskap (“agency”): Mense word deur die optrede van een of ander agent uitgesluit. Hierdie fokus op agentskap kan help in die identifisering van die oorsake van uitsluiting en maniere oor hoe dit hanteer kan word. iii) Dinamika: Uitsluiting kan bo en behalwe die huidige omstandighede, ook op treurige toekomstige vooruitsigte gebaseer wees. Wanneer kinders van noodsaaklike dienste uitgesluit word, word hul vermoë om in hul gemeenskappe en samelewing in sowel die hede as die toekoms deel te neem negatief beïnvloed. Daar is egter ook die skending van kinders se regte – veral oortredings in die domein van kinderbeskerming en die staat se verwaarlosing van kinders wat buite die familie-omgewing woonagtig is – wat hul vryheid en moontlikhede beperk en hul verteenwoordiging of identifisering as 'n kind wat spesiale regte geniet, verminder (Unicef 2005:7).<sup>146</sup>

Sosiale uitsluiting word deur die volgende definisie van Burchardt, Le Grand en Piachaud (in Noble *et al.* 2007:59) direk met deelname aan die samelewing verbind:

An individual is socially excluded if (a) he or she is geographically resident in a society but (b) for reasons beyond his or her control he or she cannot participate in the normal activities of citizens in that society and (c) he or she would like to so participate.

Op sy beurt hou deelname volgens Steve Burkey, soos aangehaal deur Steve Mokwena (2001:21), met ontwikkeling verband. Hy stel dat deelname 'n essensiële deel is van menslike groei aangesien dit selfvertroue, trots, inisiatief, kreatiwiteit,

---

<sup>146</sup> Vergelyk Michael Noble, Gemma Wright en Lucie Cluver (2007:58-59) se beskrywing van die konsep sosiale uitsluiting.

verantwoordelikheid en samewerking met ander ontwikkel. Ongelukkig is die beginsel van kinders se deelname nog nie algemeen in Afrika op die vlak van die familie of van die staat aanvaar nie (Rwezaura 1998:296). Dit blyk egter dat dit 'n globale probleem is, aangesien baie kinders wêreldwyd verklaar dat hulle magteloos en uitgesluit voel (Ansell 2005:225). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die saak van kinders se deelname universeel ver van aanvaarding en realisering is.<sup>147</sup> Wanneer kinders egter aan ontwikkeling sou deelneem, is daar nie alleenlik voordele vir hulleself nie, maar selfs meer vir die gemeenskappe waarin hulle leef. Ansell (2005:236) stel die voordele as “... public education regarding children’s rights, more positive public attitudes and relationships to children, increased social capital and improved quality of life”.

Kinders wat om een of ander rede sosiaal uitgesluit word van noodsaaklike dienste en/of menswaardige deelname in hul huishouding en gemeenskap, loop die risiko om van hul kinderjare as 'n tyd om te groei, te leer, te speel, en veilig te voel, ontnem te word. In *The State of the World’s Children 2006* word gestel dat dit moeilik is om die gevolgtrekking te vermy dat die volwassenes van die wêreld in ons verantwoordelikheid faal om te verseker dat alle kinders hul kinderjare geniet (Unicef 2005:1).

Die sosiale status en insluiting van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing noop die verskillende sektore van die burgerlike samelewing om die regte van kinders te bevorder en op te tree namens die kinders wat beskerming en 'n kindervriendelike omgewing vir betekenisvolle deelname aan die samelewing benodig.

### ***2.5.6 Prioritisering van vroeë kinderjare ontwikkeling***

Die vroeë kinderjare, die tydperk van geboorte tot en met 9 jaar, is 'n kritieke periode vir kinders se oorlewing en ontwikkeling.<sup>148</sup> In hierdie tydperk is 'n instaatstellende

---

<sup>147</sup> Die deelname van kinders vereis 'n instaatstellende omgewing in die samelewing (vgl. Koren 2001:249; Bartholdsson 2003:128-141; David 2002:260).

<sup>148</sup> Die kinderjare is 'n kritiese periode vir fisieke, verstandelike, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling waartydens konsepte, vaardighede en gesindhede wat die fondasie vir lewenslange leer neerlê, verwerf behoort te word. Die vroeë kinderjare word ook erken as 'n ideale fase vir die oordrag van die waardes wat belangrik is vir die bou van 'n vreedsame, welvarende en demokratiese samelewing. Hierdie waardes sluit in respek vir menseregte, waardering vir diversiteit, onbevooroordeeldheid, verdraagsaamheid en geregtigheid (Departement Maatskaplike Ontwikkeling 2006:13).

omgewing noodsaaklik vir kinders om hul potensiaal te verwesenlik sodat hulle 'n positiewe ervaring van hul kinderjare kan hê en, wanneer hulle ouer is, aktiewe en waardevolle deelnemers aan die samelewing kan wees. Nadat die UNCRC in 1989 deur die Verenigde Nasies aanvaar is en dit in 1990 deel van internasionale wetgewing geword het,<sup>149</sup> is daar klem gelê op die voordele wat dit vir 'n samelewing inhou indien daar aan kwaliteit dienste en sorg vir kinders tot en met 9 jaar prioriteit gegee word. In Maart 1990 is die “World Conference on Education for All” (EFA) in Thailand gehou waartydens die belangrikheid van vroeë kinderjare ontwikkeling as 'n noodsaaklike deel van basiese opvoeding beklemtoon is (Pence 2004:6). Vandag is daar verskillende bewegings wat die belangrikheid van die vroeë kinderjare en holistiese programme en dienste promoveer wat die sorg, opvoeding en ontwikkeling van kinders kan bevorder. Hieronder tel: *Early Childhood Care and Education* (ECCE) van *United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization* (UNESCO); *Early Childhood Education and Care* (ECEC) van *Organisation for Economic Co-operation and Development* (OECD); *Early Childhood Care for Development* (ECCD) (konsultasiegroep); en *Early Childhood Development* (ECD)<sup>150</sup> van die Wêreldbank: *Association for the Development of Education in Africa – (ADEA)* (Pence 2004:5).

*The Lancet*, die wêreld se toonaangewende onafhanklike mediese tydskrif, het in Januarie 2007 'n reeks artikels oor vroeë kinderjare ontwikkeling in ontwikkelende lande gepubliseer. In die eerste artikel, “Developmental potential in the first 5 years for children in developing countries”, is die rasionaal aangebied waarom vroeë kinderjare ontwikkeling belangrik is vir navorsing, intervensie en toepaslike beleid (Grantham-McGregor, Cheung, Cueto, Glewwe, Richter, Strupp, en die International Child Development Steering Group 2007:60-70). Onder andere is gestel dat juis die eerste paar jare van lewe spesifiek belangrik is vanweë lewensbelangrike ontwikkeling wat in alle domeine van 'n kind se lewe plaasvind (Grantham-McGregor *et al.* 2007:60). Ongelukkig

<sup>149</sup> In 1990 het 20 lande reeds die UNCRC bekrachtig waarna dit in internasionale wetgewing opgeneem is.

<sup>150</sup> In die konteks van Suid-Afrika word vroeë kinderontwikkeling in die Witskrif vir Opvoeding en Opleiding gedefinieer as die proses waardeur kinders van geboorte tot ongeveer nege jaar groei en floreer – fisiek, verstandelik, emosioneel, spiritueel, moreel en sosiaal (Department of Education 1995). Sien die uitdagings van programme vir tuis- en gemeenskapgebaseerde vroeë kinderontwikkeling in die konteks van Suid-Afrika, soos gestel deur Linda Biersteker (2007:4).

word baie kinders jonger as 5 jaar blootgestel aan veelvoudige risiko's, insluitend armoede, wanvoeding, swak gesondheid en 'n gebrek aan stimulering in die ouerhuis wat kognitiewe, motoriese en sosiaal-emosionele ontwikkeling nadelig beïnvloed.<sup>151</sup> Die kwaliteit van die omgewing speel veral 'n ingrypende rol in die ontwikkeling van die brein. Navorsing wat op diere onderneem is, het bevind dat vroeë ondervoeding, ystertekort, omgewingsgifstowwe, spanning, swak stimulering en sosiale interaksie die breinstruktuur en -funksie beïnvloed (Grantham-McGregor *et al.* 2007:61).

Ongelukkig het swak kinderontwikkeling ook ekonomiese implikasies vir samelewings (Grantham-McGregor *et al.* 2007:66). Kinders van benadeelde gemeenskappe het in baie gevalle nie toegang tot die geleenthede om hul potensiaal te bereik nie. Hulle is gevolglik minder daartoe in staat om produktiewe volwassenes te wees en effektief by te dra tot ekonomiese groei en stabiliteit.<sup>152</sup> Die totale koste van kinders wat benadeel word in hul ontwikkeling word egter nog groter vir samelewings – die volgende generasie sal geaffekteer word en bestaande ongelykhede sal verder in stand gehou word, met gepaardgaande probleme. Waar groot getalle kinders se oorlewing en ontwikkeling geaffekteer word, sal nasionale ontwikkeling ook wesenlik beïnvloed word. Hierdie koste behoort opgeweeg te word teen die koste van intervensies (Grantham-McGregor *et al.* 2007:67).

In die tweede artikel, “Child development: Risk factors for adverse outcomes in developing countries”, geskryf deur Susan P. Walker, Theodore D. Wachs, Julie Meeks Gardner, Betsy Lozoff, Gail A. Wasserman, Ernesto Pollitt, Julie A. Carter, en die *International Child Development Steering Group* (2007:145-157) is vier sleutelrisiko's geïdentifiseer wat intervensie dringend benodig, naamlik die belemmering van groei vanweë onder- en/of wanvoeding; onvoldoende kognitiewe stimulering; anemie vanweë jodium- en ystertekort. Ander risiko's waarvoor intervensie benodig word, sluit onder andere in malaria, depressie by moeders en blootstelling aan geweld.

---

<sup>151</sup> Waar daar nie toepaslike omgewing vir vroeë kinderontwikkeling is nie, word die individuele welsyn (“well-being”) van kinders benadeel. Die effektiwiteit van vroeë kinderontwikkeling-programme kan volgens individuele welsyn-indikatore gemeet word.

<sup>152</sup> 'n Gebrek aan vroeë kinderontwikkeling-programme het ook implikasies vir kinders se ontwikkelingsuitkomst. Daarom kan die effektiwiteit van vroeë kinderontwikkeling-programme ook volgens *well-becoming*-indikatore gemeet word.

Die derde artikel, “Strategies to avoid the loss of developmental potential in more than 200 million children in the developing world” met die outeurs Patrice L. Engle, Maureen M. Black, Jere R. Behrman, Meena Cabral de Mello, Paul J. Gertler, Lydia Kapiriri, Reynaldo Martorell, Mary Eming Young, in samehang met die International Child Development Steering Group (2007:229-242) het die effektiwiteit van strategieë beoordeel om kinderontwikkeling te promoveer en om die verlies van kinders se ontwikkelingspotensiaal te voorkom of te versag. Op grond van die evaluering van die strategieë is aanbevelings gemaak vir navorsing, intervensie en beleid van toepassing op vroeë kinderontwikkeling.

Wat navorsing betref, is aanbeveel dat die kenmerkende eienskappe van kinderontwikkeling-programme wat effektief is en deur bestaande gesondheids-, voeding, opvoedkundige en sosiale beskermingsdienste uitgebrei en geïmplementeer kan word, geïdentifiseer behoort te word; die rol van vroeë kinderontwikkeling-programme in die versagting van die effek van veelvoudige benadeling, insluitend armoede, ondersoek behoort te word; ouerskapintervensies nagevors behoort te word om die mees effektiewe en meetbare strategieë te identifiseer; moontlike sinergieë tussen programkomponente geassesseer behoort te word om aanbevelings vir die implementering van programme te rig; ’n stel globaal aanvaarde maatstawwe en indikatore vir kinderontwikkeling wat deur lande vir monitering, beplanning en assessering aanvaar kan word, gedefinieer behoort te word; strategieë verbeter en geassesseer behoort te word om die effektiwiteit van die uitreik na benadeelde kinders, insluitend wese, te bevorder; die *evidence base* vir die effek van depressie by moeders, blootstelling aan geweld, die verlies van ouers, gifstowwe, malaria en ander aansteeklike siektes op kinderontwikkeling te versterk en om effektiewe intervensies te identifiseer om risiko’s en ernstige gevolge te verminder; ’n metode vir die skatting van die koste van verskillende modelle van vroeë kinderontwikkeling-programme te ontwerp en te toets (Engle *et al.* 2007:239).

Die aanbevelings wat gemaak is vir programme/intervensies<sup>153</sup> en beleid sluit in: implementering van vroeë kinderontwikkeling-intervensies gedurende kleutertyd deur

---

<sup>153</sup> Die kenmerke van suksesvolle vroeë kinderontwikkeling-intervensies is in hierdie artikel beskryf as die integrasie van gesondheid, voeding, opvoeding, sosiale en ekonomiese ontwikkeling asook

families en versorgers; toevoeging van groepleerervaring vir kinders van 3 tot 6 jaar, veral vir benadeelde kinders, as ’n armoedeverligting-strategie; versekering dat ontwikkelingsprogramme gesondheids- en voedingdienste met vroeë leer kombineer, kan staatmaak op ouers as vennote en dat die programme voldoende kwaliteit, intensiteit en duur het om kinders se ontwikkeling so koste-effektief as moontlik te bevorder; insluiting van vroeë kinderontwikkeling in huidige dienste en sisteme om die reikwydte van programme te verhoog; monitering van die effektiwiteit van programme met uitkomstemaatstawwe van kinderontwikkeling; bevordering van voorspraak vir die belang van vroeë kinderontwikkeling en vir die nadelige gevolge van die verlies van ontwikkelingspotensiaal vir individue en die samelewing; insluiting van vroeë kinderontwikkeling-programme in beleid en in finansiële toekennings op internasionale, nasionale en plaaslike vlak; ontwikkeling van koördineringsmeganismes vir regeringsministeries wat betref vroeë kinderontwikkeling; en versekering dat alle kinders voldoende voeding ontvang, insluitend mikronutriënte soos jodium en yster (Engle *et al.* 2007:238).

Gefokusde aandag op navorsing, intervensie en beleid wat die ontwikkelingskonteks en -uitdagings van kinders hanteer en bevorder, kan meebring dat kinders enersyds ’n positiewe ervaring van hul kinderjare (“well-being”) geniet en andersyds voorbereid is vir opvoedkundige en ekonomiese geleenthede wat oor hul pad kom (“well-becoming”).

## 2.6 Slot

Uit bogenoemde kontekstuele verrekening van kinders en hul omstandighede in Suid-Afrika is dit duidelik dat die teologiese gemeenskap met ’n gewigtige sosiale verantwoordelikheid teenoor kinders gekonfronteer word. Hierdie verantwoordelikheid

---

samewerking tussen regeringsagentskappe en die burgerlike samelewing; ’n fokus op benadeelde kinders; voldoende intensiteit, kwaliteit en duur wat direkte kontak met kinders wat reeds vroeg in hul lewe begin, insluit; ouers en families as vennote met onderwysers of versorgers in die ondersteuning van kinders se ontwikkeling; voorsiening van geleenthede vir kinders om hulle eie leer en ontdek van hul omgewing met ouderdom-gepaste aktiwiteite te inisieer en aan te spoor; kombinasie van tradisionele praktyke van kinders grootmaak en kulturele oortuigings met *evidence-based*-benaderings; en voorsiening van sistematiese indiensopleiding, ondersteunende en volgehoue supervisie, metodes om kinders se ontwikkeling te moniteer; en ondersteuning aan vroeë kinderontwikkeling personeel deur middel van goeie teoretiese en leer materiaal (Engle *et al.* 2007:234).

impliseer dat daar met die bediening aan kinders, veral dié in nood, erns gemaak behoort te word. Die agenda wat vanuit hierdie hoofstuk vir Teologie ten opsigte van kinders en hul belange gestel kan word sluit in: 'n verbintenis tot die bevordering van die welsyn van kinders in die samelewing; die onderneem van navorsing ten einde betroubare kindgesentreerde data te bied wat 'n bydrae kan lewer tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede en die monitering daarvan; Teologie in interaksie met gemeenskappe waar die agenda vir navorsing oor kinders gesamentlik bepaal word, die bevordering van 'n sosiale bewustheid jeens kinders deur middel van publikasies, 'n opleidingskurrikulum wat kinders se belange reflekteer en vennootskappe met gemeentes en ander strukture in die burgerlike samelewing; 'n praktyk van aktiewe luister na kinders se persepsies van die gebeure in hul alledaagse lewens in die onderskeie teologiese publieke; en effektiewe samewerking tussen die akademie, kerk en burgerlike samelewing met betrekking tot die verstaan van die kontekstuele realiteite van kinders in Suid-Afrika.

Hoe beter Teologie die konteks van kinders verstaan hoe meer toepaslik en relevant sal die teologiese gemeenskap op die kontekstuele uitdagings kan reageer, hetsy deur navorsing, intervensie en betrokkenheid in die proses van beleidmaking. Vanuit hierdie beskrywing van hoe die konteks van kinders in Suid-Afrika daarna uitsien en watter uitdagings dit aan die versorgers van kinders stel, word kinderregte as 'n respons en perspektief vir die bevordering van kinders se belange in die beoefening van Teologie aanbeveel. Hoofstuk 3 voorsien in fynere besonderhede die historiese en kontemporêre ontwikkeling van die kinderregtediskoers en -praktyk en watter implikasies die promovering daarvan vir die bydrae van Praktiese Teologie tot Teologie se hantering van kinders en hul belange, kan inhou.

## HOOFSTUK 3

# KINDERREGTE AS RESPONS: HISTORIESE EN KONTEMPORÊRE ONTWIKKELING<sup>154</sup>

### 3.1 Inleiding

Die vorige hoofstuk het 'n kritiese oorsig gebied oor die problematiese lewensomstandighede van baie van Suid-Afrika se kinders, meetinstrumente verduidelik wat benut kan word om die lewensomstandighede te moniteer en die kinderjare as 'n prioriteitsarea uitgewys vir navorsing, intervensie en beleidmaking. Beleid en wetgewing is onder andere nodig om te verseker dat die internasionale gemeenskap en nasionale regerings hulpbronne regverdig toewys en beskerming bied aan veral kwesbare groepe wie se lewenskwaliteit deur heersende kulturele, politieke en sosio-ekonomiese omstandighede bedreig word.

Beleidsmaking is 'n proses wat deur die politieke ideologieë van die dag beïnvloed word. Dieselfde is van toepassing wanneer dit kom by die formulering van wetgewing en beleid vir kinders. Daar is reeds in Hoofstuk 2 geargumenteer dat die kinderregte-ideologie op nasionale en internasionale vlak bygedra het tot die uitdaag van heersende beleid, perspektiewe, houdings en gedrag jeens kinders.

Beleid en wetgewing kan egter geen verandering in die daaglikse lewe van kinders stimuleer indien dit nie in die publieke arena gedryf en met politieke wil geïmplementeer word nie. Juis om dié rede wil hierdie studie die argument voer dat Praktiese Teologie 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in die Suid-Afrikaanse samelewing deur kinderregte as respons op kinders se lewensomstandighede aan te wend en te promoveer. In hierdie hoofstuk word kinderregte, ooreenkomstig die tweede taak van prakties-teologiese interpretasie, as 'n perspektief benut om te onderskei

---

<sup>154</sup> Dele van hierdie hoofstuk is ontleen aan twee hoofstukke “The rights of children: A new agenda for Practical Theology in South Africa” (Yates & Swart 2010:225-242) en “Childhood and child welfare in a social development context: An exploratory perspective on the contribution of the religious sector” (Yates 2010:153-174) wat in die publikasie *Religion and Social Development in Post-Apartheid South Africa: Perspectives for Critical Engagement* (Swart, Rocher, Green & Erasmus 2010) opgeneem is.



watter aksies in die leefwêreld van kinders nodig is en/of hoe bestaande aksies aangepas kan word (vgl. Osmer 2008:79-128). Hierdie hoofstuk neem sy ideologiese verwysing vanuit die kinderregte-ideologie wat gewortel is in die Suid-Afrikaanse grondwet, die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (hierna UNCRC) en die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* (hierna ACRWC). In die bespreking word beoog om 'n konseptuele basis te lê vir nadenke oor die promovering van kinderregte. Eerstens word 'n rasionaal aangebied waarom Praktiese Teologie kinderregte as respons kan aanwend vir die hantering van ontwikkelingsuitdagings wat kinders se beskerming, voortbestaan, ontwikkeling en deelname in die samelewing beïnvloed. Tweedens volg 'n historiese oorsig van pogings om 'n kinderregtediskoers en -praktyk nasionaal en internasionaal te vestig. Daarmee word aangedui hoe die nasionale en internasionale gemeenskap hulleself tot 'n kinderregte-agenda verbind het. Derdens word 'n kritiese bespreking aangebied van verskuiwings wat onder die invloed van onder andere die kinderregte-ideologie in kontemporêre denke oor kinders en hul welsyn plaasgevind het. Die hoofstuk sluit daarna af met proaktiewe riglyne vir die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika wat implikasies vir die beoefening van Praktiese Teologie mag inhou.

### **3.2 Rasionaal vir die promovering van kinderregte**

Die vraag kan gevra word waarom die konsep van kinderregte nodig is om in die lewensomstandighede van kinders in te gryp en dit te bevorder. Daar is sekerlik ook ander maniere om op kinders se nood te reageer, en elk van hierdie maniere van intervensie het hul eiesoortige beweegredes. Eerstens, intervensie in kinders se lewens is in baie gevalle gemotiveer deur die beskouing van kinders as slagoffers – weerloos, afhanklik, passief, swak en magteloos. Wanneer kinders teenspoed in die gesig staar, is volwassenes dan volgens hierdie beskouing geneig om kinders te beskerm, in te gryp en kinders uit hul omstandighede te red (Montgomery 2003:189-190). Die implikasie van hierdie beskouing is verder dat daar van regerings en ouers verwag word om besluite namens kinders te neem. Die voordeel van hierdie beskouing is dat dit moontlik is om intervensies direk op kinders se nood te rig. Hierdie tipe intervensies het die spesifieke fokus om kinders se lyding te versag (Montgomery 2003:195). Liefdadigheidswerk word

gewoonlik gerig deur hierdie beskouing van kinders en bring wel onmiddellike verligting in kinders se omstandighede. Hierdie tipe ingryping verander egter nie die omstandighede van kinders oor die langtermyn nie, aangesien sosiale geregtigheid of die oorsake van armoede en sosiale ongelykheid nie hanteer word nie (Montgomery 2003:195).

'n Tweede beweegrede vir ingryping in kinders se lewens is gebaseer op die gedagte dat kinders se potensiaal verweselik behoort te word om wanneer hulle ouer is aktiewe en waardevolle burgers in die samelewing te wees (Montgomery 2003:206). Hierdie verstaan van kinders werk met die konsep van menslike kapitaal. Volgens die perspektief van menslike kapitaal verteenwoordig 'n kind wat sterf 'n verlore geleentheid en belegging. In plaas daarvan dat kinders gesien word as 'n las op die samelewing, word hulle volgens hierdie perspektief beskou as 'n belegging vir die toekoms. Volwassenes is dus verplig om verantwoordelikheid vir kinders se welsyn te neem, aangesien kinders die volgende generasie van die samelewing is. Wanneer die regte hulpbronne aan kinders toegewys word, veral in hulle vroeë jare, kan en sal kinders ontwikkel om produktiewe burgers te wees (Montgomery 2003:206). Om kinders se welsyn te promoveer is daarom tot voordeel van 'n samelewing as geheel.

'n Derde benadering in die bevordering van kinders se lewenskwaliteit – waarby hierdie studie aansluiting vind – is om kinders se regte te erken (Montgomery 2003:213). Wanneer die eerste kinderregtedokument in die wêreld, naamlik die *Geneva Declaration of the Rights of the Child* van 1924 vergelyk word met die UNCRC wat in 1989 oopgestel is vir ondertekening, is die progressie in die beskouing van kinders opvallend. Die 1924 *Geneva Declaration* werk met die konseptualisering van kinders as swak en afhanklik. Dit beklemtoon volwassenes se verantwoordelikhede teenoor kinders en bevat die opdrag dat daar vanweë hul kwesbaarheid na kinders omgesien behoort te word (Montgomery 2003:213). Dit moedig ook kinders aan om in die toekoms bruikbare lede van die samelewing te wees. In teenstelling hiermee word die UNCRC in terme van kinderregte geformuleer. Die UNCRC is gebaseer op die verstaan van kinders as volledige sosiale wesens met regte wat hulle nou reeds as mense toekom. Kinders word deur dieselfde wette as volwassenes gedek, maar vanweë die erkenning van hul kwesbaarheid en sosiale status word bykomende regte aan hulle toegewys. Hierdie regte sluit die voorsiening van

noodsaaklike dienste en beskerming in, maar bykomend word daar vir die deelname van kinders ruimte geskep (Montgomery 2003:213).

Die rasionaal vir die promovering van kinderregte deur die teologiese gemeenskap en deur middel van die dissipline Praktiese Teologie lê in die lig van bogenoemde opgesluit in die denkskuif wat plaasgevind het van kinders as objekte van liefdadige hulpverlening en 'n belegging vir die toekoms na kinders as waardige burgers wat nou reeds tot die samelewing bydra.<sup>155</sup> Die denkskuif impliseer verder dat kinders waardeur word as volwaardige mense wie se regte gehandhaaf behoort te word ten einde hul burgerlike, sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele behoeftes te vervul.

Thomas Hammerberg (in Hamilton 1999:13), een van die oorspronklike lede van die *United Nations Committee on the Rights of the Child* (hierna CRC), het die UNCRC nie slegs as 'n wetlike instrument beskou wat intervensie toelaat ten einde die skending van kinderregte uit te skakel nie, maar eweseer as 'n politieke instrument wat veranderinge in sosiale gesindhede jeens kinders kan fasiliteer. Hierdie benuttingswaarde van die UNCRC het hy deur die volgende stelling beklemtoon:

The Convention will in all probability result in increased political attention being given to children and young people. The Convention can from now on serve as an “agenda” for the discussion of the actual circumstances of children.

Terwyl die waarde van die wet om sosiale en politieke verandering mee te bring erken word, kan die belangrikheid van die wet as 'n instrument wat die implementering van regte kan laat realiseer egter nie uitgesluit word nie (Hamilton 1999:13).

Die rasionaal vir die promovering van kinderregte kan ook bykomend verduidelik word aan die hand van die voordele wat die gebruik van die term “regte” en die implementering daarvan vir kinders inhou. Eerstens is die term “regte”, soos Toope (in Sloth-Nielsen 2004:340) dit uitwys, veel kragtiger as om slegs na belange, behoeftes en welsyn van kinders te verwys, aangesien regte as 'n medium vir wetlike advokaatskap

---

<sup>155</sup> Idees oor kinders wat redding nodig, word nou spesifiek deur kinderregte-organisasies, onder andere die *International Save the Children Alliance*, verwerp. *Save the Children* poog om eerder in vennootskap met kinders te werk as om liefdadigheidswerk te verrig (Montgomery 2003:213).

aangewend kan word om die handhawing van standarde vir kinders op te eis – standarde en eise waartoe politici hulle verbind het. Kinders sal in ’n baie sterker posisie wees wanneer hul eise in regterminologie uitgedruk kan word.

Tweedens kan kinderregte, wanneer dit goed gemoniteer word, verkeerde en onderdrukkende magsverhoudinge met kinders ontmasker.<sup>156</sup> Kinderregte kan riglyne bied vir hoe volwassenes in ’n vennootskapsverhouding met kinders kan tree waar kinders gerespekteer, gewaardeer en na geluister word.<sup>157</sup> Derdens en laastens is ’n bykomende voordeel van kinderregte-instrumente dat dit sal help om groepe kinders te identifiseer wat prioriteit behoort te geniet,<sup>158</sup> asook die sorgdraers wat vir hul regte verantwoordbaar gehou moet word.

Vir Praktiese Teologie om deur middel van teologiese refleksie, interdisiplinêre bespreking en intergodsdienstige dialoog<sup>159</sup> by die kinderregtediskoers en -praktyk betrokke te wees, is wesenlike begrip egter nodig van die huidige belang van die UNCRC en ander kinderregte-instrumente asook die vooruitsigte van toekomstige ontwikkelinge in die veld van menseregte. En bykomend hiertoe is ’n historiese begrip van pogings om ’n kinderregtediskoers en -praktyk nasionaal en internasionaal te vestig eweneens onontbeerlik.

### 3.3 Kinderregte as respons: ’n historiese perspektief

’n Verbintenis tot kinders se regte by wyse van bindende ooreenkomste kan ’n waardevolle bydrae lewer om die lewensomstandighede van kinders te verbeter. Sodanige regte is reeds deur die internasionale sowel as Suid-Afrikaanse gemeenskap

---

<sup>156</sup> Freeman is van mening dat ’n gemeenskap moreel arm is sonder regte en dat dit maklik kan gebeur dat verhoudinge op mag gebaseer is (Freeman 1983:32).

<sup>157</sup> sien byvoorbeeld die handleiding oor positiewe dissiplinering wat deur Joan E. Durrant (2007) geskryf is en deur *Save the Children*, Swede gepubliseer is. Hierdie handleiding is gebaseer op kinders se reg op gesonde ontwikkeling, beskerming teen geweld en deelname in hul leerproses.

<sup>158</sup> Hierdie groepe is meer kwesbaar vir die skending van hul regte. Kinders wat onder hierdie groepe ressorteer, is onder andere dogters, kinders met gestremdhede, weeskinders, MIV en Vigs-geïnfekteerde en geïnfekteerde kinders asook straatkinders.

<sup>159</sup> Daar kan met diegene in ander dissiplines en vanuit ander perspektiewe, maar wat ’n gedeelte besorgdheid oor kinders en hul regte het, in gesprek getree word.

onderskryf ten einde aspekte aan te spreek wat kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname aan die samelewing nadelig beïnvloed. Wat volg, is 'n verduideliking van die wyse waarop die internasionale en nasionale gemeenskappe hulle tot die saak van 'n kinderregte-agenda verbind het.

### ***3.3.1 Internasionale verbintenis tot 'n kinderregte-agenda***

Internasionale pogings om die konsep van kinderregte te promoveer het sedert die begin van die 20ste eeu deur vyf verskillende fases gegaan: Fase 1: 1901-1947; Fase 2: 1948-1977; Fase 3: 1978-1989; Fase 4: 1989-2000; en Fase 5: 2001 tot en met vandag (Alston & Tobin 2005:3-8). 'n Oorsig van hierdie fases soos verduidelik deur Alston en Tobin (2005:3-8) word vervolgens aangebied.

Inisiatiewe wat tydens die 19de eeu ontstaan het om kinders by die huis, werk, in die sorg van die staat, en tydens oorlog te beskerm, het bygedra tot 'n snel groeiende beweging gefokus op die pleidooi om kinders as individue in eie reg te beskou eerder as die eiendom van hul ouers of 'n wetlike voog. Hierdie bewegings het egter relatief min internasionale momentum tot gevolg gehad en het selde hul agendas in terme van kinderregte geformuleer (Alston & Tobin 2005:3).

In die eerste aantal jare van die 20ste eeu het die relatiewe onsigbaarheid van kinders op die internasionale agenda van die 19de eeu egter dramaties begin verander. Die reaksie op die noodroep oor werkende kinders wat uitgebuit is, die afgryse oor die seksuele uitbuiting van kinders en 'n diepe gemeenskapsbesorgdheid oor die situasie van kinders in tye van oorlog en die gevolge daarvan, het as primêre katalisator vir hierdie verandering gedien. In elk van hierdie areas het internasionale organisasies begin om 'n belangrike rol te speel en al hoe meer eksplisiet begin fokus op die impak van die relevante praktyke op kinders (Alston & Tobin 2005:3).

In hierdie eerste fase het die internasionale gemeenskap begin om effektief gebruik te maak van wetlike instrumente om hul breër pogings ter voorkoming van misbruike, te versterk en om die aanvaarding van spesifieke remediërende maatreëls deur lande aan te moedig. Baie van die internasionale standaarde met betrekking tot arbeid wat deur die *International Labour Organisation* in die eerste paar jaar na sy ontstaan in 1919 aanvaar

is, het direk op kinders gefokus en het gehelp om begrip te ontwikkel dat kinders in die arbeidsveld oor sekere regte beskik. In die areas van kinderhandel, uitbuitende arbeidspraktyke en slawerny, areas waarin kinders prominente slagoffers was, het die *League of Nations* 'n prominente rol gespeel (Alston & Tobin 2005:3). Om die bepalings van die *League's Covenant* wat op kinders betrekking gehad het te implementeer is 'n Kinderwelsynskomitee in die lewe geroep (Alston & Tobin 2005:4).

In die loop van 1920 het Eglantyne Jebb, die stigter van *Save the Children Fund UK*, in Genève 'n leidende rol gespeel in die vestiging van die internasionale koalisie, *Save the Children International Union*. In 1923 het die *International Union* 'n *Declaration on the Rights of the Child* wat deur Jebb saamgestel is, aanvaar. Op 26 September in die daaropvolgende jaar is dié verklaring sonder enige verandering deur die *League of Nations* onderskryf (Alston & Tobin 2005:4). Die beskermende regte van kinders soos uiteengesit in hierdie eerste internasionale verklaring was in wese 'n respons op die ervaring van oorlog en die uitwerking daarvan op kinders (Marshall & Parvis 2004:367). Hierdie aanvanklike dokument bevat vyf punte<sup>160</sup> en is toegespits op die reg van kinders op beskerming, versorging en opvoeding (Marshall & Parvis 2004:11). Die basiese gedagte met hierdie verklaring was dat kinders die reg het op die nodige hulpbronne vir hulle normale ontwikkeling (Schultz 2002:6). Terwyl die verklaring hoofsaaklik welsynsgeoriënteerd was, is dit nogtans wyd erken as 'n kritieke moment in internasionale pogings wat met kinders verband hou (Alston & Tobin 2005:4).

Die tweede fase het momentum begin kry met die vestiging van die Verenigde Nasies in 1945. Op hierdie stadium was daar relatief min aktiwiteite wat spesifiek met kinderregte verband gehou het. Tydens hierdie periode was die fokus veral op die opbou en versterking van 'n regime van menseregte as 'n geheel en is kinderregte nie van ander menseregte onderskei nie (Alston & Tobin 2005:4). Die weerstand om in die konteks van

---

<sup>160</sup> Die vyf bepalings van die 1924-Deklarasie is soos volg: i) Die kind moet van die middele voorsien word wat benodig word vir normale ontwikkeling, beide materieel en spiritueel. ii) Die kind wat honger, siek, gestremd, wees en dakloos is moet gehelp, beskerm en ondersteun word. iii) Die kind moet die eerste een wees wat verligting in tye van ellende ontvang. iv) Die kind moet in die posisie wees om lewensonderhoud te ontvang en moet beskerm word teen enige vorm van uitbuiting. v) Kinders moet grootgemaak word met die bewustheid van sosiale verantwoordelikheid wat beteken dat hulle talente tot diens van hul naaste aangewend moet word (Alston & Tobin 2005:4; Unicef 2009:2).

menseregte kinders van volwassenes te onderskei word gedemonstreer in die teks van elk van die drie groot menseregte-instrumente wat in die post-oorlogfase aanvaar is. Die *Universal Declaration of Human Rights* van 1948 verwys slegs op twee plekke na kinders en neem hoofsaaklik 'n beskermende benadering teenoor kinders aan.<sup>161</sup> Die *American Declaration of the Rights and Duties of Man*, wat sewe maande voor die *Universal Declaration of Human Rights* aangeneem is, volg dieselfde benadering, alhoewel dit tog pligte teenoor kinders pertinent uitspel. Die *European Convention on Human Rights*, wat twee jaar na die *Universal Declaration of Human Rights* aanvaar is, maak hoegenaamd geen melding van kinders nie (Alston & Tobin 2005:4).

In ander opsigte was die posisie van kinders na die Tweede Wêreldoorlog egter hoog op die agenda. Wat die regte van kinders betref, het nie-regeringsorganisasies die voortou geneem. In dieselfde jaar wat die *Universal Declaration of Human Rights* aanvaar is, is 'n hersiene konsep van die *Declaration of the Rights of the Child* deur die *International Union for Child Welfare* (hierna IUCW) aanvaar. Die belangrikste waarde van die 1948-Deklarasie was sy uitgebreide fokus op die kind en die oplewing in die belangstelling in kinderregte wat dit bewerkstellig het (Alston & Tobin 2005:4). Die deklarasie word ook gekenmerk deur die loodsing van 'n onderhandelingspoging met die Verenigde Nasies deur die IUCW<sup>162</sup> (Alston & Tobin 2005:5).<sup>163</sup>

In 1959 is die deklarasie verder uitgebrei. Die *Declaration of the Rights of the Child* van 1959 was in vele opsigte baanbrekerswerk. Die grootste bydrae van hierdie deklarasie

---

<sup>161</sup> Artikel 25 van die *Universal Declaration of Human Rights* het na die kinderjare as 'n tydperk verwys waartydens kinders op spesiale sorg en hulp geregtig is (Unicef 2009:2).

<sup>162</sup> Die IUCW het in 1946 deur die amalgamerings van *Save the Children International Union* en die *International Association for the Promotion of Child Welfare* tot stand gekom (Alston & Tobin 2005:5).

<sup>163</sup> Kathleen Marshall en Paul Parvis (2004:11) wys daarop dat hierdie 1948-Deklarasie deur die Verenigde Nasies (VN) tot sewe punte uitgebrei is. In hulle beskrywing van die geskiedenis van kinderregte merk Alston en Tobin (2005:5) egter in 'n voetnota op dat wyd daarvoor verslag gedoen is dat die VN se *General Assembly* in 1948 tot aksie insake die regte van kinders oorgegaan het. Daarom stel Unicef (2009:2) dit, net soos Marshall en Parvis (2004:11), dat die *General Assembly* 'n tweede *Declaration of the Rights of the Child* aanvaar het wat sewe punte van belang vir kinders insluit. Volgens Alston en Tobin (2005:5) het 'n deeglike ondersoek na die rekords van die VN se *General Assembly* vir 1948 getoon dat daar geen sodanige aksie van hul kant af was nie. Dit blyk dus dat die deklarasie van die IUCW van 1948 verkeerdelik toegeskryf is aan die VN se *General Assembly* en daarom word daar tot vandag 'n verwronge beeld gegee van die mate waartoe die VN op daardie stadium op kinderregte-kwessies gefokus was (Alston & Tobin 2005:5).

was die breë goedkeuring wat dit aan die konsep van kinderrechte<sup>164</sup> verleen het. Op daardie stadium het geen van die groot internasionale menseregte-instrumente, insluitend die *Universal Declaration of Human Rights*, die term “kinderregte” of “regte van die kind” gebruik nie. As sodanig is die deklarasie vandag steeds betekenisvol vir die fokus en perspektief wat dit bied op (i) kinders se emosionele welsyn;<sup>165</sup> (ii) die relatiewe prioriteit wat kinders se reg op hulp in nood betref; (iii) die behoud van die klem op die individuele kind en dié se regte (wat ’n groot bydrae van die 1924-deklarasie was); en iv) die erkenning van die sleutelrol van nie-regeringsrolspelers (Alston & Tobin 2005:5).<sup>166</sup>

Die 1959-Deklarasie het egter ook enkele tekortkominge gehad. Die eerste tekortkoming hou verband met die relatiewe gebrek aan ’n erkenning dat kinders geregtig is op burgerlike en politieke regte, bo en behalwe die reg op nie-diskriminasie in verhouding tot die spesifieke regte wat erken word. Tweedens is daar ’n te sterk klem op die behoefte om kinders teen gevare te vrywaar en te beskerm in plaas daarvan om kinders te bemagtig (Alston & Tobin 2005:5).<sup>167</sup>

Dit is ook opmerklik dat die 1924-Deklarasie dit stel dat middele wat nodig is vir kinders se normale ontwikkeling in sowel materiële as spirituele opsig aan hulle voorsien moet word. In die 1959-Deklarasie verander hierdie bewoording egter tog na ’n meer ontwikkelingsgerigte bewoording deurdat dit stel dat die kind geleenthede en fasiliteite gebied moet word om fisiek, verstandelik, moreel, spiritueel<sup>168</sup> en sosiaal te ontwikkel.

---

<sup>164</sup> In die 1959-Deklarasie word die reg op vryheid van diskriminasie, op ’n naam en nasionaliteit, opvoeding, gesondheidsorg en spesiale beskerming beklemtoon (Unicef 2009:2).

<sup>165</sup> Die 1959-Deklarasie verwys as volg na die kind se emosionele welsyn: “... the child needs love and understanding. He shall, wherever possible, grow up ... in an atmosphere of affection ...” (Alston & Tobin 2005:5).

<sup>166</sup> Die 1959-Deklarasie doen ’n beroep op ouers, mans en vroue as individue en op vrywillige organisasies, plaaslike gesagsliggame en nasionale regerings om die regte van kinders te erken en na die uitvoering daarvan te streef (Alston & Tobin 2005:5).

<sup>167</sup> Alhoewel die 1959-Deklarasie grootliks sy beskermende karakter behou het, is meer regte wat op ontwikkeling betrekking het asook die burgerlike reg op ’n naam en nasionaliteit ingesluit (Marshall & Parvis 2004:11).

<sup>168</sup> In beide die 1924- en 1959-Deklarasies is ontwikkeling op spirituele vlak beklemtoon wat indirek die belang van spiritualiteit in ’n kind se ontwikkeling erken.



Ten spyte van die regtebenadering wat in die 1959-Deklarasie gereflekteer word, het die meeste internasionale organisasies egter voortgegaan om volgens 'n welsynsgeoriënteerde benadering ten opsigte van kinders te werk. Dit was die 1959-verklaring wat die *United Nations Children's Fund* (Unicef) geïnspireer het om van 'n eng fokus op gesondheid en voeding te beweeg na 'n meer holistiese benadering tot kinders se welsyn wat in die 1960's na vore begin kom het (Alston & Tobin 2005:6).

Die ander groot ontwikkeling van hierdie era was die insluiting van kinders as 'n spesifieke kategorie van beskermde persone, in die konteks van die vier *Geneva Conventions on International Humanitarian Law* van 1949. Hierdie poging het veral gelei tot 'n betekenisvolle verbetering in die beskerming wat spesifiek aan kinders gebied is.

In 1966 is die *International Covenant on Civil and Political Rights* en die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* aanvaar. Hierdie twee verdrae het vir die beskerming van kinders teen uitbuiting voorspraak gedoen en die reg van kinders op opvoeding gepromoveer (Unicef 2009:3).

Die Internasionale Arbeidsorganisasie het in 1973 *Convention No. 138* oor die minimum ouderdom vir toegang tot werk aanvaar. Die minimum ouderdom vir werk wat skadelik mag wees vir 'n individu se gesondheid, veiligheid en waardes is op 18 gestel (Unicef 2009:3). 'n Verdere kenmerk van hierdie fase was dat die hantering van kinders in internasionale wetlike instrumente steeds onder moeders (en vroue in die algemeen) ressorteer, eerder as om spesifiek na kinders en hul regte te verwys (Alston & Tobin 2005:6).

Die derde fase is grotendeels gekenmerk deur die totstandkoming van 'n sterk bewussyn aangaande kinderregte op internasionale vlak. Die VN se General Assembly het in 1979 die *Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* aanvaar. In hierdie konvensie is spesifiek voorsiening gemaak vir die beskerming van die menseregte van meisies en vroue (Unicef 2009:3).

Vorbereidings vir die *International Year of the Child* in 1979 het die Poolse regering aangespoor om 'n wetlik bindende *Convention on the Rights of the Child* te ontwerp (Alston & Tobin 2005:6; Unicef 2009:3). Hierdie eerste stap het gedien as 'n goeie

katalisator vir 'n verskeidenheid van rolspelers om die belang van 'n regtegebaseerde benadering ten opsigte van ten minste sommige aspekte van die welsyn van kinders te waardeer. Dit het verder daartoe bygedra dat daar in die vernaamste internasionale organisasie gemoeid met kinders, naamlik Unicef, 'n element van 'n regtebewussyn ontwikkel het. Dié organisasie het minstens gepoog om die menseregte-dimensies so te beskrywe dat dit vir regerings minder bedreigend voorgekom het (Alston & Tobin 2005:6).

Vandag vorm menseregtekwessies soos kinderarbeid, kindersoldate en kinderhandel wat vroeër op die agenda van ontwikkelingsorganisasies ontbreek het, deel van die hoofstroom van hul aktiwiteite.<sup>169</sup> Hierdie stand van sake kan onder andere toegeskryf word aan die aktiwiteite rondom die ontwerp, aanvaarding en implementering van die UNCRC en die gepaardgaande vestiging van die kinderregtediskoers (Alston & Tobin 2005:7).

Die vierde fase het met groot optimisme vir menseregte in die algemeen begin met die val van die Berlynse Muur. Die onttrekking van Oos-Europese opposisie teen baie inisiatiewe wat die effektiwiteit van die internasionale menseregteregime wou bevorder, het gevolg asook die besef dat menseregte as een van die grondstene van 'n nuwe wêreldorde nodig was. Kinderregte het goed ingepas by hierdie nuwe etos (Alston & Tobin 2005:7). Tien jaar nadat die Poolse regering in 1979 die eerste konsep van die UNCRC ontwerp het, is 'n verwerkte konsep van die werkgroep, die VN se Menseregtekomitee, op 20 November 1989 deur die General Assembly van die VN aanvaar (Marshall & Parvis 2004:11-12; Koren 2001:246).

---

<sup>169</sup> Pogings om betekenisvolle en produktiewe verbintenisse tussen die agendas van die ontwikkelings- en menseregte-gemeenskap te promoveer het so vroeg soos 1968 begin. In werklikheid was een van die grootste prestasies van die eerste Wêreldkonferensie oor Menseregte, wat in 1968 in Teheran gehou is, presies die verklaring dat volgehoue vordering in die implementering van menseregte afhanklik is van stewig gefundeerde en effektiewe nasionale en internasionale beleid oor ekonomiese en sosiale ontwikkeling.

Ongeveer 'n dekade later in 1977 het die VN se Kommissie vir Menseregte nuwe impetus aan hierdie pogings gegee deur die bestaan van die menseregte op ontwikkeling aan te kondig. Dit het op sigself gelei tot die begin van grootskaalse dryfkrag en energie by ontwikkelde lande om die fokus van internasionale debatte oor menseregte te verbreed om 'n stel van ekonomiese en ander sake in te sluit, wat voorheen beskou is as uitsluitlik behorende tot die domein van nasionale en internasionale ontwikkelingsagentskappe (Alston & Robinson 2005:1).

Die UNCRC hou die rekord vir die vinnigste en mees universeel aanvaarde menseregtedokument in die geskiedenis van internasionale reg.<sup>170</sup> Voor die tiende verjaardag daarvan is dit deur alle lande onderskryf, met die uitsondering van Somalië en die VSA (Woodhouse 1999:15). Die verdrag berus op die vier pilare van basiese kinderregte, naamlik die reg op oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname. Daar is verskeie maniere om die regte vervat in die UNCRC te analiseer. Die bekendste een verwys na die vier P's wat beteken dat die UNCRC voorsiening maak vir kinders se reg op *Protection, Prevention, Provision* en *Participation*. Eersgenoemde twee dui op beskerming teen en voorkoming van die misbruik, verwaarlosing en uitbuiting van kinders, terwyl die UNCRC verder aan regerings die opdrag gee om tussenstaatse ontvoering en kinderhandel te voorkom. Voorts het kinders 'n reg op die voorsiening van dienste wat hul basiese behoeftes bevredig en hul oorlewing en ontwikkeling bevorder. Die laaste groep dek die regte wat die deelname van kinders aan besluitneming oor sake wat hulle raak, toelaat (Mahery 2009:314).

In 1990 is die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* (hierna ACRWC)<sup>171</sup> deur die *Organisation of African Unity* (hierna OAU)<sup>172</sup> ontwerp en aanvaar (Viljoen 2009:331). Dit is steeds nie wyd bekend in Suid-Afrika of in die res van Afrika nie, aangesien dit slegs vir ongeveer 'n dekade in werking is. Die bekragtiging daarvan deur vyftien OAU-lande is vereis voordat dit in werking gestel kon word. Ongeveer 'n dekade het verloop voordat die vereiste aantal lande die ACRWC bekragtig het en daarom is dit eers sedert 29 November 1999 in werking (Viljoen 2009:331).

Die ontwerp van die ACRWC was gemotiveer deur die behoefte om die UNCRC meer relevant te maak vir die knelpunte van die streek (Burr & Montgomery 2003:160; Viljoen

---

<sup>170</sup> In 2009 het Unicef berig dat 193 lande reeds die UNCRC bekragtig het (Unicef 2009:1).

<sup>171</sup> Sien die hoofstuk van Frans Viljoen oor die ACRWC vir 'n kritiese beskrywing van die bepalinge van die handves asook die implementering daarvan in die konteks van internasionale wetgewing oor menseregte (Viljoen 2009:331-350).

<sup>172</sup> Die OAU bestaan uit regerings van Afrika en voorsien 'n streeksforum wat kwessies betreffende die Afrika-streek hanteer (Burr & Montgomery 2003:160).

2009:335).<sup>173</sup> Die ACRWC hanteer daarom kwessies wat bepaaldelik vir mense van Afrika van belang is, soos onder andere apartheid, vlugtelingkinders, vroulike besnydenis en kinders in situasies van gewapende konflik.<sup>174</sup>

Die unieke uitdagings wat Afrikalande in die gesig staar, word erken en geïdentifiseer.<sup>175</sup> Die ACRWC beskryf verder die spesifieke kenmerke van die kinderjare in Afrika en verwys pertinent na die historiese agtergrond en die waardes van die Afrika-beskawing (Burr & Montgomery 2003:160). Die grootste verskil tussen die UNCRC en die ACRWC is die kwessie van kinders se verpligtinge en verantwoordelikhede. In die UNCRC word geensins na die konsep “verantwoordelikheid” verwys nie, behalwe in verhouding tot die staat. Ook as dit by kinders kom, word geen melding van verantwoordelikheid gemaak nie, behalwe in hulle verhouding tot ouers. Nêrens in die UNCRC word ’n kind gesien as een wat verpligtinge en verantwoordelikhede het nie. Die UNCRC konsentreer eerder op wat ouers vir hulle kinders behoort te doen.<sup>176</sup> Die UNCRC stel standarde vir die wyse waarvolgens die staat en ouers behoort saam te werk om kinderregte te verseker en om kinders te help om aan besluitnemingsprosesse deel te neem (Burr & Montgomery 2003:161).

Die ACRWC het dus ’n fokus wat in verskeie opsigte van die UNCRC verskil. Die individuele outonome kind wat in die UNCRC ’n draer van regte is, bestaan nie in dieselfde mate in die ACRWC nie. Soos Burr en Montgomery (2003:162) verduidelik, word daar van kinders verwag om vir hul families, hul gemeenskappe en uiteeraard vir Afrika as kontinent te sorg. Verder word families as baie meer interafhanklik beskou – ouers behoort net so op kinders staat te maak as wat kinders op hul ouers staatmaak.

---

<sup>173</sup> Volgens Viljoen is dit waar dat Afrika-lande se betrokkenheid in die ontwerpproses van die UNCRC beperk was. Die ontstaan en aanvaarding van die Afrika-kinderhandves is dus ook om politieke en wetlike redes gemotiveer (Viljoen 2009:335).

<sup>174</sup> Viljoen wys daarop dat ’n globale instrument soos die UNCRC die produk is van verskeie kompromieë. Spesifieke kwessies van streke word ter wille van konsensus opgeoffer. Daarom was daar vanuit ’n wetlike standpunt ’n behoefte vir ’n bykomende menseregte-instrument wat kwessies uniek aan kinders in Afrika hanteer (Viljoen 2009:335).

<sup>175</sup> In Afrika is meer kinders as volwassenes daaraan blootgestel om slagoffers van menseregteskendings te wees. Hulle regte word ook meer dikwels geskend as kinders van ander kontinente. Oorsake van menseregteskendings in Afrika, soos armoede, MIV en Vigs, oorlog, hongersnood en skadelike kulturele praktyke, het ’n vernietigende effek op die kontinent se kinders (Viljoen 2009:332).

<sup>176</sup> Sien byvoorbeeld Artikels 5 en 18 van die UNCRC ten opsigte van ouers se verantwoordelikhede.

Daarom kom regte saam met verantwoordelikhede en verwys die ACRWC daarna dat beide volwassenes en kinders verpligtinge sowel as regte het (Burr & Montgomery 2003:162). Hierdie handves komplementeer gevolglik die UNCRC deurdat dit kulturele aspekte wat eiesoortig aan Afrika is meer bevredigend hanteer.

Gedurende die 1990's het Unicef 'n betekenisvolle rol gespeel om die bekragtiging van die UNCRC aan te moedig en te fasiliteer. As deel van die poging het Unicef in 1990 'n baie suksesvolle *World Summit for Children* georganiseer waartydens wêreldleiers in New York vergader het om te besin oor die bevordering van kinders se welsyn. 'n *World Declaration on the Survival, Protection and Development of Children* sowel as 'n plan van aksie vir die implemetering daarvan is daar onderteken. 'n Aantal doelwitte is gestel om teen die jaar 2000 bereik te word (Office on the Rights of the Child 2001b:3; Unicef 2009:4).

Kinderregtegroepe het al hoe meer effektief begin funksioneer en het invloed gehad in verskeie wêreldkonferensies wat tydens die oorblywende termyn van die dekade plaasgevind het, soos dié oor bevolking en ontwikkeling (Kaïro, 1994), sosiale ontwikkeling (Kopenhagen, 1994), vroue (Beijing, 1995) en behuising (Istanboel, 1998) (Alston & Tobin 2005:7).

In 1991 is die VN se *Committee on the Rights of the Child* (CRC) in die lewe geroep en het met hul werksaamhede begin. Die CRC is primêr daarvoor verantwoordelik om die implementering van die UNCRC te monitor en leiding te bied ten opsigte van die interpretasie daarvan (Unicef 2009:8). Verder het die VN se Komitee vir Menseregte opdrag gegee vir verskeie kindspesifieke spesiale prosedures, en vir die eerste keer is 'n omvattende item wat met alle aspekte van kinderregte verband hou op sy agenda geplaas (Alston & Tobin 2005:7).

Op 'n normatiewe vlak is verskeie nuwe inisiatiewe van stapel gestuur wat gelei het tot die versterking van die wetlike raamwerk vir die beskerming van kinderregte. In 1999 het die Internasionale Arbeidskongres byvoorbeeld 'n nuwe konvensie aanvaar wat 'n groot stap vorentoe was in die internasionale stryd teen die uitbuiting van kinderarbeid, naamlik die *Convention concerning the Prohibition and Immediate Action for the*

*Elimination of the Worst Forms of Child Labour*. In die jaar 2000 is twee opsionele protokolle tot die UNCRC ook aanvaar, met name die *Involvement of Children in Armed Conflict*, en die *Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography* (Alston & Tobin 2005:7; Unicef 2009:4-5).<sup>177</sup>

Die vyfde fase het met die aanbreek van die nuwe eeu met sowel die versterking van as die reaksie op kinderregte 'n aanvang geneem.<sup>178</sup> Gedurende 2002 het die VN se *General Assembly* 'n "Spesiale Sessie oor Kinders" gehou waartydens honderde kinders as lede van amptelike afvaardigings deelgeneem het en wêreldleiers hulleself verbind het tot *A World Fit for Children* (Unicef 2009:5).

Hierdie gunstige ontwikkeling was egter nie standhoudend nie. Dit was veral duidelik in die wyse waarop nie-regeringsorganisasies (NROs) en internasionale agentskappe begin het om die ware omvang van die taak wat hulle vir hulleself gestel het te beseef. Hierdie tydperk is gekenmerk deur die reaksie van regerings wat gepoog het om op hul verbintnisse in die 1990's terug te gaan. Soos wat regerings ook al hoe meer onder finansiële en ander druk gekom het, is minder of selfs geen bepaalde prioriteit aan kinders gegee en het sommige regerings selfs begin om op 'n passiewe of selfs aktiewe wyse die eise van groter verantwoordbaarheid, wat tot die kern van die filosofie van die UNCRC behoort, teen te staan (Alston & Tobin 2005:7).

Daar is egter nie net negatiewe tendense wat hierdie fase kenmerk nie. Toenemende weerstand van regerings teen die noukeurige ondersoek en monitering wat deur die VN se Komitee vir die Regte van die Kind toegepas word, is in baie opsigte vandag 'n aanduiding dat die proses tog wel afstuur op die doel wat nagestreef word (Alston & Tobin 2005:8). Pogings om die ouderdom waarop die kinderjare eindig ten opsigte van kriminele verantwoordelikheid en om ander redes te verlaag, is 'n gevolg van die druk

---

<sup>177</sup> Die einde van die 20ste eeu is dus gekenmerk deur die vestiging van 'n normatiewe raamwerk vir kinderregte (Alston & Tobin 2005:7).

<sup>178</sup> Die verduideliking van fase 5 wat strek van 2001 tot 2005, die jaar waarin Alston en Tobin die publikasie vir Unicef gepubliseer het, word aangevul deur 'n spesiale uitgawe van *The State of the World's Children* wat in 2009 verskyn het. In hierdie uitgawe word 'n historiese oorsig gegee van die ontwikkeling van internasionale standaarde vir kinderregte om die tydlose relevansie van die UNCRC aan te dui. Sien die eerste hoofstuk van *The State of the World's Children* (Unicef 2009:1-36).

wat deur die UNCRC gegeneer is om die standaard hoogtemerk tot agtien te skuif (Alston & Tobin 2005:8).

Verder is 'n vyf jaar opvolgeleentheid van die VN se Algemene Vergadering se Spesiale Sessie oor Kinders in 2007 gehou. Volgens Unicef is 'n nuwe “Deklarasie oor Kinders” deur meer as 140 regerings aanvaar. Die laaste deklarasie erken die vordering wat met die verwesenliking van kinderregte gemaak is asook uitdagings wat nog bestaan. Dit het verder die verbintenis tot *A World Fit for Children*, die UNCRC en die opsionele protokolle herbevestig (Unicef 2009:6).

Alston en Tobin (2005:8) vind aansluiting by die optimistiese evaluering deur die Inter-Amerikaanse Hof vir Menseregte van wat moontlik in die laaste aantal jare ten opsigte van kinders en hul regte bereik is. Volgens die Inter-Amerikaanse Hof vir Menseregte het die UNCRC geslaag met die fundamentele transformasie van die wet wat met kinders gemoeid is. Kinders het nou in die woorde van die Inter-Amerikaanse Hof vir Menseregte, “subjects entitled to rights, [and] not only objects of protection” geword (Alston & Tobin 2005:8).<sup>179</sup> Met sy klem op die deelname van kinders was die UNCRC dus die eerste internasionale instrument wat kinders eksplisiet erken het as sosiale rolspelers en aktiewe draers van hul eie regte. Die UNCRC kon gedurende die laaste twee dekades vanweë hierdie perspektief die wyse waarop kinders beskou en behandel word regoor die wêreld transformeer. Dit het diepgaande invloed uitgeoefen op nasionale en internasionale wetgewing, beleid en programme, publieke en private instellings, families, gemeenskappe en individue (Unicef 2009:1).

Alhoewel daar steeds vele uitdagings bly ten opsigte van die bevordering van kinderregte oor kontinente en streke heen, bied die UNCRC 'n visie van 'n wêreld waarin alle kinders oorleef en ontwikkel, beskerm, gerespekteer en aangemoedig word om in besluite wat hulle raak deel te neem. Hierdie visie promoveer 'n wêreld van vrede, verdraagsaamheid, gelykheid, respek vir menseregte en gedeelde verantwoordelikheid – kortom, 'n wêreld wat geskik is vir kinders (Unicef 2009:1). Hierdie visie word aangevul en gekontekstualiseer deur die ACRWC wat benewens die erkenning van die regte van

---

<sup>179</sup> In die UNCRC is kinders verder eerder draers van regte as objekte van liefdadigheid (Unicef 2009:3).

kinders, klem plaas op die unieke konteks en kultuur van kinders in Afrika en hul verantwoordelikhede wat met hul regte gepaardgaan.

### 3.3.2 *Nasionale verbintenisse tot 'n kinderregte-agenda*

Sedert 1990 het die Suid-Afrikaanse regering belangrike prosesse en meganismes in werking gestel om Suid-Afrika se kinders te beskerm en te versorg. Die verloop van gebeure word duidelik geskets in die presidensiële verslag *Children in 2001 – A Report on the State of the Nation's Children* (ORC 2001a) asook in die opvolgverslag *End Decade Report on Children* (ORC 2001b).

Suid-Afrika was teen die tyd van die Wêreldberaad vir Kinders in 1990 diep in die bevrydingstryd gewikkel. Nogtans het meer as 200 nie-regeringsorganisasies (hierna NRO's) in die jaar van die beraad saam met Unicef in Botswana vergader as 'n respons op die verswakkende toestand waarin vroue en kinders in Suid-Afrika verkeer het. Na afloop van die Botswana-konferensie is die Nasionale Kinderregte Komitee, 'n sambreelorganisasie wat vir die regte van kinders voorspraak doen, in die lewe geroep.

Na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het president Mandela sy regering plegtig tot die belange van kinders verbind met die woorde, “they would be put first” (ORC 2001a:21). Die regering het egter te staan gekom voor die enorme taak om maniere te vind om kinders wie se groei-omgewing belemmer is deur die politieke, maatskaplike en ekonomiese beleide van kolonialisme en apartheid te versorg, ontwikkel en beskerm.

'n Jaar later, in 1995, het Suid-Afrika die UNCRC aanvaar en bekragtig. Dit het gelei tot die implementering van die “first call for children”, 'n stap wat te kenne gegee het dat die belange van kinders van die grootste belang was vir die regering se ontwikkelingstrategieë (ORC 2001a:21). In dieselfde jaar het president Mandela die *Nelson Mandela Children's Fund* (hierna NMCF) gevestig.<sup>180</sup>

---

<sup>180</sup> Die periode van 1995 tot 1999 is gekenmerk deur *ad hoc*-befondsingsstrategieë wat kinders en families in staat gestel het om hul onmiddellike behoeftes te bevredig. Finansiële ondersteuning is verder aan organisasies gebied wat kinderkwessies hanteer het. Gedurende 1999 is daar besef dat die welsyn- of *handout*-benadering nie volhoubaar was nie, aangesien dit nie gemeenskapsbetrokkenheid aangemoedig het nie. Met hierdie benadering kon die groeiende kapasiteitsprobleme van organisasies



In 1996 is die Nasionale Program van Aksie vir Kinders in Suid-Afrika formeel deur die Kabinet geïmplementeer. Hierdie program van aksie moes dien as 'n meganisme vir die uitvoering van Suid-Afrika se verbintenis tot die voortgaande realisering van kinderrege. Die program voorsien 'n holistiese raamwerk waarvolgens alle staatsdepartemente sake wat kinders raak op hul agendas plaas. Hierdie raamwerk dien ook om gekoördineerde optrede tussen NRO's en statutêre en ander kinderverwante strukture te fasiliteer (ORC 2001a:21). Gelyktydig hiermee is die Kantoor vir Kinderregte ingestel om die ontwikkeling van kinders te moniteer en hul regte te beskerm en te bevorder. Hierdie instelling is in die Kantoor van die Presidensie gevestig. Dit bedien die presidensie van advies oor sake wat kinders raak, bevorder by die publiek bewustheid van die regte van kinders en verseker dat sake wat die belange van kinders raak hoog op die agendas van staatsdepartemente kom.

Die Kantoor vir Kinderregte funksioneer ook as sekretariaat van die Nasionale Program van Aksie. Binne hierdie konteks behoort dit aktief betrokke te wees by 'n nasionale kommunikasieveldtog oor kinderrege. In dié verband behoort dit ook nou saam te werk met die openbare media en die gemeenskap om 'n verskeidenheid sake in belang van kinders te bevorder. Hierdie sake sluit in die hersiening van wetgewing betreffende kinders; sirkulasie van inligting oor kinderrege, insluitend dié afkomstig van die UNCRC; kontak met plaaslike owerhede, gemeenskapgebaseerde organisasies en NRO's; inisiëring van gesprekke met internasionale organisasies wat sake rakende kinders hanteer; voortdurende dialoog met alle staatsdepartemente om te verseker dat sake wat kinders raak effektief hanteer word en die gewenste prioriteit geniet; en regulering van inisiatiewe om kinders se ontwikkeling te bevorder (ORC 2001b:5).

---

nie hanteer word nie. Na 'n omvattende ondersoek wat onderneem is om nasionale en streekbeleid ten opsigte van kinders en jeug te hersien, is leemtes in die beleide geïdentifiseer en programareas waarop die organisasie gaan fokus, gedefinieer. Die ondersoek het gelei tot die bekendstelling van die Sakha Ikusasa-strategie in die jaar 2000, wat 'n nuwe program- en organisatoriese benadering vir die periode 2000-2005 tot gevolg gehad het.

Die NMCF is tans 'n befondsings- en ontwikkelingsagentskap wat ten doel het om verandering teweeg te bring in die wyse waarop die samelewing kinders en jongmense hanteer ten einde hul lewenskwaliteit en -omstandighede te bevorder. Sien die webtuiste van NMCF by:  
<http://www.nelsonmandelachildrensfund.com/mainMenu.php?catID=1> (besoek op 6 Desember 2010).

Een van die mees direkte voorbeelde van die invloed van die UNCRC in Suid-Afrikaanse wetgewing was die insluiting en aanvaarding van Afdeling 28 in die 1996 Grondwet, wat spesifiek kinders se regte uiteensit (Mahery 2009:324).<sup>181</sup> Kinders trek egter ook voordeel uit die ander regte wat in die Grondwet opgeneem is, behalwe dié wat vanweë ouerdomsbepanking buite hul bereik is soos die reg om in politieke verkiesings te stem (Skelton 2009:265). Die Handves van Menseregte bevat ook 'n spesiale afdeling oor kinders, naamlik artikel 28. Kinderregte-organisasies het vanaf 1994 tot 1996, waartydens die Wetgewende Vergadering geskrewe en mondelinge voorleggings oor alle aspekte van die Handves van Menseregte versoek het, 'n aktiewe rol gespeel om artikel 28 van die Grondwet meer omvattend te maak (Skelton 2009:265).

Die goeie momentum wat die insluiting van kinderregte in die Suid-Afrikaanse grondwet tot gevolg gehad het, is in 1997 voortgesit toe Suid-Afrika die land se eerste verslag aan die VN se CRC voorgelê het. Drie jaar later is 'n aanvullende verslag voorgelê, en in Januarie 2000 het die land se afgevaardigdes 'n mondelinge voorlegging aan die komitee gemaak en in gesprek getree oor sake rakende kinderregte in Suid-Afrika (ORC 2001b:3).

In 2000 het Suid-Afrika ook die ACRWC bekragtig. In 2001 is die *End Decade Report on Children – South Africa* (ORC 2001b) aan die VN voorgelê, waarin die vordering in verband met die lewensomstandighede van kinders in Suid-Afrika gedokumenteer is. In die proses om die einde van die dekade in oënskou te neem het die Taakgroep vir Data-insameling en Monitering, 'n projekgroep van die Nasionale Program van Aksie, 'n leidende rol gespeel. Statistiek Suid-Afrika (StatSA) het as voorsitter opgetree, terwyl Unicef die tegniese ondersteuning vir die proses voorsien het. 'n Databasis vir inligting oor kinders is by StatSA ingestel en word tans as die sentrale databasis vir kinderverwante voorskrifte benut (ORC 2001b:4).

---

<sup>181</sup> Suid-Afrika se Handves van Menseregte wat opgeneem is in die Grondwet is op internasionale vlak voorgehou as 'n goeie voorbeeld van 'n grondwet wat voorsiening maak vir die beskerming en die bevordering van kinderregte (Skelton 2009:265). Daar word verder wyd erken dat Afdeling 28 van die Grondwet gebaseer is op die bepalinge van die UNCRC (Mahery 2009:324).

Wanneer 'n regering 'n verdrag bekragtig, impliseer dit dat nasionale wetgewing met die beginsels van die verdrag in lyn gebring sal word. Die projekkomitee wat die mandaat ontvang het om die Kinderwet (Wet 74 van 1983) te hersien, het hierdie taak aangepak met die strewende om 'n enkele omvattende kinderstatuut vir Suid-Afrika se kinders te formuleer. Hierdie strewende was onder andere op die Grondwet gebaseer asook op verpligtinge wat op die staat rus kragtens die UNCRC en die ACRWC (Mahery 2009:324). Die UNCRC het gevolglik 'n groot rol gespeel in die vervanging van die ou Kinderwet (Wet 74 van 1983) met die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) en die Amendement op die Kinderwet (Wet 41 van 2007).<sup>182</sup>

Dit is dus duidelik dat die demokratiese owerheid in Suid-Afrika sedert 1994 betekenisvolle verbintenisse teenoor kinders aangegaan het (vgl. Woodhouse 1999:15-18). Maar ten spyte van die vordering insake die realisering van kinderregte in Suid-Afrika, bly daar steeds uitdagings wat dringend aandag verg.

Een van die uitdagings is dat Suid-Afrika in die algemeen 'n swak rekord van verslagdoening het, onder andere omdat Suid-Afrikaanse rolspelers in die veld verslagskrywing nie goed beplan en bestuur nie (Mahery 2009:325-326). Suid-Afrika se tweede verslag wat in Julie 2002 by die VN moes dien, is nie ingedien nie. Die derde en vierde verslag wat in 2007 voltooi moes wees, moes gekombineer word, terwyl die verslag in 2010 nog steeds nie ingedien was nie (Mahery 2009:326).

Die navorsingsverslag, *The Situation of Children in South Africa* (Berry & Guthrie 2003), 'n publikasie van die Universiteit van Kaapstad se Kinderinstituut, beklemtoon die onvermoë om wetgewing te implementeer en die owerheid se verbintenis teenoor die land se kinders tot konkrete uitvoering te bring. Volgens Berry en Guthrie weerspieël hierdie tekortkominge die algemene worsteling in regeringskringe om aan die ideale wat hulle vir hulleself gestel het konkrete gestalte te gee (Berry & Guthrie 2003:4). Ander uitdagings het te make met die mislukking om suksesvolle vennootskappe te vestig tussen die staat en nasionale gemeenskapsorganisasies wat verbind is tot die welsyn en regte van kinders. Die verslag meld ook dat die gehalte van owerheidsdienste as swak beskou word,

---

<sup>182</sup> Die vorige kindersorgwetgewing was hoofsaaklik beperk tot aanneming en kinders wat sorg benodig (Bosman-Sadie & Corrie 2010:v).

in landelike gebiede meestal ontoeganklik is, en dat daar 'n kroniese tekort aan personeel is (Berry & Guthrie 2003:7).

In dieselfde trant het die nie-regeringsektor die owerheid se respons op die uitdagings as negatief en ontoereikend beoordeel. Dit word weerspieël in Joan van Niekerk se kritiek waarin sy haar ontevredenheid uitspreek met regeringspogings om kinders te beskerm en hul seksuele uitbuiting te hanteer:

The failure of the child protection system to protect children and the continuous struggle to motivate the system to take action saps the energy and resources of Childline. I can no longer count the number of children who have suffered acute secondary trauma at the hands of the system that is failing them and who state that “I wish I had never told because what happened to me after I told was worse than the rape” (Van Niekerk 2004:5).

Van Niekerk wys verder daarop dat wanneer owerheidsektore vanweë swak dienslewering gekonfronteer word, daar meestal gesê word dat hulle sukkel met 'n tekort aan hulpbronne en personeel asook gebrekkige opleiding, motivering en terugvoering (Van Niekerk 2004:6).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat indien dit Suid-Afrika se erns is om haar kinders behoorlik te beskerm en te versorg, daar veel meer gedoen sal moet word as om bloot die aanspraak te verhef dat kinders regte het, wetgewing in dié verband te passeer en verdrae oor kinderregte te onderskryf. Baie meer is nodig ten einde die oortuiging aangaande kinderregte werklik te vestig en hierdie regte suksesvol te implementeer, aldus Sonia Human (1998:35).<sup>183</sup> Daarvoor, beweer sy, is 'n sosiale bewussyn deurslaggewend asook daadwerklike ondersteuning van kinders se regte by wyse van 'n duidelike ideologie of 'n stel beginsels wat kinderregte verantwoord en begrond (Human 1998:35).

Die navorser is daarvan oortuig dat Teologie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer om die leemte wat Human uitwys te vul. Alvorens die rol van Teologie in dié opsig ter sprake

---

<sup>183</sup> Sien 'n resente hoofstuk van Sonia Human oor die teorie van kinderregte in die publikasie *Child Law in South Africa*, geredigeer deur Trynie Boezaart (Human 2009:243-262).

kom (Hoofstuk 4) is 'n oriëntering egter nodig met betrekking tot verskuiwings in kontemporêre denke rondom kindskap en kinderwelsyn.

### 3.4 Verskuiwings in kontemporêre denke oor kindskap en kinderwelsyn

Op grond van 'n sintese van perspektiewe en debatte uit resente literatuur word agt verskuiwings wat vanuit die perspektief van kinderregte in die kontemporêre denke rondom kindskap en kinderwelsyn aan die lig tree, vervolgens geïdentifiseer en bespreek. Hierdie verskuiwings is besonder relevant vir die Suid-Afrikaanse debat oor kinders, hul regte en hul maatskaplike welsyn (Yates 2010:156-160).

#### *Van homogeniteit<sup>184</sup> na heterogeniteit<sup>185</sup>*

Daar is pogings in die inhoud en benadering van die UNCRC om kinders se diverse lewenskontekste te akkommodeer, byvoorbeeld in Artikel 1 waar die definisie van 'n kind verwoord word as diegene onder 18, tensy nasionale wetgewing 'n vroeër ouderdom van meerderjarigheid erken; Artikel 3 wat die beste belange van die kind in beginsel opsetlik ongedefinieerd laat om plaaslik gekontekstualiseer te word; Artikels 5<sup>186</sup> en 20<sup>187</sup> waar onafhanklike norme meer as die gemiddelde sensitiwiteit vir verskillende plaaslike kontekste reflekteer; en Artikel 4 wat ruimte laat vir lande se verskillende kapasiteite om kinderregte te implementeer. Voorts word daar in die voorwoord van die UNCRC (UN 1989:1) gestel dat die kind voorberei behoort te word om 'n individuele lewe in die samelewing te leef en dat die belang van tradisies en kulturele waardes van mense in ag geneem behoort te word vir die beskerming en harmonieuse ontwikkeling van die kind. Met hierdie fokus op diversiteit en individualiteit erken die UNCRC implisiet dat die

---

<sup>184</sup> Homogeniteit verwys hier na gelyksoortige ervarings en verwagtings by kinders in diverse maatskaplike kontekste.

<sup>185</sup> Heterogeniteit verwys hier na ongelyksoortige ervarings en verwagtings by kinders in diverse maatskaplike kontekste.

<sup>186</sup> Artikel 5 verwys na die staat se verantwoordelikheid om die regte en verantwoordelikhede van ouers te respekteer in die voorsiening van ouerlike leiding aan hul kind soos dit toepaslik is vir die kind se ontwikkelende bevoegdhede.

<sup>187</sup> Artikel 20 verwys na die beskerming van die kind sonder 'n familie. In pogings om hierdie verantwoordelikheid na te kom behoort regmatige aandag aan die kind se kulturele agtergrond geskenk te word.

kinderjare nie as 'n homogene bevolkingskategorie verstaan kan word nie, maar eerder as 'n heterogene een hanteer behoort te word.

In terme van 'n vergelyking van die verskille in die sosiale vermoëns wat kinders nodig het om te oorleef in 'n stedelike teenoor 'n landelike gemeenskap – soos die Kalahariwoestyn – is kindskap klaarblyklik eerder heterogeen as homogeen (O'Neill 2000:6). Met ander woorde, daar bestaan nie slegs een kindskap wat vir alle kinders geld nie, maar 'n veelheid daarvan in verskillende samelewings, sosiale klasse en geslagsidentiteite, en in verskillende periodes. Waar dit om kinders se welsyn gaan, sal die heterogeniteit van kinders en die gepaardgaande heterogeniteit van hul belange en probleme deur fundamenteel verskillende lense beskou moet word. Wat meer is, hierdie heterogeniteit beklemtoon die belangrikheid daarvan om intervensiepogings na die plaaslike vlak te desentraliseer. Wanneer kinders en hul eiesoortige lewenskonteks kragtens hul heterogeniteit verstaan word, is dit nie slegs die biologiese ontwikkeling van kinders wat kindskap bepaal nie; die biologiese fase<sup>188</sup> voorsien bloot 'n belangrike konteks vir kindskap (O'Neill 2000:6).

#### *Van kulturele relativisme na universalisme*

'n Intense internasionale debat is tans aan die gang tussen sogenaamde kultuurrelativiste en kultuuruniversaliste oor hul beskouings van die invloed van kultuur op kinders. Kulturele relativiste baseer hul argument op die aanname dat die opvattinge van alle kulture gelykwaardig is. Hiervolgens kan daar geen absolute waarhede (of waardes) bestaan nie. Waarheid is dus relatief tot 'n bepaalde kultuur (Van Oudenhoven & Wazir 2006:133). Dit is moeilik om kinders teen skadelike kulturele praktyke te beskerm in 'n konteks waar geen universele standaarde of waardes erken word nie. Die universalistiese benadering daarteenoor, berus op die oortuiging dat 'n hele reeks gemeenskaplike waardes, persepsies en behoeftes deur mense gedeel behoort te word ongeag hul eie kulture, en dat hulle regte het bloot kragtens die feit dat hulle mense is (Van Oudenhoven & Wazir 2006:134). Die meningsverskil tussen dié twee opvattinge kom pertinent na vore

---

<sup>188</sup> Kindskap word verstaan as 'n biologiese fase waar dit aankom op die aanleer van vaardighede en vermoëns wat noodsaaklik is om te oorleef en 'n suksesvolle volwassene te wees.

in die kwessie van menseregte. Universaliste is van mening dat een positiewe resultaat van globalisering die ontwikkeling van wetlik bindende menseregte vir alle kinders was.<sup>189</sup>

Die UNCRC stel 'n basiese globale standaard van wat 'n behoorlike, of minstens aanvaarbare, kindskap behoort te wees, met beklemtoning van die veronderstelde onderlinge eiesoortigheid van kinders.<sup>190</sup> Nogtans bestaan die gevaar steeds dat die globalisering van dominante norme vir kindskap tot nadeel van die meerderheid kinders in die wêreld mag wees.<sup>191</sup> Byvoorbeeld, 'n globale standaard vir die kategorisering van kinders maak dikwels van negatiewe stereotipes gebruik wat die lewens van kinders wat as sodanig geklassifiseer is, as minderwaardig, afwykend of patologies kan laat voorkom (White 2003). Kulturele relativiste, op hulle beurt, neem die standpunt in dat imperialistiese arrogansie in die spel kom waar universele standaarde op rigiede wyse van toepassing gemaak word om kulture wat nie daaraan beantwoord nie sonder meer af te skryf.

#### *Van beskerming na bevryding*

Die hoofsaak waaroor voorstanders van kinderbeskerming en dié van kinderbevryding debatteer, is die vraag hoe wyd die onderskeid tussen die wêreld van kinders en dié van volwassenes strek. Diegene ten gunste van bevryding is van mening dat die gronde wat aangevoer word om die twee wêrelde so skerp te onderskei ongeldig en dikwels bloot vals is, tot so 'n mate dat dit tot onderdukking van kinders lei (Van Oudenhoven & Wazir 2006:131). Hul argument lui verder dat kinders op dieselfde regte as volwassenes

---

<sup>189</sup> Die proses waarvolgens die internasionale gemeenskap geleidelik universele opvattinge oor kindskap aanvaar, word dikwels as die proses van die “globalisering van kindskap” aangedui.

<sup>190</sup> Nicola Ansell is van mening dat die mees algemene kritiek teen die UNCRC hulle Eurosentrisme is, beide in die konsep van kinderregte wat dit beliggaam, en in die fynere besonderhede van sy voorskrifte (Ansell 2005:230). Dit word verder voorgehou dat die UNCRC ontwerp is deur Westers-georiënteerde groepe wat nie daarin kon slaag om die kulturele en ekonomiese verskille in die Derde Wêreld te erken nie. Tog is 'n relatiewe oop proses met die ontwerp van die UNCRC gevolg waarin die deelname van nie-Westerse lede van die VN aangevra is, en in vergelyking met die ontwerp van die ander groot menseregteverdrae van die VN meer as voorheen bereik is. Die deelname van die nie-regeringsektor was ook betekenisvol (Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights 2007:933-937). Andersyds stem streekkinderregte-instrumente, byvoorbeeld die ACRWC, basies ooreen met die algemene beginsels van die UNCRC. Nogtans is die kontekstualisering van die UNCRC op plaaslike vlak belangrik om die inhoud daarvan relevant tot die unieke omstandighede en uitdagings van die eie konteks te maak.

<sup>191</sup> Dit is veral van toepassing op kinders wat weens armoede verplig is om te werk ter wille van hul eie en hul familie se oorlewing.

geregtig is, en dat die UNCRC eenvoudig die tradisie voortsit wat die volwassene sonder meer sentraal stel (“adult-centrism”) deur slegs die verpligtinge van volwassenes teenoor kinders te omskryf (en nie ook andersom nie) (Van Oudenhoven & Wazir 2006:13).

In aansluiting by bogenoemde kritiek wys Tom O’Neill (2000:7) daarop dat die UNCRC bloot ’n denkwyse voortsit waarvolgens kinders en jongmense as sosiaal onbevoeg beskou word om self in hul beste belang op te tree. Voorstanders van bevryding beweer dat as die samelewing die standpunt van kinders en jongmense as sosiaal bevoeg en wel in staat om in hul eie belang op te tree ondersteun, kinders meer aktiewe en verantwoordelike burgers sal word. Voorts sal hulle nie alleen respek vir menseregte toon nie, maar hulleself ook vir die saak van gemarginaliseerdes beywer. Die ekstreme vorm van die bevrydingstandpunt is dat géén onderskeid op grond van ouderdom gemaak moet word nie.

Kritici van die bevrydingstandpunt wys egter daarop dat die nodige nadruk op aksie en die daadwerklike uitvoering van planne ontbreek. Ten spyte van duidelike argumente wat aangevoer word, maak hulle selde voorsiening vir die verduideliking van praktiese implikasies (Van Oudenhoven & Wazir 2006:132).

Teenoor die bevrydingstandpunt grond proteksioniste hul argumente op die veronderstelling dat kinders nie vanself, dit is sonder die sorg, ondersteuning en toesig van volwassenes, tot volwasse, rasonale mense kan groei en ontwikkel nie. Hierdie siening word ook as die “opsigter-tese” aangedui (Van Oudenhoven & Wazir 2006:132). Kritiek daarop lui dat hierdie standpunt primêr die voorsiening van die reg op beskerming bepleit, maar die kind se reg op selfbeskikking verwaarloos. Hierdie benadering waar kinders self wel beskerm word, maar nie hul volle regte nie, kan as paternalisties beskou word (Van Oudenhoven & Wazir 2006:132).

In ’n poging om die kloof tussen hierdie twee beskouings te oorbrug, verwys Artikels 5 en 12 van die UNCRC enersyds na die ontplooiende vermoëns van kinders, en andersyds na die “... right to express his/her views freely in all matters affecting the child, the views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child” (Van Oudenhoven & Wazir 2006:132). ’n Goed gebalanseerde teorie oor kinderregte



behoort egter elemente van beskerming sowel as elemente van bevryding in te sluit (Human 2009:248). Freeman (in Human 2009:248) voorsien ’n verrykende perspektief op die beskerming en bevryding van kinders wanneer hy stel dat beskerming en bevryding nie as teenoorgesteldes beskou behoort te word nie, maar eerder as fases in die kontinuum van ’n kind se ontwikkeling.

*Van die kind as volwassene-in-wording na die kind as persoon in eie reg: van ’n fokus op wel-wording (“well-becoming”) na wel-syn (“well-being”).*

Die werk van Piaget oor kognitiewe ontwikkeling het ’n studiemodel daargestel wat kinders hoofsaaklik as onvolledige volwassenes verstaan het: nog nie sosiaal bevoeg en in staat om ten volle as rasonale volwassenes op te tree nie (O’Neill 2000:15-16). Kinders is basies as onvoltooide mense beskou. Gevolglik het die prosesse van sosialisering en kulturele kopiëring as middele om verantwoordelike, rasonale en volgroeide volwassenes voort te bring die oorheersende belangstelling van sosiaal-wetenskaplikes geword wat met kinders gemoeid was (O’Neill 2000:19).

Die siening van kinders as onvoltooide mense word ook gereeld weerspieël in die taalgebruik van baie ontwikkelingsagentskappe. Dit is veral duidelik in die redes wat aangevoer word om ’n belegging in kinders te regverdig. Hierdie redes word dikwels voorgedra as langertermyn-voordele soos beter sosiale aanpassing, hoër akademiese prestasie, groter produktiwiteit, minder misdaad en geweld, en deurbreking van die kringloop van armoede (Van Oudenhoven & Wazir 2006:136). Die fokus is op die potensiaal van die kind met die oog op oriëntering vir die toekoms (bv. die begrip en benadering van “menslike kapitaal”). Die probleem met so ’n aksent is die risiko dat die huidige lewens en omstandighede van kinders verontagsaam word.

In die denke rondom ontwikkeling het daar intussen ’n nuwe denkmodel in die bestudering van kinders na vore gekom. Pogings is naamlik aangewend om kinders in hul eie reg en op hul eie meriete te beskou en nie primêr as volwassenes-in-wording of met die oog op die toekoms van die land of as die leiers van môre nie (O’Neill 2000:20-22). Hiermee het daar teweens ’n denkskuif in die monitering van uitkomstige aangeleenthede van kinders plaasgevind – van ’n fokus op wel-wording na dié op wel-syn (Bray & Dawes 2007a:14-15).

Hierdie verskuiwing maak dit belangrik om in die monitering van die toestand van kinders indikatore van *wel-syn* (hoe kinders vandag is – wat kindgesentreerdheid reflekteer) te onderskei van dié van *wel-wording* (hoe hierdie kinders vorentoe as volwassenes gaan vaar – wat ’n belegging in die toekoms reflekteer) (Bray & Dawes 2007a:15). In dié verband waarsku Rachel Bray en Andrews Dawes (2007a:15) teen die gevaar dat “... an overemphasis on building the intellectual capital of the future society can result in a reduction of current well-being of children due to the stresses of long hours of studying, the accompanying anxieties, and the reduction of opportunities to play”.

*Van ’n behoeftesgebaseerde na ’n regtegebaseerde benadering tot ontwikkeling*

Die skuif van behoeftesgebaseerde na regtegebaseerde denke het hoofsaaklik danksy die UNCRC ontwikkel. Die UNCRC het dit noodsaaklik geag om ’n regtegebaseerde benadering tot ontwikkeling te bevorder wat, aldus die *Handbook for International Save the Children Alliance Members* juis deur die kontras met ’n behoeftegebaseerde benadering gekenmerk word (International Save the Children Alliance 2002:21).<sup>192</sup> Die verskil tussen beide benaderings word dan verder toegelig deur te stel dat albei gebaseer is “... on a desire to help people survive and develop to their full potential. They both seek to identify a range of assistance and actions that are needed to achieve this. Where they differ is in their underlying assumptions and the implications of these assumptions for programming” (International Save the Children Alliance 2002:21).

Een van die kernverskille tussen die twee benaderings is dat daar volgens ’n behoeftesgebaseerde benadering geen morele of wetlike verpligting op owerhede en/of ander statutêre instansies rus om beskerming of bystand te verleen nie, terwyl ’n regtegebaseerde benadering wel wetlike en morele verpligtinge en verantwoordbaarheid insluit (International Save the Children Alliance 2002:21).

Wanneer ’n regtegebaseerde benadering tot die welsyn en ontwikkeling van kinders gevolg en toegepas word, is dit van wesenlike belang om kinders en hul versorgers te laat begryp dat elke reg wat uitgeoefen word ’n gepaardgaande verantwoordelikheid inhou.

---

<sup>192</sup> Vergelyk Emma Harris-Curtis se artikel wat handel oor die regtegebaseerde benadering en die implikasies van hierdie benadering vir nie-regeringsorganisasies (2003:558-568 Harris-Curtis).

*Van 'n behoeftesgebaseerde na 'n bategebaseerde benadering tot welsyn: van passiewe slagoffers en blote ontvangers van hulp na sleutelspelers en aktiewe deelnemers aan ontwikkeling*

Die denkskuif van maatskaplike welsyn na maatskaplike ontwikkeling het 'n ooreenkomstige paradigmaskuif in die persepsie en benadering van kinders noodsaaklik gemaak. Hierdie verandering van paradigma behels die skuif van 'n behoeftesgebaseerde na 'n bategebaseerde benadering tot welsyn, wat 'n maatskaplike ontwikkelingsvisie van selfstandige individue en gemeenskappe reflekteer.

In 'n behoeftesgebaseerde benadering word kinders beskou as passiewe slagoffers en passiewe ontvangers van hulp, en selfs as blote objekte van dienste wat deur deskundiges voorsien word (Ansell 2005:50; International Save the Children Alliance 2002:21). Die meeste intervensie-inisiatiewe binne die behoefteparadigma is op die kwesbaarheid van die kind as slagoffer gebaseer. Daarteenoor erken 'n regtegebaseerde benadering tot ontwikkeling alle kinders as die draers van regte en as sleutelspelers en deelnemers aan ontwikkeling. Om na kinders te luister word as 'n fundamentele beginsel in die werk met kinders beskou en aangemoedig (Ansell 2005: 50; International Save the Children Alliance 2002:21). Wanneer daar na kinders geluister word, is dit moontlik om hul sterkpunte, bates en vermoëns te identifiseer, te waardeer en as hulpbronne te gebruik in kinders se prosesse om teëspoed te hanteer. Binne so 'n werkverhouding met kinders word dit moontlik om 'n bategebaseerde benadering tot die welsyn en ontwikkeling van kinders te implementeer en te konkretiseer. Kinders se eie werksaamheid en herstelvermoë word dan die basis van ontwikkeling- en intervensiestrategieë.

*Van 'n sektoraal gefragmenteerde na 'n intersektoraal geïntegreerde benadering tot dienslewering*

Die regtegebaseerde benadering betwis die algemeen gangbare persepsie dat behoeftes hiërargies georden is,<sup>193</sup> met ander woorde dat sommige, gewoonlik fisieke behoeftes voorrang bo ander het (Van Oudenhoven & Wazir 2006:135-136). Daarteenoor word

---

<sup>193</sup> Maslow maak 'n onderskeid tussen twee vlakke van behoeftes, naamlik gebreksbehoefes (“deficiency needs”) en groeibehoeftes (“growth needs”) (Louw, Van Ede & Louw 1998:68-69).

menseregte as gelyk, onverdeelbaar en interafhanklik beskou met geen enkele mensereg intrinsiek minderwaardig teenoor enige ander nie (Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights 2006:11). Die regtegebaseerde benadering tot ontwikkeling en die multidimensionele aard van maatskaplike kwessies impliseer dat alle behoeftes en regte gelyktydig vanuit 'n multidissiplinêre benadering en 'n holistiese siening van die kind hanteer word. So 'n holistiese benadering tot kinderwelsyn noodsaak strenger interaksie en samewerking tussen verskeie departemente en ministeries.<sup>194</sup> Op dié wyse kan 'n geïntegreerde ontwikkelingspoging en dienslewering gefasiliteer word.

*Van uitsluitlike bemoeienis met kinderwelsyn na 'n meer komplekse stel bemoeienisse, insluitend die selfbeskikkingsreg van kinders*

Die grootste verdeeldheid in die kinderregtebeweging is dié tussen die klem op welsynsregte en dié op selfbeskikkingsregte.<sup>195</sup>

In dié verband aanvaar die UNCRC beide soorte kinderregte. Sodoende word kindskap, aldus Douglas Sturm (1992:11), beskou as “a progressive unfolding of the child from an infantile stage of deep dependency to a mature stage of interdependence and autonomy.”

Hiervolgens staan die UNCRC 'n benadering van kindskap voor wat neerkom op, soos Michael Freeman (in Sturm 1992:11) dit noem, “a liberal paternalism position”. Uiteraard is dit belangrik om hierdie standpunt te onderskei van die soort paternalisme wat 'n vorm van dominasie en 'n houding van meerderwaardigheid veronderstel en waarmee 'n struktuur van blote afhanklikheid en onderhorigheid aan die kind se kant korrespondeer (Sturm 1992:11). Sturm verduidelik dat liberale paternalisme – bedoelende sorg aan diegene wat nie in staat is om vir hulleself te sorg nie – op die versterking van

---

<sup>194</sup> Dit wil sê, veral departemente en ministeries wat met die terreine van maatskaplike ontwikkeling, gesondheid, onderwys, justisie en finansies gemoeid is.

<sup>195</sup> Welsynsregte sluit onder andere in die reg op onderwys, gesondheid en 'n minimum lewenstandaard. Die klem op welsynsregte hou verband met die proteksionistiese standpunt waar kindskap as 'n tyd van volledige afhanklikheid beskou word. Daarenteen verwys selfbeskikkingsregte na die reg om aan besluitneming deel te neem en om te kan stem. Die klem op selfbeskikkingsregte hou weer verband met die bevrydingstandpunt waar kindskap as 'n tyd vir outonomie beskou word. Elke aksent het tog 'n eie meriete. 'n Sintese van beide aksente bring balans en bewaar teen eensydighede en selfs die verabsoluttering van 'n bepaalde perspektief. Vergelyk Sturm (1992:10) se artikel, “On the suffering and rights of children: Towards a theology of childhood liberation”.

selfbeskikking gerig is en as sodanig as 'n funksionele stap op die weg na verhoogde outonomie gesien moet word (Sturm 1992:11).

'n Kind is dus geregtig op welsyn sowel as op selfbeskikking – “... but the latter holds regulative priority over the former” (Sturm 1992:11). Die bedoeling hiermee is dat vasstelling van wat in die beste belang van die kind is nie alleen op die mening van volwassenes sal berus nie, maar eweseer op dié van die kind (Sturm 1992:11). Om die lewensomstandighede van kinders te verbeter vereis derhalwe nie slegs verpligtinge aan die kant van die staat en nie-statutêre instansies nie, maar eweneens dat kinders seggenskap sal hê in sake wat hul eie lewens raak.

In die teorie van maatskaplike ontwikkeling het 'n denkskuif dus plaasgevind van kinderwelsyn na ontwikkelingswelsyn vir die kind ten einde die volle spektrum van kinderregte te akkommodeer.

### **3.5 Proaktiewe riglyne vir die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk**

'n Verbintenis tot die langtermynverbetering van kinders se lewensomstandighede vereis meer as vordering in die realisering van internasionale standaarde waartoe die sosiale elite van die wêreld hulleself verbind het (Boyden & Levison 2000:49). Kinderregte soos opgeneem in die Suid-Afrikaanse grondwet behoort egter gepromoveer te word om ook in die samelewing sigbaar te wees.<sup>196</sup>

'n Kultuur van die kinderjare, gebaseer op die beginsels van die UNCRC, word regdeur die samelewing benodig waarvolgens kinders hoë prioriteit in die sosiale en ekonomiese beplanning en familie- en gemeenskapslewe gewaarborg word. Ten einde 'n kultuur te skep en in stand te hou waarbinne kinders en hul regte gerespekteer en bevorder word,

---

<sup>196</sup> Die ware erkenning en promovering van die regte van kinders benodig soos enige ander beleid en wetgewing die implementering daarvan in die praktyk.

behoort die volgende proaktiewe riglyne saamgestel uit 'n sintese van perspektiewe uit die literatuur as raamwerk te dien in die realisering van dié doelwit:<sup>197</sup>

### 1. Herdefiniëring van die kinderjare

Om kinders se regte te promoveer beteken om kinders as aktiewe deelnemers in hul eie lewe te herkonseptualiseer.<sup>198</sup> Dit beteken om na kinders te kyk as sosiale rolspelers/agente en as informante wat vennote is in die verbetering van hul eie lewe (Montgomery 2003:217). Indien die kinderjare as 'n sosiale konstruk hanteer word, is daar ruimte om krities met die konsep om te gaan en verandering aan te bring waar nodig. Ouers, opvoeders, geestelike leiers en ander wat in die lewens van kinders betrokke is, kan saam aan die konsep “kinderjare” betekenis gee. Op hierdie wyse kan kinders beter grootgemaak, onderrig en hanteer word as wat tans die geval is. Enkele noodsaaklike vereistes om skeppers te wees van nuwe betekenis wat aan die kinderjare verbind word, is eerstens om 'n kritiese ingesteldheid te hê teenoor sosiale teorieë en praktyke wat tot die marginalisering van kinders in die samelewing gelei het. Tweedens sal dit nie voldoende wees om slegs volwassenes te taak om skeppers van nuwe betekenis van die kinderjare te wees nie; kinders self behoort erken en waardeer te word as aktiewe deelnemers in die skep van hul eie lewenswêreld (Yates 2010:164).

### 2. Promovering van kinders se deelname aan hul oorlewing, ontwikkeling en beskerming

Op nasionale vlak is kinders se reg tot deelname ten opsigte van al die regte wat in die CRC vervat is die minste verstaan of nagevors (Berry & Guthrie 2003:59). 'n Kultuur van respek vir kinders en hul regte impliseer dat daar betekenisvolle geleenthede en meganismes geskep behoort te word vir kinders om ooreenkomstig hul ontwikkelende

---

<sup>197</sup> In hierdie afdeling van die hoofstuk word sterk gesteun op die artikel van Natasha Blanchet-Cohen en Ali Fernandez (2003:33-49) wat die verhaal vertel van vroue wat inheemse kinderregte in Venezuela gepromoveer het.

<sup>198</sup> Die UNCRC het inderdaad die standaard gestel vir die verstaan van die kinderjare deur die minimum standarde neer te lê vir die versorging, oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname van elke kind onder die ouderdom van 18 (Unicef 2009:2). Met die promovering van kinderregte word daar dus indirek gesê dat die kinderjare beskerm behoort te word as 'n periode wat verskillend is van volwassenheid. Die kinderjare behoort verder gedefinieer te word as 'n tyd waarin kinders kan groei, leer, speel en ontwikkel.

kapasiteite in die konteks van hul families, gemeenskappe en ander sferes waarin hulle hul bevind deel te neem.<sup>199</sup> Wanneer kinders deelneem aan die onderskeie kontekste waarin hulle hulself bevind, kan hulle hul eie ontwikkeling bevorder, aangesien kinders leer hoe om keuses te maak, krisisse te bestuur, in besluitnemingsprosesse betrokke te wees<sup>200</sup> en in spanverband saam te werk. Op hierdie wyse kan kinders gevolglik hulle eie groeiomgewings beïnvloed en sodoende bydra tot hulle eie oorlewing, ontwikkeling en beskerming.<sup>201</sup> Deur kinders 'n meer aktiewe rol in die samelewing te gee beteken om nuwe kanale van kommunikasie en dialoog met volwassenes moontlik te maak (Boyden & Levison 2000:45).

Wanneer kinders byvoorbeeld in sosiale beplanning en aksie betrek word, word daar begrip by hulle bevorder van die burgerlike samelewing, burgerlike en demokratiese prosesse en van die nodige waardes om hul rol as verantwoordelike landsburgers met integriteit te vervul.<sup>202</sup> Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die vaardighede en verantwoordelikhede wat nodig is vir aktiewe deelname aan samelewingsprosesse bydra tot bekwame en agtenswaardige burgerskap en volhoubare sosiale verandering (Boyden & Levison 2000:44).

Die promovering van kinders se deelname en 'n meer aktiewe rol in die samelewing beteken volgens Boyden en Levison (2000:45) om die vrese en besorgdhede van volwassenes te hanteer en konvensionele maniere om beleidsontwikkeling, beplanning, navorsing en programimplementering aan te pak, uit te daag.

---

<sup>199</sup> Die mate waarin kinders se deelname aan prosesse betekenisvol is, kan verhoog word wanneer kinders met die nodige inligting, houding en vaardighede bemaagtig word. Alhoewel kinders in sommige gevalle die sterkste advokate van hul eie regte is, behoort volwassenes die geleentheid en ruimtes te skep vir kinders om hulself uit te druk.

<sup>200</sup> Kinders behoort geleentheid gebied te word om hulle in die neem van besluite te oefen. Besluitneming behoort egter in sommige gevalle ter wille van die beskerming van kinders deur volwassenes ter syde gestel te word (Boyden & Levison 2000:45).

<sup>201</sup> Lisa Woll noem in haar artikel, "Reporting to the UN Committee on the Rights of the Child: A catalyst for domestic debate and policy change?" 'n paar voorbeelde van hoe kinders self aan die verslaggewingsproses aan die VN se Komitee oor die Regte van die Kind kan deelneem (Woll 2000:79).

<sup>202</sup> Vergelyk Boyden en Levison se verduideliking van deelname as 'n bydraende faktor tot sosiale bevoegdheid en die erkenning van kinders se agentskap ("agency") (Boyden & Levison 2000:43-45). Agentskap word deur Bhattacharyya gedefinieer as die kapasiteit van mense om hul wêreld te beheer, te omskep, te verander, om volgens hul eie betekenisgewende sisteme te leef en om die bevoegdheid te hê om hulself te definieer in plaas daarvan om deur ander gedefinieer te word (Bhattacharyya 2004:12).

### 3. Regverdige verdeling van mag tussen volwassenes en kinders

Om kinders se regte te promoveer en hul deelname aan die samelewing moontlik te maak is 'n fundamentele skuif in mag van volwassenes na kinders noodsaaklik. Rakesh Rajana (in Montgomery 2003:216) sê hieroor die volgende:

[It] is a question of dealing with power. That doesn't mean it's power over adults, or power against adults, but it is a question of sharing power. So that you don't have adults who have all the power, and young people who have none, but rather (that) you have a sharing of the responsibilities, and a sharing of the power. The crucial issue here is – are adults willing to give up power, are they willing to share the power? That's usually the biggest constraint.

'n Eerlike skatting van die verdeling van mag tussen volwassenes en kinders is dus nodig. Dit vereis dat onregverdige strukturele mag ontmasker behoort te word, veral in die nasionale konteks van sosiale ontwikkeling waarin die doelwit eksplisiet gestel word om demokratiese instellings te vestig (Yates 2010:164). Die vermindering van volwassenes se mag kan lei tot 'n mate van weerstand, veral in hiërargiese kulture en organisasies wat 'n vaste status van alle lede op die basis van geslag en generasie voorskryf (Boyden & Levison 2000:49). Dit is ook belangrik om in ag te neem wat volwassenes na hul mening kan verloor deur aan kinders 'n stem te gee asook wat die implikasies van moontlike vyandige reaksies van volwassenes kan wees ten opsigte van kinders se welsyn en integrering in die samelewing. Die insluiting van kinders in prosesse kan problematies raak, veral in samelewings waar 'n groot aantal volwassenes self uitgesluit is van sosiale, ekonomiese en politieke of enige ander besluitnemingsprosesse vanweë hul geslag, klas, etnisiteit of religieuse status (Boyden & Levison 2000:49). Wanneer volwassenes egter verstaan dat kinderregte met ouerlike leiding tesame met 'n verstaan van die ontwikkelende bevoegdhede van kinders behoort te funksioneer, sal die verdeling van mag in die ouer/volwassene-kind verhouding gemaklik en minder bedreigend kan geskied. Die verdeling van mag beteken gevolglik in die konteks van kinderregte onder andere wedersydse vertrou, 'n langtermyn- en volgehoue verbintenis tot gelyke



verhoudinge en respek vir kinders en hul mening, wat die praktyk van aktiewe luister regverdig.<sup>203</sup>

#### 4. Grondvlakbetrokkenheid in die promovering van kinderregte

'n Groot mate van betrokkenheid op grondvlak is nodig om kinders en hul regte te ondersteun en te beskerm. In baie kontekste is inisiatiewe op plaaslike vlak wat op die kreatiewe energie van kinders, gemeenskapsgebaseerde organisasies, kerke en die plaaslike regering staatmaak as meer effektief bewys as die intervensiepogings van die sentrale regering (Boyden & Levison 2000:49).<sup>204</sup> Dit is volgens Boyden en Levison die geval omdat plaaslike aktiviste en rolspelers van die burgerlike samelewing meestal die mees ontwikkelde sosiale magte is en 'n sterker verbintenis tot die promovering van kinders en hul regte aan die dag lê (Boyden & Levison 2000:49). Hulle fokus gewoonlik meer gemaklik op wat in kinders se beste belang is, en hanteer dié saak meer spontaan binne 'n holistiese perspektief (Boyden & Levison 2000:49). Dit is die geval omdat organisasies in die burgerlike samelewing enersyds nader leef aan die probleme en uitdagings van kinders as die owerheidsektor en derhalwe 'n groter begrip ontwikkel het van sodanige probleme en uitdagings; andersyds omdat sulke organisasies meestal meer innoverend optree in hul reaksie op die betrokke probleme en uitdagings en as sodanig 'n sleutelrol speel in die verspreiding van inligting oor kinders en hul regte.

Godsdienstige asook waardegedrewe en vormende organisasies is volgens Boyden en Levison in bogenoemde verband alreeds as effektief bewys (Boyden & Levison 2000:49). Bewusmakingsveldtogte, advokaatskap en gemeenskapsopvoeding is as

<sup>203</sup> Die reg van kinders op deelname verander die magsverhoudinge tussen kinders en volwassenes, daag outoritêre strukture uit en ondersteun kinders se vermoë om families, gemeenskappe en instellings te beïnvloed. Volwassenes wat met kinders werk, kan met hierdie oorkoepelende beginsel van kinderregte hul verstaan van kinders se lewensomstandighede verbeter en kinders se bydrae tot die familie en samelewing erken. Die beginsel van deelname vereis van volwassenes om hul uitsluitlike volwasse perspektief prys te gee en die uitdaging te aanvaar om in die kind se taal en vanuit die kind se perspektief met hulle in dialoog te tree. Dit beteken egter nie dat kinders die laaste woord het nie, maar dat kinders tog 'n belangrike woord het (Save the Children 2005:32).

<sup>204</sup> Sien die artikel van Natasha Blachet-Cohen en Ali Fernandez (2003:33-49) waarin hulle vertel hoe vroue in Venezuela kinderregte op voetsoolvlak gepromoveer het. Venezuela se ervaring is betekenisvol, veral om daarop te wys dat alhoewel die UNCRC regerings se beleid beklemtoon, dit grootliks inisiatiewe in die burgerlike samelewing is wat verantwoordelik is vir die wyse waarop menseregtekonvensies konkreet ontvou. Vir 'n oorsig oor hierdie onderneming in Venezuela, sien punte 6 en 7 hieronder.

strategieë in alle sektore van die samelewing nodig om so wyd as moontlik ondersteuning vir kinders en hul regte te verseker. Sodoende kan daar ook voorkomend opgetree word wat die skending van kinderregte betref. Grondvlakbetrokkenheid in die promovering van kinderregte impliseer egter ook 'n verbintenis tot die aanmelding van die skending van kinderregte sodat oortreders verantwoordbaar gehou kan word.

#### 5. Omvattende sosiale diskoers en aksie

Om wye erkenning vir en suksesvolle implementering van kinderregte te verseker is omvattende diskoers en aksie nodig wat alle belanghebbende partye insluit (Boyden & Levison 2000:49). Die UNCRC stel dit eksplisiet dat regerings die verantwoordelikheid het om die konvensies, beginsels en bepalinge van sodanige diskoers en aksie aan volwassenes en kinders bekend te maak. Die burgerlike samelewing word ook deur die VN se CRC aangespoor om die staat in hierdie taak te ondersteun. Kinders en volwassenes behoort in staat gestel te word om die inhoud van die UNCRC te verstaan, om hul eie omgewing te moniteer en sensitief te wees vir die skending van kinderregte en groter of kleiner ongeregthede in die alledaagse lewe (Koren 2001:251). Fundamentele kwessies soos die beëindiging van lyfstraf, alternatiewe en positiewe vorme van dissiplinering van kinders, diskriminasie teen dogters en kinders met gestremdhede, die veranderende familierolle en die deelname van kinders aan besluitnemingsprosesse, vereis publieke bespreking ten einde tot sosiaal ondersteunende oplossings te kom. Sosiale diskoers oor die regte van kinders kan ook help om die voorbehoude ten opsigte van regte wat aan kinders toegesê word te hanteer. Openbare gesprekvoering oor kinders en hul regte kan kinders uiteindelik tot voordeel strek deur bestaande persepsies, houdings en gedrag jeens kinders uit te daag.

#### 6. Begroning van kinderregte in kinders se diverse kulture

Promovering en implementering van kinderregte vereis dat kinders se kulturele realiteite in ag geneem word (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:34). Daar kan baie geleer word oor die inkulturasie van kinderregte uit die verhaal van hoe vroue in Venezuela die regte van inheemse kinders gepromoveer het. Hulle het die beginsels van die UNCRC na

gemeenskappe geneem deur dit in kinders se onderskeie kulture te begrond.<sup>205</sup> Venezuela se ervaring is daarin betekenisvol dat dit wys dat, terwyl die vestiging van universele regte die UNCRC se sterkpunt is, die implementering van die UNCRC ook die inagneming van kinders se kulturele realiteite vereis. Soos reeds in Hoofstuk 2 vermeld, kan die promovering en implementering van kinderregte sonder 'n deeglike oorweging van die sosio-kulturele konteks van kinders maklik gekritiseer word as 'n poging om neo-kolonialisme onder die dekmantel van 'n menseregte-ideologie te bevorder (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:34).

In Venezuela se geval het dit duidelik na vore gekom dat wanneer kinders se verskillende kulturele behoeftes erken word, daar vrae oor spesifieke kulturele gebruike ontstaan, aangesien sommige kulturele tradisies nie die gees van die UNCRC reflekteer nie. Die UNCRC plaas byvoorbeeld klem op 'n kind se reg op deelname wat sommige kulturele sieninge en praktyke uitdaag. Die geskiedenis van Venezuela herinner ons egter ook daaraan dat kultuur nie staties is nie en deur die UNCRC beïnvloed kan word. Beide die UNCRC en kulture is lewende entiteite. Ruimtes behoort ontwikkel te word uit die kreatiewe wisselwerking van hierdie entiteite. In Venezuela kon die toepaslikheid en veiligheid van die tradisie van vroeë huwelike en ouerskap vir meisies met die UNCRC as riglyn in gemeenskapsvergaderings bespreek word (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:43). Aangesien die kritiese ondersoek en bevraagtekening vanuit die gemeenskap self kom, is gemeenskappe makliker geneë om aanpassings in tradisie te maak. Die lewens van kinders kan op volhoubare maniere verbeter word deur die spanninge en uitdagings wat vanuit hierdie wedersydse beïnvloeding ontstaan te hanteer. Indien kultuur in plaaslike kontekste as beïnvloedbaar hanteer word, kan dit nuwe horisonne vir die toepassing van die UNCRC open (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:34).

Wat opvallend is van die verhaal van Venezuela is dat die klem op identiteit een van die konstante kenmerke was van die promovering van inheemse kinderregte. In al die vergaderings met vroue en kinders was 'n sentrale kwessie die belangrikheid dat kinders

---

<sup>205</sup> Benewens die fundamentele regte op identiteit en kulturele kontinuïteit wat die hart van inheemse bevolkings se bestaan uitmaak, het hulle die potensiaal raakgesien wat deur die UNCRC gebied word in die hantering van vrae van oorlewing, by name veral basiese dienste (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:34).

hul eie kultuur ken en waardeer (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:46).<sup>206</sup> Die waardering van kulturele identiteit skep 'n generasie van jong leiers wat in hul eie kultuur gewortel is, maar ook insien hoe belangrik dit is om die maniere van doen in die dominante samelewing te ken.

*Save the Children* het in sy handleiding oor *Child Rights Programming* gestel dat die UNCRC soms gekritiseer word vir die realiteit dat dit op norme en waardes van Westerse samelewings gebaseer is. Daarom is dit juis belangrik om te kyk na die sosiale en kulturele konteks waarin daar gewerk word en hoe die kinderjare plaaslik beskou word ten einde te verseker dat die UNCRC op wyses wat kultureel relevant is geïnterpreteer en toegepas word (Save the Children 2005:17).

Kulturele identiteit is 'n spesifieke reg waarop kinders kan aanspraak maak. Nogtans mag kulturele en tradisionele praktyke nie redes wees vir die skending van kinders se regte nie. Bestaande kulturele tradisies wat die menswaardigheid van kinders aantast, moet uitgedaag word. Met die algemene beginsels van die beste belange van die kind en nie-diskriminasie is daar in die UNCRC egter beskerming vir kinders teen skadelike praktyke<sup>207</sup> ingebou (Save the Children 2005:17, 27).

## 7. Bekendmaking van kinderregte op gemeenskapsvlak

In plaaslike geografiese of funksionele gemeenskappe is daar maniere waarop mense hulleself en hul hulpbronne organiseer om as 'n gemeenskap te funksioneer en om by

---

<sup>206</sup> In die laaste aantal jare is daar in Venezuela vir die eiesoortige behoeftes van kinders en jongmense voorsiening gemaak (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:46-47). Jaarlikse werkwinkels vir kinders van inheemse etniese gemeenskappe is gehou saam met verteenwoordigers van daardie gemeenskappe. Elke verteenwoordiger is aangemoedig om hul tradisionele drag, sang en danse te deel. Kinders is aangemoedig om oor die volgende vrae na te dink: Wie is jou mense? Wat is die tradisies van jou mense wat jy graag met ons wil deel? Waarvan hou jy wat hierdie tradisies betref? Wat is die dinge van hierdie tradisies waarvan jy nie hou nie? Wat leer jy van jou grootouers? Wat maak jou gelukkig, bang? Deur na die stories van ander te luister het kinders besef hoe baie ander hul eie ervaring van marginalisering deel, en die ooreenkomste en verskille tussen die volkstamme en die rykdom van hul kultuurerfenis besef. 'n Nasionale werkwinkel vir jongmense het parallel met dié vir kinders plaasgevind. In die jeug-werkwinkel is jongmense uitgenooi om nasionale beleid wat met kinders en jeug verband hou te bespreek en aanbevelings vir die implementering daarvan te maak. Die aanbevelings is aan besluitnemers voorgehou (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:47).

<sup>207</sup> Daar word dikwels pogings aangewend om skadelike praktyke teenoor kinders kragtens kultuur en tradisie te regverdig, byvoorbeeld inisiasieprosesse wat die skending van manlike en vroulike geslagsorgane insluit, of selfs die toepassing van lyfstraf as 'n vorm van dissiplinerende, wat die fisieke integriteit van die kind kan aantast.

gemeenskaplike doelwitte uit te kom. Die ideaal is dat die inisiatief om kinderrechte te erken, te promoveer en te implementeer sal uitgaan van verenigings, organisasies of instellings wat respek en vertroue in die gemeenskap geniet. Wanneer die promovering van kinderrechte volgens 'n dergelike van-onder-na-bo-benadering geskied, kan dit moontlik met meer eienaarskap van die gemeenskap en met meer volhoubaarheid gepaardgaan (Haines 2009:38-48). Inheemse organisasies beskik meestal oor die kapasiteit om gemeenskappe te mobiliseer op maniere wat nie vir eksterne organisasies moontlik is nie. In die verhaal van Venezuela is die promovering van kinderrechte deur vroueverenigings geïnisieer as 'n manier om gemeenskappe te versterk (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:40). Inheemse vroue van Venezuela het die konsep van kinderrechte volgens hul eie konteks aangepas en dit op betekenisvolle maniere in die lewe van plaaslike mense begrond. Die proses het die lê van verbindings met bestaande praktyke en tradisies ingesluit. Sodoende kon hulle aantoon dat die beginsels van die UNCRC nie so uitheems is as wat dit mag voorkom nie (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:40). Inderdaad is die universele konsepte van toepassing, maar namate hulle met hierdie konsepte gewerk het, het hulle besef dat kultuur en die plaaslike konteks moet bydra om die UNCRC-konsepte te vorm – op maniere wat die konsepte vir gemeenskappe relevant maak (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:41).<sup>208</sup> Blanchet-Cohen en Fernandez het met die verhaal van die vroue van Venezuela tot die gevolgtrekking gekom dat kinderrechte in die konteks van plaaslike betekenis, taal<sup>209</sup> en tradisie gepromoveer behoort te word (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:42).

---

<sup>208</sup> In 'n poging om die regte van kinders effektief te promoveer behoort stappe gevolg te word om die kinderregeterminologie inheems te maak. Die term “regte” behoort in die plaaslike taal vertaal te word sodat dit vir mense makliker is om betekenis daaraan te heg (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:41).

<sup>209</sup> Die VN se CRC het in die jaar 2000 in respons op Suid-Afrika se eerste verslag aan die Komitee in 1997 aanbeveel dat 'n groter poging deur die staat aangewend behoort te word om die beginsels en bepalings van die UNCRC onder volwassenes en kinders, in beide landelike en stedelike areas, en in inheemse tale bekend te maak en beskikbaar te stel (UN 2000). Die komitee het die benutting van tradisionele metodes van kommunikasie in die bekendmaking van die beginsels en bepalings van die UNCRC voorgestel. Die volledige dokument waarin die komitee se waarnemings oor die 1997-verslag vervat is, is beskikbaar by: <http://www.crin.org/docs/South%20Africa%20COs.mht> (besoek op 20 Februarie 2010).

Gemeenskapsopvoeding kan as strategie aangewend word om kinders en volwassenes bekend te stel met die inhoud en betekenis van byvoorbeeld die UNCRC<sup>210</sup> en artikel 28 van die Suid-Afrikaanse grondwet waarin kinders se regte vervat is. Dit kan geskied in die vorm van gemeenskapsvergaderings of werkwinkels. In die geval van Venezuela het die aanbieding oor kinderregte dikwels begin by die tekening van 'n swanger moeder waarna daar aan kinders gevra is wat hulle dink die ongebore kind nodig het om gesond te wees. Die kinders is aangemoedig om verskillende kwessies te identifiseer en het sodoende begin nadink oor wat regte konstitueer. Na 'n bespreking oor wat hulle as belangrike kwessies geïdentifiseer het, is aan die kinders verduidelik hoe alles wat hulle genoem het eintlik verband hou met kinderregte en met dit wat die UNCRC konstitueer. Die artikels van die UNCRC is moontlik nooit eens genoem nie. Die klem is eerder op inhoud en betekenis geplaas as op die eksakte terminologie (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:45). Na die inleidende gedeelte van die aanbieding het 'n bespreking oor die inheemse en nie-inheemse wêreld en die spanninge tussen beide gevolg. 'n Tekening is van twee sirkels gemaak en die groep moes identifiseer wat eie aan elk van die twee wêreldes is.<sup>211</sup> Daarna is die UNCRC aangebied as 'n hulpmiddel wat van die nie-inheemse wêreld afkomstig is, maar wat die moontlikheid bied vir sowel die ondersteuning van kinders se welsyn as van sommige inheemse maniere en sieninge (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:45). Die volgende vraag is gestel: Wie is verantwoordelik om hierdie regte te implementeer? Kinders het begin om onderwysers en die regering te noem. Dikwels was dit egter vir die fasiliteerders nodig om aan te dui dat kinders self oor die kapasiteit beskik om te mobiliseer, waarna die gedagte geopper is om

---

<sup>210</sup> In Artikel 42 van die UNCRC word gestel dat die UNCRC aan volwassenes en kinders bekend gemaak behoort te word. Hieroor het die VN se Komitee oor die Regte van die Kind in 2003 die volgende algemene opmerking benadruk: “[D]issemination and awareness-raising about the rights of the child are most effective when conceived as a process of social change, of interaction and dialogue rather than lecturing. Raising awareness should involve all sectors of society, including children and young people. Children, including adolescents, have the right to participate in raising awareness about their rights to the maximum extent of their evolving capacities” (United Nations 2003:16).

<sup>211</sup> Die mondelinge tradisie, tradisionele kleredrag en die sisteem van eerbetoning is as eie aan die inheemse wêreld uitgewys, terwyl die geskrewe, wetlike en individualistiese kultuur as kenmerkend van die uitheemse wêreld aangedui is.

kinderregtekomitees saam te stel. In Venezuela is daar in minder as drie jaar 65 kinderkomitees gevestig.<sup>212</sup>

#### 8. Promovering van die onderliggende beginsels van kinderrechte

Wanneer kinderrechte gepromoveer word, is dit in baie situasies nie eens nodig om eksplisiet na die artikels van die onderskeie kinderrechte-instrumente te verwys nie. Klem kan geplaas word op die drie algemene beginsels, naamlik nie-diskriminasie, die beste belange van die kind en deelname. Dit is die drie groot beginsels waarop die UNCRC gebou is en wat die oorhoofse bepalings daarvan vorm. Wat betref die Afrika-kinderhandves, is daar ook drie beginsels, naamlik nie-diskriminasie, die beste belange van die kind en voorrang van die handves bo individuele kulture (Viljoen 2009:336). Alhoewel die reg op lewe, oorlewing en ontwikkeling<sup>213</sup> deur *Save the Children* (2005:16) en Ansell (2005:229) as 'n beginsel van die UNCRC geïdentifiseer word, word dit vir die doeleindes van hierdie studie eerder as die algehele doelstelling van die

---

<sup>212</sup> Die opvolggeleenthede wat aan die komitees gegee is, sou wissel van een gemeenskap tot 'n ander. In sommige gevalle was daar geen kontinuïteit nie en is kinders se kennis van kinderrechte tot een enkele byeenkoms beperk. In ander gevalle het kinders inisiatiewe aangegryp wat inspirerend was. In hierdie artikel van Blanchet-Cohen en Fernandez is daar inspirerende verhale van kinders se inisiatiewe opgeneem. Kinders het byvoorbeeld 'n poppekas saamgestel met die doel om basiese inligting oor gesondheidsorg aan hul portuurgroep en moeders oor te dra. Met die tegniese hulp van gesondheidsorgdiensverskaffers het hulle spitskrifte met eenvoudige inligting voorsien, soos hoe kinders gevoed, skoongehou en teen diarree behandel behoort te word (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:45).

In die loop van een jaar het kinders oor die 50 aanbiedinge in en om hul gemeenskappe gemaak. Die munisipaliteit se gesondheidsorgamptenare was van mening dat die kindersterftesyfer gedurende daardie jaar met die helfte verminder het. Daar is besef dat kinders die kapasiteit het om inligting te versprei wat gesondheidstoestande kan verbeter (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:45). 'n Ander inisiatief wat kinders onderneem het, was om met die ondersteuning van die vroueverenigings en Unicef 'n vraelys te ontwikkel. Die vraelys het onder andere gevra hoeveel mense in elke huishouding leef en wie 'n identiteitsdokument en 'n geboortesertifikaat het. Ander vrae het gesentreer rondom die beskikbaarheid van water, die tipe behuising, vullisverwydering, die immunisering van kinders, die toestand van gesondheidsorg en die behoeftes van die skool.

Kinders het deur middel van die vraelys op nuwe maniere oor die behoeftes van hul gemeenskap geleer en het kwessies geïdentifiseer waarop hulle wou fokus. Die Wayuu-kinders het 'n versoek aan die munisipaliteit gerig oor die gebrek aan drinkwater in hul gemeenskap. Hulle het die munisipaliteit verantwoordelik gehou todat werk gemaak is om hierdie basiese diens aan gemeenskappe te lewer. Dit was 'n waardevolle leerervaring vir die kinders om te besef dat hulle oor die kapasiteite beskik om positiewe verandering in hul lewens aan te bring (Blanchet-Cohen & Fernandez 2003:46). Blanchet-Cohen en Fernandez (2003:46) het uit hierdie verhale van kinders tot die gevolgtrekking gekom dat dit kinders se verbintenis was wat 'n verskil gemaak het, al was daar byna altyd 'n paar volwassenes teenwoordig wat kinders gemotiveer en hul inisiatiewe gekanaliseer het.

<sup>213</sup> Artikel 6 van die UNCRC (UN 1989:2-3) stel: "State parties recognize that every child has the inherent right to life. State parties shall ensure to the maximum extent possible the survival and development of the child."

UNCRC voorgehou. Die doel van die UNCRC is dus om kinders se reg op lewe by veral versorgers van kinders te beklemtoon, tesame met hul reg op insette en lewensmiddele wat hulle in staat sal stel om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel en hul rol in 'n vreedsame en verdraagsame samelewing te speel (Save the Children 2005:16). Die beginsels van die UNCRC<sup>214</sup> en die ACRWC is belangrik vir die algemene raamwerk van hierdie kinderregte-instrumente en behoort in die implementering van elke artikel en in alle situasies wat met kinders verband hou, in ag geneem te word (Save the Children 2005:16). 'n Bondige verduideliking van elke beginsel volg.

(i) *Nie-diskriminasie*

Artikel 2 van die UNCRC (UN 1989:2) bepaal dat “The state parties to the present Convention shall respect and ensure the rights set forth in the Convention to each child within their jurisdiction without discrimination of any kind, irrespective of the child’s or his or her parent’s or legal guardian’s race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national, ethnic or social origin, property, disability, birth or other status.”

Die beginsel beteken dat alle regte op alle kinders van toepassing is.<sup>215</sup> Die staat self het 'n verpligting om maatreëls in werking te stel om te verseker dat kinders teen enige vorm van diskriminasie beskerm word en om positiewe aksie te neem om die regte van kinders te promoveer (Save the Children 2005:16). Van die gronde vir diskriminasie wat in die Afrika-kinderhandves blootgelê word, is die finansiële, geboorte- of ander status van die kind, die ouers of die wetlike voog (Viljoen 2009:337).<sup>216</sup>

(ii) *Beste belange van die kind*

Met die volgende bewoording as Artikel 3 van die UNCRC (UN 1989:2) word die beste belange van die kind in alle aksies wat kinders raak as 'n primêre oorweging voorgehou: “In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social

---

<sup>214</sup> Die wye omvang en die hoë belang wat die beginsels van die UNCRC aan die agentskap van die kind heg, maak dit tydloos relevant vir alle aksies wat daarop gerig is om kinderregte te promoveer, te beskerm en te vervul (Unicef 2009:2).

<sup>215</sup> Ongeag wie die kinders is of wie hulle ouers is (Viljoen 2009:336).

<sup>216</sup> Vergelyk Artikel 3 van die ACRWC in dié verband.



welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration.”

Ook Artikel 4 van die ACRWC stel dit dat in alle aksies wat kinders raak, die beste belange van die kind die primêre oorweging behoort te wees (Viljoen 2009:336). Die beginsel van die beste belange van die kind is volgens Burr en Montgomery (2003:148) die basis en die belangrikste konsep van sowel internasionale as nasionale wetgewing. Breed gesien, eis die UNCRC dat daar na kinders volgens die hoogste moontlike standaard omgesien behoort te word en nie volgens die minimum aanvaarbare nie (Burr & Montgomery 2003:147-148). Hierdie beginsel sluit verder alle besluitnemingsprosesse in wat seuns en dogters raak. Die beste belange-beginsel is ook op die mobilisering en toewysing van hulpbronne van toepassing (Save the Children 2005:16). Alhoewel kinders se beste belange nie die enigste oorweging is wanneer besluite geneem word wat kinders raak nie, behoort kinders se belange van die eerste aspekte te wees wat in ag geneem word en behoort dit aansienlike gewig te dra in verhouding tot die belange van volwassenes (Save the Children 2005:16).

Die wyse waarop regte geïnterpreteer word, hang van die ouderdom en volwassenheid van kinders af, maar een van die belangrikste beginsels van regte is dat volwassenes die beste belange (of maksimum welsyn) van 'n kind of 'n groep kinders behoort te promoveer (Burr & Montgomery 2003:147). Die toepassing van hierdie beginsel veronderstel die erkenning dat kinders die reg het om gehoor te word. Besluitnemers behoort te luister na kinders wat in staat is om 'n mening te gee in die bepaling van wat tot die beste belang van die kind sal strek (Save the Children 2005:16). Die beste belange van kinders kan wel problematies raak wanneer daar konflik ontstaan tussen kinders se beste belange en hul eie wense<sup>217</sup> of tussen volwassenes en kinders of selfs tussen verskillende groepe volwassenes se sieninge van wat tot die beste belang van die kind strek (Burr & Montgomery 2003:148).

---

<sup>217</sup> In Nederland het terminaal siek kinders oor die ouderdom van twaalf die reg om genadedood te versoek as hulle meen dit is in hul beste belang – al is dit teen die wense van hul ouers (Burr & Montgomery 2003:148).

*(iii) Die reg om gehoor te word*

Artikel 12 van die UNCRC (UN 1989:4) verwoord die reg om gehoor te word as volg: “State parties shall assure to the child who is capable of forming his or her own views the right to express those views freely in all matters affecting the child, the views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child.”

Hierdie beginsel impliseer dat meisies en seuns die reg het om gehoor te word in alle besluite wat hulle raak. Artikel 12 plaas ’n verpligting op regerings om te verseker dat meisies en seuns se sieninge gesoek en oorweeg word. Die reg om gehoor te word is volgens *Save the Children* (2005:17) deel van ’n groter eenheid van die reg op deelname wat kinders het. Daar is verskillende interpretasies van watter artikels onder die reg op deelname ressorteer. Volgens *Save the Children* (2005:17) sluit hierdie groepering van regte die volgende in: Artikels 12 (die reg om gehoor te word), 13 (vryheid van spraak), 14 (vryheid van denke, gewete en godsdienste), 15 (vryheid van assosiasie), 16 (reg op privaatheid), en 17 (toegang tot toepaslike inligting). Die artikels wat volgens De Winter (1997:33) van toepassing is op deelname is Artikels 12, 13, 14, 15 en 30 (die reg van kinders in minderheidsgemeenskappe en inheemse bevolkings om hul eie kultuur te geniet en hul eie godsdienste te beoefen).

Met die klem op hul deelname word kinders erken as sosiale agente met betrekking tot hul eie ontwikkeling sowel as dié van die samelewing. Die reg op deelname word egter wyd erken as sentrale reg en as ’n sleutel en rigtinggewende beginsel tot die omvattende regte-agenda (Rwezaura 1998:296).

*(iv) Voorrang van die Afrika-kinderhandves bo kultuur*

In Afrika is kinders dikwels deel van ’n landelike, tradisionele opset waar kultuur en gebruike eerder as formele wetgewing van krag is (Viljoen 2009:337). Nogtans maak die ACRWC daarop aanspraak dat dit voorrang behoort te geniet bo kultuur en gebruike wat vir die gesondheid of lewe van ’n kind nadelig of op die basis van geslag of ander status diskriminerend teenoor die kind is. Alhoewel daar volgens Viljoen nie eksplisiet na baie skadelike praktyke, byvoorbeeld die moord op tweelingbabas, gereëde huwelike, die verminking van vroulike geslagsorgane en manlike eersgeboortereg verwys word nie,

kan hierdie praktyke hanteer word met die verwysing na die algemene verbod op skadelike kulturele praktyke (Viljoen 2009:337).<sup>218</sup> Kinderhuwelike en -verlowings word wel eksplisiet in Artikel 21 (2) verbied. Effektiewe aksie, insluitend wetgewing behoort volgens dié artikel van die ACRWC geneem te word om die minimum ouderdom waarop daar tot die huwelik toegetree mag word op agtien jaar te stel. Verder moet alle huwelike in 'n amptelike register aangeteken word (vgl. Viljoen 2009:337).

9. Funksionering van kinderregte in 'n konteks van ouerlike leiding/rigtinggewing en die kind se ontwikkelende bevoegdhede

In die aanhef en regdeur al die artikels van die UNCRC word die fundamenteel belangrike rol van die familie in die groei en welsyn van kinders beklemtoon. Die kritieke belang van 'n liefdevolle en harmonieuse familie-omgewing waarin daar begrip vir die kind is word vir die volle ontwikkeling van die kind erken (Unicef 2009:3). Artikel 5 verwys spesifiek na die verantwoordelikheid van regerings wat die UNCRC bekragtig het, om die verantwoordelikhede, regte en verpligtinge van ouers<sup>219</sup> in die voorsiening van toepaslike leiding aan kinders in die uitoefening van hul regte soos vervat in die UNCRC, te respekteer. Die UNCRC verplig lande om families te voorsien van alle middele wat nodig is om hul verantwoordelikheid teenoor kinders na te kom. In 2003 het die VN se Komitee oor die Regte van die Kind die verpligtinge van regerings in verband met die ontwikkeling van algemene maatreëls vir die implementering van die UNCRC in 'n dokument uiteengesit. Die Komitee het onder andere aanbeveel dat die promovering van kinderregte geïntegreer behoort te word in die voorbereiding vir ouerskap en ouerleidingprogramme (UN 2003:13).

In Artikel 5 word verder bepaal dat ouers leiding aan hul kinders behoort te gee wat betref die uitoefening van hul regte op 'n wyse wat met die kind se ontwikkelende bevoegdhede ooreenstem. Hierdie konsep van die kind se ontwikkelende bevoegdhede (“evolving capacities of children”) is volgens Gerison Lansdowne sentraal vir die balans wat in die UNCRC vervat is tussen die erkenning van kinders as aktiewe rolspelers in hul

---

<sup>218</sup> Vergelyk in dié verband Artikel 21 van die ACRWC.

<sup>219</sup> Waar van toepassing word die kind volgens plaaslike gebruike aan lede van die uitgebreide familie of persone in die gemeenskap toegewys. So ook wetlike voogde of ander persone wat wetlik vir die kind verantwoordelik is.

die lewe<sup>220</sup> en die beskerming van kinders volgens hul relatiewe onvolwassenheid en jeugdigheid (Lansdowne 2005:3). Hierdie konsep voorsien die basis vir toepaslike respek vir kinders se agentskap sonder om hulle te vroeg bloot te stel aan die volle spektrum van verantwoordelikhede wat normaalweg met volwassenheid geassosieer word (Lansdowne 2005:3). Met hierdie beginsel word erken dat kinders toenemend die vermoë verkry om op morele vlak beheer oor hul lewe uit te oefen. Hierdie vermoë ontwikkel in 'n kind enersyds met die hulp van betekenisvolle volwassenes wat omgee, en andersyds deur middel van deelname aan sake waarin kinders se eie belange ter sprake is (Bellon 2002:112).

Die UNCRC dring daarop aan dat alle kinders daarop geregtig is om volgens hul ontwikkelende vermoëns 'n aktiewe rol in die realisering van hul regte te speel. Drie soorte vrae kom volgens Lansdowne ter sprake wanneer daar oor kinders se aandeel in die realisering van hul regte nagedink word (Lansdowne 2005:15).

1. Watter omgewings word benodig vir kinders om in staat te wees om hul ontwikkelende vermoëns te bevorder en te koester en watter faktore strem die ontwikkeling van potensiaal?
2. Hoe kan kinders van die geleentheid en ondersteuning verseker word om verantwoordelikheid te neem vir die uitoefening van daardie regte waarvoor hulle 'n bepaalde vermoë het? Watter aannames kan ons maak oor kinders se bevoegdhede op 'n gegewe ouderdom om kinders se deelname aan te moedig en om omgewings te skep waar hul bevoegdhede gerespekteer word?
3. Watter vlak van beskerming benodig kinders ooreenkomstig hul vlak van ontwikkeling of hul ontwikkelende bevoegdhede? Hoe kan 'n balans bereik word tussen die reg om aan besluitneming deel te neem en die reg op beskerming teen aktiwiteite wat skadelik mag wees? Oor watter bevoegdhede wat tot hul eie beskerming kan bydra, kan aanvaar word dat kinders beskik?

---

<sup>220</sup> Kinders is as aktiewe rolspelers in hul eie lewe daarop geregtig om na geluister te word, respek te ontvang en toenemende outonomie in die uitoefening van hul regte verleen te word (Lansdowne 2005:3).

Die ontwikkelende bevoegdhede van kinders behoort na Lansdown (2005:15) se oordeel volgens drie konseptuele raamwerke verstaan en ondersoek te word: Eerstens as 'n ontwikkelingsgerigte konsep, wat die mate erken waartoe kinders se ontwikkeling, bevoegdheid en ontluikende persoonlike outonomie gepromoveer word deur die realisering van kinderregte soos in die UNCRC vervat. Hierdie ontwikkelingsgerigte inslag plaas op lande wat die UNCRC bekragtig het die verpligting om kinderregte te verwesenlik. Tweedens kan dit verstaan word as 'n deelnemende of bevrydende konsep wat kinders se reg op respek vir hul eie vermoëns aandui en wat die verantwoordelikheid vir die uitoefening van regte van ouers na kinders verskuif, ooreenkomstig hul vlakke van bevoegdheid. Hierdie lens plaas die verantwoordelikheid op regerings om kinderregte te respekteer. Derdens is die kind se ontwikkelende bevoegdhede 'n beskermende konsep wat erken dat kinders se vermoëns regdeur die kinderjare ontwikkel en hulle daarom die reg het op beskerming teen blootstelling aan skadelike aktiwiteite. Hierdie regte behoort toegepas te word deur sowel die ouers as die staat. Vanuit hierdie konseptuele raamwerk kry regerings die opdrag om kinders se regte te beskerm.

#### 10. Betrokkenheid in die monitering van kinderregte

'n Internasionale moniteringsstelsel vir die implementering van kinderregte is in werking gestel, naamlik die VN se CRC, wat die taak het om probleme en struikelblokke waarmee regerings in die implementering van die UNCRC te kampe het, te identifiseer en aanbevelings te maak oor hoe dit voorkom kan word.<sup>221</sup> Lande moet aan die komitee verslag doen twee jaar na aanvaarding van die verdrag en elke vyf jaar daarna. Verteenwoordigers van die verskillende lande word versoek om vrae oor kinderregte in hul onderskeie lande te beantwoord. Die proses word afgesluit met die formulering van waarnemings en gevolgtrekkings deur die komitee (Marshall & Parvis 2004:24).

Lisa Woll (2000) argumenteer in 'n artikel dat verslagdoening aan die VN se Komitee oor die Regte van die Kind as katalisator vir binnelandse debat en beleidsverandering kan dien. As die verslagdoeningsproses volgens Woll optimaal benut word, kan dit vir regerings, nie-regeringsorganisasies, kinders en jong volwassenes, en ander lede van die

---

<sup>221</sup> Die probleme en struikelblokke soos geïdentifiseer deur die VN se Komitee oor die Regte van die Kind kan as 'n agenda benut word vir navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie.

burgerlike samelewing, insluitend die media, die geleentheid skep om deel te neem aan 'n lewendige bespreking oor prioriteite, suksesse en uitdagings en om agendas vir verandering te ontwerp (Woll 2000:71). Verder noem sy pertinent dat die verslagdoeningsproses verryk kan word deur middel van die deelname van rolspelers in die burgerlike samelewing, wat onder andere insluit akademiese en navorsingsinstellings en religieuse instellings (Woll 2000:79). Akademiese en navorsingsinstellings is volgens haar 'n potensiële bron van inligting oor die status van kinders en hul regte. Woll (2000:79) stel voor dat religieuse instellings op hulle beurt 'n reeks geleenthede kan reël om hul gemeentede oor die UNCRC en die verslagdoeningsproses te onderrig.

#### 11. Opleiding van gemeenskapsleiers en professionele persone wat met kinders werk

Voortgesette opleiding en kapasiteitsbou vir diegene wat met en vir kinders werk, is essensieel in die promovering en realisering van kinders se regte. In Februarie 2000 het die VN se CRC waarnemings ten opsigte van die eerste verslag wat Suid-Afrika in 1997 aan die Komitee voorgelê het, geformuleer. Waarneming nommer 16 vermeld die Komitee se blywende besorgdheid dat professionele groepe, kinders, ouers en die breë publiek nie voldoende bewus is van die UNCRC en die regtegebaseerde benadering wat dit veronderstel nie (Committee on the Rights of the Child 2000). Die komitee stel onder andere voor dat voldoende en sistematiese opleiding en/of sensitisering van tradisionele gemeenskapsleiers en professionele groepe wat met kinders werk versterk behoort te word as 'n strategie om bewustheid aangaande kinderregte te bevorder.

In twee meer resente dokumente van die komitee word voorts algemene opmerkings gemaak en maatreëls neergelê wat op voortgesette opleiding en toerusting van toepassing is. In die dokument van 2003 word gemeenskaps- en geestelike leiers uitgesonder as rolspelers wat sistematiese en voortgaande opleiding benodig (UN 2003:12-13; Unicef 2006b:39). Die doel van die opleiding is om die status van die kind as draer van menseregte te beklemtoon, om kennis en begrip aangaande die UNCRC te bevorder en tot daadwerklike respek vir al sy voorskrifte aan te spoor. Die verwagting van die komitee is om die UNCRC in die kurrikulering van professionele opleiding insake gedragskodes van professies en onderwys op alle vlakke te dien. Periodieke evaluering van die effektiwiteit van opleiding behoort nie alleenlik kennis omtrent die UNCRC te

evalueer nie, maar ook die mate waarin kinderregebeginsels bygedra het tot die ontwikkeling van gesindhede en praktyke wat die uitoefening van kinders se regte deur kinders self op aktiewe wyse promoveer (UN:2006b12-13; Unicef 2006b:39).

Wat opleiding betref, beveel die komitee die volgende aan:

[A]ll efforts to provide training on the rights of the child be practical, systematic and integrated into regular professional training in order to maximize its impact and sustainability. Human rights training should use participatory methods, and equip professionals with skills and attitudes that enable them to interact with children and young people in a manner that respects their rights, dignity and self-respect (UN 2003:16).

Gedurende Julie 2009 reik die komitee 'n verdere dokument uit met algemene opmerkings oor die fasilitering van kinders se deelname. Daarin word onder andere gestel dat volwassenes voorbereiding, vaardighede en ondersteuning benodig om kinders se deelname effektief te fasiliteer. Die opleiding kan insluit vaardigheidsontwikkeling in aktiewe luister, hoe om saam met kinders te werk en hoe om kinders effektief in ooreenstemming met hul ontwikkelende vermoëns te betrek (UN 2009:30).

Die riglyne vir die promovering van 'n kinderregetediskoers en -praktyk soos hierbo aangebied, het bepaalde implikasies vir die wyse waarop Praktiese Teologie in die konteks van die akademie beoefen word. Kinderregte voorsien 'n konseptuele raamwerk wat Praktiese Teologie kan rig in die wyse waarop navorsing onderneem word, die kurrikulering van onderrig en leer, en vennootskapsvorming met eksterne belanghebbendes.

### **3.6 Slot**

In hierdie hoofstuk is historiese en kontemporêre benaderings en perspektiewe ondersoek wat op interdisiplinêre vlak in verband met kinders, hul regte en hul welsyn bestaan. Daar is bevind dat die rasionaal vir die promovering van kinderrege opgesluit lê in die denkskuif wat plaasgevind het van kinders as die objekte van liefdadigheid en 'n belegging vir die toekoms na kinders as waardige burgers wat nou reeds tot die

samelewing bydra. Hierdie denkskuif impliseer dat kinders as volwaardige mense waardeer behoort te word wat reeds gedurende hul kinderjare waarde kan toevoeg tot hul families, gemeenskappe en samelewings, en in besluitnemings- en ontwikkelingsprosesse geïntegreer behoort te word. Om hul welsyn deur middel van die beginsels en bepalinge van kinderregte te promoveer sal dus vir die samelewing as geheel heilsaam wees.

Uit die beskrywing van die historiese ontwikkeling van kinderregte het dit duidelik geword dat kinderregte deur die geskiedenis heen tot verbintnisse ten opsigte van die bevordering van kinders se lewensomstandighede bygedra het. Verbintnisse teenoor en belofte aan kinders behoort egter met politieke wil gedryf te word ten einde by wyse van konkrete maatreëls werklike en wesenlike verandering in kinders se daaglikse leefwêreld teweeg te bring. Daarvoor word bepaalde denkskuiwe benodig waarin nie alleenlik vir die beskerming van kinders voorspraak gedoen word nie, maar ook vir hul bevryding en selfverwesenliking.

Die gevolgtrekking in hierdie hoofstuk is dat kinderregte as 'n perspektief aangewend kan word om kinders se belange in die onderskeie teologiese publieke te hanteer. Veral die promovering van die beginsels van kinderregte kan as 'n agenda dien wat vele uitdagings, maar ook unieke geleenthede bied vir prakties-teologiese navorsing, opleiding en betrokkenheid in die burgerlike samelewing.

In Hoofstuk 4 word ondersoek ingestel na die normatiewe hulpbronne wat in die Christelike geloofstradisie bestaan wat in die beskouing en hantering van kinders rigting kan gee en met ander dissiplines in gesprek gebring kan word.



## HOOFSTUK 4

# KINDERS EN HUL REGTE IN RELIGIEUSE EN TEOLOGIESE BESINNING

### 4.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 is die konsep en saak van kinderrechte belig as leidende motief en meganisme ter bevordering van die belange en sosiale status van kinders in die samelewing. Klem is geplaas op die benuttingswaarde van kinderrechte as 'n universele normatiewe raamwerk en teoretiese roetekaart vir die menswaardige hantering van kinders en hul belange wêreldwyd. Die benutting van teorieë vanuit ander dissiplines is 'n belangrike deel van die prakties-teologiese proses om die situasie van kinders te interpreteer. Kinderrechte kan deur Christen-leiers in die konteks van die akademie, gemeente en burgerlike samelewing as kriterium benut word om denke en gedrag jeens kinders krities te beoordeel. Verder kan kinderrechte van groot belang wees om gevestigde denkpatrone en lewenshoudings onderliggend aan skadelike praktyke wat kinders se algehele welsyn beïnvloed te toets, uit te daag en te verander. Kinderrechte sal egter nie effektief deur Christen-leiers in hul onderskeie ruimtes van verantwoordelikheid benut kan word sonder 'n teologiese verstaan van die kind nie. Juis daarom is dit belangrik om die universele beginsels van kinderrechte te ondersteun met teologiese perspektiewe, etiese norme en goeie praktyke wat aan die identiteit en kultuur van die Christelike geloof eie is.

'n Normatiewe teologiese raamwerk vir kinders en hul regte wat steun op hulpbronne van die Christelike geloofstradisie is dus nodig om Christene se denke en gedrag ten opsigte van kinders en hul belange te rig.<sup>222</sup> Die normatiewe taak in die proses van prakties-

---

<sup>222</sup> So 'n raamwerk kan deur Praktiese Teologie aangewend word om spesifieke situasies en kontekste van kinders te interpreteer. Met behulp van die teologiese raamwerk kan pertinent gevra word hoe die situasie van kinders teologies te beoordeel is. So 'n raamwerk kan verder geloofshandelinge gefokus op en in interaksie met kinders rig en Teologie daarin help om betekenisvol betrokke te wees in inter- en selfs transdissiplinêre en interreligieuse debatte oor kinders. Voorts kan dit behulpsaam wees om die beste teologiese praktyke gerig op kinders te identifiseer, wat in die dialektiese interaksie tussen teologiese teorie en praxis aangewend kan word met die oog op transformasie.

teologiese interpretasie gaan juis om die ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief. In Hoofstuk 4 word hierdie normatiewe taak uitgevoer. Dit behels die ondersoek na wat volgens die Christelike geloofstradisie in die leewêreld van kinders behoort te gebeur (Osmer 2008:4). Die primêre doel van hierdie hoofstuk is dus om deur middel van 'n diskoersanalise van Religieuse Studies en Teologie die unieke bydrae van die akademie, verteenwoordigend van die Christelike geloofstradisie, tot die huidige bespreking oor kinders in die hedendaagse kultuur aan die lig te bring.

Die hermeneutiese vraag wat as ope vraag in hierdie hoofstuk ondersoek sal word om teologiese perspektiewe te identifiseer is of en hoe die denkskuif wat in die hedendaagse kultuur plaasgevind het van 'n eensydige klem op kinders se kwesbaarheid, broosheid en behoeftes na 'n erkenning van kinders as sosiale rolspelers (met bates/sterktes en gawes) en as aktiewe draers van hul eie regte in die kontekste waarin hulle hul bevind, teologies onderbou kan word. Anders gestel, dit gaan om 'n denkskuif van kinders wat uitsluitlik op aksies van beskerming en liefdadigheid aanspraak kan maak na kinders wat ook bevryding nodig het sodat hul agentskap erken kan word in die ruimtes waarin hulle hul bevind. Wanneer kinders se waarde as mense en as agente erken word, kan dit daartoe lei dat hulle effektief binne die perke van hul ontwikkelende bevoegdhede in besluitnemingsprosesse geïntegreer word om aktief daarin deel te neem.<sup>223</sup> Hierdie denkskuif promoveer op sigself 'n verbintenis tot die minimum standaard waarop kinders geregtig is sodat hulle in 'n wêreld wat vir hulle geskik is kan grootword en aktief daaraan kan deelneem. Bepaalde kriteria waarvolgens die identifisering en analise van teologiese perspektiewe geskied, is egter nodig om te bepaal of teologiese perspektiewe oor kinders en hul regte die basiese denkskuif soos hierbo vermeld reflekteer. Aangesien kinderregte 'n bepaalde beskouing van die aard en status van (i) die kind/kinderjare, (ii) hul welsyn en (iii) die hantering van kinders in die samelewing veronderstel, sal religieuse en teologiese perspektiewe volgens hierdie drie areas geanaliseer word. Die drie beginsels en oorhoofse doel van kinderregte, naamlik nie-diskriminasie, die beste

---

<sup>223</sup> Dit gaan dus in hierdie hoofstuk oor 'n ondersoek na 'n gebalanseerde siening van die kind, wat perspektiewe insluit oor die lyding en kwesbaarheid van kinders; verantwoordelikheid en sorg vir kinders; die beskerming van kinders; en ook hul regte en agentskap, dit wil sê die bevryding van kinders.

belange van die kind, die reg om gehoor te word asook die reg op oorlewing en ontwikkeling sal bykomend tot die drie genoemde areas as analitiese vrae benut word.<sup>224</sup>

Die hoofstuk word soos volg ingedeel:

Eerstens word aandag gegee aan die historiese betrokkenheid, respektiewelik die gebrekkige betrokkenheid, van Teologie by die bestudering van die kind en die kinderjare. Tweedens word die nuwe, opkomende belangstelling in kinders en die kinderjare in Religieuse Studies en Teologie belig, insluitend die aanwysing van perspektiewe op kinders en hul belange in hierdie dissiplines. In geheel word hierdie analise vanuit 'n internasionale, Afrika- en Suid-Afrikaanse perspektief primêr gedoen aan die hand van artikels wat sedert die jaar 2000 op nasionale en internasionale vlak oor die onderwerpe van die kind/kinderjare, kinders se welsyn en kinderregte in akademiese joernale in die dissiplines Religieuse Studies en Teologie gepubliseer is.

Daar word ook van enkele boekpublikasies oor kinders, geskryf deur gesaghebbende teoloë, gebruik gemaak. Notules en/of verslae van teologiese gespreksgeleenthede met 'n fokus op kinders en ander relevante inligting wat elektronies beskikbaar is, word as bykomende bronne vir die diskoersanalise benut. 'n Skets van die resente ontwikkeling van 'n kinderteologie vorm deel van hierdie analise. Derdens en teen die agtergrond van die diskoersanalise word aangedui dat die normatiewe bydrae van Teologie tot die saak van kinderregte opgesluit lê in die kritiese dekonstruering van verdraaide en simplistiese beskouinge van kinders wat in kerk en samelewing voorkom en die bied van 'n genuanseerde teologiese perspektief op kinders.

---

<sup>224</sup> Die hermeneutiese vraag wat benut word, mag die indruk wek dat hiermee bepaaldelik op die Teologie gefokus word – en dié selfs omgebuig word – om in die huidige diskoers en praktyk oor kinderregte 'n eie bydrae te lewer. Dit sou onjuis wees. Die bedoeling is juis om sonder enige druk van die huidige knellende problematiek te gaan kyk wat die breë religieuse en teologiese erfenis aan perspektiewe bevat wat die debat oor hierdie problematiek kan stu en komplementeer.

#### 4.2 Die kind/kinderjare, kinderwelsyn en kinderregte as marginale temas in Teologie: 'n historiese perspektief

Soos in Hoofstuk 3 aangedui, het literatuur, statistieke en gesprekke oor kinders en hul regte oor die afgelope aantal jare al hoe meer op beleids- en akademiese vlak begin toeneem. Tog het verskeie teoloë erken dat Teologie vir lank nie 'n wesentliche bydrae tot die debatte oor kinders gelewer het nie. Navorsers op soek na teologiese hulpbronne oor die kinderjare het oor die algemeen teleurgesteld daarvan afgekóm (Mercer 2005:120). Terwyl religieuse opvoeders wel konsekwent heelwat aandag aan kinders bestee het, was baie van daardie werk bloot gedra deur idees oor hoe om opvoedkundig met kinders op verskillende ouderdomsvlakke te werk ten einde hul geloof te koester (Mercer 2005:120). Deur die eeue heen het Christelike teoloë egter relatief min aandag aan kinders bestee, deels omdat die denkbeeld van die kinderjare as 'n spesifieke vorm van menslike lewe onderskeie van die baba- en kleutertyd 'n moderne idee is (Mercer 2005:121).<sup>225</sup> Joyce Ann Mercer belig Teologie se gebrekkige belangstelling in die kinderjare verder deur uit te wys dat wanneer teoloë wel oor kinders geskryf het, hulle dit gewoonlik gedoen het binne die konteks van aandag aan ander kwessies (Mercer 2005:121). Sy hou Augustinus en Calvyn as voorbeelde voor by wie die situasie van ongedoopte babas as 'n soort gevallestudie gebruik is in die uitwerk van hul soteriologie. Die teologiese betekenis van die kinderjare as sodanig was gevolglik deurgaans 'n marginale tema in die Christelike teologie.

In ooreenstemming met Mercer se siening van Teologie se gebrekkige bydrae tot die teologiese verstaan van die kinderjare huldig Bonnie J. Miller-McLemore in die voorwoord van David H. Jensen se publikasie *Graced Vulnerability: A Theology of Childhood* die mening dat wanneer sistematiese teoloë in die voorafgaande eeue oor die menslike natuur en verlossing gepraat het, hulle sonder twyfel die natuur en verlossing van die volwassene bedoel het (Miller-McLemore 2005:vii). Kinders is volgens Miller-McLemore eenvoudig nie gereken as 'n behoorlike onderwerp vir Teologie nie (Miller-McLemore 2005:viii). Die rede hiervoor was nie omdat kinders onbelangrik geag is nie,

---

<sup>225</sup> Sien die doktrale tesis van Jan Grobbelaar vir 'n volledige bespreking van die historiese ontwikkeling van die moderne konsep van kindwees en die kritiek daarop (Grobbelaar 2008:412-427).

maar eenvoudig omdat hulle verdwyn het uit die gesigskring van die tipiese manlike teoloog – afgesonder in sy bestudering van die teologie en nie direk verantwoordelik vir die daaglikse take wat met die versorging van kinders gepaardgaan nie. Die verwaarlosing van die kind in Teologie kan dus deels toegeskryf word aan 'n beperkte verstaan van die mens met 'n uitsluitlike fokus op volwassenheid en manlikheid. Die dwingende gevolgtrekking is dat die ontwikkeling van 'n teologiese antropologie van die kind 'n leemte in Christelike Teologie is.

In die voorwoord van bovermelde boek verwys Jensen daarna dat daar twee millennia gelede 'n baba van 'n ongetroude tienerma in Betlehem gebore is (Jensen 2005:xi). Die Christelike geloof, sê Jensen, verhef die aanspraak dat hierdie arm Kind hoop vir die wêreld beliggaam, 'n Redder wie se geboorte ooreenkoms toon met die geboorte van duisende wat daagliks in agterbuurte en geïsoleerde dorpieë regoor die wêreld plaasvind (Jensen 2005:xi). As 'n kind ooit teologies van belang was, is dit beslis Jesus. Aan ander kinders het Christene egter hoogs selde eksplisiete teologiese aandag gewy (Jensen 2005:xii). Dit het min gebeur dat die Kind wat 'n heerskappy van hoop en vrede ingelui het met die miljoene kinders verbind is wat sedertdien in hopelose en gewelddadige omstandighede gebore is. 'n Verstaan van en fokus op Jesus Christus as kind in Christelike Teologie en kerkpraktyk is onderwaardeer en verg aandag wanneer daar met kindwees en kinders erns gemaak wil word.

Kenneth L. Carder beweer in die voorwoord van Pamela D. Couture se boek *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty* dat die kerk selde verby liefdadigheid beweeg het in die hantering van die uitdagings van verarmde en kwesbare kinders (Carder 2000:11). Wat volgens hom kortkom, is 'n holistiese teologie en praxis wat die realiteit van armoede en die pleidooi oor kinders as integraal behorende tot die kerk se teologie en praktyk verenig. Couture merk op dat literatuur oor kinders en armoede sedert 1990 'n opbloeitoon en dat 'n aansienlike persentasie daarvan deur navorsingsinstellings aan universiteite gegener is. Nogtans bestaan daar volgens haar weinig akademiese navorsing oor kinders wat godsdienste of spiritualiteit as deel van die probleem of oplossing bestudeer (Couture 2000:20).

Jensen motiveer sy boek vanuit hierdie verwaarlosing van die kinderjare en kinders se lewensomstandighede en stel voor dat vernuwende teologiese aandag aan die kinders in ons midde 'n ope oog behoort te hê vir die grondslag van die Christelike hoop soos gevestig in Hom wat as 'n kind gekom het (Jensen 2005:1). Jensen begin sy boek met die volgende woorde oor die relatiewe teologiese stilswye oor kinders in die verlede (Jensen 2005:1):

Children have rarely captured the sustained attention of Christian theologians. If children appear rather infrequently on the pages of theological classics, they have always lingered in their margins, beckoning the future, disrupting the undue seriousness of theological endeavor with play and laughter, crying out in protest when violence rends their lives. Theology's relative silence on children, however, does not overwhelm the voices of children even today.

Hy erken verder dat die vaders van die Christelike geloofstradisie nogtans 'n ambisieuse nalatenskap oor die onderwerp van kinders aan teoloë bemaak het (Jensen 2005:1). Daarom is dit volgens hom so opvallend dat daar deur die eeue heen geen pertinente "teologie van die kind" die lig gesien het nie (Jensen 2005:2).

Wat kinders se algemene belange betref, het John Wall die rol van teologiese etici oor sake wat kinders raak geïdentifiseer (Wall 2006:524). Hy is daarvan oortuig dat dit vanuit kinders se unieke gemarginaliseerde status onder hedendaagse toestande van pluralisme, individualisme en globalisering duidelik is dat 'n nuwe etiese fokus op die kinderjare vandag nodig is. Dit is volgens hom nouliks nuus dat kinders in armoedige én ryk lande die armste segment van die bevolking uitmaak. Hulle ontvang die minste gesondheidsorg, staar meer komplekse uitdagings in die gesig terwyl hulle opgroei, ly die meeste vanweë gedisintegreerde families en gemeenskappe, is die mees kwesbare teikens van die massamedia en die manipulerings van die advertensiebedryf en is in verskeie dele van die wêreld toenemend slagoffers van sekshandel, dwelms, bendegegeweld en krygsdiens. Dit alles maak dit vir hom nog moeiliker om te verstaan waarom professionele teologiese etici so 'n beperkte rol in die sosiale debatte oor sulke kwessies gespeel het (Wall 2006:524).

Volgens Marcia Bunge speel kinders ook nie 'n rol in die wyse waarop baie sistematiese teoloë oor sentrale teologiese kwessies, soos die aard van geloof, die spreke oor God en die taak van die kerk dink nie (Bunge 2003:13). Kwessies rakende kinders word wel by geleentheid in teologiese nadenke oor die familie hanteer (Bunge 2003:13).<sup>226</sup> In 'n daaropvolgende artikel drie jaar later belig Bunge die beperkte rol van teoloë wanneer dit by kinders kom wanneer sy stel dat alhoewel daar oor die laaste jare 'n groeiende belangstelling in kinders en die kinderjare in die akademiese sektor saam met openbare besorgdheid oor kinders en kinderwelsyn ontwikkel het, godsdienswetenskaplikes, teoloë en etici oor religieuse lyne heen weinig oor kinders te sê gehad het (Bunge 2006:551-553). Ewemin het hulle bygedra tot die groeiende politieke en akademiese debatte oor kinders en ons verpligtinge teenoor hulle. Volgens haar het baie teoloë die kinderjare geensins as 'n onderwerp hanteer wat ernstige aandag verdien nie, en nie daarna gesoek om die pertinente religieuse verstaan van kinders op sigself te artikuleer nie.

Sommige teoloë het wel betekenisvolle aandag geskenk aan sake wat in 'n breë of indirekte wyse met kinders verband hou, soos aborsie, menslike seksualiteit, voorbehoeding, geslagsverhoudinge, die huwelik en die familie (Bunge 2006:551). En weliswaar het daar insiggewende multireligieuse gedagtewisseling en gesofistikeerde intergeloofsdialoog plaasgevind oor hierdie en ander globale kwessies wat kinders affekteer, soos gesondheidsorg, opvoeding, ekonomiese geregtigheid, globalisering, ekologie, vroueregte en menseregte (Bunge 2006:551). Nogtans is Bunge van mening dat selfs studies oor die religieuse verstaan van die familie of menseregte die fundamentele vrae oor kinders as sodanig verwaarloos (Bunge 2006:551).

Verder is daar selde ondersoek hoe verskeie godsdienstige tradisies praat oor kwessies soos die aard en status van kinders; die onderskeid tussen meisies en seuns; die pligte en verantwoordelikhede van kinders; die rol van kinders in religieuse praktyke en rituele; ouerlike verpligtinge teenoor kinders; die rol van religieuse gemeenskappe en die staat in die beskerming van kinders en die voorsiening van hulpbronne wat hulle benodig om te floreer; die morele en spirituele vorming van kinders; die rol van kinders in die spirituele

---

<sup>226</sup> Soos Bunge en Mercer beweer Wall dat teoloë, wanneer hulle hoegenaamd kinders ter sprake bring, dit slegs doen rondom bepaalde en geïsoleerde vrae soos aborsie, gesondheidsversekering en geestelike vorming (Wall 2006:528).

volwassewording van volwassenes; of kinderregte en aanneming (Bunge 2006:551-552). Bunge bevind selfs dat hierdie kwessies soms beskou word as ondergeskik aan die werk van ernstige vakkundiges of teoloë en slegs vir praktisyns of opvoeders werklik relevant is (Bunge 2006:552).

Wanneer teologiese besinning en navorsing oor die kind marginaal is, het dit egter direkte gevolge vir hoe die geloofspraxis van gelowiges en die kerk in die breë teenoor kinders daar uitsien. Daarom stel Bunge dat die gebrek aan belangstelling in kinders en die sake wat hulle raak nie net tot teoloë beperk bly nie; alhoewel gelowiges wel besorgdhede oor kinders uitspreek, openbaar hul aksies – nie slegs in die samelewing nie, maar selfs in ons kerke – ’n gebrek aan ernstige verbintenis teenoor kinders (Bunge 2003:11). Hul aksies openbaar boonop soms ’n eng en destruktiewe verstaan van kinders. Bunge noem byvoorbeeld dat feitlik alle Christelike gemeentes wel geestelike opvoedkundige programme aanbied, maar dat goeie materiaal, goed opgeleide onderwysers, ouerlike ondersteuning of genoegsame befondsing dikwels ontbreek (Bunge 2006:553). Die bediening aan kinders en die jeug word dikwels – veral aan universiteite en ander teologiese opleidingsinstansies – beskou as ’n soort tweedegraadse werk vir dié wat nie vir die werklik belangrike poste in die kerk bevoeg is nie (De Vries 2001:173; Bunge 2011:3).

Volgens Mercer maak haar boek *Welcoming Children: A Practical Theology of Childhood* deel uit van haar soeke na ’n Christelike teologie en kerk wat werklik kinders verwelkom (Mercer 2005:2). Haar waarneming is dat kerke soms hul ambivalensie teenoor kinders manifesteer in ’n stel dubbele boodskappe wat wel die skyn wek dat hulle verwelkom word, maar slegs wanneer hulle nie optree as die kinders wat hulle is nie. Sy hou die voorbeeld voor van gemeentes wat hulleself oor die algemeen as kindvriendelike ruimtes beskou. Meeste kerkklimate praat volgens haar van die behoefte om baie kinders in die kerk te hê, maar terselfdertyd demonstreer baie gemeentes dat hulle inderdaad nie wil hê dat kinders in die erediens, wat die sentrale byeenkoms van die kerklewe is, teenwoordig moet wees nie. Hierdie verbanning van kinders manifesteer in hul “slegs-vir-volwassenes” style van aanbidding en in die afkeurende woorde en blikke teenoor luidrugtige of ontwrigtende kinders (Mercer 2005:2).



Alhoewel kerke as geheel oor ryke insigte oor kinders beskik, word dié wysheid ongelukkig nie effektief aangewend om sterk en betroubare pleitbesorgers vir kinders in hedendaagse openbare en politieke debatte oor kinderswelsyn te lewer nie (Bunge 2003:12; 2006:553). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat nasionale kerke en agentskappe nie konsekwent in publieke advokaatskap vir kinders betrokke is nie (Bunge 2011:3). Baie hoofstroom Protestantse kerke ondersteun volgens Bunge wetgewing om kinders se gesondheid en veiligheid te beskerm, maar aarsel nogtans om betekenisvol by te dra tot openbare debatte wat oor die versterking van die familie handel (Bunge 2006:553). Baie nie-denominasionele of konserwatiewe Protestantse kerke is heel uitgesproke in landwye debatte oor huwelik en egskeiding, maar skiet tekort in die hantering van die verantwoordelikhede van ouers, die kerk en die staat ten opsigte van die beskerming, opvoeding en ondersteuning van alle kinders (Bunge 2006:553).

Alhoewel religieuse tradisies regoor die wêreld volgens Bunge 'n lang geskiedenis het van besorgdheid oor en versorging van kinders en verskeie programme en inisiatiewe ontwikkel het om hulle van diens te wees, het religieuse gemeenskappe ook by tye kinders verwaarloos, gemarginaliseer en selfs misbruik (Bunge 2006:552). In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat wanneer godsdiens en Teologie die diskoers oor kinderregte betree, die invloed van sekere godsdienste op die status en welsyn van kinders dikwels betreur word. Daar word selfs besorgdheid uitgespreek dat deelname aan bepaalde religieuse praktyke kinders skade kan berokken en hulle aan risiko kan blootstel (vgl. Melton 2010:3). Hierdie persepsies word meestal gevorm en buitengewoon versterk wanneer dit blyk dat kerkleiers en ander persone in religieuse beroepe kinders seksueel misbruik. Voorts spreek persone wat voorspraak vir kinders doen hul ernstige kommer uit oor mense van fundamentalistiese religieuse oortuigings se nonchalante houding teenoor seksuele uitbuiting en meer algemeen die psigiese en fisieke mishandeling van kinders (Melton 2010:3). Navorsing het reeds getoon dat religieuse fundamentalisme 'n indikator is van risiko vir seksuele misbruik<sup>227</sup> en die gereelde toediening van lyfstraf (Melton

---

<sup>227</sup> Ron O'Grady het die erns en voorkoms van seksuele misbruik van kinders in kerke beskryf as die verborge skande van die kerk (O'Grady 2001:7-23). Hy verwys onder andere na *The Australian Paedophile and Sex Offender Index* wat in 1997 deur Deborah Goddington saamgestel is. In die saamstel van die boek het sy gesê: "I was astonished by the number of clergy-related offenders – nearly 15 percent of the events fall into this category. Yet I doubt 15 percent of the professional workers in

2010:3). Tog is dit volgens Melton belangrik om in ag te neem dat statistiese verhoudinge ten minste gedeeltelik ander faktore (bv. sosiale klas) kan reflekteer wat met sowel familie-disfunktionaliteit as fundamentalisme geassosieer kan word (Melton 2010:4). Nietemin kan ouerlike straf en dié van kerklike amptenare soms 'n verdraaiing van die sondeleer wees – wat in effek daarop neerkom dat kinders intrinsiek bese wesens is wat vir hul eie beswil getem behoort te word (Melton 2010:4).

Wat kinderregte betref, is daar op internasionale vlak steeds baie Christene wat 'n verbintenis tot internasionale debatte oor kinderregte vermy of verwerp (Bunge 2006:553; Marshall & Parvis 2004:52). Terwyl die Rooms-Katolieke kerk byvoorbeeld aktief deelgeneem het aan hierdie debatte en die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (hierna UNCRC) ondersteun het, het baie Protestantse Christene dit nagelaat (Bunge 2006:553). Sommige het selfs openlik die UNCRC en die UN teëgegaan. Baie ander is volgens Bunge in simpatie met die UNCRC se doelwitte, maar nog nie seker of 'n regtegebaseerde raamwerk met Christelike waardes en oortuigings verenigbaar is nie (Bunge 2006:553). Wall bevestig ook dat Christelike etici en kerkleiers in die debatte oor die UNCRC nie so betrokke is soos wat hulle kan wees nie (Wall 2007a:55). Internasionale konferensies oor kinderregte, soos die byeenkoms by die Universiteit van Oslo in 2005 waar meer as 'n duisend kundiges in die veld van Kinderstudie (“Childhood Studies”) vergader het, het slegs marginaal Christelike en ander religieuse stemme bevat (Wall 2007a:55).<sup>228</sup> Alhoewel regtetaal nie die enigste manier is om eties oor kinders te praat nie, is Wall steeds van mening dat indien daarin gefaal word om kinders se regte te hanteer, dit wel baie negatiewe gevolge vir kinders kan hê, sowel in Amerika as

---

Australia are clergy so why a number disproportionately high? ... What better disguise for a paedophile or rapist than the church, the most trusted, revered and respected institution in many people's lives” (in O'Grady 2001:3). Patrick Parkinson, 'n regsgeleerde, het in sy boek *Child Sexual Abuse and the Churches* (1997) kerke geadviseer hoe daar te werk gegaan kan word om veiliger omgewings vir kinders in kerke te skep. Hy doen in sy boek sterk voorspraak vir 'n verhoogde status van die kerk se bediening aan kinders. Wanneer kinderbeskerming 'n ernstige saak vir kerke is, sal 'n natuurlike gevolg daarvan wees dat kinderbediening ook meer erns sal geniet (Parkinson 1997:266). Die verhoogde status daarvan kan daartoe bydra dat die kwaliteit van kinderbediening verhoog word, maar ook dat dit beter in die lewe en sending van die gemeente geïntegreer word (Parkinson 1997:267). Hy beveel verder aan dat kerke oor 'n kinderbeskermingsbeleid behoort te beskik as 'n wyse om te demonstreer dat kinders vir hulle saak maak (Parkinson 1997:268).

<sup>228</sup> Wall is van mening dat die gebrek aan religieus-etiese besinning oor kinderregte veral in Amerika duidelik is – die enigste land buiten Somalië wat nie die UNCRC bekragtig het nie (Wall 2007a:55).

wêreldwyd (Wall 2007a:55). Die oplossing vir Wall is nie om regtetaal te verwerp nie, wat in die geskiedenis baie betekenis kan aanneem en alreeds aangeneem het. Vir hom is die oplossing om die regtetaal met die oog op kinders te transformeer sodat dit kinders se eiesoortige ervaringe in vandag se wêreld meer toereikend kan hanteer (Wall 2007a:55).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat kerk en Teologie in die verlede nie 'n genoegsame en volgehoue gesprek oor die teologiese betekenis van die kinderjare gebied het nie. Verder dat kerke in baie gevalle wel goed ontwikkelde standpunte het oor sake wat op die een of ander wyse met kinders verband hou, maar nie volhoubare besinning bied oor kinders en gelowiges se verpligtinge teenoor hulle nie (vgl. Bunge 2003:12). Wanneer daar gevra word na wat agter die gebrek aan verbintenis teenoor kinders in die kerk en breër kultuur lê, blyk dit verskeie simplistiese en ambivalente sieninge van kinders en van gelowiges se verpligtinge teenoor hulle te wees (Bunge 2003:13; 2006:552; 2011:3).<sup>229</sup> Oorvereenvoudigde perspektiewe op kinders doen afbreuk aan

---

<sup>229</sup> In die huidige verbruikerskultuur word mense se gesindhede en gedrag teenoor kinders deur 'n markgerigte mentaliteit gevorm. Kinders word in hierdie konteks beskou as diene wat nie inherente waarde het nie, wat verbruikers is of selfs in sy ergste vorm ekonomiese laste is. Ouers bederf hulle eie kinders, maar verwaarloos die hulpverlening aan kinders in nood (Bunge 2011:3). In hierdie verbruikerskultuur en -mentaliteit faal mense daarin om in te sien hoe hul eie lewenstyl en werkplekke kinders en families in ander dele van die wêreld uitbuit (Bunge 2011:3). Kinders word verder in simplistiese terme gesien as óf goed óf sleg. Populêre tydskrifte en koerante neig soms daartoe om babas en jong kinders as rein en onskuldige wesens te sien wat deur mense bewonder word, terwyl tieners voorgedou word as diene in 'n donker tydperk van hul lewe wat gevrees behoort te word (Bunge 2003:13). Bunge beweer dat by Christelike gemeenskappe in Amerika, vandag sowel as in die verlede, die neiging bestaan om van kinders in eendimensionele terme te praat (Bunge 2006:552). Sommige beskou kinders as onskuldig en spiritueel wys – op hierdie wyse word volwassenes se verantwoordelikheid in die onderrig van en leiding aan kinders en om hulle te help om moreel en spiritueel te ontwikkel geringgeskat. Voorts lig Bunge twee simplistiese perspektiewe op kinders uit wat in die Christelike tradisie dikwels mense se gesindheid jeens kinders beïnvloed het, naamlik dat kinders sondig en nog nie volledig mens is nie (Bunge 2003:13; 2006:552). Hierdie twee perspektiewe op kinders blyk die motivering te wees vir die eng beperking van die siening van die volwassene-kind-verhouding, met 'n oordadige klem op dissiplinerig, opvoeding en straf van kinders – 'n klem wat dikwels in die konteks van die kerk en die teologie dominant was en steeds is. Hiermee word die lesse wat kinders volwassenes kan leer, verwaarloos. In die publieke en akademiese diskoers weer word oor kinders óf as slagoffers óf as agente gepraat (Bunge 2011:3).

In die konteks van Afrika en Suid-Afrika beïnvloed sterk patriargale stelsels en gepaardgaande seksisme in families, die samelewing en religieuse gemeenskappe hoe kinders beskou en hanteer word. Waar die man beskou word as die hoof van die huishouding word sy vrou, kinders, slawe en diere dikwels as sy besittings gesien. Hierdie beskouing van die man het direkte gevolge vir die beskouing van die kind. Verder promoveer dit 'n hiërargiese model wat op meester-dienskneg-verhoudinge gebaseer word en waar mag gemaklik misbruik word. Kinders en vroue word volgens hierdie

kinders se kompleksiteit en intrinsieke waarde en daardeur word mense se verbintenis en verantwoordelikehede teenoor kinders ondermyn (Bunge 2003:13; 2006:552; 2011:3). Hierdie siening van kinders bevorder 'n eng en eensydige verstaan van volwassene-kind verhouding en hou ernstige nadele vir kinders in (Bunge 2006:552). Kinders kan deur hierdie siening benadeel word, aangesien dit soms denkpatrone en lewenshoudings onderliggend aan skadelike praktyke teenoor kinders in stand hou.

Ook in Afrika en Suid-Afrika is die gebrek aan teologiese belangstelling in die kind reeds deur teoloë aangedui. Malan Nel, professor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria, wat spesifiek fokus op die bestudering en beoefening van kontekstuele Teologie gerig op die jeug, het reeds in 1998 uitgewys dat jeugbediening waarby kinders ingesluit is meermale goeie teologiese grondslae kortkom (Nel 1998:9). Sy boek, *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering* is dan bedoel as 'n bydrae om jeugbediening teologies te begrond.

Vanweë die gebrekkige aandag aan kinders in Teologie het die navorser se magister-verhandeling gefokus op die formulering van kritiese elemente vir 'n prakties-teologiese teorie vir kinderbediening (vgl. Yates 2002). In daardie studie is die argument gevoer dat die formulering van 'n prakties-teologiese teorie vir kinderbediening enersyds aan 'n Skrifgetroue teologie ontleen en andersyds aan die kontekstuele realiteite van kinders georiënteer behoort te word. In Hoofstuk 3 van die verhandeling, "Teologiese verrekening van kinders", is veral die publikasie van Bunge, *The Child in Christian Thought* (2001), bestudeer waarin lig gewerp word op beskouing wat die kerk in die verlede oor die kinderjare gehad het en hoe dit oor die jare verander het (vgl. Yates 2002:55-76). Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dergelike studies en die nasionale gebrek aan teologiese navorsing oor kinders van kerk en Teologie vereis om te besin oor huidige aannames, gesindhede en gedrag jeens kinders. Die verwagting is gestel dat indien daar erns gemaak word met die teologiese besinning oor kinders dit hopelik daartoe kan bydra dat die kerk gekonfronteer word met sy heersende persepsies oor

---

hiërargiese "magsleer"-model gesosialiseer. Hierdie model word selfs geïnternaliseer en op so 'n wyse word kinders en vroue maklik slagoffers van geweld, ook seksuele geweld (vgl. Botha & Dreyer 2007:1 280).

kinders en sodoende aangemoedig kan word tot 'n omvattende bediening aan Suid-Afrika se kinders in diens van die evangelie.<sup>230</sup>

Die gebrek aan teologiese nadenke oor die kind in die besonder is verder deur Jan Grobbelaar belig, wat reeds ongeveer twintig jaar intensief nadink oor die kind en die praktyk van kinderbediening. Grobbelaar blyk moontlik die eerste persoon in Suid-Afrika te wees wat doktrale navorsing onderneem het om hierdie teologiese leemte aan te spreek. Sy bydrae is spesifiek toegespits op die ontwikkeling van Kinderteologie met 'n fokus op die vroeë kind (vgl. Grobbelaar 2008:9-12). Bepaalde tendense ten opsigte van die bediening aan kinders wat Grobbelaar aandui, reflekteer duidelik dat daar nie genoeg teologiese nadenke is oor kinders en die bediening aan, saam met, deur en in belang van kinders nie (vgl. Grobbelaar 2008:157-168). Van die tendense wat hy identifiseer, sluit in: kinderbediening bestaan meestal net uit kategetiese; gemeentes is meestal volwassegesentreerd; en kinderbediening geniet nie hoë prioriteit nie. Vanweë hierdie gebrekkige teologiese perspektief op kinders en die konteks waarin kinders in die 21ste eeu in Afrika grootword, stel Grobbelaar voor dat teologiese nadenke oor die kind ook in Suid-Afrika geprioritiseer behoort te word om verandering in kinderbediening teweeg te bring (vgl. Grobbelaar 2008:168-173).

Johannes Malherbe, 'n pionier in die ontwikkeling van 'n Afrika-teologie van die kinderjare, lewer 'n besondere bydrae om die leemte wat daar in Afrika en Suid-Afrika in terme van teologiese nadenke oor die kind bestaan, beter te begryp. Tydens 'n konferensie in Nairobi met die tema *Hear the Cry*<sup>231</sup> skryf hy die stadige tempo met betrekking tot die ontdekking van die kind deur kerke en teoloë in Afrika aan twee voor die handliggende redes toe (Malherbe 2004:5). Eerstens het 'n formele inheemse teologie

---

<sup>230</sup> Die kritiese elemente wat beklemtoon is in die verhandeling is daarop afgestem om die identiteit, taak en bedieningstrategie van die kerk in die konteks van kinders te belig. Die argument is gevoer dat aangesien die kerk die eiendom van die Here is, bogenoemde fasette van die kerk slegs bepaal kan word vanuit ons verstaan van wie God is. Die gevaar is uitgewys dat indien navorsing ten opsigte van bedieningspraktyk nie teologies onderbou word nie die bydrae van die navorsing maklik tot blote programopmerkings kan vervlak. Een van die basiese argumente in die studie is dat daar 'n perspektiwiese korreksie nodig is voordat daar korreksies ten opsigte van die praktyk van kinderbediening aangebring kan word (vgl. Yates 2002:78).

<sup>231</sup> Hierdie konferensie het 'n gekoördineerde Christelike respons op die nood van kinders gesoek (Malherbe 2004:1). Malherbe het hier gestel dat die kind in baie gevalle nog nie eens 'n brandpunt-onderwerp in Afrika geword het nie (Malherbe 2004:5).

– eie aan Afrika – stadig ontwikkel. Hierdie stand van sake is aan ’n veelheid van faktore te wyte (Malherbe 2004:5). Die sterk invloed van sendelinge en ander Christelike leiers met ’n Westerse akademiese agtergrond het heel moontlik die groei van ’n inheemse respons verhinder. In die Afrika-kultuur vestig die belangrike rol van rituele, musiek, tradisie en mondelinge kommunikasie ’n atmosfeer wat oor die algemeen nie so bevorderlik is vir formele abstrakte beredenering nie (Malherbe 2004:5). Malherbe stel hierdie stand van sake op ’n verhelderende wyse in perspektief wanneer hy sê: “It has been said that in Africa theology is danced out. This implies that one will find a more accurate picture of African theology as it is implied in ritual, dance, traditions, music and informal discussion than in formal lectures, debates and publications” (Malherbe 2004:6). Tweedens word die ontwikkeling van ’n inheemse Afrika-teologie van die kinderjare beperk deur die minderwaardige posisie wat kinders oor die algemeen in die Afrika-samelewing inneem (Malherbe 2004:5). Daar kan gesê word dat kinders in baie dele van die kontinent nog nie “ontdek” is nie – altans in die sin dat hulle in die gemeenskapslewe of in mense se gesindhede en oortuigings nie prominensie gegee word nie. Tog sê Malherbe dat die situasie in tradisionele en landelike Afrika anders is (Malherbe 2004:5). Volgens sy mening en soos geskets in sy resente publikasie, *Saved by the Lion? Stories of African Children Encountering Outsiders* (2011),<sup>232</sup> weet tradisionele stamgroepe hoe om hul kinders te versorg en groot te maak. Veel daarvan het egter verlore geraak in die radikale sosiale oorgang in Afrika en vanweë konteksvreemde ingrype van buitelanders (vgl. Malherbe 2011; 2004:5).

Malherbe verduidelik dan dat hy sedert 1996 toe hy deel geword het van die personeel van Petra Kollege in Witrivier baie dele van Afrika besoek het om aan verskeie streeks-, kontinent- en globale konsultasies oor kinders deel te neem (Malherbe 2011:8). Hy vertel hoe opwindend dit was om die toenemende bewustheid van en betrokkenheid in sake wat kinders direk raak te kon waarneem. Tog het hy met ’n groot besorgdheid die beperkte/gebrekkige betrokkenheid van Afrikane in die globale kinderagenda opgemerk (Malherbe 2011:8). Die beperkte teenwoordigheid en invloed van Afrikane in situasies waar die toekoms van ons kinders ter sake is, het hom opgeval. Selfs op nasionale en

---

<sup>232</sup> Die aksente in hierdie publikasie word later in die hoofstuk bespreek.

plaaslike vlakke het buitelanders soms die voortou geneem in inisiatiewe wat op hulpverlening aan Afrika se kinders gerig is. (2011:8). Malherbe maak die belangrike stelling dat ouers, bure, onderwysers en ander gemeenskapsleiers in Afrika die voorreg en verantwoordelikheid behoort te besef om hul eie kinders groot te maak, lief te hê en hul beste belange teenoor die buitewêreld te propageer (Malherbe 2011:8). Dit is onteenseglik so dat kinders spontaan bind met diegene wat hulle voed, beskerm en liefhê. Waar buitelanders hierdie rol vervul, word die natuurlike binding met familie en gemeenskap ondermyn (Malherbe 2011:8). Juis in die lig hiervan het Malherbe 'n soeke begin na 'n dieper begrip en waardering vir aspekte van die kinderjare in Afrika en die inheemse beginsels en praktyke in die grootmaak en versorging van kinders. Tot sy verbasing het hy gevind dat die Afrika-stem hoofsaaklik afwesig is, selfs by die meerderheid van die hulpbronne vir en besprekings oor die kinderjare in Afrika.

In die lig van die beperkte betrokkenheid van teoloë by kinders en hul belange soos hierbo geskets, is daar 'n duidelike en dringende behoefte aan die artikulering van 'n meer komplekse en toereikende religieuse verstaan van kinders. Die geleentheid is nou ryp vir godsdienswetenskaplikes, teoloë en etici van alle geloofstradisië om 'n klinkklare, goed ingeligte religieuse en teologiese verstaan van kinders en die kinderjare te ontwikkel, onder andere deur die diverse en dikwels teenstrydige konsepte oor kinders in hul eie tradisië in ag te neem, in spanning te hou en aan internasionale en multireligieuse gesprekke oor kinders deel te neem (vgl. Bunge 2006:553-554).

#### **4.3 Nuwe opkomende belangstelling in kinders, die kinderjare en kinderregte in Religieuse Studies en Teologie**

Verskeie resente ontwikkelinge in die akademiese sektor bring aan die lig dat daar 'n groeiende erkenning is van “die kind” as 'n belangrike kategorie van analise (Bunge 2006:555). “Kinders” en “die kinderjare” het oor ongeveer die laaste elf jaar in 'n wye reeks akademiese dissiplines<sup>233</sup> 'n brandpunt geword. Vanweë hierdie belangstelling is Kinderstudie as 'n internasionale en interdissiplinêre veld van wetenskapsbeoefening en

---

<sup>233</sup> Nie slegs in die velde wat tipies aan kinders gewy word soos Kindersielkunde en Opvoedkunde nie, maar ook in Geskiedenis, Regte, Filosofie, Sosiologie en Antropologie (Bunge 2006:549).

navorsing gevestig (Green 2006:658; Wall 2006:523). Hierdie studieveld poog om denkskole se invloed op die beskouing en hantering van kinders te bestudeer, te dekonstrueer, uit te daag en alternatiewe teorieë te bied. Volgens Bunge open die ontluikende area van Kinderstudie terselfdertyd nuwe bane van akademiese ondersoek (Bunge 2006:549). Sy beweer verder dat navorsing oor die kinderjare op twee maniere ryk hulpbronne bied vir religieuse en teologiese nadenke oor kinders. Eerstens word regstellings van algemeen gangbare persepsies in religieuse sieninge van kinders voorsien, en tweedens word 'n wye reeks persepsies oor kinders en die kinderjare in en oor religieuse tradisies heen aan die lig gebring (Bunge 2006:555). Die vraag is nou of en in hoeverre Religieuse Studies en Teologie alreeds tot hierdie breë interdisiplinêre studieveld toegetree het en indien wel, in welke mate dit reeds 'n bydrae lewer tot die hedendaagse debatte oor die kompleksiteit van kinders, hul welsyn en hul regte.

#### ***4.3.1 'n Internasionale perspektief***

Veral sedert die jaar 2000 het verskeie inisiatiewe oor sake wat kinders raak vanuit 'n religieuse en teologiese perspektief na vore gekom wat die standpunt uitdaag dat teologiese nadenke en werk oor kinders in die arbeidsveld van ernstige vakkundiges of teoloë 'n ondergeskikte plek beklee en slegs vir praktisyns of opvoeders werklik relevant is (vgl. Bunge 2006:552).

Pertinente voorbeelde waarin hierdie opbloei in belangstelling manifesteer, word hier onder bespreek.

1. Akademiese werkgroepe, konferensies en ander geleenthede vir die bekendstelling van navorsingsbevindings

In alle areas van Teologie en Religieuse Studies vind akademici tans meer geleenthede as vroeër om hul navorsing oor kinders by professionele byeenkomste bekend te stel (Bunge 2011:2). Voorbeelde hiervan is *The American Academy of Religion* (hierna AAR), *The American Historical Association*, die *Society of Church History* en die *Society of Christian Ethics* wat almal onlangs by hul nasionale vergaderings enkele sessies aan die tema van godsdiens en die kinderjare gewy het (Bunge 2006:559). Boonop het die programkomitee van die AAR in 2002 'n nuwe programmeenheid goedgekeur, naamlik



*Childhood Studies and Religion Consultation* (Green 2006:658; Bunge 2006:559; Bunge 2011:2). Hierdie studiegroep se oorhoofse doelstelling is om 'n aantal belangrike sake oor kinders in die veld van godsdiens na te vors wat nog nie voorheen ondersoek is nie. Die spesifieke doelwitte van die groep is om i) 'n forum te voorsien vir gefokusde interdisiplinêre en interreligieuse dialoog oor kinders en godsdiens; ii) akademiese belangstelling in die onderwerp van die kind en kinderjare in alle dissiplines wat in die AAR verteenwoordig word aan te wakker; iii) navorsers in Religieuse Studies voor te berei om tot wyer akademiese debatte oor kinders by te dra; en iv) die stem van die AAR insake huidige vrae oor publieke beleid en kinderadvokaatskap te laat hoor. Die fokus van hierdie groep is tydig en betekenisvol, gegewe die besorgdheid oor kinders in die hedendaagse kultuur en die groeiende interdisiplinêre akademiese belangstelling in Kinderstudie. Die verwagting is dat hierdie studiegroep van die AAR 'n forum sal voorsien vir volgehoue en ingeligte nadenke oor kinders en die kinderjare en sodoende 'n gemeenskap van navorsers in staat sal stel om nuwe bane van akademiese ondersoek oor kinders en godsdiens te ontgin en te ontwikkel.<sup>234</sup>

Soos reeds hierbo genoem het die Universiteit van Oslo in 2005 as gasheer opgetree vir 'n belangrike internasionale en interdisiplinêre konferensie in Noorweë. Hierdie konferensie is as *Childhoods 2005* aangekondig en het akademiese vanuit sowat 95 lande ontvang (vgl. Bunge 2006:559; Wyller & Nayar 2007:13). Een van die sessies by hierdie konferensie was op spiritualiteit en godsdiens in die konteks van kinderrechte toegespits. Daar is met die vraag gewerk, “Hoe kan 'n religieuse taal ontwikkel word wat die andersheid van kinders respekteer en menswaardigheid aan hulle verleen?” (Wyller & Nayar 2007:13). Vanuit hierdie sessie is die gedagte gebore om 'n boek wat met hierdie onderwerp verband hou te publiseer. Twee jaar later in 2007 is die boek *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship*, onder redaksie van Trygve Wyller

---

<sup>234</sup> Die inligting wat hierbo oor die *Childhood Studies and Religion Consultation* voorsien is, is elektronies beskikbaar by:  
[http://www.aarweb.org/Meetings/Annual\\_Meeting/Program\\_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARP\\_U129](http://www.aarweb.org/Meetings/Annual_Meeting/Program_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARP_U129) (besoek op 25 Julie 2011).

en Usha S. Nayar gepubliseer.<sup>235</sup> Al die outeurs wat hoofstukke tot die boek bygedra het, was deelnemers aan die betrokke sessie by die konferensie in Oslo.

Verder het die Katolieke Universiteit van Leuven in België in 2007 'n internasionale navorsingseminaar gehou met die tema *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*. Die titel van die navorsingseminaar reflekteer indirek 'n fokus op die luister na en integrering van kinders se stem en perspektiewe in Etiek, Teologie en Religieuse Opvoeding – 'n aksent op die waardering van kinders se bydraes en agentskap – en op die beoefening van Teologie saam met kinders. Kundiges in die Sosiale Wetenskappe, Etiek, Christelike Teologie en Religieuse Opvoeding is byeengebring om sistematies en geïntegreerd te besin en in dialoog te tree oor die drie gestelde kernvrae van die seminaar, naamlik (Dillen & Pollefeyt 2010:4-7):

- Waarom is dit belangrik dat kinders se stem gehoor sal word en wat beteken dit vir die hantering van kinders en verhoudinge met hulle?
- Wat sal die stem van kinders sê? Hoe ervaar kinders die samelewing en in die besonder godsdienste, en wat het hulle daarvoor te sê?
- Wat beteken die stem van kinders vir Teologie, Etiek en Religieuse Opvoeding? Op watter maniere kan Teologie verander word wanneer daar vanuit die perspektief van kinders gekyk word?<sup>236</sup>

Die algemene en spesifieke uitdagings wat deur die Fakulteit Teologie van die Katolieke Universiteit van Leuven geantisipeer is om tydens die seminaar op te duik is in die vorm

---

<sup>235</sup> Hierdie boek van Wyller en Nayar maak 'n appèl insake die verantwoordelikhede van godsdienste in die hantering van situasies waar baie kinders oor die wêreld heen van volle kulturele en sosiale burgerskap uitgesluit is en nie op die basiese standaarde van universele menseregte aanspraak kan maak nie. Hulle beskryf hierdie situasies as wesenlik 'n morele en politieke skandaal. Al die outeurs in hierdie publikasie stem saam dat godsdienste wel 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van kinders se regte en burgerskap. Daar word egter 'n voorwaarde gestel vir die positiewe bydrae van godsdienste, naamlik dat godsdienste op bestaande sosiale praktyke behoort te fokus, terwyl hulle van die intersubjektiewe verhoudinge in hul eie praktyke spesiale kennis moet neem (Wyller & Nayar 2007:8). 'n Gevolgtrekking van die publikasie is dat solank godsdienste voortgaan om hulleself slegs tot abstrakte beginsels met betrekking tot kinders te verbind, hulle nie positief tot kinderregte sal kan bydra nie.

<sup>236</sup> Die inligting oor die internasionale navorsingseminaar waarna hier verwys word, is beskikbaar by: <http://www.kuleuven.be/thomas/algemeen/actualiteit/agenda/childrensvoices.php#intro> (besoek op 11 Augustus 2011).

van vrae geformuleer en volgens vier hooftemas gestruktureer. Die gestelde vrae onder elke hooftema, wat op die een of ander wyse verband hou met kinderregte en die hedendaagse diskoers en praktyk oor kinders wat in Hoofstuk 3 geskets is en in die ontwikkeling van ’n teologiese perspektief op kinders en hul regte belangrik is, word hier uitgesonder (Dillen & Pollefeyt 2010:4-7). Die doel hiervan is om die moontlikhede en potensiaal van navorsing toegespits op hierdie vrae en die relevansie daarvan vir teologiese navorsing en opleiding in die konteks van Suid-Afrika nogeens te beklemtoon.<sup>237</sup>

(i) *Wat is die aard en status van kinders? In watter mate het pedagogiese teorieë oor kinders in die laaste eeue ontwikkel wat vandag vir Teologie, Etniek en Religieuse Opvoeding relevant is?*

- Wat is die waarde van ontwikkelingsgerigte modelle wanneer ons praat oor en handel met kinders? Wat is die verhouding tussen ontwikkelingsgerigte modelle en die idee dat kinders nie hanteer behoort te word as “nog nie volwassenes” nie?
- Kan kinderregte op die basis van ’n teologiese perspektief geregverdig word?
- Behoort kinders as sondig, amoreel, of onskuldig beskou te word? Kan kinders morele agente wees?

(ii) *Kinders, families, die samelewing en kerke: Kan en behoort kinders werklik deel te neem?*

- Watter verantwoordelikhede het volwassenes teenoor kinders? Waarom is dit spesifiek ouers wat vir hul kinders behoort te sorg?
- Hoe sal ’n gepaste teologie van die familie lyk wanneer kinders se perspektiewe ingesluit word? Behoort die huwelik ook op die basis van die regte van kinders verdedig te word?

---

<sup>237</sup> Hierdie vrae bied moontlikhede om waar daar in teologiese navorsing en opleiding ’n dominante fokus is op wat volwasse gelowiges vir kinders kan beteken, dit aan te vul met die waarde wat kinders tot volwassenes se lewens kan toevoeg. Sodoende kan ’n meer holistiese teologiese verstaan van kinders en hul plek en waarde in geloofsgemeenskappe gekonstrueer word.

- Wat is die rol van kerke, die staat en die burgerlike samelewing om kinders te beskerm, hulle van hulpbronne te voorsien en hulle die reg op deelname te gee?
- Is dit eties toelaatbaar en van waarde om na kinders se deelname in families, skole en die samelewing te streef wanneer so baie kinders vanweë honger, oorlog, familiegeweld, ensovoorts ly en sterf? Wat is die verhouding tussen die strewe na die reg op beskerming en voorsiening en die strewe na meer reg op deelname?

(iii) *Om 'n teologie van, vir en met kinders te beoefen, of: Wat is die verhouding tussen 'n kinderteologie, 'n teologie van die kinderjare en die beoefening van Teologie saam met kinders?*

- Wanneer die term “kinderteologie” gebruik word vir die beweging wat poog om klassieke teologiese standpunte vanuit die perspektief van die kind en in die lig van kinders se welsyn te herondersoek en te herinterpreteer, wat is dan die vernaamste uitdagings vir kinderteologie vandag? Wat is die verhouding tussen kinderteologieë, feministiese teologieë en bevrydingsteologieë?
- Hoe kan die basiese hedendaagse Christelike insigte van 'n teologie van die kinderjare opgesom word volgens die voorstelling daarvan as teologiese nadenke oor die aard van kinders en die verantwoordelikhede van volwassenes teenoor kinders? Wat is die grootste uitdagings in die ontwikkeling van 'n teologie van die kinderjare?
- Wat is die voor- en nadele daarvan om Teologie saam met kinders te beoefen? Wat is die teologiese basis vir hierdie benadering?
- Hoe kan die konsep “kind van God” met betrekking tot werklike kinders geïnterpreteer word? Wat sê hierdie konsep oor kinders, volwassenes en God? Wat beteken teologiese konsepte soos mense se geskapeheid na die beeld van God en God wat in 'n menslike persoon, 'n kind, beliggaam is, in die konteks van die ontwikkeling van 'n teologie van die kinderjare? Watter insigte oor kinders kan ons vanuit die Christelike geloofstradisie verkry?

- Hoe word kinders in die Bybel uitgebeeld? Watter waardevolle (of problematiese) insigte oor kinders bied die Bybel vir vandag se Etiek, Teologie en Religieuse Opvoeding? Wat kan ons leer van die uitbeelding van Jesus as 'n kind wanneer 'n kinderteologie ontwikkel word?

(iv) *Religieuse opvoeding van kinders en kategese: Wat beteken die Bybelse denkbeeld van kinders as “modelle van geloof” vir religieuse opvoeding en kategese?*

- Wat beteken die konsep “volwasse geloof”? Is dit toepaslik om hierdie konsep in die konteks van verskille tussen volwassenes en kinders te gebruik? Is die doel van religieuse opvoeding om kinders tot 'n volwasse geloof te lei? Speel kinders ook 'n rol in volwassenes se groei na geloofsvolwassenheid?
- Meer en meer aandag word gegee aan kinders se spiritualiteit. Wat is die relevansie van navorsing oor kinders se spiritualiteit vir religieuse opvoeding en kategese? Is dit korrek om te sê dat kinders 'n natuurlike openheid het vir die bonatuurlike of God? Hoe kan die religieuse potensiaal van kinders beskryf word?

Wanneer bogenoemde vrae krities bekyk word, hou dit direk verband met die hedendaagse akademiese en publieke diskoers oor kinders, hul welsyn en regte en lewer dit sonder twyfel 'n unieke bydrae tot die debat. Uit die geformuleerde vrae wat tydens die seminaar hanteer is, blyk dit dat die ontwikkeling van die interdisiplinêre veld van Kinderstudie en die publieke aandag op kinders nadenke oor kinders in die breë veld van Religie en Teologie self gestimuleer het. Hierdie internasionale navorsingseminaar het verder tot 'n boekpublikasie gelei, naamlik *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*. Die boek is in 2010 onder redaksie van Annemie Dillen<sup>238</sup> en Didier Pollefeyt gepubliseer. Hierdie boek maak dit duidelik dat klassieke Christelike Teologie daarby kan baat wanneer die huidige besinning oor kinders en kinders se eie stem ernstig opgeneem word. Dit demonstreer hoe relevant genuanseerde en interdisiplinêre nadenke oor kinders vir Christelike en sosiale praktyke

---

<sup>238</sup> Annemie Dillen is tans die hoof van die Akademiese Sentrum vir Praktiese Teologie van die Katolieke Universiteit, Leuven.

van volwassenes met kinders kan wees en hoe hierdie praktyke Teologie kan beïnvloed.<sup>239</sup> ’n Verdere bate van die boek is dat dit ’n prakties-teologiese perspektief oor kinders en die verantwoordelikheid van kerke teenoor hulle insluit.

In 2008 is ’n verdere inisiatief vir die bevordering van bewustheid oor kinders en hul belange geloods toe die *Society of Biblical Literature* ’n programmeenheid oor *Children in the Biblical World* gevestig het (vgl. Bunge 2011:2).<sup>240</sup> Hierdie programmeenheid ondersoek kinderkarakters in die Bybel, die lewens van kinders in die eertydse wêreld en evalueer hoe Bybelse tekste kinders in die post-Bybelse wêreld affekteer. Hierdie programmeenheid verwelkom tradisionele navorsing in Bybelkunde, terwyl dit terselfdertyd gretig is om interdisiplinêre benaderinge tot die onderwerp te gebruik.

## 2. Akademiese tydskrifte met ’n fokus op kinders

Ook akademiese tydskrifte in die veld van Religieuse Studies en Teologie reflekteer hierdie nuwe belangstelling in die kind en kinderjare. Sedert 1998 het verskeie tydskrifte in die internasionale konteks ’n volledige uitgawe aan die onderwerp van kinders gewy, naamlik: *Dialog* 37 (1998); *Interpretation* 55, no. 2 (2001); *Conservative Judaism* 53, no. 4 (2001); die *Jahrbuch für biblische Theologie* 17 (2002); *Christian Reflection* (2003); *The Living Pulpit* 12, no. 4 (2003); *Sewanee Theological Review* 48, no.1 (2004); *Theology Today* 56, no. 4 (2000); *African Ecclesial Review* 46, no. 2 (2004); en *Journal of Religion* 86, no. 4 (2006) (Bunge 2006:558).

’n Verdere inisiatief in die veld van kinders en godsdiens is ’n nuwe elektroniese akademiese tydskrif, *Journal of Childhood and Religion* waarvan die eerste uitgawe in 2010 verskyn het. Die *Journal of Childhood and Religion* voorsien ’n interdisiplinêre forum vir navorsers wat ’n wye spektrum van navorsingsvelde, -belangstelling en -perspektiewe verteenwoordig wat met kinders en godsdiens verband hou. Die navorsingsvelde kan Religieuse Studies, Bybelkunde, die spektrum van

<sup>239</sup> Inligting oor die boek *Children’s Voices: Children’s Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education* is beskikbaar by: <http://www.peeters-leuven.be/boekoverz.asp?nr=8670> (besoek op 11 Augustus 2011).

<sup>240</sup> Raadpleeg die webtuiste van die *Society of Biblical Literature* by: [http://www.sblsite.org/meetings/Congresses\\_ProgramUnits.aspx?MeetingId=15](http://www.sblsite.org/meetings/Congresses_ProgramUnits.aspx?MeetingId=15) vir meer inligting oor die programmeenheid *Children in the Biblical World* (besoek op 15 Augustus 2011).

geesteswetenskappe, Pastorale Sielkunde, Praktiese Teologie, Pastorale Teologie, Religieuse Opvoeding, Sielkunde van die Godsdienst, Sosiologie van Godsdienst, Maatskaplike Werk en Kulturele Studies insluit, maar is selfs nie tot hierdie velde beperk nie. Hierdie tydskrif moedig akademici aan tot artikels oor oorspronklike navorsing wat met die kinderjare, jeug, adolessensie en jong volwasseheid gemoeid is. Die tydskrif laat eksplisiet ruimte vir die feit dat hierdie terme in 'n verskeidenheid van kulturele kontekste verskillend kan funksioneer.<sup>241</sup>

### 3. Teologiese publikasies oor die kind, kinderjare en kinderregte

Benewens die publikasies wat uit internasionale konferensies oor die teologiese belang van die kind, soos hierbo verduidelik, voortgevloei het, kan daar op grond van die aard van resente publikasies oor die teologiese belang van die kind bepaalde waarnemings gemaak word. Bunge merk op dat die meeste van die geleerdes in die areas van Religieuse Studies en Teologie wat enigsins aandag aan kinders gewy het religieuse opvoeders of praktiese teoloë was wat gewerk het met sake wat met die familie verband hou (Bunge 2006:555-556). Hierdie situasie het egter veral sedert die jaar 2000 begin verander. Akademici in die velde van Pastorale Sorg en Praktiese Teologie skryf nou direk oor kinders (Bunge 2006:556). Hieronder tel David H. Jensen, *Graced Vulnerability: A Theology of Childhood* (2005); Pamela D. Couture, *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty* (2000); Joyce Ann Mercer, *Welcoming Children: A Practical Theology of Childhood* (2005); en Bonnie Miller-McLemore, *Let the Children Come: Re-imagining Childhood from a Christian Perspective* (2003). Bogenoemde titels reflekteer tevens 'n aksent op gasvryheid teenoor kinders. Voorts is daar teoloë wat skryf oor die belang van sorg vir kinders en die teologiese en sosiale uitdagings wat met kinders en hul ouers/versorgers se bepaalde konteks gepaardgaan. Voorbeelde hiervan is publikasies soos *In the Midst of Chaos: Caring for Children as Spiritual Practice* (2006) deur Bonnie Miller-McLemore; en *Children and our Global Future: Theological and Social Challenges* (2005) deur Kristin Herzog.

---

<sup>241</sup> Inligting wat hier oor die tydskrif *Journal of Childhood and Religion* aangebied word, is beskikbaar by: <http://www.childhoodandreligion.com/JCR/Welcome.html> (besoek op 12 Augustus 2011).

Die eerste publikasie wat pertinent 'n teologiese perspektief op kinderregte verskaf het, was die boek *Honouring Children: The Human Rights of the Child in Christian Perspective* (2004), geskryf deur Kathleen Marshall, 'n regsgeleerde, en Paul Parvis, 'n teoloog. Hierdie publikasie van die *Centre for Theology and Public Issues* aan die Universiteit van Edinburgh is die tweede in 'n nuwe reeks oor publieke besorgdhede. Die doel van die Sentrum en van die reeks is om 'n omvattende bestudering van hedendaagse kwessies te onderneem waar 'n teologiese perspektief 'n konstruktiewe bydrae kan maak tot sake van publieke belang. Soos reeds in Hoofstuk 1 uitgewys, het Marshall en Parvis in hul boek die filosofiese sowel as teologiese aspekte insake menseregte in die algemeen en kinderregte in die besonder verhelder ten einde die mate waarin kinderregte saamhang met die oortuigings en waardes van die Christelike geloof duideliker te stel (Marshall & Parvis 2004:3). Terselfdertyd was hul boek, en 'n konferensie waartydens die boek vrygestel is, 'n poging om die saak van kinderregte op internasionale vlak ter sprake te bring. Deur middel van hul publikasie spoor die outeurs rolspelers in Christelike Teologie aan om as pleitbesorgers van kinders op te tree. Die publikasie benadruk verder hoe noodsaaklik dit is dat Teologie sake van publieke belang, soos kinders en hul sosiale konteks, sal aanpak. Marshall en Parvis (2004:156) argumenteer deurgaans dat “regtetaal” die aangewese en duidelike manier is om oor mense se fundamentele verpligtinge teenoor mekaar te praat en tegelyk geskik is om dinge van sentrale belang in die Christelike tradisie te verstaan en te benadruk.

*Honouring Children* is uitgegee saam met 'n praktiese werkboek, *Honouring Children: Rights in Christian and Family Life* (2004), geskryf deur Kathleen Marshall. Die werkboek kan in kleingroep- of werkwinkelformaat in gemeentes en ander geloofsgebaseerde organisasies benut word. Hierdie bydrae van Marshall en Parvis is 'n skoolvoorbeeld van hoe resultate van 'n navorsingsproses so aangebied kan word dat dit toeganklik is vir en gebruik kan word deur akademici (eerste publiek – die akademie) sowel as lidmate in gemeentes (tweede publiek) en geloofsgebaseerde organisasies in die burgerlike samelewing (derde publiek). Die boek bied 'n sterk onderbou vir die teologiese regverdiging van kinderregte en die skrywers slaag daarin om 'n teenargument te bied teen veral fundamentaliste se besware teen kinderregte (vgl. Marshall & Parvis



2004:55-64).<sup>242</sup> ’n Leemte in die boek is egter dat ’n kritiese perspektief ten opsigte van die beperkinge van kinderrege ontbreek. Beperkinge van kinderrege behels onder andere dat die ware erkenning van kinderrege die implementering daarvan in die praktyk vereis. In die lewens van kinders is daar ’n groot gaping tussen die beloftes en ideale wat op papier staan en dit wat daaglik in die leefwêreld van kinders gebeur – die praktyk van kinderrege. Die implementering van kinderrege behoort met langtermyn strukturele verandering en kritiese dekonstruering van gesindhede, houdings en denkpatrone gepaard te gaan. Daar is egter ook ander realiteite in veral ontwikkelende lande wat die implementering van kinderrege kompliseer, soos ’n gebrek aan of die swak toewysing en bestuur van hulpbronne, ’n gebrek aan politieke wil, en skadelike kulturele praktyke wat as staties hanteer word. In Marshall en Parvis se teologiese argumentering ten gunste van kinderrege ontbreek verder ’n verwysing na die waarde en benutting van ’n teologiese perspektief op bevryding wanneer dit by die lyding en regte van kinders kom.

#### 4. Gesaghebbende teoloë en navorsingsprojekte in die veld van kinders, die kinderjare en kinderrege

Veral vanweë hul betrokkenheid by navorsingsprojekte is daar bepaalde teoloë wat as gesaghebbendes in Religieuse Studies en Teologie in die veld van die kind, kinderjare en kinderrege uitgesonder kan word. Onder hulle neem Marcia Bunge, ’n professor in Teologie en Geesteswetenskappe aan die Valpariso Universiteit, Indiana, die eerste plek in.<sup>243</sup> *The Child in Christian Thought* was ’n eerste projek wat gedurende die jare 1998 tot 2000 pertinent op die kind en kinderjare gefokus en aan die wetenskaplike ondersoek en dokumentering van die geskiedenis van Christelike denke oor die kind momentum gegee het. Die projek se bevindinge is onder redaksie van Bunge in die publikasie *The Child in Christian Thought* (2001) gedokumenteer. Gedurende 2004 tot 2008 het sy as direkteur van die projek *The Child in Religion and Ethics* opgetree.<sup>244</sup> Die oorhoofse

<sup>242</sup> Sien Hoofstuk 7 van die publikasie wat fokus op ’n teologiese kyk na kinderrege (Marshall & Parvis 2004:267-340).

<sup>243</sup> Bunge se akademiese betrokkenheid by die onderwerp “kinders” word beskryf in haar *curriculum vitae* wat beskikbaar is by: <http://www.valpo.edu/christcollege/assets/pdfs/bungevita.pdf> (besoek op 18 Julie 2011).

<sup>244</sup> Die inligting oor die projek *The Child in Religion and Ethics* wat hier aangebied word, is beskikbaar by: <http://childreligionethics.org/> (besoek op 20 Julie 2011).

doelstellings van hierdie projek was om 'n verbintenis teenoor kinders te verdiep, 'n teologiese verstaan van kinders te versterk en navorsing oor die kind as 'n erkende terrein van ondersoek in alle areas van Teologie, Etiek en Religieuse Studies te bevorder. Hierdie projek het verder die verwagting gestel om van hulp te wees in die opbou van 'n religieuse verstaan van kinders wat nie slegs op hul kwesbaarheid en behoeftes gefokus is nie, maar ook op hul sterktes en gawes wat hulle na hul families en gemeenskappe kan bring. Die sentrale navorsingsvraag met hierdie projek was, “Wat, indien enigiets, het die groot godsdienste in die wêreld te sê oor wie kinders is en oor ons verpligtinge teenoor hulle (nie slegs die verpligtinge van ouers nie, maar ook van religieuse gemeenskappe en die staat)?” Die spesifieke fokus van hierdie projek stem ooreen met die denkskuiwe wat in die kinderregtediskoers plaasgevind het en daarom kan hierdie navorsingsprojek uitgesonder word as 'n besondere bydrae tot die bevordering van 'n kinderregtediskoers, terwyl dit tegelyk geleenthede vir Religieuse Studies en Teologie se betrokkenheid in inter- en transdissiplinêre debatte oor kinders daarstel. Vanuit hierdie projek is twee teologiese volumes onder die algemene redaksie van Bunge in die vooruitsig gestel: *The Child in the Bible* is reeds in 2008 gepubliseer en *Children, Childhood, and Religious Ethics: Jewish, Christian, and Muslim Perspectives* word vir 2012 beplan. *Children and Childhood in World Religions* (2009) is nog 'n publikasie waarvan Bunge as mederedakteur saam met Don Browning opgetree het. Verder was Marcia Bunge vir die termyn 2010-2011 die mededirekteur van 'n projek *Child Theologies: Perspectives from World Christianity* wat deur *Compassion International* befonds word.

By wyse van bogenoemde navorsingsprojekte en publikasies het Bunge 'n onontbeerlike bydrae gemaak tot die bestudering van die komplekse verhouding tussen kinders en godsdiens. Haar werk het haar in staat gestel om ten nouste betrokke te wees by 'n aantal interdissiplinêre, intergeloofs- en internasionale projekte oor kinders in die konteks van die akademie en religieuse gemeenskappe. Bunge beskryf haar werk as deel van die groeiende akademiese veld van Kinderstudie. Volgens haar het Kinderstudie begin groei sedert navorsers begin het om oor hul eie werk in die lig van kinders en die kinderjare te herbesin (Bunge 2011:1). Bunge kan as vakkundige in Religieuse Studies en Teologie uitgesonder word vir die wyse waarop sy haar navorsingsprojekte oor die kind en kinderjare struktureer, – naamlik om nie slegs by te dra tot 'n verdiepte teologiese

verstaan van kinders nie, maar ook tot konkrete uitsette soos om akademië in alle areas van Etiek, Teologie en Religieuse Studies in die ontwikkeling van voorgraadse en nagraadse programme oor kinders en die kinderjare van diens te wees. Bunge is steeds besig om nuwe geleenthede vir dialoog en navorsing vir geleerdes in die velde van Teologie en Religieuse Studies te open. Wat verder opvallend is van haar werk is dat die navorsingsprojek *The Child in Religion and Ethics* daarop gerig is om teoloë, etici, en kundiges in Religieuse Studies in staat te stel om meer effektief by te dra tot die hedendaagse diskoers oor kinders in religieuse gemeenskappe, die akademie en die publieke sfeer.<sup>245</sup> Met reg kan gesê word dat die opkomende belangstelling in die kind en kinderjare in die studieveld van Religie en Teologie grootliks deur Bunge geïnisieer is.

John Wall, 'n professor in Godsdiens en Kinderstudie aan die Rutgers Universiteit, Camden (New Jersey), het eweneens bekendheid verwerf vanweë sy betrokkenheid in navorsing oor kinders – veral vanuit 'n etiese perspektief. Sy navorsing is op die verhouding tussen godsdiens en etiek, die sosiale etiek van die kinderjare en kinderregte gefokus. Hy is betrokke by die werksaamhede van die *Center for Children and Childhood Studies*<sup>246</sup> aan die Rutgers Universiteit en het 'n navorsingsprojek *Animals and Innocents: An Analysis of the Western Theological Perspectives on the Meaning and Purpose of Child Rearing* onderneem wat deur die sentrum befonds en ondersteun is. Sy publikasies oor die onderwerp van kinders sluit onder meer in *Ethics in Light of Childhood* (2010a) waarvan hy die outeur is en *Children and Armed Conflict: Cross-disciplinary Investigations* (2011) waarvan hy saam met Daniel Thomas Crook mede-outeur is. Uit sy lys van geselekteerde artikels en hoofstukke in versamelbundels wat gepubliseer is<sup>247</sup> blyk dit duidelik dat sy invloed nie tot Godsdiens en Etiek beperk is nie. Sy werk word gepubliseer in studieveld wat wissel van Kinderstudie, Kinderregte,

---

<sup>245</sup> Sien die fokus van die projek *The Child in Religion and Ethics* se doelstellings en aktiwiteite op die drie onderskeie publieke van teologiese betrokkenheid by: [www.childreligionethics.org](http://www.childreligionethics.org) (besoek op 20 Julie 2011).

<sup>246</sup> Inligting oor die Sentrum se werksaamhede in die areas van navorsing, diens en onderrig is beskikbaar by: <http://children.camden.rutgers.edu/> (besoek op 22 Julie 2011). Die sterk inter- en transdissiplinêre inslag van die Sentrum se werk is opvallend, onder andere inisiatiewe soos 'n reeks seminare op streeksvlak wat fokus op *Rethinking Childhood in the 21st Century*.

<sup>247</sup> Hierdie inligting is opgeneem in sy *curriculum vitae* wat beskikbaar is by: <http://crab.rutgers.edu/~johnwall/John%20Wall%20CV.pdf> (besoek op 22 Julie 2011).

Kinderstudie en Godsdiens, Teologie (Pastorale Teologie; Praktiese Teologie; Etiek) en Pastorale Sielkunde. In een van sy artikels, “Childhood studies, hermeneutics, and theological ethics” wat in *The Journal of Religion* (2006:523-548) verskyn het, verwoord hy sy belangstelling in die wedersydse wisselwerking en beïnvloeding van Teologiese Etiek en Kinderstudie. Sy argument in die artikel lui dat Kinderstudie die bestaande teologiese metodes en norme nie net moet toepas nie, maar dit ook moet uitdaag en op nuwe en vars maniere moet transformeer (Wall 2006:523). Hy noem hierdie benadering “childism”, waar Teologiese Etiek enersyds tot die breë veld van Kinderstudie bydra en andersyds deur Kinderstudie beïnvloed word (Wall 2006:523). In aansluiting by die werk van Paul Ricoeur, David Tracy, Don Browning, Sallie McFague en Richard Kearney argumenteer hy dat die mees belowende metodologiese benadering in ’n wedersydse transformerende hermeneutiese sirkel opgesluit lê (Wall 2006:524, 532-533). Hierdie hermeneutiese sirkel laat volgens hom Teologiese Etiek toe om wesenlike kritiek op die situasie van kinders in vandag se wêreld te lewer, terwyl daar terselfdertyd op so ’n wyse uit kinders se ervaring geleer word dat dit Teologiese Etiek as sodanig kan verdiep (Wall 2006:524). Hy beklemtoon dat hierdie “childist” Teologiese Etiek ’n fundamentele heroorweging van die aard van menslike verantwoordelikheid teenoor mekaar en kreatiewe selfverandering vereis (Wall 2006:524, 548).

Wat teoloë by John Wall kan leer, is om navorsingsresultate so te verpak dat dit vir ’n wye veld van akademië toeganklik is. Wall doen dit onder meer deur in die titels van sommige van sy publikasies eksplisiet ’n Christelike perspektief aan te dui, terwyl hy in van sy ander werke meer neutraal staan ten opsigte van ’n bepaalde religieuse perspektief.<sup>248</sup> Op so ’n wyse word geleenthede geskep om inter- en transdissiplinêre en intergeloofsdebatte oor kinders en die kinderjare te stimuleer en daartoe by te dra.

’n Praktiese teoloog wat uitgesonder kan word vir sy baanbrekerswerk in die veld van godsdiens, die huwelik en familie met ’n geïntegreerde perspektief op die kind is Don

---

<sup>248</sup> Inligting oor John Wall en die werk van die *Center for Children and Childhood Studies* is beskikbaar by die webtuiste van Rutgers Universiteit, Camden: <http://children.camden.rutgers.edu> (besoek op 12 April 2011).

Browning.<sup>249</sup> As praktiese teoloog het Browning dit reggekry om die groot wêreldgodsdienste met sy eie tradisie van die Christendom in dialoog te bring. Sy publikasie *From Culture Wars to Common Ground: Religion and the American Family Debate* (2000) is die produk van 'n kritiese navorsingsproses oor geloofsgrense heen. Meer nog, ook die sosiale wetenskappe het hy ingespan om die verstaan van godsdiens te bevorder. Gedurende die tydperk 1991-1997 het hy aan die hoof gestaan van 'n navorsingsprojek oor godsdiens, kultuur en die familie, befonds deur die *Lilly Endowment*. In 1998 en 1999 het hy bykomende befondsing ontvang vir verdere navorsing oor die tema en vir die verspreiding van die navorsingsresultate. Browning het daarin geslaag om teologiese teorie meer toeganklik te maak vir dissiplines soos Regswetenskap. Daarom is hy genader om by die *Center for the Study of Law and Religion* (hierna CSLR) van Emory Universiteit as mededirekteur van die navorsingsprojek *Sex, Marriage, and Family and the Religions of the Book* op te tree.<sup>250</sup>

By dieselfde sentrum het hy ook as senior adviseur opgetree vir die navorsingsprojek *The Child in Law, Religion and Society*.<sup>251</sup> Hierdie navorsingsprojek is 'n interdisiplinêre ondersoek na kinders, met 'n fokus op geboorte, naamgewing, groei, kinderrechte, godsdienstige seremonies, opvoeding en vorming, kindermisbruik, armoede en dakloosheid, jeugoortredings, geweld, publieke beleidsresponse en hervorming. Die

---

<sup>249</sup> Vanweë die veeltal van sy bydraes in die ontwikkeling van die studieveld en metodologie van Praktiese Teologie kan Don Browning as een van die grondleggers van Praktiese Teologie beskou word. Hy is op 3 Junie 2010 oorlede. 'n Huldeblyk aan hom deur die Universiteit van Chicago voorsien 'n uitgebreide beskrywing van sy akademiese bydraes en is beskikbaar by: <http://news.uchicago.edu/article/2010/06/08/don-browning-divinity-school-scholar-marriage-and-family-1934-2010> (besoek op 3 Augustus 2011). Sy *curriculum vitae* waaruit inligting verkry is oor sy akademiese betrokkenheid by die kind is beskikbaar by: [http://cslr.law.emory.edu/fileadmin/media/PDFs/CV\\_-\\_updated\\_2008/Browning\\_CV.pdf](http://cslr.law.emory.edu/fileadmin/media/PDFs/CV_-_updated_2008/Browning_CV.pdf) (besoek op 3 Augustus 2011).

<sup>250</sup> Inligting oor die CSLR van Emory Universiteit is beskikbaar by: <http://cslr.law.emory.edu/> (besoek op 3 Augustus 2011).

<sup>251</sup> Die inligting oor die navorsingsprojek *The Child in Law, Religion and Society* wat hierbo aangebied word, is beskikbaar by: <http://cslr.law.emory.edu/research/the-child-in-law-religion-and-society/> (besoek op 3 Augustus 2011). Verdere inligting oor die navorsingsprojek is verkry uit bladsy 20-21 van die brosjure van die Sentrum wat beskikbaar is by: [http://cslr.law.emory.edu/fileadmin/media/PDFs/2008\\_News\\_PDFs/CSLR\\_Overview\\_Brochure.Final.9-10.08.pdf](http://cslr.law.emory.edu/fileadmin/media/PDFs/2008_News_PDFs/CSLR_Overview_Brochure.Final.9-10.08.pdf) (besoek op 3 Augustus 2011).

direkteure van die projek *The Child in Law, Religion and Society* was Martin E. Marty,<sup>252</sup> ’n kerkhistorikus, en John Witte, Jr., ’n regsgeleerde. Aan die projek het 21 senior navorsers deelgeneem. Hulle het ook opdrag gekry vir 24 nuwe volumes oor die genoemde onderwerpe.

Don Browning se vermoë om akademië verteenwoordigend van verskillende geloofstradisies en dissiplines in gesprek te bring het bygedra tot ’n kritiese dekonstruering van opvattinge oor die kind en kinderjare. Die resultate van so ’n interreligieuse en interdissiplinêre navorsingsproses oor kinders en die kinderjare is onder andere gedokumenteer in twee volumes wat in 2009 gepubliseer is. Browning het as mederedakteur van beide publikasies opgetree. *Children and Childhood in World Religions: Primary Sources and Texts* is in samewerking met Marcia Bunge geredigeer. Hierdie publikasie wys daarop dat kinders in die verstaan van wêreldgodsdienste sentraal staan en stel indringende vrae oor hedendaagse beskouinge oor kinders. Die versamelwerk *Children and Childhood in American Religions* is weer met Bonnie Miller-McLemore as mederedakteur aangepak. In hierdie boek dui leidende navorsers aan hoe verskeie godsdienste hul geloofstradisie interpreteer, rekonstrueer en benut om kinders en hul ouers te help in die hantering van geleenthede en uitdagings in die Amerikaanse leefwêreld.

Van die ander lopende projekte van die *Center for Children and Childhood Studies* sluit in *The Best Love of the Child* onder die direkteurskap van ’n professor in Christelike Etiek, Timothy P. Jackson (Emory Law 2008:20). Hierdie projek bied ’n historiese, filosofiese, teologiese, sielkundige, regs- en etiese perspektief op dit wat liefde deur en vir ’n kind alles insluit. Hierdie projek is ’n goeie voorbeeld van hoe Regte en Godsdienste en Teologie mekaar kan komplementeer in die bestudering van wat in die beste belang van kinders strek. Die publikasie, *The Best Love of the Child: Being Loved and Being Taught to Love as the First Human Right*, het in April 2011 verskyn. Hierdie saamgestelde werk geredigeer deur Timothy P. Jackson is ’n vergelykende analise van die beginsel “die beste belange van die kind” in Regte en die beginsel “die beste liefde

---

<sup>252</sup> Marty, ’n kerkhistorikus, het 35 jaar lank aan die Universiteit van Chicago klasgegee. ’n Martin Marty Sentrum is by dié universiteit gevestig om publieke godsdienstoneernemings te promoveer.

van die kind” in Teologie en die Sosiale Wetenskappe, met ’n sterk argument dat die eerste reg van die kind die reg is om liefde te ontvang en om te leer om ander lief te hê.<sup>253</sup>

Die projek *Vocation of the Child* behels ’n kritiese ondersoek na die vraag of God bepaalde bedoelings het met kinders se jong lewens – voordat hulle groot- en “ware” mense word (Emory Law 2008:20). Sestien vakgeleerdes benader hierdie vraagstuk vanuit verskillende perspektiewe – van histories tot psigologies tot teologies en stel ondersoek in of volwassenes dalk kinders se roeping kan verkwis of eerder kinders kan help om hul roeping te ontdek en aan te gryp (Emory Law 2008:20).

Martin E. Marty, een van die direkteure van die projek *The Child in Law, Religion and Society*, het oor die saak van kinders en hul regte wyd gepubliseer.<sup>254</sup> Sy boek *The Mystery of the Child* (2007) dien hier vermeld te word, veral vanweë die toepaslikheid daarvan vir die menswaardige beskouing en hantering van kinders en hul welsyn. Hierdie boek van Marty kritiseer die hantering van kinders as ’n probleem,<sup>255</sup> en stel voor dat kinders en hul unieke uitdagings eerder as misterie benader behoort te word (Marty 2007:1). Hy beweer dat die beginpunt van hoe sake in kinders se lewe benader word ’n beduidende verskil maak in alles wat volg (Marty 2007:15). Wanneer die probleemoplossende benadering tot die hantering van kwessies in kinders se lewens gevolg word, motiveer dit volwassenes dikwels tot ’n soeke na, en ’n opneem, beskerming en uitoefening van beheer oor die probleemsituasie en oor kinders self (vgl. Marty 2007:28-34). Volwassenes vestig vanuit hierdie benadering ’n eiesoortige

<sup>253</sup> Die inligting oor hierdie publikasie is beskikbaar by:  
<http://cslr.law.emory.edu/publications/publication/title/the-best-love-of-the-child-in-theological-ethical-and-legal-perspectives/> (besoek op 5 Augustus 2011).

<sup>254</sup> Sien byvoorbeeld sy artikel (2006) ““But even so, look at that’: Working with the Convention on the Rights of the Child” wat voortgespruit het uit sy hoofrede tydens die projek se internasionale kongres met die tema *What’s Wrong with Rights for Children?* In ’n terugblik op die kongres beklemtoon hy die onderwaardering van godsdiens as dit by die vraagstuk van kinderregte kom deur te sê, “Meanwhile, we did not dwell, to an appropriate degree, on the resources of awakened religion to discover and assure the rights of children.” Marty wys daarop dat indien godsdienstige druk gesien word as vyandig teenoor die regte van kinders soos in die UNCRC vervat, die potensiaal in godsdiens om die uitdrukking van kinderregte te vergroot, te interpreteer en aan te moedig eweneens erken behoort te word (Marty 2006:239). Hier verwys hy onder andere na die Christelike geloof se waardering van die intrinsieke waarde van die kind wat na die beeld van God geskep is en kinders as modelle van toegang tot die koninkryk van God (Marty 2006:239).

<sup>255</sup> Hoofstuk 2 van die boek handel oor die versorging van die kind wat dikwels gedryf word vanuit ’n beskouing dat kinders ’n probleem is.

magsverhouding tot 'n spesifieke kind (Marty 2007:28). Wanneer die kind daarenteen benader word as 'n misterie en met 'n mate van verwondering sal daar moontlik minder die behoefte wees om kinders en hul problematiek te probeer verklaar en te verduidelik (vgl. Marty 2007:43). Met die beskouing van die kind as misterie kan geleenthede daargestel word om die kind waar te neem, te ontdek en saam met kinders deel te neem in al die misterie wat hulle omring (vgl. Marty 2007:51). *The Mystery of the Child* belig die vermoë van 'n kind tot verbeelding, kreatiwiteit, spel en vryheid – eienskappe wat soms in volwassenes se lewens beperk is of selfs ontbreek (vgl. Marty 2007:30). Dit is egter nie nodig om hierdie publikasie te sien as protes teen dissipline en grense nie. Marty spoor eerder volwassenes aan tot die koestering, grootmaak, dissiplinerende en opvoeding van kinders op so 'n wyse dat volwassenes deur kinders se belewing van die oomblik en hul verwondering oor dinge – dié dinge wat aan volwassenes soms verbygaan – verryk en selfs meer mens kan word. Marty maak dit duidelik dat sy boek nie as 'n *how-to*-gids vir versorgers van kinders beskou moet word nie (vgl. Marty 2007:4). Deur sy publikasie wil hy volwassenes eerder aanspoor om die misterie van kindwees te ontdek en om kinders as meer en anders as bloot die kombinasie van ouerlike gene te sien (vgl. Marty 2007:2). Deur die fokus te plaas op kinders as konstante bronne van inspirasie en vernuwing wil hy graag positiewe response inspireer wat verskeie aspekte van die lewe sal verryk (vgl. Marty 2007:5). Volgens Marty is dit vanweë hierdie eienskappe van reël teenwoordig wees, verbeelding, ontvanklikheid, openheid, leergierigheid, afwagting, verwondering – eie aan die kind – dat daar in die Evangelies geskryf staan dat volwassenes moet verander en soos kinders word om die koninkryk van God in te gaan (vgl. Marty 2007:244). Juis kinders wat as onbelangrik, van 'n lae status, relatief hulpeloos en afhanklik gesien word, is in God se koninkryk met besondere waarde bekleed.

Met hierdie publikasie laat Marty die lig val op die waardering en viering van kinders en hul vermoëns en op die waarde wat hulle tot volwassenes se lewens kan toevoeg. Eintlik spoor hy mense aan om regdeur die lewe iets van kindwees te behou sodat iets van die wese van die kind deur al die lewensjare van gesonde mense sal ontvou (vgl. Marty 2007:7, 231).



Met die interdisiplinêre bestudering van die kind, kinderregte en verwante sake tydens die projek *The Child in Law, Religion and Society* het Browning, Marty en Bunge deur middel van hul publikasies en deelname aan interreligieuse en interdisiplinêre debatte die waarde van godsdiens beklemtoon. Hulle is daarvan oortuig dat godsdiens wel 'n positief ondersteunende rol kan speel wanneer dit by kinderregte kom. Die kinderregtebeginsel van nie-diskriminasie kom in interreligieuse gesprekke oor kinders tot sy reg wanneer daar geïllustreer word dat erns gemaak word met alle kinders se welsyn en belange – ongeag tot watter godsdiens hulle behoort.

Annemie Dillen na wie reeds vroeër in hierdie hoofstuk verwys is, verdien hier ook spesiale vermelding vanweë die relevansie van haar navorsing vir die hedendaagse diskoers en praktyk oor kinders en hul regte. Tydens 2005 tot 2008 het sy as 'n postdoktorale genoot van die *Fund of Scientific Research*, Vlaandere in België gewerk aan die projek *Theology in its infancy? A theological, ethical and (religious) educational research project towards images of children* (Dillen 2008:59-60). Haar publikasies bevorder 'n genuanseerde beskouing van kinders deur op 'n kritiese wyse vraagstukke te hanteer wat verband hou met 'n beskouing van kinders as die toekoms en die hede (Dillen 2009:129-148); grondslae vir sorg en verantwoordelikheid teenoor kinders (Dillen 2008:51-61); die religieuse deelname van kinders as aktiewe subjekte teenoor die beskouing van kinders as passiewe ontvangers van kennisinhoud (Dillen 2007a:37-49); en kinders tussen bevryding en sorg, bestudeer vanuit 'n etiese perspektief op die regte van kinders en ouer-kind-verhoudinge (Dillen 2006:237-250). Dillen se navorsing lewer ongetwyfeld 'n wesenlike bydrae tot die interdisiplinêre veld van Kinderstudie en die breë publieke diskoers oor kinders en hul regte. Haar werk is 'n toonbeeld van die praktisering van “childism” waarna Wall verwys (vgl. Wall 2006:523). Die teologiese aksente in Dillen se werk wat betref die beskouing, die intrinsieke waarde en die bevryding van kinders asook die kritiese dekonstruering van verantwoordelikheid vir kinders kan rigtinggewend aangewend word in die ontwikkeling van 'n normatief teologiese bydrae tot die bevryding van Afrika se kinders.

Twee ander praktiese teoloë wat in eie reg in internasionale kringe indruk maak, is Bonnie Miller-McLemore en Pamela Couture. Dit is die geval vanweë hul betrokkenheid

in die verstaan van kontekstuele realiteite wat op kinders se welsyn 'n impak het en die respons waartoe Teologie en meer spesifiek Praktiese Teologie uitgedaag word.<sup>256</sup> Albei teologiese alwyd oor die kind gepubliseer en was betrokke in sommige van die hierbo genoemde navorsingsprojekte wat op die kind en kinderjare gefokus het. Enkele publikasies van hierdie outeurs verdien hier spesiale vermelding.

Bonnie Miller-McLemore<sup>257</sup> het met haar boek *Let the Children Come: Re-Imagining Childhood from a Christian Perspective* (2003) Christene uitgedaag om vanuit 'n Christelike perspektief vernuwend te dink oor kindwees en aanverwante sake soos ouerskap en kerke en gemeenskappe in verhouding tot kinders. Met hierdie publikasie het Miller-McLemore 'n belangrike bydrae gelewer om heersende persepsies oor kinders in die hedendaagse sosiale realiteit uit te daag en om kinders meer volwaardig te erken. Soos Bunge se werk, bepleit hierdie publikasie 'n meer komplekse verstaan van kinders eerder as om tussen die twee ekstreme pole van absoluut sondig van nature en absoluut onskuldig te beweeg. Met hierdie genuanseerde siening van kinders voorsien Miller-McLemore se eksegeese van die evangeliese narratiewe van Jesus se interaksie met kinders verder 'n blik op kinders se vermoë tot profesie en openbaring. Sy maak lesers veral daarvan bewus dat die ontkenning van kinders se vermoëns en menswaardigheid lei tot diskriminerende gedrag teenoor kinders. Sy noem dit *adultism* en beskryf dit as enigiets wat lei tot die vernedering en verkleining van kinders (Miller-McLemore 2003:158). Dillen beskryf *adultism* verder as 'n gebrek aan waardering vir kinders en jongmense (Dillen 2007a:42). Die konsep verwys na die morele regverdiging van die hantering van kinders en volwassenes as twee radikaal verskillende tipes mense, om volwassenes meer basiese regte as kinders te gun en om kinders en jongmense van basiese respek te ontnem (Dillen 2007a:42). Teenoor *adultism* beklemtoon Miller-McLemore kinders se religieuse agentskap en moedig volwassenes aan om oop te wees

---

<sup>256</sup> Die publikasie *Poverty, Suffering and HIV-AIDS: International Practical Theological Perspectives* wat in 2003 onder hul redakteurskap verskyn het, is 'n goeie voorbeeld van hul bydrae tot die beoefening van kontekstuele Praktiese Teologie.

<sup>257</sup> Bonnie Miller-McLemore is 'n professor in Pastorale Teologie in die Departement van Godsdiens aan Vanderbilt Universiteit. Sy is verder bekend as 'n feministiese teoloog wat benewens haar belangstelling in die teologiese verstaan van die kinderjare onderwerpe bestudeer wat met kultuur, familie en godsdiens verband hou. In Januarie 2011 het sy as hoofspreker opgetree by die jaarlikse kongres van die WPTSA. In dieselfde tyd het sy ook 'n lesing by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat gelewer.

vir dit wat by kinders oor geloof geleer kan word. Miller-McLemore verloor egter nie die kwesbaarheid en die gemarginaliseerde posisie van kinders uit die oog nie en stel ten opsigte van 'n genuanseerde siening van kinders ook 'n bevrydingsteologie voor.

Hierdie publikasie van Miller-McLemore is opgevolg met *In the Midst of Chaos: Care of Children as Spiritual Practice* (2006a) wat spesifiek op families in die grootmaakproses van hul kinders gerig is. Miller-McLemore moedig in hierdie boek ouers aan om die tradisionele siening van ouers as die alwetende outoritêre figure in hulle kinders se lewens te laat vaar – en suggereer hiermee indirek 'n meer gesonde verdeling van mag in die konteks van die familie. Sy voorsien konstruktiewe gedagtes vir die praktisering van geloof in die alledaagse proses van kinders grootmaak en spoor ouers aan om die potensiaal waarmee hulle in hul interaksie met hul kinders reeds besig is raak te sien en juis die sterktes in hul familie verder uit te bou.

In sommige van Miller-McLemore se artikelpublikasies oor kinders is 'n meer kritiese aanslag in haar werk opvallend. Hieronder tel die artikels, “Whither the children? Childhood in religious education” (2006b) en “Jesus and the little children: An exercise in the use of Scripture” (2010). In die eersgenoemde artikel ondersoek sy krities die impak van bepaalde posisies in die akademiese veld van Religieuse Opvoeding op die beskouing van kinders. Sy problematiseer veral die invloed van teorieë van geloofsontwikkeling wat meer op volwassenheid as die kinderjare fokus, en dui aan dat dit persepsies van die kind as 'n volwassene-in-wording, op pad na geloofsvolwassenheid, versterk het en nie noodwendig van toepassing is op 'n kind in eie reg nie. Verder maak sy 'n belangrike opmerking wat volgens die navorser toepaslik is vir die konteks van teologiese opleiding in Suid-Afrika waar teorieë van geloofsvorming en geestelike onderrig dikwels op die voorgrond staan wanneer navraag gedoen word oor Teologie se betrokkenheid by kinders:

Moreover, the subject matter of children is of sufficient importance that it need not be just the responsibility of those in religious education but deserves the greatest place in theology more broadly (Miller-McLemore 2006b:637).

In die laasgenoemde artikel pleit Miller-McLemore vir grondige en verantwoorde Bybelse eksegeese van Skrifgedeeltes oor Jesus en kinders, aangesien dergelike tekste meer kompleks is as die wyse waarop dit dikwels in sekere Christelike kontekste gebruik word. Sy noem voorbeelde van ’n eensydige gebruik van Bybelse eise om kinderadvokaatskap te regverdig. In hierdie soort Skrifgebruik word Bybeltekste ideologies omgebuig en tegelyk word die kind misbruik om aan ’n ideologie dienstig te wees. Wanneer dit by kinders en hul regte kom, is dit inderdaad belangrik om ag te slaan op hierdie wekroep van Miller-McLemore.

Pamela Couture<sup>258</sup> is weer bekend vir haar werk wat op kinderarmoede toegespits is. In die jaar 2000 is haar boek *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty* gepubliseer. In hierdie publikasie werk Couture met ’n holistiese verstaan van kinderarmoede (Couture 2000:23-47). Sy is van mening dat volwassenes ag behoort te slaan op sowel materiële as sosiale armoede weens swak verbintenisse binne ’n gemeenskap, dus gebrekkige sosiale kapitaal – twee oorvleuelende kategorieë van armoede wat bepalend is vir hoe kinders se lewens daar uitsien. Sy skets ’n beeld van kinderarmoede deur die gebruik van twee normatiewe raamwerke wat daarop gemik is om kinders te laat floreer, naamlik kinders se sosiale ekologie en kinderregte (Couture 2000:41-45). Couture maak dit duidelik dat kerk en Teologie deel vorm van kinders se sosiaal-strukturele ekologie (Couture 2000:46-47). Sy help om te verstaan dat gemeentes en Teologie deur middel van hul leringe en praktyke ’n invloed het op hoe kinders in hul mikro-omgewings beskou en hanteer word – hul familie, skole; in hul meso-omgewing – die gemeenskap; en in die makro-omgewing – die samelewing.

Een van die belangrikste bydraes van haar boek is dat sy pleit vir ’n gedeelde verantwoordelikheid nie slegs vir “ons” kinders nie, maar ook vir “ander” en alle kinders (Couture 2000:47). Hiermee laat sy direk die kollig val op die beginsel van kinderregte, naamlik nie-diskriminasie en daarmee saam op meer inklusiewe denke wanneer daar oor kinders besin word. Dit kan volgens haar bereik word by wyse van vennootskappe en deur die veerkragtigheid van kinders te bou wat weer sal lei tot verdiepte gedeelde sosiale

---

<sup>258</sup> Pamela Couture beklee die leerstoel *Jane and Geoffrey Martin Chair in Church and Community* by die Emmanuel College, Toronto, Kanada.

verantwoordelikheid – ook by kinders self. Kinderarmoede as sosio-ekonomiese probleem kan volgens Couture onder andere benader word deur verhoudinge met kwesbare kinders te bou. Op hierdie wyse kan volwassenes God se sorg vir sy mense weerspieël. Verhoudinge met kinders behels na Couture se mening ’n werk van ontferming en ’n werk van piëteit. Deur die werk van ontferming en piëteit in die regte verhouding te hou, kan ’n diepe betekenis gegee word aan die liefde vir die naaste en die liefde vir God. Couture is daarvan oortuig dat die kerk werklik tot selftransformasie in staat is en samelewing en kultuur kan beïnvloed deur middel van die werk van sorg wat uit die beoefening van ontferming en piëteit bestaan. ’n Punt van kritiek is dat die titel van die boek die verwagting wek van ’n meer omvattende prakties-teologiese bydrae tot kinderarmoede, terwyl die fokus van die boek in werklikheid ’n bepaalde bydrae van Pastorale Teologie behels – naamlik die sorg vir kwesbare kinders.

Nogtans is ’n positiewe kenmerk van Pamela Couture se werk haar beklemtoning dat alle kinders positiewe verhoudinge met ander benodig en sulke verhoudinge op grond van hulle status as mens verdien – verhoudinge wat deurtrek is van liefde en die soeke na geregtigheid.<sup>259</sup> Voorts benodig kinders volgens haar ook ’n omgewing en kultuur waar menseregte en menswaardigheid belangrik geag word. Op grond van hierdie verstaan van wat kinders nodig het om te floreer, hou sy verhoudinge voor as die basis vir sosiale en ekonomiese geregtigheid. Couture gaan so ver om te beweer dat kerke bedieninge van liefde en geregtigheid behoort te vorm, veral vir kinders wat in armoede leef, terwyl daarna gestreef word om volgens die UNCRC se universele waardes te leef. Veral in *Child Poverty: Love, Justice and Social Responsibility* (2007) bepleit sy ’n geloofspraxis wat die sisteme teenwerk wat kinders in armoede hou – wat implikasies inhou vir hoe Christene aan kinders hulp verleen, voorspraak doen en navorsing onderneem.

Uit bostaande bespreking oor teoloë se betrokkenheid in navorsingsprojekte kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat goeie navorsing en ’n verdiepte en genuanseerde

---

<sup>259</sup> Hierdie gevolgtrekking is gemaak op grond van die artikel, “The fight for children: Practical theology and children’s rights”, wat in 2003 in *Contact* verskyn het; haar boek *Child Poverty: Love, Justice and Social Responsibility* (2007); en ’n daaropvolgende artikel, “Against child poverty: Relationships as a foundation for social and economic justice”, wat in 2010 in die *Journal of Childhood and Religion* verskyn het.

teologiese verstaan van kinders Christelike teoloë in staat stel om oor grense heen in die akademie en die publiek oor kinders en hul belange in gesprek te tree. Waar behoorlike navorsing oor kinders onderneem word, gaan daar moontlikhede oop om in die onderrigkurrikulum van voornemende Christelike leiers 'n fokus op kinders te integreer met betrokkenheid in die publieke diskoers oor kinders sowel as met ontwikkelingspraktyke wat op kinderswelsyn gerig is. Navorsing oor kinders voorsien verder 'n goeie basis vir 'n dinamiese en kritiese interaksie tussen teologiese teorie en geloofspraktyke ten bate van 'n voortdurende verbetering van beide.

Uit die ontwikkelinge wat internasionaal in Religieuse Studies en Teologie insake die bestudering van kinders en hul welsyn en regte plaasgevind het, kan die gevolgtrekking gemaak word dat kinders as 'n afsonderlike veld van analise gedurende die afgelope dekade al hoe meer aandag geniet. Christelike Teologie lewer ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae tot die beskouing en hantering van kinders as volwaardige mense. Uit die bestudering van die nuwe, opkomende aandag aan kinders in die internasionale omvang daarvan blyk dit egter ook dat teoloë in Afrika en Suid-Afrika wat in hul akademiese werk op kinders fokus nog nie in dieselfde mate aktief aan die religieuse en teologiese diskoers oor kinders en hul belange deelneem nie. Om die redes vir hierdie skynbaar gebrekkige betrokkenheid beter te begryp, word vervolgens die belangstelling in kinders, die kinderjare en kinderregte in Religieuse Studies en Teologie sedert die jaar 2000 in die akademiese konteks van Afrika en Suid-Afrika krities ondersoek.

#### ***4.3.2 'n Afrika- en Suid-Afrikaanse perspektief***

'n Bewustheid van dit wat ten opsigte van die teologiese besinning oor kinders en hul regte inheems is aan Afrika is essensieel in die ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief op Afrika se kinders.

Nyambura J. Njoroge het reeds in die jaar 2001 in 'n artikel gepleit vir die ontwikkeling van nuwe teologiese denke, aangesien kerke in Afrika vir baie lank deur "uitheemse" teologie gerig was. In die volgende woorde pleit sy vir 'n teologie wat sal help om kritiese vrae oor Christene se oortredinge of gebrek aan optrede te stel – 'n pleidooi ook van toepassing op 'n teologie wat kinders sal kan help:

Even long before the scourge of HIV/AIDS, dare I say that creating new theological thinking is long overdue? For so long, many churches in Africa have been living with imported theology, which does not speak to the fears and hopes of the people ... I am here begging for a theology that will help us ask critical questions about our inactivity or wrongdoing; a theology that will help the child, youth, woman and man in the pew and streets to cultivate a dialogue that will lead to life-giving action in the midst of suffering, misery and death ... I am begging for a theology that will provoke us to come together, to argue it out when things go wrong, with or without academic theologians. We need a theology that will creatively help us to retell our story of colonization, cultural and religious imperialism, people's resistance and struggle for land and freedom (uhuru, in Swahili) to the point where we say no to injustice, exploitation, globalization and senseless death (Njoroge 2001:254).

Met hierdie duidelik verwoorde behoefte in Afrika aan die ontwikkeling en benutting van inheemse Teologie en met Malherbe se verduideliking hierbo waarom 'n Afrika-teologie oor die kinderjare so langsaam ontwikkel<sup>260</sup> as vertrekpunt vir die aanpak van die diskoersanalise vanuit 'n Afrika-perspektief, volg 'n kritiese bespreking van die nuwe opkomende belangstelling in kinders in die konteks van Afrika en Suid-Afrika.

1. Akademiese werkgroepe, konferensies en ander geleentehede vir die bekendstelling van navorsingsbevindings

Uit literatuursoektogte blyk dit dat daar tot op hede nog nie 'n akademiese werkgroep in die veld van Religie en Teologie in die konteks van Afrika en Suid-Afrika bestaan wat oor 'n proگرامeenheid beskik wat spesifiek op kinders fokus nie. Daar is wel akademiese werkgroepe in Teologie wat 'n belangstelling in kinders se welsyn toon en wat vanuit 'n geïntegreerde perspektief die akademiese bestudering van kinders en hul belange bevorder. Hiervan is die *Circle of Concerned African Women Theologians* (hierna CCAWT) 'n voorbeeld.<sup>261</sup> Die CCAWT is 'n intergeloofsorganisasie wat in 1989 in Akkra, Ghana tydens die Ekumeniese Dekade van die Wêreldraad van Kerke deur 70

---

<sup>260</sup> Sien Afdeling 4.2 van hierdie hoofstuk.

<sup>261</sup> Inligting oor die CCAWT is beskikbaar by:  
<http://www.thecirclecawt.org/profile.html?PHPSESSID=a796b0ed0a4552e2e85a53799b655ec1>  
 (besoek op 25 Oktober 2011).

vroue van Afrika tot stand gebring is (vgl. Gecaga 2007:158). Hierdie vroue het besef dat hul eie bevryding in 'n mate van hulleself afhang. Hulle het die stilte verbreek en vir en ter wille van hulleself begin praat ten einde by kerke en teologiese instellings 'n kritiese bewustheid aangaande vroue se teologiese belange te kweek (Gecaga 2007:158). Die vroue van die CCAWT het onderneem om hul verbeelding by die lees van die "Heilige Skrifte" in te span om mense van die teenwoordigheid van vroue in Afrika te laat kennis neem. Hierdie vroue het besef dat hulle verbind is tot hulle tradisies en kulture en dat hulle juis die plek van tradisie en kultuur as onderwerpe van analise en kritiek in die veld van Teologie moet verseker. By die CCAWT word daar onder andere aandag geskenk aan gender en patriargie wat op vroue se sosiale posisie en hul kwesbaarheid vir seksuele misdrywe 'n invloed het, die infektering met MIV en Vigs, en ander sosiale euwels (Gecaga 2007:153). Die CCAWT het pertinent aangedui hoe ingrypend die wonde van bloedskande, verkragting en seksuele mishandeling die lewens van slagoffers affekteer en dat dit ook onder die oorsake van disfunksionele huweliksverhoudinge tel. Daarom het die CCAWT die Tamar-veldtog in baie Afrika-lande geïnisieer, sodat diegene wat seksueel misbruik is, veral vroue en meisies, oor hul ervarings kan praat en die helingsproses kan begin (Gecaga 2007:153).

Die Tamar-veldtog is gebaseer op die verhaal van die verkragting van Tamar, die dogter van koning Dawid, deur haar halfbroer Amnon (2 Samuel 13:1-22).<sup>262</sup> Tamar het 'n poging aangewend om die misdaad openbaar te maak, terwyl Dawid, Absalom, Amnon en ander mans saamgespan het om die verkragting en bloedskande toe te smeer (Gecaga 2007:153).<sup>263</sup> Danksy hierdie veldtog het Genevieve James die benuttingswaarde van Tamar se verhaal ingesien en in 'n artikel die aanbeveling gemaak dat hierdie verhaal in Kinderbybels opgeneem behoort te word om kinders en hul versorgers van die gevare van die seksuele misbruik van kinders bewus te maak. Haar artikel is getitel "Tell it like it is! The case to include the story of the rape of Tamar in children's Bibles as an awareness tool" en het in 2007 in die *Journal for Semitics* verskyn (James 2007:312-332). Tamar

---

<sup>262</sup> Meer inligting oor die Tamar-veldtog is beskikbaar by: <http://www.fecclaha.org/index.php?page=tamar-campaign> (besoek op 20 Oktober 2011).

<sup>263</sup> Die verslag van die Tamar-veldtogseminaar wat vanaf 2 tot 4 Maart 2005 in Kenia gehou is, is beskikbaar by: <http://www.fecclaha.org/uploads/Tamar%20Report.pdf> (besoek op 20 Oktober 2011).



word gesien as 'n jong meisie wat nie stilgebly het toe sy geweld aangedoen is nie – en midde-in haar omstandighede innerlike sterkte en daadwerklike agentskap aan die dag gelê het.<sup>264</sup>

Vanweë die gebrek aan 'n akademiese werkgroep wat die kind vanuit 'n religieuse en teologiese perspektief bestudeer, was daar tot op hede weinig konferensies op akademiese teologiese vlak in die konteks van Afrika en Suid-Afrika met die kind as tema. Dit is verblydend om te meld dat 'n eerste internasionale akademiese konferensie oor die tema *African Christian Scholars and the Plight of the African Child* vanaf 9 tot 11 November 2011 deur *The School of Human and Social Sciences* van die *Daystar University* in Kenia aangebied is.<sup>265</sup> Hierdie simposium het gefokus op die rol en potensiaal van akademiese instellings, kindgefokusde organisasies en die kerk in die hantering van opkomende uitdagings en risiko's waaraan kinders in Afrika blootgestel is. Dit is opvallend dat hierdie simposium direk op die vraagstuk van die promovering van kinders se regte gefokus het. Die Afrika-kind-in-risiko is vir die doeleindes van die konferensie in die sentrum van die navorsing en beleidsagenda geplaas. Die algemene oorsig soos in die konferensie se brosjure opgeneem konstateer dat, terwyl daar die afgelope aantal jare 'n groeiende belangstelling en erkenning is van kinders as 'n strategiese groep in die transformering van hul eie wêreld en die skep van hul toekoms, die daadwerklike promovering van hul regte van kritiese belang is in die ondersteuning van sosiale geregtigheid en die bou van sterk samelewings.

Ondanks programme wat kinders se regte promoveer en hul bemagtiging op die oog het, is daar egter steeds nie genoegsame empiriese getuienis of kennis om effektiewe en innoverende beleid en programme te dryf wat die behoeftes van Afrika-kinders wat in risiko leef aan te spreek nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat die algemene doelwitte vir die konferensie behels het om i) wetenskaplike kennis oor belangrike kinderontwikkeling kwessies wat Afrika-kinders-in-risiko raak uit te ruil; ii) 'n kritiese analise van bestaande

---

<sup>264</sup> Verdere inligting in die vorm van 'n *PowerPoint* aanbieding is oor die veldtog beskikbaar by: <http://www.fecclaha.org/uploads/TAMAR%20CAMPAIGN%20PROFILE.pdf> (besoek op 20 Oktober 2011).

<sup>265</sup> Die inligting oor die konferensie is beskikbaar by: <http://www.daystar-cdi.com/downloads/Child%20Development%20Symposium.pdf> (besoek op 1 November 2011).

beleid wat kinders-in-risiko raak te voorsien, met die doel om effektiewe benaderinge tot die bevrediging van hul behoeftes te identifiseer; iii) lesse wat in beleid en programme oor kinders-in-risiko geleer is te integreer met geleenthede vir akademiese instellings om kennisleemtes te identifiseer en te hanteer; iv) ’n platform te voorsien vir die mobilisering van vennootskappe om deur middel van navorsing, beleid en programme advokaatskap-pogings te loods vir die verwesenliking van kinders se regte; v) die sigbaarheid van akademiese instellings wat in die vasteland van Afrika in die veld van holistiese kinderontwikkeling betrokke is te verhoog; en vi) ’n navorsingskultuur ten opsigte van holistiese kinderontwikkeling in die kontinent te stimuleer en tot die ontwikkeling van hulpbronne vir kinderontwikkeling by te dra. Die referate tydens die konferensie is verder aan die hand van twee temas gestruktureer, naamlik “Building empirical evidence: State of children at risk in Africa, challenges and opportunities” en “Promoting effective policies: Empowerment and rights realisation for children at risk”. Hierdie temas sluit direk aan by die heersende publieke diskoers oor kinders en dui aan dat Christendekers van Afrika ’n substansiële bydrae kan lewer tot die algehele welsyn van die Afrika-kind.

By hierdie geleentheid was goeie deelname van Suid-Afrikaners, soos die volgende referate getuig: Jan Grobbelaar: “The social exclusion of children by the globalized network society: Challenges to theology and the church in Africa”; Grobbelaar saam met Dirk Coetsee: “Towards a church where children are welcome: Equipping theological students and congregational leaders to lead the way”; Coetsee self: “Walking with wounded children – equipping the church in a relational approach to support traumatised children”; en Lois Moyo, ’n PhD-student aan die Universiteit van Kwa-Zulu Natal: “Constructing an African feminist theological ethics of care”.<sup>266</sup> Hierdie temas oor die sosiale uitsluiting van kinders, die bemagting van teologiese kerkleiers om kinders te verwelkom, die ondersteuning van getraumatiseerde kinders deur middel van verhoudings en ’n etiek van sorg dui op die prominensie wat kinders en hul belange in sommige ruimtes van teologiese nadenke geniet. Dit is egter opvallend dat daar by hierdie geleentheid naas Lois Moyo geen verteenwoordiging van teologie fakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite was nie.

---

<sup>266</sup> Jan Grobbelaar het die navorser van die inligting met betrekking tot die genoemde referate voorsien.

Enkele Suid-Afrikaanse praktiese teoloë wat in hul navorsing fokus op kinders of op sake wat met kinders se welsyn verband hou, het wel op jaarvergaderings van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suider-Afrika (hierna WPTSA) van die geleentheid gebruik gemaak om navorsingsresultate in die formaat van ’n referaat of werkwinkel aan te bied. In 2006 was die jaarvergadering van die WPTSA se tema: “Jeugbediening 12 jaar na 1994”. Referate is volgens twee hoofonderwerpe gestruktureer, naamlik: “Jeugkultuur en generasies” en “Jeugbediening: Teologiese begroond en kultureel-relevant”. Die referate het egter grotendeels gefokus op sake wat op adolessente van toepassing is.<sup>267</sup> Wanneer daar in die akademiese konteks dus van jeugbediening gepraat word, blyk dit dat kinders van 0-9 jarige ouderdom nie noodwendig onder die kategorie “jeug” ingesluit word nie. By hierdie jaarvergadering was daar wel twee referate wat ook kinders vermeld het.

By dieselfde jaarvergadering (2006) het die navorser in ’n referaat saam met Ignatius Swart kinderregte as ’n nuwe agendapunt vir Praktiese Teologie voorgestel.<sup>268</sup> Op hulle beurt het Jan Grobbelaar en Jurgens Hendriks in hul referaat verduidelik wat globaal en plaaslik met kinders gebeur.<sup>269</sup> Dit blyk egter dat die terme “kinders” en “jeug” binne teologiese konteks gedekonstrueer behoort te word ten einde toe te sien dat nadenke oor kinders nie verwaarloos word nie. Verder blyk dit dat die teologiese belang van kinders in die konteks van Afrika en Suid-Afrika slegs in die belangstellingsveld van enkele individue lê en nog nie op ’n kollektiewe wyse ’n plek op die agenda van teologiese navorsing verwerf het nie. Sonder ’n akute bewussyn van die teologiese belang van kinders onder teoloë, verteenwoordigend van die verskillende subdissiplines van Teologie, sal ’n fokus op kinders byna uitsluitlik tot die studieveld van Praktiese Teologie beperk bly soos dit tans die geval blyk te wees.

Die tyd is dus inderdaad nou ryp om in die konteks van Afrika en Suid-Afrika ’n teologiese werkgroep in die lewe te roep wat bepaaldelik voorspraak sal doen vir die

---

<sup>267</sup> Melanie Thirion het byvoorbeeld ’n referaat gelewer oor portuurgebaseerde geweld en mishandeling onder adolessente wat later in die tydskrif *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* gepubliseer is.

<sup>268</sup> Hierdie referaat is in 2006 as ’n artikel, “The rights of children: A new agenda for Practical Theology in South Africa” in die tydskrif *Religion & Theology* gepubliseer.

<sup>269</sup> Hierdie referaat is in 2006 as ’n artikel, “Wat gebeur globaal en plaaslik met kinders?” in die tydskrif *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* gepubliseer.

belang van intra- sowel as interdisiplinêre teologiese navorsing oor en saam met die kind, die dokumentering daarvan en die aanbied daarvan by streeks- en nasionale kongresse. 'n Verdere uitdaging vir Teologie is om kundigheid in 'n genuanseerde verstaan van kinders en hul welsyn te ontwikkel ten einde 'n verantwoorde teologiese perspektief binne inter- en transdisiplinêre navorsing oor kinders en kinderregte te bied. Die bekendstelling van navorsingsresultate op internasionale akademiese vlak is egter ewe belangrik – naamlik om Westerse oortuigings, persepsies en teorieë oor kinders en veral oor kinders in Afrika by wyse van inheemse teologiese bydraes te korrigeer en te verhelder. Internasionale bekendstelling van navorsingsresultate behoort verder by te dra tot die erkenning en waardering van kinders as 'n heterogene groep, wat as sodanig weer op die konstekstuele aanpak van die verstaan en hantering van die kinderjare binne plaaslike gemeenskappe klem sal plaas.

## 2. Akademiese tydskrifte met 'n fokus op kinders

In die konteks van Afrika en Suid-Afrika is daar twee tydskrifte wat sedert die jaar 2000 bepaaldelik aan kinders aandag gewy het. Die eerste tydskrif, *Journal of Theology for Southern Africa*, nommer 114 (Nov. 2002), het in 'n spesiale uitgawe op die onderwerp *Overcoming Violence against Women and Children* die lig laat val. Kwessies soos die invloed van MIV en Vigs op kinders in Botswana, Christelike etiek en seksuele mishandeling van kinders in Suid-Afrika, holistiese maniere om Afrika se kinders en jongmense te bemagtig, en die stilswye van die kerk oor geslagsgeweld en MIV en Vigs is in hierdie uitgawe teologies geïnterpreteer. Die sterkte van hierdie uitgawe is, soos Maluleke en Nadar (2002:4) dit stel, dat die skrywers verder gaan as die teoretiese bestudering van hierdie kwessies – daar word ook geargumenteer vir konkrete strategieë wat nodig is om die haglike situasie van geweld teen vroue en kinders te bowe te kom. Die *African Ecclesial Review*, volume 46 nommer 2 (2004), het weer besonderlik op die kwessie van kinderarbeid gefokus. Die uitdagings van kinderarbeid vir samelewing en kerk in Afrika – onder andere die stroping van kinders se menswaardigheid is in hierdie uitgawe onder die vergrootglas geplaas.

### 3. Teologiese publikasies oor die kind, kinderjare en kinderregte

Ook wat teologiese publikasies oor kinders en die kinderjare aanbetref, bestaan daar tans 'n groot leemte in Afrika en Suid-Afrika. Nogtans is daar opkomende belangstelling in hierdie onderwerpe te bespeur in die enkele boek- en artikelpublikasies wat in dié verband verskyn het. Om progressie in teologiese denke oor die kind sedert die jaar 2000 in die konteks van Afrika en Suid-Afrika te illustreer, word die kernargumente van twee geselekteerde werke aangebied. Die eerste publikasie wat veral in die gereformeerde geloofstradisie in Suid-Afrika 'n groot invloed het oor hoe daar teologies oor die bediening aan jongmense in die konteks van die gemeente gedink word, is die boek van Malan Nel, *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering* (2001). Alhoewel hierdie boek primêr op die bediening van gemeentekinders fokus met die doel om die gemeente op te bou en aan die koninkryk van God gestalte te gee, is die argumentering ten opsigte van die teologiese beskouing van die kind rigtinggewend vir hoe daar oor alle kinders se waarde as mens gedink behoort te word (vgl. Nel 2001:11-13; 103-106). Die teologiese verantwoording wat Nel aanbied, het volgens hom bepaalde konsekwensies vir die wyse waarop daar oor kinder- en jeugbediening gedink word (Nel 2001:78-79). As primêre punt stel hy dat die gemeente nooit die godsdiens van die kind los van die godsdiens van die volwassene kan bedink nie. Dit is egter eweneens belangrik om die godsdiens van volwassenes nie los van die godsdiens van kinders te bedink nie.

Tweedens, aangesien kinders nie op 'n sekere ouderdom eers deel van die bemoënis van God met en deur hulle word nie, is kinders nie 'n aparte groep mense in die gemeente nie. Nel argumenteer vir 'n inklusiewe benadering tot en bediening van kinders as wesenlike deel van die gemeentebediening. Daarom kan kinders derdens op geen stadium in die gemeente oor die hoof gesien of geïgnoreer word nie. In die lig van die voorafgaande is dit dan logies dat die laaste konsekwensie daarmee verband hou dat dit nie anders kan nie as dat kinders die totale gemeente se verantwoordelikheid is. Kinder- en jeugbediening kan daarom nie vir die gerief van die gemeente en leraarspan aan 'n jeugliefhebber of organisasie uitgekonnekteer word nie. Hierdie konsekwensies dui daarop dat teologiese grondslae vir hoe daar oor kinders gedink behoort te word daartoe lei om sistemies, geïntegreerd en inklusief oor kinders te dink.

In die eerste hoofstuk waarin hy homself metodologies verantwoord, konstateer Nel dat die boek praktykteoreties voortbou op die kommunikatiewe handelingsteorie om die handeling wat in diens van die evangelie in die moderne samelewing op die jeug, saam met die jeug en deur die jeug gerig is te verbeter (Nel 2001:7). Die voorsetsels *op, saam met* en *deur* die jeug – wat Nel ook verder in die definiëring van jeugbediening benut (Nel 2001:96) – verteenwoordig volgens die navorser die hermeneutiese lens wat ’n denkskuif ten opsigte van die mensbeskouing van die kind by mense kan fasiliteer. Deur die benutting van die woordgebruik saam met en deur kinders, plaas Nel kinders in die posisie van vennote en agente in ’n gemeentebediening wat op die opbou van die gemeente en gestaltegewing aan die koninkryk van God in die samelewing gerig is (vgl. Nel 2001:12). Vanuit die fundamentele grondbeginsels van die kinderregtediskoers kan by hierdie woordgebruik van Nel ’n bykomende aksent, naamlik *in die beste belang van kinders*, toegevoeg word. Selfs die raamwerk waarbinne hierdie bediening in samewerking met kinders geskied, kan verryk word deur voortdurend die ontwikkelende bevoegdheid van kinders – eweneens ’n belangrike aksent in kinderregte – in berekening te bring.

Die fokus van Nel se publikasie val nogtans sterker op die bediening van adolessente as op dié van jonger kinders. Daar bestaan ’n dringende behoefte aan soortgelyke publikasies wat bepaaldelik die bediening van kinders in hul vroeë en middelkinderjare in die visier neem. Dit is opvallend dat Nel in hierdie publikasie hoofsaaklik van internasionale teologiese werke oor jeugbediening gebruik maak, moontlik vanweë die groot gebrek aan teologiese literatuur oor kinders en jeug vanuit Afrika – veral tydens die periode waarin hy aan hierdie publikasie gewerk het.

Johannes Malherbe se reeds genoemde boekpublikasie *Saved by the Lion? Stories of African Children Encountering Outsiders* (2011) kan beskou word as baanbrekerswerk in Afrika en Suid-Afrika waar kritiese nadenke oor die kinderjare in Afrika deur middel van narratiewe vertelling van Afrika-mense gestimuleer word. Die boek is in Malherbe se woorde ’n vorm van Indaba oor ’n belangrike aspek van die kinderjare in Afrika, naamlik die interaksie tussen Afrika se kinders en mense van buite (Malherbe 2011:2). Sy boek word aangebied as groeperinge van stories, waarna besinning volg op wat gehoor is en

wat dit vir die betrokke gemeenskappe en vir die Afrika-samelewing in die geheel beteken. Hy fokus die leser se aandag op die negatiewe wyse waarop Afrika en kinders van Afrika uitgebeeld word. Hierdie negatiewe stories oor Afrika het op so 'n wyse toegeneem dat dit in die kultuur, godsdiens, wetenskap, filosofie en geskiedenis van Afrika verskans geraak het (Malherbe 2011:4). Daarenteen word die Westerse kultuur weer in baie gevalle gunstig met vryheid, emansipasie, geregtigheid en gelykheid geassosieer.

In sy boek stel Malherbe juis dat dit hoogtyd is dat Afrikane hul eie stories vertel – in reaksie op hoe Afrika dikwels deur buitelanders uitgebeeld word (Malherbe 2011:4). Indien Afrikane die geleentheid skep om hul eie stories te vertel kan dit dominante sienings, persepsies en verdraaiinge van die waarheid uitdaag (vgl. Malherbe 2011:4). Hy hou stories as 'n kragtige medium voor, aangesien dit nog steeds die primêre wyse is om iets wat in Afrika van waarde is oor te dra (Malherbe 2011:4). Malherbe beweer dat storievertelling kreatief, kragtig en bevrydend is en haal in dié verband Chinua Achebe, 'n Nigeriese skrywer aan:

... writers from all over Africa contributing to a definition of themselves, writing ourselves and our stories into history ... [so that] the creative exploration of those issues and experiences that are unique to African consciousness will be given a platform, not only throughout Africa, but also to the world beyond its shores (in Malherbe 2011:4).

*Saved by the Lion?* poog dan ook om 'n platform vir Afrikane te skep om op hul ervarings van ontmoetinge met mense van buite te reflekteer en die impak daarvan op kinders aan die lig te bring. Malherbe het 'n hoë agting en waardering vir inheemse oortuigings en praktyke ten opsigte van die kinderjare en dit is met hierdie aanslag dat hy poog om 'n beskrywing van Afrika-kultuur te gee (Malherbe 2011:6). Hy neem in ag dat kinders in Afrika nie 'n homogene groep is nie en wys daarom op die gevare van oorvereenvoudiging deur Afrika-mense en hul kinders volgens een stel oortuigings en gebruike te klassifiseer. Hy stel eerder voor dat ag geslaan sal word op kinders in Afrika as 'n diverse groep wat dinamies en kompleks is wat kultuur betref, sowel binne as tussen kulturele groepe. Daarom is die skets van 'n akkurate profiel van die Afrika-kind

kragtens kulturele kenmerke wat op alle Afrika-kindere van toepassing sou wees onmoontlik (Malherbe 2011:6).

Die stories in die boek stimuleer kritiese nadenke oor onderwerpe soos humanitêre hulp, kindere in mediadekking, die status van die Afrika-kind (gewoonlik dié van slagoffer, behoeftige of projek) teenoor die status van die reddende party, familie as die fondasie van die Afrika- samelewing, die impak van Christelike sending op Afrika, rassekwessies, kolonialisme, slawerny en ander meespelende faktore uit vroeë tye waarin die wortels van vele latere gesindhede en praktyke met betrekking tot die kinderjare te vinde is.

Die laaste hoofstuk van hierdie belangwekkende publikasie bied vars perspektiewe op die kinderjare in Afrika en hoe sommige Afrika-gemeenskappe na kindere kyk, omsien en hulle koester. Malherbe dui onder andere aan hoe spreekwoorde in die Afrika-konteks kindere se spesiale waarde bevestig (Malherbe 2011:306-308). Hierdie positiewe beeld van die posisie van kindere in Afrika is dringend nodig ten einde die aanname en veralgemenings dat mense van Afrika kindere verwaarloos en selfs uitbuit te bevraagteken. Tog beskryf hy wel ook die haglike toestand van kindere in Ethiopië, waar veral meisies gedoem is tot tradisionele verminking van die geslagsdele en vroeë huwelike (Malherbe 2011:308-310). Daarna belig Malherbe die rol wat die Ethiopiese Ortodokse kerk vervul in die kweek van 'n diepe waardering vir kindere en in die begeleiding van gemeenskappe in kinderontwikkeling (Malherbe 2011:310). Positiewe gesindhede jeens die kinderjare en interaksie met kindere in die gebiede waar kerke invloed het, staan in sterk kontras met die gebiede waar kindere nie menswaardig hanteer word nie (Malherbe 2011:311).

'n Nasionale vergadering van leiers van hoofstroom Protestantse kerke in Ethiopië het 'n formele verbintenis gemaak om aan hul werk met kindere die hoogste prioriteit te gee (Malherbe 2011:311). Terwyl Malherbe nie die goeie werk van ontwikkelings-agentskappe in die Afrika-konteks onderspeel nie,<sup>270</sup> maak hy lesers daarvan bewus om

---

<sup>270</sup> Sien byvoorbeeld sy positiewe evaluering van humanitêre hulp aan Afrika se kindere waar die waardering vir die waardes en strukture van die Afrika-kultuur opvallend is, die posisie van die kind in die familie en gemeenskap gerespekteer word, 'n gewilligheid bestaan om by Afrika se mense te leer,



ontwikkelingsagentskappe se werksaamhede in Afrika krities te beoordeel (Malherbe 2011:313). Hy stel die belangrike vraag of ontwikkelings- agentskappe wel daarin slaag om Ethiopiese families, gemeenskappe en die samelewing in die algemeen te bemagtig ten opsigte van dit wat hulleself die beste kan doen, naamlik om hul kinders te koester. Hy bevraagteken die gebruik van die term “red” – “red Afrika se kinders!” – aangesien dit deur veronderstellings en aannames gedra word wat met krisis, mislukking en die bedreiging van die dood te make het (Malherbe 2011:314-315, 326). Hierdie raamwerk van denke het tot gevolg dat die deelnemers aan die diskoers en praktyk wat met kinders in Afrika te make het in twee kategorieë geplaas word, naamlik dié van slagoffer en dié van redder (Malherbe 2011:326). Daar is egter nog ’n dieper argument teen die gebruik van die metafoor van red wanneer daar oor interaksie met Afrika-kindere gepraat word. Oor die jare heen is Afrika bekend as godsdienstig (Malherbe 2011:327). Die mense van Afrika wend hulle tot God omdat hulle weet dit is Hy alleen wat kan red. In die lig hiervan is persone of instansies wat hulleself as redders beskou eenvoudig verwaand (Malherbe 2011:327).

Hierdie publikasie van Malherbe maak ’n betekenisvolle bydrae in die positiewe waardering van die Afrika-kontinent en haar kinders en inheemse kindersorgpraktyke. Dit is tewens ’n uitstekende voorbeeld van hoe ’n teoloog met ’n kritiese inslag tot die studieveld van Kinderstudie kan bydra. ’n Besondere bate van die boek is dat dit duidelik skets hoe dat kinderregte as ’n globale standaard vir die kategorisering van kinders dikwels van negatiewe stereotipes gebruik maak. Deur die vertel van Afrika-mense se stories en die kritiese refleksie daarop toon hy aan dat kinders vanweë sodanige stereotipering so maklik, maar ten onregte, as minderwaardig, afwykend of patologies voorgestel kan word. Malherbe maak dit duidelik hoeseer dit tot die nadeel van die Afrika-samelewing en die kontinent se kinders strek wanneer universele standaarde op rigiede wyse van toepassing gemaak word om kulture wat nie daaraan beantwoord nie sonder meer af te skryf (vgl. White 2003).<sup>271</sup>

---

en die gesindheid waarneembaar is om in vennootskap met plaaslike gemeenskappe te werk in die verbetering van hul omstandighede (Malherbe 2011:53-57).

<sup>271</sup> Saam met die publikasie en bekendstelling van hierdie boek einde 2011 is ’n kommunikasienetwerk *Childnet* deur Johannes Malherbe van stapel gestuur om voortgaande besinning oor kinders in Afrika aan te moedig en te stimuleer. Raadpleeg die webtuiste [www.childnet.cc](http://www.childnet.cc) vir meer inligting.

#### 4. Gesaghebbende teoloë en navorsingsprojekte in die veld van kinders, die kinderjare en kinderregte

Jan Grobbelaar se doktrale navorsing met die fokus op die bediening van laerskoolkinders in en deur die gemeente as intergenerasionele ruimte is baanbrekerswerk in die verstaan van hoe 'n teologies verantwoorde en kontekstueel georiënteerde bediening van die kind in die vroeë en middeljare kinders kan laat welkom voel (Grobbelaar 2008). Grobbelaar se proefskrif is gemotiveer deur die gebrek aan gesonde intergenerasionele verhoudinge in die samelewing, 'n intergenerasionele kultuur in gemeentes, die skaarste aan teologiese nadenke en literatuur daaroor en die bykans totale gebrek aan teologiese nadenke oor kinders in die konteks van Suid-Afrika (Grobbelaar 2008:4-13). In Hoofstuk 2 van sy proefskrif word 'n beskrywing gegee van die sosiale konteks van kinders aan die begin van die 21ste eeu (vgl. Grobbelaar 2008:46-137). Sosiale kwessies wat kinders se welsyn affekteer en daartoe lei dat hulle sosiaal uitgesluit word, soos armoede, kinderarbeid, seksuele misbruik van kinders, gewapende konflik, die bedryf van kinderhandel, MIV en Vigs asook kinders wat op die straat leef, word belig (Grobbelaar vgl. 2008:105-131). In dieselfde hoofstuk verwys Grobbelaar ook na die belang daarvan dat kinders al hoe meer erkenning geniet – wat deels toe te skryf is aan die toenemende klem op kinderregte en die globale aksies wat daaruit voortgevloei het (Grobbelaar 2008:100-105).

Grobbelaar voer deurgaans in sy proefskrif die argument dat teologiese nadenke oor die kind noodsaaklik is om verandering in die kerklike bedieningspraktyk teweeg te bring. In die lig van hierdie argument – wat deur Nel (1998:90) ondersteun word – kan die grootste bate van Grobbelaar se proefskrif gesien word as die bydrae wat hy op normatiewe vlak maak ten opsigte van 'n uitgebreide perspektief op kinders danksy diverse Skrifgetuienis (Grobbelaar 2008:193-401). Grobbelaar se omvattende ondersoek na Ou- en Nuwe-Testamentiese getuienisse oor kinders stel hom in staat om vyftien Bybels-teologiese perspektiewe met betrekking tot die bediening van kinders te formuleer. Sy proefskrif word afgesluit met 'n hoofstuk waarin daar vanuit Kinderteologie en 'n prakties-teologiese ekklesiologie 'n nuwe weg vir die bediening van kinders voorgestel word (Grobbelaar 2008:402-484). Grobbelaar neem sy vertrekpunt vir hierdie hoofstuk vanuit

'n bepaalde Godsbeskouing, waarop die wyse hoe daar oor kinders en hul kindwees gedink word volg (Grobelaar 2008:407-435). Sy aanbevelings met die oog op 'n teologies gefundeerde en kontekstueel georiënteerde kinderbediening berus verder op 'n ekklesiologie waar gemeentes as die familie van God en veilige tuistes vir kinders beskou word. Met hierdie proefskrif lewer Grobelaar ongetwyfeld 'n besondere bydrae tot die teologiese waardering van kinders, veral in die konteks van gemeentes as intergenerasionele ruimtes, maar terselfdertyd ook in die breër samelewing.<sup>272</sup>

Wat die vraagstuk van menseregte en godsdiens betref, het Jaco Dreyer en Hennie Pieterse, twee Suid-Afrikaanse Praktiese Teoloë, onder leiding van Johannes van der Ven 'n omvattende navorsingstudie, *Human Rights and Religion among South African Youth* in die tydperke 1995-1996, 2000-2001 en 2005 geloods. Data is verkry vanuit 'n vraelysopname van Graad 11 leerders van private (Katoliek en Anglikaans) skole en Afrikaans-medium regeringskole, almal geleë in die Johannesburg-Pretoria streek. Uit hierdie navorsing het verskeie artikels voorgespruit.<sup>273</sup> Daarbenewens het 'n publikasie in 2004 die lig gesien, naamlik *Is There a God of Human Rights? The Complex Relationship Between Human Rights and Religion: A South African Case*. Daar is tydens die navorsing gefokus op die gesindhede van jongmense jeens menseregte, met spesifieke aandag aan die impak van godsdiens op hierdie gesindhede. Hierdie navorsing blyk die enigste empiriese navorsing in Teologie te wees waar jongmense in navorsing oor die vraagstuk van menseregte kon deelneem. Van der Ven, Dreyer en Pieterse word nasionaal en internasionaal as toonaangewende teoloë gereken bepaaldelik vanweë hulle klem op en bekwame benutting van empiriese navorsing in die beoefening van Teologie. Wanneer daar in Teologie oor kinderregte besin word, verdien hierdie omvattende projek daarom definitief aandag.

Julian Müller, ook 'n Suid-Afrikaanse praktiese teoloog, het aan die einde van Junie 2004 'n navorsingsprojek oor MIV en Vigs voltooi wat oor drie jaar gestrek het. Voortvloeiend

---

<sup>272</sup> Na die voltooiing van Grobelaar se doktorsale studies het verskeie artikels in akademiese tydskrifte gevolg.

<sup>273</sup> "Attitudes towards human rights among South African youth" (2000a:111-141); "Human rights in the Name of God?" (2001:165-206); "Social location of attitudes toward human rights among South African youth" (2000b:249-283) is voorbeelde van die artikels wat Van Der Ven, Dreyer en Pieterse gepubliseer het.

hieruit het hy en 'n span navorsers 'n bykomende projek ontwikkel wat gefokus is op kinders wat met MIV en Vigs leef. 'n Artikel, "The forgotten children of Africa: Voicing HIV and Aids orphans' stories of bereavement: A narrative approach" (2005) deur Amanda Richter<sup>274</sup> en Müller is 'n voorbeeld van 'n artikel wat na aanleiding van hierdie projek gepubliseer is. Soos die outeurs vermeld, was hierdie navorsing deel van 'n reis om beangsde kinders wat in rou verkeer oor hul ouers wat aan MIV en Vigs oorlede is op te spoor en te help om hulle stories van verlies te verwoord. Die metode wat gebruik is, was om drie Zoeloe-kinders wat deur MIV en Vigs wees gelaat is te vra om hul individuele stories te vertel (Richter & Müller 2005:11). Hierdie tipe navorsing in Teologie lewer 'n belangrike bydrae om respek vir en gasvryheid teenoor kinders te kommunikeer, kinders se eie stem te laat hoor en sodoende by te dra tot 'n verdiepte begrip vir kinders se leefwêreld soos wat hulle dit beleef.

Jaqueline S. du Toit, tans 'n professor in die topbestuur van die Universiteit van die Vrystaat, verdien hier besondere vermelding vanweë haar deelname aan die internasionale Kinderstudie- en Godsdiensdiskoers. Sy dien ook op die uitvoerende komitee van die program *Childhood Studies and Religion* van *The American Academy of Religion*.<sup>275</sup> Du Toit se bydrae tot die veld van Kinderstudie en Godsdiens lê opgesluit in die navorsing wat sy onderneem as deel van 'n Thuthuka-navorsingsprojek, naamlik *Bible Interpretation in Children's Literature: The Transfer and Interpretation of Bible (religious) Knowledge from Divese Institutional and Parental Sources to Children: Visual and Literary Interplay*, wat deur die Nasionale Navorsingstigting befonds word (Du Toit 2009:1). Met haar kritiese bevraagtekening en bestudering van Bybelinterpretasie in kinderliteratuur doen sy voorspraak vir die waardering van kinders se religieuse agentskap en kognitiewe vermoëns (Du Toit 2009:1-30).

---

<sup>274</sup> Amanda Richter was tydens die publikasie van hierdie artikel in 2005 'n magisterstudent wat navorsing oor MIV en Vigs en die impak daarvan op weeskinders gedoen het (Richter & Müller 2005:999).

<sup>275</sup> Die inligting oor Du Toit se betrokkenheid by die *Childhood Studies and Religion Consultation*, is elektronies beskikbaar by:  
[http://www.aarweb.org/Meetings/Annual\\_Meeting/Program\\_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARP\\_U129](http://www.aarweb.org/Meetings/Annual_Meeting/Program_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARP_U129) (besoek op 10 Maart 2012).

### 4.3.3 *Ontwikkeling van Kinderteologie en Teologie van die kinderjare*

In die lig van die groeiende internasionale en nasionale belangstelling in die kind in die studieveld van Religie en Teologie kan die gevolgtrekking gemaak word dat beduidende pogings tog reeds aangewend is om sowel 'n teologie van die kinderjare as 'n Kinderteologie te ontwikkel. Die onderskeid tussen die twee vorme van Teologie gerig op die kind is besig om onder Christelike teoloë en praktisyns sigbaar te word (Bunge 2006:554). 'n Teologie van die kinderjare sal hoofsaaklik 'n gesofistikeerde verstaan van kinders en die kinderjare voorsien asook van volwassenes se verantwoordelikhede teenoor kinders. Kinderteologie weer, het die taak om nie slegs die verbintenis teenoor en verstaan van kinders wat dikwels stemloos, gemarginaliseerd en onderdruk is te versterk nie, maar ook om Christelike Teologie en praktyk as 'n geheel te dekonstrueer en te herinterpreteer (Bunge 2006:554). Dit kan onder andere geskied deur op die analogieë van feministiese, swart en bevrydingsteologieë te steun (Bunge 2006:554). Na gelang vakkundiges, teoloë en etici van verskillende religieuse tradisies 'n toereikende verstaan van kinders ontwikkel, sal hulle, aldus Bunge, maniere ontdek waarop die lens van die kind hulle kan help om krities 'n stel geloofsoortuigings en praktyke in hul eie tradisies te evalueer – kwessies wat nie gewoonlik tipies met die kind geassosieer word nie (Bunge 2006:555). Die lens van die kind kan verder waardevolle metodologiese en teoretiese vrae en perspektiewe in hul bepaalde studieveld na vore bring (Bunge 2006:555).

Volgens Bunge was die organiseerders van die *Child Theology Movement* (hierna CTM), by name Keith J. White, Haddon Willmer en John Collier, die eerstes in die Christelike gemeenskap wat die term Kinderteologie gebruik het (Bunge 2006:570).<sup>276</sup> Volgens Johannes Malherbe het die CTM sy ontstaan gehad vanuit die *Viva Network* (Malherbe 2004:7). Die CTM, 'n nie-winsgewende maatskappy, in Londen geregistreer, was ook die eerste om die wêreldwye kerk uit te daag met die groter taak om teologie en praktyk deur die lens van die kind te ondersoek (Bunge 2006:570). White, Willmer en Collier het die

<sup>276</sup> Raadpleeg die webtuiste van die CTM vir meer inligting oor die werksaamhede en fokus van die CTM by: <http://www.childtheology.org/new/index.php?plD=1> (besoek op 15 Julie 2011). Alhoewel die werk van die CTM hoog aangeskryf kan word, is daar stellings op die webtuiste wat 'n ongemak by teoloë kan skep, byvoorbeeld: "In Child Theology, we are invited to take good note of the child in the midst as we think about, for, to, from and with God in Christ." Soos met feministiese, swart en bevrydingsteologie sal daar in die ontwikkeling van Kinderteologie dus daarteen gewaak moet word om nie in 'n sekere ontdekkingsvreugde die nuutgevonde perspektief heeltemal te oorspan nie.

dringendheid en voordele van Kinderteologie vir Christene wêreldwyd geskets en verduidelik, en voorts daarin geslaag om internasionale netwerke van teoloë en praktisyns oor denominasionele grense heen vir die saak van die ontwikkeling van Kinderteologie te vestig. Hierdie leiers op die gebied van voorspraak vir kinders verstaan Kinderteologie as 'n gedissiplineerde teologiese onderneming wat nie alleenlik tot nuwe inhoud oor die kind as 'n teologiese onderwerp sal bydra nie, maar wat die geheel van Christelike Teologie in die lig van die kind sal verryk (Bunge 2006:570). In die CTM word Matteus 18:1-5 beklemtoon waar Jesus 'n klein kindjie in die midde van 'n teologiese argument oor belangrikheid in die koninkryk van God plaas (Bunge 2006:570). Bogenoemde pioniers erken egter dat om die kind in die middelpunt van enige en alle teologiese kwessies te plaas verder sou gaan as wat Jesus bedoel het. Nogtans spoor hulle Christene aan om saam met die kind wat Jesus op die voorgrond geplaas het oor God na te dink.

Die leiers van hierdie beweging is daarvan oortuig dat praktiese werk met kinders in en deur die kerk deur teologiese besinning oor kinders en die kinderjare ingelig en gerig behoort te word (Bunge 2006:570); en omgekeerd, dat teologiese werk ingelig behoort te word deur die werklikheid van vandag se kinders en deur die insigte van diegene wat direk en daaglik met kinders werk (Bunge 2006:571). Daar word erkenning gegee aan die diverse vorme en tradisies binne die Christelike geloof as wêreldgodsdienst deur perspektiewe van teoloë en praktisyns verteenwoordigend van verskillende wêrelddele te verwelkom. Netwerke oor 'n verskeidenheid van grense heen is hoofsaaklik gevorm deur internasionale raadplegings in Suidoos-Asië en op streeksvlak in Noord-Amerika, Europa, Afrika<sup>277</sup> en Suid-Amerika (Bunge 2006:571).

Die leiers van die CTM volg by die internasionale ekumeniese byeenkomste 'n bepaalde benadering, naamlik om aan gemeenskaplike besorgdhede aandag te gee en met voorbedagte rade die kind in die midde van teologiese nadenke te plaas (Bunge

---

<sup>277</sup> Die eerste streekbyeenkoms waar leiers uit Afrika vergader het, is in Februarie 2004 in Kaapstad aangebied. Die tema van die geleentheid was *African ways of seeing and receiving the child and letting the child be a sign of God's way* (Grobelaar 2008:173; Malherbe 2004:7). In die hantering van hierdie onderwerp is daar op die volgende vier aspekte gefokus: die herstel van familielewe; houdings teenoor kinders; die kulturele vermenging van die Christendom, sekulêre humanisme en tradisionele Afrika-gelowe en rigtinggewende hulpmiddele wanneer die sosiale infrastruktuur faal (vgl. Grobelaar 2008:173; Malherbe 2004:7). 'n Tweede konferensie vir Afrika-leiers het in November 2006 in Addis Abeba plaasgevind.

2006:571). Hulle rig hul besprekings deur na te dink oor 'n kind in 'n spesifieke situasie wat deur baie ander kinders ervaar word, en besin dan gesamentlik oor so 'n kind, terwyl 'n bepaalde leerstelling of praktyk van die kerk krities in oënskou geneem word. Op hierdie wyse plaas CTM-deelnemers 'n kind in die middel – nie met die bedoeling om die kind te bewonder of jammer te kry of die kind die eksklusiewe fokus van hul aandag te maak nie, maar eerder om hul eie teologiese antropologie te verdiep en leerstellings van die kerk aan te pas met inagneming van die realiteite en ervarings van kinders self (Bunge 2006:572).

Vanweë die invloed van onder andere die CTM het 106 teoloë, kerkleiers, Christelike opvoeders en praktisyns van 9 tot 12 Maart 2011 in Nairobi, Kenia vergader vir die *Now and Next* teologiese konferensie oor kinders.<sup>278</sup> Die konferensie was gestruktureer rondom vyf referate wat bepaalde teologiese en missiologiese kwessies op 'n akademiese wyse hanteer het.<sup>279</sup> Die referate is gevolg deur 'n formele respons en groepsbesprekings.

Tydens die byeenkoms het konferensiegangers erken en bely<sup>280</sup> dat kinders in die verlede dikwels in die Teologie en in die kerk gemarginaliseer is; en kinders nie genoegsaam voorsien is van 'n omgewing waarin hulle welkom, veilig en gekoester voel nie – wat weer tot die uitsluiting van kinders in die lewe en sending van die kerk gelei het. Voorts is die versuim erken om op 'n aktiewe wyse ag te slaan op Christus se woorde dat om kinders te verwelkom is om Homself te verwelkom – of op die besondere waarde wat die evangelie aan kinders toeken. Kinders het daarom in en buite die kerk in baie gevalle onsigbaar geword – ook in begrotings en die toewysing van hulpbronne. Die afleiding

---

<sup>278</sup> Dit is interessant dat die enigste verslag oor die konferensie op die webtuiste van die *South African Theological Seminary* beskikbaar is. Inligting oor die konferensie is elektronies beskikbaar by: <http://www.satsonline.org/userfiles/Now%20and%20Next%20Report.pdf> (besoek op 10 Augustus 2011). By die *Now and Next* teologiese konferensie oor kinders was daar ook verteenwoordiging vanuit Afrika en Suid-Afrika. Die verteenwoordiging vanuit Suid-Afrika het ingesluit Johannes Malherbe, Jan Grobbelaar en Dirk Kotze van Petra Kollege, wat met opleiding in kinderbediening gemoeid is, Pieter Verster van Universiteit Vrystaat se Departement Sendingwetenskap, Ruben van Rensburg, die hoof van die South African Theological Seminary asook Genevieve James van die Departement Missiologie by Unisa. Hierdie mense is reeds besig om in hul onderskeie werkskontekste die Christelike Teologie en kerk se betrokkenheid in kinders se wêreld te bevorder.

<sup>279</sup> Die referate is elektronies beskikbaar by: <http://www.hcdalliance.org/nowandnext/download/category/3-plenaries> (besoek op 10 Augustus 2011).

<sup>280</sup> Die belydenis vorm deel van die verslag van die konferensie.

kan gemaak word dat wanneer 'n teologiese antropologie van die kind ontbreek, kinders ook so maklik deur die kerk en geloofsgebaseerde organisasies verobjektiveer en uitgebuit kan word vir die doel van bemarking, fondsinsameling, gemeentebou en sendingagendas. Konferensiegangers het verder besef dat die agentskap van kinders dikwels in die lewe, bediening en sending van die kerk onderwaardeer word. Hierdie situasie is te bespeur wanneer kinders in die opleidingsprogramme vir die toerusting van leiers en werkers misken is of wanneer kinders apart van die totale gemeentelike lewe bedien word.

Die belydenis van konferensiegangers wat direk met kinderregte verbind kan word, was dat die Christelike Teologie en kerk gefaal het om kinders doeltreffend te beskerm (reg op beskerming); om 'n toepaslike omgewing aan kinders te voorsien waarin hulle kan floreer – ook op spirituele vlak (reg op ontwikkeling); en dat kinders se stem in die Teologie en kerk dikwels onderdruk en stilgemaak is sodat die volle deelname en bydrae van kinders verhinder is (reg op deelname).

Tydens die konferensie is besluit op 'n voorgestelde agenda vir en verbintenis tot 'n hernude en kontekstuele klem op kinders in die Teologie en sending.<sup>281</sup> Die sake op die agenda wat op teologiese opleiding van toepassing is sluit in dat teologiese opleiding Bybelse en teologiese perspektiewe op kinders behoort in te sluit; seminaries interdisiplinêre en interkulturele studie en navorsing oor die kinderjare en kinderontwikkeling behoort te ontwikkel en implementeer; meer kontekstuele en teologiese navorsing oor kinders onderneem behoort te word; seminaries sterk bande met plaaslike kerke en kinderbedieningsorganisasies behoort te ontwikkel ten einde teologiese besinning oor kinders te fasiliteer; kinderverwante teologiese hulpbronne op globale vlak ontwikkel behoort te word; en teologiese dialoog oor kinders op plaaslike, streeks- en globale vlak volgehou behoort te word. 'n Perspektief wat in die voorgestelde agenda ontbreek, is om met kinders in gesprek te tree ten einde vanuit kinders se perspektiewe oor teologiese vraagstukke te besin en nie bloot in 'n teologiese dialoog oor kinders te verval nie.

---

<sup>281</sup> Hierdie voorgestelde agenda en verbintenis vorm deel van die verslag oor die *Now and Next*-konferensie.



Dit is opvallend hoe die verbintenis wat op die konferensie gemaak is ten opsigte van die belang van 'n kontekstuele aanslag op teologie beoefening gefokus is en hoe dit indirek die algemene beginsels van kinderregte reflekteer. Konferensiegangers het hulle daartoe verbind om die waarde van *elke* kind as geskape na die beeld van God te bevestig – wat die universele kinderregte beginsel van nie-diskriminasie ondersteun. Op grond van hierdie teologiese verstaan van kinders het konferensiegangers hulle daartoe verbind om die volledige menslikheid en menswaardigheid van alle kinders te erken; sistemiese, sosiale en ander ongeregtighede teenoor kinders teen te werk (reg op oorlewing en beskerming); ruim menslike, finansiële, materiële en spirituele hulpbronne in die holistiese vorming van kinders te belê (reg op ontwikkeling); doelbewus kontekstuele besinning oor en met kinders te onderneem; en formele en informele kontekstuele opleidingsprogramme vir die bediening aan en met kinders te ontwikkel en te integreer. Die voorsetsel “met” wat telkens gebruik word, wek die indruk dat kinders as agente, aktiewe deelnemers en vennote in die bediening beskou word. Die verbintenis tot die beskerming van kinders teen dade van onreg, mishandeling en uitbuiting asook tot die luister na en leer van kinders ondersteun die balans wat in die UNCRC vervat is tussen aksies van beskerming en bevryding en tussen kinders as slagoffers en as agente.

Die Wêreldraad van Kerke (hierna WRK)<sup>282</sup> het met verwysing na die *Now and Next*-konferensie op 15 September 2011 berig dat 'n sterk Christelike stem nodig is oor sake wat kinders se posisie in kerke en kinderregte in die wêreld raak.<sup>283</sup> Die Ekumeniese Teologiese Opleidingsprogram van die WRK het 'n Kinderteologie as gebiedend noodsaaklik vir Christelike bedieninge erken deur aan die *Now and Next* teologiese konferensie oor kinders deel te neem. Dit is egter opvallend dat die nuusberig oorwegend 'n fokus op kinders se opvoeding, geestelike groei, ontwikkeling en hulle potensiaal in Christelike sending reflekteer – 'n eensydige klem teenoor die uitkomst van die konferensie waarvan verslag gedoen is.

---

<sup>282</sup> Die WRK is 'n wêreldwye organisasie van 349 kerke wat eenheid, 'n gemeenskaplike getuienis en Christelike diens nastreef.

<sup>283</sup> Hierdie berig is elektronies beskikbaar by:  
<http://www.oikoumene.org/en/news/news-management/eng/a/article/1634/churches-proclaim-child-t.html>  
 (besoek op 16 September 2011).

Kinderteologie as ’n belangrike veld van samewerking tussen evangeliese en ekumeniese kringe word sterk beklemtoon deur Dietrich Werner, programhoof van Ekumeniese Teologiese Opleiding in die WRK. Hy konstateer, “(i)t is therefore timely to nurture churches’ commitment to children’s ministries and the Sunday school movement, which cannot be disassociated from the very essence of the church being a sign of the Kingdom of God”. Hierdie stelling wat daartoe aanspoor om ’n verbintenis tot kinderbediening en die Sondagskoolbeweging te koester laat egter nie reg geskied aan die volle waarde van Kinderteologie vir die kerk en Teologie nie. Kinderteologie behoort naamlik ook ’n bydrae te kan lewer tot die waardering en integrering van kinders en hul bydrae in die totale bediening van die kerk, sodat volwassenes ook deur kinders bedien en verryk kan word – en nie slegs tot die bevordering van volwassenes se opvoedingstaak van kinders nie. Werner beklemtoon die belang van Kinderteologie deur te sê, “(c)hildren have the right to learn about God. They have a right to get to know Christ. Children need spiritual resources, symbols and narratives, which provide inner space for fundamental expressions of hope, love and trust, something crucial for the child’s development.” Hierdie reg van kinders tot hulpbronne wat hul spiritualiteit en geestelike ontwikkeling kan bevorder behoort egter nie los te staan van kinders se reg op deelname in die konteks van Christelike bedieninge nie.<sup>284</sup>

Reeds in 2004 het Johannes Malherbe aangetoon dat ’n fokus op kinders in teologiese refleksie in Afrika aan die ontwikkel is. In sy referaat “Child Theology in Africa?”, wat hy by ’n konferensie oor kinders (*Hear the Cry*) in Nairobi, Kenia aangebied het, verwys hy na beduidende ontwikkelinge op die gebied, soos hier onder geskets (Malherbe 2004:6-7; vgl. Grobbelaar 2008:172-173). Dit is opvallend dat hierdie aksies deur organisasies en kerke ontstaan het en nie vanuit ’n formele akademiese konteks nie, soos blyk uit die volgende lys bydraes:

1. By ’n internasionale konferensie van *Scripture Union* in Lausanne in 1967 is die oproep gedoen om meer teologiese navorsing oor kindwees te onderneem.

---

<sup>284</sup> Hierdie inligting is verkry uit die berig wat op die WRK se webtuiste verskyn het.

Hierdie oproep is deur sommige personeellede van *Scripture Union* ter harte geneem.<sup>285</sup>

2. Die *Child Evangelism Ministry* van Nigerië doen volgens Malherbe uitstaande werk onder kinders in Nigerië self, maar ook in sommige buurlande. In hul betrokkenheid by kinders is 'n eie teologie oor kinders aan die ontwikkel. Dié Teologie is in kinderwerk en opleidingsprogramme geïntegreer.
3. In 1990 het die Algemene Vergadering van die Presbiteriaanse Kerk van Suidelike Afrika 'n dekade van die kind verklaar. In dié periode is daar aan baie aspekte van die kerk se bediening aan kinders aandag gegee. Onder andere het dit teologiese besinning oor die kinderjare en die implikasies daarvan ingesluit. Die belangrikste aspekte van daardie beweging is deur Eddie Prest, 'n kernfiguur in die hele proses, in 'n publikasie as "The decade of the child" beskryf.
4. In 1994 het die *Theological Advisory Group* (TAG) belangrike werk verrig met betrekking tot die dokumentering van 'n Bybelse benadering tot die huwelik en familie in Afrika. Die resultaat is werk wat help om die Afrika-familie in die verlede en hede te verstaan.
5. Die *Association of Evangelicals in Africa* het in Maart 1996 die *African Child Consultation* in Harare, Zimbabwe gehou, mede geborg deur die *All Africa Council of Churches* en *World Vision*. Hierdie vergadering het die vestiging van die *Evangelical Forum on Children* goedgekeur, aan wie die taak toevertrou is om die vorming van netwerke en samewerking in die veld van Christelike bediening aan kinders in Afrika te koördineer en te stimuleer. In 'n publikasie "A generation at risk" is aandag aan teologiese refleksie oor werk met kinders gegee.
6. Petra Kollege in Witrivier, Suid-Afrika, is 'n interdenominasionele opleidingsinstelling wat daartoe verbind is om leiers in kinderbediening in Afrika en wyer toe te rus. Navorsing in die teologiese aspekte van interaksie met kinders word op 'n deurlopende basis gedoen. Die insigte vanuit die navorsing

---

<sup>285</sup> Hiervan is Eddie Prest, 'n vorige Nasionale Direkteur van *Scripture Union* in Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld.

word in die Kollege se opleidingsprogramme ingesluit. Die module “Understanding Children’s Ministry” is byvoorbeeld ’n module wat op sertifikaatvlak aangebied word. Petra Kollege is ook betrokke by die meestersprogram in kinderbediening wat in vennootskap met die *South African Theological Seminary* (SATS) aangebied word.

7. Sedert 2000 het die *Cutting Edge*-konferensies wat deur *Viva Network* gefasiliteer is, op internasionale vlak ’n diepgaande effek gehad op die koördinerings van die Christelike respons op kinders in risiko. Reg vanaf die aanvang van hierdie konferensies was daar goeie verteenwoordiging vanuit Afrika. Die feit dat die 2004-konferensie in Afrika gehou is, dui op en stimuleer betekenisvolle deelname vanuit Afrika, en is ’n Christelike respons op kinders in nood. Die konferensies het deeglike nadenke oor die kinderjare vanuit ’n Bybelse perspektief gestimuleer.
8. Soos reeds vroeër in die hoofstuk verduidelik is, word goeie werk deur die *Child Theology Movement* in die konteks van Afrika gedoen. Die personeel van Petra Kollege speel ’n leidende rol in die voortgaande ontwikkeling van ’n kommunikasienetwerk vir Kinderteologie in Afrika.
9. ’n *Consultation on the State of Ministry to Children in South Africa* het in 2009 in Johannesburg plaasgevind, met die *Theological Evangelical Alliance South Africa*, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en *Compassion International* as gashere. ’n Verklaring is deur die deelnemers uitgereik waarin die goeie werk erken word wat reeds deur individue, kerke, organisasies, instellings en regeringstrukture namens en vir die kinders van ons land gedoen word. Terselfdertyd is met kommer opgemerk dat, vir ’n verskeidenheid van redes, ’n groot aantal kinders van ons land verwaarloos en mishandel word, dakloos is, sonder geleentheid vir ’n goeie opvoeding, en in immorele aktiwiteite vasgevang. Die nood van miljoene kinders is voorts as ’n uitdaging aan Christene, kerke en die land gestel. Daar is geluister na die Woord van God wat gelowiges herinner om kinders in ons midde te verwelkom en omgekeerd deur kinders verander en geleer te word. Pertinent word bely dat elke kind na die

beeld van God geskep is en aan Hom behoort. God het kinders aan die sorg van families, kerke en gemeenskappe toevertrou wat Hy verantwoordelik hou om kinders te waardeer, te koester, te beskerm en te help om hul volle potensiaal te bereik. Daarom het die deelnemers hulle daartoe verbind om individuele en kollektiewe pogings aan te wend om seker te maak dat families, kerke en gemeenskappe hulle volledig ondergeskik stel aan God se bedoeling met kinders. Verder is die begeerte uitgespreek dat kerke ruimtes sal wees waar kinders tuis voel en vir die uitdagings van die lewe voorberei word; asook dat kerke die voortou sal neem in die uitreik na kinders buite die kerk.

Ten slotte is daar ses sake waartoe die deelnemers hulle finaal verbind het, naamlik om:

- die vlakke van bewustheid, verbintenis en betrokkenheid ten opsigte van kinders in kerke, organisasies en netwerke van ons land te verhoog;
- pogings te laat toeneem om die stand van kinderbediening in ons land te bepaal met die doel om spesifieke behoeftes, die beste praktyke asook beskikbare hulpbronne te beklemtoon;
- pogings om leiers op te lei in verskeie vorme van kinderbediening te koördineer en te bevorder;
- opvolgkonsultasies op plaaslike, streeks- en nasionale vlak te inisieer ten einde 'n dieper vlak van betrokkenheid in kinderbediening by Christene as individue, kerke, Christelike organisasies en lede van die samelewing te verseker;
- die rol van advokaat op te neem om op 'n professionele wyse die belange van kinders op alle vlakke van die samelewing te promoveer en in hierdie hoedanigheid namens kinders met die regering en leiers in die samelewing in gesprek te tree; en
- 'n reëlingskomitee aan te wys en te ondersteun wat die deelnemers aan die proses kan inlig, aanmoedig en lei en 'n algemene beweging tot kindervriendelike en kindgefokusde samelewings te stimuleer.

Hierdie verklaring wys verder daarop dat die religieuse sektor 'n betekenisvolle rolspeler in die samelewing is om bewustheid jeens kinders en hul welsyn in religieuse gemeenskappe te bevorder, maar ook om vir alle kinders in die breër konteks van die samelewing voorspraak te doen.

Terugskouend kan gestel word dat daar nasionaal sowel as internasionaal in religieuse en teologiese besinning wel nuwe opkomende belangstelling in die kinderjare waar te neem is. Nogtans moet gekonstateer word dat, benewens die betekenisvolle insette deur 'n aantal Afrika- en Suid-Afrikaanse teoloë soos in Afdeling 4.3.2 genoem, kinders, hul welsyn en regte in die konteks van Afrika en Suid-Afrika steeds 'n marginale posisie in formele religieuse en teologiese besinning en navorsing verteenwoordig. Hierdie stand van sake laat die vraag ontstaan wat die normatiewe bydrae is wat Religieuse Studies en Teologie dan tot die akademiese en publieke diskoers oor kinders, hul welsyn en hul regte kan bied.

#### **4.4 'n Normatiewe teologiese bydrae tot die saak van kinders en hul regte**

Soos in Hoofstuk 3 verduidelik, het die sekulêre beweging ten gunste van kinderregte en die wetenskaplike belangstelling in Kinderstudie 'n denkskuif gestimuleer van kinders as bloot passiewe ontvangers van volwassenes se sorg en leiding na kinders wat in hul eie reg bepaalde bydraes het om te lewer – in al die sferes waarin hulle hul bevind. Die hermeneutiese vraag wat in Hoofstuk 4 ondersoek is, het met hierdie denkskuif te make, en dan bepaaldelik met die siening van kinders as aktiewe agente in die samelewing wat 'n eie bydrae te bied het en 'n eie stem het waarna geluister behoort te word. Hierdie perspektief op kinders bevestig hul reg op volwaardige sosiale en kulturele burgerskap. In Hoofstuk 4 is verder ondersoek hoe hierdie nuwe nadruk op kinders teologies onderbou kan word.

Op grond en teen die agtergrond van die diskoersanalise word vervolgens aangedui dat die normatiewe bydrae van Teologie tot die saak van kinderregte enersyds opgesluit lê in die kritiese dekonstruering van verdraaide en simplistiese beskouinge oor kinders wat in kerk en samelewing voorkom, en andersyds in die bied van 'n genuanseerde teologies-etiese perspektief op kinders wat 'n bepaalde sosiale etiek en 'n bepaalde praktyk van

interaksie met kinders vereis. Die nood van kinders soos in die relevante literatuur geskets, behels dat kinders op allerlei wyse aan verdrukkende en beperkende sisteme en gedrag blootgestel word. Aan hierdie sisteme en gedrag waar kinders se agentskap nie erken en benut word nie, lê merendeels eng en selfs destruktiewe beskouinge oor kinders ten grondslag.

In haar publikasies voer Bunge telkens die argument dat simplistiese sieninge oor kinders hul kompleksiteit en intrinsieke waarde inkort of misken en sodoende die verbintenis en verantwoordelikeheidsin van volwassenes teenoor kinders ondermyn (Bunge 2003:13). As teenvoeter hiervoor stel sy vanuit die Christelike tradisie 'n ryker en meer gebalanseerde kyk op die kinderjare voor (Bunge 2001:1-28; 2003:13). In aansluiting hierby bevestig Miller-McLemore die belang van 'n meer genuanseerde teologiese perspektief op kinders wanneer sy op 'n kreatiewe wyse Christelike sieninge oor kinders se komplekse morele en spirituele agentskap naspoor (Miller-McLemore 2003:144; 2010b:47). Wall weer belig dat die leemte wat gelaat is as gevolg van die hedendaagse kommodifisering van kinders en hul verdwyning van die publiek-etiese agenda en diskoers slegs deur 'n meer komplekse verstaan van die kinderjare oorkom kan word (Wall 2004:175).

In wat volg, word geïllustreer hoe Bybelse sieninge van die kind 'n genuanseerde geheelbeeld van kinders kan bied. Hier word veral gesteun op sentrale en rigtinggewende Bybelse perspektiewe op kinders ooreenkomstig Bunge se voorstel om hierdie perspektiewe eerder in spanning bymekaar te hou as om hulle in isolasie te benut (Bunge 2011:3-7; 2008:352-354; 2007:32-38; 2006:559-568; 2003:13-17). Die gevare van die eensydige hantering van Bybelse sieninge en hoe dit tot die marginalisering van kinders kan bydra, word met behulp van teoloë se kritiese omgang met hierdie perspektiewe uitgewys.

Die Bybel en Christelike tradisie sonder dikwels kinders uit as *geskenke/gawes van God* en *bronne van vreugde* wat uit sy hand kom en steeds aan Hom behoort. Kinders, biologies of aangeneem, is nie net vir hul ouers unieke geskenke nie, maar ook vir die gemeenskap. Van die begin af is hulle lede van 'n gemeenskap waarin hulle verskeie en

komplekse rolle vervul. Met die siening van kinders as geskenke van God aan die gemeenskap in die geheel word die algemene aannames van kinders as besitting van hul ouers, as blote verbruikers of selfs as ekonomiese las vir die gemeenskap radikaal uitgedaag (Bunge 2006:563). 'n Beeld wat ten nouste met kinders as geskenke van God verband hou, is kinders as tekens van Goddelike seën. In lyn hiermee praat die Christelike geloofstradisie van kinders as 'n bron van vreugde en genieting (Bunge 2006:363; Razu 2006:259).

In die publikasie *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship* waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is, spreek die redakteurs, Trygve Wyller en Usha S. Nayar (2007:8) die mening uit dat die teologiese diskoers oor kinders as geskenke in die konteks van kinderregte en burgerskap verder ontwikkel behoort te word. Terwyl hulle die perspektief van kinders as geskenke as wys en mooi bestempel, is hulle nogtans van mening dat dit nie krities en gefokus genoeg is om die mees dringende uitdaging te hanteer nie, naamlik dat kinders menseregte ontbeer en gevolglik in Westerse en nie-Westerse samelewings nie volledig as burgers erken word nie. Die vraag is volgens hulle of godsdienste enige bydrae tot hierdie komplekse uitdaging kan lewer. Hulle meen dat 'n paradigmaskuif nodig is, wat daarop neerkom dat godsdienste in die heersende diskoers die fokus sal skuif van die kind as gawe na die *andersheid* van die kind as gawe. In die publikasie kom 'n tweërlei andersheid na vore, naamlik dié van die kind in onderskeiding van die volwassene, en dié van kinders in verskillende kulturele of godsdienstige kontekste. Die uitdaging wat hulle hiermee aan sowel godsdienste as menseregtebewegings stel, is om sowel 'n bewustheid van as 'n praktyk vir die andersheid (*otherness*) en *difference* van kinders te ontwikkel (Wyller & Nayar 2007:8).

In hierdie publikasie van Wyller en Nayar skryf Bunge 'n hoofstuk met die titel, "Beyond children as agents and victims: Reexamining children's paradoxical strengths and vulnerabilities with resources from Christian Theologies of Childhood and Child Theologies" (Bunge 2007:27-50). Wanneer 'n komplekse teologiese verstaan van kinders nagestreef word, so lui haar argument, is dit moontlik om te verstaan dat die Christelike geloofstradisie van *alle* en daarom ook van *ander* kinders praat, ongeag van watter land, geslag, ouderdom, ras of klas, as geskenke van God aan gemeenskappe, en teweens as



beelddraers van God (vgl. Bunge 2007:48). Daarom is aandag aan kinders en hul kwesbaarheid en behoeftes nie slegs ten opsigte van Christene se eie kinders – of dit nou in Christene se onmiddellike families, kerke of gemeenskappe is – verpligtend nie, maar sal dit alle kinders insluit (Bunge 2007:48). Die Christelike geloofstradisie bevorder derhalwe ’n inklusiewe verstaan van kinders as God se geskenke aan gemeenskappe. Met hierdie inklusiewe perspektief op kinders word die kinderregtebeginsel van nie-diskriminasie teologies onderbou.

Bybelse perspektiewe bevestig dat alle kinders *na die beeld van God geskape is* en daarom heel van die begin af volledig mens is (Bunge 2008:353). Juis om dié rede verdien kinders om met respek en waardigheid behandel te word (Bunge 2008:353; Jensen 2005:13; Wall 2007a:60). Volwassenes het kinders nodig om die mees suiwere en onmiddellike “beeld van God” in hierdie wêreld te ontdek (Wall 2007a:56).

In Christelike Teologie word die kind verder as model van geloof en bron van openbaring voorgelê. Hierdie beelde van kinders word veral op Matteus 18:2-4 en Markus 10:15 gebaseer. Wanneer die twaalf volwasse dissipels in ’n magstryd vasgevang is oor wie die belangrikste is, roep Jesus hulle tot orde deur te sê: “Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel” (Matt 18:2-4) (vgl. Nkurunziza 2004:122; Dube 2002:32). Hier onderstreep Jesus hoe belangrik dit is om die Koninkryk soos kinders te ontvang. Kinders staan vir die basiese gesindhede van verandering en nederigheid (Nkurunziza 2004:122). In die Nuwe Testament is die kind ’n paradigma van eenvoud, en dit is juis die eenvoudige dinge wat dissipelskap kenmerk. Kinders word deur Jesus se interaksie met hulle vanuit hul lae sosiale posisie bevry en aan volwassenes voorgelê as modelle van geloof en bronne van openbaring (vgl. Nkurunziza 2004:122; Dube 2002:32).

Wanneer hierdie positiewe beskouinge van die kind in die Christelike morele tradisie egter eensydig en simplisties hanteer word, bestaan die gevaar dat volwassenes se interaksie met kinders grootliks daarop sal fokus om by kinders te leer en hul andersheid te geniet. Die erns en verantwoordelikheid van rigtinggewende opvoeding word met so ’n

eensydige siening van kinders lamgelê (Bunge 2010:340). Waar kinders se religieuse insig en ervaringe op 'n eensydige wyse gerespekteer word, bestaan die risiko van romantisering en idealisering – asof kinders onberispelik suiwer is todat hulle deur ouers, onderwysers, die media of selfs deur geïnstitusioneerde godsdiens self “besmet” word (Miller-McLemore 2010b:45).

Alhoewel die Bybel kinders voorhou as geskenke van God en bronne van vreugde word hulle, byna in stryd met die beskouing van kinders as Goddelike geskenke, soms ook deur die Bybel as sondig en selfsugtig beskryf (Bunge 2003:13). Vanuit die sondeleer beskou, kom kinders ook die wêreld in as deelgenote in die sonde en skuld van die ganse mensegeslag (vgl. Rom 5:12-14; Wall 2007a:57). Daarom benodig kinders streng dissiplinerings van die ouers, gemeenskap en samelewing om hul verstand en moraliteit te rig. As teenoorgestelde ekstrem kan die eensydige en simplistiese hantering van hierdie siening weer tot die oormatig streng en selfs brutale hantering van kinders lei (Bunge 2003:14).

'n Verdere Bybelse aksent is die beskrywing van kinders as ontwikkelende mense wat rigtinggewing benodig (vgl. veral die boek Spreuke). Volwassenes word opgeroep om kinders te koester, te leer en op die regte weë te lei (Bunge 2006:565). Volwassenes word aangespoor om geloof van een generasie na 'n volgende oor te dra. Daar is voorbeelde ten oorfloed van teoloë in die Christelike tradisie wat die geestelike opvoeding van kinders ernstig opgeneem het (Bunge 2011:5). Ook hier dreig egter 'n eensydigheid: Wanneer die beskouing van kinders as ontwikkelende mense simplisties hanteer word, bestaan die gevaar dat kinders bloot instrumenteel waardeer kan word in teenstelling met die intrinsieke waardering van kinders waarvolgens hulle erken word vir die waarde wat hulle as mense toekom. Instrumentele waardering van kinders word gegrond op hul inherente natuurlike potensiaal en volgens wat hulle in die toekoms kan word (DeVries 2001a:162-167). Die waarde wat kinders as kinders het word hiermee uit die oog verloor.

Voorts word weeskinders in die Bybel op een lyn gestel met weduwees, vreemdelinge en ander naastes wat almal met geregtigheid en deernis hanteer behoort te word (Bunge

2006:568). Die Bybel sluit kinders in onder die slagoffers van oorloë, siektes en ongeregtigheid – al diegene in die samelewing wat kwesbaar is (Bunge 2006:568). Die Nuwe Testament vertel dat Jesus self kinders gesond gemaak, omhels en geseën het. Hierdie Bybelse perspektief op kinders wys duidelik daarop dat die omgee en sorg vir kinders deel is van naasteliefde en die soeke na geregtigheid (Bunge 2006:568).

Die kompleksiteit wat vanuit al bogenoemde teologiese perspektiewe op die kind na vore kom, dui daarop dat slegs 'n voortdurende soeke na 'n genuanseerde en gebalanseerde teologiese verstaan van kindwees tot die ware bevryding van kinders sal kan lei.

Wall se navorsing oor hoe sosiale etiek en menseregte in die lig van kinders se belange herdink behoort te word, is egter eweneens van besondere waarde in hierdie soeke na en verstaan van die spanningsvolle balans in 'n genuanseerde visie op kinders (vgl. Wall 2010b:237-266; 2007b:105-123). Die selfreflekterende styl van denke vanuit die gesigspunt van die kinderjare noem hy *childism* – in analogie met gelyksoortige hermeneutiese bewegings by onder meer feminisme en humanisme (Wall 2007b:106). Hy plaas die geskiedenis van die vorming van die Christelike morele tradisie in die lig van kinders in drie kategorieë, naamlik van-onder-na-bo, van-bo-na-onder en dialekties (Wall 2007b:107; 2007a:57). Die van-onder-na-bo-benadering van kinders (dit wil sê van die kind na die samelewing) neem as vertrekpunt Jesus se verkondiging in die eerste drie Evangelies: As julle nie verander en soos kinders word nie, kan julle die koninkryk van God nie ingaan nie (Matt 18:3-5; Mark 9:33-37; Luk 9:46-48). Hierdie verhoging van die kind, so beweer hy, kan egter lei tot die regverdiging van hul groter publieke marginalisering. Omdat die kind in wese goed is (die private sfeer) word die publieke sfeer hoofsaaklik as korrup beskou. Die owerheid is dikwels meer die probleem as die oplossing. Die ironie van hierdie beskouing van die kind as beeld van God en model van geloof is dat die proses om die kind te vermenslik tot die ontmensliking van die kind kan lei. Daarom waarsku Wall dat hierdie positiewe waardering (en sentimentalisering!) van kinders as beelddraers van God en daarom as rein en goed tot die ekstreme gedryf kan word in die sin dat hulle van ware aardse besorgdheid ontnem word (Wall 2007a:57). Hierdie ekstreme beskouing van die kind as net goed en rein versterk hoofsaaklik negatiewe regte of regte op vryhede (geen ingrype van die staat of samelewing nie) en

verwaarloos die positiewe regte op staatshulp en volwassenes se hulpverlening aan kinders ter bevordering van hul welsyn.

Die beskouing van die kind as sondig is weer na Wall se mening verteenwoordigend van die van-bo-na-onder tradisie wat besorg is oor die kwyning van die sosiale orde en kinders se morele opvoeding (Wall 2007a:57). Hierdie tradisie staan voorop in die weerstand teen die toepassing van menseregte op kinders. Kinders word hier gesien as nog nie gereed vir die publieke verantwoordelikhede wat menseregte meebring nie (Wall 2007a:58). Dit beklemtoon weereens negatiewe regte, maar in dié geval om jou kinders vry of sonder publieke inmenging groot te maak – volgens eie morele en tradisionele waardes (Wall 2007a:58). Die gevaar lê volgens Wall dan in 'n ander vorm van die ontmensliking van kinders, naamlik die denkbeeld dat kinders gesosialiseer moet word om moreel te kan wees, aangesien hulle nie oor 'n intrinsieke morele oordeel van hul eie beskik nie (Wall 2007a:58). Dit is moeilik om aan kinders te dink as diegene wat 'n eie stem en vermoë het om agentskap te beoefen wanneer die fokus prinsipiëel op hul behoefte aan morele dissiplinerende is (Wall 2007a:58).

Wall noem die Christelike morele tradisie met die fokus op kinders wat tot hul volle potensiaal moet ontwikkel, dialekties (Wall 2007a:58). Hy beweer dat hierdie tradisie gevorm is vanuit 'n sintese van Bybelse norme met veral Aristotelianisme. 'n Dialektiese siening van die kind beskryf hy aan die hand van Aristoteles se siening dat kinders rede en moraliteit kan ontwikkel deur ontwikkelingsprosesse wat natuurlik voorkom (Wall 2007a:58). Danksy Ontwikkelingsielkunde het hierdie dialektiese of ontwikkelingsparadigma groot invloed verkry. Vanuit hierdie perspektief begin 'n kind nie die lewe moreel goed of sleg nie, maar deur interaksie met familie en die samelewing ontwikkel die kind mettertyd morele en sosiale bevoegdhede. Wat menseregte betref, bring hierdie dialektiese tradisie 'n meer positiewe denkbeeld van die reg op aktiewe staats- en maatskaplike hulp na vore, veral vir kinders (Wall 2007a:58-59). 'n Doelbewuste en daadwerklike publieke belegging in kinders se lewens is volgens hierdie tradisie belangrik vir kinders om in produktiewe burgers van die samelewing te ontwikkel. Die gevaar van hierdie tradisie is egter dat bepaalde regte aan kinders toegeken word bloot omdat hulle nog nie ontwikkelde volwassenes is nie (Wall 2007a:59). Onder sommige

Christelike etici word die van-onder-na-bo-voorstelling van kinders as beelddraers van God gebruik om die argument te voer dat kinders nie net potensieel morele skepsels is nie, maar wesenlik moreel is (Wall 2007a:59). Dan kry ons egter ook Aristoteles en Locke se argument téén kinders se burgerskapregte op grond van 'n relatiewe leemte van ontwikkelde morele oordeel by kinders. Vanweë hierdie leemte het kinders beskerming nodig teen skade wat hulle hulleself kan aandoen (Wall 2007a:59). Wall wys daarop dat 'n poging om kinders te vermenslik in hierdie geval eweneens tot die subtile ontmensliking van kinders kan lei deur aan hul komplekse ontwikkelingsgroeï in isolasie aandag te skenk (Wall 2007a:59).

In hierdie post-modernistiese tyd bestaan volgens Wall die behoefte aan 'n meer volledige kindgerigte metodologie om menseregte vandag opnuut te deurdink. Op grond van hul anderswees (*otherness* en *difference*) vereis kinders metodologies van samelewings om hulleself ongelykmatig te transformeer vanuit die gesigspunt van diegene wat met minder mag samelewings vir hulleself kan verander (Wall 2007a:59). Wall verduidelik dat die benadering gelyktydig van-onder-na-bo en van-bo-na-onder behoort te wees sonder om blootweg dialekties te wees (Wall 2007a:59). Die kinderjare behoort in die gelyktydige menslikheid en andersheid daarvan in die volle sirkel van sosiale diskoers ingesluit te word (Wall 2007a:59-60).

Daarom stel hy 'n meer volledige kindgerigte (*childist*) Christelike etiek voor wat kan bou op sy historiese aspirasies om kinders te vermenslik, terwyl die verskillende tendense tot die ontmensliking van kinders oorkom word (Wall 2010b:251). Hierdie nuwe *childist* metodologie is nie van-onder-na-bo of van-bo-na-onder of bloot dialekties nie, maar eerder sirkulêr en transformerend (Wall 2007a:60). Dit beteken dat die van-bo-na-onder- en van-onder-na-bo-bewegings albei versterk moet word in 'n meer volledig afgeronde metodologiese sirkel (Wall 2010b:251-254). Meer spesifiek in die lig van kinders sal Christelike etici volgens Wall – en vir die konteks van die studie Christelike teoloë – 'n hermeneutiese ellips moet omhels, met een spilpunt die luister na die stem van gemarginaliseerde kinders en die ander waar 'n volwasse en samelewingsrespons verwoord word. Sodoende word sowel die selfstandigheid van die kind as die verantwoordelikheid van die volwassene binne die ellips geakkommodeer.

Wall grond hierdie nuwe *childist* metodologie op een van die sentrale simbole in sowel die menseregte- as die kindverwante diskoers, naamlik die konstatering van die mens as beeld van God in Genesis 1:26-27. Hy wil die Genesis-opdrag om te vermeerder breër en meer simbolies verstaan as blote vermeerdering deur voortplanting, naamlik as die opdrag om eie gedeelde wêreld van betekenis te skep deur middel van kultuur, gemeenskappe, families, tradisies, ekonomie, politiek, en so meer (Wall 2007a:60). As beelddraers van God is alle mense, insluitend kinders, deel van die roeping om betekenisvolle verhoudinge in konkreet historiese tye te inisieer en te bevorder. Kinders is op dieselfde wyse as volwassenes beelddraers van God en het daarom die reg en voorreg om deel te neem aan die transformering van ons gebroke wêreld en die kreatiewe skep van meer menslike en inklusiewe wêreld (vgl. Wall 2007a:60-62). Wall stel die uitdaging om die Genesis-simboliek op so 'n wyse te lees dat nadenke oor die kinderjare die manier waarop menseregte as sodanig verstaan word, sal transformeer (Wall 2007a:60).

'n Teologiese bydrae wat vir die navorser die beginsels van kinderregte voortreflik onderbou, is te vinde in Dillen se publikasies oor die belang van die erkenning van die individuele kind en die konkrete gee van die kind binne die konteks van verhoudinge (Dillen 2007b:83-103; 2007a:37-49; 2006:237-250). Dillen beklemtoon die waarde daarvan om elke individuele kind as 'n gawe van God te sien (Dillen 2007b:93). Hiermee beklemtoon sy dat God as Skepper en Grondlêer van alles wat bestaan sy beeld nie openbaar deur 'n eenvormige gestalte op alle menslike lewe af te druk nie, maar in die verstommende diversiteit van ons verskillend geskape lewens (Dillen 2007b:93; vgl. Jensen 2005:13). Daarom pleit Dillen vanuit 'n teologiese gesigspunt dat elke individuele kind respek verdien as *geskape na God se beeld* (Dillen 2007b:93). Om 'n kind as 'n gawe te sien beteken nie slegs om die algemene karaktereienskappe van die kind, dit wat alle kinders in gemeen het te erken nie, maar ook om uit te kyk vir die besonderheid van die individuele kind, en die wyse waarop daardie kind tot die samelewing kan bydra en dus ook tot die heerskappy van God (Dillen 2007b:94). Dillen belig dat die erkenning van wedersydse gee en neem in ouer-kind-verhoudinge – en in die konteks van hierdie studie die gee en neem in volwassene-kind-verhoudinge – belangrik is om sinvol oor regverdige verhoudinge en verantwoordelike gedrag te praat (Dillen 2007b:100). Dillen stel dan die

praktyk van teologiebeoefening saam met kinders voor as 'n wyse waarop kinders as individue en hul eiesoortige bydraes ernstig opgeneem kan word (Dillen 2007b:101).

Dillen wys ook op 'n leemte in teologiese en Bybelse literatuur, naamlik die gebrek aan erkenning van kinders se weerstandsvermoë in situasies waarin hulle kwesbaar gelaat word asook die vermoëns en stryd van elke individuele kind om in solidariteit met ander kinders te leef (Dillen 2007b:93). Sy erken verder dat die Nuwe-Testamentiese teks oor kinders nie gemaklik in ons hedendaagse konteks of in die teorieë van resente kinderstudies toegepas kan word nie (Dillen 2007b:95). Daarom stel sy voor dat 'n kritiese herberedenering, 'n weerstandige lees, van die Nuwe-Testamentiese teks nodig is (Dillen 2007b:95). Hiermee bedoel sy 'n lees teen die teks in, of die soeke na betekenis wat na vore kom in die lees van die teks en die kontras met wat die teks aanvanklik bedoel het. Dillen se oproep tot 'n kritiese, weerstandige lees van die Bybelse teks word in die konteks van kinderregte voorgedra as 'n groot uitdaging in die voortdurende kritiese ontwikkeling van 'n genuanseerde teologiese bydrae tot kinders en hul belange in vennootskap met kinders.

In die konteks van kinderregte en Kinderstudie word die bydrae van Teologie in hierdie hoofstuk as tweeledig gesien. Ten eerste behels dit 'n voortgaande kritiese ontwikkeling van 'n genuanseerde teologiese perspektief op kinders en hul belange as respons op simplistiese en destruktiewe sieninge van kinders in die kerk en samelewing, en tweedens die deelname aan 'n nuwe sosiale etiek van kreatiewe verantwoordelikheid vir, saam met, deur en in die belang van kinders – 'n etiek wat deur liefde en hoop gekenmerk en gedra word en sosiaal transformerend van aard is. Volwassenes se vennootskapverhouding met kinders waarin beide groepe se menswaardigheid op grond van hul geskiedenis na die beeld van God en hul konkrete geesteswese erkenning geniet, sal egter die basiese vertrekpunt moet bly.

#### **4.5 Slot**

In hierdie hoofstuk is 'n normatiewe teologiese bydrae tot die saak van kinders, hul welsyn en regte deur middel van 'n diskoersanalise krities ondersoek. Die normatiewe taak van Praktiese Teologie noodsaak egter dialoog met ander dissiplines, in hierdie geval veral

die velde van Regte en Kinderstudie, enersyds om 'n kritiese rol ten opsigte van hedendaagse perspektiewe op die kind te vervul, en andersyds om eng en destruktiewe sieninge oor kinders in Teologie uit te wys en dit met die oog op verbeterde teologiese teorie en praxis te transformeer. Uit die diskoersanalise blyk dit dat die denkskuif wat in die hedendaagse kultuur plaasgevind het van 'n eensydige klem op kinders se kwesbaarheid, broosheid en behoeftes na 'n erkenning van kinders as sosiale rolspelers en aktiewe draers van hul eie regte in die konteks waar hulle hul bevind wel teologiese onderbou kan word. Hierdie hoofstuk het aangedui dat die onderskeie teologiese deeldisiplines nouer behoort saam te werk om genuanseerde normatiewe teologiese perspektiewe daar te stel wat kan help om die beskouing en hantering van kinders in kerk en samelewing transformeerend te rig.

Gegewe die bydrae wat Teologie kan bied tot die verstaan van die kinderjare en die gepaardgaande menswaardige hantering van kinders, kan Teologie voorgelê word as 'n dissipline wat 'n aktiewe deelnemer kan en behoort te wees in 'n inter- en transdissiplinêre diskoers oor die kind, kinderjare en kinderregte – ook in die Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks. Hoe daar teologies oor kinders gedink word vanuit die vertrekpunt van God se verhouding met die mens, het bepaalde implikasies vir die wyse waarop die sleuteltake van Teologie en kerk teenoor kinders verstaan word.

Die strewe na kinders se bevryding van onderdrukkende sisteme en eensydige, destruktiewe beskouinge oor die kind en die kinderjare maak bevryding die aangewese term en tema in die bevordering van kinders se belange en agentskap. Omdat bevryding, verandering en transformasie begrippe is wat ten nouste met die praktyk van die hedendaagse Praktiese Teologie geassosieer word, sal kinderregte noodsaaklikerwys op die agenda van Praktiese Teologie geplaas moet word. As sodanig is bevryding 'n basiese konsep in die ontwikkeling van 'n bydrae tot die saak van kinders en hul regte. In Hoofstuk 5 sal die bepaalde bydrae van Praktiese Teologie tot Teologie se betrokkenheid in die bevordering van 'n kinderregtediskoers en praktyk gekonseptualiseer word.



## HOOFSTUK 5

### PRAKTIESE TEOLOGIE SE FUNDAMENTELE BYDRAE TOT DIE PROMOVERING VAN KINDERREGTE<sup>286</sup>

#### 5.1 Inleiding

In Hoofstuk 4 is aangedui dat die Christelike geloofstradisie oor ’n ryke erfenis beskik om normatiewe hulpbronne van toepassing op die beskouing en hantering van kinders te voorsien – komplementêr tot dié van die kinderregtediskoers en -praktyk. Die ontwikkeling en formulering van ’n sodanige normatief teologiese bydrae tot die saak van kinders en hul regte soos in Hoofstuk 4 voorgehou, behels bepaalde uitdagings: om hierdie teologiese perspektiewe wat soms met mekaar in spanning staan, in balans te hou; om krities te bepaal watter perspektiewe op kinders meer dominant as ander is; en om die genuanseerde ontwikkeling van die bestaande teologiese raamwerk oor kinders en hul welsyn en regte verder uit te bou. ’n Genuanseerde normatief teologiese perspektief op kinders en hul regte behoort interpreterende riglyne te voorsien wat sal help bepaal wat aan die situasie en bepaaldelik die sosiale posisie van kinders gedoen behoort te word (vgl. Osmer 2008:173). ’n Verdere uitdaging is nou om te bepaal hoe hierdie normatiewe bydrae van Teologie tot die saak van kinders en hul regte toegepas kan word – dus, hoe dit aangewend kan word om ’n betekenisvolle bydrae te lewer tot die bevordering van ’n kultuur waarin kinders na waarde geag en hanteer word.

Hier is dit egter van belang om te let op die argument van Wyller en Nayar in die voorwoord van hul publikasie, *The Given Child: The Religions’ Contribution to Children’s Citizenship*, naamlik dat godsdienste nie positief tot kinderregte sal kan bydra indien dit voortgaan om slegs in beginsel tot abstrakte morele ideale verbind te wees nie (Wyller en Nayar 2007b:8). Die voorwaarde wat gestel word vir die positiewe bydrae van

---

<sup>286</sup> Dele van hierdie hoofstuk is ontleen aan twee hoofstukke, “The rights of children: A new agenda for Practical Theology in South Africa” (Yates & Swart 2010:225-242) en “Childhood and child welfare in a social development context: An exploratory perspective on the contribution of the religious sector” (Yates 2010:153-174) wat in die publikasie *Religion and Social Development in Post-Apartheid South Africa: Perspectives for Critical Engagement* (Swart, Rocher, Green & Erasmus 2010) opgeneem is.

godsdienste is om ook op bestaande sosiale praktyke ten opsigte van kinders te fokus, terwyl die intersubjektiewe verhoudinge in hul eie praktyk spesiale aandag moet kry (Wyller & Nayar 2007b:8). Hierdie argumente wat meermale opduik in die internasionale religieuse en teologiese debat oor die belang van kinders se kulturele en sosiale burgerskap en agentskap in die samelewing, beklemtoon die belangrike rol wat Praktiese Teologie kan speel om bepaaldelik aan die bemiddeling van die Christelike teenwoordigheid in die leefwêreld van kinders in die praxis van die moderne samelewing aandag te gee (vgl. Heitink 1999b:244-258, 292-309).<sup>287</sup>

Die leidende vraag wat gevolglik in hierdie hoofstuk hanteer word, is waarin Praktiese Teologie se unieke en fundamentele bydrae tot Teologie se betrokkenheid by kinders en hul regte dan wel bestaan. Aandag word gegee aan die wyse waarop Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die akademie, beide metodologies en substansieel betrokke behoort te wees in die hedendaagse interdisiplinêre en publieke debat oor kinders, hul welsyn en regte. Daar word dus in hierdie hoofstuk, in die proses van prakties-teologiese interpretasie, beweeg na die praktiese fase van die ontwerp van 'n fundamentele bydrae van Praktiese Teologie bepaaldelik tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.<sup>288</sup> Die pragmatiese taak handel oor die vorming en mobilisering van strategieë wat gebeurde teweeg kan bring wat tot die bevordering van kinders se belange dien (vgl. Osmer 2008:176). Hierdie taak word direk verbind met die proses om

---

<sup>287</sup> Praktiese Teologie dui juis die rigting aan om in bepaalde situasies en kontekste in die leefwêreld van kinders na morele ideale te beweeg wat in 'n wêreld geskik vir kinders ondersteuning kan bied. In die konteks van hierdie studie verwys morele ideale na 'n situasie waar kinders nie alleenlik as slagoffers van ellende en passiewe ontvangers van versorging en beskerming gesien word nie, maar waar hierdie beskouing aangevul word met 'n vars perspektief op kinders as aktiewe agente wat met hul bevoegdhe, sterktes en gawes 'n unieke bydrae kan lewer tot hul eie welsyn en dié van ander.

Hierdie omskrywing van morele ideale berus enersyds op die onderliggende beginsels van kinderregte. Andersyds word hierdie morele ideale van kinderregte verryk deur aksente wat in die hedendaagse religieuse en teologiese besinning oor kinders en hul regte na vore kom, soos kinders as beeldraers van God, wat juis daarom menswaardigheid verdien; as voortkomend uit die liefde van God, wat juis daarom met deernis versorg behoort te word; as geskenke van God aan ouers en gemeenskappe om gekoester te word, maar ook toegelaat te word om aktief by te dra tot die voortgaande skepping van 'n meer menslike samelewing.

<sup>288</sup> Sien Hoofstuk 4 van Osmer se publikasie vir 'n volledige uiteensetting van die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie (Osmer 2008:175-218). Osmer beskryf die pragmatiese taak aan die hand van 'n teologie van diensbare leierskap (Osmer 2008:176). Hy beweer dat leiers van hoofstroomkerke nie alleenlik eksterne uitdagings in die gesig staar om 'n sosiale konteks te verander nie; daar is ook interne uitdagings om gemeentes te help om hul identiteit en gerigtheid te herdefinieer ná die era waarin die kerk in die sentrum van kulturele invloed en mag gestaan het.

verandering te lei (Osmer 2008:176).<sup>289</sup> Die verandering wat Praktiese Teologie in die publiek van die akademie behoort te inisieer, word gegrond in 'n verstaan van wat in kinders se leefwêreld gebeur (Hoofstuk 2); die patrone en dinamika in kinders se konteks, geïnterpreteer aan die hand van kinderregte (Hoofstuk 3); en die ontwikkelende proses van normatiewe teologiese interpretasie van wat in kinders se leefwêreld behoort te gebeur (Hoofstuk 4). Vanuit hierdie oriëntering word die verandering waarin Praktiese Teologie die leiding behoort te neem wesenlik verbind met die fasilitering van 'n bepaalde denkskuif – die denkskuif van 'n eensydige beskouing van kinders as objekte van liefdadige hulpverlening en 'n belegging vir die toekoms (die kerk van môre) na die integrering van 'n nuwe waardering van kinders as waardige burgers wat nou reeds tot die skep van 'n meer menswaardige samelewing kan bydra. Die fasilitering van hierdie denkskuif impliseer gevolglik die vraag hoe die akademie van Praktiese Teologie kan bydra tot enersyds die kritiese dekonstruering van denke oor kinders en die praktyk van interaksie met kinders in die tweede publiek (die kerk, gemeentes). Hierdie hoofstuk werk met die veronderstelling dat wanneer gemeentes daarin slaag om kinders na hul waarde te ag en te hanteer, gemeentes kragtige ruimtes in die samelewing kan wees waarin en waardeur transformasie in die beste belang van kinders geskied. Andersyds impliseer die fasilitering van hierdie denkskuif die vraag hoe Praktiese Teologie kan bydra tot 'n voortgaande kreatiewe skep van nuwe betekenisgewing aan die verstaan van kindwees en kinders se belange in vennootskap met kerke en ander strukture in die burgerlike samelewing. In hierdie hoofstuk kom die belang van interaksie tussen die onderskeie teologiese publieke pertinent aan die orde.

Die hoofstuk begin met 'n bespreking van die wetenskap- en werkerrein van Praktiese Teologie en die relevansie daarvan vir die bevordering van kinderregte. Hierdie bespreking word gedoen vanuit die oortuiging dat Teologie in sy geheel 'n bydrae te lewer het tot die bevordering van kinders se algehele welsyn by wyse van die teologiese begroning en toepassing van die universele beginsels onderliggend aan die kinderregtediskoers in die konteks van die akademie en in interaksie met gemeentes en

---

<sup>289</sup> Verandering word in die konteks van hierdie navorsing só verstaan dat individue, gemeentes en die burgerlike samelewing gehelp sal word om in die beste belang van kinders in Suid-Afrika op te tree. By implikasie mag dit ook beteken om kinders van onderdrukkende sisteme en eensydige destruktiewe beskouinge oor kindskap en die kinderjare te bevry.

die breë burgerlike samelewing. In 'n tweede afdeling word die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte in Suid-Afrika op grond van Osmer se prakties-teologiese interpretasiemodel gekonseptualiseer.<sup>290</sup> Daar word kortliks besin oor die eerste drie take van Praktiese Teologie soos dit in die vorige hoofstukke benut is ten einde die belang van die integrasie van die onderskeie take vir die pragmatiese taak van Praktiese Teologie uit te wys.<sup>291</sup> In 'n laaste afdeling word die implikasies vir die beoefening van Praktiese Teologie in hedendaagse teologiese opleiding op grond van die geantisipeerde bydrae tot die bevordering van kinders se welsyn en regte aangedui.

## 5.2 Die wetenskap- en werkerrein van Praktiese Teologie

Reeds in Afdeling 1.6 is hierdie studie in die wetenskapveld van Praktiese Teologie geposisioneer. Tans word gevolglik voortgebou op wat reeds as wesenlike kenmerke van die wetenskap- en werkerrein van Praktiese Teologie voorgehou is. Wat die objek van studie aanbetref, is dit soos Osmer tereg argumenteer, vandag nie meer gepas om Praktiese Teologie, as deeldisipline van Teologie, te beskou as die veld wat uitsluitlik met toepassing, met nuttige tegnieke en vaardighede in die lewe van die kerk gemoeid is nie (Osmer 2008:ix). Dit is ook nie korrek om Praktiese Teologie te verstaan as uitsluitlik gemoeid met die take van predikante of die lewe van gemeentes nie. Daarteenoor verduidelik Osmer dat die trefwydte van dié disipline sake van publieke belang wyer as die kerk insluit; dikwels is dit selfs daarop gerig om publieke beleid en sosiale transformasie te beïnvloed (Osmer 2008:x). Hierdie verstaan van die verbreding van Praktiese Teologie se studieveld is reeds in 1995 deur twee Suid-Afrikaanse praktiese

---

<sup>290</sup> In hierdie hoofstuk word 'n konseptuele raamwerk wat steun op die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke voorgestel om die ontwerp van 'n fundamentele bydrae van Praktiese Teologie in interaksie met die ander twee publieke in die konteks van Suid-Afrika te rig. Die bedoeling is dat hierdie konseptuele raamwerk verfyn behoort te word deur middel van die empiriese navorsing wat as deel van hierdie studie met geregistreerde lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, onderneem word. Enersyds steun hierdie konseptuele raamwerk grootliks op die drie publieke wat David Tracy voorhou as die sferes waarin die teologiese gemeenskap invloed kan uitoefen, en andersyds op die proses van prakties-teologiese interpretasie soos deur Osmer aangebied (Tracy 1981:1-46).

<sup>291</sup> Osmer se uiteensetting van die onderskeie take van prakties-teologiese interpretasie as geheel word dus in hierdie hoofstuk toegepas op die publieke saak van die bevordering van kinders se sosiale posisie en belange in die Suid-Afrikaanse samelewing, met behulp van 'n kinderregteperspektief. Op hierdie wyse word die bydrae van Praktiese Teologie gekonseptualiseer.

teoloë, by name Hennie Pieterse en Jaco Dreyer, aangedui in hul artikel, “The methodology of Practical Theology and the public good” (Pieterse & Dreyer 1995:31-40).<sup>292</sup>

Hoe die studieveld van Praktiese Teologie verstaan word, het vanselfsprekend bepaalde implikasies vir die taak van Praktiese Teologie en praktiese teoloë. Met die verbreding van hul studieveld kan praktiese teoloë hulleself vandag nie langer slegs besig hou met die sake wat vir die kerk belangrik is nie. Praktiese teoloë behoort ook ’n bydrae te kan lewer tot sake wat die algehele harmonie (“common good”) in die samelewing sal bevorder. Hierdie aksente is te vinde in die werk van Heitink wanneer hy tussen die drie aksiedomeine van Praktiese Teologie onderskei, naamlik menslikheid en godsdiens (die individu); kerk en geloof; en samelewing en godsdiens (Heitink 1999b:244-258).<sup>293</sup> Hy tref hierdie onderskeid juis om aan te dui dat Praktiese Teologie reg behoort te laat geskied aan die lewens van mense as individue (individuele Christenskap), die lewe soos wat dit in sosiale verhoudinge kristalliseer (institusionele Christenskap), en die lewe in die breër konteks van die samelewing (publieke Christenskap). Na aanleiding van hierdie differensiëring pleit Heitink vir ’n verstaan van prakties-teologiese bevoegdheid wat nie bloot in die spesialisering in een van hierdie domeine opgesluit lê nie (Heitink 1999b:256-258).

Heitink bepleit eerder ’n skuif van die subvelde of deeldissiplines na ’n fundamentele teorie. Hy verduidelik hierdie skuif aan die hand van die onderskeid tussen ’n algemene praktisyn (“generalist”) en ’n spesialis. Hy beweer dat ’n praktiese teoloog beide behoort te wees en gaan sover om te sê dat elke teoloog eerstens ’n algemene praktisyn moet wees en slegs dán ’n spesialis. Hy motiveer sy standpunt met die argument dat ’n totale betrokkenheid by ’n spesialiteitsrigting ten koste van die eenheid van die Teologie geskied en tot die fragmentering van kennis lei. Daarom ondersteun hy ook die waarde van intradissiplinêre samewerking soos deur Van der Ven aanbeveel (Heitink 1999b:257). Heitink se onderskeiding van die drie domeine geskied dus op die grondslag

---

<sup>292</sup> Sien Pieterse en Dreyer se omskrywing van hierdie klemverskuiwing ten opsigte van Praktiese Teologie se studieveld in Afdeling 1.6 van hierdie studie (Pieterse & Dreyer 1995:33).

<sup>293</sup> Die drie domeine van Praktiese Teologie soos deur Heitink (1999b) beskryf, vergelyk goed met Tracy (1981) se drie gehore/publieke van die breë veld van Teologie. Tracy sonder egter die publiek van die akademie ook uit en verbind veral Fundamentele Teologie aan hierdie publiek, terwyl hy Sistematiese Teologie aan die kerkpubliek koppel en Praktiese Teologie volgens hom primêr vir die publiek van die samelewing funksioneer (vgl. Ganzevoort 2009). R. Ruard Ganzevoort beweer egter dat die onderskeiding van die drie publieke beter werk binne elk van die teologiese dissiplines (Ganzevoort 2009).

van 'n eenheid in teologiese teorie. Die drie domeine word telkens deur teorieë van 'n fundamentele teorie ondersteun: prakties-teologiese antropologie van toepassing op mensheid en godsdiens; prakties-teologiese ekklesiologie op kerk en geloof; en prakties-teologiese diakoniologie op samelewing en godsdiens (Heitink 1999b:258). Verder beweer Heitink dat godsdiens en samelewing die domein in Praktiese Teologie is wat die meeste verwaarloos word (Heitink1999b:309).

Juis vanweë Praktiese Teologie se gebrekkige fokus op godsdiens en samelewing soos deur Heitink uitgewys, met die gepaardgaande verwaarloosing van kinders in teologiese besinning in die konteks van Afrika en Suid-Afrika,<sup>294</sup> is die huidige ondersoek deur die navorser onderneem. Die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte in die publieke lewe sal moet geskied vanuit die oogpunt van 'n Publieke Praktiese Teologie, wat aansluiting vind by die bemiddeling van Christelike teenwoordigheid in die samelewing (vgl. Heitink 1999b:292; Dreyer 2007:40-60).<sup>295</sup>

Wanneer daar besin word oor die bydrae wat Praktiese Teologie kan lewer tot die algemene welsyn van kinders en gevolglik van die samelewing as geheel, is Don Browning se verstaan van Praktiese Teologie van groot waarde. In sy boek, *A Fundamental Practical Theology* (1991), stel Browning 'n nuwe organisering van teologiese dissiplines en praktyke voor. Hy bepleit die wedergeboorte van praktiese wysheid en redeneer dat hierdie gemeenskaplike tradisie sowel herinnering as wysheid aan die dag moet lê. Teologie moet gevolglik nie as teorie-praxis gestruktureer word nie, maar eerder as praxis-teorie-praxis.

Op hierdie wyse is teologie in sy wese prakties. In dié verband maak Browning die volgende stelling: "... viewing theology as a practical discipline through and through leads to discoveries that will benefit theology, the church, and theological education" (Browning 1991:ix). Hy bou op die verskynsel van praktiese filosofie met die gerigtheid

<sup>294</sup> Hierdie verwaarloosing is reeds in Hoofstukke 1 en 4 van hierdie studie uitgewys.

<sup>295</sup> Die fokus van hierdie studie op die bydrae van die prakties-teologiese akademie ten opsigte van die bemiddeling van die Christelike teenwoordigheid in die praxis van die moderne samelewing, as 'n derde publiek/domein fokus, geskied egter nie ten koste van die domein van die kerk nie. Erkenning word juis in hierdie hoofstuk aan die identiteit, hulpbronne en sterktes van die Christelike kerk gegee op grond van beide teologiese literatuur en die waarde wat kinderregte-organisasies aan vennootskappe met religieuse gemeenskappe heg.

op sake soos praktiese rede, praktiese wysheid, praktyk, praxis, geregtigheid en kommunikasie. Hierdie fassinerende veronderstel volgens Browning (1991:4) “... that Western societies are desperate to find ways to make shared and workable decisions about the common good and the common life.”

Browning is van mening dat ons in ’n periode van sosiale rekonstruksie verkeer waar daar gewerk moet word aan die volhoubaarheid van gedeelde tradisies, sosiale narratiewe en gemeenskaplike identiteite. Vir hom is religieuse gemeenskappe die draers van praktiese wysheid. In hierdie model wat Browning aanbeveel, moet gemeenskaplike wysheid eerstens bepaal word deur *die gemeenskap in gesprek*. Die teologiese taak begin dan met teorie-gebaseerde vrae, wat in die meeste gevalle geopper word wanneer ’n krisis voorkom. Die gemeenskap word finaal teruggestuur na hul heilige tekste of normatiewe bronne om response te formuleer.

Volgens Browning bestaan normatieweit uit die volgende dimensies: visie, soos bepaal deur die teologie en sosiale wetenskappe; verpligtinge soos in algemene morele verpligtinge uitgedruk; morele uitgangspunte soos in beginsels en prinsipes uitgedruk; menslike strewes en behoeftes; en die omgewingsdimensie (die sosiale konteks) (Browning 1991:105-107).

Browning verkies daarom ’n *krities-korrelasionele benadering* tot Fundamentele Praktiese Teologie (sy naam vir die groter en meer omvattende dissipline van Christelike teologie; Browning 1991:44). Hy glo dat Fundamentele Praktiese Teologie bestaan uit die wedersydse kritiese korrelasie van die geïnterpreteerde teorie en praxis van die Christelike geloof met die geïnterpreteerde teorie en praxis van die kontemporêre situasie (Browning 1991:47).<sup>296</sup>

---

<sup>296</sup> Volgens Heitink vereis hierdie bemiddeling “... a continual critical interrelation between theological theory and the context of modern society” (Heitink 1999a:265). Aangesien hierdie navorsingsondersoek fokus op die bemiddeling van die Christelike teenwoordigheid in die konteks van kinders in Suid-Afrika, word die teologiese teorie en die praxis gerig op kinders in kritiese korrelasie geplaas. Dit is egter hier belangrik om te erken dat daar soms problematiese en destruktiewe geloofsoortuigings en praktyke ten opsigte van kinders in kerke heers. Daarom kan gedeelde tradisies, sosiale narratiewe en gemeenskaplike identiteite in die Christelike geloofstradisie nie slegs ondersteun en volgehou word nie.

Die konteks van kinders in Suid-Afrika vra egter van die Christelike Teologie nie net 'n teoretiese besinning oor kinders nie; dit vra indringend na praktiese wysheid en die ontwerp van praxisteorieë wat tot die verbetering van die eietydse omstandighede van kinders in Suid-Afrika kan lei. Daarom is dit noodsaaklik dat daar soos Browning pleit, 'n wedersydse kritiese korrelasie tussen die geïnterpreteerde teorie en praxis van die Christelike geloof en die geïnterpreteerde teorie en praxis van die hedendaagse situasie van kinders sal geskied (Browning 1991:47).

In sy publikasie, *Equality and the Family: A Fundamental, Practical Theology of Children, Mothers, and Fathers in Modern Societies* (2007), dui Browning nuwe ontwikkelinge in die veld van Praktiese Teologie aan en wys veral daarop dat Praktiese Teologie beskou kan word as 'n praktiese navorsingsprogram. Hy dui hier aan hoe sy metode van beoefening van Praktiese Teologie, *Fundamental Practical Theology*, hom kon help om die familie krities te bestudeer. Hy hou sy standpunt ten opsigte van families voor as *critical familism*, wat beteken dat dit pro-familie en pro-huwelik is – op wyses wat geregtigheid en gelykheid in en tussen families bevorder. Praktiese Teologie kan volgens Browning se Fundamentele Praktiese Teologie beskou word as 'n navorsingsprogram wat kan help om bestaande denkpatrone en lewenshoudings krities te dekonstrueer ten einde by te dra tot die skep van 'n samelewing waar mense – en veral die regteloses – menswaardig beskou en as ewemense/gelykes hanteer word.

Wat egter nodig is om 'n kritiese navorsingsprogram te onderneem wat die komplekse problematiek van publieke belang ondersoek, is die ontwikkeling van nouer bande tussen teologiese dissiplines. Wanneer die problematiek van kinders vanuit verskillende teologiese lense en in dialoog met mekaar nagevors word, kan dit met 'n meer holistiese

---

Praktiese Teologie behoort wat die welsyn en regte van kinders aanbetref juis met so 'n kritiese ingesteldheid te funksioneer ten einde by te dra tot die transformering van die praxis in kerk en samelewing wat kinders nadelig beïnvloed. Die krities-korrelasionele benadering impliseer dat praxis ook as 'n kritiese toets van die teologiese teorie van die Christelike geloofstradisie sal funksioneer. Daarom sluit Praktiese Teologie se taak in om in dialektiese interaksie met die onderskeie publieke en teologiese dissiplines teologiese teorie krities vanuit die lens van die kind te dekonstrueer om te bepaal in hoe 'n mate die teologiese diskoers en hulpbronne 'n bevrydende Christelike praxis in die beste belang van kinders kan rig.



en geïntegreerde bydrae van Teologie vorendag kom. Hierdie nader beweeg van teologiese dissiplines aan mekaar verduidelik Browning aan die hand van die verhouding van Praktiese Teologie en Teologiese Etiek (Browning 2007:391-408). Die fokus op die bydrae van Praktiese Teologie tot Teologie se hantering van kinders se belange en regte mag dalk 'n illustrasie bied van hierdie nader beweeg van teologiese dissiplines aan mekaar.

Die vraag is nou hoe hierdie ruimer verstaan van Praktiese Teologie se wetenskap- en werkerterrein vir die publieke saak van kinders en hul regte relevant is. Vanuit die bestudering van kinderregte in Hoofstuk 3 kan kinderregte verstaan word as 'n universele normatiewe raamwerk vir hoe kinders in 'n samelewing beskou en hanteer behoort te word. Die benutting van kinderregte blyk 'n voertuig te wees om die beoefening van Praktiese Teologie so te rig dat dit die saak van kinders insluit, met 'n gepaardgaande fokus op die domein van die publieke samelewing en groter intra- en interdissiplinêre samewerking. Dit is egter nie slegs Praktiese Teologie wat by hierdie interdissiplinêre gesprek tussen Teologie en kinderregte sal baat nie. Die kinderregtediskoers en -praktyk word inderdaad bevorder deur die Christelike geloof se begronding, ondersteuning en toepassing daarvan. Die Christelike geloof se verbintenis tot kinderregte word deur die sosiale betrokkenheid en verantwoordelike burgerskap van individuele gelowiges en geloofsgemeenskappe in die publieke samelewing geïnternaliseer en gekonkretiseer, wat 'n sterker kinderregtediskoers en -praktyk tot gevolg het. Kinderregte kan wel op die volgende wyses waarde toevoeg tot Praktiese Teologie, en by implikasie Teologie, se betrokkenheid by kinders en hul welsyn (vgl. Save the Children 2005:22-23).<sup>297</sup>

---

<sup>297</sup> Hierdie afdeling steun sterk op die riglyn *Child Rights Programming: How to Apply Rights-Based Approaches in Programming* wat *Save the Children* (2005) ontwikkel het. Organisasies, insluitend *Save the Children*, het regte-gebaseerde benaderings aanvaar vanweë twee kernredes: Eerstens het hulle ingestem tot die stel waardes en oortuigings oor mense en ontwikkeling wat in menseregterme uitgedruk word – daar word onder andere geglo dat dit 'n moreel korrekte benadering is. Tweedens glo hulle dat regtegebaseerde benaderings 'n aantal praktiese voordele inhou wanneer dit met ander benaderings tot verligting en ontwikkeling vergelyk word (Save the Children 2005:22-23). Die moontlike voordele wat 'n regtegebaseerde benadering tot programontwikkeling en -uitvoering vir Praktiese Teologie, en by implikasie Teologie, kan inhou, is afkomstig van 'n deel in hierdie riglyn wat die rasionaal verduidelik waarom regtegebaseerde benaderings benut kan word in die bevordering van sake en aksies wat in die beste belang van kinders is (Save the Children 2005:22-23).

*(i) Internasionale ooreenkoms en legitimiteit*

Oor die standarde en minimumvereistes waaraan kinders se lewensomstandighede behoort te voldoen is universeel ooreengekom. Hierdie universele standarde is uiteengesit in 'n internasionale wetlike raamwerk wat deur regerings, donateurs en die burgerlike samelewing gedeel word. Danksy hierdie ondersteuning van internasionale instrumente verkry Praktiese Teologie legitimiteit en outoriteit.

*(ii) 'n Duidelike, gedeelde langtermyn doelwit (ten opsigte van die realisering van menseregte)*

Hierdie doel kan deur enige persoon/organisasie gedeel word wat in die konteks van hulpverlening en ontwikkeling werk, tesame met die standarde om vordering daarmee te meet. Op hierdie wyse word Praktiese Teologie deel van 'n nasionale en internasionale gemeenskap in die veld van menseregte.

*(iii) Verantwoordbaarheid*

Die verantwoordelikhede van regerings, donateurs, die privaat sektor, gemeenskappe en individue is geïdentifiseer en verskeie maniere waarop hulle verantwoordbaar gehou kan word, is reeds ontwikkel en getoets. Hiervolgens kan die beoefening van Praktiese Teologie op so 'n manier gerig word dat dit as dissipline verantwoordbaar kan wees ten opsigte van 'n eie unieke bydrae van Teologie om sosiale uitsluiting teen te werk, kinders se algehele welsyn te bevorder en verantwoordelike burgerskap teenoor kinders aan te moedig.

*(iv) Bemagtiging van kinders*

Die aktiewe deelname van benadeelde groepe en slagoffers van diskriminasie word gesien as essensieel tot sosiale geregtigheid, nie-diskriminasie en ontwikkeling – temas waartoe Teologie as dissipline wesenlik verbind behoort te wees. 'n Hernieude fokus op kinders en hul welsyn vanuit 'n regteperspektief kan meehelp dat kinders in die beoefening van Praktiese Teologie bemagtig word om aktief deel te neem aan die operasionalisering van navorsing, die funksionering van geloofsgemeenskappe en

alledaagse besluitnemingsprosesse wat hulle en hul ontwikkeling in die burgerlike samelewing raak.

(v) *Geregtigheid, gelykheid en vryheid*

In die veld van menseregte is daar 'n sterk fokus op geregtigheid, gelykheid en vryheid en die gewilligheid om magskwessies wat mede die oorsaak van armoede en uitbuiting is aan te pak. In regtegebaseerde benaderings tot hulpverlening en ontwikkeling is daar 'n verbintenis om diegene wat die meeste uitgesluit word te bereik. Publieke Praktiese Teologie is juis op globale, nasionale en plaaslike publieke kwessies en besorgdhede soos ongelykheid gerig. Betrokkenheid in die soeke na geregtigheid, gelykheid en vryheid vir kinders deur middel van kinderrechte bring Teologie in dialoog met die hedendaagse kultuur en belig die bevrydende aard van Praktiese Teologie. Vanweë sy wetenskapsveld en metodologie wat op die handeling van mense fokus, is Praktiese Teologie goed geposisioneer om denkpattre onderliggend aan die verwaarlosing, misbruik en uitbuiting van kinders te ontmasker en te dekonstrueer.

(vi) *Groter impak en effektiwiteit*

Die regtegebaseerde benadering word vanweë die klem op verantwoordbaarheid, bemagtiging en die hoë vlak van aktiwiteit as meer effektief in die stryd teen ongeregtheid, armoede en uitbuiting beskou as byvoorbeeld die behoeftegesentreerde benadering. Die realisering van regte is 'n proses en het daarom nie 'n vooraf vasgestelde eindpunt nie. Met behulp van die regtegebaseerde benadering tot kinders se welsyn kan Praktiese Teologie op 'n effektiewe wyse by die bevordering van kinders se lewensomstandighede betrokke wees.

Deur middel van die teologiese begroning van die beginsels van die UNCRC en die ACRWC kan Praktiese Teologie kinderrechte as 'n "agenda" aanwend vir deelnemende navorsing, bewusmaking en opleiding van studente as voornemende leiers, en vir gesprekvoering in gemeentes of ander ruimtes in die publieke sfeer oor kinders, hul werklike lewensomstandighede en die dringende noodsaak van 'n respons van die kant van Teologie.

*(vii) 'n Geïntegreerde benadering*

Regtegebaseerde benaderings werk gewoonlik holisties met ontwikkelingsuitdagings vanweë die ondeelbaarheid van regte. Die ondeelbaarheid van regte beteken dat geen groep/kategorie regte belangriker is as die ander nie. Hierdie benadering en die beginsel van ondeelbaarheid sal Praktiese Teologie van riglyne voorsien om op 'n holistiese, multidimensionele en intersektorale wyse tot die volle spektrum van kinderrechte en -welsyn by te dra. Sodoende kan die probleem van die fragmentering van Teologie se hantering van die kinderjare, veral in die konteks van die akademie, blootgelê word en kinders as 'n lens in die beoefening van Teologie geïntegreer word.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die saak van die promovering van kinderrechte Praktiese Teologie kan help in die kritiese bemiddeling van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing met betrekking tot kinders en hul welsyn. Die promovering van kinderrechte as 'n respons op die publieke saak van kinders benodig egter nie slegs 'n diskoers daaroor nie, maar ook die implementering van kinderrechte in die praxis van die akademie, gemeentes en die burgerlike samelewing.

Om hierdie rede is hierdie studie pertinent gefokus op die fundamentele bydrae van Praktiese Teologie as verteenwoordigend van die akademie. Sodanige fokus veronderstel dat daar vir die doeleindes van hierdie studie eerstens gevra word na die bydrae wat Praktiese Teologie kan lewer om kinders en hul regte in die eerste publiek, naamlik in akademiese gesprekvoering, publikasie en opleiding op die voorgrond te plaas. Tweedens word gevra hoe die akademie van Praktiese Teologie gemeentes kan rig in die integrering van kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname aan kerklike bediening. Derdens word gevra in welke mate Teologie deur Praktiese Teologie begelei kan word tot aktiewe betrokkenheid in die burgerlike samelewing ten opsigte van kinders en hul regte.

### **5.3 Bydrae van Praktiese Teologie tot die publieke saak van kinderrechte**

Aangesien hierdie hoofstuk handel oor die spesifieke bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinderrechte, begin die konseptualisering van die bydrae in hierdie afdeling by die pragmatiese taak in die proses van prakties-teologiese interpretasie.

Daarna word terug gereflekteer op die resultate van die beskrywend-empiriese, interpreterende en normatiewe take van Praktiese Teologie wat in die onderskeie voorafgaande hoofstukke onderneem is. Die bedoeling van die integrasie van die take is om die interpretasie van die konteks van kinders, die welsyn van kinders aan die hand van kinderregte en die normatiewe raamwerk te benut in die vraag hoe Praktiese Teologie in die konteks van die akademie beoefen behoort te word ten einde verandering in kerk en samelewing ten opsigte van kinders te fasiliteer.

### ***5.3.1 Fasilitering van verandering deur middel van transformerende, diensbare leierskap***

Verandering in konkrete situasies waarin veral kinders nie ooreenkomstig hul menswaardigheid hanteer word nie, kan gefasiliteer word deur fokus te plaas op die verstaan van leierskap waar dit nie oor mag of outoriteit gaan nie, maar juis om diensbaarheid aan ander.<sup>298</sup> In die pragmatiese taak wat handel oor die lei van verandering belig Osmer drie vorme van leierskap (Osmer 2008:176-178). Die eerste is taakbevoegdheid wat dui op die vermoë om in die uitvoering van take uit te styg, soos onder andere in prediking, onderrig, gemeentebestuur en die lei van aanbidding en pastoraat (Osmer 2008:176). 'n Tweede vorm is transaksionele leierskap wat die vermoë behels om ander te beïnvloed deur middel van 'n tweeledige proses van wedersydse uitruiling: Enersyds word gepoog om die behoeftes van diegene wat in 'n organisasie betrokke is te bevredig en in ruil daarvoor hul volle medewerking in die organisasie te verkry; andersyds word politieke uitruilings gemaak om kompeterende agendas van verskillende belangegroepes in 'n organisasie te hanteer sodat die hoofdoel ten beste bereik kan word (Osmer 2008:177). Osmer wys in dié verband daarop dat verskillende belangegroepes in gemeentes dikwels verskillende agendas vir die gemeente het, insluitend die aktiwiteite en waardes wat hulle meen ondersteun behoort te word. Daarom betree transaksionele leiers 'n potensiële ruimte vir twis, waar hulle dan hul invloed

---

<sup>298</sup> Osmer bespreek die pragmatiese taak hoofsaaklik in die konteks van gemeentes. Aangesien hierdie studie afgestem is op die bevordering van 'n dialektiese interaksie tussen akademie, kerk en samelewing in die beoefening van Praktiese Teologie, word die bespreking van Osmer wel vanuit die kritiese perspektief van kinderwelsyn en kinderregte benut. Op hierdie wyse kan nadenke met die oog op die integrering van kinders se reg op oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname in die konteks van gemeentelike bediening en deur die gemeentelike bediening na die burgerlike samelewing gestimuleer word.

gebruik om die gemeente te help om haar missie op die beste wyse te vervul (Osmer 2008:177). Die derde vorm hou Osmer voor as transformerende leierskap wat gerig is op diepgaande verandering (Osmer 2008:177). Hierdie vorm van leierskap behels om 'n organisasie deur 'n proses te lei waarin die identiteit, missie, kultuur en werkwyse daarom op 'n fundamentele wyse heroorweeg word ten einde dit te verander.

Wanneer dit kom by die saak van kinders, hul welsyn en regte is die kwessie van transformerende leierskapstyl van toepassing – leierskap wat 'n gemeenskap deur die proses van diepgaande verandering kan lei. In 'n gemeente mag transformerende leierskapstyl beteken om leiding te gee insake verandering in vorme van aanbidding en gemeenskap, en die uitreik na en openheid teenoor gemeentelede wat anders is – byvoorbeeld kinders wat anders as volwassenes is. Verder behels dit om 'n visie te projekteer van wat 'n gemeente kan word vir, saam met en in die beste belang van kinders, en om gemeentelede wat tot hierdie visie verbind is te mobiliseer (vgl. Osmer 2008:177). Transformerende leierskap verg egter ook van leiers om selfrefleksie te onderneem om hul eie kernwaardes ten opsigte van kinders te onderskei (Osmer 2008:178). Dit vra ook dat hulle hul eie onvermoë sal erken om die waardes volkome te beliggaam wat hulle ten opsigte van kinders voorstaan. Hierdie vorm van leierskap is dus ook sêlftransformerend van aard, aangesien leiers hul gedrag behoort te wysig om die soort veranderinge in die beskouing en hantering van kinders te modelleer wat hulle in individue, die gemeente en samelewing wil sien. Osmer waarsku dat transformerende leierskap koste meebring en riskant is omdat dit amper onvermydelik met weerstand te doen kry (Osmer 2008:178). Weerstand teen verandering, verduidelik hy, het grootliks te make met die moontlike verlies van mag en beheer (Osmer 2008:178).

Aan die hand van 'n gevallestudie wat in 'n gemeentekonteks afspeel, illustreer Osmer hoe belangrik dit is om te bepaal watter strategieë benodig word om 'n proses van verandering te inisieer en oor vrae te besin wat met transaksionele en transformerende leierskap verband hou (Osmer 2008:179-183). Wanneer verandering in die konteks van kerk en samelewing met die oog op die bevordering van kinders se welsyn en regte beoog

word, behoort Praktiese Teologie met die volgende vrae erns te maak (vgl. Osmer 2008:183):<sup>299</sup>

- Hoe kan 'n besef van dringendheid gekweek en bevorder word oor die behoefte om (as individue, kerke en samelewing) te verander?
- Watter soort visie sal gemeentes moet formuleer ten einde kinders in die gemeente self en in ruimtes in die publieke samelewing te verwelkom en menswaardig te hanteer? Hierdie visie sal oortuigend en realisties moet wees.
- Hoe kan omstandighede in kerk en samelewing wat nie vir kinders se welsyn bevorderlik is nie benut word met die oog op die inisiëring van 'n proses om ander te bemagtig?
- Wat is die hulpbronne en sterktes van kinders en oor watter volwassene-kind ruimtes beskik gemeentes om vir kinders te bied? Wat sal dit as sodanig van 'n gemeente verg om van 'n volwassene-gesentreerde gemeente na 'n gemeente wat verwelkomend teenoor kinders is te beweeg?
- Watter strategieë kan benut word om bestaande visies van 'n gemeente en strukture in die samelewing te beïnvloed? Watter prosesse is nodig om 'n alternatiewe toekoms te visualiseer? Hoe kan volwassenes begelei word om die soort gedrag in te sien wat vir 'n kind se menswaardigheid en vir meer gelyke verhoudinge bevorderlik is?
- Watter soort taal is nodig om konstruktief na te dink oor hoe verandering in die leefwêreld van kinders gelei en bereik kan word?<sup>300</sup>

Dit is egter ook belangrik om te weet wat die doel van verandering is (Osmer 2008:183). Soos Osmer tereg die vraag stel: “Change to what end and for what purpose?” In die konteks van die kerk is teologiese nadenke oor verskeie kernvrae noodsaaklik. Wat is die

---

<sup>299</sup> Die vrae wat Osmer formuleer is primêr op 'n gemeentekonteks van toepassing. Hierdie vrae word egter in die lig van die fokus van die studie aangepas om ook 'n gerigtheid op die burgerlike samelewing te integreer.

<sup>300</sup> Tydens die konferensie *Childhoods 2005* is daar met 'n soorgelyke vraag gewerk: “Hoe kan 'n religieuse taal ontwikkel word wat die andersheid van kinders respekteer en menswaardigheid aan hulle verleen?” (Wyller & Nayar 2007:13).

missie van 'n bepaalde gemeente? Hoe word hierdie missie die beste uitgedra binne die gegewe konteks van 'n gemeente? Waarin bestaan die rol van leiers om vir die gemeente rigting aan te wys in die verwesenliking van die missie, en watter veranderinge is hiervoor nodig? Hierdie vrae beantwoord Osmer deur te verwys na Christus se beliggaming van God se koningsheerskappy in die gestalte van 'n dienskneg (Osmer 2008:183-184). Deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem herdefinieer Christus die aard van mag en outoriteit (Markus 10:42-45). Met Christus se voorbeeld van 'n dienende leier begrond Osmer dan die pragmatiese taak van Praktiese Teologie in 'n teologie van diensbare leierskap wat met geregtigheid, regverdigheid en hoop verbind word. Osmer maak lesers attent op die koste van dienende leierskap deur te verwys na die wyse waarop Christus God se heerskappy op aarde kom vestig het. Soos Jesus siekes gesond gemaak het, sosiale uitgeworpenes verwelkom het, teen die kultuur van die dag in opgetree het, byvoorbeeld deur kinders se sosiale posisie te verhef en geregtigheid te verkondig, het Hy met konflik en weerstand van veral diegene in magposisies te doen gekry (Osmer 2008:186). Nogtans het Hy God vertrou en gehoorsaam in die verteenwoordiging van God se koningsheerskappy, selfs tot die punt van sy dood aan die kruis toe. In gevalle waar kinders as blote objekte hanteer word om volwassenes se behoeftes en begeertes te bevredig kan dit meestal na die misbruik van mag en outoriteit teruggevoer word. In teenstelling tot hierdie negatiewe vorm van mag, word mag en outoriteit in egte dissipelskap verbind met die aanneem van 'n dienskneggestalte soos dié van Christus. Dit is dus nie 'n kwessie van hulpbronne, krag of status nie (Osmer 2008:186, 189), ook nie om invloed te verkry vir eie voordeel nie. Mag bestaan volgens Osmer in selfopofferende liefde waarin die behoeftes van ander en die heil van die gemeenskap voorkeur geniet (Osmer 2008:189).

Osmer vestig die aandag op drie maniere waarop Paulus die omkeer van mag in diensbaarheid as 'n norm in gemeentes gebruik (Osmer 2008:189-191). Eerstens moet gemeentes gekenmerk word deur verhoudinge van onderlinge versorging en diens tot opbou van die liggaam. Hier is die "mekaar"-taal belangrik. Die wederkerigheid in hierdie tipe gemeenskap word beskryf ooreenkomstig die wyse waarop mense vir mekaar omgee, mekaar dien, vertrous, opbou en in vrede met mekaar leef. Die kritiese vraag wat die beginsels van kinderregte vir gemeentes en volwassene-kind ruimtes in die burgerlike



samelewing op die voorgrond kom plaas, is of hierdie mooi Christelike mekaar-taal kinders insluit. Vrae wat regstreeks hiermee saamhang, is of kinders in teologiese teorie en praxis by hierdie mekaar-taal ingereken word om kinders te respekteer, na hulle te luister en hul bydrae tot, en hul gee in verhoudinge te erken, te waardeer en te benut? Osmer maak die stelling dat diegene met mag en sosiale status vrywilliglik hul eie regte ondergeskik behoort te stel aan die behoeftes van die swakkeres en kwesbares (Osmer 2008:189). Sal hierdie stelling met dieselfde erns bejeën word indien kwesbares en swakkeres met kinders en die volwassene-kind verhouding verbind word?

Tweedens het Paulus gemeentes daarop attent gemaak dat die Christelike gemeenskap nie die hiërargieë van mag en sosiale status kan voortsit wat in die omliggende kultuur voorkom nie, omdat die gemeente se eenwees van Christus af kom (Osmer 2008:189). In God se familie en kerk word mense saamgeweef in 'n nuwe familie waarin daar op 'n wederkerige en gelyke wyse en op 'n gereelde basis met mekaar in kontak getree word (Osmer 2008:190). Die wederkerige en gelyke wyse waarop Christen-gelowiges kontak met mekaar behoort te behou, impliseer die erkenning van kinders se gelykwaardige posisie en die gee van hulleself in die proses van kontak tussen volwassene en kind.

Derdens leer Paulus gemeentes om mag in die vorm van geweld en vergelding te verwerp en om eerder nie-gewelddadige liefde te praktiseer (Osmer 2008:190).<sup>301</sup> Paulus het primêr Christene se verhouding met hul naaste in gedagte gehad. Christene is geroepe om die bose kringloop van mag wat in die omliggende kultuur heers teen te staan. In teenstelling tot mag en vergelding behoort Christene die oordeel aan God oor te laat, en

---

<sup>301</sup> Hier kom die vraagstuk van lyfstraf in die dissiplinerings van kinders direk op die voorgrond. Wat is die Christelike respons hierop? Het Christelike Teologie in die konteks van Afrika en Suid-Afrika tot op hede aktief tot hierdie debat bygedra? Hoe word gelowiges deur Teologie en kerk begelei om nie die emosionele, psigiese en fisieke integriteit van kinders tydens dissiplinerings aan te tas nie. Gary B. Melton verwys na Vailaau (2009) wat 'n Christelike Teologie vir die kinderjare beredeneer het (Melton 2010:8). In hierdie werk analiseer Vailaau die afskaffing van lyfstraf wat tydens die skryf van sy teologiese bydrae 'n brandpunt in Nieu-Seeland was. Hy stel dat baie mense daarvan oortuig is dat die Ou Testament die opdrag tot fisieke straf van kinders bevat en argumenteer dan as respons hierop: "... it is hard to conceive of Jesus ever hitting a child for any reason. The very suggestion is contrary both to what He taught and the way He lived" (in Melton 2010:8).

In die konteks van 'n nuwe kinderswet in Suid-Afrika wat in 2010 in geheel in werking getree het en waarin bepaalde standpunte ten opsigte van lyfstraf vervat is, word die uitdaging aan die Christelike Teologie gestel om enersyds krities te besin oor geloofsoortuigings wat aan die lyfstraf van kinders verbind is, en andersyds dialoog daarvoor aan te moedig en te fasiliteer.

juis diegene wat hulle kwaad aandoen eerder te seën, met hulle te empatiseer en in hul behoeftes te probeer voorsien (Osmer 2008:191). Op hierdie wyse kan die Christelike gemeenskap sigbare uitdrukking gee aan die selfopofferende liefde van Christus wat God se koningsheerskappy in die gestalte van 'n dienskneg uitgeoefen het. Mag en outoriteit word dan herdefinieer. Mag as oorheersing oor ander word dan mag as wedersydse sorg en die gee van jouself. Mag as die soeke van jou eie voordeel word mag wat die voordeel van ander en die gemeenskaplike heil van die samelewing soek (Osmer 2008:191).

Volgens Osmer is twee waardevolle konsepte deur teoloë voorgestel om gemeentes te beskryf wat hierdie omkeer van mag en outoriteit beliggaam: die kerk as 'n kontrasterende gemeenskap of samelewing en die kerk as 'n katalisator vir sosiale transformasie (Osmer 2008:191). As 'n kontrasterende gemeenskap beliggaam gemeentes in hul onderlinge verhoudinge en met hul naaste 'n alternatief tot mag en outoriteit soos dit gewoonweg in die wêreld uitgeoefen word. Die bied van alternatiewe open 'n nuwe stel moontlikhede wat 'n katalisatoreffek kan hê en tot sosiale transformasie mag lei (Osmer 2008:191). In dié verband is Osmer oor een saak egter baie duidelik: Voordat gemeentes daarin kan slaag om alternatiewe gemeenskappe te wees, 'n publieke stem te laat hoor oor die regverdige verdeling van mag, en hul plaaslike en nasionale gemeenskappe in die rigting van alternatiewe te beïnvloed, staan individuele gelowiges en gemeentes voor die uitdaging om eerste van alles in hul eie lewe en verhoudinge met die naaste sigbare uitvoering aan sodanige alternatiewe moontlikhede te gee (Osmer 2008:191). Anders sal hierdie alternatiewe nie eens die lig sien nie.

Om te verduidelik wat diensknegleierskap prakties behels, verwys Osmer hier weer eens na die drie vorme van leierskap (Osmer 2008:192). Met die integrering van die fokus op kinders en hul regte kan die volgende vraag die omskrywing van diensknegleierskap rig: Hoe lyk taakbevoegdheid, transaksionele leierskap en transformerende leierskap wanneer dit vorme van diensbare leierskap is wat in die beste belang van kinders strek?

Taakbevoegdheid word aan nederigheid verbind. Dit gaan volgens Osmer hier oor die *posisie van die skepsel voor die Skepper* en word daarom verstaan as volkome afhanklikheid en volledige vertrouwe (Osmer 2008:193-194). Hierdie leierskapstyl vra van

leiers om in nederigheid die behoeftes van ander en die algemene welsyn van die gemeenskap te hanteer asof dit 'n aanspraak het op hul handeling (Osmer 2008:194). Dit vra egter ook 'n realistiese verstaan van hul eie bepaalde sterktes en tekortkominge.

Transaksionele leierskap gaan oor oorrading, waar veral twee ruiltransaksies van belang is (Osmer 2008:194-196). Ten eerste streef leiers daarna om die gemeente 'n plek te maak waar die behoeftes van mense bevredig word en in ruil daarvoor vra hulle laasgenoemdes se ondersteuning en deelname. Ten tweede betree leiers die politieke twistoneel van die kompeterende agendas van verskillende belangegroepes, met die oog daarop om die gemeente te help om haar missie in 'n konkrete konteks te verwesenlik. Die vraag is egter nou hoe hierdie twee dimensies van transaksionele leierskap deur diensbare leiers wat verbind is tot die visie van 'n gemeente as 'n kontrasgemeenskap en katalisator van sosiale transformasie hanteer kan word. Wat nodig is, sê Osmer, is 'n skuif van 'n model van kontrak-as-regverdige-uitruiling na die model van die aangaan van 'n verdrag as diens aan God (Osmer 2008:194). Hoe sal dit die transaksionele taak van die bevrediging van behoeftes ter wille van ondersteuning en deelname verander?

Diensbare leiers streef daarna om gemeentes te help om op die behoeftes van ander te reageer. Dit is egter belangrik om te onderskei tussen mense se gevoelde behoeftes en hul diepste behoeftes. Gevoelde behoeftes word gevorm deur die samelewing waarin mense leef en diensbare leiers reageer op die gevoelde behoeftes wat mense na 'n gemeente bring. Gevoelde behoeftes is egter nie noodwendig mense se diepste behoeftes nie (Osmer 2008:194). Diensbare leiers help mense om hul diepste behoeftes te erken binne 'n verbondsgemeenskap wie se missie is om getuies van God se selfgewende liefde te wees (Osmer 2008:195). Hulle doen dit veral op twee maniere (Osmer 2008:195-196): Eerstens wys hulle vir lidmate 'n pad van dissipelskap aan waarin die behoeftes van ander geleidelik ewe of selfs meer belangrik raak as hul eie. Eiebelang is dus nie mense se diepste behoefte nie. Mense sal hulleself eerder vind namate hulle hulleself verloor in die omgee vir ander. Tweedens lei diensbare leiers gemeentes om vir die behoeftes van mense om te gee wat anders is as hulleself. Die oorweging en bevrediging van die

behoefte van ander – en meer nog van kinders – wat hulleself in heel ander sosiale omstandighede bevind, kry nie genoegsame aandag in teologiese refleksie nie.<sup>302</sup>

Wanneer leierskap dus gaan oor die bevrediging van behoeftes van mense in die kerk, kan lidmate geneig wees om te dink dat die kerk se doel die behoeftebevrediging van soortgelyke mense is (Osmer 2008:195). Hiermee word ’n selfsugtige, na-binne-gerigte kultuur bevorder wat die kerk vervreem van ’n publieke Christenskap en haar rol in die samelewing, ook vir sover dit gaan oor die bevordering van kinders se welsyn. Die uitdaging van hierdie taak is dus om ’n sosiale etiek van verwelkoming en gasvryheid in die konteks van kerk en samelewing te bevorder waar ook die behoeftes van ander (kinders) wat anders is ernstig geneem word in die erkenning en bevrediging daarvan (Osmer 2008:195). Om dus regte van kinders te erken en te bevredig, beteken dan dat die beste belang van kinders nagestreef sal word, al sal dit soms van volwassenes se behoeftes verskil.

Transformerende leierskap weer, bestaan daarin om ’n gemeente tot diepgaande verandering te lei (Osmer 2008:196). Dit is die soort leierskap wat die meeste benodig word, veral om die sosiale posisie van kinders deur middel van erkenning en respektering van hul regte in kerk en samelewing te bevorder. Hierdie leierskap het ten doel om gemeenskappe te lei tot dit wat God wil hê hulle moet wees. Osmer lig drie paradokse van transformerende leiers se lyding met en vir Christus uit (Osmer 2008:196-198): Eerstens vind transformerende leiers hul weg juis deur verlore te raak. Pragmaties gesproke is die uitdaging wat leiers in die gesig staar om te reis in en na onbekende gebiede (Osmer 2008:197).<sup>303</sup> Diepgaande verandering – in hierdie geval waar kinders nie bloot as slagoffers van ellende en passiewe ontvangers van versorging en beskerming gesien word nie, maar hierdie beskouing aangevul word met ’n vars perspektief op kinders as aktiewe agente wat met hul bevoegdhede, sterktes en gawes ’n unieke bydrae

---

<sup>302</sup> Hierdie teologiese verwaarlosing van die andersheid van kinders beklemtoon weer eens die relevansie van die vraag wat die konferensie *Childhoods 2005* hanteer het: “Hoe kan ’n religieuse taal (en praxis) ontwikkel word wat die andersheid van kinders respekteer en menswaardigheid aan hulle verleen?” (Wyller & Nayar 2007:13).

<sup>303</sup> Osmer waarsku dat die ervaring om nie te weet nie en die verlies aan beheer vir baie leiers bedreigend is (Osmer 2008:197). Om God egter te vertrou in die omstandighede van “nie weet nie” is wesenlik deel van die spiritualiteit van diensbare leiers.

kan lewer tot hul eie welsyn en dié van ander – gaan juis daarvoor om nie die verlede voort te sit nie, maar om dit te staak. Tweedens verkry transformerende leiers mag deur ander te bemagtig (Osmer 2008:197). Inisiatiewe om te verander bly dikwels aan die rand van ’n gemeente se agenda, behalwe as leiers ander bewus kan maak en kan oortuig van die behoefte om te verander, en hulle dan bemagtig om die proses van verandering te help vorm gee (Osmer 2008:198). Derdens, hoe minder persoonlike erkenning, sekuriteit en eiewaarde by leiers ’n rol speel, hoe beter vir verhoudinge in ’n gemeente (Osmer 2008:198). Namate leiers ander bemagtig om deel te word van die proses van verandering, kom daar nuwe energie los en word nuwe verhoudinge gevorm (Osmer 2008:199). Die verhoudinge tussen diegene wat die verandering lei, modelleer vir die gemeente die soort gemeenskap wat hulle kan word (Osmer 2008:199).

Die vraag is egter nou wat die kerk se rol as ’n katalisator van sosiale transformasie impliseer vir die welsyn en regte van kinders.<sup>304</sup> ’n Oop-sisteem-perspektief op gemeentes voorsien insig oor hoe veranderinge in gemeentes gelei kan word. ’n Model van verandering sal daarom kennis neem van interne en eksterne faktore en die interaksie daartussen (Osmer 2008:201). Osmer bespreek hier drie vrae waarmee leiers in die verandering van gemeentes gekonfronteer word (Osmer 2008:201-207). Vervolgens word oor hierdie drie vrae nagedink vanuit die lens van die kind, kinderswelsyn en kinderrechte.

Die eerste vraag handel oor watter visie van gemeentelike verandering op die beste wyse die missie van ’n gemeente in ’n gegewe konteks sal beliggaam?

Die gemeente se missie moet konkrete vorm aanneem in regstreekse verband met sy konteks. ’n Kernaspek van die begeleiding van verandering is om ’n visie te formuleer van wat ’n gemeente vir kinders kan word, en wat dit kan wees as dit haar missie op ’n

---

<sup>304</sup> Osmer steun hier op literatuur oor organisasieverandering en gee spesiale aandag aan teorieë wat organisasies as oop sisteme voorhou (Osmer 2008:199-200). “Oop” beteken in hierdie konteks die mate waarin alle vorme van lewe afhanklik is van en in voortdurende interaksie verkeer met die omgewing waarin dit geleë is om te oorleef. Die oop sisteme verkry energie en hulpbronne vanuit die omgewing, transformeer dit om hulleself te handhaaf en skakel dit om in uitsette. “Sisteem” verwys weer na die interverbande tussen die verskillende dele. Verandering kan deur interne of eksterne faktore gestimuleer word (Osmer 2008:200). Interne subsysteme kan groei vanuit ’n belyning met mekaar, en vandaar word die behoefte vir verandering geskep. Verandering kan ook genoodsaak word as gevolg van eksterne faktore gestimuleer deur verandering in die sisteme waarmee daar hulpbronne uitgeruil word (Osmer 2008:200).

kontekstueel relevante wyse uitvoer (vgl. Osmer 2008:201). Konteks verwys hier na plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale sisteme waarmee die gemeente in interaksie is. Gemeentes moet daarom 'n visie formuleer van wat hulle graag wil word, gerig op mikro- en makrokontekste.<sup>305</sup> Gemeentes wat ten diepste oor kinders besorg is, kan plaaslik, in die konteks van Afrika en globaal vennootskappe ontwikkel om hulpbronne te deel ten einde kinders se welsyn op holistiese wyse aan te pak (vgl. Osmer 2008:201).<sup>306</sup> Om gemeentes te begelei om kinders se welsyn op 'n geïntegreerde wyse te hanteer vereis beide kontekstuele en sistemiese denke (vgl. Osmer 2008:202). Daar sal gevolglik erns gemaak moet word met die vraag hoe gemeentes van 'n na-binne na 'n na-buite gerigtheid begelei kan word. Osmer verduidelik egter dat sistemiese vorme van denke onderontwikkeld is; daarmee bedoel hy die gebrekkige besinning oor die sistemiese oorsake van bepaalde problematieke (Osmer 2008:202). Nadenke oor die sistemiese oorsake van spesifieke probleme is egter essensieel in die leefwêreld van kinders om verandering te lei en te fasiliteer. Dit is byvoorbeeld belangrik om kinders en families in nood met onmiddellike intervensies te help, maar daarbenewens is dit van wesenlike belang om krities te besin oor die politieke, ekonomiese, opvoedkundige en sosiale sisteme wat bydra tot die marginalisering en sosiale uitsluiting van kinders in samelewingsisteme, besluitnemingsprosesse en begrotings (vgl. Osmer 2008:202). Om in die geval van nood, hulp en bystand aan te bied en om voorspraak te doen vir 'n

---

<sup>305</sup> Dit is hier duidelik dat die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie gerig op die integrering van kinders in teologiese besinning en praxis nie uitgevoer kan word sonder die voorafgaande empiries-beskrywende, interpreterende en normatiewe take nie. Die empiries-beskrywende taak help juis om die patrone en dinamika in mikro-, meso- en makrokontekste te onderskei ten einde Christen-wees en gepaardgaande verandering op individuele, gemeentelike en samelewingsvlak kontekstueel te rig. Die interpreterende taak help om aan die hand van die teorieë van ander dissiplines, in hierdie geval kinderregte en Kinderstudie, te verduidelik waarom die konteks van kinders op 'n bepaalde wyse daar uitsien. Die normatiewe taak help spesifiek met die ontwikkeling van 'n teologiese visie van wat veronderstel is om te gebeur wat betref die welsyn en regte van kinders. Die onderskeie take van die proses van prakties-teologiese interpretasie verloop dus nie liniêr nie, maar in voortdurende interaksie met mekaar.

<sup>306</sup> Gemeentes wat sterk na buite gerig is, reageer dikwels gelyktydig op mikro- en makrokontekste (Osmer 2008:201). Hierdie tipe verandering wat oor kontekste heen gefasiliteer word, stem ooreen met Bronfenbrenner (1979) se ekosisteamteorie wat aantoon dat 'n individu binne vlakke van sosiale verhoudings funksioneer, naamlik die familie- en/of vrienden netwerk (mikrosisteam), die organisatoriese/gemeenskapsnetwerk (mesosisteam) en kultuur en samelewing (makrosisteam). Al hierdie sisteme is op 'n interafhanklike wyse met mekaar verbind en beïnvloed mekaar interaktief. Hierdie teorie word veral benut in Pamela Couture se publikasie *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty* (2000).

voortgaande soeke na geregtigheid in die konteks van kinders, onder andere deur die sosiale insluiting van kinders, behoort hand aan hand te gaan.

Die tweede vraag wat Osmer voorhou, het te make met die tipe verandering wat in gemeentes nodig is – revolusionêre of evolusionêre verandering (Osmer 2008:202). Revolusionêre verandering vind plaas wanneer die ekwilibrium van ’n gemeente se dieperliggende struktuur, wat dui op die interafhanklike sisteme en die wyse waarop dit met die omgewing/konteks in interaksie tree, versteur word. Die dieperliggende struktuur van so ’n gemeente verander dan en die grootskaalse skok op die sisteem het wesenlike en snelle veranderinge tot gevolg. Hierdie tipe verandering behels tipies ’n ingrypende krisis en word gekenmerk deur ’n duidelike oorgang van “voor” tot “na”. In teenstelling hiermee word evolusionêre verandering beskryf as toenemende verandering wat gewoonlik begin met veranderinge in ’n subsisteem van ’n organisasie wat minder ingrypende veranderinge teweeg bring en steeds op die bestaande sisteem voortbou en dit algaande verbeter (Osmer 2008:202-203). Diepgaande verandering kan die weg van óf revolusionêre óf evolusionêre verandering volg. Aangesien ’n bewustheid van kinderregte die verdeling van mag en die strukturering van interaksie en verhoudinge tussen volwassenes en kinders direk konfronteer, sal die wyse waarop verandering in kerk en samelewing bestuur word baie noukeurig oorweeg moet word.

Die derde vraag handel oor hoe verandering op verskillende vlakke van ’n gemeente gestu en ondersteun kan word (Osmer 2008:203). ’n Omvattende proses van verandering in ’n gemeente behoort ’n effek te hê op individue, groepe en die totale sisteem (Osmer 2008:204). Weerstand en ondersteuning kan ook op al drie vlakke voorkom. Dit is belangrik vir leiers om nie net aan verandering in die konteks van die gemeentesisteem as ’n geheel te dink nie, maar ook rekening te hou met bepaalde individue en groepe wat op verskillende maniere in die proses van verandering betrokke kan wees (Osmer 2008:204).

Om aan die proses van verandering struktuur te gee, hou Osmer die werk van Robert Quinn en John Kotter voor (Osmer 2008:206-207). Quinn bied ’n vierfase model vir organisasieverandering, wat hy die transformerende siklus noem (Quinn in Osmer 2008:206). Hy onderskei die fases soos volg: i) Inisiëring – ’n leier, groep of

leierskapsplan ontwikkel 'n sterk bewustheid van die behoefte om te verander en begin om 'n visie te formuleer van 'n verwagte toekoms, begin om op hierdie visie te reageer en neem risiko's. ii) Onsekerheid – diegene wat verandering lei, begin in meer ernstige vorme van eksperimentering en innovering betrokke raak. Enkele van die inisiatiewe sal heel waarskynlik misluk, wat tot twyfel en onsekerheid aan die veranderingsagente se kant sal lei en wat weerstand kan versterk. Leiers kan dan verlore voel, maar indien hulle (en die organisasie self) hierdie periode van onsekerheid kan deurstaan, kan hul visie verdiep word en nuwe lyne van aksie geopen word. iii) Transformasie – innovering versprei geleidelik na die organisasie as geheel wat tot 'n diepgaande verandering in die identiteit, missie, kultuur en werkwyse van die organisasie behoort te lei. Op hierdie weg van transformasie word nuwe energie vrygestel en nuwe verhoudinge gevorm. iv) Roetinerings – die organisasie beweeg in 'n nuwe toestand van ewewig in, nuwe rolle en strukture word gevorm en bemeester, en spesifieke probleme kan deur die nuwe organisasiesisteme hanteer word.

Kotter weer, stel vir die proses van diepgaande verandering ag stappe voor, wat goed vergelyk met die fases wat Quinn voorhou. i) Vestig 'n besef van dringendheid. ii) Vorm 'n kragtige rigtinggewende bondgenootskap. iii) Skep 'n visie. iv) Kommunikeer hierdie visie. v) Bemagtig ander om op die visie te reageer. vi) Beplan vir en skep korttermynoorwinnings. vii) Konsolideer verbetering en genereer steeds meer verandering. viii) Institutionaliseer nuwe benaderings (in Osmer 2008:206-207).

Osmer se beskrywing van die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie laat die indruk dat die wyse waarop verandering ten opsigte van kinders, hul welsyn en regte in die konteks van die kerk en deur die kerk in die samelewing gefasiliteer word, die aard en impak van die veranderinge op die konteks en sisteme van kinders gaan bepaal. 'n Diensbare leierskapstyl, wat Osmer onder andere verbind aan 'n alternatiewe verstaan van mag en outoriteit, die verwelkoming van mense wat anders is, en die lei van Christelike gemeenskappe tot alternatiewe gemeenskappe deur selftransformasie en selfopofferende liefde, sal ten opsigte van die promovering van kinderrechte bepaalde eise vir Praktiese Teologie inhou.



Die realiteit in kerk en samelewing is dat mag, wanneer dit by kinders kom, in baie gevalle misbruik word, met die gevolg dat kinders in destruktiewe strukture en verhoudinge vasgevang kan wees.<sup>307</sup> Die oorsaak van baie wandade wat teenoor kinders gepleeg word, is juis gewortel in die minderwaardige posisie van kinders in verhoudinge. Marginalisering en, as keersy, onregverdige strukturele mag moet eenvoudig ontmasker word, veral op grond van 'n verstaan van mag wat vanuit die gesigspunt en rol van diensbare leierskap en verantwoordelike burgerskap konstruktief aangewend kan word. Praktiese Teologie kan hier die taak opneem om op grond van 'n normatiewe raamwerk, gevoed deur 'n genuanseerde teologiese perspektief op kinders en kinderregte, riglyne neer te lê vir die eerlike evaluering van die wyse waarop mag tussen volwassenes en kinders versprei is. Die blootlegging van onregverdige magsverdeling behoort nie net ter wille van kinders se bevryding te gebeur nie, maar ook vir die bevordering van die algehele welsyn van die samelewing. Kinders kan juis destruktiewe mag wat aan hulle gemodelleer word, voortsit deur dit na te boots en sodoende self oortreders te word in die skending van ander se regte. Diensbaarheid is dus vir Christene 'n norm wat veral ook in die konteks van die menswaardige hantering van kinders gemodelleer kan word as 'n bepaalde styl van verantwoordelikheid teenoor kinders, maar ook vir kinders se eie verantwoordelikheid om met ander se regte en behoeftes erns te maak (vgl. Dillen 2006:245). Op so 'n wyse sal dit alles kan bydra tot meer regverdige, gelyke en vrye verhoudinge tussen volwassenes en kinders.

Osmer beklemtoon dat transformerende, diensbare leiers gemeentes behoort te begelei om 'n openheid vir mense wat anders is te ontwikkel en hul behoeftes ernstig te neem (Osmer 2008:177, 195). In die konteks van kinders en hul regte is dit egter eweneens belangrik om klem te plaas op die uniekheid van elke individuele kind en dié se behoeftes. Terselfdertyd moet die klem op andersheid gebalanseer word met 'n verstaan dat die onderskeiding tussen volwassenheid en kindskap geensins absoluut is nie. Vir Douglas Sturm is dit essensieel dat kinders, alhoewel hulle die onderskeie ontwikkelingsfases deurloop, as aktiewe en kreatiewe deelnemers en agente in die wêreldgemeenskap erken, waardeur en gerespekteer behoort te word (Sturm 1992:4-6).

---

<sup>307</sup> In Hoofstuk 3, Afdeling 3.5 is die regverdige verdeling van mag tussen volwassenes en kinders voorgehou as 'n proaktiewe riglyn vir die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk.

Volwassenes sal minder op die verskille tussen volwassenheid en kindskap moet konsentreer, en meer op die gemeenskaplike gronde van menslikheid. In die konteks van menseregte word tereg beklemtoon dat alle mense aanspraak op regte het op grond van hul status as mens. Hierdie regtebeginsel van nie-diskriminasie word kragtig ondersteun deur die Christelike oortuiging dat alle mense na die beeld van God geskape is en daarom op menswaardige wyse beskou en hanteer behoort te word. Transformerende, diensbare leierskap wat die beste belange van kinders wil dien, sal daarom, te midde van die eerlike onderskeiding tussen volwassenes en kinders, steeds moet poog om van 'n kultuur van “adulthood”<sup>308</sup> (vgl. Hoofstuk 4) te beweeg na 'n kultuur waar saam met die andersheid van kinders en hul behoeftes die gemene gronde van menslikheid erken word. Die verandering wat Praktiese Teologie vanuit die akademie behoort te fasiliteer sluit dus in om kinders in kerk en samelewing van 'n kultuur van “adulthood” te bevry.<sup>309</sup> In hierdie taak kan die taal van kinderregte 'n belangrike instrument wees. Jeremy Roche verduidelik in duidelike terme wat met die bevryding van 'n kultuur van “adulthood” bedoel word (Roche 2004:281-282):

... it is about respecting and valuing the contribution children make and have to make to the world children and adults share: a world hitherto defined and imagined primarily in adult terms – it is about power. In order to be able to provide the kinds of support needed by children in different social locations adults will need to do things differently. Strategies will have to be thought through whereby children are empowered in a range of settings and this will require at the very outset a recognition of the relations of power at issue and positive action to address these imbalances. However, the acquisition of a voice in itself is not enough. We need to get beyond a culture of disrespect if not outright hostility towards young people in particular.

---

<sup>308</sup> “Adulthood” verwys na die morele regverdiging van die hantering van kinders en volwassenes as twee radikaal verskillende tipes mense, waar volwassenes meer basiese regte as kinders gegun en kinders van basiese respek ontnem word (Dillen 2007a:42). Dalrymple en Burke beskryf “adulthood” as die onderdrukking van kinders en jongmense deur volwassenes, en die magsdimensie wat dit in die lewe van kinders het is te vergelyk met dié van rassisme en seksisme (in Roche 2004:272).

<sup>309</sup> Hierdie kultuur van “adulthood” word selfs in gemeentes gevind in die wyse waarop die onderskeie handeling van prediking, onderrig, sorg en diens uitgevoer word. Kinders is in baie gevalle gemarginaliseer in 'n volwassene-georiënteerde strukturering van gemeentewees en van teologiebeoefening.

Annemie Dillen en Didier Pollefeyt kom egter met 'n kritiese perspektief op die verstaan van die kerk as kontrasterende, alternatiewe gemeenskap teenoor dit wat insake mag en outoriteit in die wêreld gevind word en as katalisator vir sosiale transformasie. As redakteurs van die publikasie *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education* (2010) lewer hulle kritiek op die dualistiese voorstelling van sommige dat die samelewing sleg is vir kinders en dat die Christelike geloof 'n positiewe kontranarratief kan bied. Dillen en Pollefeyt argumenteer dat hierdie dualistiese beskouing om verskeie redes onhoudbaar is (Dillen & Pollefeyt 2010b:3). Hulle ag dit byvoorbeeld belangrik om die komplekse aard van Christendom en kultuur in aanmerking te neem. Daar is byvoorbeeld oorfloedige getuienis dat die Christelike tradisie kinders nie altyd hooggeskat het nie. Daarenteen is daar sprekende voorbeelde aan te wys waar 'n sekulêre samelewing kinders met respek behandel en ruimtes vir hul deelname skep. Daarom kan beweer word dat samelewing en kultuur, gestimuleer deur die sekulêre beweging vir kinderregte en die sosiale teorieë deur studies oor kindskap gegenerer, Christene veel kan leer wat kinders se deelname en agentskap betref (Dillen & Pollefeyt 2010b:3). Dit is dié insig wat ten grondslag lê van die tema van hierdie boek oor die stem van kinders (Dillen & Pollefeyt 2010b:3). Die publikasie handel oor die vraag of Christene inderdaad die stem van kinders ernstig neem. Daar word ook aandag gegee aan die vraag wat Christene op dié gebied te sê het, en wat die resultaat sou wees van 'n interdisiplinêre dialoog oor die vraag: Word die stem van kinders regtig gehoor? (Dillen & Pollefeyt 2010b:3).

In hierdie boek word dit duidelik dat die klassieke Christelike Teologie sonder voorbehoud slegs daarby kan baat om die huidige besinning oor kinders en hul eie stem ernstig te neem. Die heersende diskussies demonstreer ten duidelikste die relevansie van genuanseerde en interdisiplinêre nadenke oor kinders vir Christelike en sosiale praktyk waar volwasse nes in interaksie met kinders is, en hoe hierdie praktyke Teologie positief kan beïnvloed (Dillen & Pollefeyt 2010b:4).

Die wyse waarop Osmer die proses van prakties-teologiese interpretasie aan die hand van die vier take struktureer, illustreer juis die waarde van interdisiplinêre besinning in die beoefening van Praktiese Teologie. Daarom word daar vervolgens in hierdie afdeling

verder nagedink oor die take van beskrywing van kinders se konteks, interpretering van die welsyn van kinders aan die hand van kinderregte en Kinderstudie, en kinders en hul regte in religieuse en teologiese besinning ten einde aan te dui hoe hierdie interdisiplinêre besinning die konseptualisering van die pragmatiese taak met 'n fokus op kinders verryk.

### ***5.3.2 Beskrywing van kinders se lewensomstandighede***

In die bespreking van die pragmatiese taak het dit duidelik na vore gekom dat die inisiëring van 'n proses van verandering vereis dat kerk en samelewing begelei sal word tot 'n besef van die dringende noodsaak van verandering. Die eerste taak van prakties-teologiese interpretasie wat die vraag hanteer, “Wat gebeur in die lewens van kinders?” kan van groot waarde wees in die kweek van 'n sosiale bewussyn van kinders se welsyn en die behoefte aan verandering. In Hoofstuk 2 van hierdie studie is aangedui dat bepaalde sosiale tendense die aard van kinders se lewensomstandighede en versorging problematiseer en 'n groep kinders tot gevolg het wat deur die regering as wees en kwesbaar gekategoriseer word. Wanneer kinders se welsyn krities bekyk word, blyk dit belangrik te wees om juis sistemies daarmee om te gaan in verhouding tot 'n reeks van bydraende omgewingsfaktore op mikro-, meso- en makrovlak. Hier voorsien 'n regte-gebaseerde benadering tot die monitering van kinders se welsyn in die konteks van Suid-Afrika 'n begrip van dié omgewingsfaktore wat die realisering van kinders se welsyn en regte affekteer (Bray & Dawes 2007b:45). Die status van die kind, die familie en huishoudelike omgewing, die woonbuurt en omliggende omgewing, toegang tot en die kwaliteit van dienste verteenwoordig faktore wat kinders se welsyn direk bepaal (Bray & Dawes 2007b:45-52).

In die lig van die demografiese profiel van kinders, waarna in Hoofstuk 2 verwys word, is dit in meer as een opsig duidelik dat Teologie in die konteks van die akademie, kerk en samelewing met 'n reuse maatskaplike verantwoordelikheid teenoor kinders gekonfronteer word. Hierdie konfrontasie gaan dan juis gepaard met die uitdaging om 'n bewussyn te vestig vir die dringendheid om aktief en op 'n kontekstuele en sistemiese wyse betrokke te wees in die bevordering van kinders se welsyn. Die opneem van hierdie groot maatskaplike verantwoordelikheid teenoor kinders gaan ook met verdere kritiese

uitdagings ten opsigte van navorsing, intervensie en beleidmaking gepaard, soos reeds in Afdeling 2.5 van Hoofstuk 2 uitgewys.

In die beskrywend-empiriese taak is dit soms belangrik om inligting oor mense vanuit sekondêre bronne in te samel. Tog moet praktiese teoloë ook moeite doen om te verstaan wat sekere situasies vir mense vanuit hulle oë en in hul eie woorde beteken. Hier kan die belangrike waarde van aktiewe luister, veral na mense teenoor wie daar op grond van geslag, ouderdom of etnisiteit gediskrimineer word, volgens Osmer nie genoeg beklemtoon word nie. Osmer beweer juis in die lig hiervan dat die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie nie kan geskied sonder 'n fokus op die belang van priesterlike luister nie (Osmer 2008:33-37). Hierdie vorm van luister is gegrond in 'n spiritualiteit van teenwoordig wees waar daar in die teenwoordigheid van God aan ander in hul besonderheid aandag gegee word. Op 'n kontinuum van aandag vir ander maak Osmer 'n onderskeid tussen informele aandag gee deur aktiewe luister en oplettendheid in interpersoonlike kommunikasie; semiformele aandag gee deur die benutting van spesifieke metodes en aktiwiteite wat struktuur en reëlmatigheid aan die aandag gee; en formele aandag gee wat verbind word met die ondersoek van bepaalde episodes, situasies en kontekste deur middel van empiriese navorsing (Osmer 2008:37-39).

Hierdie vorme van aandag skenk en luister na ander verdiep leiers se verstaan van wat in bepaalde kontekste gebeur en gee eerlike uitdrukking aan die spiritualiteit van teenwoordig wees. In die konteks van kinders, hul welsyn en regte beteken hierdie priesterlike luister om self na kinders se stem te luister en aan kinders in hul uniekheid en besonderheid aandag te skenk. Die vraag is hier relevant in welke mate so 'n kultuur van luister na kinders in prakties-teologiese interpretasie al ontwikkel het? Word die konteks van kinders uitsluitlik verstaan op grond van wat volwassenes oor kinders se leefwêreld te sê het? Voorsien Teologie, in sy onderskeie publieke van beïnvloeding, die nodige ruimtes aan kinders om by hulleself en ander begrip te laat ontwikkel vir hul leefwêreld soos deur hulleself ervaar en verwoord? En word volwassenes genoegsaam deur die teologiese gemeenskap bemagtig en ondersteun om na die stem van kinders te luister? Word volwassenes deur Teologie in die konteks van die akademie, gemeentes en die samelewing gemotiveer "... to be committed to a practice with children and young

people in which they are provided with proper information, in which they are able to express their thoughts and feelings on the matter in question at an appropriate time and place, in which the various possible courses of action are fully explored with them, and in which their views, whatever their social origins or location, are listened to and treated seriously...” (Roche in Roche 2004:281)?

### ***5.3.3 Interpretasie van kinders se konteks in dialoog met kinderrege en Kinderstudie***

Die interpreterende taak word deur Osmer beskryf as wyse oordeel wat aan die dag gelê word om te bepaal waarom die konteks van kinders en hul welsyn op ’n bepaalde manier daar uitsien. Hierdie taak word gedra deur ’n spiritualiteit van verstandige wysheid waar ander gelei word om onder God se koningsheerskappy te leef (Osmer 2008:28-29, 80-82). Hier is dit belangrik om ander te begelei in karaktervorming en in die bevordering van hul kritiese denkvermoë. Hierdie begeleiding kan onder andere geskied deur die onderrigbediening in en deur gemeentes aan die breër samelewing. Dit behoort in te sluit kategeese, boekbesprekings, huweliksvoorbereiding, ouerleiding en die prediking van “teaching sermons” (Osmer 2008:81). Osmer beklemtoon daarom die verband tussen die lewe van die verstand en die geestelike lewe in die Christelike tradisie (Osmer 2008:81). Om God lief te hê met die verstand is dus ’n belangrike dimensie van Christelike spiritualiteit (Osmer 2008:81).

In ons hedendaagse samelewing, argumenteer Osmer, is “learned congregations” ’n belangriker ideaal as ’n “learned ministry” (Osmer 2008:82). “Learned congregations” verwys na lede wat diep gewortel is in die Skrif, kerktradisie en ’n teologie wat bereid is om met vrae te worstel wat deur die kontemporêre wetenskap en publieke lewe geopper word (Osmer 2008:82). Hierdie gemeenskappe ondersteun ’n denkende geloof. “Learned congregations” het volgens Osmer leiers nodig vir wie die lewe voor God en die begeerte om te leer hand aan hand gaan. Leiers kan mense met hul wyse leiding help om sin te maak van die gebeure in hul lewe en wêreld. Die spiritualiteit van hierdie tipe leiers verg egter drie kwaliteite: sorgsaamheid/bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en wyse oordeel (Osmer 2008:81). Sorgsaamheid vra van leiers om te strew na insig in die bepaalde omstandighede van mense, wat selfs tot goedgesindheid kan lei (Osmer 2008:82). Die bewustheid en ervaring van bepaalde gebreke in die verstaan van situasies

kan selfs lei tot die verdieping van sorgsaamheid. Die beperkinge ten opsigte van verstaan kan egter geleenthede vir lees en leer inhou (Osmer 2008:83). Teoretiese interpretasie weer, verwys na die vermoë om op teorieë van die sosiale en geesteswetenskappe te steun om die bepaalde kontekste en situasies van kinders te verstaan en daarop te reageer (Osmer 2008:83). En derdens, wyse oordeel verwys na die vermoë om episodes, situasies en kontekste op drie verbandhoudende wyses te interpreteer: i) erken die relevante besonderhede van 'n bepaalde gebeurtenis; ii) onderskei die morele ideale wat ter sprake is; en iii) onderskei en bepaal die mees effektiewe maniere om die ideale te bereik in die lig van die beperkinge en moontlikhede van 'n spesifieke tyd en plek (Osmer 2008:84).<sup>310</sup>

In die geval van die konteks en situasies van kinders is daar baie te lees en te leer in die breë veld van Kinderstudie waarin kinderregte prominent na vore kom. Die diskoers en praktyk van kinderregte belig die beginsels en waardes wat as 'n universele normatiewe raamwerk aangewend kan word ten opsigte van wat in kinders se beste belang is.<sup>311</sup> Kinderregte, verstaan vanuit die breë interdisciplinêre veld van Kinderstudie, voorsien 'n konseptuele plan om situasies van kinders te interpreteer. Dit help ook onderskei watter morele ideale en aksies nodig is vir verandering of watter bestaande aksie aangepas behoort te word. In hierdie taak is dit belangrik om die aandag daarop te vestig dat die komplekse multidimensionele konteks van kinders 'n veelheid van perspektiewe benodig om dit te interpreteer en om 'n begrip te ontwikkel van watter verandering benodig word. Die waarde van hierdie interdisciplinêre gesprek tussen kinderregte, Kinderstudie en Teologie is dat daar tussen hierdie dissiplines 'n wedersydse kritiese interaksie is, selfs

---

<sup>310</sup> Die konsep van wyse oordeel het volgens Osmer 'n lang geskiedenis in morele filosofie en teologie, grootliks onder die invloed van Aristoteles op die Westerse Christendom. Aristoteles se konsep van *phronesis* – vertaal as beide praktiese wysheid en verstandigheid – is praktiese beredenering oor aksie in bepaalde omstandighede deur die omstandighede reg te verstaan, oor die morele oogmerke vir aksie, en effektiewe maniere om hierdie oogmerke te bereik (Osmer 2008:84-85). Aristoteles verder het *phronesis* voorgedhou as logies verbind met deugde wat deur morele opvoeding en praktyk bekom word. Deugde stel mense in staat om die korrekte morele oogmerke te ken en te begeer, en dit motiveer hulle om toepaslike aksies uit te voer om die oogmerke te realiseer (Osmer 2008:85).

<sup>311</sup> Dit is gevolglik duidelik dat die pragmatiese taak nie in isolasie kan geskied nie, maar dat interaksie tussen die onderskeie take van wesenlike belang is om volledig reg te laat geskied aan die proses van prakties-teologiese interpretasie.

die kriticisering van bepaalde perspektiewe om 'n robuuste inter- en selfs transdissiplinêre diskoers oor kinders en hul welsyn teweeg te bring.

Om te verhoed dat kinderregte verabsoluteer word, is dit belangrik dat beide die sterktes en leemtes van kinderregte in die interpreterende taak van prakties-teologiese interpretasie beredeneer behoort te word. Die sterktes van kinderregte sluit direk aan by wat Osmer nodig ag om wyse oordeel aan die dag te lê. Kinderregte bied morele oogmerke van toepassing op kinders en hul welsyn<sup>312</sup> en riglyne vir die wyse waarop hierdie ideale in die publieke samelewing bereik kan word. Voorts bied dit konsepte wat op 'n sistematiese wyse met kinders se welsyn verband hou en as indikatore kan dien om die konteks van kinders en hul welsyn te interpreteer. Die morele oogmerke en verbandhoudende konsepte kan dus help om 'n visie te vorm van hoe 'n wêreld behoort te lyk wat vir kinders geskik is. Op grond van hierdie visie word bepaal watter veranderinge nodig is in die sisteme waarin kinders hulle bevind.

Die vraag kan gestel word waarom die kwessie van regte so belangrik geag word vir kinders en hul welsyn in die samelewing, en waarom dit bepleit moet word (Yates 2010:166). As antwoord kan daarop gewys word dat regte nie maar net na belange en welsyn verwys nie; dit kan ook as 'n kragtige wetsinstrument gebruik word om optrede teenoor kinders af te dwing wat aan bepaalde standaarde beantwoord – standaarde en aansprake waarvoor politici en regeringsleiers ooreengekom het (Sloth-Nielsen 2004:340). Kinders sal hulleself daarom in 'n veel sterker posisie bevind as hulle aansprake en eise in die terminologie van regte gestel word. Net so kan die reg op deelname, wanneer dit duidelik gemoniteer word, verkeerde of verdrukkende magsverhoudinge blootlê (Yates 2010:166).

Die gedagte van deelname is 'n leidende beginsel in kinderregte en bied 'n lens waardeur burgerskap so verstaan word dat dit kinders insluit. Die klem op die luister na kinders vorm 'n grondbeginsel en strategie om 'n eensydige beskouing van kinders as objekte

---

<sup>312</sup> Sien die onderliggende beginsels van kinderregte in Afdeling 3.5 van Hoofstuk 3, wat op sigself morele oogmerke bied in die beskouing en hantering van kinders. Kinderregte het verder meegebring dat denkskuiwe in kontemporêre denke rondom kindskap en kinderwelsyn plaasgevind het. Hierdie denkskuiwe is breedvoerig bespreek in Afdeling 3.4 van Hoofstuk 3.



van liefdadige hulpverlening en 'n belegging vir die toekoms (die kerk van môre) te verander na die waardering van kinders as waardige burgers wat nou reeds tot die skep van 'n meer menswaardige samelewing kan bydra. Dit is insiggewend dat die priesterlike luister wat Osmer vir die verstaan van die konteks van kinders bepleit, so sterk vanuit die kinderregtediskoers bevorder en ondersteun word. Die reg op deelname beteken dus nie bloot die skep van 'n ruimte waar kinders hul opinies kan lug nie; dit roep ook om 'n praktyk van aktiewe luister na die stem van kinders wat impliseer dat kinders se stem in die beplanning van intervensies en, in die konteks van hierdie studie, in die beoefening van Teologie geïntegreer sal word (vgl. Bray 2011:33; Kirby & Woodhead 2003:245; Meintjes 2011:65).

Die beperkinge rondom kinderregte behoort egter ook erken te word, juis met die doel om te bepaal of hierdie leemtes deur Praktiese Teologie en Teologie in die breë aangevul kan word. Die leemtes rondom kinderregte word hier as vierledig voorgelê. Eerstens, regte sonder meer is abstrakte teoretiese beginsels en ideale wat werklik eers impak sal hê wanneer dit in die samelewing geïmplementeer word. Die realiteit is dat daar 'n wesenlike gaping tussen die teorie van kinderregte en die implementering daarvan in die praktyk bestaan. Tweedens, in aansluiting by die eerste leemte, kinderregte op sigself kan nie verseker dat kinders in die samelewing gerespekteer word nie. Daarvoor is ander formele en informele strukture in die samelewing nodig ten einde uitdrukking daaraan te gee.<sup>313</sup> Derdens, in die Suid-Afrikaanse konteks waar sterk hiërargiese strukture kenmerkend is van sommige sferes in die samelewing, kan kinders se bemagtiging om hul regte en bepaaldelik die reg op deelname op te eis, hulle meer kwaad as goed doen as dit

---

<sup>313</sup> In die hedendaagse samelewing word menseregte as die fundamentele morele standaard gereken waarvolgens menslike en sosiale optrede bepaal, gedefinieer en beperk word (LenkaBula 2002:63). Volgens Puleng LenkaBula word menseregte voorts beskou as die standaard waarvolgens menslike en sosiale reëlins beoordeel word. Morele pligte word daarvolgens in perfekte en onvolkome universele pligte verdeel (Lenka Bula 2002:63). Perfekte universele pligte is basiese menseregte wat van alle mense verwag en vereis word.

Die beskerming van kinders teen seksuele misbruik val in die area van perfekte universele regte. Die implikasie is dat alle mense die verantwoordelikheid het om ander nie te oonteer, seer te maak of skade aan te doen nie. Onvolkome universele pligte daarenteen is wel aan alle mense toevertrou, maar dit stel nie duidelik wie vir wie behoort te help, onder watter omstandighede en in watter mate nie. Hierdie soort pligte is nie duidelik daaromtrent of die plig om ander te help vrywillig of sonder meer verpligtend is nie. Seksuele misbruik van kinders word in baie gevalle nie aangemeld nie, aangesien mense dit nie as 'n onontkombare plig ag om dit by die polisie aan te meld nie (LenkaBula 2002:63). Dit is duidelik dat kinderregte alleen nie kan verseker dat kinders gerespekteer sal word nie.

nie in 'n holistiese benadering geïnkorporeer word nie. Sou kinders byvoorbeeld bemagtig word om hul regte op te eis en te beoefen sonder dat volwassenes in hul onmiddellike omgewing met dieselfde kennis oor die status en regte van kinders in die samelewing toegerus is, kan hierdie kinders selfs meer aan mishandeling of gewelddadige vorme van dissipline en kontrole blootgestel wees. Voorts kan dit konflik meebring in volwassene-kind verhoudinge. Vierdens, wanneer kinderregte gepromoveer word sonder 'n deeglike oorweging van die sosio-kulturele en -politieke konteks van kinders, kan dit maklik gekritiseer word as pogings om 'n globale standaard af te dwing, wat weer kan meebring dat negatiewe stereotipes versterk word. Laasgenoemde is in baie gevalle die realiteit vir kinders van Afrika wat deur die “buitewêreld” as problematies, minderwaardig of afwykend uitgebeeld word in 'n poging om ontwikkelingshulp te bekom om hul lewens te verbeter (vgl. Malherbe 2011; Ansell 2005:28-29).

Een essensiële wyse van betrokkenheid by en ondersteuning van kinders se welsyn is om met die heersende kinderregtediskoers vertrouwd te raak en dan diepgaande daaroor te besin ten einde dit uiteindelik vir Christelike kerke en gemeenskappe te vertolk.<sup>314</sup> Die heersende kinderregtediskoers kan bes moontlik juis verryk word met teologiese konsepte, etiese norme en goeie praktyke wat in die Christelike geloofstradisie te vind is. Die normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie handel juis oor die profetiese onderskeiding om uit te maak hoe die situasie van kinders en hul regte teologies te beoordeel is. Die normatiewe taak voorsien gevolglik, aanvullend tot die morele ideale van kinderregte, teologiese norme waarvolgens 'n visie met die oog op verandering geformuleer kan word. Hierdie taak het dan ook ten doel om die universele morele waardes wat kinderregte bied te kontekstualiseer en die inhoud daarvan in verband te bring met die normatiewe raamwerk ten opsigte van kinders in die Christelike geloofstradisie. Hier kan Praktiese Teologie getrou wees aan Publieke Praktiese Teologie wat poog om Teologie met die hedendaagse kultuur in dialoog te bring.

---

<sup>314</sup> Osmer stel juis dat die uitdaging aan leiers van “learned congregations” is om oop te bly vir die wêreld en te leer van die kennis wat dit bied, terwyl hierdie kennis in 'n teologiese konteks geplaas word, gebaseer op die bevrydende Wysheid van Christus. Dit is juis die uitdaging van kruisdissiplinêre dialoog (Osmer 2008:100).

### ***5.3.4 Ontwikkeling van 'n normatief teologiese visie vir die beskouing en hantering van kinders***

Die pragmatiese taak sentreer rondom die vrae: Wat behoort te gebeur? Wat staan lede van die Christelike gemeenskap te doen in respons op die situasies van 'n gemeenskaplike lewe en wêreld? Eerstens behels hierdie taak 'n styl van teologiese besinning waarin teologiese konsepte gebruik word om bepaalde episodes, situasies en kontekste te interpreteer (Osmer 2008:8).<sup>315</sup> Tweedens behels die normatiewe taak die soeke na etiese beginsels, riglyne en reëls wat vir die situasie relevant is en wat aksiestrategieë kan rig. Derdens impliseer hierdie taak om historiese en hedendaagse praktyke van die Christelike tradisie te ondersoek wat normatiewe leiding kan voorsien in die vorming van patrone vir die Christelike lewe (Osmer 2008:8). Osmer koppel hierdie taak aan 'n spiritualiteit van onderskeiding waarin ander gehelp word om God se Woord te hoor en daaraan aandag te gee in die spesifieke omstandighede van hul lewe en wêreld (Osmer 2008:29, 137). Daar word in hierdie taak onder andere gefokus op onderskeie patrone wat aangewend kan word om Goddelike en menslike aksie in die wêreld te interpreteer (Osmer 2008:145). Osmer (2008:145) benut hier Niebuhr se teorie van Goddelike en menslike aksie in die wêreld: Die fokus val op God as Verlosser wat volledig die lyding van die skepping betree – veral die lyding van onskuldiges. Die menslike respons hierop word gesien as dankbaarheid en vertrouende geloof. God as Skepper bevestig die goedheid van die skepping, en verleen waarde en waardigheid aan alle vorme van lewe. Die gepaste menslike respons is om te erken dat God alleen God is. Dit vra verder van mense 'n bevestiging van die heiligheid van God se skepsel wat nie in objekte verander kan word om vir menslike doeleindes uitgebuit te word nie. Alle mense is na God se beeld geskape en behoort daarom met respek in persoonlike verhoudinge en met geregtigheid in die sosiale orde behandel te word (Osmer 2008:146). God is die Regeerder en Instandhouer van lewe wat wonderbaarlik vir die wêreld sorg. Die gepaste menslike respons hierop is om te sorg vir die ordeningsprosesse en strukture wat lewe onderhou, terwyl daar gewerk word om dit met God se doel te belyn. Dit vra

---

<sup>315</sup> Volgens Osmer fokus hierdie styl veral op wat ons van God weet en hoe God sou optree. Na aanleiding van hierdie fokus op God word daar gevra wat die gepaste patrone is vir 'n menslike respons (Osmer 2008:8).

egter om 'n morele onderskeiding van God se wil in bepaalde gebeurtenisse en in die breër prosesse van God se voortgaande skepping (Osmer 2008:146). Hierdie teorie van Niebuhr bied goeie riglyne vir die wyse waarop God se aksies in die leefwêreld van kinders geïnterpreteer kan word. Op grond van 'n teologiese basis van God se verhaal en handeling met mens en wêreld kan eties onderskei word watter gepaste menslike response in bepaalde situasies vereis word.

Waar praktyke in die kerk en samelewing nie vir kinders se menswaardigheid en welsyn bevorderlik is nie, is dit nodig om hierdie destruktiewe praktyke aan kritiese etiese beoordeling te onderwerp. Dit is egter nie slegs die praktyke ten opsigte van kinders wat eties te beoordeel is nie, maar ook die onderliggende waardes en norme (vgl. Osmer 2008:149). Osmer beweer dat etiese besinning met behulp van universele etiese beginsels van besondere belang is, aangesien dit toelaat dat morele gemeenskappe hul huidige praktyke en norme aan universele etiese beginsels toets (Osmer 2008:149). In die lig van hierdie stelling van Osmer kan kinderregte wat universele etiese beginsels bied, as 'n normatiewe instrument benut word wanneer teologiese praxis en teorie krities beoordeel word. In Hoofstuk 4 van hierdie studie is ondersoek wat die breë religieuse en teologiese erfenis aan perspektiewe, etiese norme en goeie praktyke bevat en hoe dit te beoordeel is vanuit die perspektief van die denkskuif wat in die hedendaagse kultuur plaasgevind het van 'n eensydige klem op kinders se kwesbaarheid, broosheid en behoeftes na 'n erkenning van kinders as sosiale rolspelers (met bates/sterktes en gawes) en as aktiewe draers van hul regte in die kontekste waarin hulle hulleself bevind.<sup>316</sup> In hierdie diskoeranalyse in Hoofstuk 4 is gevind dat ten spyte van 'n historiese marginalisering van die kind/kinderjare, kinderswelsyn en kinderregte in Teologie, daar in internasionale Religieuse Studies en Teologie 'n nuwe opkomende belangstelling in kinders, die kinderjare en kinderregte waarneembaar is. Die mees indrukwekkende in hierdie opbloei van belangstelling is die nuwe hermeneutiek van luister na kinders wat internasionaal, interdisiplinêr en interreligieus deur vakgeleerdes in die dissiplines van Praktiese Teologie, Teologiese Etiek en Religieuse Studies onderskryf word. In hierdie nuwe

---

<sup>316</sup> Hierdie normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie maak gevolglik 'n intradissiplinêre gesprek oor kinders en kinderregte in Teologie self asook 'n interdisiplinêre gesprek tussen Teologie en Kinderstudie moontlik.

hermeneutiek van luister word die spanning tussen kinders se broosheid en hul agentskap gebalanseer aan die hand van verhelderende teologies-etiese perspektiewe, veral in die werk van John Wall en Annemie Dillen.

Nogtans is gekonstateer dat, benewens die betekenisvolle insette deur 'n aantal Afrika- en Suid-Afrikaanse teoloë, die saak van kinders, hul welsyn en regte in die konteks van Afrika en Suid-Afrika steeds 'n marginale posisie in formele religieuse en teologiese besinning en navorsing verteenwoordig. Die publikasie van Johannes Malherbe (2011) is egter in Hoofstuk 4 as baanbrekerswerk in Afrika en Suid-Afrika uitgesonder vanweë die kritiese bydrae daarvan tot die studieveld van Kinderstudie. Malherbe spreek in sy boek sy kommer uit oor die beperkte betrokkenheid en invloed van Afrikane in die globale agenda wat aandag skenk aan sake wat met kinders verband hou (Malherbe 2011:8). Selfs op 'n nasionale en plaaslike vlak is dit dikwels buitelanders wat die voortou neem in inisiatiewe wat daarop gerig is om Afrika se kinders van hulp te wees. Tot sy verbasing vind hy die Afrika-stem meestal afwesig wanneer hulpbronne vir kinders en die kinderjare in Afrika bespreek word.

Dit is egter nie net die afwesigheid van Afrika-stem insake die welsyn van Afrika se kinders wat kommerwekkend is nie. Malherbe en ander is ook besorgd oor die negatiewe beeld van Afrika en haar kinders wat dikwels deur die media van die buitewêreld voorgehou word (Malherbe 2011:3-4; vgl. Ansell 2005:28-29). Die impak van hierdie negatiewe persepsies oor jare heen was sodanig dat Afrika se kultuur, geloofslewe, geskiedenis en denke diepgaande hierdeur gestempel is (Malherbe 2011:4). Dit is juis teen hierdie agtergrond dat Malherbe se boek daarop gemik is om 'n bydrae te lewer "... to the liberation of African children from the accumulated weight of negative perceptions, attitudes and actions" (Malherbe 2011:9).

Die probleem rondom Afrika se kinders soos deur Malherbe so pertinent aan die orde gestel, roep die vraag op in welke mate teologiese literatuur uit Afrika daartoe kan dien om Afrika se kinders as aktiewe deelnemers in die konstruering van hul eie leefwêreld te erken en te waardeer. Anders gestel, word vanuit 'n Afrika en Suid-Afrikaanse perspektief gekyk in hoe 'n mate 'n aksent op die luister na kinders se stem in teologiese

besinning na vore tree. Met die oog daarop word vervolgens pertinent aandag gegee aan artikels in twee spesiale uitgawes van tydskrifte op Afrika-bodem.<sup>317</sup> Albei hierdie uitgawes stam uit die laaste dekade en is aan die saak van kinders gewy. In November 2002 was ’n spesiale uitgawe van die *Journal of Theology for Southern Africa* (JTSA) gefokus op die tema “Overcoming Violence against Women and Children”. ’n Aantal kwessies is hierin aan teologiese en etiese interpretasie onderwerp, byvoorbeeld die uitwerking van MIV en Vigs op kinders in Botswana, seksuele misbruik van kinders in Suid-Afrika, maniere om Afrika se kinders en jongmense op holistiese wyse te bemagtig, en die stilswye van kerke oor genderverwante geweld en MIV en Vigs. Teen hierdie agtergrond verdien eerstens die voorstel van Musa Dube vermelding, naamlik om in die stryd teen MIV en Vigs in Botswana ’n teologie wat op kinderregte gebaseer is te benut. Sy beklemtoon die belang daarvan om ’n Bybelse basis te vestig om kinders in die kerk en samelewing welkom te laat voel. In wese impliseer dit volgens haar dat waar kinders ook al onwelkom voel en hul regte en behoeftes afgeskeep word – ook in die kerk – dit nie net kinders is nie, maar ook Christus en God Self wat onwelkom is (Dube 2002:32).

Benewens haar Bybelse interpretasie munt Dube se bydrae daarin uit dat sy ’n regstreekse verband lê tussen die verwelkoming van kinders en die erkenning van sowel hul behoeftes as hul regte. Daarom val dit vreemd op dat sy in haar artikel dan voortgaan om slegs kinders se behoeftes, die kritiese faktore in hul versorging en die ondersteuningsdienste wat deur NRO’s voorsien word te bespreek. Dus, alhoewel sy die belang van kinderregte vermeld, is daar in haar bydrae ’n opvallende gebrek aan ’n pertinente bespreking van kinders se deelname as sosiale agente in die stryd teen MIV en Vigs. Die sterkpunt van hierdie spesiale uitgawe van JTSA is volgens Tinyiko Maluleke en Sarojni Nadar daarin geleë dat die skrywers bo ’n bloot teoretiese studie van die betrokke kwessies uitgegaan het en ook die behoefte aan praktiese strategieë om die bedreiging van geweld teen vroue en kinders te bowe te kom aan die orde stel (Maluleke

---

<sup>317</sup> In Hoofstuk 4 is daar kortliks vanuit ’n Afrika- en Suid-Afrikaanse perspektief (Afdeling 4.3.2) na akademiese tydskrifte met ’n fokus op kinders verwys. Hierdie twee tydskrifte waarna reeds in Hoofstuk 4 verwys is, word hier krities bespreek met die oog op ’n konseptualisering van ’n fundamentele bydrae van Praktiese Teologie ter bevordering van Teologie se betrokkenheid by die saak van kinders, kinderswelsyn en kinderregte.

& Nadar 2002:4). In dié opsig moet egter uitgewys word dat die voorgestelde strategieë byna uitsluitlik op volwassenes se hantering van dergelike geweld berus, met verwaarlosing van maniere waarop kinders self as sosiale agente 'n bydrae kan lewer.

Ter nadere illustrasie hiervan kan die artikel van Musimbi Kanuyoko (2002:69-77) dien. Sy fokus wel op “(h)olistic ways to empower Africa’s children”, maar die soort bemagtiging wat sy visualiseer, het grootliks te make met die onderrig wat kinders moet ontvang om hulleself te beskerm (Kanyoro 2002:72-77). Ook in die artikel van Mpine Qakisa oor “(r)eaching young people through the media in the age of aids” val die klem op onderrig aan kinders en jongmense ter beveiliging van hulleself (Qakisa 2002:79-92). Terwyl dit ongetwyfeld belangrik is, word slegs sydelings na jongmense as bronne van informasie verwys wanneer Qakisa stel: “Using ordinary young people who go out and ring doorbells as medical missionaries may be more effective than using an official figure” (Qakisa 2002:90). Die werkwoord “using” kan ook moontlik dui op die gebruik van kinders en jongmense in strategieë wat grootliks deur volwassenes bedink en uitgevoer word. Derdens, in haar artikel oor “Gender, violence and HIV/Aids” beklemtoon Beverly Haddad dat die stem van vroue in gemeenskappe en die akademie ernstig geneem moet word (Haddad 2002:93-106). Hiermee bepleit sy wel 'n hermeneutiek van luister na die stem van vroue, maar word 'n soortgelyke verwysing na die stem van kinders nagelaat. Ingelyks word verder in die artikel die noodsaak gestel dat kinders beskerming sal geniet en word die morele verpligting van kerke beklemtoon om binne gemeenskappe hul voorspraak en invloed maksimaal te laat geld om die verkragting van kinders teen te werk. Weer eens ontbreek egter die noodsaaklike bykomende perspektief op kinders se sterktes, bates en eie insette in die diskoers oor hul agentskap en deelname – soos dit in hierdie hele uitgawe die geval is.

In 2004 het ook die *African Ecclesial Review* 'n spesiale uitgawe gepubliseer. Die besprekings hierin fokus pertinent op die kwessie van kinderarbeid. Die uitdagings wat laasgenoemde aan kerk en samelewing stel – onder andere die aantasting van kinders se menswaardigheid – word skerp onder die loep geneem. In die artikel, “(c)hild labour challenges to society and church in Africa” stel Constance Bansikiza die UNCRC (1989) as normatiewe instrument voor in die bevordering van die onverdeelbaarheid van kinders

se regte (Bansikiza 2004:139-160). Volgens Bansikiza het die UNCRC die reg van die kind gevestig "... to be an actor in his/her development, to express opinions and to have them considered in the making of decisions related to his/her life" (Bansikiza 2004:140). Op verhelderende wyse word die voorkoms van kinderarbeid gekontekstualiseer deur die positiewe waarde daarvan in die konteks van die familie te beklemtoon, maar eweneens die vorme van uitbuiting van kinderarbeid soos dit in Afrika voorkom (Bansikiza 2004:142-145, 146-148). Konkluderend kan gestel word dat hierdie artikel nadenke stimuleer oor die wyse waarop tradisionele waardes in Afrika kinders se deelname en agentskap ondersteun. 'n Leemte is egter dat die skrywer nie uitbrei op die argument aan die begin van die artikel nie, naamlik dat kinders van waarde geag word as rolspelers in hul eie ontwikkeling en as sosiale agente met 'n eie stem wat in besluitneming oor hul beste belang oorweging verdien – soos deur die UNCRC aangedui. Dit sou insiggewend gewees het om te sien hoe Bansikiza kinders se agentskap met die verskynsel van kinderarbeid verbind.

Positiewe waardering verdien ook Deusdedit Nkurunziza (2004:121-136) se artikel, "African theology of childhood in relation to child labour". Hierin gee die outeur 'n gedetailleerde omskrywing van 'n normatiewe teologiese basis om kinders as belangrike aandeelhouers en subjekte in God se koninkryk en in die samelewing te erken. Op grond van 'n Afrika-teologie van kindskap pleit hy daarvoor om die dinamiese waarde van kindskap te waardeer en kinders met liefde en respek te behandel. Respek vir kinders se menswaardigheid word verbind aan hul menseregte; daarom is dit so belangrik om die sekulêre beweging van menseregte te ondersteun (Nkurunziza 2004:131). Hy spoor kerke in Afrika dringend aan om volle verantwoordelikheid vir hul kinders en dié se versorging te neem. Hy pleit daarvoor dat funksionele pastorale programme wat op kinders gemik is, intervensies namens, deur en vir kinders sal insluit. Op dié wyse gee hy volledige erkenning aan die agentskaprol van kinders in die bevordering van hul eie welsyn (Nkurunziza 2004:136).

Alhoewel Nkurunziza se bydrae tot 'n Afrika-teologie van kindskap hoog geag word, staan dit tog in een opsig oop vir kritiek. Aan die een kant beklemtoon hy die menswaardigheid en dinamiese waarde van kindskap. Aan die ander kant lui sy argument



dat die toekoms van die samelewing afhang van kinders se lewenskwaliteit soos dit deur die sosiale onderwysstelsel voorsien word. In dieselfde trant beweer hy dat 'n kerk sonder kinders 'n kerk sonder 'n toekoms is; dit is dus in die toekomstige belang van kerk en samelewing om op groot skaal in die welsyn van kinders te belê (Nkuruniziza 2004:131, 133). Terwyl dit ongetwyfeld waar is, sal daar teen 'n eensydige benadering gewaak moet word – in dié verband 'n eensydige aksent op die heilsame toekoms van kerk en samelewing (die “wel-word” benadering),<sup>318</sup> sonder die gelyktydige nadruk op die voordele van belegging in kinders vir kinders se eie onthalwe in die hede (die “wel-syn” benadering). Kragtens hierdie onderskeiding is dit krities belangrik om hierdie twee benaderings in spanningsvolle balans te hou ten einde sowel Afrika se kinders as die Afrika-samelewing ten beste te dien (vgl. Bray & Dawes 2007a:15; Yates 2010:158). Wat meer is, deur op die huidige wel-syn van Afrika se kinders te fokus, sal hul eie stem in beslissings oor wat in hul beste belang is, sowel as hul bydrae tot die samelewing opnuut in ag geneem kan word.

In Hoofstuk 4 word Amanda Richter en Julian Müller se artikel uitgesonder as 'n voorbeeld van 'n teologiese bydrae waar kinders se stem gehoor word in 'n poging tot 'n verdiepte verstaan van die wêreld waarin kinders leef, soos deur hulleself ervaar (Richter & Müller 2005). Nogtans is hierdie artikel kenmerkend van die aard van teologiese navorsing waar kinders te sprake kom. In die konteks van Afrika en Suid-Afrika kom kinders in teologiese navorsing meestal ter sprake wanneer die samelewing gekonfronteer word met traumatiese ervarings soos geweld teen vroue en kinders, kinderarmoede, kinderarbeid en MIV en Vigs. In die lig van die normatiewe teologiese perspektief van kinders wat na die beeld van God geskape is en juis daarom menswaardigheid verdien en as medeskeppers in 'n voortgaande skeppingsverhaal erken behoort te word, behoort hierdie teologiese bydraes oor die krisis en probleme waarmee kinders worstel aangevul te word met positiewe verhale oor kinders se vermoë om teenspoed te hanteer en as agente van sosiale verandering op te tree. Die slotsom van die besinning wat oor die normatiewe taak onderneem is, lui egter dat bitter weinig in die veld van akademiese teologie in Afrika tot dusver gedoen is met betrekking tot die kwessies van kinders,

---

<sup>318</sup> In ooreenstemming met die wel-word benadering word daar dikwels oor kinders as die “kerk van môre” gepraat.

kindskap, kinderregte, kinderdeelname (agentskap en veerkragtigheid van kinders) en die luister na kinders se stem.

In die lig enersyds van hierdie verwaarlosing van die saak van kinders, kinderwelsyn en kinderregte in Teologie in die konteks van Afrika en Suid-Afrika en andersyds van die verwagtinge wat in die kinderregtediskoers en -praktyk ten opsigte van vennootskappe met die godsdienstige sektor voorkom, geniet die potensiele bydrae van Praktiese Teologie tot Teologie se betrokkenheid in die promovering van kinderregte vervolgens pertinent aandag.

### ***5.3.5 Die teologiese gemeenskap as sosiale vennoot in die bevordering van kinderwelsyn en -regte<sup>319</sup>***

Die perspektiewe soos hieronder uiteengesit insake 'n verwagte komplementêre bydrae deur die teologiese gemeenskap tot kinders se welsyn en regte is gebaseer op die onderskeie take van prakties-teologiese interpretasie wat as oriëntering gedien het. Hierdie perspektiewe gaan gepaard met die vernaamste uitdagings aan Praktiese Teologie, naamlik enersyds om Teologie se betrokkenheid by die publieke saak van kinders te bevorder, en andersyds om die leemtes en risiko's van 'n kinderregtediskoers en -praktyk met 'n teologiese bydrae aan te vul.<sup>320</sup> Hierdie perspektiewe sluit gevolglik

---

<sup>319</sup> Hierdie afdeling steun sterk op die hoofstuk, "Childhood and child welfare in a social development context: An exploratory perspective on the contribution of the religious sector" waarin "(t)he religious sector as social partner in child welfare and development" bespreek word (Yates 2010:163-168). Christelike Teologie, wat sy invloed kan uitoefen in die sfeer van die akademie, kerk en burgerlike samelewing word in die konteks van die religieuse sektor verstaan as 'n onontbeerlike rolspeler wat 'n betekenisvolle bydrae te lewer het tot die publieke saak van kinders, kinderwelsyn en kinderregte. Praktiese Teologie, wat gerig is op die bevordering van kritiese teologiese teorie en praxis in belang van transformasie en bevryding van die samelewing in sy geheel, kan 'n betekenisvolle rol speel om teologiebeoefening so te rig dat dit die saak van kinders insluit. Voorts kan Praktiese Teologie, wat die saak van kinders betref, verbindings ondersteun tussen kerk en samelewing, religieuse praxis en sy tradisie en bronne, en tussen verskillende en soms teenstrydige vorme van religieuse praxis (Ganzevoort 2009).

<sup>320</sup> Die perspektiewe wat vervolgens aangebied word, dui aan in hoeverre die kinderregtediskoers en -praktyk ondersteun en aangevul kan word deur 'n teologiese bydrae. Aangesien Praktiese Teologie se studieveld verbreed is om 'n fokus op die bemiddeling van 'n Christelike teenwoordigheid in die praxis van die moderne samelewing in te sluit, word deurlopend gewys in watter mate hierdie konseptualisering van die bydrae van Praktiese Teologie verband hou met die verwagtinge wat kinderregte-organisasies – pertinent Unicef – stel wat betref vennootskappe met religieuse gemeenskappe in belang van kinders. Hier word gesteun op twee resente dokumente van Unicef, naamlik *From Commitment to Action: What Religious Communities can do to Eliminate Violence against Children* (2010) en *Partnering with Religious Communities for Children* (2012) asook 'n artikel

aan by die pragmatiese taak om die aard van verandering wat in kerk en samelewing ten opsigte van kinders nodig is te identifiseer, sowel as om die wyse te omskryf waarop hierdie verandering gefasiliteer behoort te word (vgl. Yates 2010:163-168). Vervolgens word ’n tiental perspektiewe binne dié raamwerk geïdentifiseer en bespreek.

#### 1. Bemiddeling van geloof in die moderne samelewing

Die demografiese en sosiale tendense met betrekking tot kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing en in die breër kontinent van Afrika stel aan Praktiese Teologie ’n wesenlike uitdaging. Dit is om gemeentes en ander rolspelers in die godsdienstige sektor te help om hul verantwoordelikhede nie slegs teenoor hul eie kinders te aanvaar nie, maar teenoor alle kinders in die samelewing. Praktiese Teologie as sodanig word uitgedaag tot ’n baie ernstige poging om die bemiddeling van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing ook op kinders te rig, veral dié wat sosiaal uitgesluit word en in nood verkeer. Veral hier sal Praktiese Teologie dialoog met die onderskeie godsdienstige groeperinge moet motiveer met die oog op ’n inklusiewe benadering in Christelike Teologie tot die bevordering van kinders se belange. Dit kan slegs gebeur op die basis van onderlinge respek tussen die verskillende groeperinge.

Die menslike ontwikkelingsindeks (hierna MOI) en kinderontwikkelingsindeks (hierna KOI) waarna in Hoofstuk 2 van hierdie studie verwys is, lê ernstige ongelykhede tussen bevolkingsgroepe bloot sover dit menslike ontwikkeling betref. Dit vereis dat Praktiese Teologie leiding sal neem om die oorsake van voortgaande ongelykhede aan die lig te bring en toe te sien dat sosiale geregtigheid ten opsigte van alle kinders bevorder word, in die besonder kinders in landelike gebiede waar die behoefte aan maatskaplike bystand en

---

van Stephen Hanmer (2010:451-461), “Child rights organizations and religious communities: Powerful partnerships for children” wat in die tydskrif *Cross Currents* verskyn het.

Ooreenkomstig die standpunte wat Unicef stel, bied Garry B. Melton (2010:3-30) van die *Institute on Family and Neighborhood Life*, Clemson Universiteit (VSA) in ’n hoofstuk die volgende bydrae, “‘To such as these, the Kingdom of Heaven belongs’: Religious faith as a foundation for children’s rights” ’n sterk rasionaal vir religieuse instellings as onontbeerlike vennote in die bevordering van kinderregte in die publieke lewe van die burgerlike samelewing. Melton se merkwaardige hoofstuk in die boek *A Child’s Right to a Healthy Environment* wat in 2010 onder die redaksie van James Garbarino en Garry Sigman (2010) verskyn het, word in Hoofstuk 6 van hierdie studie benut om vas te stel op watter wyse die menings van praktiese teoloë ten opsigte van die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte ooreenstem, verskil en uniek is in die literatuur wat die nexus tussen religieuse geloof en die bevordering van kinderregte uitwys.

ontwikkeling die dringendste is. Hier kan die waarde van 'n profetiese stem in die voorspraak vir kinders, hul welsyn en regte nie genoeg beklemtoon word nie.<sup>321</sup> Die godsdienstige sektor, wat van alle nie-regeringsorganisasies (hierna NRO's) in die burgerlike samelewing waarskynlik oor die beste infrastrukture beskik, is uitstekend geplaas om die sosio-ekonomiese uitdagings van kinders aan te pak. Die MOI en KOI se bevindings beklemtoon die behoefte dat die godsdienstige sektor as NRO's sal funksioneer in vennootskap met ander maatskaplike diens- en kinderregteorganisasies wat by die lewensomstandighede van kinders betrokke is. Vaardighede en hulpbronne kan gedeel word met of oorgedra word na gemeenskapgebaseerde organisasies wat respekvol omgaan met die inheemse waardes en praktyke van gemeenskappe. Praktiese Teologie kan hier die aandag fokus op die belang van vennootskappe in die bevordering van kinders se welsyn en regte.<sup>322</sup>

---

<sup>321</sup> Religieuse gemeenskappe het volgens Unicef strukture ontwikkel en verhoudinge gedefinieer wat deur waardes gevorm word, en hul opdrag en geloofstelsels moedig pogings aan om vir die gemarginaliseerdes, stemloses en kwesbares voorspraak te doen (Unicef 2012:11). Hierdie belangrike voorspraakrol wat religieuse gemeenskappe vir die publieke saak van kinders kan vervul maak die religieuse sektor 'n onontbeerlike vennoot in advokaatskap vir kinders, hul welsyn en regte. Betrokkenheid in voorspraak vir kinders vereis egter profetiese leierskap wat die boodskap van reg en geregtigheid in die leefwêreld van kinders ondubbelsinnig sal verkondig.

<sup>322</sup> In die voorwoord van die publikasie *Partnering with Religious Communities for Children*, gee Anthony Lake, die uitvoerende direkteur van Unicef, erkenning aan geloofsgemeenskappe wat lank voor Unicef se bestaan reeds onder die grootste advokate vir die wêreld se behoeftigste kinders getel het, en wat rigting, hulp en aanmoediging vir miljoene benadeelde families gebied het (Lake 2012:iii). Vennootskappe tussen kinderregte-organisasies en religieuse gemeenskappe van alle geloofs-groeperinge is onontbeerlik, veral vanweë die volgende kwaliteite waarvoor religieuse gemeenskappe beskik: Religieuse gemeenskappe is uniek geposisioneer om billike uitkomst vir die mees kwesbare kinders en families te bevorder; hul morele invloed, leierskap en uitgebreide netwerke gee hulle toegang tot die mees stemlose en verstoke groepe; hulle is gegrond in filosofiese raamwerke wat hul roeping vorm tot gemeenskapsdiens in langtermynverbintenisse om vrede, geregtigheid en sosiale gelykheid te bevorder; die waardes wat religieuse gemeenskappe met kinderregte deel, sluit nie net die menswaardigheid en die sentrale plek van die familie in nie, maar hoë prioriteit word ook gegee aan kinders en die standpunt dat alle lede van die samelewing regte en verantwoordelikhede het; en kinders en hul fisieke, emosionele, sosiale en geestelike behoeftes word op 'n holistiese en omvattende wyse verstaan (Unicef 2012:3, 10-12; Unicef 2010:4; Hanmer 2010:452-453).

Spiritualiteit en godsdiens kan egter ook 'n diepgaande invloed op kinders se ontwikkeling en sosialisering hê. Verder het dit ook potensiaal om kinders se weerstandvermoë teen potensiële risiko's te bevorder en te versterk (Unicef 2012:3, 15). Die oortuigings, praktyke, sosiale netwerke en hulpbronne van godsdiens kan hoop en sin asook emosionele, fisieke en spirituele ondersteuning in moeilike omstandighede voorsien. Unicef beweer dat die impak ingrypend kan wees wanneer kinderregte pogings gegrond is in die beskermende aspekte van religieuse oortuigings en praktyke in 'n gemeenskap (Unicef 2012:3, 15; Unicef 2010:21-23). Hierdie beskrywing is juis verteenwoordigend van die positiewe eienskappe waarvoor religieuse gemeenskappe beskik. In dieselfde publikasies word vennootskappe met religieuse gemeenskappe egter ook geïdentifiseer in die lig van die potensiële risiko's wat religieuse gemeenskappe vir vennootskappe en kinders se welsyn in die breë kan inhou

## 2. Interaksie met ander teologiese subdissiplines

In die lig van die betekenisvolle verskuiwings wat internasionaal grootliks vanweë die sekulêre beweging van kinderrechte en die interdisciplinêre veld van Kinderstudie in die denke oor kinders plaasgevind het, kan Praktiese Teologie 'n waardevolle bydrae lewer. In dialektiese interaksie met die ander subdissiplines van Teologie kan Praktiese Teologie heersende misverstande rondom kindskap afbreek en dit met meer positiewe inhoud vervang. Vanselfsprekend word gelowiges se beskouing oor en optrede teenoor kinders deur hul godsdienstige oortuigings gevoed en bepaal. Sou Teologie in geheel daarin slaag om bepaalde godsdienstige oortuigings agter mense se houding, gedrag en aksies teenoor kinders uit te daag, kan dit 'n betekenisvolle rol speel om die grondoorsake van die problematiese omstandighede waarin baie kinders verkeer sistemies aan te pak.<sup>323</sup>

Teologie behoort dus die taak te aanvaar om krities oor godsdienstig gewortelde opvattinge oor kindskap te besin. In dié besinning kan enersyds die oortuigings en optrede ontmasker word wat daartoe neig om kinders te ontmenslik, en andersyds dié wat

---

(Unicef 2012:3, 46-48, 56; vgl. Hanmer 2010:457). Alhoewel die fundamentele waardes van al die groot godsdienstige tradisies kinders se waardigheid en reg op welsyn respekteer, is daar wel geloofsoortuigings, gesindhede en praktyke wat met godsdienstige geassosieer word wat geweld en diskriminasie teenoor kinders promoveer (Unicef 2012:3; Hanmer 2010:457). Die vraag is of dit by laasgenoemde om werklike godsdienstige beginsels/leerstellinge gaan, en of dit eerder die misbruik van godsdienstige tradisies is om dergelike skadelike oortuigings en praktyke te regverdig. Dat sodanige praktyke wel op kinders se fisieke, emosionele en spirituele integriteit inbreuk maak, staan sonder meer vas (Unicef 2012:4). Daar kan ook die vrees bestaan dat geloofsgebaseerde-organisasies die ontvangers van hulp onder druk sal plaas om te bekeer of om alleenlik hulp te voorsien aan diegene met soortgelyke religieuse oortuigings (Unicef 2012:4).

<sup>323</sup> Lake beweer dat sukses in die verdieping van vennootskappe met religieuse gemeenskappe harde werk sal vereis – nie slegs om gemeenskaplike grond te identifiseer of om vergelykbare voordele te vergroot nie – maar om oop dialoog, selfs oor komplekse en sensitiewe kwessies, te open (Lake 2012:iii). Hierdie uitdaging is volgens Lake veral van toepassing om gesindhede en praktyke – soms geassosieer met religieuse oortuigings – wat kinders fisiek of emosioneel skade berokken of hulle uitsluit van volle deelname in hul samelewings, te konfronteer en te hanteer. Verder kan dit net voordeel inhou indien religieuse gemeenskappe oor hul eie oortuigings, tradisies en aksies besin en dit konfronteer indien dit nie vir kinders se welsyn en regte bevorderlik is nie (Unicef 2010:4). Sodoende word bewusmaking van destruktiewe oortuigings en praktyke ten opsigte van kinders en die behoefte aan verandering vanuit die gemeenskap self gedryf en nie van buite af geforseer nie. Religieuse rolspelers is daarom goed geplaas om ongeregtighede te ontmasker wat met samelewingsfaktore soos sosiale norme, gedrag en praktyke verband hou en wat toegang tot dienste beïnvloed of diskriminasie of sosiale uitsluiting voed (vgl. Unicef 2012:10). Religieuse gemeenskappe word deur Unicef beskou as belangrike rolspelers in die promovering van kinderrechte, veral omdat hulle oor die hulpbronne beskik om fasiliterende pogings ten opsigte van die realisering van die regte van die mees regteloses in die samelewing te loods.

die menswaardigheid van kinders bevestig, gefundeer en beklemtoon. Op hierdie wyse word kinderregte 'n instrument om gesprek in 'n gegewe kulturele en godsdienstige konteks te fasiliteer. 'n Grondliggende aksent in dié verband sal wees om kindskap as 'n sosiale konstruk te beskou wat die heterogeniteit van kindskap akkommodeer. Wanneer kindskap as 'n sosiale konstruk beskou word, kom daar ruimte vir verandering; dan ontstaan teweens die behoefte dat ouers, opvoeders en ander betrokkenes as boumeesters sal optree wat kinders beter kan grootmaak, leer en behandel as wat tans die geval is.

Oor enkele wesenlike vereistes om boumeesters te wees wat nuwe betekenis en inhoude aan kindskap gee, mag daar geen onduidelikheid bestaan nie: Eerstens is 'n werklik kritiese ingesteldheid nodig teenoor sosiale teorieë en praktyke van die verlede wat in die verlede die marginalisering van kinders in die samelewing tot gevolg gehad het; en tweedens, 'n eerlike evaluering van die wyse waarop mag tussen volwassenes en kinders versprei is. Teologie sal egter nie daarmee kan volstaan om slegs volwassenes te taak om boumeesters van 'n nuwe verstaan van kindskap te wees nie; kinders self sal as aktiewe deelnemers in die opbou van hul eie leefwêreld erken en waardeer moet word. In dié verband stel Dillen die praktyk van teologiebeoefening saam met kinders voor as 'n wyse waarop kinders as individue en hul eiesoortige bydraes ernstig opgeneem kan word in 'n nuwe verstaan van kindskap (Dillen 2007b:101).

### 3. Promovering van kinderregte

Wat betref die promovering van die onderliggende filosofie van kinderregte soos dit in die UNCRC verwoord is, naamlik dat kinders nie slegs broos, kwesbaar, weerloos, slagoffers en passiewe ontvangers is van ander se sorg en beskerming nie, maar ook oor bevoegdhede beskik waarmee hulle met veerkragtigheid agentskaprolle in die samelewing kan vervul, het Praktiese Teologie en by implikasie Teologie ook 'n belangrike rol te speel. Dit gaan hier egter nie oor 'n volledige vervanging van die perspektief van kinders as broos en kwesbaar met die perspektief van agentskap nie. Dit is juis van wesenlike belang vir 'n genuanseerde beskouing van die kind dat hierdie twee werklikhede in die lewe van kinders in spanning gehou word. Aan die een kant kan die erkenning van die biologiese basis van kindskap as konteks vir die verstaan van

kinders se ontwikkelende vermoëns deur Teologie gebruik word om debat onder volwassenes te stimuleer oor die belangrikheid en biologiese noodsaaklikheid van behoorlike versorging en beskerming van kinders deur ouers, versorgers en ander betrokkenes. Om bewustheid van die kwesbaarheid en eiesoortige behoeftes van kinders te wek kan as 'n strategie dien om kindermishandeling en -verwaarlosing, wanvoeding en uitbuiting te voorkom, veral in 'n kinderregtekonteks waar voorkoming en proaktiewe maatreëls geprioritiseer word. Die beskerming van kinders kan op dié wyse wesenlik doeltreffender gemaak word.<sup>324</sup> Aan die ander kant kan Teologie die gedagte van “kinders se ontwikkelende vermoëns” bevorder, die gedagte wat as 'n leidende beginsel in die regtegebaseerde benadering gebruik word om na kinders te luister wanneer besluite geneem word wat hulle en hul gemeenskappe raak. Die biologiese perspektief op kinders en die noodsaaklikheid van versorging en beskerming deur ouers en versorgers kan op hierdie wyse gebalanseer word deur die siening van die sterkpunte, bates en vermoëns as die bron waaruit kinders hul weerstand en emosionele veerkrag in tye van teenslae put. In die sfeer van die openbare debat in Suid-Afrika – ook in Teologie – is daar ongelukkig 'n opmerklieke gebrek aan navorsingsdata oor hierdie sterkpunte, bates en vermoëns van kinders. En dit is presies op hierdie vlak dat Teologie die verhale en vertellings van kinders en hul reaksies op teenspoed kan aanbied ten einde die heersende persepsies van baie volwassenes oor die vermoëns van kinders uit te daag en te ontwortel.

Solank benaderings tot analise en intervensie uitsluitlik of hoofsaaklik berus op die voorstellings van kinders as slagoffers, hul kwesbaarheid en ontwikkelingsprobleme, sal die persepsie van kinders as bloot passiewe en hulpelose objekte die toon bly aangee. Die blote beskouing van kinders as weerlose slagoffers kan daarom allermens dien om volhoubare optrede in die saak van kinders se welsyn te bevorder. In die weg van diskussie en praktiese maatreëls kan Praktiese Teologie 'n mensgesentreerde en regtegebaseerde benadering tot ontwikkeling bevorder, waar kinders se eie sienings oor maniere om teenslae te hanteer en hul reg om aktief betrokke te wees in hul eie en hul gemeenskappe se ontwikkeling werklik gerespekteer word. Kinders se eie werksaamheid,

---

<sup>324</sup> Wat die saak van kinders se beskerming teen geweld aanbetref, beweer Unicef dat religieuse gemeenskappe groot netwerke vir die versorging en beskerming van kinders en hul regte kan voorsien (Unicef 2010:4).

weerstand en veerkrag kan gevolglik mede as die basis dien vir sosiale analise en ontwikkelingsintervensies.

#### 4. Bevordering van inklusiewe ingesteldheid

Wat meer is, die terminologie van regte, deelname en burgerskap kan op 'n baie sinvolle wyse deur Praktiese Teologie aangewend word as 'n manier om 'n inklusiewe politieke standpunt ten gunste van kinders te bevorder. Jeremy Roche verduidelik dat die eis om kinders by burgerskap in te sluit eenvoudig die versoek behels dat kinders ook as lede van die samelewing beskou word, met 'n waardevolle seggenskap en perspektief (Roche 2004:273). Kinders se deelname en aktiewe betrokkenheid in sosiale gesprekvoering behoort gevolglik in die konstruering van 'n inklusiewe verstaan van burgerskap sentraal te staan. Daarom is dit essensieel dat opvoeding oor kinderregte gegrond sal wees in 'n steekhoudende verstaan van burgerskap wat alles met regte en verantwoordelikhede in die hede te make het. Die kinderregtebeginsels as die reg op lewe, oorlewing en ontwikkeling; nie-diskriminasie; die beste belang van die kind; die reg om gehoor te word; en die teologiese begroning van hierdie beginsels kan vorm gee aan 'n transformasie- en diversiteitsagenda vir omvattende beplanning en implementering van verandering wat in kerk en samelewing ten gunste van die sosiale insluiting van kinders as waardige burgers sal strek.

#### 5. Morele oriëntering en rigtinggewing

Teologie met 'n sterk fokus op waardes, beginsels en 'n morele oriëntering wat mense se lewens behoort te rig, kan die verantwoording voorsien vir die verantwoordelikhede wat met liefde en sorg vir ons medemens te make het (vgl. Katts 2007). Praktiese Teologie kan die bewustheid kweek dat waar hierdie fokus in 'n kultuur van menseregte ontbreek of tekort skiet, individualisme en eiebelang mense se lewe dermate sal domineer dat bereidwilligheid om die regte van ander te handhaaf en sosiale netwerke te skep en te bevorder ernstig bedreig sal word. Annemie Dillen se verhelderende perspektief op die koester en sorg vir kinders en hul welsyn wat die skep van geleenthede insluit waar hulle 'n opinie kan uitspreek, waar daar na hul eie perspektiewe geluister word en waar hulle self verantwoordelikheid kan opneem, mag nie uit die oog verloor word nie (Dillen



2006:245). Dillen wys op Levinas se siening dat mense nie slegs eenvoudig vir die ander verantwoordelik is nie, maar as sodanig getáák is met die ander se verantwoordelikheid (Dillen 2006:245). Wanneer hierdie gedagte van toepassing gemaak word op die volwassene-kind verhouding, is dit egter belangrik dat volwassenes hul verantwoordelikheid sal nakom om kinders te stimuleer om self verantwoordelikheid volgens hul ontwikkelende vermoëns te aanvaar.

'n Alternatiewe benadering van die magstryd wat daar tussen subjekte in 'n verhouding bestaan, word deur 'n Amerikaanse sosioloog Stan Knapp gevind in die teorie van verantwoordelikheid deur en vir die ander – 'n teorie oorspronklik deur Levinas ontwikkel (in Dillen 2006:246). Hierdie alternatiewe benadering begin by 'n positiewe beeld van die mens wat deur verbintenis met ander gekenmerk word (Dillen 2006:246). Kinders is aktief in 'n verhouding deurdat hulle 'n etiese beroep doen op ouers, wat behels dat ouers opgeroep word om op 'n verantwoordelike wyse op te tree. En hierdie verantwoordelikheid is nie beperk tot die beskerming en versorging van die kind nie, maar maak ook voorsiening vir die deelname van kinders (Dillen 2006:246). Juis om die versorger-perspektief (beskerming en versorging) sowel as die bevryder-perspektief (deelname) van kinderregte te bemiddel stel Annemie Dillen 'n heterogene aanspraak op verantwoordelikheid en “little goodness” voor wat verder as die regtediskoers strek (Dillen 2006:246). “Little goodness” verwys na daardie dinge wat mense vir ander doen wat verder strek as wat wetlik vereis word. “Little goodness” is die naam vir die konkrete interpersoonlike verantwoordelikheid wat mense vir die ander opneem. Dit maak mense bewus van die etiese dimensie in die sisteem en die konkrete etiese verantwoordelikheid waaraan die sisteem voorkeur gee (Dillen 2006:247).

Die regteperspektief sonder meer kan na Dillen se mening nie vertrou, intimiteit en sorg in verhoudinge voortbring nie. Die verantwoordelikheid om vir ander om te gee en vir ander goed te wees, behoort in verhoudinge aan die orde van die dag te wees. Op hierdie wyse kan kinderregte wat abstrakte beginsels is, menslik word (Dillen 2006:247). Teen hierdie agtergrond maak Dillen dit duidelik dat die aandrang op waardering en respek vir kinders se regte beteken om mense op te roep om die verantwoordelikhede op te neem

wat hulle reeds het, wat reeds teenwoordig is – lank voor enige vrye keuse om kinderrechte te respekteer of in te kort (Dillen 2006:249).

## 6. Ontwikkeling van intergenerasionele gesprekvoering

Omdat godsdienstige gemeenskappe tot die weinige strukture in die samelewing behoort waar kinders en grootmense op 'n gereelde basis saam vergader, leen godsdienstige gemeenskappe hulle uitstekend tot gesamentlike onderrig waar gelyktydig aan kinders en volwassenes insake interpersoonlike verhoudinge, beginsels en waardes leiding gegee kan word. Hier is die uitdaging aan Praktiese Teologie om by te dra tot die ontwikkeling van die teorie en praxis van intergenerasionele gesprekvoering waarin alle betrokke partye, kinders ingesluit, aktief kan deelneem en gehoor word.<sup>325</sup> In 'n konteks waarin die teologiese gemeenskap poog om die waardes van gelykheid, respek, sosiale geregtigheid en nie-diskriminasie in die samelewing se interaksie met kinders te bevorder, kan grootmense uitgedaag word om die eensydige uitoefening van mag en kontrole prys te gee en in plaas daarvan 'n praktyk te inisieer om met kinders te praat, na hulle te luister en hulle in besluitnemingsprosesse te betrek (vgl. Roche 2004:272). Op dié wyse kan kinders dan ook in besluitnemingsprosesse en ontwikkelingsinisiatiewe as vennote behandel en waardeur word – wat op sigself weer daartoe kan lei dat hulle hierdie waardes in interaksie met ander naboots.<sup>326</sup>

## 7. Fasilitering van interdisiplinêre dialoog

In dialoog met die interdisiplinêre veld van Kinderstudie kan Praktiese Teologie die verstaan van kinders as deel van 'n ekosisteem bevorder deur problematiese maatskaplike kragte uit te wys wat die welsyn van sowel kinders as grootmense negatief affekteer. Sodoende kan die interafhanklikheid van volwassenes se lewens en dié van kinders

---

<sup>325</sup> Unicef belig religieuse gemeenskappe se tradisies van intergenerasionele uitruiling van kennis en geloof as effektiewe middele om strukture en verhoudinge binne gemeenskappe volhoubaar te maak en in stand te hou (Unicef 2012:11).

<sup>326</sup> Teenoor 'n perspektief waar kinders op 'n positiewe wyse bejeën en as vennote erken word, word die heersende diskussie oor kinders in Suid-Afrika primêr deur negatiewe betoë en taalgebruik gekenmerk, waardeur kinders gemarginaliseer en tot probleem verklaar word. Selfs kinders wat in werklikheid in gevaar verkeer, word heel dikwels as 'n bedreiging vir die grootmense se kerk en/of samelewing beskou! Die fokus is dus bloot op die individuele kind met probleme, en nie op die maatskaplike omgewing nie – 'n situasie wat geensins vir gesonde ontwikkeling bevorderlik is nie.

beklemtoon word. Om opnuut na te dink oor kinders en hul plek en rol in hul gemeenskappe en die breër samelewing kan sowel grootmense as kinders aanspoor om die eendersheid van menswees asook gemeenskaplike uitdagings en sorgte te ontdek en te bedink.

#### 8. Ondersteuning aan families

In kinderregte word families erken as die instansie wat primêr vir die versorging van kinders verantwoordelikheid dra. Volgens die UNCRC is die staat die primêre draer van die verpligting om families by te staan in die nakom van hul verantwoordelikhede en om te verseker dat families en gemeenskappe as die voorste linie in kindersorg en as 'n veiligheidsnet vir hul beskerming optree. Alle maatskaplike dienste van die staat is dus op die behoud en versterking van families gerig. Teologie met sy ryke begroning van familiewees in die konteks van die verhoudinge tussen God en mens en mens tot mens is saam met die godsdienstige sektor wat oor sterk sosiale netwerke beskik, vanselfsprekend uitstekend geposisioneer om die owerheid in dié verband by te staan. By wyse van gesprekvoering oor die betekenis van familiewees, berading en vaardighedsopleiding kan Teologie in sy drie aksiedomeine 'n wesenlike rol vervul om paartjies vir die huwelik, gesinsbeplanning en ouerskap voor te berei.<sup>327</sup> Verder kan sosiale netwerke tussen families gevestig en versterk word. Hierdie netwerke kan help met die voorsiening van ondersteuning en hulpbronne waar dit benodig word.

#### 9. Funkionering as kritiese gespreksgenoot

Teologie kan die rol van 'n kritiese gespreksgenoot vervul waar dit oor die verstaan van kindskap, kinderswelsyn en -regte gaan en in die wyse waarop 'n kultuur van respek teenoor kinders in die samelewing bevorder kan word. Verskeie internasionale teoloë het reeds hierdie kritiese rol opgeneem ten opsigte van die eensydige beklemtoning van kinders se agentskap wat daartoe mag lei dat volwassenes hulle verantwoordelikheid vir die versorging en onderrig van kinders onderspeel (vgl. Bunge 2010:340; Miller-McLemore 2010b:45). Op hierdie kritiese wyse van omgaan met standpunte in die breër

---

<sup>327</sup> Op hierdie wyse kan Teologie tot die implementering van kinders se reg op 'n familie-omgewing bydra. In die aanhef van die UNCRC (1989) word erken "... that the child, for the full and harmonious development of his or her personality should grow up in a family environment, in an atmosphere of happiness, love and understanding".

interdissiplinêre veld van Kinderstudie kan Teologie ’n genuanseerde perspektief bied oor hoe ’n kultuur van “adultism” op ’n holistiese wyse getransformeer kan word.

#### 10. Bydrae tot sosiale transformasie

Praktiese Teologie kan bewustheid kweek dat elke subdissipline in Teologie verantwoordelik is om die Christelike Teologie met die Christelike praktyk in die kerk en publieke lewe in verband te bring (Osmer 2008:238). Teologie in sy geheel behoort rigting aan te wys wat sosiale transformasie betref (Osmer 2008:238-239). Een strategie wat hier van belang mag wees is om in die opleiding van studente, voornemende leierskap ontvanklik te maak en toe te rus om kinders by te reken in die wyse waarop hulle teologie beoefen en hul leierskapsrol gaan vervul. In die publikasie *Partnering with Religious Communities for Children* voorsien Unicef ’n uiteensetting van die potensiële rolle van religieuse rolspelers (Unicef 2012:9). Internasionale en nasionale geestelike leiers word in hierdie uiteensetting beskryf as sigbare, goed-gerespekteerde publieke figure, meningsvormers met kulturele en politieke invloed, sowel as denkende leiers wat geloofstekste interpreteer en idees versprei. Hulle invloed kan geloofs- en geografiese grense oorskry. Hul potensiële rolle word gesien as ’n morele stem, die benutting van ’n platform om hul volgelinge en ander te beïnvloed en te lei. Hierdie internasionale en nasionale leiers kan hul volgelinge direk bereik of deur plaaslike leiers via denominasionele hiërargieë waar dit bestaan. Hulle kan ook saam met beleidmakers voorspraak doen (Unicef 2012:9; vgl. Unicef 2010:28-29).

In die beskrywing van plaaslike gemeentes en leiers in bogenoemde Unicef publikasies word die diepgaande oorsprong en bande wat gemeentes met gemeenskappe het belig asook die realiteit dat dit gereelde vergaderplekke vir lidmate is. Plaaslike leiers is dikwels ook gemeenskapleiers wat vertrou word en soms ook nasionale beleid kan beïnvloed. Plaaslike geestelike leiers word gesien as effektiewe veranderingsagente wat gemeentes kan mobiliseer deur denke, gesindhede en gedrag te beïnvloed, aksies te inspireer en vir kinders voorspraak te doen (Unicef 2012:9; vgl. Unicef 2010:4, 32-35). Voorts kan leierskap dialoog bevorder en vir die lidmate van gemeenskappe prioriteite stel. Unicef wys in die publikasie dat 74% van mense in Afrika geestelike leiers uitgewys het as die groep wat hulle die meeste vertrou (Unicef 2012:11). Benewens die feit dat

geestelike leiers sosiale waardes vorm en verantwoordelike gedrag bevorder wat die waardigheid en heiligheid van lewe respekteer, hou Unicef verdere kenmerke van leiers voor wat tot die welsyn van kinders aangewend kan word (Unicef 2012:11-12). Baie geestelike leiers is vaardige en invloedryke kommunikeerders wat die harte en gedagtes van miljoene mense kan bereik op maniere waartoe humanitêre rolspelers nie in staat is nie. Omdat hulle meer toegang tot die familie en persoonlike sferes het as die meeste rolspelers van die buitewêreld, kan geestelike leiers as 'n belangrike kommunikasiekanaal vir sosiale verandering en transformasie dien. In situasies van konflik laat die morele invloed en vertroue wat leiers van religieuse gemeenskappe geniet hulle toe om 'n betekenisvolle rol in bemiddeling en versoening te vervul asook om vir die spesiale behoeftes in die beskerming van kinders en ander kwesbares voorspraak te doen. Geestelike leiers voorsien verder spirituele ondersteuning en stabiliteit, wat kan help dat mense se psigososiale behoeftes in omstandighede van teenspoed bevredig word. Ook geestelike leierskap wat in akademiese instellings gevestig is se rol word pertinent belangrik (Unicef 2012:59; Unicef 2010:30-31).

Teoloë en geestelike opvoeders speel 'n belangrike rol in die artikulering en verspreiding van geloofsoortuigings en leringe van geloofsgemeenskappe en dwing sodoende respek af. Hoofstroomteoloë kan 'n kragtige medium wees in die verandering van gesindhede en gedrag, veral van die studente wat hulle oplei. As opvoeders, en in sommige tradisies as regsgeleerdes, kan hulle die basiese konsepte en beginsels van kinderrechte ondersoek en interpreteer en die relevansie daarvan vir religieuse gemeenskappe en hul geloofstelsels demonstreer. Hulle word voorgehou as sleutelrolspelers in die konfrontering en verandering van sosiale norme wat skadelik vir kinders is, maar as 'n religieuse opdrag van die gemeenskap beskou word (Unicef 2012:59).

Samevatting impliseer die bespreking tot dusver dat die akademie van Praktiese Teologie in dialektiese interaksie met kerk en samelewing 'n dringend noodsaaklike rol te vervul het in die bevordering van kinderrechte. In haar boek oor werkende en straatkinders wys Judith Ennew op twee basiese waarhede om in gedagte te hou wanneer daar met kinders gewerk word, naamlik (Ennew 2000:7):

- Die vernaamste hindernis in die weg van suksesvolle programme is mense se eie denkhouding;
- Die vernaamste hulpbronne in enige projek is kinders self.

In die nadenke oor die godsdienstige sektor se rol ten opsigte van kinders, kinderswelsyn en -regte is dit raadsaam om hierdie twee stellings ter harte te neem. Wanneer dit ingedagte gehou word as 'n fundamentele oriëntering in die interaksie met kinders, word betekenisvolle verskuiwings in die denke en praktyk ten opsigte van kinders moontlik. Voorbeelde van sodanige verskuiwings is: van kinders in beheerde hiërargiese verhoudinge na kinders in vennootskap; van kinders as bloot passiewe objekte van besorgdheid na handelende subjekte en/of deelnemers in bediening-, navorsing- en ontwikkelingstrategieë; van 'n fokus op probleme na die identifisering en ontwikkeling van vaardighede en gesindhede wat óf reeds by kinders aanwesig is óf wat hulle benodig ten einde nou en in die toekoms op 'n positiewe manier deelnemers te wees in die godsdienstige sektor en die breër samelewing; van intervensies uitsluitlik op grond van afwykende en negatiewe aspekte (in godsdienstige terme as sonde verstaan) by die individuele kind na intervensies wat positiewe uitkomst van die kind se lewe insluit; van die siening dat kinders bloot gehoorsaamheid aan hul ouers verskuldig is na die insig dat ouers eweneens hul kinders moet respekteer; van bloot individuele gevallewerk na die insluiting van gemeenskapgebaseerde intervensies; dus van 'n primêre fokus op nasorg (die hantering van kinderswelyngevalle soos aangemeld) na 'n verbintenis tot voorkoming en vroeë intervensie in die beste belang van kinders (Yates 2010:167-168).

Bogenoemde uitdagings ten opsigte van die teologiese gemeenskap as 'n sosiale vennoot in die bevordering van kinderswelsyn en -regte hou bepaalde implikasies in vir die beoefening van Praktiese Teologie aan Skole van Teologie en Godsdien.

## 5.4 Implikasies vir die beoefening van Praktiese Teologie aan Skole van Teologie en Godsdien

Die argument word vervolgens gevoer dat die akademie van Praktiese Teologie 'n betekenisvolle bydrae tot Teologie se aktiewe betrokkenheid by die saak van kinders en hul regte kan lewer indien 'n derde publiek-modus van teologiese interpretasie aangeneem word. 'n Derde publiek-modus word voorgelê as die beginpunt om 'n fokus op kinders en hul regte in die onderskeie teologiese publieke (akademie, kerk en samelewing) en/of domeine (individuele, institusionele en publieke Christenskap) te integreer. In hierdie afdeling word eerstens die betekenis en aard van 'n derde publiek-modus verduidelik; tweedens word die transformering van 'n kultuur van “adulthood” bespreek; derdens die erkenning van kinders as aktiewe medeskeppers in God se voortgaande skeppingsverhaal; en ten slotte word uitdagings vir die akademie van Praktiese Teologie geïdentifiseer.

### 5.4.1 *Derde publiek-modus van prakties-teologiese interpretasie*

In prakties-teologiese teorie word nadruk daarop gelê om in prakties-teologiese interpretasie die onderskeie domeine of teologiese publieke te integreer, ook en veral vir sover dit met die kwessie van kinders verband hou. Om hierdie nadruk werklik ernstig te neem sal inhou dat die algemeen voorkomende leemte in prakties-teologiese interpretasie aangepak word – die leemte wat Gerben Heitink geïdentifiseer het en wat bepaaldelik met die domein van godsdien en samelewing te make het:

The third action domain to be distinguished within practical theology is that of the Christian presence in society. This is sometimes referred to as a form of “public Christianity”, which is still visible in society in spite of the modernising process. This is the least developed of the three action domains. Practical theology has in the past always been firmly inward-looking, in spite of what the “grand narratives” might suggest (Heitink 1999b:292).

In Suid-Afrika is hierdie fokus op die derde publiek – die burgerlike samelewing of die samelewing in die algemeen – reeds deur sommige teoloë ontwikkel (Yates & Swart 2010:237-238). So 'n fokus op die derde publiek word byvoorbeeld aangetref in Bernard

Lategan se artikel, “Taking the third public seriously”, waar hy hierdie fokus as ’n sleutel beskou om die wisselwerking tussen godsdiens en die breë samelewing van Suid-Afrika te bevorder (Lategan 1995:217-230). Lategan gaan voort deur te sê dat die manier of modus waarop Teologie beoefen word krities belangrik is as dit doeltreffend wil reageer op die uitdaging om die lewe in die openbare sfeer op proaktiewe wyse te beïnvloed en te vorm (Lategan 1995:221). Hierdie opmerking lei daartoe dat hy met ’n voorstel kom vir ’n interaktiewe en konstruktiewe wyse van teologiese gesprekvoering in die openbare arena. Die teologiese gesprek sal, aldus Lategan, inklusief en nie-voorskriftelik moet wees; deur ’n interaktief-deelnemende styl gekenmerk moet word; in staat moet wees om bewys van hermeneutiese bevoegdheid te lewer; ’n dienende modus moet aanneem; en konstruktief moet wees in die sin van gewilligheid om uit te reik, opbouend te wees, verantwoordelikheid te aanvaar en in vennootskap met ander ’n moontlike plan van aksie te konstrueer (Lategan 1995:227-228). Uiteindelik sal die teologie in hierdie modus van die derde publiek “sekulêr” moet word in die sin dat dit nie langer ’n gesprek sal wees wat in herkenbare teologiese taalgebruik geformuleer is nie.

In sy respons op Lategan se voorstel vir ’n derde publiek-modus van teologiese betrokkenheid stel Ignatius Swart die vraag of hierdie voorstel dalk ook die sleutel bied om die heersende gebrek in teologiese denke oor die strategiese rol van die kerk in die aanpak van die probleme van armoede en onderontwikkeling in Suid-Afrika te bowe te kom (Swart 2004:475-491). Hierop antwoord Swart bevestigend. En omdat kinders regstreeks deur die probleem van armoede en onderontwikkeling geraak word, stel hy voor dat teoloë die gedagte van die derde publiek as hermeneutiese sleutel ook sal aanwend om die kwessie van kinders, hul maatskaplike konteks en hul regte in die Suid-Afrikaanse samelewing op die voorgrond te plaas. Daartoe sal die teologiese diskussie egter die bepaalde modus en styl moet aanneem wat nodig is om ’n konstruktiewe rol in die burgerlike samelewing te vervul (vgl. Johnson 2003:164-166).

Swart gaan dan egter verder as die punt wat Lategan wou maak deur die eksplisiete argument te voer dat die derde publiek as hermeneutiese sleutel die ander twee publieke nie uitsluit nie, maar dat daar intendeel eerder wisselwerking tussen die onderskeie publieke sal wees (Swart 2004:490-491). Vir Praktiese Teologie se betrokkenheid by die



kwessie van kinderrechte hou dit verskeie implikasies in. Die eerste publiek – die akademiese wêreld – kry dan ’n wesenlike rol in die ontwikkeling van ’n kurrikulum wat reg sal laat geskied aan wat in die derde publiek-modus en in die werklike bemagtiging van kerke en hul leierskap vereis word ten einde effektief ’n rol te vervul in die kwessie van kinderrechte. En in die tweede publiek – die gemeenskap van gelowiges of kerk – behoort daar dan, met die nodige hulp van die eerste publiek, besinning aan die gang te kom oor die wyse waarop geloofsgemeenskappe ’n motiveringsrol kan vervul en houdings, gedrag en eng, versmalde opvattinge oor kinders en hul regte kan uitdaag en verander. Hier, in die tweede publiek, is dit van kardinale belang dat daar nie maar net besin sal word oor geloofsgemeenskappe se rol en verantwoordelikheid ten opsigte van die kinders wat tot hul eie kring behoort nie, maar oor die welsyn van alle kinders in Suid-Afrika. Dit beteken dat kerke se bediening nie bloot ’n “geestelike” dimensie sal behels nie, maar ook ’n sosiale en politieke dimensie (vgl. Mette 2003:40). Nogtans bly die derde publiek-modus steeds die sleutel om ’n vorm van spiritualiteit en morele diskussie aan te neem wat sosiaal relevant is en sensitief kan reageer op die uitdaging van kinders se sosio-politieke kontekste en regte (vgl. Swart 2004:491). ’n Wesenlike uitdaging vir Praktiese Teologie in die domein van godsdiens en samelewing as sulks is om ’n kultuur waar kinders nie na waarde geag en behandel word nie, te konfronteer en uit te daag.

#### ***5.4.2 Transformerings van ’n kultuur van “adulthood”***

’n Kultuur van “adulthood” wat kinders se vermoëns en agentskap in kerk en samelewing ondermyn of onderwaardeer, sal uitgedaag moet word. Dit sal egter moet geskied sonder om kinders op so ’n wyse te idealiseer dat dit volwassenes se verantwoordelike besef om kinders te leer en te lei verswak (vgl. Bunge 2010:340; Miller-McLemore 2010b:45). Hierdie uitdaging het te make met die bemiddeling van die nuwe hermeneutiek van luister in die hantering van basiese spanning of polariteite in die komplekse leefwêreld van kinders. Aan die een kant is dit lofwaardig dat hierdie nuwe aksent in Teologie wat oor kinders se agentskap en deelname as ’n globale publieke kwessie nadink – ’n positiewe perspektief op kinders se waarde – die sosiale insluiting van kinders in kerk en samelewing ondersteun. Aan die ander kant moet gewaarsku word teen die

idealiserings en romantisering van kinders op so 'n wyse dat dit die verhoudings waarin kinders staan, kan benadeel.

Praktiese Teologie het dus die taak om die kultuur van “adultism” te transformeer tot 'n kultuur wat die volledige menswaardigheid, spirituele wysheid, sterktes en gawes van kinders respekteer, terwyl kinders se behoefte aan leiding en voortgaande morele vorming asook hul kwesbaarheid en sorgbehoewendheid terselfdertyd erken word (vgl. Bunge 2010:341). Christen-teoloë word dus uitgedaag om, in die lig van kinders se waarde en bydrae, 'n hermeneutiese ellips in prakties-teologiese interpretasie te aanvaar waar die luister na die stem van kinders binne die raamwerk van hul ontwikkelende kapasiteite die een spilpunt vorm; en die respons van volwassenes en die samelewing die ander (vgl. Wall 2010b:251-254). Op dié wyse word sowel die kind se eie perspektief as die volwassene se verantwoordelikheid teenoor 'n kind, in interaksie met mekaar, in die ellips geakkommodeer.

Hierdie fokus op diepgaande verandering sal van die akademie van Praktiese Teologie vereis om die insluiting van die kind in al drie domeine van individuele godsdienstbeoefening, institusionele geloofsvorming en Christelike verantwoordelike burgerskap in die publieke lewe te bevorder en om die domeine in nouer interaksie met mekaar te bring. Moontlik kan 'n perspektief op Praktiese Teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap (vgl. Heyns & Pieterse 1990; Pieterse & Dreyer 1995:31; Dreyer 1999:47), fokus plaas op kinders se kommunikatiewe handeling wat in diens van God se voortgaande skeppingsverhaal strek.

#### ***5.4.3 Kinders as medeskeppers in God se voortgaande skeppingsverhaal***

Die vraag kom na vore wat 'n verstaan en beoefening van Praktiese Teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap in die konteks van God se voortgaande skeppingsverhaal impliseer vir die wyse waarop kinders in Teologie beskou en hanteer word? Anders gestel, laat die wyse waarop kinders in Teologie beskou en hanteer word toe dat hulle deelname (deur hul kommunikatiewe handeling) aan God se voortgaande skepping erkenning geniet en tot volle reg kom? (Vgl. Wall 2007a:60-62). Dit mag daarom belangrik wees om, soos John Hull argumenteer, die kind as geskenk met die

skepping te verbind (Hull 2007:185-192). Volgens Hull is dit belangrik om skepping dan óók as 'n gawe te sien. Daarom, nie net die kind nie, maar alles/die hele wêreld is 'n geskenk (Hull 2007:188). Vir Hull is dit verder belangrik om skepping nie slegs in die verlede tyd te sien nie, maar om te erken dat skepping ook die teenwoordige en toekomstige tyd insluit – skepping dus as 'n voortgaande geskenk (Hull 2007:189, 191). Volgens hom is die implikasie van hierdie insigte vir 'n verstaan van die kind gegrond in die oortuiging dat die kind, soos enige ander mens, medeskepper van 'n meer menslike samelewing is, in die hede, maar as sodanig ook simbolies in die toekoms. Sy argument lui:

God creates through creating creativity. We also are creators, and the child is a creator. Genuine creativity is a mirror of the divine creativity. Human creativity, of course, is narrowed by the human finitude, and constrained by the inheritance of the previous creation. Nevertheless the creativity of the child possesses originality, freedom and delight. It is the same creativity as appropriate to a created creativity as the supreme and unsurpassable creativity possessed by God ... This means that any attempt to suppress the creativity of the child is blasphemous. I am not referring to attempts to nurture, or to guide, or to teach the child how to be creative, but I am speaking of the forces that would translate the child into a consumer, a commodity, a creature of desire rather than a creature of creative love ... Finally we should consider the concept of creation as gift not only in the past tense and the present but in the future ... In the light of this, we may regard the child as a symbol of the future. The child, the young child, in its playfulness, its complete reliance on its family, in its freedom from the money culture, is indeed something of an ideal in which we seek to guide our whole society. So when we nurture the child in its creativity, we also nurture ourselves, as we move all humanity one tiny step forward (Hull 2007:190-191).

Praktiese Teologie het 'n fundamentele bydrae te lewer om toe te sien dat kinders in hul kreatiwiteit gekoester en ingesluit word in die proses van prakties-teologiese interpretasie in die konteks van God se voortgaande skeppingsverhaal. Transformerings van 'n kultuur om kinders meer welkom te laat voel, in te sluit en aktief te laat deelneem kan in gemeentes en ruimtes in die samelewing bevorder word deur aandag te skenk aan die integrering van 'n perspektief op kinders en kinderregte in prakties-teologiese opleiding. Dit sal nodig wees om aandag te skenk aan uitdagings wat met prakties-teologiese

navorsing, opleiding en interaksie met die gemeenskap as die drie sleutelaktiwiteite in die konteks van hoër onderwys gepaardgaan.

#### ***5.4.4 Uitdagings vir die akademie van Praktiese Teologie***

Op grond van die konseptualisering van Praktiese Teologie se bydrae tot Teologie se betrokkenheid in die bevordering van 'n diskoers en praktyk wat kinders se welsyn en regte promoveer, word uitdagings vir die akademie van Praktiese Teologie vervolgens geïdentifiseer. Hierdie uitdagings hou grootliks verband met die sosiale insluiting van kinders in die denke en praktyke van praktiese teoloë wanneer navorsing onderneem word, leiers opgelei word en daar interaksie met gemeenskappe is. Die voorafgaande drie implikasies, naamlik 'n derde publiek-modus van prakties-teologiese interpretasie, die transformering van 'n kultuur van “adultism” en 'n waardering van kinders as medeskeppers in God se voortgaande skeppingsverhaal is sleuteluitgangspunte wat in die uitdagings aan die akademie van Praktiese Teologie gereflekteer sal word.

##### *(i) Prakties-teologiese navorsing met kinders*

Teologie kan die regering se pogings om kinders se welsyn en regte te bevorder komplementeer deur bewustheid van 'n benadering tot kindskap wat op gedeelde menslike waardes gebaseer is te wek, te bepleit en te bevorder, en hierdie benadering deur wetenskaplike navorsing te staaf (Yates 2010:165). Die UNCRC beskik oor 'n navorsingsagenda wat implisiet op regte gefokus is en wat regtegebaseerde riglyne voorsien vir die ontwerp, uitvoering, analise en verslaggewing van navorsing. In sy artikel, “Treating children like people: A framework for research and advocacy”, lewer Gary B. Melton 'n pleidooi om in die konteks van navorsing die nodige respek vir kinders as persone te behou en te bevorder (Melton 2005:646-657). Hy maak die stelling, “The approach to research should itself be consonant with respect for participants’ dignity” (Melton 2005:649). Sodanige respek vir kinders in die navorsingsproses impliseer nie alleen beleefdheid teenoor hulle nie, maar ook om vir hulle ruimte vir hul medesegenskap te skep (Melton 2005:650).

In die konteks van kinderregte word Praktiese Teologie uitgedaag om geleenthede vir navorsing te skep wat nie slegs oor kinders handel nie, maar ook saam met hulle

ondernem word. Die UNCRC beklemtoon dat dit in baie gevalle net kinders self is wat kan bepaal of hul regte ten volle erken en gerealiseer word. Onderhoude met kinders en hul benutting as medenavorsers (met die nodige beveiligingsmaatreëls) is waarskynlik die beste manier om byvoorbeeld vas te stel in watter mate hul burgerregte, insluitend die krities belangrike reg uiteengesit in Artikel 12, naamlik die reg om hul sieninge te laat hoor en te laat oorweeg, met die nodige respek binne die familie, in skole, ensovoorts, bejeën word (CRC 2003:12).

Navorsing kan 'n belangrike manier wees om na die stem van kinders te luister en die resultate daarvan in die proses van prakties-teologiese interpretasie te integreer. Op dié wyse kan Praktiese Teologie primêre navorsingsdata oor kinders genereer sonder om slegs op sekondêre data van ander dissiplines staat te maak. Sodoende kan prakties-teologiese navorsing Teologie in dialoog bring met ander dissiplines soos die sosiale en geesteswetenskappe, en so tot inter- en transdissiplinêre navorsing bydra. Kreatiewe metodes van data-insameling in navorsing saam met jonger kinders sal egter met groot sorg geselekteer moet word ooreenkomstig kinders se ontwikkelende kapasiteite (vgl. Save the Children 2004). 'n Belangrike beginsel in navorsing wat saam met kinders ondernem word, is, soos vermeld, om kinders met respek en op eties verantwoordbare wyse te behandel (Melton 2005:646-657; vgl. Alderson & Morrow 2011). Verder sal navorsers versigtig moet wees om navorsingsbevindinge nie te veralgemeen nie – veral in gevalle van kwalitatiewe navorsing wat konteksspesifiek is. Besondere aandag is nodig vir die diversiteit van kinders se individuele identiteit en ervarings, dus vir die heterogeniteit van kindskap. Die implikasie hiervan is dat nie slegs aan die waarde van kinders in die algemeen aandag gegee word nie, maar dat dit aangevul word deur nadenke oor die bydrae van elke individuele kind. Die luister na kinders kan ingeoefen word, en wat individuele kinders te bied het kan verken word deur gebruik te maak van kwalitatiewe gevallestudie navorsing waar op die in-diepte beskrywing van een of meer individuele kinders gefokus word (vgl. Fouché & Schurink 2011:322).

Wanneer prakties-teologiese navorsing daarop gemik is om die deelname van en die luister na kinders in verskeie kontekste te verbeter, sal dit verder belangrik wees om 'n relasionele fokusperspektief te gebruik (vgl. Kitching 2010; Dillen 2006:237-250).

Die oogmerk hiermee is nie net om kinders in staat te stel om hul mening te lug nie, maar ook om volwassenes te sensiteer vir die reg van kinders om deel te neem asook om aan te toon hoe kinders se aktiewe deelname tweerigting volwassene-kind verhoudinge kan versterk (vgl. Dillen 2007b:91-101; Melton 2005:646-657). Dillen beweer dat die erkenning van die wedersydse gee en ontvang in ouer-kind verhoudinge – en in die konteks van hierdie studie die gee en ontvang in volwassene-kind verhoudinge – allerbelangrik is vir ’n sinvolle bespreking van die luister na kinders, regverdigde verhoudinge en verantwoordelike optrede (Dillen 2007b:100). Dillen vervolg dan deur teologie beoefening in vennootskap met kinders voor te hou as een manier om kinders as individue en hul eiesoortige bydraes ernstig te neem (Dillen 2007b:101).

Die resultate van navorsing wat verband hou met die waarde van kindskap en van individuele kinders se lewensomstandighede soos deur hulleself ervaar en verwoord, kan as inligting benut word in prakties-teologiese kurrikulumontwikkeling en in die fasilitering van onderrig en leer. ’n Grondige kennis van wat werklik in die lewens van kinders aan die gebeur is – veral soos deur kinders self verwoord – kan Praktiese Teologie ook in interaksie met Christelike kerke en organisasies in die burgerlike samelewing help om in vennootskap met kinders konstruktief betrokke te raak in probleemareas wat die lewensomstandighede van so baie kinders negatief affekteer. ’n Fokus op probleemareas mag egter nie geskied sonder ’n bewustheid van kinders se positiewe verhale van weerstandsvermoë, veerkragtigheid en sosiale agentskaprolle in hul bepaalde lewenskontekste nie.

*(ii) ’n Fokus op kinders in prakties-teologiese onderrig en leer*

Teologiese opleiding en, primêr, die onderrig in Praktiese Teologie, sal geleentheid vir studente moet voorsien vir die ontwikkeling van grondliggende kennis (“to know”), praktiese vaardighede (“to do”) en refleksiewe houdings en bevoegdhede (“to be”) ten einde in die proses van prakties-teologiese interpretasie te kan meedoen (vgl. Unicef 2012:62-63). Die nuwe hermeneutiek van luister stel aan prakties-teologiese akademici die uitdaging om ook ’n fokus op kinders in die opleiding van voornemende leiers in die kerklik-godsdienstige veld in te sluit. Die integrasie van kinders en kindskap as ’n fokusarea oor die hele spektrum van teologiese subdissiplines heen hou verskeie

implikasies in vir departemente van Praktiese Teologie: Die uitkomst op uitgangsvlak wat weerspieël watter soort leiers skole vir Teologie en Godsdienst graag wil lewer, en wat algeheel die kurrikulum van teologiese opleiding rig, sal deur die hele Departement van Praktiese Teologie in samewerking met die ander teologiese subdissiplines (her)beplan moet word (Osmer 2008:220); en hierdie samewerking om 'n fokus op kinders in te sluit sal van almal vereis om verby die “silo-mentaliteit” van die teologiese ensiklopedie te beweeg (Osmer 2008:220-221).

Die vlak van bevoegdheid in die onderskeie subvelde van Praktiese Teologie sal verhoog wanneer dit ingebed is in 'n verstaan van prakties-teologiese interpretasie wat deur alle departemente van Teologie gedeel word. Hierdie implikasie word onderskryf deur Heitink se pleidooi vir 'n “shift from the subdisciplines to a fundamental theory” van Praktiese Teologie (Heitink 1999b:256). Heitink waarsku dat “... total withdrawal in a speciality is at the expense of the unity of theology and leads to a fragmentation of knowledge” (Heitink 1999b:257). Hierdie fragmentering van kennis kan voorkom word as die student grondig georiënteer word in sowel teologiese teorie as metodologie. Daarmee kan studente gehelp word om primêr 'n algemene praktisyn (“generalist”) en dan eers 'n spesialis in Praktiese Teologie te wees, met kinders in prakties-teologiese besinning ingesluit (vgl. Heitink 1999b:256-257). Die integrasie in die opleiding van studente van die vier take van Praktiese Teologie soos deur Osmer verduidelik, beklemtoon ook die belang daarvan om studente op te lei in die vermoë van kruisdissiplinêre denke tussen Praktiese Teologie en ander teologiese dissiplines sowel as sosiale en geesteswetenskappe (Osmer 2008:222).

Verder, om studente op te lei in die vermoë om prakties-teologiese interpretasie te fasiliteer met die oogmerk van sosiale transformasie in die leefwêreld van kinders, impliseer dat aan die persoon van die student aandag gegee sal word (Osmer 2008:222-223). Deur van refleksiewe pedagogieë gebruik te maak kan studente gehelp word om krities na te dink oor hul eie sienings van kindskap en hoe dit hul houding, bereidwilligheid en openheid teenoor kinders – kortom, hulle luister na kinders – beïnvloed. Erns sal gemaak moet word met die bevordering van 'n tipe dosent-student

verhouding wat geleenthede vir onderrig, afrigting en mentorskap daarstel met diepgaande akademiese, professionele en persoonlike ontwikkeling en groei vir beide partye.

Die teologiese leerplan behoort voortdurend gevoed te word deur die ontwikkeling van 'n teologiese teorie oor kindskap. Die ontwikkeling van sodanige teologiese teorie kan en moet geskied deur dialoog met die ander teologiese dissiplines. 'n Kritiese respons daarop deur nie-teologiese gesprekgenote sal verder noodsaaklik wees vir die opskerpings van Christen-teoloë se bewustheid van die bydrae wat hulle kan lewer tot die aanpak van die sosiale uitsluiting van kinders en hul stem in kerk en samelewing. Dillen wys in dié verband die leemte in teologiese en Bybelse literatuur uit, naamlik dat nóg die weerstandsvermoë van kinders in situasies waar hulle weerloos en kwesbaar is, nóg die individuele kind se vermoë en worsteling om in solidariteit met ander kinders te oorleef, as sodanig erken word (Dillen 2007b:93). Verder gee sy toe dat Nuwe-Testamentiese tekste oor kinders nie sonder meer in 'n eietydse konteks of in resente teorieë van Kinderstudie toegepas kan word nie (Dillen 2007b:95). Gevolglik stel sy 'n kritiese heroorweging, 'n weerstandige leeswyse van die Nuwe-Testamentiese teks voor (Dillen 2007b:95). Hiermee word bedoel 'n manier van lees téén die teks in, oftewel die soeke na betekenis wat aan die lig kom vanuit die lees van die teks sowel as die kontras met die oorspronklike bedoeling van die teks.

Dillen se pleidooi vir so 'n kritiese, weerstandige lees van die teks word in die konteks van kinderregte aangebied as 'n gedugte uitdaging in die voortgaande kritiese ontwikkeling van 'n genuanseerde teologiese bydrae, in vennootskap met kinders, tot die saak van kinders en hul belange. Besondere aandag sal in teologiese opleiding aan hierdie uitdaging gegee moet word ten einde genuanseerde teologiese perspektiewe te genereer wat aan kinders se eie bydrae tot modelle van 'n navolgenswaardige geloof reg sal laat geskied. Wat meer is, studente sal begelei moet word om sodanige genuanseerde teologiese perspektiewe op kinders en kindskap te laat realiseer in die praktyk van luister na kinders en hul verhale, in so 'n mate dat dit uitdrukking gee nie slegs aan die probleme en krisisse waarmee kinders te kampe het nie, maar ook aan hul weerstandsvermoë te midde van teenspoed en hul proaktiewe agentskapsrol.



(iii) *Prakties-teologiese gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe in die beste belang van kinders*

As akademiese dissipline behoort Praktiese Teologie voortdurend in interaksie te wees met die kerklike publiek en die breër samelewing ten einde 'n proses van sosiale verandering in die beste belang van die kind te fasiliteer, en wel in alle sferes waar Teologie invloed het. Hierdie uitdaging aan Praktiese Teologie hou regstreeks verband met die wyse waarop die owerheid se Witskrif No. 3 oor Hoër Onderwys in Suid-Afrika (DOE 1997:3-6) die doel en beleidsuitkomstes van hoër onderwys in Suid-Afrika omskryf, naamlik om die transformasie, heropbou en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing te ondersteun en daartoe by te dra. Ten einde aan die gestelde doel van transformasie getrou te wees, sal praktiese teoloë die bydraes van hul dissipline en Teologie in die breë tot die akademie, kerk en samelewing opnuut in oënskou moet neem. Die vraag kan dus gestel word of praktiese teoloë die publikasie van akademiese boeke en artikels wat op die akademiese publiek gerig is, nie behoort uit te brei om hulpbronne te voorsien aan gemeentes en gemeenskappe wat aktief by sosiale transformasie betrokke is nie.

Gemeenskapsinteraksie as 'n sleutelaktiwiteit wat akademiese instansies verplig is om te onderneem, is regstreeks verbind aan ontwikkelingsagendas op internasionale, kontinentale, nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Gemeenskapsinteraksie dien as 'n sambreelbegrip vir verskeie institusionele vorme waarin sosiale verantwoordelikheid gestalte kry.<sup>328</sup> Dit kan plaasvind by wyse van gemeenskapgebaseerde navorsing,

---

<sup>328</sup> Ernest Boyer het in 1990 met sy boek *Scholarship Reconsidered: Priorities of the Professoriate* 'n merkwaardige bydrae gemaak om akademieskap te dekonstrueer sodat dit nie net 'n klem op navorsing en onderrig plaas nie, maar ook op 'n universiteit wat sy hulpbronne verbind met dringende sosiale, burgerlike en etiese probleme (in Hollander, Saltmarsh & Zlotkowski 2002:34). Hy het vier nodige en verbandhoudende vorme van akademieskap, naamlik akademieskap van ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig, voorgestel wat tesame bekend staan as 'n model van *Scholarship of engagement* (Lazarus, Erasmus, Hendricks, Nduna & Slamet 2008:60; HEQC & CHE 2006:10). In die lig van Boyer se bydrae word gemeenskapsinteraksie gesien as 'n wetenskaplike aktiwiteit wat van kritiese belang is vir beide die vorming van studente as verantwoordelike burgers en in die generering van kennis wat relevant en bruikbaar sal wees in die Suid-Afrikaanse konteks (HEQC & CHE 2006:10). Die benutting van diensleer, as onderrigmetodiek, word toenemend deur hoër onderwysinstellings benut om vir studente 'n kurrikulumgebaseerde, kredietdraende en sorgvuldig gestruktureerde opvoedkundige geleentheid te bied. Diensleer geleenthede gaan gepaard met relevante en betekenisvolle dienslewering in die konteks van 'n wederkerige vennootskap tussen die hoër onderwysinstelling, gemeenskap en studente, terwyl akademiese leer, sosiale verantwoordelikheid en refleksievermoë bevorder word (vgl. HEQC & CHE 2006:13-28; Fourie 2003; Lazarus 2001).

navorsing deur deelnemende aksie, professionele gemeenskapsdiens of diensleer (HEQC & CHE 2006:11). Die metodologie van diensleer in onderrig en leer wat in hoër onderwysinstellings beoefen word om die kernfunksies van navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie te integreer, kan vir die prakties-teologiese akademie geleenthede voorsien om wederkerige vennootskappe met kerke en die breër samelewing te vorm ten einde die publieke saak van respek vir kinderrechte te dien en die luister na kinders te beoefen (vgl. HEQC & CHE 2006). Met hierdie fokus op wederkerige vennootskappe met kerke en organisasies in die burgerlike samelewing ter wille van 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik om tot die gesonde harmonie van die Suid-Afrikaanse, Afrika- en globale gemeenskap by te dra, kan gemeenskapsinteraksie 'n voertuig wees om 'n derde publiek-modus in die beoefening van Praktiese Teologie te laat realiseer.

## 5.5 Slot

Die dissipline Praktiese Teologie, soos Teologie in die breë, word in Suid-Afrika vandag uitgedaag om betrokke te raak in die stryd om kinders se regte te verdedig en te bevorder. Op die grondslag van die realiteit van God se liefde wat elke handeling in die Christelike geloofsgemeenskap inspireer, behoort Teologie op sowel die vlak van diskussie as dié van praxis by die agenda van kinderrechte betrokke te raak. In die aanvaarding van hierdie uitdaging sal Praktiese Teologie se unieke rol in die betrokkenheid van Teologie by die kinderrechte-agenda voortdurend duidelike konseptualisering vereis. Wat in hierdie hoofstuk aangebied is, is die konseptualisering van die unieke bydrae van Praktiese Teologie wat vanuit 'n normatiewe kinderrechte en teologiese perspektief bepaalde verwagtinge insluit vir die wyse waarop Praktiese Teologie beoefen word.

Praktiese Teologie se taak is nie slegs om besorg te wees oor die regte van kinders en dit te promoveer nie; die taak sluit ook in om vanuit 'n perspektief op verhoudinge besorg te wees oor die verantwoordelikhede van ouers en ander sorgdraers om kinders se toegang tot hul regte moontlik te maak. In wese behoort die taak van Praktiese Teologie daartoe om 'n kultuur van “adultism” wat in verhoudinge, families, gemeenskappe en die samelewing op bepaalde wyses tot uitdrukking kom, in belang van kinders te transformeer. Vir so 'n verandering in mense se gesindhede, houdings, waardes en gedrag

teenoor kinders sal dit nodig wees om die gevestigde denkpatrone wat kinders se welsyn en regte benadeel of beperk voortdurend te ontbloot en te dekonstrueer. Praktiese Teologie sal in die konteks van die akademie hierdie taak met welslae kan behartig indien dit voortdurend in dialektiese interaksie met die ander subdissiplines van Teologie sowel as met die publieke van die kerk en burgerlike samelewing 'n teologie beoefening bevorder wat die bevryding van gemarginaliseerde kinders – en kinders se bevryding van negatiewe stereotiperings – in die visier het. Hierdie wyse van teologie beoefening mag impliseer dat 'n van-onder-na-bo beoefening van Teologie benodig word wat erkenning verleen aan die perspektiewe van kinders wat heel dikwels in die kerk en samelewing slagoffers van sosiale uitsluiting is. Hierdie beoogde wyse van teologie beoefening sal van Praktiese Teologie vereis om al drie domeine van Praktiese Teologie te bevorder en hulle in nouer interaksie met mekaar te bring in soverre dit die regte van kinders en die heil van die samelewing in die geheel wil dien.

In Hoofstuk 6 word vervolgens aandag gegee aan die persepsies en begrip vanuit die akademie van Praktiese Teologie as eerste publiek ten opsigte van die huidige en 'n geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.

## HOOFSTUK 6

### **PERSEPSIES EN BEGRIP VANUIT DIE AKADEMIE AS EERSTE PUBLIEK: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK**

#### **6.1 Inleiding**

In die voorafgaande hoofstukke is 'n proses van prakties-teologiese interpretasie gevolg om die bydrae van Praktiese Teologie tot Christelike Teologie se betrokkenheid in die bevordering van die saak van kinders en hul regte te konseptualiseer. In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die empiriese ondersoek wat op die konseptuele fase gevolg het pertinent aan die orde gestel.

Soos in Hoofstuk 1 vermeld, is hierdie ondersoek onderneem onder geregistreerde lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika (hierna WPTSA). Ooreenkomstig die navorsingsdoel van hierdie studie in sy geheel, was die oogmerk van die empiriese ondersoek om vas te stel of en op welke wyse Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die eerste teologiese publiek, die akademie, 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van 'n diskoers en praktyk ten opsigte van kinderrechte in Suid-Afrika.

Hierdie hoofstuk begin deur 'n kort oorsig te gee van die navorsingsmetodologie wat in die empiriese studie gevolg is. In 'n tweede afdeling word die resultate van die eerste kwantitatiewe fase aangebied. Die derde afdeling bied 'n verslag van die bevindinge van die daaropvolgende kwalitatiewe fase aan die hand van twee temas met gepaardgaande sub-temas wat vanuit die analisering van die data geïdentifiseer is. In die vierde afdeling vind die vermenging van die twee datastelle plaas om die teenstrydighede/verskille uit te lig wat in die twee datastelle na vore kom en aandag behoort te geniet indien Praktiese Teologie 'n aktiewe rol in die promovering van kinders se regte wil speel. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking, gegrond op die bevindinge van die empiriese ondersoek en die kontrolering daarvan aan die hand van literatuur, ten einde 'n oproep tot aksie aan die akademie van Praktiese Teologie te rig.

## 6.2 Navorsingsmetodologie

Reeds in Hoofstuk 1 is die studie metodologies verantwoord.<sup>329</sup> Die kernaspekte van die metodologiese verantwoording word vervolgens kortliks belig om die nodige agtergrond vir hierdie hoofstuk te voorsien. Die empiriese ondersoek is gestruktureer volgens die gemengde-metode navorsingsontwerp waarvolgens kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes gekombineer word (Creswell 2009:204). Die opeenvolgende transformasie-strategie tot gemengde metode-navorsing<sup>330</sup> is gevolg om die projek in twee fases te struktureer. Dit het geskied ooreenkomstig die twee navorsingsmetodes, met die teoretiese lens van Richard Osmer (2008) se vier take van prakties-teologiese interpretasie en David Tracy (1981) se drie publieke van teologiese betrokkenheid wat die opeenvolgende prosedures logies rig en verbind (vgl. Creswell 2009:212-213).<sup>331</sup>

Die motivering vir die gebruik van hierdie ontwerp en strategie was om die posisionering van kinders en hul regte in die proses van prakties-teologiese interpretasie te dien. Deur hierdie ontwerp en struktuur te volg, is 'n modus van prakties-teologiese interpretasie in die navorsingsprojek aangewend wat, ooreenkomstig die transformasiedoel van beide Praktiese Teologie en kinderregte, daarna streef om 'n oproep tot aksie te stimuleer in belang van kinders wat slagoffers van ongelykheid, diskriminasie en onreg is.

'n Gemengde-metode navorsingsontwerp wat volgens 'n opeenvolgende transformasie-strategie gestruktureer word, steun die advokaatskap<sup>332</sup> en deelnemende (of bevrydende) filosofie waar navorsing onderneem word met die doel om vir 'n aksie-agenda voorspraak te doen ten einde veral gemarginaliseerde mense van hulp te wees (vgl. Creswell 2009:9). In die beplanning van hierdie navorsingstudie is besluit om 'n kerngroep teologiese leiers werksaam in akademiese instellings of gemeentes, wat 'n betekenisvolle rol in die bevordering van kinders se lewens kan speel, aan die studie te

---

<sup>329</sup> Sien Afdeling 1.5 vir 'n volledige uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is.

<sup>330</sup> Die opeenvolgende transformasie-strategie tot gemengde metode-navorsing is in Hoofstuk 1 onder Afdeling 1.5 verduidelik.

<sup>331</sup> In die voorafgaande hoofstukke is die bydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul regte aan die hand van Osmer (2008) se prakties-teologiese interpretasiemodel en Tracy (1981) se drie publieke gekonseptualiseer.

<sup>332</sup> Die term "advokaatskap" dui op die voorspraak van 'n pleitbesorger wat vir ander intree.

laat deelneem, veral om hul sosiale bewustheid oor kinders en hul regte in die beoefening van Praktiese Teologie te stimuleer. Aangesien kinders in bepaalde omstandighede 'n kwesbare groep is wat nie by magte is om hulleself van onderdrukking te bevry nie, is dit nodig om groepe volwassenes te taak en te sensitiseer vir die saak van kinders. Die bepaalde kwessies waartoe advokaatskapnavorsing poog om 'n bydrae te lewer, sluit in bemagtiging en die bekamping van ongelykheid, verdrukking, oorheersing, onderdrukking en vervreemding (Creswell 2009:9). Hierdie is almal kwessies wat kinders se lewens direk beïnvloed. 'n Kinderregteperspektief op die saak van kinders in die publieke lewe hou egter met elk van hierdie kwessies verband en belig die denkskuif wat in die hedendaagse kultuur plaasgevind het van kinders as grootliks passiewe ontvangers van volwassenes se sorg en beskerming na kinders wat met hul bepaalde ontwikkelende bevoegdheidsagentskaprolle vervul in die ruimtes waarin hulle hul bevind.

Die wetenskapsveld van Praktiese Teologie deel dieselfde sleuteluitgangspunte as 'n advokaatskap-navorsingsfilosofie.<sup>333</sup> Kemmis en Wilkinson (in Creswell 2009:10) se opsomming van die sleutelkenmerke van die advokaatskapwyse van navorsing word benut om die toepaslikheid daarvan vir die studieveld van Praktiese Teologie aan te dui. Eerstens, advokaatskap of deelnemende aksie is dialekties en fokus daarop om in die praktyk verandering teweeg te bring. Gevolglik eindig navorsers hierdie tipe studies met die bevordering van 'n aksie-agenda met die oog op verandering. Tweedens is hierdie vorm van navorsing daarop gerig om individue te help om hulleself van inperkinge te bevry wat in die media, taal, werkwyse en magsverhoudinge na vore kom. Vanweë die kompleksiteit van baie kinders se problematiese lewensomstandighede is hulle van volwassenes afhanklik om hulle van hierdie tipe inperking te bevry. Hierdie soort navorsing begin gewoonlik deur 'n bepaalde posisie in te neem ten opsigte van probleme in die samelewing, byvoorbeeld die promovering van kinderregte soos in hierdie studie.

---

<sup>333</sup> Osmer (2008:53) hou ook advokaatskapnavorsing voor as 'n kwalitatiewe strategie wat betekenisvol kan wees vir leiers van gemeentes om situasies of gevalle in diepte en besonderhede te ondersoek. Hy verduidelik dat advokaatskapnavorsing gegrond is in 'n politieke agenda, daarop gerig is om tot sosiale verandering by te dra, prakties is en deur medewerking gekenmerk word. Verder fokus dit volgens hom dikwels op sosiale kwessies wat in die publieke domein gedebatteer word en poog dit om perspektiewe te benadruk wat in publieke debatte oorgesien of nie verteenwoordig word nie. Dit fokus in die besonder op kwessies wat aan die lig gekom het vanuit sosiale bewegings en organisasies wat aktief in sosiale transformasie betrokke is – byvoorbeeld die sekulêre kinderregtebeweging.

Derdens is dit bevrydend, aangesien dit help om mense los te maak van die beperkinge van irrasionele en onbillike strukture wat selfontwikkeling en -beslissing strem. Advokaatskap- en deelnemende studies poog om 'n politieke debat en bespreking met die oog op verandering te stimuleer. Vierdens is hierdie tipe studies prakties en op samewerking gerig, aangesien die navorsing met deelnemers onderneem word en nie oor hulle nie. Deelnemende studies betrek daarom deelnemers as aktiewe medewerkers in die navorsing.<sup>334</sup>

Die empiriese ondersoek van hierdie studie het begin met 'n kwantitatiewe fase en is opgevolg met 'n kwalitatiewe fase om die data van die kwantitatiewe fase aan te vul (vgl. Creswell 2009:212). Die benutting van hierdie twee fases stel die navorsers in staat om diverse perspektiewe en selfs teenstrydighede tussen die twee datastelle weer te gee ten einde beter voorspraak te doen vir die integrering van die saak van kinders en hul regte in die beoefening van Teologie. Een beperking van hierdie strategie van gemengde-metode-navorsing is dat daar weinig riglyne beskikbaar is oor hoe die transformasievisie aangewend kan word om die metodes te rig (Creswell 2009:213). Die projek is goedgekeur deur die Etiekkomitee van die Universiteit Stellenbosch.

### **6.3 Kwantitatiewe fase**

Die empiriese ondersoek het begin met 'n breë kwantitatiewe opname by wyse van vraelyste wat elektronies aan geregistreerde lede van die WPTSA gestuur is. Uit die 102 lede wat uitgenooi is om aan die ondersoek deel te neem was 51 daartoe bereid. Die doel met die kwantitatiewe opname was enersyds om vas te stel in watter mate respondente sou saamstem dat kinders en hul regte en algemene welsyn 'n fokusarea in prakties-teologiese interpretasie behoort te wees; en andersyds om te bepaal of Praktiese Teologie volgens respondente se menings 'n bydrae het om te lewer tot die promovering van kinderregte. Hierdie fase het dus gedien as 'n proses om bewustheid aangaande kinders en hul welsyn en regte by respondente op te skerp en om die areas te verken waaroor konsensus onder respondente bestaan. Die vraelys het uit vyf afdelings bestaan en is gestruktureer aan die hand van die vier take van prakties-teologiese interpretasie soos

---

<sup>334</sup> Die deelname van kinders in navorsing word vir 'n postdoktorale fase beoog.

deur Osmer (2008) verduidelik.<sup>335</sup> Afdeling A het gefokus op die bydrae van Praktiese Teologie tot die empiriese beskywing van die realiteite waarin kinders hulle bevind (“Task 1: the ‘descriptive-empirical task’ – What is going on?”, Osmer 2008:4). Afdeling B was daarop gemik om die menings van deelnemers oor die benutting van kinderregte as ’n perspektief in die benadering van kinders in die breë wetenskapsveld van Teologie te verken (“Task 2: the ‘interpretive task’ – Why is this going on?”, Osmer 2008:4). Afdeling C het gehandel oor die ontwikkeling van ’n normatief teologiese perspektief wat Christene se sienings oor en hantering van kinders kan rig, en waarmee terselfdertyd met ander dissiplines in gesprek getree kan word (“Task 3: the ‘normative task’ – What ought to be going on?”, Osmer 2008:4). In Afdeling D is respondente se menings gevra oor die bydrae wat Praktiese Teologie kan lewer tot ’n diskoers en praktyk wat kinderregte in Suid-Afrika kan bevorder (“Task 4: the ‘pragmatic task’ – How might we respond?”, Osmer 2008:4). Die doel met Afdeling E was om die persoonlike besonderhede van die respondente te verkry.

Voordat die bevindinge van die kwantitatiewe fase ter sprake kom, word ’n profiel van die respondente wat aan die opname deelgeneem het, voorsien. Hierdie profiel is saamgestel uit die response op Afdeling E van die vraelys.

### 6.3.1 *Profiel van respondente*

Die volledige profiel word in ses tabelle aangebied, waarna ’n bespreking volg van die belangrikste aspekte wat van hierdie steekproef kenmerkend is.

**Tabel 6.1:** *Geslag, moedertaal en bevolkingsgroep*

	Geslag		Moedertaal							Bevolkingsgroep			
	Manlik	Vroulik	Afrikaans	Engels	Xhosa	Zulu	Sotho	Tswana	Tsonga	Geen antwoord	Swart	Wit	Bruin
Aantal respondente	38	13	38	8	1	1	1	1	1	1	6	37	7
% respondente	74.51	25.49	74.51	15.69	1.96	1.96	1.96	1.96	1.96	1.96	11.76	72.55	13.73

<sup>335</sup> Sien Bylae B vir die vraelys.



**Tabel 6.2: Ouderdomsverspreiding**

	21-25	26-30	31-35	36-40	41-45	46-50	51-55	56-60	61-65	66 en ouer
Aantal respondente	1	3	3	2	8	7	14	3	5	5
% respondente	1.96	5.88	5.88	3.92	15.69	13.73	27.45	5.88	9.8	9.8

**Tabel 6.3: Denominasie van respondente**

Denominasie	Aantal respondente	%
Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika	1	1.96
Nederduitse Gereformeerde Kerk	21	41.18
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika	3	5.88
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika	6	11.76
Sewendedag Adventiste Kerk	1	1.96
Morawiese Kerk	1	1.96
Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika	7	13.73
Fountain of Christ Centred Ministries	1	1.96
Reformed Church Cachet	1	1.96
Presbiteriaanse Kerk	1	1.96
Lutherse Kerk	2	3.92
Anglikaanse Kerk	1	1.96
Baptiste Kerk	1	1.96
Common Ground Church	1	1.96
Geen Kerk	3	5.88
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

**Tabel 6.4: Hoogste akademiese kwalifikasie en studieveld gespesialiseer**

	Hoogste akademiese kwalifikasie							Studieveld gespesialiseer				
	PhD	MTh	DTh	DLitt	MA	BA Hon T	Kwalifikasie nie aangedui	Ou Testament	Nuwe Testament	Dogmatiek	Praktiese Teologie	Ander
Aantal respondente	20	8	14	1	3	1	4	1	6	1	41	2
% respondente	39.22	15.69	27.45	1.96	5.88	1.96	7.84	1.96	11.76	1.96	80.39	3.92

**Tabel 6.5: Professionele pos**

	Predikant	Junior Lektor	Lektor	Senior Lektor	Medeprofessor	Professor	Ander
Aantal respondente	12	2	3	8	5	8	13
% respondente	23.53	3.92	5.88	15.69	9.8	15.69	25.49

**Tabel 6.6: Provinsie werksaam**

	Geen antwoord	Limpopo	Gauteng	Noordwes	Vrystaat	Wes-Kaap	Kwazulu-Natal	Al die provinsies
Aantal respondente	1	1	116	8	6	17	1	1
% respondente	1.96	1.96	31.37	15.69	11.76	33.33	1.96	1.96

Die streekproef het merendeels uit wit Afrikaanssprekende mans in hul veertigs en vroeë vyftigs bestaan. Vroue en persone van diverse kulturele en ouderdomsgroeperinge was dus in die streekproef onderverteenvoerdig. Die denominasies met die hoogste verteenwoordiging was die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ongeveer 69% van die respondente het oor doktorsgrade beskik terwyl 80% in Praktiese Teologie gespesialiseer het. Ongeveer 51% was ten tye van die ondersoek in 'n akademiese omgewing werksaam,<sup>336</sup> terwyl 24% predikante in gemeentes was. Vyf en twintig persent (25%) het ander professionele poste beklee.<sup>337</sup> Die Wes-Kaap en Gauteng was die provinsies met die hoogste verteenwoordiging.

<sup>336</sup> Die meerderheid respondente uit 'n akademiese omgewing, was aan teologiese fakulteite verbonde, met enkeles wat Praktiese Teologie aan Skole van Godsdienst of Geesteswetenskappe aan publieke universiteite of aan privaat hoër onderwysinstellings doseer.

<sup>337</sup> Die ander professionele posisies het ingesluit, dié van traumaberader, pastorale terapeut, "wellness"-konsultant, besturende direkteur van 'n nie-regeringsorganisasie, navorsingsgenoot, sosiale entrepreneur en konsultant, en studentedekaan. Onder diegene wat nie voltyds in 'n akademiese konteks werksaam was nie, was wel navorsingsgenote verbonde aan departemente van Praktiese Teologie aan universiteite. Enkele respondente was emerituspredikante of -professore.

### 6.3.2. *Kwantitatiewe resultate van opname*

Die bevindinge uit die vrae in Afdeling A bring aan die lig dat die deelnemers in 'n groot mate saamgestem het dat Praktiese Teologie inderdaad 'n bydrae kan lewer tot die empiriese beskrywing van kinders se sosiale realiteite. Die antwoord op Vraag 1 wat hul persepsie getoets het of Praktiese Teologie 'n bydrae kan maak om die welsyn van kinders in Suid-Afrika te bevorder, was 100% bevestigend. 'n Soortgelyke positiewe respons is op Vraag 2 gegee waar hul persepsie getoets is of Praktiese Teologie in die drie teologiese publieke 'n rol te speel het in die beskrywing van kontekstuele faktore wat die welsyn van kinders raak. Die respons op Vraag 3 wat vra of hulle weet van enige resente (2005-2011) prakties-teologiese navorsing oor die lewensomstandighede van kinders in Suid-Afrika, was egter net 47% bevestigend. Laasgenoemde respons kan geïnterpreteer word óf dat deelnemers nie van onlangse navorsing oor kinders bewus is nie, óf dat daar 'n gebrekkige fokus op kinders in prakties-teologiese navorsing bestaan. In 'n sin is die antwoord op Vraag 3 in teenpraak met die 100% positiewe respons op die eerste twee vrae.

**Tabel 6.7:** *Bewustheid van resente prakties-teologiese navorsing*

	Aantal respondente	%
Ja	24	47.05
Nee	27	52.95
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

In Vraag 4 is respondente gevra na hul voorkeurkeuse ten opsigte van die wyse waarop Praktiese Teologie tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede kan bydra. Dit is opmerklik dat 45 van die 51 respondente aangedui het dat hulle 'n voorkeur het vir Teologie in interaksie met gemeenskappe waar die agenda vir navorsing oor kinders gesamentlik bepaal word. Gemeenskappe kan in die konteks van hierdie vraag verwys na geloofsgemeenskappe wat die tweede publiek, die kerk, verteenwoordig; en/of geloofsgemeenskappe wat deel uitmaak van die religieuse sektor in die burgerlike samelewing; en/of gemeenskappe in die breë sin van die woord in die Suid-Afrikaanse samelewing. Indien gemeenskappe verteenwoordigend van die tweede publiek bedoel is, dui dit op 'n interaksie tussen die akademie van Praktiese Teologie en die tweede publiek, die kerk. Indien laasgenoemde twee gemeenskapsvorme egter bedoel is, dui dit

op 'n noue interaksie tussen die eerste publiek, naamlik die akademie van Praktiese Teologie, en die derde publiek, die burgerlike samelewing – of selfs interaksie tussen al drie teologiese publieke.

**Tabel 6.8:** Aard van Praktiese Teologie se bydrae tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede

	Aantal respondente	%
Geen antwoord	1	1.96
Bestudering van teologiese literatuur oor kinders se omstandighede	2	3.92
Empiriese navorsing met kinders oor onderwerp soos deur akademici bepaal	3	5.88
Teologie in interaksie met gemeenskappe waar die agenda vir navorsing oor kinders gesamentlik bepaal word.	45	88.24
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

In aansluiting by Vraag 4 het Vraag 5 verdere ondersoek ingestel na geleenthede waartydens teologie fakulteite die tweede publiek, gemeentes, help om die konteks van kinders te beskryf en te verstaan. Daarna het Vraag 6 verneem of respondente van geleenthede bewus is waar teologie fakulteite in vennootskap met die derde publiek, naamlik strukture in die burgerlike samelewing, bewustheid aangaande kinders se lewensomstandighede kweek.<sup>338</sup> Die resultate het soos volg daar uitgesien:

**Tabel 6.9:** Teologie fakulteite se hulp aan gemeentelid

	Aantal respondente	%
Ja	15	29.42
Nee	36	70.58
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

**Tabel 6.10:** Teologie fakulteite in vennootskap met burgerlike samelewing

	Aantal respondente	%
Ja	17	33.33
Nee	34	66.67
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

<sup>338</sup> 'n Tekortkoming in die ontwikkeling van die vraelys, was om slegs na teologie fakulteite te verwys, terwyl daar ook lede van die WPTSA aan die opname deelgeneem het wat Skole van Godsdiens, Filosofie en Klassieke Tale en Skole van Geesteswetenskappe aan universiteite verteenwoordig. Wanneer daar in die aanbied van die resultate na teologie fakulteite verwys word, is die bedoeling nie om die genoemde skole uit te sluit nie. Eerder, daar word na teologie fakulteite verwys omdat dié benaming pertinent in die vraagstellings gebruik is.

Wanneer die resultate van Vrae 4 tot 6 in geheel bekyk word, blyk dit uit Vraag 4 se beantwoording dat respondente wel die nodigheid insien dat teologie fakulteite in interaksie met gemeentes en die burgerlike samelewing sal wees. Wanneer dit egter kom by bewustheid oor teologie fakulteite se betrokkenheid by gemeentes en die burgerlike samelewing wat die bevordering van sosiale bewustheid jeens die lewensomstandighede van kinders betref, dui die respons óf op 'n beperkte sosiale bewussyn oor Teologie se betrokkenheid by die saak van kinders en hul welsyn óf op 'n onbetrokkenheid van Teologie by hierdie saak. In opvolging van Vrae 5 en 6 is respondente versoek om aan te dui van watter spesifieke geleenthede hulle wel bewus was indien hul antwoord op dié vrae positief sou wees. Hierdie response word onder Afdeling 6.3.3 bespreek waarin daar van die oop vrae en response in die opname verslag gedoen word.

In die konteks van hierdie studie, waar die fokus val op die hedendaagse skuif wat in die sosiale konstruering van die kind as aktiewe deelnemer in die konteks van verhoudinge en in die samelewing plaasgevind het, is dit belangrik om daarop te let dat dieselfde weerspreking wat in sommige van die voorafgaande vrae na vore gekom het, ook in die antwoord op Vraag 7 voorkom. Respondente se persepsies is hier ondersoek oor die mate waarin die onderskeie teologiese publieke aktief na kinders se eie persepsies van gebeure in hul alledaagse lewe luister. Die antwoord op hierdie vraag word in die tabel hieronder saamgevat.

**Tabel 6.11:** Aktiewe luister na kinders in teologiese publieke

	Akademie		Gemeentes		Burgerlike samelewing	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Geensins	5	9.8	2	3.92	1	1.96
'n Mindere mate	25	49.01	15	29.41	12	23.52
Onseker	9	17.64	3	5.88	10	19.6
'n Meerdere mate	9	17.64	26	50.98	21	41.17
'n Groot mate	3	5.88	5	9.8	7	13.72
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>	<b>51</b>	<b>100</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

'n Treffende aspek in die persentasies hierbo aangetoon is dat die akademie so geëvalueer is dat daar nouliks (9,8%) of in 'n mindere mate (49%) na kinders geluister word. In teenstelling hiermee is sowel gemeentes as die burgerlike samelewing in dié verband veel

meer positief geëvalueer. In totaal het 43 deelnemers met “Onseker” op die skaal van opsies gerespondeer. Hierdie hoë getal mag daarop dui dat die vraag nie goed verstaan is nie of dat respondente die drie teologiese publieke nie met die luister na kinders kon verbind nie. Die gevolgtrekking kan nogtans gemaak word dat daar ’n verskil bestaan tussen respondente se persepsies oor die bydrae van Praktiese Teologie as akademiese dissipline tot die welsyn van kinders en hoe die aktiewe luister na kinders veral in die praktyk van die akademie realiseer.

In Vraag 8 is respondente gevra om op ’n vyfpuntskaal die mate aan te dui waarin hulle met die stelling saamstem dat daar tussen die drie teologiese publieke samewerking bestaan met betrekking tot die verstaan van die kontekstuele realiteite van kinders in Suid-Afrika. In die lig van die aantal respondente wat die opsie “Onseker” by hierdie vraag gekies het, sou die samewerking tussen die drie teologiese publieke moontlik beter geëvalueer kon word aan die hand van gevallestudies. Nogtans het ongeveer 41% aangedui dat hulle nie saamstem met die stelling dat daar samewerking tussen die publieke is nie, terwyl ongeveer 14% aangedui het dat hul beslis nie saamstem nie.

**Tabel 6.12:** *Samewerking tussen die drie teologiese publieke*

	Aantal respondente	%
Stem beslis nie saam nie	7	13.73
Stem nie saam nie	21	41.18
Onseker	17	33.33
Stem saam	5	9.8
Stem beslis saam	1	1.96
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

Ten opsigte van Afdeling A kan gestel word dat al die respondente positief gereageer het dat Praktiese Teologie wel ’n bydrae te lewer het tot die bevordering van kinders se welsyn in Suid-Afrika. Verder is ’n 100% positiewe respons verkry dat Praktiese Teologie wel ’n bydrae in die publieke van die akademie, gemeentes en die burgerlike samelewing te lewer het tot die beskrywing van die kontekstuele faktore wat kinders se welsyn raak. Wat egter teenstrydig is met respondente se oortuiging dat Praktiese Teologie wel ’n bydrae kan lewer, is hul sosiale bewustheid aangaande die werklike bydrae wat die akademie van Praktiese Teologie in interaksie met die ander twee

publieke lewer – soos dit in die response op Vrae 3 tot 7 weerspieël word. Die beperkte mate waarin die akademie van Praktiese Teologie volgens respondente aktief na kinders luister mag ’n faktor wees wat hierdie akademie strem insake ’n bydrae tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede.

Afdeling B het gefokus op die benutting van kinderregte in die breër veld van Teologie. Die rede waarom daar in Afdeling B gefokus is op die benutting van kinderregte in Teologie en nie in Praktiese Teologie nie, is geleë in die gestelde probleemstelling wat hierdie studie ondersoek, naamlik dat Praktiese Teologie tans nie genoegsame perspektiewe en riglyne aan die breë teologiese gemeenskap in Suid-Afrika bied ten opsigte van die uitdaging om kinders se belange te promoveer nie, en as gevolg daarvan is Teologie as sodanig nie aktief betrokke in die stryd om kinders se regte te promoveer nie. ’n Verdere motivering vir die verwysing na Teologie in die breë het te make met die waardering vir eenheid in teologiese teorie (vgl. Heitink 1999b:257), teenoor die fragmentering van teologiese teorie en kennis – ook waar dit om die saak van kinders gaan.

Wat Vraag 9 betref, is dit volgens die onderstaande tabel duidelik dat 94% van die deelnemers positief gereageer het op die vraag of Teologie perspektiewe van ander dissiplines behoort te benut om die konteks van kinders te interpreteer.

**Tabel 6.13:** *Teologie se benutting van ander dissiplines*

	Aantal respondente	%
Ja	48	94.12
Nee	3	5.88
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

In Vraag 10 is respondente, ooreenkomstig ’n sentrale perspektief in kinderregte, gevra om op ’n vyfpuntskaal die mate aan te dui waarin hulle met die argument saamstem dat kinders subjekte is aan wie regte toekom en nie slegs objekte van beskerming nie. ’n Sterk positiewe respons is verkry met 23 respondente wat aangedui het dat hulle met die argument saamstem, met ’n verdere 25 wat beslis saamgestem het met die posisie van kinders as subjekte. Slegs 2 respondente het hier aangetoon dat hulle onseker oor die argument is, terwyl een respondent die opsie “Stem nie saam nie” gekies het. Daaruit kan

afgelei word dat respondente in beginsel hierdie argument van die kinderregteorie gesteun het.

**Tabel 6.14:** *Kinders is subjekte aan wie regte toekom en nie slegs objekte nie*

	Aantal respondente	%
Stem beslis nie saam nie	0	0
Stem nie saam nie	1	1.96
Onseker	2	3.92
Stem saam	23	45.1
Stem beslis saam	25	49.02
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

As motivering van respondente se antwoord in Vraag 10, is hulle in Vraag 11 gevra om redes vir hul antwoord te verstrek. Vraag 11 se kwalitatiewe respons word in Afdeling 6.3.3 bespreek.

Die doel met Vraag 12 was om respondente se algemene persepsies oor die kinderregteperspektief te ondersoek. In Vraag 12 is 14 stellings gemaak waarvoor respondente moes aandui of hulle saamstem al dan nie. Respondente se beoordeling van hierdie stellings word in die tabel op die volgende bladsy aangebied.



*Tabel 6.15: Perspektiewe op kinderrege*

	Stem saam		Stem nie saam nie		Onseker		Geen respons	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Kinderregte daag die gesag van ouers oor hul kinders uit	15	29.41	35	68.63	1	1.96	0	0.0
Kinderregte laat die regering toe om in die privaatheid van die familie in te meng	20	39.22	27	52.94	4	7.84	0	0.0
Kinderregte voorsien 'n universele normatiewe raamwerk	43	84.32	4	7.84	4	7.84	0	0.0
Kinderregte kan as politieke instrument aangewend word	43	84.32	4	7.84	4	7.84	0	0.0
Kinderregte fokus te sterk op die kind as individu	15	29.41	27	52.94	8	15.68	1	1.97
Kinderregte kan as 'n medium vir wetlike advokaatskap aangewend word om die handhawing van standaarde vir kinders af te dwing	38	74.51	3	5.88	10	19.61	0	0.0
Kinders kan slegs regte hê wanneer dit met verantwoordelikhede gepaardgaan	27	52.94	20	39.22	4	7.84	0	0.00
Kinders bevind hulself in 'n sterker posisie in die samelewing wanneer hul eise in regte terminologie uitgedruk word	32	62.75	4	7.84	14	27.45	1	1.96
Kinderregte kan onderdrukkende magsverhoudinge blootlê	44	86.28	3	5.88	4	7.84	0	0.0
Kinderregte bring mee dat kinders teen gesagsdraers in opstand kom	15	29.41	28	54.90	7	13.73	0	0.00
Kinderregte kan riglyne vir volwassenes bied vir die wyse waarop volwassenes in 'n vennootskapsverhouding met kinders kan tree	49	96.07	1	1.96	1	1.96	0	0.00
Sekere kinderrege kan nie afgedwing word nie vanweë 'n gebrek aan hulpbronne	37	72.55	6	11.76	8	15.69	0	0.00
Kinderregte kan groepe kinders identifiseer wat prioriteit behoort te geniet	40	78.43	6	11.76	5	9.8	0	0.00
Om regte aan kinders te gee is onbybels	0	0.00	50	98.03	1	1.96	0	0.00

Die bevindinge na aanleiding van Vraag 12 word kortliks bespreek, met pertinente verwysing na response wat met die stel van 'n aksie-agenda vir die akademie van Praktiese Teologie verder opgevolg moet word. Dit is opvallend dat 15 respondente aangetoon het dat kinderrege wel die Godgegewe gesag van ouers oor hul kinders uitdaag. Hierdie respons kon op grond van bepaalde persepsies gemotiveer word. Wanneer kinders met kennis oor hul regte bemaagtig word, kan dit hulle in staat stel om met meer outonomieit op te tree. Wanneer daar nie terselfdertyd 'n sensitisering van volwassenes ten opsigte van kinders se regte plaasvind nie, kan dit wel konflik in verhoudinge meebring en ouerlike en familie-outonomieit bedreig (vgl. Human

2000:165). Dit mag verhelderend wees om op 'n kwalitatiewe wyse ondersoek in te stel na die betekenis wat respondente aan die konsep kinderregte heg.

Ongeveer 53% van die respondente het aangedui dat hulle nie met die stelling saamstem dat kinderregte die regering toelaat om in die privaatheid van die familie in te meng nie. In gevalle waar kinders byvoorbeeld verwaarloos of mishandel word of ouers nie die middele het om in die basiese behoeftes van hul kinders te voorsien nie, laat kinderregte die regering juis toe om in die privaatheid van die familie in te gryp. Kinderregte beklemtoon dat kinders nie hulleself van armoede kan bevry nie; hulle kan ook nie op hul eie toegang tot toepaslike gesondheidsorg, behuising en 'n veilige gemeenskap verseker nie. Daarom is kinders afhanklik van die sorg en leiding van ouers en volwassenes, en wanneer hierdie versorging nie na behore geskied nie, kan die regering in die familie inmeng (vgl. Human 2000:161).

Uit die 51 respondente het 43 met die stelling saamgestem dat kinderregte 'n universele normatiewe raamwerk voorsien vir hoe kinders en hul belange in die samelewing hanteer behoort te word. Presies dieselfde aantal respondente het met die volgende stelling saamgestem: "Kinderregte kan as politieke instrument aangewend word om verandering in sosiale gesindhede jeens kinders te fasiliteer." 'n Positiewe respons (ongeveer 75%) is ook verkry oor die stelling van kinderregte as 'n medium vir wetlike advokaatskap om die handhawing van standarde vir kinders af te dwing. Die response op laasgenoemde drie stellings reflekteer 'n positiewe evaluering van die benuttingswaarde van kinderregte – dit kan as universele raamwerk, politieke instrument en medium vir advokaatskap dien. Volgens respondente se positiewe respons (ongeveer 78%) het kinderregte verder ook waarde om groepe kinders te identifiseer wat prioriteit behoort te geniet.

Dieselfde getal respondente wat saamgestem het met die stelling dat kinderregte die gesag van ouers uitdaag, het bevestigend gereageer op die stelling dat kinderregte te sterk op die kind as individu fokus. By hierdie stelling was daar 8 respondente wat aangedui het hulle is onseker. Dieselfde getal respondente (15, ongeveer 30%) het saamgestem met die stelling wat met bogenoemde twee in lyn is, naamlik dat kinderregte meebring dat kinders teen gesagsdraers (ouers, onderwysers, ens.) in opstand kom. Die response op

hierdie drie stellings impliseer dat kinderrechte 'n impak op verhoudinge kan hê omdat dit moontlik te veel op die kind as individu fokus. Tog stel die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (hierna UNCRC) dit dat vir kinders om as individue gesond te ontwikkel, hulle in 'n familie-omgewing waar 'n atmosfeer van geluk, liefde en begrip heers, behoort groot te word. In dié verband is dit dan ook opvallend dat die twee stellings wat die positiefste respons ontvang het juis van toepassing is op die waarde wat kinderrechte in die konteks van verhoudinge kan bied. Ongeveer 86% van die respondente het aangedui dat hul saamstem met die stelling dat kinderrechte onderdrukkende magsverhoudinge jeens kinders kan blootlê, terwyl ongeveer 96% saamgestem het dat kinderrechte riglyne kan bied vir die wyse waarop volwassenes in 'n vennootskapsverhouding met kinders kan tree waar kinders gerespekteer, waardeer en na geluister word.

Wat betref die stelling dat kinders slegs regte kan hê wanneer dit met verantwoordelikhede gepaardgaan, het 27 respondente (ongeveer 53%) saamgestem, terwyl 4 die opsie “Onseker” gekies het. Terwyl dit inderdaad so is dat 'n kultuur van menseregte ondersteun behoort te word deur 'n kultuur van verantwoordelikheid teenoor ander en jouself, is die standpunt dat regte in alle opsigte met verantwoordelikhede gepaard behoort te gaan nie so eenvoudig waar dit oor die regte van kwesbare mense gaan nie. Respondente se respons op hierdie stelling kan aan die hand van gevallestudies verder ondersoek word. Het 'n pasgebore baba byvoorbeeld 'n reg op toegang tot toepaslike gesondheidsorg? Vanselfsprekend, maar watter verantwoordelikheid kan vir 'n pasgebore baba met hierdie reg saamgaan? 'n Twaalfjarige dogtertjie word deur haar pa seksueel misbruik. Het hierdie kind 'n reg op beskerming? Vir seker, maar watter verantwoordelikheid gaan met hierdie reg op beskerming saam? 'n Vyftienjarige seun is gediagnoseer met 'n terminale siekte. Die ouers besluit om hom nie van die diagnose te vertel nie omdat dit na hul oordeel in sy beste belang is om nie te weet nie. Het hierdie kind 'n reg op inligting? En watter verantwoordelikheid impliseer die reg op inligting vir hierdie seun?

Kinderregte impliseer primêr die verantwoordelikheid wat op die staat en sorgdraers van kinders rus om kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname te verseker. Verder impliseer dit dat kinders binne die grense van hul ontwikkelende vermoëns

verantwoordelikheid moet neem om ander mense en veral hul ouers se regte te respekteer en te beskerm, terwyl hulle hul eie regte opeis en geniet (vgl. Artikel 29 van die UNCRC 1989). Verantwoordelikheid bestaan dus in 'n wederkerige omsien na mekaar se belange. Met die stelling dat kinders slegs regte kan hê wanneer dit met verantwoordelikhede gepaardgaan, word die verantwoordelikheid wat kinders moet neem feitlik as 'n voorwaarde gestel vir kinders om regte te mag hê en te geniet. Die nexus tussen regte en verantwoordelikhede is potensieel 'n onderwerp waar Teologie met 'n genuanseerde perspektief op kinders, kinderregte, kinderwelsyn en verantwoordelikheid 'n betekenisvolle bydrae tot die bevordering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk kan lewer.

Die stelling waaroor onsekerheid die hoogste (ongeveer 27%) was, is dié dat kinders hulleself in 'n sterker posisie in die samelewing bevind wanneer hul aansprake in regte-terminologie uitgedruk word. Hierdie onsekerheid mag daarop dui dat die teorie van kinderregte wel 'n sterker posisie vir kinders in die samelewing impliseer, maar dat hierdie sterker posisie van kinders nog geensins of nie volledig gerealiseer het nie. Sonia Human (2000:165) is tereg van mening dat die mate van verandering in houding en praktyk wat op nasionale vlak vir die erkenning en implementering van kinderregte benodig word nooit onderskat kan word nie. Hiermee word die gaping belig tussen die kinderregteteorie en die implementering daarvan in die praktyk, wat weer die belang van vennootskappe in die erkenning en implementering van 'n kinderregtekultuur beklemtoon.

Ongeveer 73% van die respondente het saamgestem dat sekere kinderregte nie afgedwing kan word nie vanweë 'n gebrek aan hulpbronne. Hierdie realiteit impliseer juis 'n uitdaging wat die rol van advokaatskap betref – om die regering verantwoordbaar te hou vir hoe hulpbronne toegewys word en of die toedeling daarvan ooreenkomstig die internasionale en nasionale verbintenisse geskied wat die regering ten opsigte van kinders en hul welsyn gemaak het.

In Vraag 13 is respondente gevra om op 'n vyfpuntskaal die mate aan te dui waarin hulle met die stelling saamstem dat etiese besinning aan die hand van universele beginsels

belangrik is, aangesien dit morele gemeenskappe sal help om hul bestaande praktyke en norme aan universele etiese beginsels te toets. Respondente het oorwegend die opsie “Stem saam” of “Stem beslis saam” gekies, soos die onderstaande tabel aandui.

**Tabel 6.16:** Benutting van universele beginsels in etiese refleksie

	Aantal respondente	%
Stem beslis nie saam nie	0	0
Stem nie saam nie	0	0
Onseker	1	1.96
Stem saam	23	45.1
Stem beslis saam	26	50.98
Geen respons	1	1.96
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

In Vraag 13 wou die navorser eers bepaal watter waarde respondente aan die benutting van universele waardes in etiese refleksie heg. In opvolging daarvan is respondente in Vraag 14 bepaaldelik gevra oor die benutting van die universele beginsels van kinderrechte in Teologie, naamlik nie-diskriminasie, die beste belange van die kind en die reg van kinders om gehoor te word, as kriteria om heersende norme en praktyke in die onderskeie teologiese publieke te toets. Die antwoorde word in Tabel 6.17 hieronder gelys.

**Tabel 6.17:** Benutting van kinderrechte as kriterium in teologiese publieke

	Akademie		Gemeentes		Burgerlike samelewing	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Geensins	0	0	0	0	0	0
’n Mindere mate	3	5.88	2	3.92	0	0
Onseker	2	3.92	2	3.92	5	9.8
’n Meerdere mate	21	41.17	20	39.22	16	31.37
’n Groot mate	23	45.1	25	49.02	28	54.9
Geen respons	2	3.92	2	3.92	2	3.92
<b>Totaal</b>	<b>51</b>	<b>100</b>	<b>51</b>	<b>100</b>	<b>51</b>	<b>100</b>

’n Klein getal respondente was van mening dat die beginsels van kinderrechte slegs in ’n mindere mate in die akademie en gemeentes benut kan word, terwyl die meerderheid aangedui het dat dit in ’n meerdere of in ’n groot mate wel in die akademie, gemeentes en burgerlike samelewing bruikbaar is. Hierdie vraag sou makliker verstaan kon word as deelnemers gevra is om konkrete situasies aan die hand van kinderrechte te beoordeel.

Nogtans, met hul positiewe respons insake die benutting van kinderrechte het respondenten in beginsel die waarde daarvan erken om nie teen kinders te diskrimineer op grond van hul ouderdom of enige ander vorm van “andersheid” nie, om in hul beste belang op te tree en om na hulle te luister in sake wat hul daaglikse lewe raak. Deur te erken dat hierdie beginsels waardevol is om heersende norme en praktyke te toets, het die respondenten hulleself vereenselwig met die universele waardes wat met respek en waardering vir die luister na kinders gepaardgaan. In aansluiting daarby is bevind dat 96% van die respondenten saamgestem het dat kinderrechte riglyne kan voorsien vir die wyse waarop volwassenes in vennootskapegebaseerde verhoudinge met kinders kan tree waar kinders gerespekteer, van waarde geag en na geluister word (volgens response op ’n stelling in Vraag 12).

Opsommend kan gesê word dat Afdeling B uitwys dat respondenten in die algemeen hulleself kon vereenselwig met die benutting van kinderrechte as ’n waardevolle perspektief in Teologie se benadering tot kinders en in Praktiese Teologie se interpretasie van die konteks waarin kinders leef. Respondente het die kernargumente van die konsep van kinderrechte positief beoordeel. Dit is wel belangrik om aspekte in die teorie en praktyk van kinderrechte waarop sommige respondenten met onsekerheid of negatiewe perspepsies gereageer het, aan verdere navorsing te onderwerp. Hieronder tel byvoorbeeld die uitdaging van gesag, inmenging van die regering in die privaatheid van die familie, ’n te sterk fokus in kinderrechte op die kind as individu en die verhouding tussen regte en verantwoordelikhede.

Afdeling C, wat deelnemers se mening oor die ontwikkeling van ’n normatief teologiese perspektief op kinders en hul welsyn getoets het, kan geëvalueer word as die deel van die vraelys waar die hoogste vlak van konsensus verkry is. Die oorgrote meerderheid deelnemers het saam gestem dat teologiese perspektiewe op kinders, etiese norme en die beste praktyke in die Christelike geloofstradisie Christene se sieninge en behandeling van kinders normatief kan rig. In hierdie afdeling is deelnemers die geleentheid gebied om deur die gebruik van oop vrae uit te brei op die verskillende teologiese perspektiewe op kinders wat in die vrae gelys is. Die response op hierdie oop vrae word in Afdeling 6.3.3 aangebied en bespreek.

In Vraag 15 is ondersoek ingestel na die mate waarin bepaalde teologiese perspektiewe op kinders na respondente se mening as normatiewe riglyne in die beskouing van kinders benut kan word. Onderstaande tabel toon dat al die perspektiewe positief geëvalueer is, maar sommige meer positief as ander.

*Tabel 6.18: Teologiese perspektiewe as normatiewe riglyne*

	Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Kinders as geskenke van God	1	1.96	2	3.92	0	0.00	10	19.61	38	74.51
Kinders wat deel het aan die gebrokenheid van die werklikheid	0	0.00	0	0.00	1	1.96	16	31.37	34	66.67
Kinders as ontwikkelende mense wat rigtinggewende opvoeding benodig	1	1.96	2	3.92	2	3.92	11	21.56	35	68.63
Die kind as geskape na God se beeld en dus volledig mens	1	1.96	0	0.00	1	1.96	4	7.84	45	88.24
Kinders as modelle van geloof	1	1.96	3	5.88	4	7.84	11	21.57	32	62.75
Geregtigheid en deernis teenoor wese, weduwees as regteloses in 'n samelewing	0	0.00	2	3.92	1	1.96	10	19.61	38	74.51

Opmerklik is dat die perspektief wat die menswaardigheid van kinders die nouste raak, die positiefste (88%) geëvalueer is. Wat verder opval, is dat die teologiese perspektief van kinders as modelle van geloof ietwat minder positief (63%) as die ander beskou is. Hierdie perspektief hou verband met die konsep van agentskap wat in die konteks van geloofsvorming impliseer dat kinders oor insigte of hoedanighede beskik waarby volwassenes slegs kan baat (vgl. DeVries 2001b:348-349).

Vraag 16 het respondente gevra om die mate aan te dui waarin etiese norme as normatiewe riglyne benut kan word om kinders se belange te bevorder. Die response het soos volg daar uitgesien:

**Tabel 6.19:** Etiese norme as normatiewe riglyne

	Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Die Christelike liefde as grondreël vir optrede teenoor kinders	0	0.00	0	0.00	0	0.00	7	13.73	44	86.27
Ewemenslikheid	0	0.00	1	1.96	2	3.92	11	21.57	37	72.55
Omgee	0	0.00	0	0.00	0	0.00	8	15.69	43	84.31
Voorspraak	0	0.00	2	3.92	1	1.96	14	27.45	34	66.67
Verantwoordelikheid	0	0.00	0	0.00	2	3.92	9	17.64	40	78.43
Gasvryheid	0	0.00	2	3.92	0	0.00	11	21.57	38	74.51
Geregtigheid	0	0.00	0	0.00	0	0.00	10	19.61	41	80.39

Die Christelike liefde en omgee blyk uit respondente se antwoorde die etiese norme te wees wat die beste deur die Christelike gemeenskap as normatiewe riglyne benut kan word om kinders se belange te bevorder. Dit is nogal vreemd dat voorspraak wat baie sterk na vore kom in die verwagtinge wat Unicef (2010; 2012) van geloofsgemeenskappe as vennote in die bevordering van kinders se belange het, minder positief as die ander geëvalueer is. Wat verder opval, is die verskil tussen die mate waarin geregtigheid teenoor voorspraak geëvalueer is. Om geregtigheid vir kinders in die samelewing te bevorder, impliseer tog juis om 'n advokaatskap- en kritiese rol, selfs in die beoefening van Praktiese Teologie, te vervul. Voorspraak vir die transformering van individuele lewens en sosiale strukture is daarom nodig om 'n bydrae te lewer tot 'n regverdigde samelewing vir alle mense, kinders ingeslote.

In sy publikasie *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering* (2001) het Malan Nel die teologiese grondslag “ewemens” benut om te aksentueer dat kinders en volwassenes gelyk is wat hul status as mens aanbetref. “Ewemens” plaas dus indirek die fokus op die etiese norm van gelykheid. Gasvryheid as etiese norm weer, lê klem op 'n openheid vir en verwelkoming van kinders. Hierdie twee etiese norme is wel positief



beoordeel, maar met 'n laer telling as liefde, omgee, geregtigheid en verantwoordelikheid as normatiewe riglyne om kinders se belange te bevorder. Verantwoordelikheid is 'n etiese norm wat in kinderregte van kinders se sorgdraers (*duty bearers*) vereis word asook van kinders self teenoor volwassenes. Alhoewel verantwoordelikheid ook positief geëvalueer is, het die waardes van liefde, omgee en geregtigheid veel hoër persentasies in die evaluering daarvan verkry.

Vraag 17 het ondersoek ingestel na die mate waarin bestaande goeie praktyke in die Christelike geloofstradisie 'n normatiewe perspektief op kinders kan stimuleer. Dit is in die onderstaande tabel opvallend dat die praktyke wat 'n geïntegreerde perspektief op kinders verteenwoordig – soos kinderbediening waarin kinders integraal deel uitmaak van die gemeentelike bediening asook ouerleiding en veral familiebediening – die positiefste respons ontlok het.

**Tabel 6.20:** Goeie praktyke as stimulans vir 'n normatiewe perspektief op kinders

	Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Kindernagmaal	5	9.80	8	15.69	6	11.76	14	27.45	18	35.29
Kinderbediening waarin kinders integraal deel uitmaak van die gemeentelike bediening	0	0.00	1	1.96	0	0.00	12	23.52	38	74.51
Doopkategese	0	0.00	4	7.84	1	1.96	16	31.37	30	58.82
Ouerleiding	0	0.00	0	0.00	1	1.96	12	23.53	38	74.51
Familiebediening	0	0.00	0	0.00	0	0.00	10	19.61	41	80.39
Maatskaplike hulpverlening	0	0.00	6	11.76	5	9.80	9	17.65	31	60.78

Hierdie evaluering kan dui op 'n waardering by respondente vir 'n sistemiese perspektief op kinders. Kindernagmaal as 'n bestaande goeie praktyk is in 'n mindere mate positief geëvalueer met 10% van respondente wat aangedui het dat dit geensins 'n normatiewe perspektief op kinders kan stimuleer nie. Dit mag insiggewend wees om verdere navorsing te onderneem oor die betekenis wat respondente aan kindernagmaal heg. Doopkategese en maatskaplike hulpverlening is ook nie so positief as van die ander opsies geëvalueer nie – wat moontlik daaraan toegeskryf kan word dat dit óf nie

noodwendig voorbeelde van goeie praktyke is nie óf dat dit in 'n mindere mate 'n normatiewe perspektief op kinders kan stimuleer as die ander praktyke. Terugskouend blyk die vraagstelling op die veronderstelling te berus dat die gelyste voorbeelde bestaande goeie praktyke in die Christelike geloofstradisie verteenwoordig. Aangesien so baie denominasies in die steekproef verteenwoordig is, sou 'n oop vraag moontlik meer effektief kon wees, waar deelnemers vanuit hul eie denominasionele konteks voorbeelde van goeie praktyke kon noem wat 'n normatiewe perspektief op kinders kan stimuleer.

Die laaste vraag van Afdeling C, Vraag 18, was 'n oop vraag waar respondente gevra is na simplistiese beskouinge oor kinders in hul gemeenskap, kerk en werkplek. Response op hierdie vraag word in Afdeling 6.3.3 bespreek.

Afdeling C se bevindinge dui daarop dat respondente in die Christelike geloofstradisie inderdaad teologiese perspektiewe op kinders, etiese norme en goeie praktyke vind wat in die ontwikkeling van 'n genuanseerde normatiewe teologiese perspektief op kinders sowel as in die interdisiplinêre gesprek benut kan word.

In Afdeling D is deelnemers se menings verken oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinders se belange en regte in Suid-Afrika. In Vraag 19 is respondente gevra om die mate aan te dui waarin hulle saamstem dat die doelstellings van prakties-teologiese opleiding dié wat gelys is behoort in te sluit.

**Tabel 6.21: Doelstellings van prakties-teologiese opleiding**

	Geen antwoord		Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Berei voornemende leiers voor op hul onderskeie bedieninge in gemeentes	0	0.00	0	0.00	1	1.96	0	0.00	10	19.61	40	78.43
Voorsien riglyne oor leiers se mobilisering van lidmate	0	0.00	0	0.00	1	1.96	0	0.00	15	29.41	35	68.63
Leer voornemende leiers hoe om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra	0	0.00	0	0.00	1	1.96	2	3.92	12	23.53	36	70.59
Rus studente toe met kennis oor hoe om Teologie aan te wend in die interpretering van kinders se spesifieke situasies	0	0.00	0	0.00	1	1.96	1	1.96	17	33.33	32	62.75
Rus studente toe met vaardighede oor hoe om Teologie aan te wend in die interpretering van kinders se spesifieke situasies	0	0.00	0	0.00	0	0.00	3	5.88	17	33.33	31	60.78
Skep geleenthede vir studente om interaksie met gemeenskappe te hê	0	0.00	0	0.00	1	1.96	2	3.92	16	31.37	32	62.75
Leer studente hoe om te reflekteer oor hul interaksie met mense	1	1.96	0	0.00	1	1.96	1	1.96	13	25.49	35	68.63

Alhoewel die respondente oorwegend in 'n meerdere of groot mate met die doelstellings van prakties-teologiese opleiding saamgestem het, is dit tog interessant om te let op watter doelstellings meer voorkeur as ander geniet het. Uit die response is dit duidelik dat die doelstellings van prakties-teologiese opleiding nouer verbind word aan die voorbereiding van voornemende leiers op die gemeentelike bediening as om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra. Dit dui op 'n dominante kerklike fokus in teologiese opleiding, maar nie, volgens die beoordeling, met uitsluiting van 'n fokus op die derde publiek nie.

Dit wil voorkom asof die doelstellings met 'n pertinente fokus op kinders in 'n ietwat mindere mate positief geëvalueer is as die breër generiese doelstellings van prakties-teologiese opleiding.

Die doelstelling met die fokus op vaardighede is teenoor die ander doelstellings die laagste geëvalueer, terwyl die toerusting van studente betreffende hul besinning oor interaksie met mense weer 'n 69% respons van instemming in “'n groot mate” verwerf het. In die beantwoording van hierdie vraag in die geheel is dit ook opvallend dat 71% van die respondente in 'n groot mate saamgestem het met die doelstelling om voornemende leiers te leer om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra, terwyl die skep van geleenthede vir studente om met gemeenskappe in interaksie te tree, 'n respons van 63% verwerf het. Dit mag daarop dui dat die doelstelling om studente te leer om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra, in die persepsies van respondente nie noodwendig met gemeenskapsinteraksie as kernaktiwiteit van 'n hoër onderwysinstelling gepaardgaan nie.

In Vrae 20 tot 22 is respondente se persepsies ondersoek aangaande die mate waarin prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders tot bepaalde uitkomstes in die publieke van die akademie, die kerk en die burgerlike samelewing kan bydra. Wat die bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die akademiese publiek aanbetref (Vraag 20), is die volgende resultate verkry soos in die tabel op die volgende bladsy aangebied:

**Tabel 6.22:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die akademiese publiek

	Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Verbreiding van die teologiese verstaan van kinders	0	0.00	1	1.96	0	0.00	18	35.29	32	62.75
Teologie se dialoog met die hedendaagse konteks van kinders	0	0.00	1	1.96	0	0.00	13	25.49	37	72.55
Intradissiplinêre gesprekvoering oor die kind in teologie fakulteite	0	0.00	1	1.96	4	7.84	13	25.49	33	64.71
Teologiese publiskasies oor kinders	0	0.00	3	5.88	2	3.92	16	31.37	30	58.82
Aanpassing van bestaande kurrikula vir teologiese onderrig	0	0.00	2	3.92	2	3.92	18	35.29	29	56.86
Die ontwikkeling van nuwe leerprogramme wat kinders se belange insluit	0	0.00	1	1.96	1	1.96	18	35.29	31	60.78
Deelname in interdissiplinêre navorsingsprojekte oor kinders	0	0.00	1	1.96	1	1.96	13	25.49	36	70.59
Gemeenskapsinteraksie-projekte gerig op die bevordering van kinders se belange	0	0.00	1	1.96	1	1.96	16	31.37	33	64.71

Al die uitkomste is deur respondente grootliks geëvalueer as uitkomste waartoe prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders in 'n meerdere of 'n groot mate kan bydra. Teologie se dialoog met die hedendaagse konteks van kinders is egter die uitkoms wat die hoogste persentasiesyfer (73%) verwerf het, terwyl deelname in interdissiplinêre navorsingsprojekte oor kinders 71% gekry het.

Dit is opvallend dat die uitkomste wat verband hou met die eerste twee take van Osmer se prakties-teologiese interpretasiemodel – die empiriese beskrywing van die konteks van kinders en die benutting van ander dissiplines (deelname in interdissiplinêre navorsingsprojekte oor kinders) – hoër geëvalueer is as die uitkomste wat verband hou met die normatiewe taak van Praktiese Teologie, waar dialoog met die ander dissiplines van Teologie veronderstel word.

Die uitkoms waar daar geleentheid kan wees om die bydrae van Praktiese Teologie in die konteks van interaksie met gemeenskappe te verpraktiseer, is ook positief geëvalueer (65%), maar tog is die persentasie heelwat laer as wat die uitkomste “Teologie se dialoog

met die hedendaagse konteks van kinders” en “Deelname in interdisiplinêre navorsingsprojekte oor kinders” behaal het. Dus, op grond van respondente se evaluering soos hierbo aangedui, wil dit voorkom asof die unieke bydrae wat Praktiese Teologie tot die akademiese publiek kan bied by uitstek in Teologie se dialoog met die hedendaagse konteks van kinders en deelname in interdisiplinêre navorsingsprojekte bestaan.

In Vraag 21 het respondente aangedui dat prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders wel in ’n meerdere of ’n groot mate tot die gelysde uitkomst in die kerklike publiek kan bydra. In die onderstaande tabel is dit opvallend dat die uitkoms “Voorspraak vir kinders in gemeentes” (soos ook in Vraag 16) ’n laer persentasie as die ander drie uitkomstige gekry het.

**Tabel 6.23:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die kerklike publiek

	Geensins		’n Mindere mate		Onseker		’n Meerdere mate		’n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Voorspraak vir kinders in gemeentes	1	1.96	2	3.92	2	3.92	13	25.49	33	64.71
Voortgesette opleiding aan leiers oor die teologiese betekenis van die kind	0	0.00	1	1.96	0	0.00	13	25.49	37	72.55
Riglyne vir gemeentes oor die menswaardige hantering van kinders	1	1.96	1	1.96	0	0.00	11	21.57	38	74.51
Bevordering van kinderbediening in gemeentes	1	1.96	0	0.00	2	3.92	9	17.65	39	76.47

Een respondent was van mening dat prakties-teologiese opleiding geensins tot voorspraak vir kinders in gemeentes kan bydra nie, ’n verdere twee dat dit in ’n mindere mate kan bydra, en twee respondente wat “Onseker” as opsie op die skaal aangetoon het. Die navorser vermoed dat respondente hierdie vraag indirek verbind het met die uiteenlopende standpunte oor kinderbediening: óf as ’n gespesialiseerde bediening in die konteks van gemeentelike bediening óf as ’n veronderstelde bediening in gemeentes volgens die geïntegreerde benadering waar kinders implisiet by alles wat in die gemeentelike lewe gebeur ingereken word. In ’n geïntegreerde, inklusiewe model van die bediening van en saam met kinders in gemeentelike konteks blyk voorspraak vir kinders

se plek en waarde dan nie so nodig te wees nie. In die lig van die diskoersanalise wat in Hoofstuk 4 onderneem is, waar sterk nadruk gelê is op die belang van 'n genuanseerde normatiewe teologiese perspektief op kindwees vir 'n geloofspraxis waar kinders na waarde geag en hanteer word, kom dit vreemd oor dat “Voortgesette opleiding aan leiers oor die teologiese betekenis van die kind” met 'n laer persentasie (72,55%) geëvalueer is as die “Bevordering van kinderbediening in gemeentes” (76,47%).

Die beantwoording van Vraag 22 het volgens die tabel hieronder aangedui dat prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders wel in 'n meerdere of groot mate tot bepaalde uitkomst in die burgerlike samelewing kan bydra, maar dit is minder positief geëvalueer as die uitkomst tot die akademiese en kerklike publiek.

**Tabel 6.24:** Bydrae van prakties-teologiese opleiding tot die samelewing as derde publiek

	Geensins		'n Mindere mate		Onseker		'n Meerdere mate		'n Groot mate	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Deelname aan die publieke diskoers oor kinders	0	0.00	3	5.88	1	1.96	19	37.25	28	54.90
Ontwikkeling van aksiestrategieë oor die menswaardige hantering van kinders in die samelewing	0	0.00	1	1.96	5	9.80	19	37.25	26	50.98
Beïnvloeding van sosiale beleid oor kinders	1	1.96	2	3.92	3	5.88	16	31.37	29	56.86
Vennootskapvorming met die oog op die bevordering van kinders se belange	0	0.00	2	3.92	3	5.88	15	29.41	31	60.78
Sosiale transformasie ter bevordering van kinders se sosiale status	0	0.00	5	9.80	3	5.88	16	31.37	27	52.94

Wanneer Afdeling D in geheel bekyk word, val dit op dat dit juis by hierdie vraag is waar die hoogste persentasies by die opsies “In 'n mindere mate” en “Onseker” voorgekom het. Dit blyk dat die bydrae van prakties-teologiese opleiding tot betrokkenheid in die derde publiek om die saak van kinders te bevorder nie so sterk figureer soos in die kerklike publiek nie. Hierdie tendens het ook by Vraag 19 aan die lig gekom waar die persepsies van respondente oor die doelstellings van prakties-teologiese opleiding ondersoek is asook by Vraag 20 in die evaluering van die uitkoms

“Gemeenskapsinteraksie-projekte gerig op die bevordering van kinders se belange”. Vennootskapsvorming is die uitkoms wat ten opsigte van die bydrae van prakties-teologiese opleiding in die derde publiek die hoogste geëvalueer is.

In Vrae 23 tot 26 waar die vrae slegs “Ja” of “Nee” as opsies gebied het, is ondersoek ingestel na respondente se persepsies van teologiese opleiding se bydrae tot die toerusting van studente ten opsigte van kennis, vaardighede en refleksievermoë wat in die proses van teologiese interpretasie oor die kind aangewend kan word. Die resultate op hierdie stel vrae word in die drie onderstaande tabelle aangebied, waarna ’n kort bespreking volg.

**Tabel 6.25:** *Teologiese opleiding se bydrae tot studente se kennis*

	JA		NEE	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Van die teologiese betekenis van die kind	50	98.0	1	2.0
Van die kind binne die konteks van die kerk	50	98.0	1	2.0
Van praktyke van die kerk wat op kinders gerig is	50	98.0	1	2.0
Van kinders se belange in die samelewing	48	94.1	3	5.9
Van implikasies van die Christelike geloof vir die menswaardige hantering van kinders in die samelewing	50	98.0	1	2.0

**Tabel 6.26:** *Teologiese opleiding se bydrae tot studente se vaardighede*

	JA		NEE	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Om die redelikheid van geloofsoortuigings wat met kinders verband hou eties te beoordeel	48	94.1	3	5.9
Om oor kinders se belange in die kerklike bediening te reflekteer	50	98.0	1	2.0
Om oor kinders se belange in die samelewing te reflekteer	48	94.1	3	5.9
Om aksiestrategieë te implementeer om kinders en hul belange in die kerk te bevorder	49	96.0	2	4.0
Om aksiestrategieë te implementeer om kinders en hul belange in die burgerlike samelewing te bevorder	46	90.2	5	9.8
Om op grond van hul teologiese verstaan van kinders voorspraak vir kinders in gemeentes te doen	49	96.0	2	4.0
Om op grond van hul teologiese verstaan van kinders voorspraak vir kinders in die samelewing te doen	48	94.1	3	5.9



**Tabel 6.27:** *Teologiese opleiding se bydrae tot studente se vermoë om te reflekteer*

	JA		NEE	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Oor hul eie kinderjare	44	86.3	7	13.7
Oor hul houding jeens kinders	50	98.0	1	2.0
Oor Christelike waardes wat hul interaksie met kinders kan rig	50	98.0	1	2.0
Oor hoe Christelike waardes met universele waardes oor kinders verband hou	49	96.0	2	4.0
Oor implikasies van die Christelike geloof vir hul interaksie met kinders	48	94.1	3	5.9

Alhoewel die meerderheid respondente die “Ja”-opsie op hierdie stel vrae gekies het, is dit tog opmerklik dat die stellings wat met ’n betrokkenheid in die derde publiek verband hou juis dié stellings is waar enkele respondente die “Nee”-opsie gekies het. Die hoogste negatiewe beoordeling het na vore gekom by die vrae: “Behoort teologiese opleiding studente te begelei tot ’n verstaan van kinders se belange in die samelewing?” (Vraag 23); en “Behoort teologiese opleiding studente toe te rus met vaardighede om aksiestrategieë te implementeer om kinders en hul belange in die burgerlike samelewing te bevorder?” (Vraag 24). Sewe respondente was van mening dat teologiese opleiding studente nie behoort toe te rus om oor hul eie kinderjare te reflekteer nie (Vraag 25).

In die beantwoording van Vraag 26 is bevind is dat die groot meerderheid respondente met die verskillende stellings saamstem dat Praktiese Teologie wel tot die bevordering van kinderregte in die konteks van die akademie, kerk en samelewing kan bydra en hoe dit kan geskied. Hierdie bydrae van Praktiese Teologie verwys na die onderskeie take om: die lewensomstandighede van kinders te beskryf; die ervarings van kinders in hul konteks met behulp van perspektiewe vanuit ander dissiplines te interpreteer; ’n normatiewe teologiese perspektief te ontwikkel oor wat in die leefwêreld van kinders behoort te gebeur; oor die praktiese interaksie met kinders in kerk en samelewing na te dink; en akademiese opleiding met grondvlakbetrokkenheid te integreer in die bevordering van kinders se lewenskwaliteit. Die presiese resultate op hierdie vraag het soos volg daar uitgesien:

**Tabel 6.28:** Die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte

	JA		NEE	
	Aantal respondente	%	Aantal respondente	%
Beskrywing van kinders se lewensomstandighede	48	94.1	3	5.9
Interpretasie van dit wat met kinders in hul konteks gebeur met behulp van perspektiewe uit ander dissiplines	50	98.0	1	2.0
Ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief oor wat in die wêreld van kinders behoort te gebeur	49	96.0	2	4.0
Besinning oor die praktiese hantering van kinders in die kerk	48	94.1	3	5.9
Besinning oor die praktiese hantering van kinders in die burgerlike samelewing	47	92.2	4	7.8
Integrering van akademiese opleiding met grondvlakbetrokkenheid in die bevordering van kinders se lewenskwaliteit	47	92.2	4	7.8

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat die taak om dit wat met kinders in hul konteks gebeur met behulp van perspektiewe uit ander dissiplines te interpreteer die grootste aantal “Ja”-response gekry het. Die ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief oor wat in die wêreld van kinders behoort te gebeur, is egter ook baie positief geëvalueer. Die stellings wat weer die enkele “Nee”-response gekry het, is besinning oor die praktiese hantering van kinders in die burgerlike samelewing en integrering van akademiese opleiding met grondvlakbetrokkenheid in die bevordering van kinders se lewenskwaliteit.

Hierdie enkele negatiewe evaluering mag daarop dui dat 'n derde publiek modus in die beoefening van Praktiese Teologie aan teologie fakultete minder gebruiklik is. 'n Verdere faktor mag wees dat gemeenskapsinteraksie as kernaktiwiteit tans nog nie dieselfde erkenning in die institusionele strukture van hoër onderwysinstellings geniet as navorsing en onderrig nie. 'n Vyfpuntskaal by hierdie laaste paar vrae sou in die beantwoording van die vrae die verskille in persepsies beter kon uitwys as die “Ja”- of “Nee”-opsie. In geheel laat Afdeling D aan die lig kom dat daar enersyds 'n groot mate van konsensus daarvoor bestaan dat prakties-teologiese opleiding wel tot bepaalde uitkomst in die publieke van die akademie, kerk en burgerlike samelewing kan bydra, en andersyds dat teologiese opleiding in die breë studente met kennis, vaardighede en refleksievermoë behoort toe te rus wat kinders en hul belange betref. Met die oog op hierdie taak van toerusting van studente as voornemende leiers het Praktiese Teologie –

volgens respondente se beantwoording van die vrae wat op Osmer se vier take van prakties-teologiese interpretasie van toepassing is – ’n prominente rol in die drie teologiese publieke te speel.

By wyse van ’n finale konklusie moet op bepaalde beperkinge van die kwantitatiewe opname gewys word. Wat die steekproef van die studie aanbetref, was daar bepaalde beperkinge, soos reeds onder die bespreking van die profiel van deelnemers uitgewys is. Die feit dat sommige vrae in die vraelys slegs ’n “Ja” en ’n “Nee” as responsopsies vir deelnemers gebied het, kan as ’n verdere beperking beskou word. ’n Vyfpuntskaal by daardie vrae sou teenstrydighede beter kon uitwys. Aangesien hierdie kwantitatiewe fase primêr ’n bepaalde bewusmaking ten doel gehad het en tegelyk as ’n meningsopname gedien het om die mate van konsensus onder respondente te eksploreer en te beskryf, is ’n verdere leemte dat die konstrugeldigheid van teoretiese konsepte en die verbande tussen konsepte – deur middel van die tegniek faktoranalise – nie op ’n statistiese wyse bepaal kon word nie (vgl. Bordens & Abbott 2008:458-462).

Ten spyte van bogenoemde beperkinge dui die bevindinge van die kwantitatiewe afdeling van die navorsing nogtans daarop dat die meerderheid deelnemers, op grond van ’n normatief teologiese verstaan van kinders, van mening was dat Praktiese Teologie inderdaad ’n bydrae tot bevordering van kinders se welsyn kan lewer. Soos die respons op Vraag 7 aandui (sien Tabel 6.11), kan egter nie sonder meer aangeneem word dat die akademie van Praktiese Teologie in interaksie met kerk en samelewing ’n aktiewe bydrae tot die bevordering van kinders se belange sal lewer net omdat respondente hulle met bepaalde teologiese perspektiewe op kinders kon vereenselwig nie. Die uitdaging vir die akademie van Praktiese Teologie is duidelik die bemiddeling van teologiese teorie oor kinders en van geloofspraxis in die konteks van gemeentes asook in die burgerlike samelewing – die een publiek waaromtrent sommige deelnemers duidelike voorbehoude het.

### 6.3.3 *Oop vrae en response in opname*

Vervolgens word verslag gedoen van die oop vrae wat in die opname ingesluit is. Die response op hierdie oop vrae word volgens die tematiese analisering daarvan weergegee. In die vrae wat swak beantwoord is, word slegs enkele voorbeelde van die response gegee.<sup>339</sup> In Vraag 1 is respondente om 'n motivering gevra van hul antwoord op die vraag of Praktiese Teologie 'n bydrae te lewer het tot die bevordering van kinders se welsyn in Suid-Afrika. Die verskille in motivering is opmerklik. Repondente se 100% positiewe respons op die bydrae van Praktiese Teologie is gemotiveer deur **(tema 1)** die feit dat die omsien na kinders 'n Bybelse opdrag is; **(tema 2)** 'n teologiese antropologie van die kind; **(tema 3)** die uitkoms dat aandag aan kinders se welsyn ten bate van kinders self, maar ook van die kerk sal strek; **(tema 4)** die aard van Praktiese Teologie se wetenskapsveld; en **(tema 5)** die strategiese/pragmatiese taak van Praktiese Teologie.

In Vrae 5 en 6 is gevra of respondente bewus is van teologie fakulteite se betrokkenheid by gemeentes en strukture in die burgerlike samelewing onderskeidelik in die kweek van 'n sosiale bewussyn oor kinders. Respondente is gevra om hul antwoorde met voorbeelde toe te lig. Wat betref die betrokkenheid van teologie fakulteite by gemeentes het enkele respondente na voorbeelde verwys wat onder andere die volgende ingesluit het: sentra aan teologie fakulteite wat voortgesette opleiding oor jeugbediening, oerleiding en gemeentefasilitering bied; toerusting van ouers en gemeenteleiers oor die Bybelse beginsels vir die opvoeding van kinders; nagraadse navorsing wat riglyne vir gemeentelike bediening bied; bekendmaking van navorsingsresultate by die WPTSA se kongresse; lenteskole; teologie-studente se praktiese betrokkenheid in gemeentes en dié se uitreikaksies na kinders in nood; opdragte aan studente as voornemende leiers in gemeentes om te besin oor die sosio-ekonomiese toestande waarin kinders leef; navorsing met kinders in die konteks van geloofsgemeenskappe; en praktiese teoloë se navorsing oor kinders en morele waardes.

In die toeligting van response op Vraag 6 is die volgende voorbeelde genoem in verband met teologie fakulteite se vennootskappe met strukture in die burgerlike samelewing om

---

<sup>339</sup> Geskrewe antwoorde van respondente word in hierdie afdeling op bepaalde plekke ter bevestiging van temas en stellings aangehaal en in kursief aangedui.

bewustheid aangaande kinders se omstandighede te kweek: Pen-Aksie in Pretoria; *To Care*, 'n organisasie van die Hervormde Kerk; HospiVisie se uitreik na kinders in hospitale; Communitas; jeugweke in samewerking met skole; betrokkenheid by maatskaplike werk organisasies; gemeenskapsinteraksie en diensleeraktiwiteite in gemeenskappe; vennootskappe met die VCSV; navorsing oor leierskap en spiritualiteit in skole; dagseminare oor relevante sosiale kwessies; middestadbediening soos “Torings van Hoop”; en transdissiplinêre navorsingsprojekte.

In Vraag 11 is respondente gevra om redes te verstrek vir hul antwoord op Vraag 10 waar hulle moes aandui in watter mate hulle met die argument saamstem al dan nie dat kinders subjekte van regte is en nie slegs objekte van beskerming nie. Die redes wat ten gunste van hierdie stelling aangevoer is, het grootliks te make met die volgende temas:

**(Tema 1):** die menswaardigheid van die kind as *geskape na Gods beeld; nie minder mens as die volwassene nie, maar ewemens.*

**(Tema 2):** die gevare wat die objektivering van kinders inhou – *deur kinders te objektiveer sal die vorm van beskerming wat aan hul gebied word waarskynlik heeltemal die doel mis ...*

**(Tema 3):** die implikasie wat die posisie van kinders as subjekte inhou vir volwassenes se interaksie met kinders, wat respondente onder andere verwoord het as die belang daarvan om *na kinders te luister; die belang verder van: deelname en samewerking van kinders in aksies om hul regte te beskerm; menswaardige hantering van kinders en erkenning van hul bydrae tot die samelewing; optrede met liefde en respek in die belang van die kind; dat daar nie altyd vir kinders gedink en besluit moet word nie; en die belang daarvan om met kinders regte te onderhandel terwyl hul verantwoordelikheid ook op die tafel geplaas word.*

Alhoewel die stelling in Vraag 10 geensins in teologiese taal geformuleer is nie, is dit opvallend hoe grondig respondente, as praktiese teoloë, oor hierdie stelling kon besin en watter ryk gegewens hier na vore gekom het.

In Vrae 15 tot 17 het respondente geleentheid gekry om enige ander teologiese perspektief, etiese norm of goeie praktyk te noem wat kan meehelp in die ontwikkeling van 'n normatief teologiese perspektief op kinders. Slegs enkele respondente het hier voorbeelde genoem. Moontlik kan dit toegeskryf word aan die aantal oop vrae in die vraelys wat vir respondente te vermoeiend geword het om te voltooi.

Dit is insiggewend dat een respondent na kinders as *aktiewe deelnemers in kerk en samelewing* en *agente van verandering in hul families, kerke en samelewing* verwys het. In aansluiting hierby het 'n ander respondent kinders beskryf as *morele agente wat soms meer sensitief is vir morele kwessies as volwassenes* terwyl nog 'n respondent normatief na kinders verwys het as *agente van geloof en verteenwoordigers van Christus*. Ander positiewe perspektiewe het verwysings ingesluit na: *kinders (spel) as metafoor vir liturgie; in God se koninkryk is daar net kinders; kinders wat deel het aan die genadeverbond; en kinders as burgers in die koninkryk van God*. 'n Normatief-teologiese perspektief wat die historiese realiteit van kinders uitwys, naamlik *kinders as slagoffers van seksuele immoraliteit* het ook na vore gekom.

Een respondent het besonder treffend omgegaan juis met die polariteite wat in die lys van teologiese perspektiewe (Vraag 15) op kinders te vinde is. Die respondent het verwys na kinders as beeld van God wat rigtinggewende opvoeding benodig en dit soos volg gemotiveer:

In patriargale samelewings is kinders (en ander) regtelos. Die oorsaak, patriargie, behoort uitgeroei te word eerder as die kosmetiese regstelling om regte aan sulke regteloses te probeer gee. Die Bybel weerspieël 'n uiters patriargale samelewing, maar Jesus se perspektiewe dekonstrueer patriargie.

Hierdie respons is 'n goeie voorbeeld van die kritiese en genuanseerde perspektiewe ten opsigte van kinders en hul regte wat Praktiese Teologie tot 'n interdisciplinêre dialoog oor hierdie kwessie kan bydra.

Voorbeelde van etiese norme wat respondente genoem het, sluit in, *ubuntu, modellering, gebalanseerdheid, ontfermende geregtigheid, nederigheid, verantwoordbaarheid, koestering, die algemene welsyn van die samelewing en diensbare leierskap*. Die Bybelse

fundering van om kinders nie te laat struikel nie, is ook hier as 'n rigtinggewende etiese norm aangedui.

Die gelyste bestaande goeie praktyke in Vraag 17 is deur respondente aangevul met voorbeelde wat insluit: kinders se betrokkenheid by eredienste en ander gemeentelike aktiwiteite, uitreike en projekte. Daar is byvoorbeeld beweer dat kinders nie net van die nagmaal deel moet wees nie, maar ook van ander eredienste. Die kinderdoop en kinders wat self diens lewer en verantwoordelikhede aanvaar is ook as waardevol beskou in die stimulering van 'n normatief teologiese perspektief op kinders. 'n Verdere voorbeeld van 'n bestaande goeie praktyk wat genoem is, is die aanleer van geloofsgewoontes/-dissiplines, byvoorbeeld die sewe familiegewoontes of positiewe ouerskap-programme. Dienooreenkomstig blyk ouers se ondersteuning soms 'n goeie bestaande praktyk te wees, met aandag wat aan die nadenke oor en bestuur van tydsbesteding in 'n gejaagde lewe gegee word, ouers se kommunikasie met kinders, en vergifnis in die dissiplinerig van kinders. As verdere voorbeelde is genoem kulturele en sportaktiwiteite, veral in uitdagende sosio-ekonomiese omstandighede, die bemagtiging van kinders, die stimulering van praktiese geloofsgemeenskap onder kinders, informele kampe, skoolbediening, kinderbediening wat kinders van sending en evangelisasie leer, volwasse morele modelle in ouerlose huishoudings, veral vanweë die MIV en Vigs-pandemie is as verdere voorbeelde genoem. 'n Respondent het ook geskryf dat kindersinodes nie 'n bestaande praktyk is nie, maar dat dit wel in lyn met die "Feast of Fools" oorweeg kan word.

Twee kritiese opmerkings van respondente het hier na vore gekom wat die belang beklemtoon van onderskeidelik 'n integrasie- en kritiese perspektief, in prakties-teologiese nadenke oor bestaande goeie praktyke wat 'n normatief teologiese perspektief op kinders kan stimuleer. Eerstens:

... Ek is huiwerig om praktyke soos sakramente en maatskaplike hulpverlening te isoleer. Waar dit gebruik word in die sin dat kinders deel vorm van 'n samelewing waarin almal waardevol is, kan sodanige praktyke ontwikkel word. My aanvoeling en voorkeur is in die rigting van integrasie en inklusiwiteit, nie isolerende beklemtoning nie.

En tweedens:

Aktiewe bewusmaking is nodig van denkpatrone en lewenshoudings onderliggend aan skadelike praktyke voor as 'n goeie praktyk byvoorbeeld die kritiese bewusmaking en dekonstruering van patriargie en daaruit voortspruitend die besitregbeginsel wat sterk in die Bybel en derhalwe in fundamentalistiese Bybel-interpretasie figureer (kinders en vroue is besittings van 'n man en derhalwe beskik hy oor hulle liggame en lewens), minagting van en vyandigheid teenoor dié wat anders is (ander rasse, kulture, gelowe, geslag, generasie), en die kulturele aanvaarbaarheid van geweldpleging teenoor “minderes”.

In Vraag 18 is respondente gevra oor watter simplistiese beskouinge oor kinders in hul gemeenskap, kerk en werkplek hulle bewus is. Die meeste het verwys na die beskouing dat kinders gesien maar nie gehoor moet word nie. Volgens sommige respondente leef hierdie beskouing oor kinders steeds in sekere kontekste voort.

In die analisering van die simplistiese beskouinge oor kinders wat respondente genoem het, is vyf temas geïdentifiseer wat hieronder met response bevestig word.

**(Tema 1) Kinders en ouers:** *Ouers het die reg om oor hulle kinders te besluit, ook oor wat goed of sleg is; kinders word as eiendom beskou – ouers leef hul eie onvervulde drome deur hul kinders uit. Bepaalde simplistiese beskouinge impliseer egter ook kritiek op ouers: ouers wat sê “doen soos ek sê, moenie nadoen wat ek doen nie”; volwassenes se verhoudings, rolle, kommunikasiestyle en maniere van optrede doen niks aan kinders nie; ouers het onbeperkte mag en beheer oor kinders; ouers is nie verantwoordbaar teenoor kinders nie; kinders word vanself groot ... [j]y moet hulle net uitlos.*

**(Tema 2) Belang van opvoeding:** *Kinders moet net meer geleer en opgevoed word; kinders kan opgevoed word om dieselfde beskouinge, styl, voorkeure en perspektiewe as hul voorgeslagte te hê.*

**(Tema 3) Kinders en die kerk:** *Kinders is die kerk van die toekoms; kinders moet in die kerk verdra word, solank hulle weet hoe om hulleself te gedra; kinders versteur die orde van die erediens.*



**(Tema 4) Kinders en die hedendaagse konteks:** *Die wêreld het 'n baie slegter plek geword as ons na die jeug rondom ons kyk; kinders van vandag het nie waardes nie; dit is vandat godsdiensonderrig (Christelik) nie meer in die skole plaasvind nie dat kinders so agteruitgaan; kinders kan nie verantwoordelikheid neem nie; kinders is die rede vir al die ingewikkelde sake in die lewe van ouers, die kerk en die gemeenskap; kinders is deesdae die base in ons huis; kinders moet dieselfde besige en stresvolle lewens as volwassenes hê as hulle êrens wil kom. Daar is ook enkele beskouinge genoem wat direk met kinderregte verband gehou het: kinders het regte en daarom het hulle nie respek nie; dit is vanweë hul regte dat hulle nie hulleself kan gedra nie; al die gepraat oor kinders en hul regte is liberale goed van die nuwe Suid-Afrika; kinders het voorregte en nie regte nie.*

**(Tema 5) Volwassenheid is die norm:** *Kinders is altyd ondergeskik aan volwassenes; volwassenheid is die doel van kinders se ontwikkeling; kinders is mense in wording; kinders is net potensiaal. Met volwassenheid as norm word kinders se waarde en vermoëns in die hede onderspeel: kinders is nie by magte om vir hulself te dink nie; kinders is onvolwasse en daarom onbekwaam; kinders kan nie vertrou word met feite oor situasies waarmee volwassenes gekonfronteer word nie; kinders sal eendag aktiewe deelnemers in kerk en samelewing word.*

In die beskouinge wat genoem is, het daar ook twee indirek na die dissiplinerig van kinders verwys: *Kinders is basies goed en daarom behoort hulle nie seergemaak of afgerig te word deur straf nie; as jy 'n kind met lyfstraf dissiplineer, sal jy hom psigies beskadig en hom 'n kultuur van geweld aanleer.*

Die voorbeelde is ook genoem van die beskouinge wat heel dikwels in die samelewing voorkom, naamlik dat kinders almal eenders is en daarom dieselfde behandel kan word; kinders wat die maksimum ontvang (materieel en ontwikkelingsgeleenthede) goed aangepaste volwassenes sal word en kinders onskuldig en (altyd) die slagoffers van omstandighede is.

Die voorbeelde wat respondente genoem het van simplistiese beskouinge oor kinders wat daar in die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan, benadruk die belangrikheid om 'n kritiese Praktiese Teologie te beoefen waardeur bewustheid gekweek word van

beskouinge wat vir kinders en hul sorgdraers skadelik kan wees, en waardeur 'n verstaan van kinders in 'n gegewe konteks en tyd met nuwe betekenis gevul kan word.

In Vrae 20 tot 22 is respondente gevra om enige bydraes van prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders te noem wat hulle in 'n meerdere en/of groot mate relevant ag vir die akademiese, kerklike en burgerlike samelewing. Die bydraes tot die akademiese publiek het ingesluit: dinamiese interdisiplinêre gesprekvoering oor kinders; die ontwikkeling van Kinderteologie in die breedste sin van die woord; en die aanbieding van seminare, konferensies en werkwinkels – ook vir die breër gemeenskap. Een respondent het hier genoem dat balans tussen en implementering van die verskillende aspekte soos in Vraag 20 gelys, deurslaggewend is. Dieselfde respondent het beweer dat die realiteit van die totale program van teologiese opleiding en die verwagtinge van kerke ten opsigte van predikante wat afstudeer, beperkinge meebring wat interaksie buite die akademiese ruimte bemoeilik.

Wat die bydraes van prakties-teologiese opleiding tot die kerklike publiek betref, is die gelyste uitkomst in Vraag 21 deur respondente aangevul met die volgende voorstelle: ontwikkeling en ondersteuning van lewensvaardighede; gepaste inskakeling van kinders in gemeentes en gemeentebediening; identifisering, benutting en aanwending van kinders se gawes tot opbou van die breër gemeente; intergenerasionele bediening en wedersydse leer en groei; ontwikkeling van positiewe rolmodelle; insluiting van kinders se perspektiewe in die beplanning van kerkkalenders; identifisering van die kind met die gemeente en die kind se ouers; intensiewe toerusting van ouers; en spesialis jeugbedienaars. Dit is interessant dat een respondent verwys het na die “gepaste” inskakeling van kinders in gemeentes – 'n ander respondent het weer die term “volledige” inskakeling by die totale gemeentelike bediening gebruik. Nog 'n respondent het beklemtoon dat kinders se betrokkenheid by en deelname aan al die werksaamhede van die gemeente bevorder behoort te word, sodat hulle soos volwaardige gemeentelede kan voel en funksioneer.

Die bydraes wat respondente genoem het tot die burgerlike samelewing sluit in die vorming van ondersteuningsgroepe vir byvoorbeeld enkelouergesinne, groter

gemeenskapsbetrokkenheid in die gemeenskap en deelname van die gemeenskap aan programme en projekte. By hierdie vraag (Vraag 22) het twee respondente weer kritiese opmerkings gemaak wat aandag behoort te geniet. Potensiële risiko's in die saak om kinders se regte te bevorder is uitgewys. Die een respondent het gewys op 'n moontlike probleem met die inhoud van strategieë en die ideologiese raamwerk waarbinne byvoorbeeld begrippe soos “sosiale transformasie” en “sosiale status” gebruik word. Daarom het die respondent deelname aan die publieke diskoers as noodsaaklik beskou om hierdie soort teoretiese en filosofiese inhoud te verhelder. Die ander deelnemer het die eerlike mening uitgespreek dat dit in vandag se samelewing maklik kan gebeur dat die kerk 'n politieke speelbal word. Die respondent was daarom van mening dat die subtiele invloed van Christene op grondvlak moontlik meer gewig kan dra as die menings van formeel kerklike instellings en teologiese nadenke.

Die rykdom en verskeidenheid van die data wat in die oop vrae van die vraelys na vore gekom het, toon duidelik dat dialoog oor die kwessie van kinders en hul regte tot 'n verdiepte teologiese verstaan van kinders en hul regte kan bydra. As sodanig kan dit weer die unieke bydrae van Praktiese Teologie verhelder in die ontwikkeling van 'n diskoers en praktyk wat vir kinders en hul welsyn bevorderlik is.

#### **6.4 Kwalitatiewe fase**

In die tweede fase van die empiriese ondersoek is die kwantitatiewe data verder geëksploreer deur by wyse van semigestruktureerde onderhoude gedetailleerde menings van deelnemers in te win. Die doel van die kwalitatiewe fase was om pertinente ondersoek in te stel na die aard van die bydrae van Praktiese Teologie tot 'n diskoers en praktyk wat kinders se welsyn en regte sal bevorder. Ooreenkomstig die doel van hierdie fase is deelnemers na hul mening gevra oor die *huidige* en *geantisipeerde* bydrae van prakties-teologiese navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe tot 'n diskoers en praktyk wat vir die saak van kinders, hul welsyn en regte bevorderlik is.<sup>340</sup> Diepgaande vrae is as sulks gestel om die diskrepansies wat in die kwantitatiewe fase na vore gekom het in meer diepte te eksploreer. Die onderhoude is tot by die punt van

---

<sup>340</sup> sien Bylae C vir die onderhoudskedule.

dataversadiging gevoer. Aangesien die WPTSA 'n klein werkgemeenskap is, word geen omskrywing van die profiel van deelnemers voorsien nie om deelnemers se anonimiteit te verseker. Daarom word slegs die insluitingskriteria vir deelname aan die onderhoude hieronder gestel.

#### ***6.4.1 Insluitingskriteria vir deelnemers***

Die twee kriteria wat vir die doelbewuste seleksie en insluiting van deelnemers aan die onderhoude in die kwalitatiewe fase van die empiriese ondersoek gegeld het, was die volgende: Deelnemers moes op die WPTSA se ledelys van 2011 as 'n lid aangedui wees en moes Praktiese Teologie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit doseer. 'n Verdere criterium vir seleksie was om deelnemers te kies wie se doseerverantwoordelikhede en spesialisasievelde die beste by die navorsingsonderwerp van hierdie studie pas. Lede van die WPTSA wat aan hierdie kriteria voldoen het, is uitgenooi om aan die ondersoek deel te neem vanweë hul belangstelling, ervaring en kundigheid in die studieveld en beoefening van Praktiese Teologie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Hulle het die geleentheid gekry om vrywillig tot deelname in te stem al dan nie. Verteenwoordiging is verkry van die Universiteite van Stellenbosch, Vrystaat, Pretoria, Noordwes, Suid-Afrika en KwaZulu-Natal. Daar is gepoog om die beste verteenwoordigende profiel ooreenkomstig ouderdom, geslag, etnisiteit en spesialisasie in subvelde van Praktiese Teologie te verkry.

#### ***6.4.2 Bevindinge***


Die data wat tydens die kwalitatiewe fase ingesamel is, word vervolgens aan die hand van die huidige sowel as die geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul welsyn en regte, as die twee geïdentifiseerde hoofemas van die kwalitatiewe fase aangebied. Subtemas en ondersteunende temas wat herhaaldelik in die data-analise na vore gekom het, word benut om die onderskeie hoofemas toe te lig.

Die bevindinge van die kwalitatiewe deel word bespreek in Afdeling 6.5 wanneer 'n bespreking op grond van 'n vermenging van die twee datastelle aangebied word en in Afdeling 6.6 wanneer die resultate van die empiriese ondersoek in sy geheel bespreek word ten einde 'n aksie-agenda aan die akademie van Praktiese Teologie te rig.

**Tema 1: Huidige bydrae van Praktiese Teologie**

Die aanbieding van die huidige bydrae van Praktiese Teologie hou verband met die volgende vraag wat aan deelnemers gevra is: Wat is die huidige bydrae van prakties-teologiese navorsing, opleiding en gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe tot die bevordering van die saak van kinders, hul welsyn en regte?

Diagram 6.1 hieronder gee ’n oorsig van die subtemas en ondersteunende temas wat vanuit die data na vore gekom het. Navorsingsdata sal in die toeligting van die huidige bydrae aangehaal word om te verseker dat die deelnemers se response akkuraat weergegee word.



**Diagram 6.1: Praktiese Teologie se huidige bydrae**

Die huidige bydrae van die akademie van Praktiese Teologie tot ’n diskoers en praktyk wat vir kinders en hul belange bevorderlik is, toon volgens deelnemers se beskrywings prominente leemtes. Dit sal vervolgens aan die hand van die onderstaande drie subtemas uitgewys word.

*Subtema 1: Kinders en hul welsyn en regte verteenwoordig 'n randtema / marginale tema in die akademie van Praktiese Teologie*

Uit die besprekings het dit heel duidelik geword dat die deelnemers van mening was dat kinders en hul welsyn in prakties-teologiese opleiding, wat navorsing, onderrig en leer en gemeenskapsinteraksie insluit, weinig pertinente aandag geniet. Kinders en hul welsyn is deur deelnemers beskryf as *nie 'n sterk fokusarea nie; nie 'n prioriteit in navorsing nie; en 'n verwaarloosde onderwerp van akademiese gesprek*. Die volgende drie response illustreer die randposisie wat kinders in die akademie van Praktiese Teologie inneem:

Daar is verskriklik min navorsing in Praktiese Teologie wat eksklusief op 'n akademiese vlak, 'n universitêre vlak op kinders fokus. Daar is 'n algehele armoede. Dit raak die gebrekkige belangstelling in jeugbediening in die geheel (Deelnemer K).

Ek dink plaaslike gemeentes wat leef met kinders ... word direk daarmee gekonfronteer, maar omdat ons in 'n soort van veilige ruimte in die akademie verkeer, besluit ons self waaroor ons navorsing doen. En ek glo nie dat kinders, kinderregte of kinderwelsyn 'n pertinente vraagstuk, 'n prominente vraagstuk vir ons is nie (Deelnemer F).

Daar is min akademiese navorsing oor kinders se godsdienstige/spirituele ervaringe. Wat ek gelees het, was nie van Suid-Afrika nie. Dit wat ek wel gelees het, is veralgemenings oor: kinders ervaar godsdiens op hierdie ouderdom só en in daardie ouderdomsfase op daardie wyse (Deelnemer L).

Die onderliggende *faktore* wat deelnemers geïdentifiseer het vir die tendens dat kinders 'n randtema is, sluit in: 'n kerklike verlede waar kinders gesien, maar nie gehoor is nie; onvoldoende deskundigheid in Praktiese Teologie in die veld van kinders; 'n gebrek aan passie vir die saak van kinders; tyds- en leerplanbeperkings; opleiding in kinderbediening wat aan teologie fakulteite meestal deur onafhanklike organisasies voorsien word; en die feit dat navorsing in die veld van kinders en hul welsyn nie as behoorlike akademiese bydraes geag word nie. 'n Ander belangrike faktor wat deur deelnemers uitgesonder is, is die ontwikkelingsfases van kinders wat kompleks is en streng etiese maatreëls in die werk met kinders vereis. 'n Gender-faktor, naamlik dat vroue – gewoonlik diegene wat 'n sterker aanvoeling vir kinders het – in die akademie van Praktiese Teologie

onderverteenwoordig is, is ook as rede aangevoer waarom kinders 'n marginale posisie verteenwoordig. Verskeie deelnemers het aangevoer dat 'n onderliggende faktor van die marginale posisie van kinders verbind kan word met hoe moeilik volwassenes dit vind om 'n perspektief op kinders in die beoefening van Teologie te integreer:

My ervaring is dat volwassenes so met grootmensoë na die Bybel en na die Teologie kyk. Dit vra iemand om jou te help verstaan om die kinders en die jongmense raak te sien. Anders dink jy net grootmense. En daardie armoede lê diep. Dit lê by dominees diep (Deelnemer K).

Die miskyk van 'n kind deur die volwassene lê in ons menslike aard. Ons konsentreer op goed wat ons persoonlik raak. En ons is uit die kinderfase uit en dit raak my nie meer so erg nie ... Ek het die ervaring gehad dat nou kom jy nuut in 'n gemeente en jy groet nou al die ouens en vrouens met die hand, en as jy klaar gegroet het dan sien jy maar daar staan 'n kindjie en jy het hom misgekyk ... en dat jy ook nie eens meer die sensitiwiteit het om die kind uit die hoek van jou oog raak te sien nie. Ons het 'n historiese verloop, kinders moet gesien, maar nie gehoor word nie. So, die kind is in grootmens geselskap uitgesluit (Deelnemer H).

Kinders, dink ek, is nog op die periferie. Hulle is nog nie genoegsaam deel van die geheel nie (Deelnemer J).

Die faktor wat die sterkste vanuit die kwalitatiewe data na vore gekom het, was dat betekenisvolle aandag aan 'n normatiewe teologiese basis vir die beskouing en hantering van kinders ontbreek. Aangesien die data op hierdie onderwerp so omvangryk is, word hierdie onderliggende faktor vir die tendens dat kinders 'n marginale tema in Praktiese Teologie verteenwoordig, as 'n aparte subtema aangebied.

***Subtema 2: Betekenisvolle aandag aan 'n normatiewe teologiese basis vir die beskouing en hantering van kinders ontbreek***

Daar was 'n sterk aanduiding in die response van deelnemers dat 'n normatiewe basis wat praktiese teoloë se siening van kinders behoort te rig, in die akademie van Praktiese Teologie nie genoegsame aandag kry nie. Hierdie gebrek is deur sommige respondente soos volg onder woorde gebring:

Tans sou ek sê, dit is vir my een van die leemtes dat daar nie prinsipieël genoeg gekyk word na wat die openbaring van God oor die kind is nie ... die herkoms van die kind, die identiteit van die kind, die handeling van die kind, al daardie dinge is eintlik ten nouste verweef met hoe daardie kind deur God geskep is en hoe God daardie kind ook sien. Hoe lyk die kind deur die oë van die Here? (Deelnemer H)

Hoe ons teologies gevorm is, selfs wat ons denke betref, daarin ontbreek die kind en die rol van die kind (Deelnemer G).

Die waarde van die kind, die menswees, die identiteit van die kind het by ons verbygegaan ... Ek dink in die hele teologiese wetenskap het ons baie min daarvoor gekry. Baie etiese vrae raak glad nie aan die kind nie (Deelnemer H).

Ek glo ons as teoloë doen te min. Kinders is nie deel van ons teologiese raamwerk nie (Deelnemer F).

Die werk met kinders en jongmense was altyd nog soort van gebrekkig omdat ons nie 'n teorie as basis daarvoor het nie. 'n Teoretiese basis ontbreek (Deelnemer A).

Deelnemers se response, soos ook gereflekteer hierbo, het daarop gedui dat 'n grondige *teologiese perspektief* op kinders en kindskap nie slegs in die konteks van Teologie ontbreek nie, maar ook dat in die *teologiese vorming* van praktiese teoloë leemtes bestaan.

### ***Subtema 3: Implikasies van huidige bydrae***

Vanuit deelnemers se response het dit aan die lig gekom dat die marginale posisie van die kind en die teologiese leemtes daar rondom 'n impak het op die perspektiewe op kinders wat in prakties-teologiese navorsing en opleiding gevorm word. Dit kom op sy beurt weer na vore in 'n bepaalde bedieningspraktyk en religieuse praxis in die samelewing vir sover dit op kinders gerig is. Die implikasies, wat deelnemers uitgewys het en wat direk met mekaar verband hou en gevolglik moeilik is om liniêr aan te bied, het primêr te make met 'n negering van kinders en hul vermoëns, 'n gefragmenteerde en sporadiese wyse waarop die tema van kinders en hul welsyn aan die orde kom, en 'n beperking en vervlakking van omgang met kinders in hul konteks. Die aard en omvang van die implikasies hieronder vermeld, maak dit duidelik hoeseer die marginale posisie van kinders en die teologiese leemte met mekaar verweef is.



Deelnemers het aangedui dat *kinders* en hul *vermoëns* in die akademie en kerklike praktyk maklik *onderwaardeer* en selfs *misken* word, soos die volgende response bevestig:

Volwassenes dink vir kinders, dit is die praradigma waaruit ons kom; veral in die kerk kom ons vanuit daar die paradigma (Deelnemer B).

Die beeld wat mense van kinders het, is dat hulle nie vir hulleself kan dink nie – nie binne hul ouderdomsgroep nie (Deelnemer D).

Ek dink in die teologiese opleiding weeg definitief wat die volwassenes tot die kind se welsyn kan bydra baie swaarder as andersom. Ek dink nie kinders se bydraes kom êrens tereg in ons kurrikulum hier nie, nie regtig nie (Deelnemer J).

Dit herinner my aan die begin van my professionele werk, in 'n sinode in ons kerk toe ek opgestaan het en die sinode daarop attent gemaak het dat dit internasionale kinderdag is. Die sinode het min daarvan gemaak en dit het gevoel asof wat ek sê, geïgnoreer is. Ek het dit later geïnterpreteer as 'n leemte in terme van ons teologiese perspektief oor kinders en die plek van kinders in die kerk, maar veral in terme van ons teologie (Deelnemer F).

Een deelnemer het die huidige stand van sake wat betref die negering van kinders en hul vermoëns gestel, en daarmee saam die noodsaaklikheid om die *status quo* te verander.

Die meeste van ons het grootgeword met hierdie idee dat kinders net mooi na ons moet luister en dan sal hulle weet wat die beste vir hulle is. Ek dink ons moet dit verander – ons moet darem regtig eers na hulle stories luister, en ek weet nie of ons die vaardighede daarvoor het nie. Ek is in elk geval nie opgelei om dit te doen nie. In baie gemeentes is daar 'n jeugleeraar. So, ons ander bekommer ons nou nie daaroor nie, want die jeugleeraar moet nou maar hierdie onmoontlike spulletjie bymekaar hou. Daar is nie eintlik 'n bewussyn van kinders wat 'n integrale deel van die gemeente is nie en ook nie dat daar na hulle stories geluister moet word nie (Deelnemer L).

Wat waarskynlik met die miskening van kinders se vermoëns saamhang, is wat deelnemers geïdentifiseer het as 'n *gefragmenteerde* en *sporadiese* wyse waarop die tema van kinders en hul welsyn in prakties-teologiese opleiding aan die orde kom. Dit is

opvallend dat deelnemers bevestig het dat wanneer kinders wel in die akademie van Praktiese Teologie ter sprake kom, die fokus grootliks op die ontwikkeling en opvoeding van kinders deur middel van *kategese* is.

Ek dink ons dominees wat hier klaar studeer, het baie min blootstelling gekry aan die kind en meer aan bloot katege (Deelnemer H).

In ons Praktiese Teologie was daar 'n bietjie van 'n eensydigheid rondom die hele ding van katege. Jy't gedink jy kan 'n jongmens vorm net deur met sy kop te werk en hom die geloofswaarhede eintlik te laat memoriseer, en dat dit op so 'n manier deel word van sy lewe (Deelnemer H).

Hierdie eensydige fokus op katege in prakties-teologiese opleiding, soos deur deelnemers uitgewys, het 'n direkte impak op die bedieningspraktyk, wat volgens twee deelnemers se response soos volg daar uitsien:

Kinders, hul welsyn en regte is 'n verwaarloosde gesprek, buiten jou kategesefokus is interaktiewe belangstelling en die betrokkenheid by kinders en wat in daardie deel van die samelewing gebeur baie laag. Kom ons sê nou, 'n mens ondersteun duidelik jeugbediening as 'n holistiese, geïntegreerde bediening. Tog, as ons kyk na die gemeentebediening ontbreek dit daar (Deelnemer E).

Al die energie en geld wat ons in katege inploeg, is deel daarvan. Dit verskoon ons, dit maak ons vry van die verantwoordelikheid en van die las om met kinders doenig te wees. Of die geraas van kinders rondom ons te hê. So ons sit hulle nou in 'n hoekie of in 'n kategorie en hulle word hanteer, ons koop ons arbeid om met hulle te werk. En dit is die kerk se fout, die kerkbegrip, ons teologie in daardie opsig (Deelnemer F).

Die response van deelnemers dui verder aan dat die *gefragmenteerde* en *sporadiese* wyse waarop die kwessie van kinders in prakties-teologiese navorsing, kurrikula en die kerk se bedieningspraktyk voorkom *kompartmentele denke* tot gevolg kan hê:

Ons het die teologie gaan versnipper om op kinders gerig te wees of op jongmense of grootmense en getroudes, ensovoorts. Ons hele kerksisteem breek ons so op. Dit maak dit vir ons beter hanteerbaar (Deelnemer F).

Dit is nog altyd my vrees dat 'n mens in kompartementele denke verval – dat jy nou 'n module oor kinder- en jeugbediening loop en nou is jy klaar daarmee en word predikant wat net met grootmense werk (Deelnemer G).

Hierdie stand van sake, het deelnemers aangedui, kan maklik daartoe lei dat studente nie die saak van kinders relevant ag vir teologiebeoefening nie. Verder is deur deelnemers aangevoer dat hierdie gefragmenteerde wyse waarop die kwessie van kinders en hul belange aan die orde kom, meebring dat die onderwerp van kinders in navorsing feitlik onsigbaar en uitgesluit word.

Dus, een module in drie jaar. Die jeugbediening raak ook (die saak van) kinders, maar dis nie so spesifiek nie. Teen die einde van daardie jaar het jy een blok kinderbediening, dit wil sê 'n week, waar jy blootstelling kry. Ons ondervind dat student dit nie relevant ag nie. Die meerderheid studente neem hierdie klasse nie ernstig op nie (Deelnemer A).

As kinders se realiteite en belange nie in die kurrikulum is nie, is nagraadse navorsing hieroor onmiddellik skaars (Deelnemer K).

Deelnemers het verder aan die lig gebring dat wanneer daar wel 'n fokus op kinder- en jeugbediening in prakties-teologiese navorsing en onderrig na vore kom, *aandag op* die lewensfase van *adolescente* en gevolglik die bediening aan tieners gevestig word. Dit kan daaraan toegeskryf word dat adolessente oor meer ontwikkelde vermoëns beskik om tot volwasse gesprekvoering en oor onderwerpe soos deur volwassenes bepaal toe te tree – soos die volgende respons van 'n deelnemer hierdie stand van sake weerspieël:

My indruk is dat daar baie keer aandag aan tienerjariges gegee word, maar nie aan kleiner kinders nie ... Ek sal dink dit het daarmee te doen dat jy met die grotes al kan praat – jy dink hulle is al 'n bietjie meer geestelik volwasse. Jy kan met hulle op 'n volwasse wyse 'n gesprek voer. Jy kan met hulle praat oor gesag en dissipline en soortgelyke onderwerpe. Terwyl kleiner kinders nie altyd die persepsie daarvan het nie (Deelnemer G).

Deelnemers se response wat op die huidige bydrae gerig is, het duidelik aangedui dat die integrasie van kinders se stem in prakties-teologiese navorsing en in die kerklike

bedieningspraktyk uiters moeilik is. Deelnemers het aangedui dat dit immers 'n uitdaging is om kinders se perspektiewe te integreer in die beoefening van Teologie. Dit geld veral vir die konteks van die akademie en in gemeentes, soos die volgende deelnemers se response daarop wys:

Die ou spreekwoord dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie, is so in ons ingeënt dat ons as volwassenes dit ook herleef in die wêreld soos ons dit verstaan (Deelnemer F).

Ek dink dit is iets waarmee ons rekening moet hou, dat kinders 'n belangrike aspek van navorsing uitmaak. Om kinders hul stem te laat hoor sal tyd neem – die besef dat hulle 'n stem van hul eie het, en die vermoë om 'n intieme verhouding met God te hê (Deelnemer A).

Ek dink kinders word letterlik verwaarloos. Daar word oor hulle gepraat en daar word nie met hulle gepraat nie. Dit is ernstig nodig om met kinders self te praat. Dit blyk tog asof die howe en die maatskaplike werkers na die kinders luister, terwyl die kerk in 'n sekere mate nie luister nie. Ons wil graag met die kinders werk, maar met wat ons hulle wil leer volgens ons leerplan of ons oortuigings. Om na die kinders te luister en hulle belewenis te verstaan en van hulle te leer gebeur nie so dikwels nie (Deelnemer D).

Ek dink dis nogal 'n jammerte in Praktiese Teologie wat veronderstel is om juis op die grondvlak te gaan hoor wat aangaan, dat studente wat navorsing onderneem dikwels met predikante of met volwassenes gaan praat. Ek dink die mense wat navorsing doen met kinders is ook nie so baie nie. Dis baie dikwels vroue wat 'n besondere hart het vir kinders en wat dan ook 'n soort mentaliteit het van mense praat nie oor mense nie, jy praat met hulle (Deelnemer J).

Die ouer mense hou nie daarvan dat jongmense vir hulle moet kom vertel wat om te doen nie. So, daar is 'n groot probleem daar. Ons kry jongmense op die kerkraad, maar die ouer mense, dit is nie deel van die sosiale struktuur om na die jongmense te luister nie (Deelnemer L).

Die uitsluiting van kinders as tematiese fokus in die akademie van Praktiese Teologie en gevolglik in die bedieningspraktyk van die kerk en in die samelewing is 'n belangrike implikasie wat hanteer behoort te word indien Praktiese Teologie 'n bydrae wil lewer tot die bevordering van kinders se sosiale posisie in die samelewing. Uit bogenoemde

response is dit duidelik dat die marginale posisie van kinders in teologiese nadenke en die kerklike bedieningspraktyk aan die een kant, en die teologiese leemte wat ten opsigte van kindwees en kinderwelsyn bestaan aan die ander kant, ’n wedersydse invloed op mekaar uitoefen. Hoe minder die teologiese nadenke oor kinders in teologiese navorsing in die breë figureer hoe meer problematies raak die posisie van kinders in teologiese opleiding en die kerklike bedieningspraktyk. Hoe meer teologiese opleiding en die kerklike bedieningspraktyk op ’n gefragmenteerde wyse met die saak van kinders en hul welsyn omgaan, hoe minder word navorsingsvrae gestimuleer wat ’n verdieping in ’n teologiese verstaan van kinders kan meebring. Hier word die belang van Praktiese Teologie wat teologiese teorie in voortdurende kritiese korrelasie met die praktyk bring – die bemiddeling van individuele, institusionele en publieke Christenskap – op die voorgrond geplaas.

Juis vanweë hierdie teologiese leemte op die vlak van teorie blyk uit deelnemers se response *’n beperking en vervlakking van interaksie met kinders in hul konteks* aan die orde van die dag te wees. Deelnemers het as sodanig uitgewys dat betrokkenheid by kinders hoofsaaklik in die vorm van projekte geskied. Sodanige projekte word meestal geaktiveer deur ekstreme probleme waarmee kinders gekonfronteer word, soos MIV en Vigs, om aan die hoof van huishoudings te staan, en ernstige armoede, veral in “agtergeblewe gemeenskappe” – ’n term wat saam met die konsep “opheffing” herhaaldelik na vore gekom het.

’n Deelnemer het die interaksie van die akademie van Praktiese Teologie met gemeenskappe verder as volg geïnterpreteer:

Wanneer persone na gemeenskappe toe uitgaan om met mense te werk, met kinders in die gemeenskappe, is die doel meestal die navorsingsagenda soos deur hulleself bepaal, wat nie noodwendig tot die welsyn van kinders strek nie... Die neiging is dat mense sulke werk doen ter wille van die navorsing. Dit kan egter net sowel tot die voordeel van sowel die kinders/gemeenskap as die akademikus gedoen word (Deelnemer B).

Hierdie stand van sake word in die akademie en kerk aan magsuitoefening toegeskryf, soos dieselfde deelnemer die situasie verduidelik het:

Die akademikus van buite kom met institusionele mag, saam met opleiding, taalvermoë en hulpbronne, en tree in interaksie met 'n gemeenskap wat meestal nie dieselfde soort mag kan benut nie. Dit skep nogal 'n probleem. Inderwaarheid word sodanige optrede deur die etiese riglyne tot ons beskikking afgekeur. “Eties” beteken jy gaan nie mense skade berokken of in gevaar stel nie. Dit gaan nie daaroor dat die akademikus self deur die proses bevoordeel word nie. Ek het dit nog nooit teëgekomp dat iemand in 'n gemeenskap gaan werk met een van die vereistes dat jy die gemeenskap met sekere voordele of gewin sal verlaat nie. So, daar is heelwat kritiese denke wat wag. Ons stuur byvoorbeeld jongmense om in plaaslike kerke te gaan Sondagskool hou, maar eintlik gaan dit om die voordeel wat dit vir hulle studiekursus en vir hulleself inhou. Ons almal pas in daardie paradigma in, maar dis 'n rampspoedige paradigma, want deur niks meer as dit te doen nie maak ons inbreuk op die regte van die betrokke gemeenskap en kinders (Deelnemer B).

Die verbinding tussen teorie en praktyk – ook wat mag aanbetref – is deur 'n deelnemer verder toegelig:

Ons het 'n kerkteologie wat die alfa en omega is vir hoe ons teologie verstaan, en God se rol verstaan, en ons verskraal die rol van kinders in ons teologie ... ons hou vas aan 'n kerkteologie wat eintlik vir my gaan oor mag en hoe ons dit in stand kan hou. En die rol van mense daarbinne en van kinders daarin kom nie aan die woord nie (Deelnemer F).

Verder is dit opvallend dat deelnemers se beskrywing van die wyse waarop die akademie van Praktiese Teologie interaksie met kinders fasiliteer, grootliks verband hou met geleenthede waar kinders op 'n geïsoleerde wyse hanteer word. Deelnemers het vertel dat studente blootstelling aan kinders kry in die hantering van 'n kinderpreek, kinderdienste, kinderkerk, katechese, naskoolse programme en uitreikaksies na Vigsweesies en kinderhuise. Hierdie programme wat aan kinders gebied word, is grootliks deur deelnemers beskryf as “vermaak”, “oppervlakkig” en met 'n “korttermyn impak” vanweë 'n gebrekkige teologiese basis oor die kind, 'n beperking van betrokkenheid tot die domein van die kerk en geloofsvorming, en 'n mate van naïwiteit en onkunde oor die konteks van kinders. 'n Deelnemer erken:

Ek dink 'n mens aanvaar dit gaan goed met alle gesinne. Jy het nie in die kerklike lewe die probleem van molesting en hierdie tipe goed nie (Deelnemer G).

Hierdie naïwiteit wanneer dit kom by die kompleksiteit van kinders se konteks is deur twee ander deelnemers soos volg bevestig:


Wat tans, uit my oogpunt gesien, 'n leemte is, is dat die kind geïsoleer is van sy gesinsopset. 'n Wetenskaplike benadering tot die konteks van die kind sal baie meer moet insluit. En nou praat ek ook uit 'n Afrika-perspektief van die groter gesin (Deelnemer H).

Baie van die Sondagskool- en katekisasieboeke se inhoud is baie naïef ... met allerhande oppervlakkige simbooltjies. Kinders is aan soveel gesofistikeerde en ingewikkelde dinge blootgestel, maar dan kom ons nog met die godsdiens op so 'n vlak ... Dit lyk vir my dat wanneer die kerk hulle na kinders wend, dan kom al hierdie vlak goed uit (Deelnemer L).

Opsommend kan gesê word dat die huidige bydrae van die akademie – so het dit vanuit die bevindinge na vore gekom – nie genoegsaam 'n fokus op kinders, hul welsyn en regte in die praktyk van prakties-teologiese navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe integreer nie. Hierdie leemte in die akademie van Praktiese Teologie, het deelnemers se response aangedui, impakteer verder op hoe leierskap in gemeentes reageer op die saak van kinders en hul belange en hoe daar met kinders in interaksie getree word. Praktiese Teologie se huidige gebrekkige bydrae tot 'n diskoers en praktyk wat bevorderlik is vir kinders, hul welsyn en hul regte, kan grootliks volgens die bevindinge van die kwalitatiewe data daaraan toegeskryf word dat die onderwerp van kinders, hul welsyn en hul regte 'n marginale tema in die akademie van Praktiese Teologie verteenwoordig en dat 'n gebrekkige normatiewe teologiese basis vir die beskouing en hantering van kinders tans bestaan. Die meerderheid deelnemers het in lyn met hierdie beskrywing van die huidige bydrae verduidelik dat 'n holistiese geïntegreerde perspektief op kinders en hul welsyn in die huidige bydrae van die akademie van Praktiese Teologie ontbreek en dat hierdie perspektief juis as die geantisipeerde bydrae gesien behoort te word.

**Tema 2: Geantisipeerde bydrae**

In hierdie afdeling word verslag gedoen oor die bevindinge wat met die volgende vraag aan deelnemers verband hou: *Wat is die geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van 'n diskoers en praktyk oor kinders, hul welsyn en hul regte?* Alhoewel die huidige bydrae van die akademie van Praktiese Teologie in bepaalde opsigte deur deelnemers as problematies uitgewys is, het verhelderende perspektiewe na vore gekom oor wat die geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie kan wees. Diagram 6.2 hieronder voorsien 'n oorsig van die subtemas en ondersteunende temas wat met verwysing na die geantisipeerde bydrae na vore gekom het.



**Diagram 6.2:** *Praktiese teologie se geantisipeerde bydrae*

Die geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie is grootliks deur deelnemers beskryf as 'n geïntegreerde perspektief op kinders wat rekening hou met die kompleksiteit van kinders se konteks (subtema 1) en 'n sterk teologiese begroning van die saak van kinders en hul regte (subtema 2). Dit is opmerklik dat die geantisipeerde bydrae deur



deelnemers direk verbind is met die problematisering van die gefragmenteerde wyse waarop kinders in die akademie van Praktiese Teologie na vore kom en die gebrekkige teologiese begroning van die kwessie van kinders. Die implikasies (subtema 3) wat hierdie bydrae vir die praktyk van teologiese opleiding en die bemiddeling van geloof in kerk en samelewing mag vereis, het vanuit die data as 'n derde subtema te voorskyn gekom. Hierdie drie subtemas word vervolgens hieronder aan die orde gestel.

***Subtema 1: Geïntegreerde perspektief op kinders in hul konteks***

Vanuit die onderhoude het die behoefte sterk na vore gekom om kinders in hul konteks beter en vanuit 'n meer geïntegreerde perspektief te verstaan. Hierdie perspektief is deur deelnemers voorsien as 'n reaksie teen die isolering van die kind – asof die kind sonder sisteme bestaan.

Ons moet mense in hul geheel sien en die sisteme van die lewe verstaan. Daarom pleit ek vir 'n holistiese, geïntegreerde teologie wat kinders as geïntegreerde wesens verstaan – met hul eie identiteit en bydraes – wat ons kerkbegrip en funksionering net kan verryk (Deelnemer F).

Deelnemers het aangedui dat dit tans wel in prakties-teologiese opleiding aan universiteite voorkom dat die integrering van kinders en jongmense in die gemeentebediening aandag kry. Deelnemers het ook bepaalde gebreke uitgelig ten opsigte van die pogings om 'n perspektief op kinders en jongmense in opleiding te integreer. Daar is verduidelik dat die integrasie meestal slegs in 'n enkele module geskied, met die gevolg dat die gefragmenteerde wyse waarop dit in die kurrikulum hanteer word, nie effektief bydra tot 'n bedieningspraktyk waar kinders in gemeenteprosesse geïntegreer word nie. Alhoewel die geïntegreerde perspektief grootliks in kurrikulumontwikkeling beplan word, is daar “minder 'n tipe van bewussyn van die vroeër jare van kinders” (Deelnemer C). Deelnemers het daarom erken dat kinders as perspektief of lens meer geïntegreerd deel van die proses van prakties-teologiese interpretasie moet vorm.

Sommige deelnemers het in die ontwikkeling van 'n geïntegreerde perspektief op kinders verwys na die belang daarvan om by *ander dissiplines te gaan leen*, juis om meer van die kompleksiteit van kinders se lefwêreld te begryp.

As dit by kinders en jongmense kom, is daar meer stemme as ons eie dissipline om gehoor te word (Deelnemer A).

Dit is amper 'n vereiste vandag dat dissiplines saamwerk om vraagstukke aan te sny (Deelnemer E).

Vir ons wat by Praktiese Teologie betrokke is, bestaan daar geleenthede om met instellings en organisasies of selfs met departemente of fakulteite saam te werk waar die werk op kinders gefokus is. Om self 'n hele department te begin wat op kinderopvoeding fokus, is onmoontlik – ek weet nie hoe ons dit sou kon behartig nie. Dit vra om 'n multidissiplinêre benadering, dan is dit haalbaar (Deelnemer B).

Die meerderheid deelnemers het wat 'n geïntegreerde perspektief op kinders in hul konteks betref, aanbeveel om nie in Praktiese Teologie met nuwe dinge ten opsigte van 'n diskoers en praktyk oor kinders, hul welsyn en regte te begin nie. Een saak het vanuit die data baie duidelik na vore gekom as 'n ondersteunende tema tot 'n geïntegreerde perspektief op kinders. *Interdissiplinêre samewerking* is in hierdie verband noodsaaklik om 'n diskoers en praktyk oor kinders, hul welsyn en regte te bevorder. Volgens deelnemers behoort inisiatiewe wat reeds in ander dissiplines bestaan, erken te word en in samehang daarmee die eie, unieke bydrae van Praktiese Teologie oor kinders te bied. Kinderontwikkeling vanuit die Sielkunde en ook perspektiewe ten opsigte van kommunikasie (veral kruiskultureel, intergenerasioneel) is byvoorbeeld aangedui as belangrike teorieë om in Praktiese Teologie te integreer.

Die bevindinge het verder daarop gedui dat 'n geïntegreerde perspektief in Praktiese Teologie op die kwessie van kinders impliseer dat die *polariteite* wat kenmerkend is van kinders se lewens in diskoers en praktyk *erkenning* sal geniet. Hierdie erkenning van polariteite is deur een deelnemer van toepassing gemaak op die balansering van regte en verantwoordelikhede. Die relevansie van hierdie tipe vraagstukke vir Praktiese Teologie is deur dieselfde deelnemer beklemtoon.

Ons het reeds geleer dat ons ook bepaalde begrensinge nodig het: In 'n wêreld waar jy die regte van kinders oorbeklemtoon, met geen beperkinge nie, loop jy risiko's. Self die regte van kinders sal met 'n begrip van grense gepaard moet gaan, byvoorbeeld dat hulle steeds as mense onderontwikkeld is, nog nie ten volle ontwikkel het nie en slegs tot op 'n sekere vlak besluite kan neem. Nou, oor hierdie kwessie sal praktiese teoloë in alle akademiese instellings baie dinkwerk moet insit, naamlik om mense te help verstaan watter regte vir kinders toepaslik is en op welke vlak. Op watter stadium sal ouers moet terugstaan en wanneer sal hulle moet intree? Ons is nie tans met hierdie vrae besig nie, glad en geheel nie! (Deelnemer B)

Die onderliggende persepsie dat kinders as mense onderontwikkeld is, wat in bostaande aanhaling na vore kom, sou binne die regtediskoers wel geïntegreer kon word, aangesien 'n onderwaardering van kinders verband hou met die persepsie dat hulle as mense onderontwikkeld is. Hierdie realiteit van kinders wat nog besig is om te ontwikkel kry egter 'n positiewer betekenis wanneer dit in die konteks gesien word van 'n bepaalde beginsel van kinderregte, naamlik dié van die ontwikkelende vermoëns van kinders.

Dieselfde deelnemer het egter ook verder opgemerk:

Die vermoë van kinders om deel te neem en in die proses te leer sal erken moet word. Dit sal voortdurend hand aan hand moet gaan met die besef van hul kwesbaarheid, sodat 'n mens nooit te hoë verwagtinge koester nie. Wees ook daarvan bewus hoe nodig dit is om vir hulle die ruimte te gee om kinders te wees. Anders word in die proses flaters begaan (Deelnemer B).

In hierdie respons het die deelnemer wel goed omgegaan met die erkenning van polariteite deur die realiteit van kinders wat kwesbaar is te balanseer met die vermoëns waarvoor kinders beskik om deel te neem.

'n Ander deelnemer het egter weer daarop gewys dat alhoewel so 'n geïntegreerde, holistiese benadering meebring dat die bediening aan kinders nie meer in afsonderlike kompartemente hanteer word nie, dit ook risiko's inhou waarvan kennis geneem moet word. 'n Deelnemer het genoem dat die realiteit is dat Praktiese Teologie 'n wye veld is en die integrasie van kinders as perspektief daarin die probleem kan laat ontstaan dat die

kwessie van kinders nie volledig aan die orde kom nie. Daarom het 'n ander deelnemer weer voorgestel dat terwyl daar in Praktiese Teologie gepoog moet word om die kwessie van kinders te integreer, daar ook in die kurrikulum ruimte gelaat sal word vir die verwerwing van gespesialiseerde kennis oor die kind se unieke leefwêreld.

'n Strategie wat twee deelnemers voorgestel het, naamlik die vestiging van 'n akademiese werkgemeenskap om gespesialiseerde aandag aan kinders te koördineer, kan oorweeg word om bogenoemde risiko's te hanteer.

### *Subtema 2: Teologiese fundering van die belang van kinders en hul insluiting*

Vanuit die data het dit duidelik geblyk dat om 'n geïntegreerde perspektief op kinders en hul welsyn in kerk en samelewing te implementeer, bepaalde eise aan die akademie van Praktiese Teologie gestel word. Die kern-uitdaging, soos deur deelnemers uitgewys en verbind met die uniekheid van Teologie as wetenskap, is om in diskoers en praktyk die saak van kinders en hul belange teologies te bepleit. Op hierdie punt is *navorsing* deur verskeie deelnemers aangedui as essensieel om die saak van kinders teologies te begrond en te bepleit.

In navorsing is dit nodig om op kwessies soos diskriminasie teen kinders, hul menswaardigheid en hul eiewaarde te fokus (Deelnemer A).

Navorsing het ten doel om te gaan kyk wat aangaan, om data te versamel, om praktyke indien nodig te ontmasker, en dan kan daardie bevindinge aangewend word om mense wat in verskillende praktyke staan te help om hul praktyke te verfyn en te verbeter. So vir my is die hoofsaak van navorsing om die gegewens te kry en te interpreteer (Deelnemer J).

'n Deelnemer het aangedui dat 'n goed begronde teologiese perspektief op kinders met 'n bepaalde uitkoms in gemeentes geassosieer sal kan word:

'n Goed begronde teologiese perspektief op kinders sal dus gemeentes kan help om meer teologies en bybels met hul kinders te werk (Deelnemer C).

Navorsing, het die bevindinge aangedui, kan verder help om 'n teologiese visie vir opleiding en bediening te formuleer. Om 'n genuanseerde visie ten opsigte van die saak

van kinders en hul regte te formuleer is *intra- en interdissiplinêre dialoog* en samewerking tussen die deeldissiplines van Teologie nodig, soos die volgende response aandui:

Ek dink 'n belangrike bydrae sou gelewer kon word om uit 'n Bybelse perspektief na kinderregte te kyk – om na die Bybel te gaan kyk oor hoe kinders hanteer moet word (Deelnemer C).

Vir 'n teologiese perspektief op kinders en om interdissiplinêr te kan werk, het ons insette van Dogmatiek, Etiek, Bybelwetenskappe en Kerkgeskiedenis nodig. Tans is dit 'n baie groot leemte dat dit nie gebeur nie (Deelnemer H).

Wanneer die saak van kinders en hul belange teologies fundeer word, sal dit soos deelnemers se response aangedui het belangrik wees om nie net na die stem van volwassenes te luister nie. Kinders behoort *self* ook 'n rol te speel in die voortgaande ontwikkeling van 'n teologie van kindwees en die kinderjare. Hierdie perspektief is deur enkele deelnemers uitgewys:

Deeglike navorsingsprogramme is nodig om die stem van kinders te hoor – hul persepsies oor die teologie en oor die lewe en hul wêreldbeeld; om kinders deel te maak van gesprekke waar nagedink word oor die Teologie en oor die kerk. Ons navorsing moet dan ons teorie reformeer (Deelnemer E).

Ek dink akademici sal meer en meer moet besef wat die betekenis van mede-navorsers is, en dan bedoel ek eintlik nie 'n geleerde akademiese persoon nie, maar dat die kind self en die ma en die pa in hierdie hele veld 'n medenavorser sal word (Deelnemer H).

Navorsing kan gedoen word oor watter soort prediking kinders wil hê. Wanneer praat God met hulle – as Hy met hulle raas of as Hy hulle genade belowe? Ek is nie seker hoe om daardie navorsing te doen nie, maar 'n mens sal dit waarskynlik agterkom as jy saam met hulle Bybel lees ... Dis eintlik nogal sleg, dit bestaan amper nie in Suid-Afrika dat praktiese teoloë in elk geval na kinders se stories luister nie (Deelnemer L).

Wel, my mening is dat daar in Praktiese Teologie, en in Teologie as sodanig, die behoefte bestaan om voortdurend na kinders se teologie te kyk – hul gedagtes oor God en hulleself in hierdie wêreld. Op hierdie basis kan ander opvoedkundige dissiplines geraadpleeg word (Deelnemer B).

In die teologiese fundering van die belang van kinders is dit volgens deelnemers se response verder belangrik om 'n *kritiese* Praktiese Teologie te beoefen en dit verder te voer deur die aard van onderwerpe uit te brei waarvoor Praktiese Teologie navorsing doen.

In sommige gevalle is die regte van kinders deur godsdiens ondermyn – en hierdie onreg is nie behoorlik geëksploreer nie ... In 'n sin word kinderregte steeds in godsdiens onbelangrik geag (Deelnemer B).

Juis vanweë ons kerklike politieke geskiedenis is teoloë na my mening huiwerig om kritiese uitsprake te maak en kritiese navorsing te doen oor sake wat eintlik tot die kern behoort (Deelnemer F).

Dis een ding om 'n fenomeen te identifiseer, dis iets anders om te weet wat is die samelewingskragte agter onreg wat gepleeg word. Voor daardie kragte nie verstel word nie, gaan die oppervlakverskynsel nie verander nie; dit help nie om simptome te dokter nie (Deelnemer J).

Wanneer daar in die proses van die teologiese verantwoording van die hoë belang van kinders en hul welsyn krities met godsdiens omgegaan word, kan verrykende – en verrassende – perspektiewe aan die lig kom – soos wat die volgende respons goed reflekteer:

Waar godsdiens gestruikel en gefaal het, is dat dit onder andere die volgende indruk ongekorrigeerd laat posvat het: As jy kinders het, kan jy op 'n manier met hulle doen wat jy wil. 'n Progressiewe teologiese interpretasie, daarenteen, sal ons daaraan herinner dat ons kinders aan God behoort, nie soseer aan ons nie. Hulle is maar net aan ons toevertrou om groot te maak. Wanneer iets aan jou toevertrou is wat bepaalde verantwoordelikhede van jou verg, beteken dit jy kan nie daarmee maak soos jy wil nie. Met kinders is ons besig om burgers te koester en groot te maak wat God bedoel om die wêreld te beërf en die lewe voort te stu die toekoms in. Dit gaan dus nie primêr om ons nie, maar om die groter plan. Dit is waarom ons kinders het – God het 'n groter projek met hulle in gedagte, wat hulle bedoel is om uit te voer. Hulle word dus omring met regte en verantwoordelikhede, nie slegs vir hulleself nie maar ook vir ons. Dit is die soort onderrig waaraan daar 'n behoefte is – en die soort foute wat begaan kan word wanneer dit nagelaat word (Deelnemer B).

'n Bewustheid van hoe kwesbaar vir menslike interpretasiefoute Teologie is, behoort ook daartoe te lei dat arrogansie in die beoefening van Teologie en in die uitleef van geloof in kerk en samelewing gekonfronteer en bekamp word. In die volgende refleksies oor waardes wat nie staties is nie, maar eerder in die proses is om ontdek te word, kom hierdie perspektief op die broosheid van Teologie goed na vore:

Is daar van die geykte waardes wat ons op hierdie stadium kan weglaat? Kan die nuwe omstandighede waarin die kind leef, ons by die ontdekking van waardes bring waaraan ons tevore nooit gedink het nie? So, ek sou sê daar moet 'n versigtiger benadering kom as wat tans die geval is en resultate moet as't ware op 'n voorwaardelike wyse voorgelê word (Deelnemer H).

'n Postmoderne denkraamwerk is nie een van bo af na onder nie, maar 'n "grass roots"-benadering en 'n gedeelde soeke na God se wil en na waardes, sodat dit nie meer gaan om "die dominee sê vir die lidmaat" nie, maar om ons almal wat voor God staan en 'n pad soek. Ek maak byvoorbeeld 'n punt daarvan om voorbeelde te gebruik waar kinders se wysheid en insig my gehelp het om hierdie gelykmaking van almal se bydraes uit te spel – nie net die geleerde teoloog se bydrae nie, maar ook leke s'n, want hulle dink ook oor geloof en hulle ervaar en beleef dit ook, en dieselfde met kinders. Daar kom dan 'n soort gelykmaking van elke mens se bydrae tot die geheel (Deelnemer J).

Hierdie subtema het aan die lig gebring dat 'n goed begronde teologie van kinders 'n impak kan hê op die tipe leierskap wat die akademie van Praktiese Teologie aan die praktyk van kerk en samelewing lewer. Die realiteit bly egter, "Ons teologie is mooi maar moeilik ... As ons dit ernstiger neem, sal dit 'n beter praktyk tot gevolg hê" (Deelnemer J).

### ***Subtema 3: Praktyk-implikasies***

Deelnemers het aangedui dat 'n *bewusmakingsproses* nodig is van hoe belangrik dit is om teologies oor kinders en hul welsyn na te dink en tot aksie oor te gaan. Hierdie bewusmakingsproses kan slegs effektief geskied wanneer bogenoemde temas in die beoefening van Teologie en die voortgaande ontwikkeling van 'n geïntegreerde, genuanseerde teologiese perspektief op kinders ernstig opgeneem word. Een deelnemer het dit so verwoord:

'n Bewusmakende proses is nodig sodat mense al meer sal besef hoe belangrik dit is om navorsing te doen oor die onreg teenoor kinders en die verskillende aspekte van kinders se lewens. Praktiese teoloë behoort in hierdie veld georiënteer te word. Indien dosente nie van die belangrikheid daarvan bewus is nie, gaan die saak van kinders ook nie aan studente oorgedra word nie (Deelnemer C).

Dit het duidelik na vore gekom dat navorsing, benewens die akademiese uitsette in die formaat van tesisse, verhandelings, artikels en boeke, meer toeganklik gemaak en benut behoort te word om teoloë meer sigbaar te maak wat die kwessie van kinders betref, hetsy in die akademie, kerk of ruimtes in die samelewing.

Navorsing wat deur ons onderneem is, behoort beskikbaar gemaak te word vir die publiek, NRO's en owerheidsektore. Ek reken teoloë moet meer betrokke raak, byvoorbeeld as sprekers op verskillende vlakke, soos by interdisiplinêre kongresse en forums (Deelnemer A).

Teoloë moet die saak van kinders genoegsaam in die publieke oog en in debatte inbring (Deelnemer D).

Op beleidsvlak is daar ruimte dat ons betrokke kan raak (Deelnemer D).

Wanneer navorsingresultate aangebied word, is dit belangrik om aan te dui vir wie hierdie resultate in die praktyk van waarde sal wees. En die belangrikste is dan dat die werk gepubliseer word en die gepubliseerde werk onder die aandag gebring word van die instansies wat daarvan gebruik kan maak om iets te gaan verander. As daar byvoorbeeld onreg geskied en dit word deur navorsing ontmasker, dan moet instansies soos regsinstellings, kerke en wie ookal daarvan kennis neem sodat hulle dit op hul terreine verder kan voer, sodat wetgewing gemaak kan word, sodat die pastorale praktyk bewus kan wees van die onreg wat plaasgevind het, sodat die hele geloofsgemeenskap betrek kan word om dinge te verander om dit in die praktyk om te keer (Deelnemer J).

*Vennootskappe* met kerke, skole, en organisasies wat met kinders werk, is deur deelnemers as belangrik beskou om 'n bydrae tot die saak van kinders en hul welsyn te lewer, soos die volgende response aandui:



Ons behoort meer met organisasies wat by kinders gemoeid is saam te werk, dit sal ons in staat stel om die stem van Teologie duidelik te laat hoor. Ons het 'n sterk teologiese stem baie nodig. Dialoog is belangrik tussen akademici in Praktiese Teologie en mense wat met kinders werksaam is ... dis 'n vorm van gemeenskapsinteraksie (Deelnemer A).

Akademies sal ons by navorsing betrokke moet raak waar jy vennote het teenoor wie jy eties verantwoordelik voel, aan wie jy terugvoering gee en met wie jy saam 'n proses van opheffing kan deurloop, maar tog ook nuwe akademiese kundigheid of kennis kan genereer (Deelnemer D).

Ek dink Teologie het 'n terrein wat gereed lê, in samewerking met kerkgenootskappe, Sondagskole en al die kerklike areas waar met kinders gewerk word. Veral met die kerk self. En omdat dit Praktiese Teologie is, waar ons met die kerk en geloofspraktyk besig is, het ons direk 'n area wat vir ons lê en wag. En ons kan direk en sonder moeite kontak maak. In selfs die armste gebiede is daar kerke. Daar is ook reeds 'n verhouding geskep, een van agting tussen die plaaslike kerk en gemeenskap. Dit maak dit eenvoudig relatief makliker om toegang te kry ook vir arm kinders (Deelnemer D).

Die gesprek met vennote kan help om jou agenda te bepaal van hoe uitkomstige gestel moet word (Deelnemer E).

'n *Sistemiese perspektief* op die bevordering van kinders se welsyn het vanuit die bevindinge as 'n praktykimplikasie aan die lig gekom. Dit bied nuwe uitdagings oor hoe Praktiese Teologie in die konteks van die akademie inklusief tot die saak van kinders beoefen kan word. Hierdie sistemiese perspektief is verder deur ondersteunende temas toegelig waarvan die *ondersteuning van en toerusting aan ouers* deur sommige deelnemers beklemtoon is as 'n manier waarop kinders se lewensomstandighede bevorder kan word.

Daar is kinders wat net van hul ouerhuise – self stabiele ouerhuise – padgegee en hul ouers gefrustreerd gelaat het ... Die belangrike toets sal wees hoe om ouers so by te staan dat hulle hul kinders op 'n veel meer verantwoordelike wyse groot maak. Ek dink dat hierdie soort bystand tans ontbreek (Deelnemer B).

'n Belangrike aksent wat in die Bybel na vore kom, is dat die huisgesin se rol deurslaggewend is. Daar is baie navorsings- en ontdekkingswerk te doen oor wat die

Skrif sê. As 'n mens daardie ontdekkings begin ontleed, kom daar pragtige riglyne vir ouers na vore (Deelnemer I).

Geloofsgemeenskappe wat in die Christelike geloof as God se familie verstaan word en daarvolgens behoort te funksioneer, is deur deelnemers as 'n belangrike bate aangedui wat tot voordeel van ouers en kinders wat hulleself in moeilike omstandighede bevind, aangewend kan word.

In aansluiting by ondersteuning aan ouers het een deelnemer die vraag gestel of Praktiese Teologie die *primêre verhoudinge* waarin kinders staan ernstig genoeg opneem. Die deelnemer het verduidelik dat primêre verhoudinge gesonde verhoudinge is. Hierdie verstaan van primêre verhoudinge impliseer volgens die deelnemer dat die meeste gemeentes wat op 'n kerkgesentreerde wyse funksioneer wel met ondersteuning aan families, getransformeer moet word na gemeentes wat in wese familiegesentreerd is en ondersteunend tot die kerk. Hierdie deelnemer het aangedui dat navorsing in Praktiese Teologie nodig is oor hoe kinders binne die ruimtes van hul primêre verhoudinge bestudeer kan word. Die versterking van die primêre verhoudinge waarin kinders staan, is gevolglik ook as 'n ondersteunende tema tot 'n sistemiese perspektief op die bevordering van kinders se welsyn geïdentifiseer.

Die *opleiding van leiers* wat op so 'n wyse geskied dat kinders deur leierskap ingereken sal word en sensitief vir kinders sal wees, is deur deelnemers as 'n verdere belangrike implikasie gestel vir 'n betekenisvolle bydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders in kerk en samelewing.

Meeste van die tyd beklemtoon ons slegs opleiding vir godsdienstige leierskap – dit is waarna ons streef. Studente in Praktiese Teologie gaan eintlik net godsdiens praktiseer, dit is waarvoor ons staan (Deelnemer B).

As ons enige verskil ten opsigte van die lot van kinders in die land wil maak, sal ons leiers en veral ons teologie fakulteite toekomstige predikante in hul vorming moet help om anders na kinders te kyk as wat ons tot dusver reggekry het ... leiers wat holisties na die wêreld kyk (Deelnemer F).

Die voornemende predikant moet meer sensitief gemaak word om met gemak waarlik gestalte te gee aan die Woord van Christus, “Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie” (Deelnemer D).

Die meerderheid deelnemers het aangedui dat die *metodologie om kinders eties by diskoers en praktyk in te sluit* in Praktiese Teologie egter ’n wesenlike uitdaging sal bly. ’n Paar deelnemers het die uitdaging duidelik omskryf:

Kinders is nie net “little people” wat moet grootword nie. Die kinderjare is in werklikheid ’n baie komplekse lewensfase en volwassenes wat met jong kinders werk, moet besef hoeveel skade kinders aangedoen kan word. By kinders is dit meer ’n probleem om regtig toegang te kry, dat hulle in die eerste instansie jou sal vertrou, wat hulle nie sommer maklik met vreemdelinge sal doen nie. In die tweede plek, dat hulle nie die vermoë het om emosies en ervaring te artikuleer nie. Ander maniere sal benut moet word, deur middel van ander vaardighede, soos by kleiner kinders met tekeninge en die interpretasie daarvan. Ons sal by ander vakgebiede moet gaan leer en gaan hulp vra. So, ’n ander stel vaardighede is nodig, doodgewoon net om die onderhoud gedoen te kry. En dis ’n klomp moeite, wat dan nou ook weer kan beteken dat mense liever maar weer die dominee en die kategeet sal vra as die kind self (Deelnemer J).

Insluiting van kinders moet aangemoedig word, maar dit behoort ’n metodologiese kwessie te wees. Wanneer jy mense in navorsing betrek, is daar altyd die gevaar van misbruik van die etiese riglyne – hoe vermy ons dit? Maar by navorsing kan ons mense ook nie uitsluit nie want dit sal eweneens ’n impak op hulle hê. Vir die meeste van ons wat oor kwessies van sosiale geregtigheid besorg is, is deelnemende navorsing ’n baie edel manier van navorsing omdat ons besef dat navorsing ’n werklike impak op mense het. Waar mense betrek word, is daar egter altyd die gevaar dat hulle misbruik of benadeel kan word. Indien hulle vanuit die staanspoor by die proses betrokke is, sal dinge waarskynlik anders wees omdat hulle die navorsingsagenda kan beïnvloed en kan help om positiewe aspekte rondom die navorsingsonderwerp uit te wys. Hulle word dus ’n mate van respek betoon, want daar word niks sonder hulle gedoen nie, alles word saam met hulle gedoen (Deelnemer B).

As ons nou ons antropologie ernstig neem, is ’n belangrike vraag: Wanneer beleef ek myself as ’n mens? Die antwoord is sekerlik: Wanneer iemand na my luister. En in dié opsig kan ons mos nou nie verwag kinders moet hulle as mense belewe as mense op die

vlak van die volwassene hulle laat deelneem aan navorsing en hulle 'n databron word, deur net met hulle te praat nie. Menswees word erken deur na iemand te luister. So, as ons antropologies eerlik is, dan is dit 'n kwessie van hoe gaan ons in ons navorsing metodologies verantwoordelik wees. Nie of ons dit gaan doen nie, maar hoe (Deelnemer K).

Narratiewe navorsing, verhale en stories is moontlikhede wat benut kan word (Deelnemer E).

As teoloog is jy nie werklik opgelei in kindersielkunde of opvoedkunde nie. 'n Teoloog het ander kundiges nodig om te interpreteer. So ek dink as 'n mens deelnemende navorsing met kinders onderneem, sal 'n mens interdisiplinêr moet werk – opvoedkundiges of kindersielkundiges betrek om data te help interpreteer (Deelnemer C).

Indien Praktiese Teologie wel daarin slaag om riglyne te bied oor hoe om op 'n eties verantwoordbare en respekvolle wyse tot kinders se leefwêreld toe te tree, kan dit positiewe gevolge vir leierskap inhou, soos die volgende respons aandui:

Watter metode gaan ons in daardie proses gebruik sodat kinders nie oorweldig of afskrik word nie en sal besef dat hulle nie uitgebuit gaan word nie? Aan die ander kant, deur hulle uit te sluit, begaan ons ook 'n fout, naamlik om hulle te marginaliseer. Wat leierskap betref, as ons harder probeer om kinders in te sluit, gaan ons leierskap in die kerk gered en beveilig word omdat ons dan leiers gaan oplewer wat in die wêreld uitgaan met die nodige sensitiwiteit vir kinders se behoeftes en regte as lede van die gemeenskap waar hulle woon. Dit stel aan ons 'n groot uitdaging (Deelnemer B).

In bogenoemde respons kom die *interaksie* tussen Tracy se drie publieke van *teologiese betrokkenheid* in die toepassing daarvan op leierskap na vore sowel as die domeine van Praktiese Teologie wat Heitink (1999b) voorstel. Leiers word dan op so 'n wyse opgelei dat dit positiewe invloed uitoefen op hoe kinders in die kerk en samelewing hanteer word. Hierdie noue interaksie tussen die drie publieke en die belangrikheid daarvan vir leierskap, as 'n praktykimplikasie vir die akademie van Praktiese Teologie, is deur die volgende respons bevestig:

Die opleiding van leiers sal van so 'n aard moet wees dat leiers se kerkbegrip nie so sal wees dat hulle meen hul rol is om die gemeente gesond en aan die gang te hou nie,

maar só dat dat die kerk diensbaar gestel word om in die wêreld verandering teweeg te bring (Deelnemer F).

'n Ander praktykimplikasie wat op 'n unieke wyse deur slegs een deelnemer uitgelig is, is dié van *advokaatskap/voorspraak*.

So, dit gaan nie meer net daaroor dat jy navorsing doen en 'n navorsingsverslag skryf nie, maar dat daar ook werklik inspraak moet wees van teoloë, van ander navorsers, van predikante in gemeentes. Daar kan nie meer gesê word dit is ander mense se werk nie, dit is juis ons werk. En dikwels is dit so dat teoloë dinge optel wat psigoloë en maatskaplike werkers, byvoorbeeld, nooit mee te doen kry nie, want hulle kry net te doen met spesifieke goed wat na hulle verwys word, terwyl teoloë eintlik op die grondvlak die eerste linie van mense is wat met sekere goed te doen kry. En as hulle dan nie die taak van advokaatskap opneem nie – hetsy in die praktyk as gemeentepredikante of in akademiese navorsing waar resultate gepubliseer word sodat die goed oopgevlak kan word sodat daar iets aan gedoen kan word nie – dan is dit 'n geleentheid wat verbygaan. Want die maatskaplike werkers en psigoloë kry met die ekstreme gevalle te doen, hulle kan nie aan voorkoming veel doen nie. Dit kan teoloë wat in die eerste linie met die goed te doen kry, wel doen. Maar dan moet daar 'n baie sterk bewuswording en 'n baie sterk roepingsgevoel daaroor gekweek word. En die voordeel in hierdie land is dat daar nog na kerke geluister word, so as die saak werklik sterk genoeg op kerke en gelowiges se hart druk, sal hulle 'n oor hê by die regering; en as die kerk dan weer kom met projekte waar hulle dinge in die praktyk wil laat gebeur, is daar samewerking tussen die korporatiewe wêreld en die kerke wat die arbeidskragte op die grond is, die navorsers wat die rigting aandui en die regering wat soms die geld gee – die regering en die korporasies. En ons wil nou ook juis hierdie ding in die kurrikulum inbou van, hoe maak ons met gemeenskapsbetrokkenheid en gemeenskapsprojekte, want daar is ook net soveel wat 'n regering kan doen. Die groot korporasies is bereid om die geld te gee, maar hulle kan nie die werk op die grondvlak gaan doen nie. So, dis waar kerke werklik hulle deel kan doen (Deelnemer J).

Uiteindelik sal 'n fokus op kinders in teologiese opleiding, met die gepaardgaande praktykimplikasies om hul welsyn te bevorder, vereis dat departemente van Praktiese Teologie *kollektief* die saak op die vlak van beleid, administrasie en kurrikulum-ontwikkeling sal moet dryf, soos die volgende deelnemers van mening is:

Departemente sal mense beskikbaar moet stel om spesifiek op daardie terein te konsentreer. 'n Mens sou dan moet vra of die menslike hulpbronne wat ons het, genoegsaam is. Dit is 'n dringende saak waaraan ons moet aandag gee ... Ons moet tyd inruim, ons moet dit nie as 'n lastigheid of as 'n onnodige aktiwiteit sien nie. Ons moet genoeg tyd, energie en geld daarvoor allokeer (Deelnemer D).

Departemente van Praktiese Teologie sal moet innoveer. Praktiese Teologie het bepaalde terreine ingeneem: Pastoraat is 'n terrein, Teologiese Studie is 'n terrein, geloofsvorming is 'n terrein en kommunikasie, spesifiek is 'n terrein. Praktiese Teologie integreer ook. Op die terrein van geloofsvorming is vir my baie belangrik wat ons in kinder- en jeugbediening doen – sonder om daarmee te sê dit raak nie ook wat in die erediens gebeur, wat in die gemeente gebeur of wat in die pastoraat gebeur nie. Ek dink dit is spesifiek die dilemma. Ons sal maar moet herorganiseer; vanuit 'n akademiese perspektief: dat jy iemand sal hê wat jou daarop attent maak, dit is belangrik. Ek dink die uitdaging is om saam te gaan sit en daarmee werk. Die nuwe era vir Praktiese Teologie waarin ons beweeg, is juis om saam te werk, nie net intradepartementeel nie, maar ook dat praktiese teoloë van die onderskeie universiteite bepaalde fokus areas uitklaar om samewerking beter te koördineer (Deelnemer E).

Ons sal soepel genoeg moet wees in die wyse waarop ons leerplanne en studiemateriaal saamstel om in die hedendaagse diskoers 'n bydrae te kan lewer ten opsigte van wat ons onderrig en hoe ons mense vorm (Deelnemer F).

Die bydrae wat Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul regte kan bied, is deur drie deelnemers soos volg opgesom:

By die akademie behoort ons meer te fokus op navorsing wat die kind as 'n vennoot betrek, nie slegs om oor die kind te praat nie; in die tweede plek, om predikante so op te lei dat, terwyl hulle met teologie besig is, kinderbediening nie aan die rand gesien word nie, maar as 'n sentrale aspek van die bediening en van die kerk se identiteit; derdens, om 'n kultuur te skep by wyse waarvan die breër samelewing deur die kerk en die akademie se invloed waardering vir die kind kan ontwikkel en die kind se regte in ag kan neem; vierdens, om vennootskap met die regering te soek, en met maatskaplike werkers, met opvoedkundiges, met regsgeleerdes en wie ook al met die kind se geluk, die kind se menswees te make het (Deelnemer D).

Ek dink 'n mens sou kon sê in Praktiese Teologie word die lyne van Teologie saamgetrek, met ander woorde Praktiese Teologie se basis is Bybelwetenskappe, dogmatiese wetenskappe, die kerkhistoriese wetenskappe, die dogmahistoriese wetenskappe. Dus, as jy intradissiplinêr werk, gaan jy eintlik na jou bronne toe, gaan kyk jy na die boustene vir Praktiese Teologie om dit op die tafel te kry. Die praktiese teoloog moet daarmee erken, ek is nie in alle opsigte die kenner nie, ek moet ook op 'n interdissiplinêre vlak kennis bymekaar gaan maak. Die praktiese teoloog gaan dan verder met dit wat uit die Bybel na vore kom, die praktyk word bestudeer, en dan word bepaal wat die interaksie tussen hierdie twee is. Moontlike riglyne word neergelê vir hoe die huidige praktyk omvorm kan word om meer in lyn te kom met wat ondubbelsinnig vanuit die Skrif oor kinders voorkom (Deelnemer H).

Ons het 'n normatiewe teks wat ons help om ander tekste te beïnvloed sowel as te toets. Ons het die voordeel van die morele sy – waardes en die geestelike vorming van mense (Deelnemer K).

Feitlik in elke onderhoud het dit na vore gekom dat die uniekheid van Praktiese Teologie ten opsigte van elke hedendaagse vraagstuk gehandhaaf moet word. Die eiesoortige nisbydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders sal daarom om 'n voortdurende konseptualisering en verpraktisering daarvan vra. Soos 'n deelnemer tereg opgemerk het:

Ons sal vertrou moet kry omtrent die waarde van ons unieke bydrae. Ek praat hier in die besonder oor kinders en jongmense (Deelnemer A).

By wyse van konklusie kan gestel word dat die resultate van die kwalitatiewe fase van die navorsing in geheel 'n sterk persepsie onder lede van die Suid-Afrikaanse akademie van praktiese teoloë weerspieël dat 'n gebrekkige verstaan van kinders en kindskap in hierdie akademiese kring en die verwante kerklike gemeenskappe oorheersend is; dit wil sê, 'n toedrag van sake kom aan die lig wat vele uitdagings en geleenthede stel vanweë die beperkte fokus op kinders in prakties-teologiese navorsing, maar ook vanweë die gefragmenteerde en sporadiese wyse waarop die kwessie van kinders in prakties-teologiese kurrikula voorkom. Die resultate dui dus daarop dat die denkskuif wat deur kinderregte op die voorgrond gekom het geensins toereikend gesteun en gemotiveer word deur 'n teologiese raamwerk ten opsigte van kinders en kindskap, wat die onderskeie

prakties-teologiese domeine en publieke integreer nie. Vanweë hierdie leemte word die bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinders se welsyn gevolglik ernstig gekompromitteer.

Deelnemers het egter getoon dat hulle bewus is van die uitdagings wat huidige leemtes in Praktiese Teologie se bydrae inhou. Verder het deelnemers met waardevolle perspektiewe gekom oor 'n geantisepeerde bydrae van Praktiese Teologie tot 'n diskoers en praktyk wat bevorderlik is vir kinders en hul regte. Hierdie persepsies word benut om in die laaste afdeling van hierdie hoofstuk 'n agenda aan die akademie van Praktiese Teologie voor te hou met die oog op 'n betekenisvolle bydrae tot die promovering van kinders se regte.

## **6.5 Vermenging van datastelle**

Vervolgens word die uitlopergevalle in die kwantitatiewe fase wat na vore gekom het kortliks genoem, waarna die vermenging met die kwalitatiewe data plaasvind om moontlike redes vir die uitlopergevalle aan te voer. Die diskrepancies word ooreenkomstig die strukturering van die vraelys gekategoriseer volgens die vier take van prakties-teologiese interpretasie.

### ***6.5.1 Empiries beskrywende bydrae van Praktiese Teologie***

Terwyl respondente 100% positief daarop gereageer het dat Praktiese Teologie wel 'n bydrae te lewer het tot die welsyn van kinders in Suid-Afrika en dat Praktiese Teologie in die akademie, gemeentes en die burgerlike samelewing wel 'n rol kan vervul om kontekstuele faktore rondom die welsyn van kinders te beskryf, het slegs 47% bevestig dat hulle van resente prakties-teologiese navorsing oor die konteks van kinders bewus is. As 'n respons op hierdie afwyking het die kwalitatiewe data aan die lig gebring dat die saak van kinders en hul belange 'n bloot marginale tema in die akademie van Praktiese Teologie verteenwoordig en dat 'n teologiese begroning van die saak van kinders en hul welsyn gebrekkig is vanweë 'n eensydige fokus op die kerkdomein en kategese. Hierdie twee realiteite in die akademie van Praktiese Teologie en Teologie in geheel bring die



leemte<sup>341</sup> met betrekking tot navorsing oor Suid-Afrika se kinders in hul unieke konteks duidelik aan die lig.

'n Verdere afwyking met betrekking tot die empiries beskrywende bydrae van Praktiese Teologie is in die kwantitatiewe data opmerklik. Vir die beskrywing van kinders se lewensomstandighede het 88% van die respondente Teologie in interaksie met gemeenskappe<sup>342</sup> as voorkeuropsie aangedui, waar die agenda vir navorsing oor kinders gesamentlik bepaal word. Daarenteen het respondente oorwegend negatief geantwoord op die vraag of fakulteite van teologie hulp aan gemeentelidre bied of in vennootskappe met strukture in die burgerlike samelewing bewustheid aangaande kinders se lewensomstandighede kweek. Hierdie negatiewe respons dui daarop dat Teologie juis nie in interaksie met gemeentes en die burgerlike samelewing die konteks van kinders beskryf nie. Die insig wat kwalitatiewe navorsing oor hierdie oneweredigheid bied, is dat die opleiding van leiers oor kinders in konteks grootliks deur onafhanklike organisasies geskied, buite die formele strukture van teologiese fakulteite. Verder is gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe in die algemeen gebrekkig, ook waar kinders ter sprake kom. Daar is wel na sentra aan teologiese fakulteite verwys wat werk in gemeentes en gemeenskappe doen, maar hierdie inisiatiewe waar die agenda vir navorsing gesamentlik bepaal word, is ver in die minderheid. 'n Mate van naïwiteit en onkunde oor die konteks van kinders in die akademie van Praktiese Teologie is ook deur deelnemers uitgewys. As sodanig onderstreep dit die belangrikheid daarvan om die konteks van kinders in vennootskap met gemeentes en gemeenskappe te verreken. Een deelnemer het pertinent die vrye toegang beklemtoon wat die akademie van Praktiese Teologie tot gemeentes het om in vennootskap die leefwêreld van kinders binne en buite die kerk te verken en so tot 'n beter verstaan van kinders in hul konteks te kom.

Ook wanneer die 100% positiewe respons van respondente dat Praktiese Teologie wel 'n bydrae kan lewer tot die beskrywing van kinders se konteks vergelyk word met hul beantwoording van die mate waarin daar na kinders geluister word, veral in die konteks

---

<sup>341</sup> Dis is met die uitsondering van enkele teologiese bydraes waarna in Hoofstuk 4 verwys is.

<sup>342</sup> Respondente kon "gemeenskappe" interpreteer as geloofsgemeenskappe of ander gemeenskappe in die burgerlike samelewing, wat dan 'n interaksie tussen die akademie en gemeentes en/of die burgerlike samelewing sou kon impliseer.

van die akademie, is die diskrepansie tussen hierdie twee response opvallend. Die luister na kinders is deur respondente beoordeel as 'n saak wat met enkele uitsonderinge nie in die akademie van Praktiese Teologie realiseer nie. Dit word deur middel van die kwalitatiewe bevindinge daaraan toegeskryf dat kinders nie slegs 'n marginale tema in Teologie is nie, maar ook aan die gebrekkige normatiewe teologiese verstaan van kinders en hul belange. Luister na kinders word gesien as 'n leemte wat aandag verdien as daar op bepaalde momente 'n van-onder-na-bo beoefening van Praktiese Teologie beoog word om te verseker dat die saak van kinders en hul belange deur middel van robuuste navorsing as 'n perspektief in Praktiese Teologie ingesluit word.

### ***6.5.2 Interpreterende bydrae van Praktiese Teologie in dialoog met kinderrege***

Respondente het op 'n positiewe wyse op die stelling reageer dat kinders subjekte is aan wie regte toekom en nie slegs objekte van beskerming nie asook op die vraag of die universele beginsels van kinderrege in die onderskeie teologiese publieke benut kan word om bestaande norme en praktyke te toets. Enkele response wat daarvan afwyk, het egter na vore gekom by die evaluering van stellings wat op kinderrege van toepassing is.

Ongeveer 29% van die respondente het saamgestem dat kinderrege die gesag van ouers oor hul kinders uitdaag, te sterk op die kind as individu fokus en kinders teen gesagdraers in opstand laat kom. Vanuit die kwalitatiewe onderhoude wil dit voorkom asof teologiese opleiding in die verlede en soms nog vandag die persepsie versterk dat kinders grootliks deur volwassenes onderrig moet word (kategeese) en tot geloofsvolwassenheid begelei behoort te word. Wanneer hierdie sake wel in teologiese opleiding ter sprake kom, word die klem volgens sommige response geplaas op wat volwassenes vir kinders kan beteken, die waarde wat volwassenes tot kinders en hul ontwikkeling kan toevoeg en kinders se afhanklikheid van volwassenes. Terwyl hierdie sake wel belangrik is, word dit egter problematies wanneer daar nie tegelyk klem gelê word op kinders se waarde, vermoëns, agentskaprolle en volwassenes se afhanklikheid van kinders nie. In 'n kultuur waar volwassenes se stem, voorkeure, idees en besluite dominant is, kan die filosofie van kinderrege bestaande gesagstrukture, waardes en houdings uitdaag. 'n Dekonstruering en heropbou van sisteme word hier veronderstel waar die respekvolle en menswaardige optrede teenoor gesagdraers sowel as kinders bevorder word.

Ooreenkomstig hierdie soeke na wederkerige insette in verhoudinge het deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude die bydrae wat Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul welsyn kan bied, aan 'n geïntegreerde, inklusiewe perspektief op kinders verbind. Terwyl dit wel 'n ideaal is om na te streef in die proses om kinders by teologiese denke en praktyk in te sluit, word die werklikheid waarin kinders hulle dikwels bevind, volgens deelnemers gekenmerk deur situasies waarin hulle nie hul stem kan laat hoor of daar nie na hulle stem geluister word nie. Dan is die vraag of kinderregte as perspektief op kinders as individue binne hul unieke ekosistemiese konteks nie juis rigtinggewend is om bestaande denke en praktyke ten opsigte van kinders te toets nie. Die respek vir mense se menswaardigheid op grond van hul geskapeheid na die beeld van God is hier dan 'n teologiese vertrekpunt vir die erkenning van menseregte binne die konteks van verhoudinge.

### ***6.5.3 'n Normatiewe bydrae vir die beskouing en hantering van kinders***

Op die vroeë wat met die ontwikkeling van 'n normatiewe bydrae vir die beskouing en hantering van kinders verband hou, het die meerderheid respondente positief geantwoord. Hierdie response toon 'n duidelike verskil met die onmiskenbare leemte wat tans in die akademie van Praktiese Teologie bestaan wat betref die normatiewe teologiese fundering van die waarde en insluiting van kinders in teologiese denke en praktyk.

Die teologiese perspektief wat in die opname minder positief as die ander geëvalueer is om as 'n normatiewe riglyn in die beskouing van kinders benut te word, is dié van “kinders as modelle van geloof”. Hierdie perspektief kan direk aan kinders se geestelike/spirituele agenskaprolle verbind word. In die onderhoude het dit juis na vore gekom dat 'n fokus op kinders se bydraes nie regtig in prakties-teologiese opleiding tot hul reg kom nie, dat kinders nog op die periferie van teologiese aandag is en dat adolessente meer aandag geniet wanneer jeugbediening aan die orde kom. Deelnemers het na 'n teologiese fundering van die belang van kinders en hul insluiting verwys as 'n geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul welsyn. Twee sake wat dringend aandag vra, is hier pertinent genoem, naamlik die wyse waarop kinders ander kinders in hul geloofsreis kan bystaan en hoe leiers gehelp kan word om met ander oë na kinders te kyk.

Die etiese norm van voorspraak as riglyn in die bevordering van kinders se belange is minder positief as die ander geëvalueer. Uit die kwalitatiewe onderhoude het dit duidelik geblyk dat die aksent op die kerklike domein in prakties-teologiese opleiding dominant is. Wanneer prakties-teologiese opleiding dus primêr op gemeentekinders fokus, is dit verstaanbaar dat voorspraak as 'n normatiewe riglyn nie so sterk sal figureer nie. Tog het een deelnemer wel na die belang van voorspraak verwys as 'n geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul belange. Voorspraak is hier verbind met die bekendstelling van navorsingsresultate met die doel om destruktiewe denke en houdings jeens kinders bloot te lê en sodoende die grondoorsake van wandade teenoor kinders en selfs die uitsluiting van kinders sistemies aan te pak. Voorspraak deur teoloë, tesame met die kweek van 'n sterk bewustheid en roepingsbesef, voer hierdie deelnemer aan, kan juis 'n belangrike bydrae lewer tot die voorkoming van problematiek wat kinders se lewenskwaliteit bedreig. Voorspraak soos deur hierdie deelnemer verduidelik, kan die verstaan van voorspraak as 'n polities gelaaide term uitdaag. In die kweek van 'n sodanige bewustheid en roepingsbesef, sal die uitdaging wees om teologiese inhoud en betekenis aan die konsep voorspraak te gee.

Dit is verder opvallend dat ewemenslikheid as etiese norm net soos voorspraak, deur respondente laer as die ander geëvalueer is. Die rede hiervoor kan moontlik juis gesoek word in die gebrekkige teologiese fokus op die kind as mens – nie bloot as kerklidmaat nie.

Waar die potensiaal van bestaande goeie praktyke om 'n normatiewe perspektief op kinders te stimuleer aan die orde gestel is, het die volgende prentjie gekristalliseer: Praktyke wat hulle beter daartoe leen om in 'n geïntegreerde model vir die bediening van kinders ingebed te word (soos kinderbediening waarin kinders integraal deel van die gemeentelike bediening uitmaak, ouerleiding en familiebediening), is meer positief geëvalueer as dié wat as geïsoleerde praktyke kan voorkom (soos kindernagmaal, doopkategese en maatskaplike hulpverlening). Hierdie evaluering kom dus baie sterk ooreen met deelnemers se persepsies van die geantisipeerde bydrae van Praktiese Teologie tot die insluiting van kinders. Kindernagmaal is die praktyk waar die meeste response op die opsies gelui het “geensins” of “in 'n mindere mate”. Dit mag daarom

verhelderend wees om die faktore wat in die beantwoording 'n rol gespeel het te exploreer.

#### ***6.5.4 Pragmatiese bydrae van Praktiese Teologie***

In hierdie afdeling was dit opmerklik dat die doelstelling van prakties-teologiese opleiding wat op die mees positiewe wyse geëvalueer is die voorbereiding van voornemende leiers vir die onderskeie bedieninge in gemeentes is, terwyl die doelstelling om leiers te leer hoe om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra kort op die hakke van eersgenoemde gevolg het. Dus, alhoewel die fokus op die kerklike domein die hoogste persentasie behaal het, is die fokus op die algemene welsyn van die samelewing ook as 'n belangrike doelstelling geag. Die fokus op kinders in die gelyste doelstellings is op 'n mindere positiewe wyse as eersgenoemdes geëvalueer, veral waar pertinent verwys is na die aanleer van vaardighede hoe om Teologie in die interpretering van kinders se spesifieke situasies aan te wend. In die lig van vroeëre bevindinge oor kinders as 'n marginale tema in prakties-teologiese opleiding en die leemte aan 'n normatief teologiese basis vir nadenke oor kinders, blyk dit belangrik te wees om die doelstellings van prakties-teologiese opleiding te heroorweeg ten einde te verseker dat kinders ingereken word en dat die onderrigmetodiek die aanleer van geïntegreerde bevoegdhede (kennis, vaardighede, refleksievermoë op eie houding, vooroordele en waardes) sal fasiliteer.

In hierdie stadium van die bespreking kan die besondere waarde van die gemengde metode van navorsing wat in hierdie studie gevolg is met goeie reg gekonstateer word. Hier is bevind dat die respondente, op die basis van Osmer se omskrywing van die vier take van prakties-teologiese interpretasie, in 'n groot mate saamstem dat Praktiese Teologie inderdaad 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van kinders se welsyn en regte. Bykomend hiertoe dui hul response ook op 'n ferm verbintenis tot en waardering vir 'n normatief teologiese basis wat die akademie van Praktiese Teologie behoort te rig in die hantering van die kwessie van kinders se welsyn.

Die resultate van die kwalitatiewe fase bring egter 'n diskrepansie met laasgenoemde persepsie aan die lig, naamlik dat die werklike praktyk van prakties-teologiese

interpretasie in Suid-Afrika nie dieselfde verbintenis tot en waardering vir so 'n normatiewe basis weerspieël nie. Die praktyk van die akademie word tans juis gekenmerk deur 'n gebrekkige aandag vir die waarde van kinders en die belang van hul insluiting in teologiese denke en geloofspraktyk. Kwessies wat direk aan die kinderregtediskoers verbind word (soos voorspraak vir kinders; die versterking van families nie slegs met die oog op hul geloofsontwikkeling nie, maar ook ter bevordering van kinders se beskerming, ontwikkeling en deelname in hierdie ruimtes; en die skep van ruimtes waar kinders hul stem kan laat hoor en waar aktief na hulle stem geluister word) verteenwoordig tans marginale temas in prakties-teologiese besinning en in Teologie as sodanig.

Dit blyk dat hierdie leemtes in die werklike praktyk van die akademie van Praktiese Teologie tot 'n mate van onsekerheid of versigtigheid by respondente gelei het oor bogenoemde kwessies. Die benutting van voorspraak as etiese norm en die mate waarin prakties-teologiese opleiding tot voorspraak vir kinders in die kerklike publiek kan bydra, is deur enkele respondente opvallend minder positief geëvalueer as die ander gelyste etiese norme en potensiele uitkomst van prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders. Ook insake prakties-teologiese opleiding se bydrae tot die burgerlike samelewing wat die bevordering van kinders se regte betref, skyn daar onsekerheid onder respondente te gewees het. Die enkele negatiewe evaluering ten opsigte van prakties-teologiese opleiding tot die publieke saak van kinders in die burgerlike samelewing mag daarop dui dat 'n derde publiek-modus in die beoefening van Praktiese Teologie aan teologie fakulteite minder gebruiklik is. 'n Verdere faktor mag wees dat gemeenskapsinteraksie as kernaktiwiteit tans nog nie dieselfde erkenning in die institusionele strukture van hoër onderwysinstellings geniet as navorsing en onderrig nie.

As regstreekse gevolg hiervan impliseer hierdie bevindinge dus dat die bevordering van 'n diskoers en praktyk wat vir die saak van kinders, hul welsyn en hul regte bevorderlik is as 'n dringende agendapunt vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika beskou moet word.

## 6.6 Bespreking

Vervolgens word verder voortgebou op die resultate van die empiriese ondersoek, met spesifieke verwysing na die geantisipeerde bydrae, om 'n aksie-agenda aan die akademie van Praktiese Teologie te rig. Die geantisipeerde bydrae word aan die hand van relevant literatuur gekontroleer.

Die problematiek ten opsigte van die huidige bydrae van die akademie van Praktiese Teologie kan opsommend verwoord word as die onbevredigende mate waarin daar in prakties-teologiese besinning en opleiding op kinders en hul belange gefokus word. Hierdie stand van sake bring mee dat *kinders 'n marginale tema in Praktiese Teologie en Teologie as sodanig verteenwoordig*. Dit hou ook implikasies in vir die teologiese fundering van die saak van kinders en hul welsyn. Die relatiewe negering van kinders en hul vermoëns, die gefragmenteerde en sporadiese wyse waarop die tema van kinders en hul welsyn in teologiese opleiding aan die orde kom en die beperkte en vervlakte vorm van interaksie met kinders in hul unieke konteks benodig dringende aandag van die akademie van Praktiese Teologie.

In die geantisipeerde bydrae van die Suid-Afrikaanse akademie van Praktiese Teologie tot 'n diskoers en praktyk wat vir kinders, hul welsyn, en regte bevorderlik is, gaan dit teen die agtergrond van die huidige gebrekkige bydrae wesenlik om die insluiting van die saak van kinders in teologiese besinning. As onontwykbare agenda vir die akademie van Praktiese Teologie, word derhalwe gestel *om die uitsluiting van kinders teë te werk, met die keersy om kinders as 'n sentrale tema by Teologie beoefening in te sluit* (vgl. Couture 2007:7-8). Hierdie agenda behoort in te sluit:

1. *Aktiewe bewuswording van die redes waarom kinders in die akademie van Praktiese Teologie grootliks uitgesluit word*. Hier word pertinent verwys na die faktore wat deelnemers geïdentifiseer het as: 'n kerklike verlede waar kinders gesien, maar nie gehoor is nie; onvoldoende deskundigheid in Praktiese Teologie in die veld van kinders; 'n gebrek aan passie vir die saak van kinders; tyds- en leerplanbeperkinge; opleiding in kinderbediening wat aan fakulteite van teologie meestal deur onafhanklike organisasies voorsien word; die feit dat navorsing in die veld van kinders en hul welsyn nie as

behoorlike akademiese bydraes geag word nie; die ontwikkelingsfases van kinders wat kompleks is en streng etiese maatreëls in die werk met kinders vereis; en 'n goed gefundeerde teologiese basis vir die insluiting van kinders (wat tans ontbreek).

Die kind/kinderjare, kinderswelsyn en kinderreëte as marginale temas in Teologie op nasionale en internasionale vlak, en bogenoemde bydraende faktore is in Hoofstuk 4 aan die hand van 'n diskoersanalise uitgewys en in Afdeling 4.2 bevestig. 'n Verdere verduideliking wat Bonnie J. Miller-McLemore (2005:viii) aanvoer waarom kinders in die verlede eenvoudig nie as 'n behoorlike onderwerp in Teologie gereken is nie, het ook in die onderhoude na vore gekom. Die rede wat Miller-McLemore gee, is nie omdat kinders onbelangrik geag is nie, maar eenvoudig omdat hulle verdwyn het uit die gesigskring van die tipies manlike teoloog – afgesonder in sy bestudering van die Teologie en nie direk verantwoordelik vir die daaglikse take wat met die versorging van kinders gepaardgaan nie.

'n Bewuswordingsproses vra om die kritiese dekonstruering van huidige denkpatrone onderliggend aan die praktyk van teologiese opleiding, om 'n nuwe sensitiwiteit teenoor kinders in die teologiese gemeenskap/in die akademie van die Teologie (vgl. Unicef 2010:30; 2012:59; Wyller & Nayar 2007b:8).

## *2. Beoefening van kritiese Praktiese Teologie in dialoog met kinderreëte en Kinderstudie.*

Kinderreëte en die breë veld van Kinderstudie het prominensie gegee aan die denkskuif van kinders as oorwegend kwesbaar, passief, blote potensiaal, objekte en slagoffers na kinders met waarde in die teenswoordige tyd en vermoëns tot veerkragtigheid, weerstand, agentskap en aktiewe rolspelers met gawes en bates, ooreenkomstig hul ontwikkelingsvlak. Hierdie positiewe perspektief op kinders wat deur kinderreëte in balans gebring word met die realiteit van kinders se kwesbaarheid en afhanklikheid van volwassenes, noep praktiese teoloë om die beginsels van kinderreëte as universele norme te benut in die kritiese beoordeling van bestaande denkpatrone, houdings en praktyke in die Christelike geloof wat op kinders betrekking het. Hierdie aksie word ondersteun deur Wyller en Nayar (2007b:8) wat beweer dat godsdienste nie positief tot kinderreëte sal kan bydra indien dit voortgaan om slegs in beginsel tot abstrakte morele ideale verbind te



wees nie. Om 'n positiewe bydrae te maak sal Praktiese Teologie aan bestaande praktyke en die intersubjektiewe verhoudinge in hul eie praktyke ten opsigte van kinders dringend aandag moet gee.

Wanneer so 'n kritiese beoefening van Praktiese Teologie toegepas word op die kritiese nadenke oor die empiriese data wat ingesamel is, kom die volgende gevolgtrekkings as vanself na vore: Eerstens, die eensydige fokus op kategetiese in die akademie van Praktiese Teologie laat die vraag ontstaan of die teologiese perspektief op kinders as mense-in-ontwikkeling wat rigtinggewende opvoeding benodig nie dalk swaarder weeg as die meer positiewe perspektiewe op kinders as modelle van geloof en agente van verandering nie. Tweedens, die nadruk op 'n kerkteologie kan meebring dat kinders op eensydige wyse as kerklidmate beskou word en nie primêr as mense in hul eie reg nie. Dit is weer 'n aanduiding dat 'n leemte bestaan ten opsigte van 'n teologiese antropologie van kindskap waar die klem op die kind as mens val (vgl. Heitink 1999:258). Dertens, die kerklike publiek en die gepaardgaande fokus op geloofsontwikkeling in hierdie publiek word ten koste van die publiek van die burgerlike samelewing geprioritiseer. Hierdie eng fokus beperk die invloed van die Christelike geloof tot 'n minderheid kinders van die Suid-Afrikaanse samelewing – alleenlik diegene wat aan 'n gemeentelike lewe deel het (vgl. Heitink 1999b:87). By implikasie, die gevolg van so 'n eng fokus is dat Praktiese Teologie weerhou word van 'n breër sosiale betrokkenheid by kinders en om 'n Christelike teenwoordigheid in die groter leefwêreld van kinders in die moderne samelewing te bemiddel (vgl. Swart & Yates 2006:336; Heitink 1999b:294). 'n Besinning oor kinders se belange met 'n eensydige fokus op die kerklike domein lei daartoe dat praktiese teoloë die publieke saak van kinders aan ander oorlaat om daaraan aandag te skenk (vgl. Heitink 1999b:298).

In die lig van bogenoemde gevolgtrekkings word Praktiese Teologie gekonfronteer met die uitdaging om bewustelik en krities om te gaan met die potensiële risiko's wat die Christelike geloof en gemeenskappe vir kinders inhou (Unicef 2010:4, 35; 2012:4, 47-48; Melton 2010:3-6; Ganzevoort 2009). Wanneer Praktiese Teologie op 'n kritiese wyse beoefen word, sal menslike interpretasiefoute in die beoefening van Teologie uitgewys

kan word en sal dit 'n veel nederiger wyse van Teologiebeoefening tot gevolg hê. Soos Pierre Babin (1991:17) tereg daarop wys:

I have become increasingly aware that the God of whom I speak, and Christ himself, are quite beyond my reach. My convictions are only a small part of the truth. They express the hesitant approach of a person who is trying to understand these times, holding in his/her hands before them the little book of the Gospels. It is only by listening to God, day after day, and in accordance with the grace of each period of history and each culture than one can echo something of God's voice and reflect something of his presence.

*3. Erkennung van die feilbaarheid van Teologie-beoefening en daarom 'n verbintenis tot die voortgaande ontwikkeling van 'n genuanseerde normatief teologiese perspektief op kinders.* Wanneer die saak van kinders, hul welsyn en regte teologies gefundeer word, sal dit belangrik wees om verbind te bly aan 'n oortuiging van Teologie se unieke bydrae, komplementêr tot die bydraes van ander dissiplines en sektore, tot die bevordering van kinderregte (vgl. Wall 2007a:54-65; Dillen 2006:237-250). Praktiese Teologie se rol kan wees om Teologie se betrokkenheid by die saak van kinders en hul regte te bevorder deur Teologie in gesprek te bring met die hedendaagse diskoers oor kinders, en deur die kundigheid wat Teologie kan bied verder te ontwikkel. Die eie kundigheid van Teologie bestaan onder meer daarin om genuanseerde normatief teologiese perspektiewe op kinders te identifiseer en verder te ontwikkel (vgl. Bunge 2006:574-575). Dit sal insluit om die polariteite in die komplekse wêreld en ontwikkelingsfases van kinders in spanning te hou, destruktiewe perspektiewe wat tot nadeel van kinders se welsyn strek bloot te lê en studente as voornemende leiers sensitief te maak om kinders raak te sien en by te reken.

In die ontwikkeling van 'n genuanseerde teologiese fundering van die saak van kinders en hul regte kan daar opnuut vanuit die perspektief van die kind na waardes gekyk word – veral wanneer die kultuur van “adulthood” gekonfronteer en nuwe betekenis aan volwassene-kind interaksie gegee moet word (vgl. Dillen 2006:237-250; Dillen 2007a:37-49). 'n Herdefiniëring van waardes en etiese norme word dus geïmpliseer. Kreatiwiteit en vryheid is deur een deelnemer voorgestel as waardes wat as normatiewe riglyne kan dien om kinders se belange te bevorder. Dit is juis hierdie en dergelike

waardes wat nie behoorlik tot hul reg kom waar mag op 'n destruktiewe wyse in verhoudinge aangewend word nie. Wanneer kinders as deelnemers in God se voortgaande skeppingsverhaal erken word, sal kreatiwiteit 'n rigtinggewende etiese norm kan wees om kinders as medeskeppers en -burgers te waardeer (vgl. Hull 2007:190-191; Wall 2007a:54-67).

Op die vraelys het respondente aangedui dat liefde die etiese norm is wat die beste as normatiewe riglyn in die bevordering van kinders se belange aangewend kan word. In dié opsig kan dit waarde toevoeg om Douglas Sturm (1992) se verstaan van liefde in die konteks van kinderregte te vermeld. Sturm argumenteer dat die lyding van kinders meestal nie die resultaat van onvermydelike kragte is nie en daarom kan dit deur “geregverdigde verontwaardiging” (“righteous indignation”) teengewerk word (Sturm 1992:1). Terwyl dit mag voorkom asof so 'n sin vir onreg bloot negatief van aard is (voortgebring deur 'n ervaring van weerstand en verset), word geregverdigde verontwaardiging ook deur liefde gemotiveer. En in dié verband is liefde nie bloot 'n gevoel van aangetrokkenheid of 'n kenmerk van persoonlike verhoudinge nie; intendeel, dit kan beskou word as 'n dryfveer om op 'n bepaalde manier op te tree, 'n motivering om jou energie aan die verbetering van verhoudinge te wy.

Sturm gaan voort deur liefde met die gedagte van vryheid te verbind en met wat hy noem 'n verhouding-georiënteerde assosiasie wat deur wederkerigheid gekenmerk word (1992:2-4). In kort beteken dit dat liefde emansipasie in die volste sin van die woord behels, naamlik om die onderlinge selfontwikkeling van alle deelnemers in die menslike gemeenskap te bevorder. Deelname aan die menslike gemeenskap word volledig inklusief bedoel. Om dié rede waardeer liefde die individualiteit en verskeidenheid van mense en groepe in die gemeenskap. Kragtens hierdie inklusiewe verstaan is kinders in hul eie reg aktiewe deelgenote aan die menslike gemeenskap.

Vanuit bogenoemde waardes is dit duidelik dat 'n waarde-gebaseerde Teologie-beoefening die akademie van Praktiese Teologie sal kan rig in die kritiese dekonstruering en ko-konstruering van geloofspraktyke wat in die beste belang van kinders in al drie publieke van teologiese betrokkenheid sal strek.

*4. Die akademie van Praktiese Teologie in vennootskap met ander dissiplines.* Volgens die menings van deelnemers aan die onderhoude is die uitdaging om interdissiplinêre samewerking in die belang van kinders te bevorder 'n belangrike een vir die akademie van Praktiese Teologie. Vir deelname aan 'n inter- en selfs transdissiplinêre akademiese en publieke diskoers oor kinders en hul welsyn, sal dit belangrik wees om op ander dissiplines te steun en sodoende 'n sekere naïwiteit en selfs onkunde in Teologie wat betref die dinamika wat op kinders se konteks inspeel te ondervang, maar ook om krities om te gaan met hedendaagse denke oor die kind (vgl. Wall 2006:523-548).

'n Verdere uitdaging behoort te wees om op 'n meer gestruktureerde wyse empiriese navorsing te onderneem, veral wanneer die onderwerp van kinders aan die orde kom. Navorsing met kinders sal dan impliseer dat Praktiese Teologie voorspraak sal doen vir 'n eties verantwoordbare werkwyse waar kinders behandel word as volledige mense wat respek verdien op grond van 'n goed begronde teologiese antropologie (vgl. Melton 2005:646-657). Vanuit 'n waardering vir kinders as individue en as 'n belangrike populasiegroep kan in vennootskap met ander dissiplines ondersoek gedoen word na kreatiewe maniere van data-insameling saam met kinders. Interdissiplinêre navorsing het egter ook bepaalde beperkinge. Een deelnemer het byvoorbeeld daarop gewys dat alhoewel praktiese teoloë interdissipliner kan werk, die realiteit meestal is dat dit nog in silo's geskied en dat postmoderne denkwyses vereis dat daardie silo's afgebreek sal word (vgl. Osmer 2008:234, 236-237). Moontlik is dit juis dit wat met transdissiplinêre navorsing beoog word, soos ook gereflekteer in die wetenskapveld van Kinderstudie – om gesamentlik die kompleksiteit van kinders se lewenskontekste vanuit 'n veelheid perspektiewe te bekyk en vanuit 'n pluraliteit van wetenskaplike benaderings die aard van verandering wat nodig is te bedink (vgl. Wall 2006:523-548). Teologie en by name veral Praktiese Teologie kan inderdaad hierin 'n betekenisvolle bydrae lewer.

*5. Mobilisering van geloofsgemeenskappe se bates in belang van die algemene welsyn van die samelewing waarvan kinders se oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname wesenlik deel vorm.* Die akademie van Praktiese Teologie staan voor die uitdaging om die dominante kerkteologie en fokus op die kerklike publiek te verbreed tot 'n bestudering van die impak van die Christelike geloof en religieuse gemeenskappe op

die bevordering of ondermyning van kinders se welsyn binne die sisteme waarbinne hulle funksioneer.

Die verbreding van die dominante kerkteologie kan ooreenkomstig die aard van Praktiese Teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap gefasiliteer word deur aan handeling in volwassene-kind verhoudinge aandag te gee. Met behulp van 'n kinderregteperspektief saam met 'n goed begronde teologie van die kind kan die akademie van Praktiese Teologie 'n teologie bevorder wat gerig is op die skepping en bevordering van demokratiese ruimtes in en deur geloofsgemeenskappe. Hiervolgens is geloofsgemeenskappe ruimtes waar bewustheid van die wyse van kommunikasie met ander gekweek word, ten einde vaardighede soos aktiewe luister te verfyn met die oog op die versterking van wederkerige verhoudinge en gemeenskappe in die beste belang van alle betrokke partye – kinders ingeslote (vgl. Bunge 2006:575-576; Dillen 2007a:37-49; Unicef 2010:21-23, 45-47).

In die konteks van Afrika en Suid-Afrika bestaan 'n groot mate van vertroue in kerke, en 'n aktiewe kerklike lewe is 'n kenmerk van baie gemeenskappe. Geloofsgemeenskappe met hul intergenerasionele karakter is 'n bate wat verder gemobiliseer kan word om die waarde van kinders in gemeenskappe en verhoudinge te beklemtoon (vgl. Grobbelaar 2008; Unicef 2010:45-47; 2012:44-45). Hierin moet die waarde van intergenerasionele bediening nie onderskat word nie.

'n Besondere bate in Suid-Afrikaanse prakties-teologiese navorsing is die teologiese bydrae van Jan Grobbelaar (2008) om die bediening van die kind in die gemeente as 'n intergenerasionele ruimte te verstaan. Hierdie nadruk op kinders in die konteks van gemeentes behoort verder aangevul te word met 'n fokus op die derde publiek wat die belange van kinders bevorder deur voor en saam met hulle geloof uit te leef en sigbaar te maak, individueel as Christene en kollektief as geloofsgemeenskappe.

*6. Gerigtheid op publieke Christenskap in die bevordering van kinderregte.* In die empiriese ondersoek het dit voorgekom asof gerigtheid op die domein van die burgerlike samelewing nog nie so sterk in die akademie van Praktiese Teologie figureer nie. Wat wel in die empiriese ondersoek opgeval het, was die verskil van mening ten opsigte van

'n gerigtheid op die derde publiek tussen, enersyds, die respondente en deelnemers wat Departemente van Praktiese Teologie aan Fakulteite van Teologie verteenwoordig het, en andersyds diegene verbonde aan Skole van Godsdiens of Geesteswetenskappe. 'n Gerigtheid op die derde publiek met inagneming van die ander twee domeine en/of publieke blyk 'n area te wees wat sterker ontwikkel kan word indien Praktiese Teologie 'n betekenisvolle bydrae wil lewer tot die bevordering van die saak van kinders en hul regte, spesiaal in die breë samelewing. Die belang van geloof in die algemeen, maar ook meer spesifiek die Christelike geloof, tot die saak van kinderregte word belig in die publikasie, *A Child's Right to a Healthy Environment*, wat in 2010 onder die redaksie van James Garbarino en Garry Sigman verskyn het.

Van besondere belang in hierdie publikasie is die eerste hoofstuk wat aan die onderwerp, geloof as 'n fondament van kinderregte gewy word. Garry B. Melton van die *Institute on Family and Neighborhood Life*, Clemson Universiteit (VSA), beweer in hierdie hoofstuk getitel, “‘To such as these, the Kingdom of Heaven belongs’: Religious faith as a foundation for children’s rights”, dat religieuse instellings 'n onontbeerlike vennoot in die bevordering van kinderregte in die publieke lewe van die burgerlike samelewing is (Melton 2010:3-30). Gelowiges en die religieuse organisasies waarvan hulle deel vorm, behoort volgens hom die leidende kragte in die realisering van kinderregte te wees. Hy belig die dogmatiese basis, motivering vir dienslewering, intergenerasionele gemeenskapslewe, menslike en sosiale kapitaal, strukture en leierskap as die bates waaroor die religieuse sektor beskik. Hy hou die visie en praktiese getuienis van 'n religieuse sektor (in die VSA) voor wat oor geloofsgemeenskappe beskik wat kinders nie net in religieuse instellings verwelkom nie, maar hulle deur konkrete aksie beywer vir die sosiale insluiting van kinders en hul belange in die burgerlike samelewing. Aan die hand van die inisiatief “strong communities for children” wat in twee provinsies van South-Carolina geloods is, illustreer Melton die wyse waarop religieuse instellings betekenisvol aan die transformering van gemeenskappe in belang van kinders kan meewerk. Sterk gemeenskappe vir kinders kan onder andere bevorder word deur kinders te beskerm, hul belange te promoveer, as advokate vir kinders op te tree, die oordrag van waardes met die oog op die verwelkoming en deelname van kinders te fasiliteer, verhoudinge te transformeer, ondersteuning aan families te bied, en intergenerasionele verbintenisse en

dialog te koester. Wanneer gelowiges en geloofsgemeenskappe hulle tot die saak van kinderrechte verbind, word die samelewing 'n konteks van profetiese en diensbare leierskap (vgl. Osmer 2008:175-218) wat erns maak met die vestiging en bevordering van sosiaal verantwoordbare, regverdige, deelnemende, demokratiese en volhoubare gemeenskappe in die beste belang van kinders se oorlewing, beskerming, ontwikkeling en deelname (vgl. Melton 2010:6-26).

Hierdie gerigtheid op die domein van godsdiens en samelewing impliseer verder dat Praktiese Teologie die saak van kinders die beste op inklusiewe wyse sal kan dien deur met 'n unieke Christelike bydrae met ander gelowe in dialoog te tree op die vlak van diskoers en praktyk (vgl. Bunge 2006:577-579). Wat die aktiewe promovering van kinders se regte aanbetref, kan Praktiese Teologie deur navorsing, opleiding en interaksie met gemeenskappe riglyne bied vir hoe die bates van die Christelike geloof ten beste vir die saak van kinders aangewend kan word (vgl. Unicef 2010; Unicef 2012; Melton 2010:6-26; Hanmer 2010:451-461).

*7. Beoefening van Teologie saam met kinders.* Die wonderlike is dat die ontwikkeling van 'n teologie van kinders nie tot 'n bepaalde ruimte, publiek of domein beperk is nie. Slegs een deelnemer het daarvoor gepraat hoe direkte interaksie met kinders, wat geloofsvorming betref, behoort te geskied, naamlik op so 'n wyse dat kinders deelnemers is aan 'n gesamentlike soeke na geloof. Om met kinders te gesels oor die stem van kinders in die Bybel is uitgesonder as 'n effektiewe strategie wat reeds in praktyk benut word. Daar is verwys na die stem van kinders soos dié van Dawid, die dogtertjie wat vir Naäman gelei het om Elia te ontmoet, Jesus self en Samuel. 'n Uitdaging wat hierdie deelnemer gerig het, was om tydens sulke Bybelstudies met kinders inhoud te ontwikkel oor wat kinders in die Bybel te sê gehad het. Dieselfde deelnemer het ook na die benutting van Bybelse tekste verwys om aandag op gevalle te vestig waar kinders as agente opgetree het (bv. die geval van die verlore seun en in die Ou Testamentiese kultuurkonteks waar kinders eintlik baie agentskap en verantwoordelikheid aanvaar het en aan hul eie spiritualiteit uiting gegee het).

Die beoefening van Teologie saam met kinders sal meehelp dat Teologie nie die klem negeer wat moet val op volwassenes se onderrig, sorg, hulp en diens aan kinders nie. Dit sal ook daartoe bydra om die waarde wat kinders toevoeg tot die algemene welsyn van individuele volwassenes, gemeenskappe en die samelewing in geheel te erken en waardeer (vgl. Dillen 2007a:37-49; Dillen 2007b:83-103; Grobbelaar 2008:25-26; 197-198). Op hierdie wyse kan Teologie en by name Praktiese Teologie 'n beduidende bydrae lewer tot die aanhoor van kinders se stem en positiewe verhale.

*8. Bevordering van 'n genuanseerde verstaan van die aard en metodologie van Praktiese Teologie onder praktiese teoloë.* Uit die motivering van respondente op die vraag waarom hulle oortuig is dat Praktiese Teologie wel 'n bydrae kan lewer tot die welsyn van kinders, het die volgende duidelik geblyk: Hoe meer genuanseerd praktiese teoloë die aard en metodologie van die wetenskapsveld van Praktiese Teologie verstaan, hoe makliker sal 'n spontane insluiting van kinders (en ander groepe wat so maklik slagoffers van uitsluiting word) en hul belange in die denke en praktyk van praktiese teoloë kan figureer. Hierdie oortuiging dat praktiese teoloë ten volle vertrouwd behoort te wees met hul unieke wetenskapsveld kan egter nie los gesien word van Teologie as sodanig waarin dit ingebed is nie. Daarom is die bydrae van die akademie van Praktiese Teologie in interaksie met gemeentes en die burgerlike samelewing juis daarop gerig om die aktiewe betrokkenheid van die volle spektrum van Teologie tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika te bevorder.

## **6.7 Slot**

Terugskouend sou die navorser om verskeie redes die empiriese ondersoek eerder met die kwalitatiewe fase wou begin. Die rykdom aan data wat in die kwalitatiewe fase na vore gekom het, sou meegebring het dat die vraelys meer induktief, gegrond op die perspektiewe van deelnemers aan die kwalitatiewe fase, ontwikkel kon word. Na finale afloop van die studie sou dan beter bepaal kon word hoe die data ooreenstem en verskil met die vier take wat Osmer vir prakties-teologiese interpretasie voorhou. Indien die empiriese ondersoek met die kwalitatiewe fase begin het, sou deelnemers aan hierdie fase



ook op 'n dieper vlak aan die empiriese ondersoek in geheel kon deelneem en selfs in die daarstel van 'n aksie-agenda vir Praktiese Teologie kon bydra.

Ongeag die leemtes van die empiriese ondersoek, is daar in hierdie hoofstuk op grond van die bevindinge van onderskeidelik die kwantitatiewe opname en die kwalitatiewe onderhoude, en die vermenging van beide datastelle, 'n aksie-agenda daargestel met die oog op die insluiting van die saak van kinders, hul welsyn en regte in die beoefening van Praktiese Teologie en – met waardering van die eenheid van teologiese teorie ten opsigte van kinders – by implikasie Teologie in die breë. Daar sal egter gewaak moet word om die saak van die insluiting van kinders in teologiese besinning nie slegs aan individuele praktiese teoloë oor te laat nie. Die insluiting van kinders is 'n kollektiewe opdrag, verantwoordelikheid en viering van 'n unieke identiteit as kinders in God se koninkryk.

In die slothoofstuk wat hierop volg, word die bydrae van hierdie studie in die geheel tot die wetenskapsveld van Praktiese Teologie op 'n kritiese wyse geëvalueer ooreenkomstig die aanvanklik gestelde hipotese, navorsingsvrae en doelwitte.

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKING

#### 7.1 Inleiding

Die primêre vertrekpunt van hierdie studie was dat kinderregte, as 'n universeel normatiewe raamwerk, 'n moontlike voertuig kan wees om die beoefening van Praktiese Teologie so te rig dat dit die saak van kinders insluit, met 'n gepaardgaande integrasie van perspektiewe en aksente binne die onderskeie teologiese publieke en groter intra- en interdissiplinêre samewerking. In dié proses is David Tracy (1981) se drie publieke van teologiese betrokkenheid (die akademie, kerk en burgerlike samelewing) asook Richard Osmer (2008) se konseptualisering van die vier take waarvolgens prakties-teologiese interpretasie kan geskied gevolg om op 'n interdissiplinêre wyse verdiepte begrip vir die welsyn van kinders te ontwikkel.

In Hoofstuk 2 is die konteks waarin kinders in Suid-Afrika leef, verken ooreenkomstig die vraag: *Wat is besig om te gebeur in die leefwêreld van kinders in Suid-Afrika?* Respek vir kinders se regte en die bevordering daarvan is in Hoofstuk 3 as 'n gepaste respons op die kontekstuele realiteite van kinders voorgestel. 'n Kinderregteperspektief is hier benut om die patrone en dinamika in kinders se kontekste beter te verstaan. 'n Diskoersanalise van Religieuse Studies en Teologie is vervolgens in Hoofstuk 4 onderneem om te bepaal watter teologiese perspektiewe in die Christelike geloofstradisie bestaan wat in 'n normatief teologiese perspektief as 'n unieke bydrae van Teologie tot die promovering van kinderregte ingebou kan word. In terme van die uitdaging om 'n meer pertinente prakties-teologiese interpretasie te formuleer het Hoofstuk 5 gevolglik verder beweeg om 'n fundamentele prakties-teologiese bydrae tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika te identifiseer. In dié hoofstuk is pragmaties te werk gegaan om 'n konseptuele raamwerk te ontwerp wat op die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke steun. Die fokus het as sulks geval op Praktiese Teologie se fundamentele bydrae in interaksie met die ander twee teologiese

publieke in die konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika. Hierdie voorgestelde konseptuele raamwerk in Hoofstuk 5 is in Hoofstuk 6 verder verfyn deur middel van die empiriese ondersoek wat onder geregistreerde lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika onderneem is.

In hierdie slothoofstuk en in die lig van bostaande opsomming word die belangrikste akademiese bydraes van die studie vervolgens saamgevat. Daar word veral verwys na die toepassing van die proses van prakties-teologiese interpretasie op die kwessie van kinders en hul belange. As sulks val die klem op die wyse waarop die normatiewe raamwerke van kinderregte en die Christelike Teologie geïntegreer kan word ten einde 'n konseptuele raamwerk te ontwikkel wat in die kritiese analisering en bevordering van kinders se welsyn aangewend kan word.

Die geïdentifiseerde konseptuele raamwerk is pertinent daarop gerig om die opmerklike gaping in die huidige prakties-teologiese literatuur aan te spreek, naamlik die versuim om in die beoefening van Praktiese Teologie in die konteks van die akademie 'n derde publiek-modus aan te neem – in die besonder ten opsigte van kinders en hul belange. Hierdie derde publiek-modus poog juis om integrasie tussen die bydraes van die akademie, kerk en burgerlike samelewing te bewerkstellig in diens van 'n diskoers en praktyk wat vir kinders en hul welsyn bevorderlik is.

Hierdie hoofstuk behels in die eerste plek 'n opsomming van die insigte oor die promovering van kinderregte wat deur die analise van Praktiese Teologie se bydrae daartoe aan die lig gekom het. Tweedens word aanbevelings gemaak oor hoe sodanige bydrae in die konteks van die akademie en in interaksie met gemeentes en die samelewing verpraktiseer kan word. Die opsomming en aanbevelings word aangebied ooreenkomstig die probleemstelling, hipotese, navorsingsvrae en doelwitte wat vir die studie gestel is. Leemtes in die studie word deurlopend geïdentifiseer terwyl die hoofstuk afgesluit word met voorstelle vir verdere navorsing.

## 7.2 Metodologiese terugblik

Die studie het die promovering van kinderrechte ondersoek en in die ondersoek is die aandag op die toenemende problematiese omstandighede van kinders in Suid-Afrika gevestig. In die stel van die agtergrond en motivering vir die studie het dit aan die lig gekom dat internasionale konvensies wat deur Suid-Afrika bekragtig is asook nasionale wetgewing ten opsigte van kinders, duidelike uitdagings en verantwoordelikhede vir elke sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing impliseer ten einde kinders en hul regte te erken en te bevorder. Of Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die akademie (eerste publiek), egter 'n bydrae het om te lewer tot die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in die Suid-Afrikaanse samelewing was met die aanvang van die studie grootliks onbekend en is daarom as die probleemstelling van die studie gestel. Die probleemstelling is verder aan die hand van 'n leemte in teologiese literatuur toegelig, naamlik dat die aard en omvang van sodanige bydrae voorheen nog nie geëksploreer en gekonseptualiseer is nie vanweë 'n minimale fokus op kinders en hul regte. Tot nog toe kon Praktiese Teologie daarom nie genoegsame perspektiewe en riglyne aan die breë teologiese gemeenskap in Suid-Afrika bied ten opsigte van die uitdaging om kinders se belange te promoveer nie. Teen die agtergrond van die voorafgaande stelling, en namate die leemte in teologiese literatuur bevestig is, is die kompleksiteit van die probleem verbind aan die huidige beperkte betrokkenheid van die teologiese gemeenskap in die stryd om kinders se regte te bevorder.

Die volgende hipotese en navorsingsvrae is daarom in Hoofstuk 1 geformuleer:

- Praktiese Teologie het 'n eiesoortige en komplementerende bydrae om te lewer tot die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.
- Indien Praktiese Teologie wel 'n bydrae het om te lewer, wat is die aard van die bydrae van Praktiese Teologie – as verteenwoordigend van die eerste teologiese publiek (die akademie) en in dialektiese samehang met die ander twee teologiese publieke (die kerk en die burgerlike samelewing) tot die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in Suid-Afrika?

- Hoe kan hierdie (geantisipeerde) bydrae verpraktiseer word in die domein van die akademie in interaksie met die kerk en burgerlike samelewing?

### 7.3 Bevindinge

Vervolgens word aangetoon hoe die doelwitte van hierdie studie bereik is.

*Doelwit 1: Om 'n kontekstuele oriëntering te bied oor die demografiese profiel van kinders en die gepaardgaande sosiaal-maatskaplike uitdagings.*

In Hoofstuk 2 is die argument gevoer dat kinderrechte bevorder behoort te word binne die bepaalde sosio-kulturele realiteit waarbinne kinders hulle bevind. Sonder deeglike oriëntering omtrent die sosio-kulturele konteks van kinders sou die bevordering van kinderrechte afgemaak kon word as 'n subtiele poging om deur middel van 'n menseregte-ideologie 'n vorm van neo-kolonialisme te laat herleef. Die promovering van kinderrechte impliseer daarom die kontekstualisering van die terminologie oor kinderrechte in plaaslike gemeenskappe ten einde transformasie van destruktiewe denke en praktyke in dialoog met gemeenskappe te fasiliteer. Om hierdie redes is 'n demografiese profiel van kinders in Suid-Afrika in Hoofstuk 2 geskets asook sosiale tendense uitgewys wat kinders se lewenskwaliteit beïnvloed. Relevante instrumente is beskryf wat aangewend kan word om die stand van kinders se welsyn te meet. Kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleid is aan die prakties-teologiese gemeenskap voorgehou om konstruktief in die onderskeie publieke van teologiese beïnvloeding aanvaar en aangepak te word.

Met betrekking tot die demografiese profiel van kinders het dié hoofstuk pertinent gewys op:

- 'n behoefte aan betroubare kindgesentreerde data wat van essensiële belang is vir die analisering van kinders se lewensomstandighede en die monitering van vordering in die realisering van kinderrechte;
- kinderarmoede en MIV en Vigs wat 'n kritiese impak op kinderswelsyn en kinderrechte het;

- die posisie van kinders in Suid-Afrika, soos weerspieël in die statistieke oor demografiese en sosiale tendense, wat dringend roep om 'n sterker professionele verbintenis en politieke wil asook gemeenskaplike verantwoordelikheid en aksie van alle sorgdraers ten einde 'n beter lewe vir alle kinders te verseker;
- 'n sosiale bewustheid by landsburgers omtrent die lewensomstandighede van kinders;
- indikatore en 'n sisteem wat noodsaaklik is om die situasie van kinders en hul welsyn te moniteer;
- kindervoeding, billike ekonomiese ontwikkeling, bemagtiging van vroue, geslagsgelykheid, bevordering van kinders se sosiale status en insluiting, en vroeë kindontwikkeling wat kritiese uitdagings vir navorsing, intervensie en beleidmaking inhou.

Terugskouend kan gestel word dat die uitdagings en verantwoordelikhede wat met kinders se welsyn en regte in die Suid-Afrikaanse samelewing gepaardgaan, 'n wyse van hantering vereis wat toegespits is op die problematiese omstandighede van kinders wat hul algehele welsyn en lewenskwaliteit bedreig. Die identifisering en beskrywing van sodanige problematiese omstandighede kan egter nie slegs aan volwassenes en hul oordeel en interpretasie oorgelaat word nie. Kinders behoort self die geleentheid te kry om hul mening te lug oor die probleme wat hulle beleef en die effek daarvan op hul welsyn.

Verder is dit belangrik dat risiko's wat aan die lig kom, hanteer moet word deur rolspelers wat in die bevordering van kinderswelsyn betrokke is. Intervensies sal moet plaasvind ooreenkomstig die hulpbronne waaroor gemeenskappe reeds beskik en wat reeds aangewend word om kinders se oorlewing, beskerming, ontwikkeling en deelname te dien. Hierdie hulpbronne sal ook vir kinders se bates, ontwikkelende kapasiteite en agentskaprolle in hul gemeenskap voorsiening moet maak. Die empiriese beskrywing van kinders se leefwêreld sal daarom slegs toereikend kan geskied in die konteks van plaaslike gemeenskappe waar kinders self vennote is in die identifisering en beskrywing van risiko- sowel as beskermende faktore.

Die kontekstuele beskrywing wat in Hoofstuk 2 onderneem is, het nie volledig daarin geslaag om 'n gebalanseerde beeld van kinders in Suid-Afrika te bied nie. 'n Gebrek aan voorbeelde, eie aan Suid-Afrikaanse omstandighede – van kinders se benutting van hul bates, ontwikkelende kapasiteite, agentskap en hul weerstandvermoë wat hulle soms bo teenspoed en onderdrukkende lewensomstandighede laat uitstyg – het meegebring dat die problematiese omstandighede van kinders grootliks in die hoofstuk belig is. Indien hierdie positiewe perspektief egter geïntegreer kon word in die beskrywing van kinders se lewensomstandighede, sou dit beduidend kon bydra tot 'n perspektief wat die kind nie bloot as slagoffer van problematiese omstandighede beskou nie, maar ook as kreatiewe agent van verandering. Hierdie leemte aan voorbeelde van kinders se vermoëns en agentskaprolle stel juis 'n uitdaging aan die teologiese gemeenskap om die gemaklike toegang tot kinders in en deur gemeentes te benut om na kinders se stem te luister en op hierdie wyse 'n meestal eensydige beeld van menige kind se uitdagende omstandighede te balanseer deur ook van kinders se positiewe verhale kennis te neem.

Die volgende aanbevelings kan op grond van bogenoemde insigte gemaak word insake Praktiese Teologie se taak om kinders se leefwêreld te beskryf:

1. Dit is belangrik om navorsing te onderneem wat ook ruimte laat vir kinders om met die nodige etiese klaring daaraan deel te neem. Hierdie tipe navorsing kan betroubare en kindgesentreerde data bied wat 'n bydrae kan lewer tot die beskrywing en monitering van kinders se problematiese lewensomstandighede sowel as positiewe maniere waarop kinders dit te bowe kom.
2. Meetinstrumente soos bespreek onder Afdeling 2.4 kan in die empiries-beskrywende taak van Praktiese Teologie benut word om die regte van kinders met breër plaaslike en nasionale ontwikkeling te verbind, en kinders se welsyn asook die vordering met verbintnisse teenoor kinders te moniteer.
3. Die agenda vir navorsing oor kinders kan gesamentlik bepaal word deurdat Teologie in interaksie met gemeenskappe optree.
4. Teologie kan 'n sosiale bewustheid jeens kinders bevorder deur middel van publikasies, 'n opleidingskurrikulum wat kinderkwessies insluit en

vennootskappe met gemeentes en ander strukture in die burgerlike samelewing wat met kinders se belange gemoeid is.

5. 'n Praktyk van aktiewe luister na kinders se persepsies van die gebeure in hul alledaagse lewens behoort in die onderskeie teologiese publieke ontwikkel, gekoester en bevorder te word.
6. Dit is belangrik dat die akademie, kerk en burgerlike samelewing effektief saam werk om tot 'n meer verdiepte verstaan van die kontekstuele realiteite van kinders in Suid-Afrika by te dra.

*Doelwit 2: Om die historiese en kontemporêre ontwikkeling van die nasionale en internasionale kinderregtediskoerse te analiseer ten einde die implikasies daarvan vir die bydrae van Praktiese Teologie aan te dui.*

'n Rasionaal vir die promovering van kinderregte as 'n ingrype in en bevordering van kinders se algehele welsyn is in Hoofstuk 3 aangebied. In hierdie hoofstuk is geargumenteer dat die rasionaal vir die promovering van kinderregte deur die teologiese gemeenskap opgesluit lê in die denkskuif wat grootliks deur kinderregte in die hedendaagse kultuur gestimuleer word. Dit gaan om 'n denkskuif van kinders wat uitsluitlik op aksies van beskerming, ontwikkeling en liefdadigheid aanspraak kan maak na kinders wat ook bevryding nodig het sodat hul agentskap erken kan word in die ruimtes waarin hulle hul bevind en hulle sodoende as waardige burgers nou reeds tot hul eie welsyn en dié van die samelewing kan bydra.

'n Historiese oorsig van pogings om 'n kinderregtediskoers en -praktyk nasionaal en internasionaal te vestig is gegee wat aandui hoe die nasionale en internasionale gemeenskap hulleself tot 'n kinderregte-agenda verbind het. 'n Kritiese bespreking is aangebied van verskuiwings wat onder andere onder die invloed van die kinderregte-ideologie in kontemporêre denke oor kinders en hul welsyn plaasgevind het. Proaktiewe riglyne is geformuleer vir die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.

Die volgende is 'n opsomming van die belangrikste perspektiewe wat in die loop van die bespreking in Hoofstuk 3 ontwikkel is:



1. Promovering van kinderrechte as respons op 'n groot aantal kinders se problematiese lewensomstandighede impliseer nie slegs 'n diskoers daaroor nie, maar ook die implementering van kinderrechte in die praktyk.
2. 'n Kultuur van die kinderjare is regdeur die samelewing nodig, waarvolgens kinders in lande se sosiale en ekonomiese beplanning en familie- en gemeenskapslewe hoë prioriteit gewaarborg word.
3. Ten einde 'n kultuur te skep en in stand te hou waarbinne kinders en hul regte gerespekteer en gepromoveer word, behoort die kinderjare, as 'n sosiale konstruk, voortdurend gesamentlik gekonseptualiseer te word; kinders se deelname aan hul oorlewing, ontwikkeling en beskerming konstant bevorder te word; mag tussen volwassenes en kinders regverdig verdeel te word; publieke betrokkenheid by inisiatiewe in die bevordering van kinders se belange en die voorkoming van wandade aangemoedig te word; omvattende sosiale diskoers en aksie vir die ontwikkeling van 'n verdiepte begrip vir die aard en inhoud van kinders se regte gesteun te word; kinderrechte in kinders se diverse kulture begroot te word; betrokkenheid in die monitering van kinderrechte en die aanmelding van skendings daarvan deel te vorm van verantwoordelike burgerskap.
4. 'n Gemeenskapgebaseerde benadering behoort gevolg te word tot die bevordering van kinderrechte in gemeenskappe. Hierdie benadering impliseer dat gemeenskapsleiers of mense wat op voetsoolvlak tot die welsyn van kinders verbind is, kinderrechte as instrument sal gebruik om dialoog te fasiliteer oor die invloed van bestaande denke, houdinge en praktyke op kinders se welsyn. 'n Kritiese beoordeling daarvan kan gefasiliteer word aan die hand van die onderliggende filosofie en beginsels van kinderrechte, naamlik nie-diskriminasie, beste belange van die kind en die reg om gehoor te word wat die oorlewing, ontwikkeling en positiewe kind-wees ervaring van kinders voorop stel.
5. Sistematiese en voortgaande opleiding van gemeenskapsleiers en professionele persone in die verstaan en toepassing van kinderrechte en die onderliggende

beginsels is essensieel om bewustheid en 'n kultuur van respek vir die kind te bevorder.

In hierdie hoofstuk is die aandag primêr op die benuttingswaarde van kinderregte in die bevordering van kinders se welsyn gevestig. Die resultate van die empiriese ondersoek het dit egter duidelik laat blyk dat die beperkinge wat die konsep van kinderregte inhou, met name die risiko's wat 'n eensydige hantering daarvan in diskoers en praktyk vir volwassene-kind interaksie en verhoudinge kan meebring, krities ondersoek behoort te word.

Die volgende aanbevelings kan vervolgens gemaak word oor die benutting van kinderregte as perspektief om die situasie van kinders prakties-teologies te interpreteer:

1. Die denkskuif van kinders as hoofsaaklik passief, slagoffers, afhanklik, kwesbaar en mense met blote potensiaal, na kinders as waardige en aktiewe burgers in die samelewing kan benut word om krities daaroor te besin of 'n sodanige genuanseerde beeld van kinders – waar kinders se menswaardigheid en bydrae eweneens erken word – in bestaande denke, houdings en praktyke enigsins erkenning geniet.
2. Denkskuiwe kan gefasiliteer word om nie slegs vir die beskerming van kinders voorspraak te doen nie, maar ook vir hul bevryding en selfverwesening; anders gestel, kinders se reg op deelname, waar die klem val op kinders as volwaardige mense wat nou reeds waarde kan toevoeg tot die heil van families en gemeenskappe in die samelewing, behoort net soveel aandag te geniet as hul ander regte.
3. Kinderregte kan as stimulas dien om verbintnisse tot die bevordering van kinders se lewensituasies teweeg te bring.
4. Verantwoordelike burgerskap ten opsigte van die welsyn van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing en in die wêreldgemeenskap behoort aangemoedig te word.

5. Kinderregte kan as 'n perspektief in prakties-teologiese interpretasie aangewend word om kinders se belange in die onderskeie teologiese publieke te bevorder.
6. Promovering van die beginsels van kinderregte kan as 'n agenda vir Praktiese Teologie dien ten einde 'n dieper sensitiwiteit vir kinders en hul insluiting in teologiese navorsing, opleiding en betrokkenheid in die burgerlike samelewing te ontwikkel.

*Doelwit 3: Om 'n kritiese interdisiplinêre perspektief te bied op historiese en hedendaagse benaderings van en perspektiewe op kinders en hul regte en die wyse waarop dit, saam met alternatiewe perspektiewe, in religieuse en teologiese besinning neerslag vind, al dan nie.*

In Hoofstuk 4 is 'n diskoersanalise onderneem om vas te stel op watter wyse die kritiese interdisiplinêre perspektief op kinders en hul regte (wat in Hoofstuk 3 onder Afdeling 3.4 aangebied is) asook alternatiewe perspektiewe in religieuse en teologiese besinning neerslag vind, al dan nie. Die argument dat Teologiese Etiek (en in dié studie Teologie in sy geheel) behoort by te dra tot die konseptualisering van alternatiewe perspektiewe op kindskap in die breë veld van Kinderstudie maar terselfdertyd deur Kinderstudie beïnvloed behoort te word, is veral in hierdie hoofstuk gesteun. Vanuit 'n historiese perspektief is bevind dat die kind, kinderswelsyn en kinderregte in die verlede op streeks-, nasionale en internasionale vlak bloot marginale temas in Teologie verteenwoordig het. Veral sedert die jaar 2000 is daar egter nuwe opkomende belangstelling in die saak van kinders en hul welsyn in Religieuse Studies en Teologie te bespeur. Hierdie belangstelling is op 'n nasionale en internasionale vlak verken, en ontleed met die ope hermeneutiese vraag of en hoe die denkskuif wat die hedendaagse kultuur plaasgevind het teologies onderbou kan word.

Daar kon tot die volgende insigte gekom word op grond van die diskoersanalise in hierdie hoofstuk:

- Kinders en hul welsyn en regte as 'n afsonderlike veld van analise in Religieuse Studie en Teologie het gedurende die afgelope dekade op internasionale vlak al hoe meer aandag geniet.

- Religieuse Studies en Christelike Teologie op internasionale vlak lewer ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae tot die akademiese diskoers (Kinderstudie) oor die beskouing en hantering van kinders as volwaardige mense.
- Internasionaal neem Christen-teoloë inisiatief om oor geloofsgrense heen die saak van kinders te stel, wat bydra tot publikasies en navorsingsprojekte oor wêreldgodsdienste se beskouing van die kind.
- Waar robuuste teologiese navorsing oor die kind onderneem word en 'n verdiepte en genuanseerde teologiese verstaan van kinders ontwikkel word, word Christen-teoloë in staat gestel om oor grense heen (in die akademie, kerk en publiek) 'n genuanseerde bydrae te maak tot gesprekvoering oor kinders en hul belange. Sodanige verdieping lei verder tot nuwe moontlikhede om in die onderrig van voornemende Christelike leiers 'n fokus op kinders te integreer met betrokkenheid in die publieke diskoers oor kinders asook met verdiepende nadenke oor ontwikkelingspraktyke wat op kinderwelsyn gerig is. Terselfdertyd verseker navorsing 'n gesonde basis vir 'n dinamiese en kritiese interaksie tussen teologiese teorie en geloofspraktyk, tot 'n voortdurende verbetering van beide.
- In die formele akademiese omgewing van Religieuse Studie en Teologie in Afrika en Suid-Afrika is die fokus op kinders en hul welsyn en regte egter tans gebrekkig, veral wat betref akademiese werkgroepe, akademiese tydskrifte, teologiese publikasies oor die kind, navorsingsprojekte, konferensies en ander geleenthede vir die bekendstelling van navorsingsbevindings.
- In die breë konteks van Afrika is daar wel 'n teologiese refleksie aan die ontwikkel wat grootliks buite die formele universitêre akademiese omgewing geskied.
- Wanneer daar op internasionale, streeks en nasionale vlak akademiese inisiatiewe oor die onderwerp van die kind geloods word, is die aantal Afrika en Suid-Afrikaanse teoloë wat daaraan deelneem egter heel beperk – veral wat teoloë uit die formele strukture van die akademie betref.
- In die konteks van Afrika en Suid-Afrika verteenwoordig kinders en hul welsyn

en regte steeds 'n marginale posisie in formele religieuse en teologiese besinning en navorsing.

- 'n Normatiewe teologiese bydrae tot die saak van kinders en hul regte sal enersyds gerig moet wees op die kritiese dekonstruering van eng en simplistiese beskouinge oor kinders wat in kerk en samelewing voorkom, en andersyds op die konstruering van 'n genuanseerde teologies-etiese perspektief op kinders waarin 'n bepaalde sosiale etiek en 'n bepaalde praktyk van interaksie met kinders sal moet figureer.

Gegewe die omvang van die literatuur wat bestudeer moes word om die diskoersanalise te onderneem, het die hoofstuk nie volledig daarin geslaag om generiese temas wat in die religieuse en teologiese diskoers na vore gekom het, op 'n kritiese wyse te analiseer nie. Nietemin is 'n breë oorsig gegee oor die nuwe opkomende belangstelling in die saak van kinders, kinderswelsyn en kinderrechte. Dit is gedoen met die oog op die ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief op die saak van kinders en hul regte. Die navorser het besef 'n diskoersanalise van kinders en hul regte in Religieuse Studie en Teologie op sigself sal 'n omvangryke studie vereis.

In die geheel gesien van die bespreking oor Praktiese Teologie se normatiewe taak in hierdie hoofstuk kan die volgende aanbeveel word:

1. Sodanige normatiewe taak noodsaak dialoog met ander dissiplines, in hierdie geval veral Regte en Kinderstudie. Dit sal die dubbele doel dien om vanuit 'n teologies-etiese perspektief 'n kritiese rol ten opsigte van hedendaagse perspektiewe op die kind te vervul asook om eng en destruktiewe sieninge oor kinders in Teologie uit te wys en dit met die oog op verbeterde teorie en praxis te transformeer.
2. Die onderskeie deeldissiplines van Teologie kan nouer saam werk om genuanseerde normatiewe teologiese perspektiewe te konstrueer.
3. Met benutting van die teologiese erfenis van hulpbronne wat beskikbaar is om

krities oor die kind, kinderswelsyn en kinderrechte te besin, kan Teologie se aktiewe betrokkenheid in inter- en transdissiplinêre navorsing oor kinders juis bevorder word deur verdiepte besinning oor die kind, veral vanuit die vertrekpunt van God se verhouding met die mens.

*Doelwit 4: Om die posisionering van Praktiese Teologie en dié dissipline se unieke perspektief in die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in Suid-Afrika aan te dui.*

In Hoofstuk 5 is ondersoek ingestel na die wetenskaps- en werkerterrein van Praktiese Teologie en die relevansie daarvan vir die bevordering van kinderrechte. Die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderrechte in Suid-Afrika is op grond van Tracy se drie publieke en Osmer se prakties-teologiese interpretasiemodel gekonseptualiseer. Op grond van hierdie gekonseptualiseerde bydrae is implikasies vir die beoefening van Praktiese Teologie in hedendaagse teologiese opleiding op grond van die geantisipeerde bydrae tot die bevordering van kinders se swelsyn en regte aangedui.

In die loop van hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat die begrippe bevryding, verandering en transformasie met die studieverdele van sowel kinderrechte as Praktiese Teologie geassosieer word. Daarom juis kan die promovering van kinderrechte Praktiese Teologie van hulp wees in die kritiese bemiddeling van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing met betrekking tot kinders en hul swelsyn. Daar is tot die volgende gevolgtrekkings in verband met die akademie van Praktiese Teologie se fundamentele bydrae tot die promovering van kinderrechte gekom:

- Praktiese Teologie kan in interaksie met die kerk en rolspelers in die burgerlike samelewing nuutgevonde fokus plaas op die styl van transformerende, diensbare leierskap wat positiewe verandering kan fasiliteer in die konkrete situasies waar kinders se menswaardigheid aangetas word.
- Praktiese Teologie kan deur middel van die beskrywing van kinders se lewensomstandighede, in interaksie met kerk en samelewingstrukture, bewustheid aangaande kinders se swelsyn kweek.

- Praktiese Teologie kan die konteks van kinders in dialoog met die velde van kinderregte en Kinderstudie interpreteer.
- Praktiese Teologie kan 'n bydrae tot die promovering van kinderregte lewer deur die voortgaande ontwikkeling van 'n normatief teologiese visie vir die beskouing en hantering van kinders.
- Praktiese Teologie kan die betrokkenheid van die teologiese gemeenskap as sosiale vennoot in die promovering van kinderregte en -welsyn mobiliseer en bevorder.

Die bydrae van Praktiese Teologie is aan die hand van Osmer se vier take van prakties-teologiese interpretasie op 'n deduktiewe wyse gekonseptualiseer. Indien die empiriese ondersoek die konseptualisering van die bydrae van Praktiese Teologie voorafgegaan het, sou die studie op 'n meer induktiewe wyse die bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinders se regte kon konseptualiseer. Hierdie alternatiewe wyse van ondersoek sou waarskynlik meer reg kon laat geskied aan die ontwikkeling van 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse perspektief op die bydrae wat Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul welsyn en regte kan bied.

Die volgende voorstelle ten opsigte van die fundamentele bydrae van die akademie van Praktiese Teologie tot die saak van kinders en hul regte kan op grond van die bespreking in die hoofstuk gemaak word:

1. 'n Derde publiek-modus van prakties-teologiese interpretasie word aanbeveel om die onderskeie domeine of teologiese publieke te integreer, veral vir sover dit met die kwessie van kinders verband hou asook om 'n vorm van spiritualiteit en moraliteit in te sluit wat sosiaal relevant is en op die uitdaging van kinders se sosio-politieke omstandighede en regte sensitief kan reageer.
2. Dit is belangrik om die kultuur van "adultism" te konfronteer, uit te daag en te transformeer tot 'n kultuur wat die volledige menswaardigheid, spirituele wysheid, sterkte en gawes van kinders respekteer, terwyl kinders se behoefte aan

leiding en voortgaande morele vorming asook hul kwesbaarheid en sorgbehoewendheid terselfdertyd steeds erken word.

3. Kinders behoort, soos alle mense, as volwaardige rolspelers in God se voortgaande skeppingsverhaal erken te word.
4. Prakties-teologiese navorsing behoort nie slegs oor kinders te handel nie, maar op eties verantwoordbare wyse ook saam met hulle onderneem te word.
5. 'n Fokus op kinders behoort in prakties-teologiese onderrig en leer geïntegreer te word.
6. Prakties-teologiese inisiatiewe ten opsigte van gemeenskapsinteraksie behoort konsekwent die beste belange van kinders te dien.

*Doelwit 5: Om op grond van die persepsies en begrip van Suid-Afrikaanse praktiese teoloë en die verifiëring daarvan aan die hand van literatuur 'n perspektief te formuleer oor die bydrae van Praktiese Teologie in die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk.*

In Hoofstuk 6 is verslag gedoen oor die resultate van die empiriese ondersoek wat deel van hierdie studie uitgemaak het. Dit is deur 'n bespreking van die data gevolg. Die leemtes van die empiriese studie hang eerstens saam met die beperking in die profiel van respondente en tweedens met die gebrekkige aanwending van strategieë om die mate van geldigheid van die kwantitatiewe fase se bevindinge te verseker. Ten spyte van hierdie beperkinge is duidelik bevind dat die fokus op kinders en hul belange in prakties-teologiese besinning en opleiding in Suid-Afrika onbevredigend is. Hierdie stand van sake hou die volgende in:

- Kinders verteenwoordig 'n randtema in Praktiese Teologie en Teologie as sodanig.
- Die teologiese fundering van die saak van kinders en hul welsyn is gebrekkig.
- Kinders en hul vermoëns word in 'n groot mate geïgnoreer.



- Die tema van kinders en hul welsyn kom op 'n gefragmenteerde en sporadiese wyse in teologiese opleiding aan die orde.
- Interaksie met kinders geskied op 'n te oppervlakkige wyse.

In die lig van die identifisering van bogenoemde tekortkominge en die aanvanklik gestelde navorsingsvrae het hierdie studie op grond van die persepsies en begrip van Suid-Afrikaanse praktiese teoloë tot die volgende konklusie gekom: *Die akademie van Praktiese Teologie se fundamentele bydrae tot die promovering van kinderregte in Suid-Afrika behoort te fokus op die insluiting van die saak van kinders in teologiese interpretasie; by implikasie sal dit behels dat Praktiese Teologie kinders se uitsluiting in teologiese diskoers en praxis aktief teëwerk.*

'n Aksie-agenda is gevolglik as uitkoms van die transformasiegeoriënteerde empiriese ondersoek aan die akademie van Praktiese Teologie gerig om die insluiting van die saak van kinders in teologiese besinning te bevorder. Die aksie-agenda is aan die hand van die resultate van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 6) en die literatuurstudie (Hoofstukke 2 tot 5) in Afdeling 6.6 aangebied. Die stel van die aksie-agenda het ten doel gehad om vir die insluiting van die saak van kinders in die akademie van Praktiese Teologie en Teologie as sodanig voorspraak te doen.

***Doelwit 6:*** *Om aanbevelings te maak oor hoe sodanige bydrae in die konteks van die akademie en in interaksie met gemeentes en die samelewing verpraktiseer kan word.*

In die stel van die aksie-agenda is aanbevelings gemaak ten opsigte van die verpraktisering van Praktiese Teologie se bydrae tot die bevordering van 'n diskoers en praktyk wat vir die saak van kinders in die konteks van die akademie en in interaksie met gemeentes en die breë samelewing bevorderlik sal wees. Die aksie-agenda aan die Suid-Afrikaanse akademie van Praktiese Teologie sluit in dat:

1. bewuswording gekweek sal word oor die redes waarom kinders in die akademie van Teologie en Praktiese Teologie grootliks uitgesluit word;
2. kritiese beoefening van Praktiese Teologie in dialoog met die velde van kinderregte en Kinderstudie sal geskied;

3. die feilbaarheid van teologie-beoefening erken sal word en 'n verbintenis daarom gemaak sal word tot voortgaande ontwikkeling van 'n genuanseerde normatief teologiese perspektief op kinders;
4. vennootskappe met dissiplines in die sosiale wetenskappe aangegaan sal word, enersyds om die teologiese hantering van die saak van kinders met die bates van ander dissiplines aan te vul, maar andersyds om ook 'n unieke en kritiese teologiese perspektief tot die saak van kinders toe te voeg;
5. 'n dominante kerkteologie en fokus op die kerklike publiek verbreed sal word om die bestudering van die impak van die Christelike geloof en religieuse gemeenskappe op die bevordering of ondermyning van kinders se welsyn in te sluit;
6. gerigtheid op publieke Christenskap in die bevordering van kinderrechte by wyse van 'n derde publiek-modus in die beoefening van Praktiese Teologie ontwikkel sal word;
7. teologie saam met kinders beoefen sal word ten einde ruimtes te skep waarbinne 'n gesamentlike soeke na die uitlewing van geloof gekoester word;
8. 'n genuanseerde verstaan van die aard en metodologie van Praktiese Teologie onder praktiese teoloë bevorder sal word, binne die raamwerk van 'n nuutgevonde waardering vir die bydrae van die teologiese wetenskap as geheel.

Die uiteindelijke gevolgtrekking van hierdie studie ten opsigte van die aanvanklike hipotese en navorsingsvrae is dat die akademie van Praktiese Teologie wel 'n eiesoortige en komplementerende bydrae kan lewer tot die aktiewe betrokkenheid van die volle spektrum van Teologie in die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in Suid-Afrika. Soos eintlik reeds genoem, lê sodanige bydrae primêr opgesluit in die wyse waarop Praktiese Teologie die insluiting van die saak van kinders en hul welsyn en regte in teologiese besinning kan bevorder via 'n derde publiek-modus. Hierdie bydrae kan verpraktiseer word in interaksie met gemeentes en die burgerlike samelewing deur bostaande riglyne te benut.

#### 7.4. Voorstelle vir verdere navorsing

In die lig van die begrensing van hierdie navorsingsprojek word die onderstaande voorstelle vir verdere navorsing gemaak.

In hierdie studie is die unieke bydrae van Praktiese Teologie tot 'n diskoers en praktyk wat vir kinders, hul welsyn en regte bevorderlik is, gekonseptualiseer. In hieropvolgende studies kan die konseptuele raamwerk wat hierdie studie opgelewer het op 'n viertal wyse ingespan word.

**Eerstens** kan empiriese navorsing saam met kinders onderneem word om hulle konteks vanuit hul beskrywing daarvan beter te verstaan asook die rol wat hulle geloof in die hantering van hulle lewensomstandighede speel, al dan nie.

**Tweedens** kan die nexus tussen kinderregte en die Christelike geloof verder ondersoek word ten einde die bydrae van geloof en geloofsgemeenskappe tot die bevordering van kinders se welsyn en regte in meer diepte te konseptualiseer. Ooreenkomstig hiermee kan volwassenes in Christelike geloofsgemeenskappe se persepsies jeens kinderregte ondersoek word ten einde die aspekte te identifiseer wat 'n gaping meebring tussen die ideale van die kinderregte diskoers en die implementering daarvan in die praktyk.

**Derdens** kan die diskoersanalise wat in Hoofstuk 4 onderneem is verder verfyn word ten einde by te dra tot genuanseerde teologiese perspektiewe op kinders, kinderswelsyn en kinderregte.

**Vierdens** kan die gekonseptualiseerde bydrae van hierdie studie deur departemente van Praktiese Teologie benut word om 'n verdiepte navorsingsfokus as 'n teologiese bydrae tot die publieke saak van kinders en hul welsyn te ontwikkel.

## BIBLIOGRAFIE

---

Alberts, P., Tutu, D. & Sachs, A. 1997. *The neglected: Children and women in South Africa, in Some Evidence of Things Seen: Children of South Africa*. Rivonia: Open Hand Trust.

Alderson, P. & Morrow, V. 2011. *The Ethics of Research with Children and Young People: A Practical Handbook*. London: Sage.

Alliance for Children's Entitlement to Social Security (ACCESS) 2002. *Children Speak Out about Poverty: Report on the ACCESS Child Participation Process*. Cape Town: Soul City & Children's Institute.

Alston, P. & Robinson, M. 2005. The challenges of ensuring the mutuality of human rights and development endeavours, in Alston, P. & Robinson, M. (eds.), *Human Rights and Development: Towards Mutual Reinforcement*, 1-18. Oxford: Oxford University Press.

Alston, P. & Tobin, J. 2005. *Laying the Foundations for Children's Rights*. [Aanlyn]. Beskikbaar [http://www.unicef-irc.org/publications/pdf/ii\\_layingthefoundations.pdf](http://www.unicef-irc.org/publications/pdf/ii_layingthefoundations.pdf) [2011, 11 Januarie].

American Academy of Religion. Childhood studies and religion consultation. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.aarweb.org/Meetings/Annual\\_Meeting/Program\\_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARPU129](http://www.aarweb.org/Meetings/Annual_Meeting/Program_Units/PUinformation.asp?PUNum=AARPU129) [2011, 25 Julie].

Ansell, N. 2005. *Children, Youth and Development*. London, New York, NY: Routledge.

Babbie, E. 2005. *The Basics of Social Research*. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2006. *The Practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press.

Babin, P. 1991. *The New Era in Religious Communication*. Minneapolis, MN: Fortress.

- Bansikiza, C. 2004. Child labour challenges to society and church in Africa. *African Ecclesial Review*, 46(2):139-160.
- Bartholdsson, A. 2003. Pretending democracy: Learning and teaching participation in two Swedish schools, in Sporre, K. & Botman, H.R. (eds.), *Building a Human Rights Culture: South African and Swedish Perspectives*, 128-141. Fulun: Högskolan Dalarna.
- Bellon, C.M. 2002. The promise of rights for children: Best interest and evolving capacities, in Alaimo, K. & Klug, B. (eds.), *Children as Equals: Exploring the Rights of the Child*, 103-126. Lanham, MD: University Press of America.
- Berry, L. & Guthrie, T. 2003. *The Situation of Children in South Africa*. Cape Town: Children's Institute.
- Bhattacharyya, J. 2004. Theorizing community development. *Journal of Community Development Society*, 34(2):5-34.
- Biersteker, L. 2007. *Early Childhood Development: Rapid Assessment and Analysis of Innovative Community and Home Based Childminding and Early Childhood Development Programmes in Support of Poor and Vulnerable Babies and Young Children in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/southafrica/SAF\\_resources\\_ecdrapid.pdf](http://www.unicef.org/southafrica/SAF_resources_ecdrapid.pdf) [2010, 5 Februarie].
- Biersteker, L. & Robinson, S. 2000. Socio-economic policies: Their impact on children in South Africa, in Donald, D. & Louw, A. (eds.), *Addressing Childhood Adversity*, 26-59. Cape Town: David Philip.
- Blanchet-Cohen, N. & Fernandez, A. 2003. Women as generators of children's rights: The story of promoting indigenous children's rights in Venezuela. *The International Journal of Children's Rights*, 11:33-49.
- Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 4<sup>th</sup> edition. Cape Town: Juta.

- Bordens, K.S. & Abbott, B.B. 2008. *Research Design and Methods: A Process Approach*. 7<sup>th</sup> edition. New York, NY: McGraw Hill.
- Bosman-Sadie, H. & Corrie, L. 2010. *A Practical Approach to the Children's Act*. Durban: LexisNexis.
- Botha, A. & Dreyer, Y. 2007. 'n Feministiese narratief-pastorale perspektief op die huwelik-bevestigingsformuliere van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 63(3):1275-1298.
- Boyden, J. & Levison, D. 2000. Working paper 1: *Children as Economic and Social Actors in the Development Process*. Stockholm: Expert Group on Development Issues.
- Bray, R. 2011. Effective child participation in social dialogue, in Jamieson, L., Bray, R., Viviers, A., Lake, L., Pendlebury, S. & Smith, C. (eds.), *South African Child Gauge 2010/2011*, 30-35. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- Bray, R. & Dawes, A. 2007a. Monitoring the well-being of children: Historical and conceptual foundations, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, 5-28. Cape Town: HSRC.
- Bray, R. & Dawes, A. 2007b. A rights-based approach to monitoring the well-being of children in South Africa, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, 29-52. Cape Town: HSRC.
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The Ecology of Human Development*. Cambridge: Harvard University Press.
- Browning, D.S. 1991. *A Fundamental Practical Theology*. Minneapolis, MN: Fortress.
- Browning, D.S. 2007. *Equality and the Family: A Fundamental, Practical Theology of Children, Mothers, and Fathers in Modern Societies*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Browning, D.S. & Bunge, M.S. 2009 (eds.). *Children and Childhood in World Religions: Primary Sources and Texts*. New Brunswick, NJ: Rutgers University Press.

Browning, D.S. & Miller-McLemore, B.J. (eds.) 2009. *Children and Childhood in American Religions: Primary Sources and Texts*. Rutgers: Rutgers University Press.

Browning, D.S., Miller-McLemore, B.J., Couture, P.D., Lyon, K.B. & Franklin, R.M. 2000. *From Culture Wars to Common Ground: Religion and the American Family Debate*. 2<sup>nd</sup> edition. Louisville: John Knox Press.

Browning, D.S. & Wall, J. 2001. Series foreword, in Bunge, M.J. (ed.), *The Child in Christian Thought*, x-xi. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bunge, M.J. (ed.) 2001. *The Child in Christian Thought*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bunge, M.J. 2001. Introduction, in Bunge, M.J. (ed.), *The Child in Christian Thought*, 1-28. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bunge, M.J. 2003. A more vibrant theology of children. *Christian Reflection: A Series in Faith and Ethics*, 8:11-19.

Bunge, M.J. 2006. The child, religion, and the academy: Developing robust theological and religious understandings of children and childhood. *Journal of Religion*, 86(4):549-579.

Bunge, M.J. 2007. Beyond children as agents or victims: Reexamining children's paradoxical strengths and vulnerabilities with resources from Christian theologies of childhood and child theologies, in Wyller, T. & Nayar, U.S. (eds.), *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship*, 27-50. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Bunge, M.J. (ed.) 2008. *The Child in the Bible*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bunge, M.J. 2008. Biblical and theological perspectives on children, parents and 'best practices' for faith formation: Resources for child, youth and family ministry today. *Dialog*, 47:348-360.

Bunge, M.J. 2010. The vocation of children and parents: Sacred vision and spiritual practices, in Dillen, A. & Pollefeyt, D. (eds.), *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*, 329-356. Leuven / Paris / Walpole, MA: Peeters.

Bunge, M.J. 2011. Biblical understandings of children and childhood: Resources for the church and mission today. Opening paper for an international and ecumenical theological conference on children, Nairobi, Kenya.

Burr, R. & Montgomery, H. 2003. Children and rights, in Woodhead, M. & Montgomery, H. (eds.), *Understanding Childhood: An Interdisciplinary Approach*, 136-178. Milton Keynes, UK: The Open University.

Capps, D. 1995. *The Child's Song: The Religious Abuse of Children*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Carder, K.L. 2000. Foreword, in Couture, P.D. *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty*, 11-12. Nashville, TN: Abingdon.

Carhall, E. 2007. Foreword, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, vii-viii. Cape Town: HSRC.

Child Care Act 74 of 1983. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.acts.co.za/child care act 1983.htm](http://www.acts.co.za/child%20care%20act%201983.htm). [2007, 30 Junie].

Child Rights Information Network 2009. *A Legal Analysis of South Africa's Implementation of the UN Convention on the Rights of the Child* [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://crin.com/docs/South\\_Africa.doc](http://crin.com/docs/South_Africa.doc) [2009, 12 Januarie].

Children's Act 38 of 2005. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=67892> [2007, 30 Junie].

Children's Amendment Act 41 of 2007. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=78580> [2008, 26 Junie].

Children's Amendment Bill of 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.socdev.gov.za/legal/2006/cbill.pdf> [2007, 30 Junie].

Christensen, P. & James, A. (eds.) 2008. *Research with Children: Perspectives and Practices*. 2<sup>nd</sup> edition. Abingdon, UK: Routledge.



- Cohen, C.P. 2002. United Nations convention on the rights of the child: Developing international norms to create a new world for children, in Alaimo, K. & Klug, B. (eds.), *Children as Equals: Exploring the Rights of the Child*, 49-72. Oxford: University Press of America.
- Cook, D.T. & Wall, J. (eds.). 2011. *Children and Armed Conflict: Cross-disciplinary Investigations*. Basingstoke, UK: Palgrave Macmillan Publishing.
- Couture, P.D. 2000. *Seeing Children, Seeing God: A Practical Theology of Children and Poverty*. Nashville, TN: Abingdon.
- Couture, P.D. 2003. The fight for children: Practical theology and children's rights. *Contact*, 142:28-40.
- Couture, P.D. 2007. *Child Poverty: Love, Justice and Social Responsibility*. St Louis, MO: Chalice Press.
- Couture, P.D. 2010. Against child poverty: Relationships as a foundation for social and economic justice. *Journal of Childhood and Religion*, 1(6). [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.childhoodandreligion.com/JCR/Volume\\_1\\_%282010%29.html](http://www.childhoodandreligion.com/JCR/Volume_1_%282010%29.html) [2011:10 Februarie].
- Couture, P.D. & Miller-McLemore, B.J. (eds.) 2003. *Poverty, Suffering, and HIV-AIDS: International Practical Theological Perspectives*. London: Cardiff Academic Press.
- Creswell, J.W. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. 3<sup>rd</sup> edition. London: Sage.
- Davel, C.J. & Jordaan, R.A. 2005. *Personereg*. Kaapstad: Juta.
- David, P. 2002. Implementing the rights of the child: Six reasons why the human rights of children remain a constant challenge. *International Review of Education*, 48(3-4):259-263.
- Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.) 2007. *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*. Cape Town: HSRC.

Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. 2007. Preface, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, ix-xvii. Cape Town: HSRC.

Dawes, A., Van der Merwe, A. & Brandt, R. 2007. A monitoring dilemma: Orphans and children made vulnerable by HIV/AIDS, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, 359-369. Cape Town: HSRC.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*, 333-349. 3<sup>rd</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Schulze, S. & Patel, L. 2005. The sciences and the professions, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*, 3-26. 3<sup>rd</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.

De Winter, M. 1997. *Children as Fellow Citizens: Participation and Commitment*. Oxford: Radcliff Medical Press.

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling & Unicef 2006. *Guidelines for Early Childhood Development Services* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=70066> [2010, 9 Maart].

Departement van Onderwys, Republiek van Suid-Afrika 1995. *White Paper 1 on Education and Training* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/whitepapers/1995/education1.htm> [2010, 13 July].

Department of Education, Republic of South Africa 1997. *White Paper 3 on a Programme for Higher Education Transformation*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=70435> [2010, 14 August].

DeVries, D. 2001a. Toward a theology of childhood. *Interpretation*, 55(2):161-173.

- DeVries, D. 2001b. "Be converted and become as little children": Friedrich Schleiermacher on the religious significance of childhood, in Bunge, M. (ed.), *The Child in Christian Thought*. Grand Rapids, 329-364, MI: Eerdmans.
- Desai, V. & Potter, R.B. 2008. The nature of development and development studies: Editorial introduction, in Desai, V. & Potter, R.B. (eds.), *The Companion to Development Studies*, 1-2. London: Hodder Education.
- Dillen, A. 2006. Children between liberation and care: Ethical perspectives on the rights of children and parent-child relationships. *International Journal of Children's Spirituality*, 11(2):237-250.
- Dillen, A. 2007a. Religious participation of children as active subjects: Toward a hermeneutical-communicative model of religious education in families with young children. *International Journal of Children's Spirituality*, 12(1):37-49.
- Dillen, A. 2007b. The child 'as a child': A theological-ethical investigation of the concrete and relational giving of a child, in Wyller, T. & Nayar, U.S. (eds.), *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship*, 83-103. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Dillen, A. 2008. Foundations of responsibility for children. *International Journal of Children's Spirituality*, 13(1):51-61.
- Dillen, A. 2009. Children are the future ... and the present: Challenging pastoral practices with children. *Counseling et Spiritualité. Counselling and Spirituality*, 28(1):129-148.
- Dillen, A. & Pollefeyt, D. 2010. Introduction: Children's studies and theology: A hermeneutics of complexity, in Dillen, A. & Pollefeyt, D. (eds.), *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*, 1-16. Leuven / Paris / Walpole, MA: Peeters.
- Dreyer, J.S. 2007. The national policy on religion and education in South Africa: Reflections from a public practical theology. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 22(2):40-60.

Dreyer, J.S., Pieterse, H.J.C. & Van der Ven, J.A. 2004. Religious socialisation and the ongoing quest for a human rights culture in South Africa (1). *Practical Theology in South Africa*, 19(1):33-53.

Dreyer, Y. 1999. 'n Besinning oor meta- en basisteoretiese aannames in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(01):46-61.

Du Toit, J.S. 2009. God as Father: The tenth plague in children's Bibles. *Acta Theologica*, 29(2):1-30. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.ufs.ac.za/dl/userfiles/Documents/00000/444\\_eng.pdf](http://www.ufs.ac.za/dl/userfiles/Documents/00000/444_eng.pdf) [2011:19 Oktober].

Dube, M.W. 2002. Fighting with God: Children and HIV/Aids in Botswana. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114(November):31-42.

Durrant, J.E. 2007. *Positive Discipline: What it is and How to Do it*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://seap.savethechildren.se/Global/scs/SEAP/publication/publication%20pdf/Child%20Protection/Positive%20Discipline%20Report%2023Aug07.pdf> [2008:20 Februarie].

Durrheim, K. 2006. Basic quantitative analysis, in Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (eds.), *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*, 188-214. 2<sup>nd</sup> edition. Cape Town: University of Cape Town Press.

Emory Law. Centre for the Study of Law and Religion at Emory University. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://cslr.law.emory.edu> [2011: 25 Augustus].

Engle, P.L., Black, M.M., Behrman, J.R., de Mello, M.C., Gertler, P.J., Kapiriri, L., Martorell, R., Young, M.E. & International Child Development Steering Group 2007. Strategies to avoid the loss of developmental potential in more than 200 million children in the developing world. *Lancet*, 369:229-242.

Ennew, J. 2000. *Street and Working Children: A Guide to Planning*. 2<sup>nd</sup> edition. Development Manual No. 4. London: Save the Children.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem formulation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*, 100-110. 3<sup>rd</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*, 307-327. 4<sup>th</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.

Foundation for Human Rights. 2004. *Guidelines: Call for Proposals: Promotion of Children's Rights* (W3/VOICE/01). Arcadia: Foundation for Human Rights.

Fourie, M. 2003. Beyond the ivory tower: Service learning for sustainable community development. *South African Journal of Higher Education*, 17(1):31-38.

Fox, W. & Bayat, M.S. 2007. *A Guide to Managing Research*. Cape Town: Juta.

Ganzevoort, R.R. 2009. Forks in the road when tracing the sacred: Practical theology as hermeneutics of lived religion. Presidential address to the ninth conference of the International Academy of Practical Theology, Chicago. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://ia-pt.org/wp-content/uploads/2011/11/presidentialaddress2009.pdf> [2012, 23 Junie].

Garbarino, J. & Sigman, G. (eds.) *A Child's Right to a Healthy Environment*. New York: Springer.

Gecaga, M. 2007. The plight of the African child: Reflections on the response of the church. *Studies in World Christianity*, 13(2):142-159.

Government of National Unity, South Africa 1997. *Initial Country Report – South Africa: Convention on the Rights of the Child*. Pretoria: Government of National Unity.

Grantham-McGregor, S., Cheung, Y.B., Cueto, S., Glewwe, P., Richter, L., Strupp, B. & International Child Development Steering Group 2007. Developmental potential in the first 5 years for children in developing countries. *Lancet*, 369:60-70.

- Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*, 286-313. 3<sup>rd</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.
- Green, M.C. 2006. Between vulnerability and agency: An interdisciplinary look at the status and value of children. *Journal of Religion*, 86(4):658-668.
- Grobbelaar, J. & Hendriks, J. 2006. Wat gebeur plaaslik en globaal met kinders? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 21(2):1-32.
- Grobbelaar, J. 2008. 'n Ondersoek na die bediening van laerskoolkinders in en deur die gemeente as intergenerasionele ruimte. Doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Haddad, B. 2002. Gender violence and HIV/Aids: A deadly silence in the church. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114(November):93-106.
- Haines, A. 2009. Asset-based community development, in Phillips, R. & Pittman, R.H. (eds.), *An Introduction to Community Development*, 38-48, London: Routledge.
- Hall, K. & Lake, L. 2009. Introducing children count – Abantwana Babalulekile, in Pendlebury, S., Lake, L. & Smith, C. (eds.), *South African Child Gauge 2008/2009*, 68-70. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- Hamilton, C. 1999. Implementing children's rights in a transitional society, in Davel, C.J. (ed.), *Children's Rights in a Transitional Society*, 13-36, Menlopark: Protea.
- Hanmer, S. 2010. Child rights organizations and religious communities: Powerful partnerships for children. *Cross Currents*, 60(3):451-461.
- Harris-Curtis, E. 2003. Rights-based approaches issues for NGOs. *Development in Practice*, 13(5):558-564.

- Heitink, G. 1999a. Practical Theology: An empirical-orientated approach, in Schweitzer, F. & Van der Ven, J.A. (eds.) *Practical Theology – International Perspectives*, 265-271. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Heitink, G. 1999b. *Practical Theology: History, Theory, Action Domains*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Henkin, L. 1998. Religion, religions and human rights. *Journal of Religious Ethics*, 26(2):229-240.
- Henriot, P. & Mejia, R. 2000. *Pastoral Circle: A Strategy for Promoting Justice and Peace*. Harare: IMBISA.
- Herzog, K. 2005. *Children and our Global Future: Theological and Social Challenges*. Cleveland, OH: Pilgrim Press.
- Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste Treë in Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.
- Higher Education Quality Committee & Community Higher Education Service Partnerships. 2006. *Service Learning in the Curriculum: A Resource for Higher Education Institutions*. Pretoria: Council on Higher Education.
- Hollander, E.L., Saltmarsh, J. & Zlotkowski, E. 2002. Indicators of engagement, in Kenny, M.E., Simon, L.A.K., Kiley-Brabeck, K. & Lerner, R.M. (eds.), *Learning to Serve: Promoting Civil Society Through Service Learning*, 31-50. London: Kluwer Academic Publishers.
- Hull, J.M. 2007. The child as gift, in Wyller, T. & Nayar, U.S. (eds.), *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship*, 185-192. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Human, C.S. 1998. Die invloed van die begrip kinderregte op die privaatregtelike ouer-kind verhouding in die Suid-Afrikaanse reg. Doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Human, C.S. 2000. The theory of children's rights, in Davel, C.J. (ed.), *Introduction to Child Law in South Africa*, 150-165. Lansdowne: Juta.

Human, C.S. 2009. The theory of children's rights, in Boezaart, T. (ed.), *Child Law in South Africa*, 243-262, Claremont: Juta.

International Save the Children Alliance. 2002. *Child Rights Programming: How to Apply Rights-based Approaches in Programming: A Handbook for the International Save the Children Alliance Members*. London: International Save the Children Alliance.

James, G. 2007. Tell it like it is! The case to include the story of the rape of Tamar in children's Bibles as an awareness tool. *Journal of Semitics*, 16(1-2):312-332.

Jensen, D.H. 2005. *Graced Vulnerability: A Theology of Childhood*. Cleveland, OH: The Pilgrim Press.

Johnson, S. 2003. Women, children, poverty and the church: A faith-based community revitalization approach to addressing poverty, in Couture, P.D. & Miller-McLemore, B.J. (eds.), *Poverty, Suffering and HIV/AIDS – International Practical Theological Perspectives*, 155-168. Cardiff: Cardiff Academic Press.

Kanyoro, M. 2002. Holistic ways to empower Africa's children and young people. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114(November):69-78.

Katholiek Universiteit Leuven. Children's voices: Children's perspectives in ethics, theology and religious education. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.kuleuven.be/thomas/algemeen/actualiteit/agenda/childrensvoices.php#intro> [2011, 11 Augustus].

Katts, J.D. 2007. *Op Weg na 'n Menswaardige Samelewing: 'n Teologies-etiese Ondersoek na die Korrelasie tussen 'n Handves van Menseregte en Morele Verantwoordelikheid*. Stellenbosch: Sun Press.



Kirby, P. & Woodhead, M. 2003. Children's participation in society, in Montgomery, H., Burr, R. & Woodhead, M. (eds.), *Changing Childhoods: Local and Global*, 233-284. Chichester: The Open University/Wiley.

Kitching, A.E. 2010. Conceptualising a relationship-focused approach to the co-construction of enabling school communities. Doctoral thesis. Potchefstroom: North-West University.

Koren, M. 2001. Human rights of children: An emerging story. *The Lion and the Unicorn*, 25:242-259.

Lake, A. 2012. Foreword, in *Partnering with Religious Communities for Children*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/eapro/Partnering\\_with\\_Religious\\_Communities\\_for\\_Children.pdf](http://www.unicef.org/eapro/Partnering_with_Religious_Communities_for_Children.pdf) [2012, 20 Mei].

Lansdowne, G. 2005. *The Evolving Capacities of the Child*. Rome: Unicef.

Lategan, B.C. 1995. Taking the third public seriously, in De Gruchy, J.W. & Martin, S. (eds.), *Religion and the Reconstruction of Civil Society*, 217-230. Pretoria: Unisa.

Laws, S. & Mann, G. 2004. *So You Want to Involve Children in Research?* Stockholm: Save the Children.

Lazarus, J. 2001. A new contract between higher education and society: Responsiveness through a scholarship of engagement. Unpublished paper.

Lazarus, J., Erasmus, M., Hendricks, D., Nduna, J. & Slamati, J. 2008. *Education, Citizenship and Social Justice*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.sagepublications.com> [2010, 14 Augustus].

LenkaBula, P. 2002. From the womb into a hostile world: Christian ethics and sexual abuse against children in South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114(November):55-68.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Human Development*. 2<sup>nd</sup> edition. Pretoria: Kagiso.

Louw, D.J. 1997. *Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting*. 2de uitgawe. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2001. Creative hope and imagination in a practical theology of aesthetic (artistic) reason. *Religion & Theology*, 8(3/4):327-344.

Mahery, P. 2009. The United Nations convention on the rights of the child: Maintaining its value in international and South African child law, in Boezaart, T. (ed.), *Child Law in South Africa*, 309-330. Claremont: Juta.

Malherbe, J. 2004. Child theology in Africa? Paper presented at the Hear the Cry Conference, Nairobi, 17-21 May. <http://www.petra.co.za/docs/Child%20Theology%20in%20Africa.pdf> [2009, 6 Junie].

Malherbe, J. 2011. *Saved by the Lion? Stories of African Children Encountering Outsiders*. Mogale City: Childnet.

Maluleke, T.S. & Nadar, S. 2002. Guest editorial. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114 (November):3-4.

Marshall, K. 2004. *Honouring Children: Rights in Christian and Family Life*. Edinburgh: Saint Andrew Press.

Marshall, K. & Parvis, P. 2004. *Honouring Children: The Human Rights of the Child in Christian Perspective*. Edinburgh: Saint Andrew Press.

Marty, M.E. 2006. "But even so, look at that." Working with the convention on the rights of the child. *Emory International Law Review*, 20:217-240.

Marty, M.E. 2007. *The Mystery of the Child*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

- Meintjes, H. 2011. Children's challenges to adult perceptions and practices, in Jamieson, L., Bray, R., Viviers, A., Lake, L., Pendlebury, S. & Smith, C. (eds.), *South African Child Gauge 2010/2011*, 65-69. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- Meintjes, H. & Hall, K. 2009. Demography of South Africa's children, in Pendlebury, S., Lake, L. & Smith, C. (eds.), *South African Child Gauge 2008/2009*, 71-78. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- Meintjes, H., Leatt, A. & Berry L. 2006. Demography of South Africa's children, in Monson, J., Hall, K., Smith, C. & Shung-King, M. (eds.), *South African Child Gauge 2006*, 67-71. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- Melton, G.B. 2005. Treating children like people: A framework for research and advocacy. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 34(4):646-657.
- Melton, G.B. 2010. "To such as these, the Kingdom of Heaven belongs:" Religious faith as a foundation for children's rights, in Garbarino, J. & Sigman, G. (eds.), *A Child's Right to a Healthy Environment*, 3-30. New York, NY: Springer.
- Mercer, J.A. 2005. *Welcoming Children: A Practical Theology of Childhood*. St. Louis, MO: Chalice Press.
- Mette, N. 2003. Children's poverty in the midst of an affluent society: A challenge to the churches and practical theology in Germany, in Couture, P.D. & Miller-McLemore, B.J. (eds.), *Poverty, Suffering and HIV/Aids: International Practical Theological Perspectives*, 31-43. Cardiff: Cardiff Academic Press.
- Miller-McLemore, B.J. 2003. *Let the Children Come: Reimagining Childhood from a Christian Perspective*. Family and Faith Series. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Miller-McLemore, B.J. 2005. Foreword, in Jensen, D.H., *Graced Vulnerability: A Theology of Childhood*, vii-x. Cleveland, OH: The Pilgrim Press.

- Miller-McLemore, B.J. 2006a. *In the Midst of Chaos: Care of Children as Spiritual Practice*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Miller-McLemore, B.J. 2006b. Whither the children? Childhood in religious education. *Journal of Religion*, 86(4):635-657.
- Miller-McLemore, B.J. 2010a. Jesus and the little children: An exercise in the use of Scripture. *Journal of Childhood and Religion*, 1(7). [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.childhoodandreligion.com/JCR/Volume\\_1\\_%282010%29.html](http://www.childhoodandreligion.com/JCR/Volume_1_%282010%29.html) [2011:10 Februarie].
- Miller-McLemore, B.J. 2010b. Children's voices, Spirituality, and mature faith, in Dillen, A. & Pollefeyt, D. (eds.), *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*, 17-48. Leuven / Paris / Walpole, MA: Peeters.
- Mokwena, S. 2001. Deepening democracy: Meeting the challenge of youth citizenship, in Foster, J. & Naidoo, K. (eds.), *Young People at the Centre*, 15-30. London: Commonwealth Secretariat.
- Montgomery, H. 2003. Intervening in children's lives, in Montgomery, H., Burr, R. & Woodhead, M. (eds.), *Changing Childhoods: Local and Global*, 187-232. Milton Keynes, UK: The Open University.
- Mouton, J. 2002. *Understanding Social Research*. 3<sup>rd</sup> edition. Pretoria: Van Schaik.
- National Programme of Action Steering Committee 1997. *Initial Country Report – South Africa: Convention on the Rights of the Child*. Pretoria: NPA Steering Committee.
- Nel, M. 1998. *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering*. Pretoria: RGN.
- Nel, M. 2001. *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering*. Pretoria: RGN.
- Nelson Mandela Children's Fund. 'About us,' [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nelsonmandelachildrensfund.com/mainMenu.php?catID=1> [2010, 6 Desember].
- Njoroge, N.J. 2001. Come now, let us reason together. *Missionalia*, 29(2):232-257.

Nkurunziza, D.R.K. 2004. African theology of childhood in relation to child labour. *African Ecclesial Review*, 46(2):121-138.

Noble, M., Wright, G. & Cluver, L. 2007. Conceptualising, defining and measuring child poverty in South Africa: An argument for a multidimensional approach, in Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. (eds.), *Monitoring Child Well-being: A South African Rights-based Approach*, 53-71. Cape Town: HSRC.

Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights 2006. *Frequently Asked Questions on a Human Rights-based Approach to Development*. New York, NY/Genève: United Nations, [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.un.org/Depts/dhl/humanrights/toc/toc9.pdf>. [2006, 30 September].

Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights 2007. *Legislative History of the Convention on the Rights of the Child*. New York, NY: United Nations.

Office on the Rights of the Child (ORC) 2001a. *Children in 2001: A Report on the State of the Nation's Children*. Pretoria: ORC.

Office on the Rights of the Child 2001b. *End Decade Report on Children – South Africa*. Pretoria: ORC.

O'Grady, R. 2001. *The Hidden Shame of the Church: Sexual Abuse of Children and the Church*. Geneva: WCC.

O'Neill, T. 2000. What is childhood? in O'Neill, T. & Willoughby, T. (eds.), *Introduction to Child and Youth Studies*, 3-9. Dubuque: Kendall/Hunt.

Olivier, M. 2000. The status of international children's rights instruments in South Africa, in Davel, C.J. (ed.), *Introduction to Child Law in South Africa*, 197-201. Lansdowne: Juta.

Organization of African Unity 1999. *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.crin.org/Law/instrument.asp?InstID=1015> [2008, 10 Oktober].

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Panter-Brick, C. 2003. Achieving health for children, in Montgomery, H., Burr, R. & Woodhead, M. (eds.), *Changing Childhoods: Local and Global*, 94-139. Milton Keynes, UK: The Open University & John Wiley.

Parkinson, P. 1997. *Child Sexual Abuse and the Churches*. London: Hodder & Stoughton.

Parpart, J. 2008. Rethinking gender and empowerment, in Desai, V. & Potter, R.B. (eds.), *The Companion to Development Studies*, 355-358. London: Hodder Education.

Patel, L. 2005. *Social Welfare & Social Development in South Africa*. Oxford: Oxford University Press.

Peeters Publishers. Children's voices: Children's perspectives in ethics, theology and religious education. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.peeters-leuven.be/boekoverz.asp?nr=8670> [2011, 11 Augustus].

Pence, A. 2004. ECD policy development and implementation in Africa. *Early Childhood and Family Policy Series*, 9. UNESCO. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://unesdoc.unesco.org/images/0013/001375/137564e.pdf> [2010, 21 Augustus].

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. Pretoria: RGN.

Pieterse, H.J.C. & Dreyer, J.S. 1995. The methodology of practical theology and the public good. *Journal of Theology for Southern Africa*, 90:31-40.

Pieterse, H.J.C. 2001. *Preaching in a Context of Poverty*. Pretoria: University of South Africa.

Pieterse, H.J.C., Dreyer, J.S. & Van der Ven, J.A. 2003. Salvation – a way to a human rights culture? The contribution of South African youth's belief in salvation to a human rights culture at the end of the second and the beginning of the third millennium (Part 1). *Practical Theology in South Africa*, 18(2):116-142.

Qakisa, M. 2002. Let's talk about sex: Reaching young people through the media in the age of aids. *Journal of Theology for Southern Africa*, 114(November):79-92.

Rasheed, S. 2000. Children: What future in the new millennium? *Development*, 43(1):7-13.

Razu, J.M. 2006. "Let them come" – "Let them work": Receiving/using children in a globalised world. *Studies in World Christianity*, 12(3):249-265.

Richter, A. & Müller, J. 2005. The forgotten children of Africa: Voicing HIV and Aids orphans stories of bereavement: A narrative approach. *HTS Theological Studies*, 61(3):999-1015.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

Rigg, J. 2008. The millennium development goals, in Desai, V. & Potter, R.B. (eds.), *The Companion to Development Studies*, 30-37. 3<sup>rd</sup> edition. London: Hodder Education.

Roche, J. 2004. Children: Rights, participation and citizenship, in Freeman, M.D.A. (ed.), *Children's Rights: Volume 1*, 269-287. Aldershot: Ashgate & Dartmouth.

Rogers, W.S. 2003. What is a child? in Woodhead, M. & Montgomery, H. (eds.), *Understanding Childhood: An Interdisciplinary Approach*, 1-36. Chichester: Wiley/Open University.

Rwezaura, B. 1998. Law, culture and children's rights in Eastern and Southern Africa: Contemporary challenges and present-day dilemmas, in Ncube, W. (ed.), *Law, Culture, Tradition and Children's Rights in Eastern and Southern Africa*, 289-323. Aldershot: Ashgate.

Save the Children. 2004. *So You Want to Involve Children in Research? A Toolkit Supporting Children's Meaningful and Ethical Participation in Research relating to Violence against Children*. Stockholm: Save the Children.

Save the Children. 2005. *Child Rights Programming: How to Apply Rights-based Approaches to Programming*. 2<sup>nd</sup> edition. Lima: Save the Children Alliance.

Save the Children, UK. 2008. *The Child Development Index: Holding Governments to Account for Children's Wellbeing*. London: Save the Children, UK.

Schultz, R. 2002. *In the Best Interest of the Child*. Pretoria: CMR.

Schweitzer, F. & Van der Ven, J.A. (eds.), 1999. *Practical Theology: International Perspectives*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

Skelton, A. 2009. Constitutional protection of children's rights, in Boezaart, T. (ed.), *Child Law in South Africa*, 265-290. Claremont: Juta.

Sloth-Nielsen, J. 2004. The contribution of children's rights to the reconstruction of society: Some implications of the constitutionalisation of children's rights in South Africa, in Freeman, D.A. (ed.), *Children's Rights: Volume II*, 321-342. Ashgate: Dartmouth.

Society of Biblical Literature. Children in the Biblical world. [Aanlyn]. Beskikbaar. [http://www.sbl-site.org/meetings/Congresses\\_ProgramUnits.aspx?MeetingId=15](http://www.sbl-site.org/meetings/Congresses_ProgramUnits.aspx?MeetingId=15) [2011, 15 Augustus].

Statistics South Africa 2005. *Census 2001: Stages in the Life Cycle of South Africans*. Pretoria: Statistics South Africa.

Streak, J. 2005. Progress towards a conceptual framework and data systems for measuring child vulnerability in South Africa. *Child Poverty Monitor* 2, 5 Oktober.

Sturm, D. 1992. On the suffering and rights of children: Toward a theology of childhood liberation. *Cross Currents*, 42(2). [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://weblinks3.epnet.com/DeliveryPrintSave.asp?tb=0&\\_ug=sid+6A05E5D3-75D4](http://weblinks3.epnet.com/DeliveryPrintSave.asp?tb=0&_ug=sid+6A05E5D3-75D4). [2004, 23 Februarie].

Swart, I. 2004. The third public: Hermeneutical key to the theological debate on church and development? *Dutch Reformed Theological Journal (NGTT)*, 45(2) Supplementum:475-491.

Swart, I. & Yates, H. 2006. The rights of children: A new agenda for practical theology in South Africa. *Religion & Theology*, 13(3-4):314-340.



Ter Haar, G. 2001. Between blessing and bane: Religion and human rights today. *Journal of Religion and Theology in Namibia*, 3:1-36.

Ter Haar, G. 2003. Rats, cockroaches, and people like us: Views of humanity and human rights, in Runzo, J., Martin, N.M. & Sharma, A. (eds.), *Human Rights and Responsibilities in the World Religions*, 79-95. Oxford: Oneworld.

The Child in Law, Religion and Society. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://cslr.law.emory.edu/research/the-child-in-law-religion-and-society/> [2011, 25 Augustus].

The Child in Religion and Ethics. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.childreligionethics.org](http://www.childreligionethics.org) [2011, 20 Julie].

Thirion, M. 2007. Adolescent peer-based violence and abuse: A challenge to youth ministry. *Practical Theology in South Africa*, 22(2):178-191.

Tracy, D. 1981. *The Analogical Imagination: Christian Theology and the Culture of Pluralism*. London: SCM.

Tracy, D. 1983. The foundations of practical theology, in Browning, D.S. (ed.), *Practical Theology: The Emerging Field in Theology, Church and World*, 61-82. San Francisco, CA: Harper & Row.

Unicef 2002. *Finance Development: Invest in Children*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/publications/files/pub\\_investchildren\\_en.pdf](http://www.unicef.org/publications/files/pub_investchildren_en.pdf) [2010, 9 Augustus].

Unicef 2003. *Building a World Fit for Children*. The United Nations General Assembly Special Session on Children 8-10 May 2002. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/sowc06/pdfs/pub\\_build\\_wffc\\_en.pdf](http://www.unicef.org/sowc06/pdfs/pub_build_wffc_en.pdf) [2009, 8 September].

Unicef 2005. *The State of the World's Children 2006*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/sowc06/pdfs/sowc06\\_fullreport.pdf](http://www.unicef.org/sowc06/pdfs/sowc06_fullreport.pdf) [2008, 14 Oktober].

Unicef 2006a. *The State of the World's Children 2007*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.unicef.org/sowc07/docs/sowc07.pdf> [2008, 14 Oktober].

Unicef 2006b. *General Comments of the Committee on the Rights of the Child*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.unicef-irc.org/publications/pdf/crcgencommen.pdf> [2011, 22 Januarie].

Unicef 2008. *The State of the World's Children 2009*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.unicef.org/sowc09/docs/SOWC09-FullReport-EN.pdf> [2010, 10 September].

Unicef 2009. *The State of the World's Children: Special Edition*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/rightsite/sowc/pdfs/SOWC\\_Spec%20Ed\\_CRC\\_Main%20Report\\_EN\\_090409.pdf](http://www.unicef.org/rightsite/sowc/pdfs/SOWC_Spec%20Ed_CRC_Main%20Report_EN_090409.pdf) [2011, 22 Januarie].

Unicef 2010. *From Commitment to Action: What Religious Communities can Do to Eliminate Violence Against Children*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/eapro/UNICEF\\_Religions\\_for\\_Peace\\_Feb2010.pdf](http://www.unicef.org/eapro/UNICEF_Religions_for_Peace_Feb2010.pdf) [2011, 5 November].

Unicef 2012. *Partnering with Religious Communities for Children*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unicef.org/eapro/Partnering\\_with\\_Religious\\_Communities\\_for\\_Children.pdf](http://www.unicef.org/eapro/Partnering_with_Religious_Communities_for_Children.pdf) [2012, 20 Mei].

United Nations 1989. *United Nations Convention on the Rights of the Child*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www2.ohchr.org/english/law/pdf/crc.pdf> [2006, 10 Maart].

United Nations 1989. *United Nations Convention on the Rights of the Child* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www2.ohchr.org/english/law/crc.htm>. [2007, 15 Mei].

United Nations 2000. *Concluding Observations of the Committee on the Rights of the Child: South Africa*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.crin.org/docs/South%20Africa%20COs.mht> [2007, 14 April].

United Nations 2000. *Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www2.ohchr.org/english/law/crc-sale.htm> [2008, 10 Oktober].

United Nations 2000. *Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Involvement of Children in Armed Conflict* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www2.ohchr.org/english/law/crc-conflict.htm> [2008, 10 Oktober].

United Nations 2003. *General Comment No. 5*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.unhchr.ch/tbs/doc.nsf/898586b1dc7b4043c1256a450044f331/3bba808e47bf25a8c1256db400308b9e/\\$FILE/G0345514.pdf](http://www.unhchr.ch/tbs/doc.nsf/898586b1dc7b4043c1256a450044f331/3bba808e47bf25a8c1256db400308b9e/$FILE/G0345514.pdf) [2011, 9 Januarie].

United Nations 2009. *General Comment No. 12*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www2.ohchr.org/english/bodies/crc/comments.htm> [2010, 16 September].

United Nations Children's Fund (Unicef ) and National Children's Right Committee (NCRC) 1993. *State of South Africa's Children: An Agenda for Action*. Johannesburg: Unicef & NCRC.

United Nations Committee on the Rights of the Child 2003. *General Comment no. 5*. United Nations. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.unhcr.org/refworld/docid/4538834f11.html> [2010, 3 Julie].

United Nations Development Programme 2005. *Human Development Report 2005*. New York: United Nations Development Programme. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.sd.undp.org/HDR/HDR05e.pdf>. [2007, 3 September].

United Nations Development Programme 2006. *Human Development Report 2006*. New York: United Nations Development Programme. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://hdr.undp.org/hdr2006/pdfs/report/HDR06-complete.pdf>. [2007, 3 September].

United Nations Development Programme 2007. *Human Development Report 2007/2008*. New York: United Nations Development Programme. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://hdr.undp.org/en/media/HDR\\_20072008\\_EN\\_Complete.pdf](http://hdr.undp.org/en/media/HDR_20072008_EN_Complete.pdf) [2008, 6 July].

Van der Ven, J.A., Dreyer, J.C. & Pieterse, H.J.C. 2000a. Attitudes towards human rights among South African youth. *Religion and Theology*, 7(2):111-141.

- Van der Ven, J.A., Dreyer, J.C. & Pieterse, H.J.C. 2000b. Social location of attitudes towards human rights among South African youth. *Religion and Theology*, 7(3):249-283.
- Van der Ven, J.A., Dreyer, J.C. & Pieterse, H.J.C. 2001. Human rights in the name of God? *Religion and Theology*, 8(1-2):165-206.
- Van der Ven, J., Dreyer, J. & Pieterse, H. 2004. *Is There a God of Human Rights? The Complex Relationship between Human Rights and Religion: A South African Case*. Leiden: Brill.
- Van Niekerk, J. 2004. Types and prevalence of sexual abuse of children. Referaat voorberei vir die Ford Foundation Round Table vergadering 'Understanding and preventing the sexual abuse of young children – Next steps on the Southern African operational research agenda'.
- Van Oudenhoven, N. & Wazir, R. 2006. *Newly Emerging Needs of Children: An Exploration*. Antwerp: Garant.
- Van Wyk, E. 2010. Verbruikers in SA koop met gewete. *Rapport*, 12 September, 17.
- Veneman, A.M. 2008. Foreword, in Unicef, *The State of the World's Children 2009*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.unicef.org/sowc09/docs/SOWC09-FullReport-EN.pdf> [2010, 10 September].
- Viljoen, F. 2000. The African charter on the rights and welfare of the child, in Davel, C.J. (ed.), *Introduction to Child Law in South Africa*, 214-231. Landsdowne: Juta.
- Viljoen, F. 2009. The African charter on the rights and welfare of the child, in Boezaart, T. (ed.), *Child Law in South Africa*, 331-350. Claremont: Juta.
- Walker, S.P., Wachs, T.D., Gardner, J.M., Lozoff, B., Wasserman, G.A., Pollitt, E., Carter, J.A. & International Child Development Steering Group 2007. Child development: Risk factors for adverse outcomes in developing countries. *Lancet*, 369:145-157.
- Wall, J. 2004. Fallen angels: A contemporary Christian ethical ontology of childhood. *International Journal of Practical Theology*, 8:160-184.

- Wall, J. 2006. Childhood studies, hermeneutics and theological ethics. *The Journal of Religion*, 86(4):523-548.
- Wall, J. 2007a. Human rights in light of children: A Christian childist perspective. *The Journal of Pastoral Theology*, 17(1):54-67.
- Wall, J. 2007b. Rethinking human rights in light of children, in Wyller, T. & Nayar, U.S. (eds.), *The Given Child: The Religions' Contribution to Children's Citizenship*, 105-124. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Wall, J. 2010a. *Ethics in Light of Childhood*. Washington, DC: Georgetown University Press.
- Wall, J. 2010b. Childism and the ethics of responsibility, in Dillen, A. & Pollefeyt, D. (eds.), *Children's Voices: Children's Perspectives in Ethics, Theology and Religious Education*, 237-266. Leuven / Paris / Walpole, MA: Peeters.
- White, B. 2003. A world fit for children? Children and youth in development studies and policy. Dies Natalis toespraak gelewer op 9 Oktober 2003 by geleentheid van die 51<sup>ste</sup> jaarfees van die Institute of Social Studies, Den Haag, Nederland.
- Witte, J. 1998. Law, religion and human rights: A historical Protestant perspective. *Journal of Religious Ethics*, 26(2):257-262.
- Wolfensohn, J.D. 2005. Some reflections on human rights and development, in Alston, P. & Robinson, M. (eds.), *Human Rights and Development: Towards Mutual Reinforcement*, 19-24. Oxford: Oxford University Press.
- Woll, L. 2000. Reporting to the UN committee on the rights of the child: A catalyst for domestic debate and policy change? *The International Journal of Children's Rights*, 8:71-81.
- Woodhouse, B.B. 1999. Recognizing children's rights: Lessons from South Africa. *Human Rights: Journal of the Section of Individual Rights and Responsibilities*, 26(2):15-18.

Wyller, T. & Nayar, U.S. 2007. The other child as gift: A historical challenge for religions in late modernity, in Wyller, T. & Nayar, U.S. (eds.), *The Given Child: The Religions' Contributions to Children's Citizenship*, 7-14. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Wyse, D. (ed.) 2004. *Childhood Studies: An Introduction*. Victoria: Blackwell.

Yates, H. 2002. 'n Ondersoek na kritiese elemente van 'n prakties-teologiese teorie vir kinderbediening. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Yates, H. 2010. Childhood and child welfare in a social development context: An exploratory perspective on the contribution of the religious sector, in Swart, I., Roche, H., Green, S. & Erasmus, J.C. (eds.), *Religion and Social Development in Post-apartheid South Africa: Perspectives for Critical Engagement*, 153-174. Stellenbosch: SUN Press.

Yates, H. & Swart, I. 2010. The rights of children: A new agenda for practical theology in South Africa, in Swart, I., Roche, H., Green, S. & Erasmus, J.C. (eds.), *Religion and Social Development in Post-apartheid South Africa: Perspectives for Critical Engagement*, 225-242. Stellenbosch: SUN Press.

## **BRONNE UIT EMPIRIESE ONDERSOEK**

---

Deelnemer A. 2011. Transkripsie 1 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer B. 2011. Transkripsie 2 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer C. 2011. Transkripsie 3 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer D. 2011. Transkripsie 4 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer E. 2011. Transkripsie 5 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer F. 2011. Transkripsie 6 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer G. 2011. Transkripsie 7 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer H. 2011. Transkripsie 8 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer I. 2011. Transkripsie 9 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer J. 2011. Transkripsie 10 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer K. 2011. Transkripsie 11 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.

Deelnemer L. 2011. Transkripsie 12 van onderhoude gevoer deur H. Yates met lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, September – Oktober 2011, Stellenbosch, Pretoria, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom.



**BYLAE A**  
**ETIEKKLARING**



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## Approval Notice New Application

18-Aug-2011  
Yates, Hannelie H

**Protocol #: HS609/2011**

**Title: Die promovering van kinderregte: 'n Prakties-teologiese ondersoek**

Dear Hannelie Yates,

The **New Application** received on **27-Jul-2011**, was reviewed by Research Ethics Committee: Human Research (Humaniora) via Committee Review procedures on **28-Jul-2011** and has been approved.

Please note the following information about your approved research protocol:

Protocol Approval Period: **28-Jul-2011 -27-Jul-2012**

**Present Committee Members:**

Fouche, Magdalena MG  
Van Wyk, Berte B  
De Villiers, Mare MRH  
Hattingsh, Johannes JP  
Theron, Carl CC  
Somhlaba, Ncebazakhe NZ  
Viviers, Suzette S  
Bitzer, Elias EM  
Engelbrecht, Sidney SF  
Van Zyl, Gerhard G  
Van der Walt, Nicolene N

Please remember to use your **protocol number (HS609/2011)** on any documents or correspondence with the REC concerning your research protocol.

Please note that the REC has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modifications, or monitor the conduct of your research and the consent process.

**After Ethical Review:**

Please note a progress report should be submitted to the Committee before the year has expired.

The Committee will then consider the continuation of the project for a further year (if necessary). Annually a number projects may be selected randomly for an external audit.

Translation of the consent document in the language applicable to the study participants should be submitted.

We wish you the best as you conduct your research.

If you have any questions or need further help, please contact the REC office at 0218089183.

**Included Documents:**

Consent Form HS609/2011  
Research Proposal 1 HS609/2011  
Research Proposal 2 HS609/2011  
Questionnaire HS609/2011  
Information Sheet HS609/2011  
Interview Schedule HS609/2011  
Letter of permission HS609/2011  
Application Form HS609/2011

Sincerely,

Sidney Engelbrecht  
REC Coordinator  
Research Ethics Committee: Human Research (Humaniora)

# Investigator Responsibilities

## Protection of Human Research Participants

Some of the responsibilities investigators have when conducting research involving human participants are listed below:

1. Conducting the Research. You are responsible for making sure that the research is conducted according to the REC approved research protocol. You are also responsible for the actions of all your co-investigators and research staff involved with this research.

2. Participant Enrollment. You may not recruit or enroll participants prior to the REC approval date or after the expiration date of REC approval. All recruitment materials for any form of media must be approved by the REC prior to their use. If you need to recruit more participants than was noted in your REC approval letter, you must submit an amendment requesting an increase in the number of participants.

3. Informed Consent. You are responsible for obtaining and documenting effective informed consent using **only** the REC-approved consent documents, and for ensuring that no human participants are involved in research prior to obtaining their informed consent. Please give all participants copies of the signed informed consent documents. Keep the originals in your secured research files for at least five (15) years.

4. Continuing Review. The REC must review and approve all REC-approved research protocols at intervals appropriate to the degree of risk but not less than once per year. There is **no grace period**. Prior to the date on which the REC approval of the research expires, **it is your responsibility to submit the continuing review report in a timely fashion to ensure a lapse in REC approval does not occur**. If REC approval of your research lapses, you must stop new participant enrollment, and contact the REC office immediately.

5. Amendments and Changes. If you wish to amend or change any aspect of your research (such as research design, interventions or procedures, number of participants, participant population, informed consent document, instruments, surveys or recruiting material), you must submit the amendment to the REC for review using the current Amendment Form. You **may not initiate** any amendments or changes to your research without first obtaining written REC review and approval. The **only exception** is when it is necessary to eliminate apparent immediate hazards to participants and the REC should be immediately informed of this necessity.

6. Adverse or Unanticipated Events. Any serious adverse events, participant complaints, and all unanticipated problems that involve risks to participants or others, as well as any research related injuries, occurring at this institution or at other performance sites must be reported to the REC within **five (5) days** of discovery of the incident. You must also report any instances of serious or continuing problems, or non-compliance with the RECs requirements for protecting human research participants. The only exception to this policy is that the death of a research participant must be reported in accordance with the Stellenbosch University Health Ethics Committee Standard Operating Procedures [www.sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Health\\_Sciences/English/Centres%20and%20Institutions/Research\\_Development\\_Support/Ethics/Application\\_package](http://www.sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Health_Sciences/English/Centres%20and%20Institutions/Research_Development_Support/Ethics/Application_package) All reportable events should be submitted to the REC using the SAE Report Form.

7. Research Record Keeping. You must keep the following research related records, at a minimum, in a secure location for a minimum of fifteen years: the REC approved research protocol and all amendments; all informed consent documents; recruiting materials; continuing review reports; adverse or unanticipated events; and all correspondence from the REC

8. Reports to MCC and Sponsor. When you submit the required annual report to the MCC or you submit required reports to your sponsor, you **must** provide a copy of that report to the REC. You may submit the report at the time of continuing REC review.

9. Provision of Emergency Medical Care. When a physician provides emergency medical care to a participant without prior REC review and approval, to the extent permitted by law, such activities will not be recognized as research nor the data used in support of research.

10. Final reports. When you have completed (no further participant enrollment, interactions, interventions or data analysis) or stopped work on your research, you must submit a Final Report to the REC.

11. On-Site Evaluations, MCC Inspections, or Audits. If you are notified that your research will be reviewed or audited by the MCC, the sponsor, any other external agency or any internal group, you must inform the REC immediately of the impending audit/evaluation.

**BYLAE B**  
**VRAELYS**

# **VRAELYS**

**NAAM VAN INSTELLING:** Universiteit van Stellenbosch  
**NAVORSINGSONDERWERP:** Die promovering van kinderrechte: 'n Prakties-teologiese ondersoek

**DOEL VAN DIE OPNAME:**

Die doel van die kwantitatiewe opname is om u mening te kry oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinders se regte (belange) in Suid-Afrika. Die bevindinge van die kwantitatiewe ondersoek sal die navorser lei in 'n verdere kwalitatiewe navorsingsondersoek onder akademië wat Praktiese Teologie aan Suid-Afrikaanse universiteite doseer.

**RESPONDENTE BETROKKE BY DIE OPNAME:**

Die respondente van hierdie opname is geregistreerde lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika (WPTSA). U is as respondent gekies omdat u op die WPTSA se ledelys van 2011 as 'n lid aangedui is. Daar is van 'n 100% steekproef gebruik gemaak. U is ook gekies vanweë u belangstelling in en kundigheid oor die studieveld en beoefening van Praktiese Teologie. U response op die vrae in hierdie vraelys word aangewend om op 'n wetenskaplike wyse riglyne te formuleer oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van 'n kinderreghediskoers en -praktyk in Suid-Afrika.

**INSTRUKSIES:**

1. Bestudeer die omskrywing van kernbegrippe sorgvuldig.
2. Voltooi asseblief al die vrae in die vraelys.
3. Beantwoord die vrae ooreenkomstig die wyse wat op die vraelys versoek word.
4. Enkele vrae mag 'n opvolgvraag bevat waarin u kortliks u motivering vir u antwoord kan gee.
5. Indien u verkies om die vraelys elektronies te voltooi, word u gevra om SLEGS 'n kruisie (x op die sleutelbord) langs die syfer in die tabel te plaas wat u mening (antwoord) die beste verteenwoordig. **Blokkies in die kantlyn is vir kantoorgebruik. Sien onderstaande voorbeeld.**

**VOORBEELD**

**Vraag 2**

Het Praktiese Teologie na u mening 'n rol te speel in die drie teologiese publieke om kontekstuele faktore wat kinders se welsyn raak te beskryf?

Teologiese publieke	Ja	Nee
a. Akademie	1x	2
b. Gemeentes	1	2x
c. Burgerlike samelewing	1x	2

Vir kantoorgebruik

V2	

6. Indien u verkies om die vraelys in hardekopie formaat te voltooi, word u gevra om SLEGS die syfer in die tabel wat u mening (antwoord) die beste verteenwoordig, te omkring. **Blokkies in die kantlyn is vir kantoorgebruik.** U word vriendelik gevra om die voltooide vraelys te pos aan: Hannelie Yates, Posbus 16, Wellington, 7655.
7. Die keerdatum vir die voltooiing van hierdie vraelys is **15 September 2011.**

Alle inligting wat uit hierdie vraelys na vore kom sal vertroulik hanteer sal. Geen bevindinge/menings en response sal na enige spesifieke respondent teruggevoer kan word nie. Die ingesamelde data word deur middel van frekwensietabelle, staafdiagramme en histogramme weergegee. Enkele opsommende besprekings sal op die oop vrae gebaseer word.

Indien u enige navrae oor bepaalde vrae het, kan u my gerus by die volgende kontaknommers skakel of 'n e-pos aan my rig.

021 873 1181 (w)  
072 885 0933  
[hyates@hugernote.com](mailto:hyates@hugernote.com)

U behoort hierdie vraelys binne 45 minute te kan beantwoord.

U word vriendelik versoek om die vraelys volledig te voltooi, aangesien die wetenskaplike kwaliteit van die opname gekortwiek sal word deur vrae wat onvolledig beantwoord is.

Hartlike dank!

Hannelie Yates  
NAVORSER

## OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPPE

### Kind

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet, die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (UNCRC) en die Afrika-handves oor die Regte en Welstand van die Kind is die kind enige persoon *onder die ouderdom van 18*.

### Kinderregte

Kinderregte verwys na die minimum standaarde wat kinders benodig om te oorleef, gesond te wees, beskerm te wees, volgens hul potensiaal te ontwikkel, ekonomiese sekuriteit te geniet en as volwaardige lede van die samelewing te kan funksioneer. Die universele beginsels van kinderregte is nie-diskriminasie, die beste belang van die kind wat deurentyd in ag geneem behoort te word en die reg van kinders om gehoor te word. Die menseregte van kinders word beskerm deur die Handves van Regte in die 1996-Grondwet van Suid-Afrika. Artikel 28 van die Handves handel spesifiek oor die regte van kinders. Die inhoud van artikel 28 reflekteer duidelik die essensie van die UNCRC wat op 16 Junie 1995 deur Suid-Afrika bekragtig is. Wanneer daar in hierdie vraelys na **kinders se belange** verwys word, is die veronderstelling dat die **oorlewing (gesondheid)**, **beskerming (veiligheid)**, **ontwikkeling (opvoeding)** en **deelname (sosiale insluiting)** van **alle** kinders pertinent ter sake is.

### Promovering van kinderregte

Die promovering van kinderregte word in hierdie navorsing direk verbind aan die bevordering van die sosiale posisie van kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die promovering van kinderregte kan onder andere geskied deur:

- die bevordering van 'n sosiale bewussyn jeens kinders, hul lewensomstandighede en hul regte;
- betrokkenheid in 'n interdisiplinêre en publieke diskoers oor kinders en hul regte;
- kritiese dekonstruering van bestaande houdings, persepsies, tradisies, praktyke en gedrag teenoor kinders en hul regte;
- die bevordering van 'n kinderregtepraktyk wat die volgende aksies kan insluit:
  - ✓ voorspraak vir kinders (byvoorbeeld deur die bewusmaking, aanmelding en monitering van kinderregteskendings);
  - ✓ ontwikkeling van beleid en strukture om kinders en hul regte te beskerm;
  - ✓ bewusmaking en beïnvloeding van beleid en wetgewing oor kinders;
  - ✓ kapasiteitsbou van gemeenskappe deur middel van interaktiewe werkwinkels oor die menswaardige hantering van kinders en hul belange;
  - ✓ insluiting van kinders in besluitnemingsprosesse wat hulle raak;
  - ✓ netwerk- en vennootskapsvorming met organisasies/instansies/liggame wat met kinders en hul welsyn gemoeid is.

### Drie publieke van teologiese betrokkenheid

Teologie behoort betrokkenheid te toon in drie teologiese publieke, naamlik die akademie as eerste publiek, die gemeenskap van gelowiges of die kerk as tweede publiek en die samelewing in die breë of die burgerlike samelewing as derde publiek. Die fokus van hierdie studie is gerig op Praktiese Teologie, as verteenwoordigend van die eerste publiek, die akademie, in interaksie met die kerk en burgerlike samelewing.



**AFDELING A**

Vir kantoor-gebruik

Die doel van die vrae in hierdie afdeling is om u mening te verken oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die empiriese beskrywing van die lewensomstandighede van kinders.

**Vraag 1**

Het Praktiese Teologie na u mening 'n bydrae te lewer tot die bevordering van kinders se welsyn in Suid Afrika?

Ja	Nee
1	2

V1	
----	--

Motiveer u antwoord.

---



---



---



---

**Selfs al is u antwoord op vraag 1 "Nee", voltooi asseblief steeds die res van die vraelys.**

**Vraag 2**

Het Praktiese Teologie na u mening 'n rol te speel in die drie teologiese publieke om kontekstuele faktore wat kinders se welsyn raak te beskryf?

Teologiese publieke	Ja	Nee
a. Akademie	1	2
b. Gemeentes	1	2
c. Burgerlike samelewing	1	2

V2	

**Vraag 3**

Is u bewus van onlangse (2005-2011) prakties-teologiese navorsing wat oor die lewensomstandighede van kinders in Suid-Afrika onderneem is?

Ja	Nee
1	2

V3	
----	--

**Vraag 4**

Dui u voorkeurkeuse aan oor die wyse waarop Praktiese Teologie tot die beskrywing van kinders se lewensomstandighede kan bydra. **(Kies slegs een).**

Die bestudering van teologiese literatuur oor kinders se omstandighede ('n literatuur-studie)	1
Die versameling van kinders se persepsies oor 'n navorsingsonderwerp soos deur akademici bepaal	2
Teologie in interaksie met gemeenskappe waar die agenda vir navorsing oor kinders gesamentlik bepaal word.	3

V4	
----	--

**Vraag 5**

Weet u van geleenthede waartydens gemeenteliekers deur Teologiese Fakulteite gehelp word om die lewensomstandighede van kinders in die konteks van 'n gemeente te beskryf?

Ja	Nee
1	2

V5	
----	--

Indien u "Ja" antwoord op vraag 5, noem enkele geleenthede waarvan u bewus is.

---



---

V5a	
-----	--

**Vraag 6**

Is u bewus van geleenthede waartydens Teologiese Fakulteite in vennootskap met strukture in die burgerlike samelewing (byvoorbeeld skole, gemeenskapsorganisasies, geloofsgebaseerde organisasies) bewustheid aangaande kinders se lewensomstandighede kweek?

Ja	Nee
1	2

V6	
----	--

Indien u "Ja" antwoord op vraag 6, noem enkele geleenthede waarvan u bewus is.

---



---

V6a	
-----	--

**Vraag 7**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin daar na u mening in die onderskeie teologiese publieke aktief na kinders se persepsies van die gebeure in hul alledaagse lewens geluister word.

Teologiese publieke	Geensins	'n Mindere mate	Onseker	'n Meerdere mate	'n Groot mate
a. Akademie	1	2	3	4	5
b. Gemeentes	1	2	3	4	5
c. Burgerlike samelewing	1	2	3	4	5

V7	

**Vraag 8**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin u met die volgende stelling saamstem al dan nie:

**Daar is samewerking tussen die drie teologiese publieke (akademie, kerk, burgerlike samelewing) met betrekking tot die verstaan van die kontekstuele realiteite van kinders in Suid Afrika.**

Stem beslis nie saam nie	1
Stem nie saam nie	2
Onseker	3
Stem saam	4
Stem beslis saam	5

V8	
----	--

**AFDELING B**

Vir kantoor-gebruik

Die doel van die vrae in hierdie afdeling is om u mening te verken oor die benutting van kinderregte as perspektief in Teologie se hantering van/benadering tot kinders.

**Vraag 9**

Behoort Teologie na u mening gebruik te maak van perspektiewe van ander dissiplines om die konteks van kinders te interpreteer?

Ja	Nee
1	2

V9	
----	--

**Vraag 10**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin u met die volgende argument van die kinderregteorie saamstem al dan nie:

**Kinders is subjekte geregtig op regte en nie slegs objekte van beskerming nie.**

Stem beslis nie saam nie	1
Stem nie saam nie	2
Onseker	3
Stem saam	4
Stem beslis saam	5

V10	
-----	--

**Vraag 11**

Voer redes aan vir u antwoord op vraag 10.

---



---



---



---



---

V11	
-----	--

**Vraag 12**

Oorweeg elk van die volgende stellings en dui aan of u daarmee saamstem al dan nie:

Stelling	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker
Kinderregte daag die Godgegewe gesag van ouers oor hul kinders uit.	1	2	3
Kinderregte laat die regering toe om in die privaatheid van die familie in te meng.	1	2	3
Kinderregte voorsien 'n universele normatiewe raamwerk vir hoe kinders en hul belange in die samelewing hanteer behoort te word.	1	2	3
Kinderregte kan as politieke instrument aangewend word om verandering in sosiale gesindhede jeens kinders te fasiliteer.	1	2	3
Kinderregte fokus te sterk op die kind as individu.	1	2	3
Kinderregte kan as 'n medium vir wetlike advokaatskap aangewend word om die handhawing van standarde vir kinders af te dwing.	1	2	3
Kinders kan slegs regte hê wanneer dit met verantwoordelikhede gepaardgaan.	1	2	3
Kinders bevind hulleself in 'n sterker posisie in die samelewing wanneer hul eise in regte-terminologie uitgedruk word.	1	2	3
Kinderregte kan onderdrukkende magsverhoudinge jeens kinders blootlê.	1	2	3
Kinderregte bring mee dat kinders teen gesagsdraers (ouers, onderwysers, ens.) in opstand kom.	1	2	3
Kinderregte kan riglyne bied vir die wyse waarop volwassenes in 'n vennootskapsverhouding met kinders kan tree waar kinders gerespekteer, gewaardeer en na geluister word.	1	2	3
Sekere kinderregte kan nie afgedwing word nie vanweë 'n gebrek aan hulpbronne	1	2	3
Kinderregte kan groepe kinders identifiseer wat prioriteit behoort te geniet.	1	2	3
Om regte aan kinders te gee is onbybels.	1	2	3

V12

**Vraag 13**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin u met die volgende stelling saamstem al dan nie:

**“Ethical reflection with universal ethical principles is particularly important, for it allows moral communities to test their present practices and norms against universal ethical principles.”** (Osmer 2008:149)

Stem beslis nie saam nie	1
Stem nie saam nie	2
Onseker	3
Stem saam	4
Stem beslis saam	5

V13

**Vraag 14**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin die universele beginsels van kinderrechte (soos aangedui in die omskrywing van kinderrechte) in die onderskeie teologiese publieke benut kan word om bestaande praktyke en norme te toets.

Teologiese publieke	Geensins	'n Mindere mate	Onseker	'n Meerdere mate	'n Groot mate
a. Akademie	1	2	3	4	5
b. Gemeentes	1	2	3	4	5
c. Burgerlike samelewing	1	2	3	4	5

V14

**AFDELING C**

Vir kantoor-gebruik

Die doel van die vrae in hierdie afdeling is om u mening te verken oor die ontwikkeling van 'n normatiewe teologiese perspektief op kinders wat 1) Christene se beskouing en hantering van kinders kan rig en 2) met ander dissiplines in gesprek gebring kan word.

**Vraag 15**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin teologiese perspektiewe op kinders na u mening as normatiewe riglyne in die beskouing van kinders benut kan word.

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Kinders as geskenke van God.	1	2	3	4	5
Kinders as mense wat deel het aan die gebrokenheid van die werklikheid.	1	2	3	4	5
Kinders as ontwikkelende mense wat rigtinggewende opvoeding benodig.	1	2	3	4	5
Die kind as geskape na God se beeld en dus volledig mens.	1	2	3	4	5
Kinders as modelle van geloof (Vergelyk Matt 18:2; 19:14).	1	2	3	4	5
Geregtigheid en deernis teenoor wese, weduwees en vreemdelinge as regteloses in 'n samelewing.	1	2	3	4	5
Noem enige ander teologiese perspektief wat u in 'n meerdere en/of groter mate relevant ag.					

V15

V15a	
------	--

**Vraag 16**

Dui op 'n vyfpunt skaal die mate aan waarin etiese norme na u mening as normatiewe riglyne benut kan word om kinders se belange te bevorder.

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Die Christelike liefde as grondreël vir optrede teenoor kinders	1	2	3	4	5
Ewemenslikheid (“Ethic of equal regard”)	1	2	3	4	5
Omgee (ontferming, empatie, solidariteit, versorging)	1	2	3	4	5
Voorspraak (advokaatskap)	1	2	3	4	5
Verantwoordelikheid	1	2	3	4	5
Gasvryheid	1	2	3	4	5
Geregtigheid	1	2	3	4	5

V16

Noem enige ander etiese norm wat u in 'n meerdere en/of groter mate relevant ag.

V16a

**Vraag 17**

Dui op die volgende vyfpuntskaal die mate aan waarin bestaande goeie praktyke in die Christelike geloofstradisie 'n normatiewe perspektief op kinders kan stimuleer.

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Kindernagmaal	1	2	3	4	5
Kinderbediening waarin kinders integraal deel uitmaak van die gemeentelike bediening	1	2	3	4	5
Doopkategese	1	2	3	4	5
Ouerleiding	1	2	3	4	5
Familiebediening	1	2	3	4	5
Maatskaplike hulpverlening aan kinders	1	2	3	4	5
Noem enige ander bestaande goeie praktyk wat u in 'n meerdere en/of groot mate relevant ag.					

V17

V17a	
------	--



**Vraag 18**

Van watter simplistiese beskouinge oor kinders wat in u gemeenskap, kerk en werkplek bestaan, is u bewus.

---

---

---

---

---

---

---

---

V18

**AFDELING D**Vir kantoor-  
gebruik

Die doel van die vrae in hierdie afdeling is om u mening te verken oor die bydrae van Praktiese Teologie tot die bevordering van kinders se regte (belange) in Suid-Afrika.

**Vraag 19**

Dui op 'n vyfpuntskaal die mate aan waarin u saamstem dat die **doelstellings** van prakties-teologiese opleiding die volgende behoort in te sluit:

<b>Doelstellings:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Berei voornemende leiers voor op hul onderskeie bedieninge in gemeentes	1	2	3	4	5
Voorsien riglyne oor leiers se mobilisering van lidmate met hul onderskeie gawes	1	2	3	4	5
Leer voornemende leiers hoe om tot die algemene welsyn van die samelewing by te dra	1	2	3	4	5
Rus studente toe met <b>kennis</b> oor hoe om Teologie aan te wend in die interpretering van kinders se spesifieke situasies	1	2	3	4	5
Rus studente toe met <b>vaardighede</b> oor hoe om Teologie aan te wend in die hantering van kinders se spesifieke situasies	1	2	3	4	5
Skep geleenthede vir studente om interaksie met gemeenskappe te hê	1	2	3	4	5
Leer studente hoe om te reflekteer oor hul interaksie met mense	1	2	3	4	5

V19

**Vraag 20**

Dui op 'n vyfpuntskaal die mate aan waarin prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders (insluitend navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie) tot die volgende uitkomst in die **akademiese publiek** kan bydra:

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
'n Verbreding van die teologiese verstaan van kinders	1	2	3	4	5
Teologie se dialoog met die hedendaagse konteks van kinders	1	2	3	4	5
Intradissiplinêre gesprekvoering oor die kind in teologiese fakulteite	1	2	3	4	5
Teologiese publikasies oor kinders	1	2	3	4	5
Die aanpassing van bestaande kurrikula vir teologiese onderrig	1	2	3	4	5
Die ontwikkeling van nuwe leerprogramme wat kinders se belange insluit	1	2	3	4	5
Deelname in interdissiplinêre navorsingsprojekte oor kinders	1	2	3	4	5
Gemeenskapsinteraksie-projekte gerig op die bevordering van kinders se belange	1	2	3	4	5
Noem ander bydraes van prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders wat u in 'n meerdere en/of groot mate relevant ag vir die <b>akademiese publiek</b> .					

V20

V20a	
------	--

**Vraag 21**

Dui op 'n vyfpuntskaal die mate aan waarin prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders tot die volgende uitkomst in die **kerklike publiek** kan bydra:

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Voorspraak vir kinders in gemeentes	1	2	3	4	5
Voortgesette opleiding aan leiers oor die teologiese betekenis van die kind	1	2	3	4	5
Riglyne vir gemeentes oor die menswaardige hantering van kinders	1	2	3	4	5
Bevordering van kinderbediening in gemeentes	1	2	3	4	5
Noem ander bydraes van prakties-teologiese opleiding gerig op kinders wat u in 'n meerdere en/of groot mate relevant ag vir die <b>kerklike publiek</b> .					

V21

V21a
------

**Vraag 22**

Dui op 'n vyfpuntskaal die mate aan waarin prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders tot die volgende uitkomst in die **burgerlike samelewing** kan bydra:

<b>Byvoorbeeld:</b>	<b>Geensins</b>	<b>'n Mindere mate</b>	<b>Onseker</b>	<b>'n Meerdere mate</b>	<b>'n Groot mate</b>
Deelname aan die publieke diskoers oor kinders	1	2	3	4	5
Ontwikkeling van aksiestategieë oor die menswaardige hantering van kinders in die samelewing	1	2	3	4	5
Beïnvloeding van sosiale beleid oor kinders	1	2	3	4	5
Vennootskapvorming met die oog op die bevordering van kinders se belange	1	2	3	4	5
Sosiale transformasie met die oog op die bevordering van kinders se sosiale status	1	2	3	4	5

Noem ander bydraes van prakties-teologiese opleiding met betrekking tot kinders wat u in 'n meerdere en/of groot mate relevant ag vir die **burgerlike samelewing**.

V22

V22a	
------	--

**Vraag 23**

Behoort teologiese opleiding studente te begelei tot 'n **verstaan** van:

	Ja	Nee
die teologiese betekenis van die kind	1	2
die kind binne die konteks van die kerk	1	2
praktyke van die kerk wat op kinders gerig is	1	2
kinders se belange in die samelewing	1	2
implikasies van die Christelike geloof vir die menswaardige hantering van kinders in die samelewing	1	2

V23	
-----	--

**Vraag 24**

Behoort teologiese opleiding studente toe te rus met **vaardighede** om:

	Ja	Nee
die redelikheid van geloofsoortuigings wat met kinders verband hou eties te beoordeel	1	2
oor kinders se belange in die kerklike bediening te reflekteer	1	2
oor kinders se belange in die burgerlike samelewing te reflekteer	1	2
aksiestrategieë te implementeer om kinders en hul belange in die kerk te bevorder	1	2
aksiestrategieë te implementeer om kinders en hul belange in die burgerlike samelewing te bevorder	1	2
op grond van hul teologiese verstaan van kinders voorspraak vir kinders in gemeentes te doen	1	2
op grond van hul teologiese verstaan van kinders voorspraak vir kinders in die samelewing te doen.	1	2

V24	
-----	--

**Vraag 25**

Behoort teologiese opleiding studente toe te rus om te **reflekteer** oor:

	Ja	Nee
hul eie kinderjare	1	2
hul houding jeens kinders	1	2
Christelike waardes wat hul interaksie met kinders kan rig	1	2
hoe Christelike waardes met universele waardes oor kinders verband hou	1	2
implikasies van die Christelike geloof vir hul interaksie met kinders	1	2

V25	
-----	--



**AFDELING E**Vir kantoor-  
gebruik

Die doel van hierdie afdeling is om persoonlike besonderhede van die respondent te verkry.

**Vraag 27**

Dui u geslag aan:

Manlik	1
Vroulik	2

V27

**Vraag 28**

Dui u moedertaal aan:

Afrikaans	1
Engels	2
Xhosa	3
Zulu	4
Pedi	5
Noord-Sotho	6
Sotho	7
Tswana	8
Venda	9
Swati/Swazi	10
Tsonga	11

V28

**Vraag 29**

Aan watter denominasie behoort u?

---

V29

**Vraag 30**

Watter bevolkingsgroep verteenwoordig u?

Swart	1
Wit	2
Indiër	3
Bruin	4

V30



**Vraag 31**

Dui aan in watter ouderdomskategorie u val:

20 jaar en jonger	1
21 – 25	2
26 – 30	3
31 – 35	4
36 – 40	5
41 – 45	6
46 – 50	7
51 – 55	8
56 – 60	9
61 - 65	10
66 en ouer	11

V31	

**Vraag 32**

Dui u hoogste akademiese kwalifikasie aan:

---

V32	
-----	--

**Vraag 33**

Met verwysing na u hoogste akademiese kwalifikasie in watter studieveld het u gespesialiseer?

Ou Testament	1
Nuwe Testament	2
Dogmatiek	3
Etiek	4
Praktiese Teologie	5
Kerkgeskiedenis	6
Missiologie	7
Ander: spesifiseer	8

V33	

**Vraag 34**

Wat is u huidige professionele posisie?

Predikant	1
Jeugwerker	2
Junior lektor	3
Lektor	4
Senior lektor	5
Medeprofessor	6
Professor	7
Ander: spesifiseer	8

V34	

**Vraag 35**

Indien u 'n akademiese pos bekleed, spesifiseer 1) u vakgebied; en 2) u spesialiseringvelde vir navorsing

1. Vakgebied:

---

V35	
-----	--

2. Spesialiseringvelde vir navorsing:

---



---



---

V35a	
------	--

**Vraag 36**

In watter provinsie werk u tans?

Limpopo	1
Mpumalanga	2
Gauteng	3
Noordwes	4
Vrystaat	5
Noord-Kaap	6
Oos-Kaap	8
Wes-Kaap	9
KwaZulu-Natal	10
Nasionaal (al die provinsies)	11

V36	
-----	--

**BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING**

**BYLAE C**  
**ONDERHOUDSKEDULE**

## ONDERHOUDSKEDULE

**Navorsingsvraag:** Wat is die aard van die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van 'n kinderregtediskoers en -praktyk in Suid-Afrika?

1. Wat is na u mening tans die bydrae van navorsing wat in u eie departement van Praktiese Teologie onderneem word tot die saak van kinders, kinderswelsyn en kinderregte?
2. In hoe 'n mate dink u word daar na die stemme en perspektiewe van kinders geluister wanneer navorsing in Praktiese Teologie onderneem word?
3. Wat dink u kan die bydrae van navorsing wat in u eie departement van Praktiese Teologie onderneem word wees tot die bevordering van kinders se belange?
4. Wat is na u mening tans die bydrae van u departement se onderrigkurrikulum tot die saak van kinders en hul welsyn en regte?
5. Wat dink u kan die bydrae van die prakties-teologiese onderrigkurrikulum wees tot die bevordering van kinders se belange?
6. Wat is na u mening tans die bydrae van Praktiese Teologie se interaksie met gemeenskappe tot die menswaardige beskouing en hantering van kinders in die ruimtes waarin kinders hul bevind?
7. Wat dink u kan die bydrae van Praktiese Teologie se interaksie met gemeenskappe wees tot die menswaardige beskouing en hantering van kinders in die samelewing?
8. Wat is na u mening die bydrae van Praktiese Teologie tot die promovering van kinderregte?